

**'n Metaleksikografiese ondersoek na kontekstleiding in  
Afrikaanse vertalende woordeboeke**

Herman Louis Beyer

Proefskrif ingelewer vir die graad  
van  
Doktor in die Lettere  
aan die  
  
Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. R.H. Gouws

April 2006


## VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'A. H. Y.', written over a horizontal dotted line.

Handtekening


28 November 2005



## OPSOMMING

Hierdie studie doen verslag van 'n metaleksikografiese ondersoek na konteksleiding in Afrikaanse vertalende woordeboeke. Die probleem wat tot die behoefte aan sodanige ondersoek lei, word vanuit 'n praktiese oogpunt gedemonstreer. Aandag word daarna geskenk aan die bepaling van die werklike doel van 'n woordeboek deur die samestellende elemente daarvan, te wete die tipologiese plasing en die teikengebruikersgroep van die woordeboek, te betrek. Die bespreking van die teikengebruikersgroep gaan oor in 'n in diepte beskouing van die gebruikersaspek, wat tot die ontwikkeling en aanbied van *die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke* lei. Dié model het ten doel om leksikografiese gebruikersvriendelikheid wetenskaplik te beskryf. Na aanleiding van bestaande voorgestelde definisies van die werklike doel van 'n woordeboek en met die voordeel wat die insigte wat die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke bied, word 'n nuwe definisie vir die werklike doel van 'n (vertalende) woordeboek voorgestel, wat gevolg word deur die definiëring van 'n polifunksionele standaard vertalende woordeboek vir Suider-Afrika. Aandag word ook geskenk aan enkele makrostrukturele kwessies betreffende standaard vertalende woordeboeke, waaronder vertikale en horisontale alfabetiese makrostrukture en nis- en neslemmatisering as manifestasies van horisontale alfabetiese makrostrukture. Met betrekking tot neslemmatisering word na aanleiding van *eerste-* en *tweedevlaknesting* twee verdere vlakke van nesting beskryf: *derde-* en *vierdevlaknesting*. Die invloed van die organisasieplan en die woordeboekkonseptualiseringsplan op die seleksie van leksikale items vir die makrostruktuur van 'n standaard woordeboek word aangeraak. 'n Diepgaande evaluering van konteksleiding in Afrikaanse standaard vertalende woordeboeke word gebied nadat die rasionaal daarvoor en die denotasies van die terme *konteks*, *kontekstualisering* en *konteksleiding* uiteengesit is. Die bespreking loop uit op die identifisering van die tipes kontekstualiserende inskrywings wat onderskei kan word, waaronder *betekenisverklarings*, *leksikografiese etikette* en *glosse* wat onder die hoofklas *diskriminators* ressorteer en wat saam met die hoofklasse *konteksinskrywings* en *ingevoegde tekste* figureer. Elke tipe en sub tipe word in diepte bestudeer en verspreidingstrukture word aan die hand van woordeboekdata vasgestel en geëvalueer. Die bestudering van die data lei ook tot die identifisering van verskillende vlakke van kontekstualisering sowel as die onderskeiding van bepaalde tipes vertaalekwivalentparadigmas. Die bespreking van leksikografiese etikette neem die vorm van 'n kritiese oorsig van die bestaande literatuur oor dié onderwerp aan, en loop uit op die voorstel van 'n nuwe en wetenskaplik meer verantwoordbare model vir die beskrywing van etikettering in woordeboeke oor die algemeen, naamlik die *deiksismodel*. Die studie van kontekstualiserende inskrywings word gevolg deur 'n bespreking van elemente van die samestelling van woordeboekartikels wat suksesvolle


konteksleiding kan ondersteun, te wete mikrostruktuurtypes en die snel interne toegangstruktuur. Die diepgaande studie van konteksleiding bemiddel die aanbod van 'n hersiene definisie van die term *kontekstualiserende inskrywing*. Uiteindelik word 'n prakties implementeerbare model vir effektiewer konteksleiding in polifunksionele Afrikaanse vertalende woordeboeke in drie kernkomponente voorgestel, naamlik (i) norme vir die toepassing van kontekstualiserende inskrywings, (ii) die voorstel van 'n aangepaste snel interne toegangstruktuur en (iii) die effektiewe aanwending van funksionele mikrostruktuurtypes. Die eis van leksikografiese verantwoording en gebruikersvriendelikheid bly sentrale motiewe dwarsdeur die studie.



## SUMMARY

This study reports on a metalexicographical investigation into contextual guidance in Afrikaans translation dictionaries. The problem that gives rise to the need for such an investigation is demonstrated from a practical perspective, after which attention is paid to determining the genuine purpose of a dictionary by looking at the component parts of the concept, i.e. the typological placement and the target user group of the dictionary in question. The discussion of the target user group evolves into an in-depth look at the user aspect, which results in the development and presentation of *the model of lexicographical parameters for user-friendly dictionaries*. This model aims to provide a scientific description of lexicographical user friendliness. Existing proposed definitions of the genuine purpose of a dictionary coupled with the benefit of insights derived from the model of lexicographical parameters for user-friendly dictionaries make the presentation of a new definition of the genuine purpose of a (translation) dictionary possible, which is followed by defining a polyfunctional translation dictionary for Southern Africa. Attention is also paid to some macrostructural issues pertaining to standard translation dictionaries, among others vertical and horizontal alphabetical macrostructures and niching and nesting as manifestations of horizontal alphabetical macrostructures. With regard to nesting, the classification of *first* and *second level nesting* is expanded by the description of *third* and *fourth level nesting*. The influence of the organisation plan and the dictionary conceptualisation plan on the selection of lexical items for the macrostructure of a standard dictionary is touched upon. An in-depth evaluation of contextual guidance in Afrikaans standard translation dictionaries follows the exposition of the rationale for it and the definitions of the terms *context*, *contextualisation* and *contextual guidance*. The discussion produces the identification of the types of contextualising entries, among others *meaning explanations*, *lexicographical labels* and *glosses*, which fall under the main class of *discriminators* and which in turn functions alongside the main classes of *context entries* and *inserted texts*. Each type and subtype is studied meticulously, and distribution structures are determined and evaluated through the study of dictionary data. The study of the data also results in the identification of different levels of contextualisation as well as different types of translation equivalent paradigms. The discussion of lexicographical labels takes on the form of a critical overview of the existing literature on this topic and results in the presentation of a new and scientifically sounder model for the description of labelling in dictionaries in general, i.e. the *deixis model*. The study of contextualising entries is followed by a discussion of certain elements of the composition of dictionary articles that can support successful contextual guidance, i.e. types of microstructures and the rapid internal access structure. The in-depth study of contextualisation makes the revision of the definition for the term *contextualising entry* possible. Ultimately a practical model for more

effective contextual guidance in polyfunctional Afrikaans translation dictionaries is presented in three main components, i.e. (i) standards for the application of contextual entries, (ii) the proposal of an adapted rapid internal access structure, and (iii) the effective application of functional types of microstructures. The requirements of lexicographical accountability and user-friendliness remain central motives throughout the study.




## DANKBETUIGING

My opregte dank en waardering gaan aan die volgende persone en instansies:

- My Hemelse Vader, sonder wie se krag en genade niks tot stand sou kom nie.
- Prof. R.H. Gouws, 'n uiters inspirerende dog geduldige promotor, vir sy onwrikbare vertroue in my vermoëns, selfs wanneer ek in myself getwyfel het.
- Die mede-eksaminatore, proff. A.E. Feinauer en F.S. Hendricks, vir die noukeurige eksaminering van die proefskrif en aanbevelings wat tot 'n verbeterde produk gelei het.
- Die Universiteit van Namibië, vir studieverlof in die vroeë stadia van die navorsing en vir gedeeltelike finansiële ondersteuning.
- My kollegas in die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Namibië en spesifiek Jean Lombard, Chrisna Beuke-Muir en Petronella Genis in die Afdeling Afrikaans, vir onvoorwaardelike ondersteuning, aanmoediging en selfs dreigemente wanneer dit nodig was.
- Die Hoofredakteur en personeel van die Buro van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, vir hulle kenmerkende gasvryheid en heerlike vakgesprekke.
- My familie en vriende, vir belangstelling, ondersteuning en aanmoediging.
- My opvoeders.
- Carola, vir soveel opofferings en geloof in my.

## WOORDEBOEKAFKORTINGS WAT IN HIERDIE STUDIE GEBRUIK WORD

- AEW      *Pharos Afrikaans-Engels Engels-Afrikaans Woordeboek*  
(Du Plessis 2005)
- CD      *Collins German-English / English-German Dictionary*  
(Terrell et al 1999)
- GW      *Groot Woordeboek. Major Dictionary*  
(Eksteen 1986)
- HAT      *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*  
(Odendal & Gouws 2004)
- OFD      *The Oxford-Hachette French Dictionary: French-English / English-French*  
(Ormal-Grenon & Pomier 2001)
- RD      *Reader's Digest Afrikaans-Engelse Woordeboek. English-Afrikaans Dictionary*  
(Grobbelaar 1987)
- TW      *Tweetalige Woordeboek. Bilingual Dictionary*  
(Bosman, Van der Merwe & Hiemstra 1984)




Die bibliografiese besonderhede van hierdie woordeboeke verskyn in die bibliografie.




# INHOUDSOPGAWE

<b>Lys van figure en tabelle</b>		xvii
A.	Figure	xvii
B.	Tabelle	xix
<b>Hoofstuk 1: Inleiding</b>		1
1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling	4
1.3	Teoretiese plasing	6
1.4	Die data	10
1.5	Metodiek	10
1.6	Verloop	11
<b>Hoofstuk 2: Werklike doel</b>		12
2.1	Inleiding	12
2.2	Die werklike doel van die TW, GW en AEW	12
2.2.1	Tipologiese aard	12
2.2.1.1	Die Zgusta-model	13
2.2.1.2	Die vertalende woordeboek as standaardwoordeboek	15
2.2.1.3	Funksies	16
2.2.1.4	Genealogies verwante vs. onverwante tale	19
2.2.1.5	Samevattend	20
2.2.2	Die teikengebruikersgroep	21
2.2.2.1	Die teikengebruiker se taalkennis, beide van die brontaal en die doeltaal	22
2.2.2.2	Die gebruiker se naslaanvaardighede	22
2.2.2.3	Die taal- en inligtingsbehoefte van die gebruiker	24
2.2.2.4	Die woordeboekgebruikssituasies	25
2.2.2.5	Samevattend	25
2.3	Die gebruikersaspek	26
2.3.1	Die verhouding <i>taalkundige : leksikograaf : woordeboekgebruiker</i>	26
2.3.2	Die verhouding <i>leksikograaf : woordeboekgebruiker</i>	27

2.3.2.1	Die woordeboekparameter	32
2.3.2.2	Die leksikograafparameter	33
2.3.2.3	Die stylgidsparameter	34
2.3.2.4	Die gebruikersparameter	34
2.3.2.5	Die gebruikparameter	35
2.3.2.6	Die gebruikersverwysingsraamwerkparameter	36
2.3.2.7	Die mediumparameter	37
2.3.2.8	Die kanaalparameter	39
2.3.2.9	Die metateksparameter	39
2.3.2.10	Die kontekstparameter	39
2.3.2.11	Die terugvoerparameter	40
2.3.2.12	Samevattend	41
2.4	Gevolgtrekking	43
2.5	'n Polifunksionele standaard vertalende woordeboek vir Suider-Afrika	45
2.6	Perspektief	47
<b>Hoofstuk 3:</b>	<b>Die makrostruktuur</b>	<b>49</b>
		
3.1	Inleiding	49
3.2	<i>Leksikale item en lemma</i>	49
3.3	Die makrostrukturele ordening van lemmata	52
3.3.1	Die vertikale alfabetiese makrostruktuur	52
3.3.2	Die nisalfabetiese makrostruktuur	53
3.3.3	Die nesalfabetiese makrostruktuur	54
3.3.4	'n Tipologie van makrostrukturele ordeningsbeginsels	57
3.4	Die lemmatisering van leksikale items	57
3.4.1	Die invloed van die organisasieplan	58
3.4.2	Die invloed van die woordeboekkonseptualiseringsplan	58
3.4.2.1	Die inhoud van die leksikon	60
3.4.2.1.1	Die volledigheid van woordeboeke (vraag (30)a)	60
3.4.2.1.2	Die lemmatisering van elemente uit dialektiese variëteite, vaktaal en spesiale registers (vraag (30)b)	63
3.4.2.1.2.1	Dialektiese leksikale items	63
3.4.2.1.2.2	Vaktaalitems	64
3.4.2.1.2.3	Items uit spesiale registers	64

3.4.2.1.3	Die lemmatisering van neologismes (vraag (30)c)	65
3.4.2.1.4	Taalgebied (vraag (30)d)	67
3.4.2.1.5	Die lemmatisering van verouderde leksikale items (vraag (30)e)	68
3.4.2.1.6	Die lemmatisering van afkortings (vraag (30)f)	68
3.4.2.1.7	Die lemmatisering van eiename (vraag (30)g)	69
3.4.2.1.8	Die lemmatisering van stilisties gemarkeerde leksikale items (vraag (30)h)	72
3.4.2.1.8.1	Superstandardelemente	73
3.4.2.1.8.2	Substandardelemente	73
3.4.2.1.9	Die lemmatisering van kultuuritems (vraag (30)i)	75
3.4.2.1.10	Die lemmatisering van onomatopeë (vraag (30)j)	77
3.4.2.1.11	Die lemmatisering van telwoorde (vraag (30)k)	77
3.4.2.2	Die struktuur van die leksikon: leksikale status	79
3.4.2.2.1	Leksikale lemmata	79
3.4.2.2.2	Subleksikale lemmata	79
3.4.2.2.2.1	Affikse	80
3.4.2.2.2.1.1	Prefikse	80
3.4.2.2.2.1.2	Suffikse	80
3.4.2.2.2.1.3	Tegnostamme	81
3.4.2.2.2.2	Woordgroepstamme	81
3.4.2.2.3	Multileksikale lemmata	82
3.5	Perspektief	83



<b>Hoofstuk 4:</b>	<b>Analise: 'n Evaluering van konteksleiding in Afrikaanse vertalende woordeboeke</b>	84
--------------------	---	----

4.1	Inleiding	84
4.2	Die rasionaal vir konteksleiding	85
4.3	<i>Konteks, kontekstualisering en konteksleiding</i>	88
4.4	Tipes kontekstualiserende inskrywings	91
4.5	Die verspreidingstruktuur van kontekstualiserende inskrywings in die TW, GW, AEW en RD	99
4.6	Individuele bespreking en evaluering	100
4.6.1	Diskriminators	100
4.6.1.1	Betekenisverklarings	100
4.6.1.1.1	Regverdiging	100

4.6.1.1.2	Die aard van betekenis	103
4.6.1.1.2.1	Die semantiese perspektief	103
4.6.1.1.2.2	Die leksikografiese perspektief	106
4.6.1.1.3	Mikrostrukturele verspreiding	112
4.6.1.1.3.1	Lemmatiese adressering	113
4.6.1.1.3.2	Nie-lemmatiese adressering	117
4.6.1.1.4	Rasionaal	122
4.6.1.1.4.1	Ekwivalentverhoudinge	123
4.6.1.1.4.1.1	Absolute sistemiese ekwivalensie	124
A.	Kongruensie	124
A.1	Monosemiese kongruensie	125
A.2	Polisemiese kongruensie	127
B.	Leksikale divergensie	134
4.6.1.1.4.1.2	Gedeeltelike sistemiese ekwivalensie: semantiese divergensie	136
A.	Semantiese divergensie by monosemiese lemmata	136
B.	Semantiese divergensie by polisemiese lemmata	142
4.6.1.1.4.1.3	Gedeeltelike sistemiese ekwivalensie: konvergensie	147
A.	Leksikale konvergensie	148
B.	Semantiese konvergensie	149
4.6.1.1.4.1.4	Gedeeltelike sistemiese ekwivalensie: multivergensie	149
4.6.1.1.4.1.5	Samevattend oor ekwivalentverhoudinge	152
4.6.1.1.4.2	Kenmerke van die lemma	152
4.6.1.1.4.2.1	Homonimiese lemmata	152
4.6.1.1.4.2.2	Lemmata wat dialektiese variëteite, vaktaal en spesiale registers verteenwoordig	161
A.	Dialektiese lemmata	161
B.	Vaktaallemmata	162
C.	Lemmata wat spesiale registers verteenwoordig	163
4.6.1.1.4.2.3	Neologismes	163
4.6.1.1.4.2.4	Verouderde leksikale items	164
4.6.1.1.4.2.5	Afkortings	165
4.6.1.1.4.2.6	Eiename	166
4.6.1.1.4.2.7	Stilisties gemarkeerde lemmata	168
4.6.1.1.4.2.8	Kultuuritems	168
4.6.1.1.4.2.9	Onomatopeë	169

4.6.1.1.4.2.10	Telwoorde	170
4.6.1.1.4.2.11	Vaste uitdrukings	171
4.6.1.1.4.2.12	Die name van fauna en flora	172
4.6.1.1.5	Betekenisverklarings in die AEW	173
4.6.1.1.6	Samevattend	177
4.6.1.2	Leksikografiese etikette	177
4.6.1.2.1	Aard en algemene funksie	177
4.6.1.2.1.1	Etikette as 'n tipe inskrywing	179
4.6.1.2.1.2	Die funksies van etikette in die vertalende woordeboek	180
4.6.1.2.1.2.1	Die funksie van pragmatiese leiding	181
4.6.1.2.1.2.2	Die ekwivalentdiskriminerende funksie	183
4.6.1.2.1.3	Mikrostrukturele verspreiding	184
4.6.1.2.2	Tipes etikette	187
4.6.1.2.2.1	Die begrip <i>gemerktheid</i>	188
4.6.1.2.2.2	Modelle vir die studie van etikette	189
4.6.1.2.2.2.1	Hausmann (1989)	189
4.6.1.2.2.2.2	Gouws (1988; 1989)	190
A.	Die verhouding tussen die makrostruktuur en die standaardvariëteit	193
B.	Die verhouding tussen die makrostruktuur en die leksikografiese deiktiese sentrum	193
C.	Die verhouding tussen die standaardvariëteit en die leksikografiese deiktiese sentrum	194
D.	Die verhouding tussen die verteenwoordigde leksikologiese domeine onderling	196
4.6.1.2.2.3	'n Definisie van die begrip <i>etiket</i>	200
4.6.1.2.2.4	'n Tipologie van etikette binne die deiksismodel	200
4.6.1.2.2.4.1	Woordklasaanduiders	201
4.6.1.2.2.4.2	Aanduiders van die wetenskaplike name van fauna en flora	201
4.6.1.2.2.4.3	Aanduiders van etimologie	201
4.6.1.2.2.4.4	Aanduiders van figuurlike taalgebruik	202
4.6.1.2.2.4.5	Aanduiders van leksikografiese benoeming	203
4.6.1.2.2.4.6	Sogenaamde mikrostruktuuretikette	203
4.6.1.2.2.4.7	Groepsetikette	205
A.	Die leksikologiese domein van ruimtelike variasie	206
B.	Die leksikologiese domein van temporele variasie	208

C.	Die leksikologiese domein van frekwensievariasie	210
D.	Die leksikologiese domein van tegniese variasie	211
E.	Die leksikologiese domein van kulturele variasie	214
4.6.1.2.2.4.2	Slengtaaletikette	214
4.6.1.2.2.4.3	Stilistiese etikette	217
A.	Registeretikette	224
B.	Sosiostilistiese etikette	224
C.	Stilisties-funksionele etikette	225
4.6.1.2.2.4.4	Linguistiese etikette	225
4.6.1.2.3	Etiketgebruik in Afrikaanse vertalende woordeboeke	232
4.6.1.2.3.1	Leksikografiese verantwoordings	232
4.6.1.2.3.2	Optrede in die sentrale teks	237
4.6.1.2.3.2.1	Toets vir die korrekte aanwending van etikette	240
4.6.1.2.3.2.2	Toets vir die geldigheid van die omkeerbaarheidsbeginsel van etikette	244
4.6.1.2.3.2	Die effektiwiteit van etikette	246
4.6.1.2.4	Samevattend	248
4.6.1.3	Glosse	249
4.6.1.3.1	Aard en funksie	249
4.6.1.3.2	Leksikografiese verantwoordings	251
4.6.1.3.3	Mikrostrukturele optrede	252
4.6.1.3.4	Samevatting	258
4.6.2	Koteksinskrywings	258
4.6.2.1	Vry konstruksies	261
4.6.2.1.1	Funksies	262
4.6.2.1.2	Mikrostrukturele optrede	264
4.6.2.1.3	Sitate en poëme	284
4.6.2.2	Kollokasies	285
4.6.2.2.1	Samestelling en tipes	287
4.6.2.2.2	Funksies	288
4.6.2.2.3	Mikrostrukturele optrede	289
4.6.2.2.4	Die effektiwiteit van koteksinskrywings	294
4.6.2.3	Samevattend	295
4.6.3	Ingevoegde tekste	296
4.6.3.1	Ingevoegde binnetekste	296
4.6.3.1.1	Algemene aard en funksies	296



4.6.3.1.2	Tipes ingevoegde binnetekste	297
4.6.3.1.2.1	Ingevoegde binnetekste met 'n verbale inhoud	297
4.6.3.1.2.1.1	OFD	299
4.6.3.1.2.1.2	CD	308
4.6.3.1.2.1.3	GW	309
4.6.3.1.2.2	Ingevoegde binnetekste met 'n grafiese inhoud	314
4.6.3.2	Ingevoegde buitetekste	315
4.7	Artikelsamestelling	316
4.7.1	Mikrostruktuurtypes	316
4.7.1.1	Eenvoudige mikrostrukture	317
4.7.1.1.1	Die rudimentêre mikrostruktuur	317
4.7.1.1.2	Die geïntegreerde mikrostruktuur	317
4.7.1.1.3	Die primitiewe mikrostruktuur	318
4.7.1.1.4	Die nie-geïntegreerde mikrostruktuur	320
4.7.1.2	Uitgebreide mikrostrukture	320
4.7.2	Die interne toegangstruktuur	321
4.7.2.1	Die snel interne toegangstruktuur	321
4.8	Perspektief	322
<b>Hoofstuk 5:</b>	<b>Sintese: 'n Model vir effektiewer kontekstleiding in standaard Afrikaanse vertalende woordeboeke</b>	<b>324</b>

---

5.1	Inleiding	324
5.2	Enkele bepalende aspekte	325
5.2.1	Die samestelling van die doeltaalsinoniemparadigma	325
5.2.2	Die omkeerbaarheidsbeginsel	327
5.3	Modelbeskrywing	329
5.3.1	Kernkomponent: Norme vir die toepassing van kontekstualiserende inskrywings	329
5.3.1.1	Diskriminators	329
5.3.1.1.1	Betekenisverklarings	329
5.3.1.1.2	Leksikografiese etikette	331
5.3.1.1.3	Glosse	331
5.3.1.2	Koteksinskrywings	331
5.3.1.2.1	Vry konstruksies	331

5.3.1.2.2	Kollokasies	332
5.3.1.3	Ingevoegde tekste	332
5.3.2	Kernkomponent: 'n nuwe snel interne toegangstruktuur	333
5.3.2.1	Grondbeginsels: brontaal- vs. doeltaalinskrywings	333
5.3.2.2	Struktuurmerkers per inskrywingstipe	333
5.3.2.2.1	Polisemie-aanduiders	334
5.3.2.2.2	Betekenisverklarings	334
5.3.2.2.3	Leksikografiese etikette	335
5.3.2.2.4	Vertaalekwivalente	335
5.3.2.2.5	Vaste uitdrukkings	336
5.3.2.2.6	Glosse	337
5.3.2.2.7	Afbakening van die vertaalekwivalentparadigma	338
5.3.2.2.8	Koteksinskrywings	338
5.3.2.2.8.1	Vry konstruksies	338
5.3.2.2.8.2	Kollokasies	339
5.3.3	Kernkomponent: die effektiewe aanwending van mikrostruktuurtypes	340
5.3.3.1	Die rudimentêre mikrostruktuur	340
5.3.3.2	Eenvoudige mikrostrukture	341
5.3.3.2.1	Die geïntegreerde mikrostruktuur	341
5.3.3.3	Uitgebreide mikrostrukture	343
5.3.3.3.1	Die regs-uitgebreide mikrostruktuur	343
5.3.4	Leksikografiese verantwoording	344
5.4	Perspektief	344
<b>Hoofstuk 6: Slot</b>		<b>345</b>
<hr/>		
6.1	Inleiding	345
6.2	Samevatting en toepasbaarheid van die studie	345
6.3	Moontlikhede vir verdere navorsing	348
6.4	Perspektief	349
<b>Bibliografie</b>		<b>350</b>
<hr/>		
A.	Woordeboeke	350
B.	Vakliteratuur	352



## LYS VAN FIGURE EN TABELLE

### A. Figure

Figuur	Beskrywing	Bladsy
1	Tipes vertaalekwivalente	5
2	Die navorsingsgebiede in die metaleksikografie (Swanepoel 1992: 227)	6
3	Die navorsingsgebied van 'n algemene leksikografieteorie (Swanepoel 1992: 228)	7
4	Algemene struktuurbeeld van die artikel in (3)	9
5	'n Skematiese uiteensetting van Zgusta (1971) se woordeboektipologie (soos aangepas)	13
6	Die verhouding tussen woordeboekgebruiker, leksikograaf en taalkundige	26
7	Die volledige kommunikasiemodel van Van der Molen et al (1995)	28
8	Die kommunikasiemodel aangepas vir leksikografiese toepassing	29
9	Enkele van die belangrikste veranderlikes binne die leksikograafparameter t.o.v. 'n vertalende woordeboek	34
10	Die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke se optrede in die leksikografiese proses	42
11	Die makrostrukturele ordening van lemmata in algemene linguistiese woordeboeke	57
12	Die verhouding tussen konteks, linguistiese omgewing en pragmatiese omgewing	89


13	Die aanbod van betekenisverklaring	107
14	Sistemies-gebaseerde semantiese ekwivalensie in drievoudig polisemiese leksikale items	128
15	Abstrakte doeltaalsinoniemparadigmastruktuur van die artikels in (103)a en f	139
16	Abstrakte doeltaalsinoniemparadigmastruktuur van die artikels in (104), (105) en (106)	139
17	Die invloed van gebruiksfrekwensie en registerkategorie (n.a.v. Svensén 1993: 213) op die ordening van polisemiese waardes	145
18	Grade van homonimie	153
19	'n Breë klassifikasie van die inskrywingstipes in die artikels van 'n vertalende woordeboek	184
20	'n Skematiese voorstelling van die sistememodel t.o.v. ses mikrosisteme	190
21	'n Skematiese voorstelling van ses leksikologiese domeine t.o.v. 'n standaardwoordeboek	192
22	'n Tipologie van etikette binne die deiksismodel	233
23	Staaftafel wat die kwantitatiewe vergelyking tussen die TW, GW en AEW t.o.v. die voorkoms van etikette in die eerste 2 000 artikels in die artikeltrajek van <i>S/s</i> in die Afrikaans-Engels-deel van elke woordeboek voorstel	239
24	Die verhouding tussen <i>koteksinskrywings</i> , <i>brontaalkoteksinskrywings</i> en <i>doeltaalkoteksinskrywings</i>	259

## B. Tabele

Tabel	Beskrywing	Bladsy
1	Die voorkoms van bepaalde hoof- en rangtelwoorde in die makrostruktuur van die GW	77
2	Die breë klassifikasie van inskrywings in die artikel in (178)	185
3	Lombard (1993: 148-149) se klassifikasie van sosiostilistiese etikette	220
4	Kwantitatiewe vergelyking tussen die TW, GW en AEW: Die voorkoms van etikette in die eerste 2 000 artikels in die artikeltrajek van <i>S/s</i> in die Afrikaans-Engels-deel van elke woordeboek	238
5	Klassifikasie van die aantal geïdentifiseerde etikette in die “Redaksionele afkortings in die Engels-Afrikaanse deel” in die AEW	240
6	Opsomming van die gebruiksheiding oor glosse in die metateks van die CD	252
7	Kwantitatiewe vergelyking tussen die TW en AEW: Die voorkoms van glosse in die eerste 2 000 artikels in elke woordeboek se artikeltrajek van <i>S/s</i>	253
8	Die elemente van die koteksafdeling in die artikel in (240)	260
9	Aantal ingevoegde binnetekste met verbale inhoud in die GW, CD en OFD	299

“I am not yet so lost in lexicography as to forget that words are the daughters of earth, and that things are the sons of heaven. Language is only the instrument of science, and words are but the signs of ideas: I wish, however, that the instrument might be less apt to decay, and that signs might be permanent, like the things which they denote.”

Samuel Johnson, *A Dictionary of the English Language* (1755)



# **HOOFSTUK 1**

## **INLEIDING**

### **1.1 Inleiding**

In Desember 1995 verskyn die volgende Kerswense in 'n klein streekskoerant:

Across the centuries shines the guiding star of Christmas, and the message of the Herald angels echoes anew in our hearts. "Peace on Earth, Good Will toward Men." At this holy Christmastide, season of our dear Saviour's birth, our hopes and prayers for peace unending rise with special fervor.

We join our prayers with yours, and we rejoice, for Christmas is a time to put aside our routine cares and worries, to have faith for the future, contentment for today. To you and yours, we gladly send greetings and good wishes for holiday happiness.

It is our special pleasure to express our appreciation for the warm cordiality of our relations with our valued friends and customers. Many thanks to you. [sic]

Daarnaas verskyn die Afrikaanse weergawe van die teks, wat soos volg lees:

Deur die jare heen skyn die leidende stêr van Kersfees en die boodskap van die boodskapper engels weerklank opnuut in ons harte. "Vrede op aarde, welwillendheid jeens die mans." Met hierdie heilige Kersgety, die seisoen van ons dierbare Verlosser se geboorte, ons hoop en gebede vir vrede styg sonder einde met spesiale ywer.

Ons heg gebede aan jou en verheug ons, omdat Kersfees is 'n tyd om ons roetine sorges en bekommernisse opsy te skuif, om vertroue vir die toekoms te hê, tevredenheid vir vandag.

Aan u en u gesin met genoeg stuur ons groete en beste wense vir vakansie geluk.

Dit is vir ons 'n groot plesier om ons waardering uit te spreek vir die warm hartlikheid van ons naasbestaendes met ons geëerde vriende en kliënte. Hartlike dank aan u. [sic]

Uit hierdie twee tekste kan minstens die volgende waarnemings geformuleer word:

- (i) Die Engelse weergawe is die oorspronklike; die Afrikaanse weergawe is die vertaling.
- (ii) Die Engelse weergawe is nie deur 'n Engelse taalpraktisyn geskryf nie.
- (iii) Die Afrikaanse weergawe is nie deur 'n Afrikaanse taalpraktisyn of 'n professionele vertaler geskryf nie.
- (iv) Die skrywer van die Afrikaanse teks is nie 'n moedertaalspreker van Afrikaans nie.
- (v) Die skrywer van die Afrikaanse teks het waarskynlik tydens die vertaalproses 'n Engels-Afrikaanse vertalende woordeboek gebruik.

Die waarnemings hierbo kan uiteraard aangevul en uitgebrei word vanuit die verskillende dissiplines wat op die tekste betrekking kan hê, soos die taalgebruikskunde en die vertaalkunde.

Vanuit 'n leksikografiese oogpunt is dit egter waarneming (v) wat van belang is. Na aanleiding van hierdie waarneming kan minstens die volgende twee vrae gestel word:

- (1) a. Indien dit so is dat die vertaler 'n vertalende woordeboek gebruik het, waarom is die Afrikaanse vertaling van die Engelse teks steeds so swak?
- b. Indien waarneming (v) onwaar is, sou die gebruik van 'n kontemporêre vertalende woordeboek met Afrikaans en Engels as taalpaar die vertaler gehelp het om 'n beter vertaling te lewer?

Hierdie twee vrae is nou verwant aan mekaar: Indien vraag (1)a die geldende vraag is, kan die vertaler van die teks vanuit die metaleksikografie as *werklike woordeboekgebruiker* beskou word; indien vraag (1)b geld, kan die vertaler as *potensiële woordeboekgebruiker* beskou word. Die (vertalende) woordeboek moet vir beide hierdie tipes woordeboekgebruikers voorsiening maak deurdat die leksikograaf 'n duidelike konsep van die woordeboek se *teikengebruiker* moet hê voordat die werk aan die woordeboek begin (vgl. hoofstuk 2).

Ten opsigte van die vrae in (1) hierbo is die metaleksikografiese uitgangspunt dat indien die vertaler 'n werklike woordeboekgebruiker is, hy/sy 'n vertaalteks van hoër kwaliteit sal lewer as wanneer hy/sy 'n potensiële woordeboekgebruiker bly. Dat hierdie uitgangspunt in sommige opsigte teenstrydig is met dié van vertaalkundiges, blyk uit uitsprake van onder meer Kussmaul (1995: 1-25), wat op heelwat gevare van die gebruik van vertalende woordeboeke tydens die vertaalproses wys, waaronder die gevaar dat veral nie-professionele vertalers té veel op die vertalende woordeboek steun. Vergelyk in hierdie verband ook onder meer Hatim & Mason (1990), Bassnett (1991) en Venuti (1992). In hierdie studie sal egter nie verder aan die vertaalkundige perspektief aandag geskenk word nie, hoewel die leksikograaf goed sal doen om dié perspektief nie in die beplanning van sy/haar woordeboek te vergeet nie. In hierdie verband kan Kussmaul (1995: 124) aangehaal word:

When looking at the behaviour and attitudes of dictionary users, however, one might sometimes ask oneself if it would not be a good idea to have a EURALEX section on “users from the dictionary makers’ point of view” in order to adjust users to the possibilities and limitations of dictionaries. The average dictionary user has a very naive approach to words and their meanings.

(Die gebruikersaspek en gebruikersvriendelikheid in woordeboeke word uitgebreid in hoofstuk 2 behandel.) Vir die doel van hierdie studie geld die volgende uitgangspunt van Gouws (1996: 16):

Bilingual dictionaries are aids in interlingual translations and have to focus on a treatment that enables the user to render a good and sound translation. The main aim of the dictionary should not only be the establishment of a relation of semantic equivalence between source and target language. Instead, a lexicographer has to endeavour to reach communicative equivalence.

Die aanvaarding van hierdie uitgangspunt sluit direk aan by die vrae in (1), waarop vervolgens kortliks aan die hand van 'n enkele uittreksel uit die tekste kommentaar gelewer word. Die uittreksel is naamlik die brontaalfrase *good will (goodwill) toward men* en die enigszins foutiewe vertaling *welwillendheid jeens die mans*. Om die vrae te beantwoord, moet die hantering van die leksikale items waaruit die brontaalfrase bestaan in kontemporêre Engels-Afrikaans-woordeboeke nagegaan word. Dié woordeboeke is naamlik die TW en die dertiende uitgawe van *Groot Woordeboek / Major Dictionary* (Eksteen 1986 – voortaan *Groot Woordeboek*). Indien die vertaler die lemma **goodwill** in hierdie woordeboeke sou naslaan, sou hy/sy met die volgende bewerkings gekonfronteer word ((2)a uit die TW en (2)b uit die *Groot Woordeboek*):

- (2) a. **goodwill** welwillendheid, toegeneentheid, wel= of goedgesindheid, goedwilligheid, hartlikheid, guns; naamwaarde, klandisie(waarde), aanloop; ~ *to man* in die mense 'n welbehae.
- b. **goodwill**, oorgawe, afstand; guns, goedgesindheid, welwillendheid, goedwilligheid, welgesindheid, toegeneentheid; klandisiewaarde, handelswaarde, klandisie, praktykwaarde

Indien die vertaler die TW gebruik het, sou hy/sy geholpe kon raak deur die koteksinskrywing *goodwill to man* en die korresponderende doeltaalinskrywing *in die mense 'n welbehae*, mits hy/sy eers die volledige versameling aangebode vertaalekwivalente deurgewerk het. (Ongelukkig verskyn dié koteksinskrywings nie in die artikel van die lemma **man** (of **men**) nie.) Ten opsigte van die *Groot Woordeboek* is dit duidelik dat die gebruiker geen hulp in die geldende vertaalsituasie gebied sou word nie.

Gegee dat 'n vertalende woordeboek wel gebruik is, kan volgens hierdie beskouing twee sentrale redes vir die mislukking van die vertaling aangevoer word,<sup>1</sup> naamlik

- (i) die vertaler as werklike woordeboekgebruiker is nie 'n vaardige woordeboekgebruiker nie; en  
(ii) die woordeboek se data-aanbod is ontoereikend.

Dit is veral laasgenoemde rede wat die fokus van hierdie studie verteenwoordig.

---


<sup>1</sup> Dit is afgesien van die vertaler se gebrekkige taalbeheersing.

## 1.2 Probleemstelling

Zgusta (1971: 294) vat die algemene doel van vertalende woordeboeke soos volg saam:

The basic purpose of a bilingual dictionary is to coordinate with the lexical units of one language those lexical units of another language which are equivalent in their lexical meaning.

Leksikale items in die brontaal word dus met leksikale items in die doeltaal gekoördineer wat dieselfde betekenis verteenwoordig. Die doeltaalitems word *vertaalekwivalente* genoem. Dit gaan egter nie uitsluitlik om die aanduiding van *semantiese ekwivalensie* nie. In Wiegand (2002: 248) se terme moet die vertalende woordeboek na *semanties-pragmatiese ekwivalensie* streef. Dit veronderstel dat die vertalende leksikograaf nie alleen die verantwoordelikheid het om een of 'n aantal vertaalekwivalente vir elke brontaalitem aan te bied nie, maar ook om die woordeboekgebruiker te lei om vir die geldende diskoerskonteks nie slegs die semanties korrekte vertaalekwivalent te selekteer nie, maar ook die pragmaties gepaste ekwivalent, én om daardie vertaalekwivalent dan gepas en korrek in teksresepsie te interpreteer of in teksproduksie aan te wend, dit wil sê ter wille van kommunikatiewe ekwivalensie (vgl. Gouws 1996: 16). Hierdie eis geld veral indien as gevolg van die anamorfisme tussen tale daar slegs *gedeeltelike ekwivalensie* tussen bron- en doeltaalitem bestaan, hoewel dit ook in gevalle van *volledige ekwivalensie* kan geld, soos aangetoon sal word. (Die konsep *ekwivalensie* word weer in hoofstuk 2 aangeraak en uitgebreid in hoofstuk 4 bespreek.)




Daar kan tussen twee tipes vertaalekwivalente onderskei word (vgl. bv. Zgusta 1971: 319). Indien 'n brontaalitem van 'n vertaalekwivalent voorsien word wat 'n leksikale item<sup>2</sup> verteenwoordig, is die vertaalekwivalent 'n *leksikale vertaalekwivalent*. Dit is byvoorbeeld die geval by die brontaalitem *karakter*, wat van die leksikale vertaalekwivalent *character* voorsien kan word. Die tweede tipe vertaalekwivalent word 'n *verklarende vertaalekwivalent* genoem, wat verwys na 'n vertaalekwivalent wat uit meer as een leksikale item bestaan. Dit is byvoorbeeld die geval by die brontaalitem *buite*, wat van die verklarende vertaalekwivalent *in the open* voorsien kan word. Hierby word nie surrogaatekwivalente in die vorm van doeltaalbetekenisverklarings in gevalle van referensiële gapings ingereken nie. Dit is belangrik dat Engelse verklarende vertaalekwivalente nie met Engelse samestellings wat as twee woorde geskryf word, verwar word nie. Die vertaalekwivalent *brain drain* van die brontaalitem *breinerosie* is so byvoorbeeld 'n leksikale vertaalekwivalent en nie 'n verklarende vertaalekwivalent nie.

---

<sup>2</sup> Die term *leksikale item* word in hoofstuk 2 bespreek.



Zgusta (1971: 319) onderskei tussen sogenaamde *invoegbare vertaalekwivalente* en *verklarende vertaalekwivalente*, en baseer sy tweedeling op die mate waarin die vertaalekwivalent in die plek van die brontaalitem ingevoeg kan word om 'n vloeiende vertaling daar te stel. In hierdie studie word die tweedeling op leksikale status gebaseer, aangesien dit leksikografiese implikasies (eerder as vertaalimplikasies) veronderstel. Die tipes vertaalekwivalente kan skematies soos volg voorgestel word:



**Figuur 1: Tipes vertaalekwivalente**

Tensy anders vermeld, sal die term *vertaalekwivalent* in hierdie studie aangewend word om na leksikale vertaalekwivalente te verwys.

Een van die maniere waarop die leksikograaf kommunikatiewe ekwivalensie tussen bron- en doeltaal kan bewerkstellig, is om in die vertalende woordeboek aan die gebruiker *konteksleiding* te bied om hom/haar in staat te stel om die semanties-pragmatiese vertaalekwivalent te selekteer en korrek en gepas aan te wend. Dit word gedoen deur bepaalde inskrywings naas die lemma en vertaalekwivalente in die woordeboekartikel aan te bied. Hierdie aanbod moet sistematies, konsekwent en gebruikersvriendelik wees.

Die doel van hierdie studie is om die konteksleiding wat in Afrikaanse vertalende woordeboeke aangebied word te ondersoek met die oog daarop om


- (i) die nodige woordeboekkritiek toe te pas, en
- (ii) meganismes (in die vorm van 'n model of modelle) daar te stel waarvolgens konteksleiding in Afrikaanse vertalende woordeboeke effektiewer aangebied kan word.

Hoewel 'n verbetering in die Afrikaanse vertaling van die Kerswense in 1.1 nie deur die toepassing van hierdie studie se bevindinge gewaarborg kan word nie, aangesien dit slegs een van 'n reeks potensiële oorsake van die mislukking van die vertaling dek, word die hoop uitgespreek dat die

eventuele implementering van enige aanbevelings wat hieruit mag voortspuit die vaardige gebruiker in staat sal stel om makliker kommunikatiewe ekwivalensie tussen bron- en doeltaal in die diskoerskonteks waarin hy/sy verkeer te bewerkstellig – iets wat veral in die multitalige en multikulturele konteks van Suider-Afrika uiters belangrik is.


### 1.3 Teoretiese plasing

Hierdie studie verteenwoordig navorsing in die teoretiese leksikografie, die *metaleksikografie*. Swanepoel (1992: 227) wys deur die volgende skema op die navorsingsgebiede in die *metaleksikografie*, en spesifiek binne die *metataalleksikografie*:



**Figuur 2: Die navorsingsgebiede in die *metaleksikografie* (Swanepoel 1992: 227)**

Die navorsingsgebied van die algemene leksikografieteorie val in vier konstituentteorieë uiteen, soos aangedui in figuur 1 (vgl. Wiegand 1984). Hierdie vier konstituentte word soos volg deur Swanepoel (1992: 228) weergegee:



**Figuur 3: Die navorsingsgebied van 'n algemene leksikografieteorie (Swanepoel 1992: 228)**

Die aard en omvang van die navorsingsonderwerp dikteer dat meer as een navorsingsveld binne die metaleksikografie op hierdie studie betrekking het. Hoofstukke 2 en 3 kan binne die algemene leksikografieteorie geplaas word, met hoofstuk 2 wat deels onder die eerste komponent van die algemene deel (t.w. *doelstellings van woordeboeke*) en deels onder die eerste komponent van die teorie van leksikografiese taalbeskrywing (t.w. *woordeboektipologie*) val, en hoofstuk 3 wat deels onder die tweede komponent van die teorie van leksikografiese taalbeskrywing (t.w. die *teksteorie vir leksikografiese tekste*) en deels binne die teorie vir leksikografiese taalnavoring val. Hoofstuk 4 val deels binne die navorsingsgebied van woordeboekkritiek, en deels binne die *teksteorie vir leksikografiese tekste* as deel van die teorie van leksikografiese taalbeskrywing. Hoofstuk 5 val volledig binne die teorie van leksikografiese taalbeskrywing. Derhalwe kan hierdie studie nie vanuit 'n enkele teoretiese raamwerk aangebied of benader word nie. Dus word dit as 'n *metaleksikografiese ondersoek* aangebied, en nie byvoorbeeld as 'n teksteoretiese ondersoek nie.

Binne hierdie breë teoretiese plasing moet oorkoepelende konsepte en terme vir die doel daarvan aanvaar word. Die teksteorie vir wetenskaplike tekste wat deur Wiegand (o.m. 1996) ontwikkel is (voortaan *die teksteorie*), stel nuttige beskrywingsmiddele daar. Daar sal in hierdie studie hoofsaaklik van hierdie terminologie gebruik gemaak word waar dit om die beskrywing van of in

terme van struktuur gaan, en enkele afdelings sal inderdaad binne hierdie teorie aangebied word, naamlik die bespreking van makrostruktuurtypes in hoofstuk 3 en die snel interne toegangstruktuur en mikrostruktuurtypes in hoofstukke 4 en 5.<sup>3</sup>


Binne die raamwerk van die teksteorie word woordeboekartikels beskou as tekstipes wat bepaalde strukture vertoon en bepaalde funksionele teksdele bevat. 'n Normale woordeboekartikel vertoon 'n *basisstruktuur*, wat uit twee komponente bestaan. Eerstens is daar die artikelkop, wat die lemmateken en al die inskrywings wat op die vorm van die lemmateken betrekking het, bevat, soos die ortografie-aanduider, lettergreepaanduider, uitspraakaanduider, morfologie-aanduider en woordklasaanduider. Dit word die *vormkommentaar* genoem en verteenwoordig die artikelkop, wat die *linkerkernstruktuur* van die basisstruktuur verteenwoordig. Die tweede komponent is die *semantiese kommentaar*, waarin (in die geval van 'n vertalende woordeboek) semantiese en pragmatiese data oor die lemmateken, sowel as die vertaalekwivalente, semantiese en pragmatiese data oor die vertaalekwivalente en verbale voorbeeldmateriaal in die vorm van koteksinskrywings voorkom. Die semantiese subkommentaar verteenwoordig die *regterkernstruktuur* van die basisstruktuur. In die geval van 'n lemma wat 'n polisemiese leksikale item verteenwoordig, vind die bewerking van elke polisemiese waarde in 'n aparte *semantiese subkommentaar* plaas. Hierdie konsepte word aan die hand van die volgende artikel uit die AEW geïllustreer:

(3) **ge-knor** grumbling; grunt(ing) (*of a pig*); snarl(ing), growl(ing) (*of a dog*); scolding.

Na aanleiding van Wiegand (1996: 4) kan die struktuur van die artikel in (3) skematies soos volg weergegee word:

---

<sup>3</sup> Die teksteorie is gemoeid met die *struktuur* van leksikografiese tekste, en nie met die inhoud daarvan nie (vgl. Smit 1996: 169).



**Figuur 4: Algemene struktuurbeeld vir die artikel in (3)**

Afkortings: WA = woordeboekartikel; VK = vormkommentaar; SK = semantiese kommentaar; SSK = subsemantiese kommentaar.

Die aanduiding van die lemmateken se ortografiese vorm, lettergrepe en hoofklem hoort tot die VK. In oorgeskrewe voorbeeldartikels in hierdie studie sal die vormkommentaar voortaan nie volledig weergegee word nie, dit wil sê lemmatekens sal nie van uitspraakaanduiders en lettergreepaanduiders voorsien word nie.


Die bewerking van elkeen van die vier polisemiese waardes in die artikel in (3) hoort tot 'n SSK binne die SK. Soos deur die driehoekies aangedui, word elke SSK in verdere dele oftewel *funksionele tekssegmente* verdeel, wat nie hier ter sprake is nie. In die artikel word die polisemiese waardes oftewel die SSK's geskei deur die simbool “;” – 'n *polisemie-aanduiders* (wat nie in figuur 4 verteenwoordig word nie). Elke SSK bevat die vertaalekwivalente wat tot daardie polisemiese waarde behoort, sowel as enige addisionele inskrywings, byvoorbeeld *of a pig* en *of a dog*. As sodanig word die volledige bewerking van 'n polisemiese waarde binne die betrokke SSK in 'n enkele integraat aangebied. In hierdie geval geld 'n *geïntegreerde mikrostruktuur*. Die verskillende mikrostruktuurtypes kom in hoofstukke 4 en 5 aan bod, waar ook op uitbreidings van die basisstruktuur gewys sal word. Die terme *semantiese kommentaar* en *semantiese subkommentaar* sal deur die loop van hierdie studie met die denotasies soos pas bespreek, gebruik word. Waar verbale voorbeeldmateriaal binne 'n SSK in 'n geïntegreerde mikrostruktuur voorkom, kan onderskei word tussen die *vertaalekwivalentparadigma*, wat al die vertaalekwivalente in die

betrokke SSK bevat, en die *koteksafdeling*, wat al die voorbeeldmateriaal bevat. Hierdie onderskeid geld egter ook in ander mikrostruktuurtypes, soos wat aangetoon sal word.

Ander terme uit die teksteorie wat in hierdie studie gebruik word, sal verklaar word waar hulle die eerste keer aangewend word.

#### **1.4 Die data**

Die primêre data kom uit die Afrikaans-Engels-dele van die bestaande versameling Afrikaanse vertalende woordeboeke, naamlik die TW, GW, RD en die AEW, met laasgenoemde wat in Januarie 2005 verskyn het. Vergelykend word hierby ook die Duits-Engels/Engels-Duits woordeboek CD betrek. In enkele gevalle word voorbeelde ook uit die Engels-Afrikaans-deel van 'n woordeboek aangehaal. In verskeie afdelings word steekproewe van variërende groottes op hierdie woordeboeke (hoofsaaklik die AEW) uitgevoer om die aard en/of omvang van bepaalde verskynsels te bepaal en te beskryf. Alle steekproewe wat uitgevoer is, is gekomplementeer deur wyer ondersoek buite die grense van die betrokke steekproewe ten einde die mate van verteenwoordiging van die steekproewe en die geldigheid van die gevolgtrekkings wat daarop gebaseer is, te verifieer. Die waarde van hierdie verifiërende ondersoek blyk daaruit dat 'n gevolgtrekking wat in een geval op 'n steekproef gebaseer is deur sodanige komplementerende ondersoek as onakkuraat bewys is (vgl. 4.6.2.1.2).



Die sekondêre data kom uit die geraadpleegde literatuur waarvan in die bibliografie verantwoording gedoen word.

#### **1.5 Metodiek**

Hierdie ondersoek is oorwegend 'n kwalitatiewe ondersoek. Steekproewe wat onderneem is en wat dus 'n kwantitatiewe karakter vertoon, is nie op streng statistiese beginsels gebaseer nie. Die doelstelling van die studie dikteer ook dat 'n kwalitatiewe eerder as 'n kwantitatiewe ondersoek die gewenste benadering verteenwoordig.

Die kwalitatiewe ondersoekmetodiek is gebaseer op die metodiek wat in die relevante vakliteratuur verteenwoordig word, hoewel dit nie in alle gevalle afleibaar is nie.

## 1.6 Verloop

Hierdie studie word aangebied in die formaat van 'n deurlopende bespreking wat oor hoofstukgrense heen strek. Konsepte wat deur die loop van die navorsing ontwikkel is, word aangebied en word in die res van die studie toegepas en na gelang van hulle leksikografiese toepassingswaarde aanvaar, aangepas of verwerp.

In hoofstuk 2 word die Afrikaanse vertalende woordeboek tipologies na werklike doel en funksies geplaas en word na aanleiding van 'n literatuurstudie gewys op die ideale tipe vertalende woordeboek vir die Suider-Afrikaanse konteks. 'n Model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke word ontwikkel en aangebied en in die res van die studie betrek waar van toepassing. Na aanleiding van hierdie model word 'n aangepaste generiese definisie van die werklike doel van 'n woordeboek geformuleer.

Hoofstuk 3 fokus op die makrostrukturele samestelling van 'n standaard vertalende woordeboek en skenk aandag aan die proses van lemmatisering en die verskillende fasette daarvan teen die agtergrond van die bespreking in hoofstuk 2.

Hoofstuk 4 vorm die kern van die studie. In hierdie hoofstuk word die term *konteks* en *konteksleiding* aan die orde gestel. Die nut en rasionaal vir die aanbieding van konteksleiding word bespreek en 'n klassifikasie van kontekstualiserende inskrywings in terme waarvan die ondersoek gedoen word, word voorgehou. Daarna word konteksleiding in bestaande woordeboeke deur sistematiese analise ondersoek. Enkele konsepte en modelle aan die hand waarvan konteksleiding metaleksikografies beskryf kan word, word aangebied en toegepas.

Hoofstuk 5 bied 'n sintese van die analise wat in hoofstuk 4 aangepak is. Deur hierdie sintese word 'n model vir effektiewer en gebruikersvriendeliker konteksleiding in Afrikaanse vertalende woordeboeke aangebied.

Hoofstuk 6 bied 'n oorsig oor die navorsing.

Sentraal in hierdie studie figureer die leksikografiese eis van *gebruikersvriendelikheid* in al sy fasette, waaraan in hoofstuk 2 struktuur probeer gee is.

## **HOOFSTUK 2**

### **WERKLIKE DOEL**

#### **2.1 Inleiding**

Volgens Combrink (1989: 55) en Gouws (1990: 58) kan die Afrikaanse vertalende woordeboeke vanuit 'n taalwetenskaplike oogpunt as die mees gesofistikeerde tweetalige woordeboeke wat in Suid-Afrika beskikbaar is, beskou word. Die doel van hierdie hoofstuk is om dié woordeboeke tipologies te plaas en daardeur terselfdertyd die res van hierdie studie te rig. In pas met die moderne leksikografie speel die gebruikersaspek 'n beduidende rol, en dit sal uiteindelik blyk dat hierdie plasing slegs tentatief kan wees by gebrek aan (uitgebreide) navorsing oor woordeboekgebruik en woordeboekgebruikers in Suider-Afrika.

Om die werklike doel van die standaard vertalende woordeboek te bepaal, sal die relevante literatuur aanvanklik beskou word, waarna 'n model vir gebruikersvriendelike woordeboeke vanuit 'n alternatiewe perspektief aangebied sal word. Na aanleiding hiervan sal die werklike doel en die tipologiese kenmerke van die woordeboek geformuleer word.

#### **2.2 Die werklike doel van die TW, GW en AEW**

Volgens Gouws (2001: 65) word die bepaling van die werklike doel van 'n woordeboek deur twee faktore bepaal, naamlik die tipologiese aard van die woordeboek, en die teikengebruikergroep. Hierdie twee faktore word vervolgens met betrekking tot Afrikaanse vertalende woordeboeke na aanleiding van die relevante literatuur bespreek. Dit sal gou blyk dat die tweedeling ter wille van die bespreking slegs kunsmatig kan wees, aangesien dié twee faktore baie nou met mekaar verweef is.


##### **2.2.1 Tipologiese aard**

Uitgebreide besprekings oor woordeboektipologie kan in Gouws (1989), Hausmann (1989), Svensén (1993) en Landau (2001) gevind word. Aangesien dit nie die doel van hierdie hoofstuk is om tot die teorie van woordeboektipologie te probeer bydra nie, sal daar nie op die besprekings uitgebrei word nie. Vir die doel van hierdie studie word die tipologiese model van Zgusta (1971: 197-221), soos deur Gouws (1989: 60-72) aangepas, aanvaar. Geringe aanpassings word ook aangebring om die spesifieke Afrikaanse tipologiese struktuur te weerspieël.



### 2.2.1.1 Die Zgusta-model

Skematies kan die model soos in figuur 5 voorgestel word:



**Figuur 5: 'n Skematiese uiteensetting van Zgusta (1971) se woordeboektipologie (soos aangepas)**

Tradisioneel bestaan daar nie monoskopale algemene<sup>4</sup> vertalende woordeboeke in die Afrikaanse leksikografiese spektrum nie.<sup>5</sup> Die standaard Afrikaanse vertalende woordeboeke word deur die TW, GW, RD en nou ook die AEW (almal biskopale woordeboeke) verteenwoordig (A). Ten opsigte van pedagogiese tweetalige vertalende woordeboeke (B) word twee subtypes in die Afrikaanse woordeboekspektrum verteenwoordig, naamlik die skoolwoordeboek (D), waarvan *Skoolwoordeboek / School Dictionary* (Kromhout et al. 1995) 'n eksponent is, en die aanleerderswoordeboek (E), waarvan *Tweetalige aanleerderswoordeboek / Bilingual Learner's Dictionary* (Du Plessis 1993) 'n eksponent is. Wat beperkte woordeboeke (C) betref, kan vir Afrikaans twee subtypes onderskei word, naamlik spesiale woordeboeke of vakwoordeboeke (F), waarvan die multiskopale *Drietalinge Regswoordeboek / Trilingual Legal Dictionary* (Hiemstra & Gonin 1986) 'n eksponent is, en aanvullende woordeboeke (G), 'n ad hoc-tipologiese byvoeging om voorsiening te maak vir 'n leksikografiese “uitskieter” in die vorm van die monoskopale *Nuwe*

<sup>4</sup> Die term *algemene woordeboek* word teenoor *spesiale woordeboek* (d.w.s. vakwoordeboeke) gestel.

<sup>5</sup> TW, wat veral vroeër in twee volumes, 'n Afrikaans-Engels-volume en 'n Engels-Afrikaans-volume, beskikbaar was, kan as 'n gedeeltelike uitsondering beskou word, hoewel die twee volumes bedoel is om een tweetalige vertalende woordeboek te vorm, soos wat die huidige vorm waarin hy beskikbaar is, getuig.

*woorde, en oues wat in die slag gebly het / New Words, and Previously Overlooked Ones* (Du Plessis 1999 – voortaan *Nuwe woorde*). Hierdie woordeboek kan nie sonder meer as 'n neologismewoordeboek beskou word nie, aangesien “heelwat ouer stof ook aandag eis, vandaar die subtitel van dié boek” (Du Plessis 1999: vii). Voor die verskyning van die AEW in Januarie 2005 was die veronderstelling dat dié woordeboek saam met die bestaande Afrikaanse vertalende woordeboeke (d.w.s. die GW, TW en RD) gebruik word (soos op die agterste omslag aangedui). Die inhoud van die sentrale teks van *Nuwe woorde* is by die sentrale teks van die nuut verskene AEW ingewerk.

Afrikaans beskik oor 'n gesofistikeerde en uitgebreide woordeboekversameling wat 'n breë en verteenwoordigende spektrum dek (Gouws 1999: 8), maar by nadere studie, in hierdie geval spesifiek van Afrikaanse vertalende woordeboeke, blyk dit dat die woordeboektipies 'n gebrekkige subtipologiese differensiasie vertoon (Gouws 1996: 18). Hierdie verskynsel is op sowel die eksterne as die interne vlak sigbaar. Op die eksterne vlak sou die opmerking gemaak kon word dat daar vir Afrikaans tot onlangs drie standaard tweetalige vertalende woordeboeke bestaan het, naamlik die TW, GW, en RD, en ten opsigte van minstens twee van hierdie woordeboeke (TW en GW) is dit nie duidelik wat die subtipologiese verskil tussen hulle is nie. Die waarskynlikste rede vir hulle gesamentlike bestaan is dat hulle in die verlede deur twee kompeterende uitgewers gepubliseer is.<sup>6</sup> Op die interne vlak sal opmerkings handel oor gebrekkige funksionele differensiasie op makro- en mikrostrukturele vlak. Die sprekende voorbeeld is *Skoolwoordeboek / School Dictionary*, wat as tweetalige vertalende skoolwoordeboek voorgehou word, maar wat in terme van makro- en mikrostruktuur nie aan die vereistes vir 'n skoolwoordeboek voldoen nie. Hier geld die kommentaar van Kromann et al. (1991: 2713):

Even though school dictionaries, for example, might as a type seem to have a clearly formulated addressee group, it is far from guaranteed that the dictionary will fully satisfy the needs of pupils learning foreign languages. [...] Often small dictionaries, which in reality assume an extraordinarily high degree of competence in the foreign language, are meant for users with little competence.

Vergelyk die woordeboekartikel van die lemmateken **kaf** uit *Skoolwoordeboek / School Dictionary* in (4)a met die artikel van die korresponderende lemmateken uit die GW in (4)b:

---

<sup>6</sup> Dit is tans nie meer die geval nie, en daar kan waarskynlik aanvaar word dat die AEW beide hierdie woordeboeke in die Afrikaanse leksikografiese versameling vervang.

(4) a. **kaf** chaff; nonsense, trash, tommyrot *ook bog, twak*; ~ *van die koring skei* separate wheat from chaff; ~ *verkoop* talk nonsense

b. **kaf<sup>2</sup>**, (s) chaff; glume; nonsense, bilge, eyewash, punk, poppycock; bunk, tommy-rot; *dis ALLES* ~, it's all nonsense; *daar is baie* ~ *onder die KORING*, there is much that is druff (dross); *die* ~ *van die KORING skei*, separate the wheat from the chaff; *dié* ~ *kan jy op 'n ander MARK gaan verkoop*, tell that to the marines; *iem.* ~ *in die ORE blaas*, spin someone a yarn; *dis PURE* ~, it's utter (sheer) nonsense; *iem. met* ~ *VANG*, impose upon a person easily; ~ *VERKOOP*, talk nonsense; talk through one's hat; *soos* ~ *voor die WIND*, like chaff before the wind; (b, bw) to pieces, in tatters, pulverised; *klere* ~ *DRA*, wear clothes to pieces; ~ *geslaan deur die HAEL*, smashed to shreds by hail; ~ *agtig*, (-e), chaffy; ~ *baal*, bale (bag) of chaff; 'n ~ *baal*, a man of straw; ~ *blaartjie*, glume; ~ *draf*, (-ge-), overcome completely; beat easily; finish off (work); devour, polish off, consume (eatables).

In (4)a word die gebruiker van vier doeltaalekwivalente (waarvan drie ekwivalente tot een doeltaalsinoniemparadigma behoort) voorsien, terwyl nege doeltaalekwivalente (verdeel tussen vier doeltaalsinoniemparadigmas) in (4)b aangebied word. Die leerder behoort in terme van die groter verskeidenheid ekwivalente wat in die GW aangebied word meer baat by dié woordeboek te vind, hoewel die hoër getal ekwivalente die probleem van ekwivalentseleksie proporsioneel vergroot as die ontoereikende (maar steeds uitvoeriger) konteksleiding in die GW in ag geneem word.<sup>7</sup>

Indien op die saamstel van 'n vertalende woordeboek besluit word, is dit van kardinale belang dat die subtipologiese klassifikasie duidelik geïdentifiseer moet word (Gouws 2001: 78). Dit is duidelik dat leksikografiese beplanning by *Skoolwoordeboek / School Dictionary* ontbreek. Die herwaardering van die kategorie van vertalende woordeboeke getuig van die behoefte aan 'n gedetailleerde subtipologiese klassifikasie (Gouws 1996: 18). Trouens, Gouws (1990: 53) wys daarop dat 'n analise van die woordeboektypes wat in die verskillende tale in Suid-Afrika beskikbaar is op 'n algehele gebrek aan leksikografiese beplanning dui.

### 2.2.1.2 Die vertalende woordeboek as standaardwoordeboek

'n Verdere tipologiese verdeling wat ten opsigte van vertalende woordeboeke, en spesifiek ten opsigte van die TW, GW, RD en AEW gemaak kan word, is die invloed wat hulle op die standaard het, vandaar die tipologiese benaming *standaard* vertalende woordeboek. Zgusta (1989: 70) verskaf so 'n verdeling van vier tipes, te wete:

- (5) a. standaar skeppende woordeboeke
- b. moderniserende woordeboeke

<sup>7</sup> Hier kan die argument ter verdediging van die beperkte aanbod in (4)a juis wees dat die leerder minder deur 'n kleiner as 'n groter aanbod van ekwivalente verwar kan word. Indien konteksleiding egter doelmatig en effektief ingevoeg word en die leerder woordeboekopleiding ondergaan, sal hierdie argument nie steekhou nie.

- c. verouderende woordeboeke
- d. standaardbeskrywende woordeboeke

Volgens Zgusta (1989: 70) val baie woordeboeke in meer as een van hierdie klasse, en baie min, indien enige woordeboek behoort slegs tot een tipe. Die Afrikaanse vertalende woordeboeke TW, GW, RD en AEW behoort waarskynlik tot klasse (5)a en d, terwyl 'n woordeboek soos *Nuwe woorde* tot klasse (5)a en b behoort. Op hierdie aspek word nie verder ingegaan nie; vergelyk onder andere Zgusta (1989) en Louw (1997: 3-6) vir 'n bespreking van die vertalende woordeboek as standaardiseringsmedium.

Die standaardwoordeboek se makrostruktuur moet die standaardvariëteit van die brontaal verteenwoordig, hoewel 'n aantal hoëfrekwensie-niestandaardvorme ook ingesluit sal word (vgl. 3.4.2.1). Lemmata word van uitgebreide leksikografiese bewerkings voorsien en gevolglik is die datadigtheid van sodanige woordeboeke hoog. Die hoë datadigtheid het tot gevolg dat standaardwoordeboeke mediumgrootte artikels bevat en gewoonlik nie 'n omvattende mikroargitektuur vertoon nie. (Gouws 2001: 76, 77)

### 2.2.1.3 Funksies



Vertalende woordeboeke word verder onderverdeel op grond van funksies.

Verskillende, maar essensieel konvergerende benaderings tot die definiëring van die funksies van 'n vertalende woordeboek bestaan.

Volgens Mugdan (1992: 19) moet die lys van woordeboekfunksies van 'n vertalende woordeboek die volgende vier klassieke gebruikersvaardighede omsluit:

- (6) a. die begrip van 'n vreemdetaaltekst sonder om die teks in die moedertaal te vertaal
- b. die vertaling van 'n teks vanuit die vreemde taal in die moedertaal  
(Hausmann 1977:145 se *Herübersetzung*)
- c. die produksie van 'n teks in die vreemde taal sonder 'n model in die moedertaal
- d. die vertaling van 'n teks uit die moedertaal in die vreemde taal  
(Hausmann 1977: 145 se *Hinübersetzung*)

Kromann et al. (1984: 208) gebruik die Russiese leksikograaf Lev Vladimirovic Scerba se terme *aktief* en *passief* in hulle bespreking van die funksies van die vertalende woordeboek. Volgens Kromann et al (1991: 2715) is die doel van die aktiewe woordeboek om die gebruiker te help in die vertaling van 'n teks vanuit die moedertaal in die vreemde taal (ook die enkoderende funksie genoem), terwyl die passiewe woordeboek die gebruiker van hulp is in die vertaling van 'n teks vanuit 'n vreemde taal in die moedertaal (ook die dekodeerende funksie genoem). Mikkelsen (1992: 35-36) wys daarop dat die toepassing van hierdie terme beduidend verskil van die betekenis wat Scerba daaraan geheg het, hoewel hierdie toepassing vandag die geldende een is (vgl. ook Mugdan 1992, Kromann et al 1984 en Cr. Farina 1995).

Omdat die aktief-passief-verdeling 'n ingrypende invloed op veral die mikrostruktuur van die vertalende woordeboek uitoefen, betoog sommige metaleksikograwe vir die saamstel van minstens vier vertalende woordeboeke per taalpaar: Toegepas op Afrikaans en Engels, sou dit beteken een aktiewe woordeboek rigting Afrikaans-Engels, een passiewe woordeboek rigting Afrikaans-Engels, een aktiewe woordeboek rigting Engels-Afrikaans en een passiewe woordeboek rigting Engels-Afrikaans. Ander teoretici brei hierdie vereiste uit na ses en selfs agt woordeboeke per taalpaar. Vergelyk onder andere Kromann et al (1991) en Svensén (1993: 10-12) vir 'n bespreking van hierdie benadering. Daar word later na hierdie aspek teruggekeer (vgl. 2.5).

Vir die doel van hierdie studie sal die term *teksresepsie* die funksies in (6)a en b enkapsuleer, terwyl die term *teksproduksie* die funksies in (6)c en d in bestek sal hê.

Waar dit om vertaling gaan, moet die belangrike funksionele vereiste van *kommunikatiewe ekwivalensie* ten opsigte van vertalende woordeboeke geld. Volgens Trautmann (1994: 181) raadpleeg die woordeboekgebruiker nie 'n woordeboek

om 'n vertaalekwivalent te vind wat net dieselfde leksikale betekenis of denotasie as die brontaalitem het nie. Sy doel is om 'n konno-denotatiewe ekwivalent te vind sodat kommunikatiewe sukses bewerkstellig kan word.

Hierdie vereiste word ook deur Al-Kasimi (1977), Ayto (1983) en Gouws (1996) gestel. Na aanleiding van Wiegand (2002: 248) word die term *semanties-pragmatiese ekwivalensie*, soos in hoofstuk 1 aan die orde gestel, in hierdie studie gebruik. Die bewerkstelling van kommunikatiewe ekwivalensie is een van die primêre redes vir die insluit van konteksleiding in 'n algemene vertalende woordeboek.

Volgens Tarp (2000: 196) kan 'n leksikografiese funksie gedefinieer word as die poging en vermoë van 'n woordeboek om aan die komplekse gebruikersbehoefte wat in 'n bepaalde gebruikssituasie bestaan, te voldoen. Tarp verdeel leksikografiese funksies in twee groepe, naamlik *kommunikasiegeoriënteerde funksies* en *kennisgeoriënteerde funksies*:

(7) a. **Kommunikasiegeoriënteerde funksies**

- (i) Om te help met teksresepsie in die moedertaal
- (ii) Om te help met teksproduksie in die moedertaal
- (iii) Om te help met teksresepsie in die vreemde taal
- (iv) Om te help met teksproduksie in die vreemde taal
- (v) Om te help met die vertaling van tekste vanuit die moedertaal in 'n vreemde taal
- (vi) Om te help met die vertaling van tekste vanuit 'n vreemde taal in die moedertaal

b. **Kennisgeoriënteerde funksies**

- (i) Om algemene kulturele en ensiklopediese data te voorsien
- (ii) Om spesiale data oor die betrokke vakgebied of die dissipline te voorsien
- (iii) Om data oor die taal te voorsien (bv. wanneer 'n vreemde taal aangeleer word)

Wat standaard vertalende woordeboeke betref, sou geargumenteer kon word dat funksies (7)a(i) en (ii) en (7)b(i), (ii) en (iii) nie van toepassing is nie. Die argument vir die uitsluiting van die kommunikasiegeoriënteerde funksies in (7)a(i) en (ii) sou wees dat daardie funksies veral op eentalige verklarende woordeboeke van toepassing is, en nie vertalende woordeboeke geld nie, aangesien hulle primêr oor die voorsiening van betekenisdata gaan. Dieselfde sou die insluiting van kulturele en ensiklopediese data kon geld. Die ander twee kennisgeoriënteerde funksies behoort in spesiale woordeboeke te figureer.

In die multitalige Suider-Afrikaanse konteks verskil leksikografiese behoeftes egter in 'n groot mate van dié van 'n eentalige (eerstewêreld-)gemeenskap.

In vele gevalle kan aangevoer word dat 'n voldoende spektrum woordeboektipes vir 'n bepaalde taal nie bestaan nie, wat sal inhou dat bestaande woordeboeke, of woordeboeke wat wel tans voorberei word, sommige van die funksies wat tipies in ander woordeboektipes sou voorkom, (voorlopig) moet oorneem. Gouws (1999: 8) maak byvoorbeeld daarvan melding dat die primêre leksikografiese behoeftes van die Suid-Afrikaanse amptelike tale buiten Afrikaans en Engels aan die voorsiening van goeie vertalende woordeboeke tussen die betrokke tale is, en nie noodwendig die voorsiening van (omvattende) verklarende woordeboeke nie. In die afwesigheid van verklarende

woordeboeke sou dit dan as sinvol beskou kon word dat die vertalende woordeboeke wat van primêre belang blyk te wees, ook die kommunikasie- en minstens enkele van die kennisgeoriënteerde funksies in (7) sal bevat. Die toekenning van funksies aan 'n bepaalde woordeboek wat nie noodwendig tradisioneel suiwer tot daardie woordeboek tipe behoort nie, moet egter nie bloot op grond van die afwesigheid van bepaalde woordeboek tipes wat daardie funksies sou ondervang, gedoen word nie, maar moet op grond van die vasstelling van die teikengebruikersgroep se werklike leksikografiese behoeftes plaasvind (vgl. Gouws 1996a: 174-175). Aan die hand van so 'n teikengebruikersprofiel word die woordeboek se funksies dus in 'n heel vroeë stadium in die woordeboekkonseptualiseringsplan vasgestel, wat die struktuur, inhoud en aanbieding van die woordeboek sal bepaal (vgl. 2.2.2).

Waarskynlik die belangrikste argument vir die insluit van minstens die kommunikasiegeoriënteerde funksies in (7) in 'n standaard vertalende woordeboek word deur Gouws (1996: 15-16) voorsien:

- (8) The status of a bilingual dictionary as a source of semantic information is especially evident in a multilingual society. In a monolingual society, bilingual dictionaries are not used as reference works in the day to day linguistic needs of the average member of a speech community. Monolingual descriptive dictionaries are employed for this function. In a multilingual society the use of bilingual dictionaries forms an integral part of the daily communication process. Where the majority of dictionary owners in a monolingual society will possess a monolingual dictionary, a multilingual society gives evidence of the flip side of the coin with bilingual dictionaries being possessed by the majority of one-dictionary owners. They employ their bilingual dictionaries not only as encoding or decoding aids during translation, but the dictionary functions as the only source of semantic information for both the native and the foreign language treated in the dictionary.

Vir die Suider-Afrikaanse konteks kan inderdaad gepostuleer word dat die meeste huishoudings wat oor enige leksikografiese bronne beskik, slegs een woordeboek besit.

Die insluit van minstens die kommunikasiegeoriënteerde funksies in (7) in 'n standaard vertalende woordeboek blyk 'n vereiste te wees in die multitalige, multikulturele Suider-Afrikaanse konteks. (Vergelyk ook 2.2.2.3.)

#### 2.2.1.4 Genealogies verwante vs. onverwante tale

Volgens Sakurai & Kotzé (1997: 166) kan vertalende woordeboeke ten opsigte van die behandelde taalpare in twee basiese tipes verdeel word, te wete woordeboeke wat genealogies verwante tale kombineer en woordeboeke wat genealogies onverwante tale kombineer. 'n Vertalende woordeboek wat Afrikaans en Engels kombineer, kombineer twee genealogies verwante tale; daarenteen word

genealogies onverwante tale met mekaar gekombineer in 'n vertalende woordeboek met Afrikaans en Otjiherero as taalpaar. Sakurai & Kotzé (1997: 167) meld tereg dat die opstel van 'n vertalende woordeboek wat genealogies onverwante tale kombineer in baie opsigte heelwat moeiliker is as wanneer twee genealogies verwante tale betrokke is, want “die opsteller [sal] dikwels moeite ondervind om selfs vir die eenvoudigste woord 'n ekwivalent te vind.” Dit wil egter nie sê dat soortgelyke moeite uitgesluit is vir die leksikograaf wat twee genealogies verwante tale hanteer nie, en Sakurai & Kotze (1997: 167) se standpunt dat sodanige leksikograaf minder probleme sal ondervind, “want vertaalekwivalente *lê voor die hand*” [my kursivering – HLB] kan as enigsins veralgemenend beskou word. Trouens, die leksikograaf wat met veral genealogies nou verwante tale werk (bv. Afrikaans en Nederlands), moet deeglik van faux amis kennis neem (vgl. Swart 2003 en Gouws et al. (2004)), 'n probleem waarmee die Afrikaans-Otjiherero leksikograaf in 'n mindere mate te kampe het.

Die behandeling van twee genealogies nou verwante tale kan tot 'n spesiale soort vertalende woordeboek aanleiding gee, veral as die woordeboek se makrostruktuur beperk is. In so 'n woordeboek, wat 'n differensiaalwoordeboek genoem word, word byvoorbeeld leksikale items wat in beide die behandelde tale identiese of slegs geringe en voorspelbaar verskillende vorme en betekenis het, nie gelemmatiseer nie. (Vgl. Zgusta 1971: 310.)

Wat belangrik is, is dat die vertalende woordeboek wat genealogies onverwante tale kombineer andersoortige eise aan die mikro- en toegangstrukture stel as dié woordeboek wat genealogies verwante tale kombineer. Die leksikograaf moet in die saamstel van so 'n woordeboek aan hierdie eise voldoen. Vergelyk Sakurai & Kotzé (1997) vir 'n bespreking van die kombinasie van twee genealogies onverwante tale in 'n Afrikaans-Japannees woordeboek. Gouws et al. (2004) bespreek aspekte van die kombinasie van genealogies nou verwante tale.

#### 2.2.1.5 Samevattend

Gouws (1989: 59) wys daarop dat “woordeboekklassifikasie nie rigoristies gedoen mag word nie en dat geen klassifikasie metode waterdigte kategorieë kan onderskei nie”. Verder moet in gedagte gehou word dat woordeboeke vir bepaalde gebruikersgroepe geskryf word, en dat 'n tipologiese klassifikasie nie sonder inagneming van die teikengebruikersgroep geformuleer kan word nie (vgl. Gouws 1989: 49).



## 2.2.2 Die teikengebruikersgroep

Volgens Gouws (1999: 3) is een van die opvallende kenmerke van die onlangse ontwikkeling in die metaleksikografie die sterk gerigtheid op die gebruikers van woordeboeke. Hierdie gerigtheid het so prominent geword dat woordeboektipologie in terme van die gebruikersprofiel gedefinieer word, dat die tipologiese klassifikasie van 'n woordeboek 'n antwoord op die eise van 'n bepaalde gebruikersgroep veronderstel (Gouws 1989: 49) en dat 'n woordeboek se voorgestelde tipologiese status gevolglik na aanleiding van die gebruikersperspektief selfs kan verander (Gouws 1996: 18). “Die tyd is verby vir die publikasie van woordeboeke ter wille van woordeboeke” (Gouws 1996a: 175).

Volgens Gouws (1999: 7) is daar nog weinig sprake van 'n duidelik waarneembare gebruikersvriendelikheid in die bestaande woordeboeke in Suid-Afrika. Hierdie kontensie word ondersteun as bloot na die spesifisering van teikengebruikers in die voorwoorde of op die flaptekste van woordeboeke gekyk word. Ten opsigte hiervan geld Kromann et al. (1991: 2713) se kommentaar:

One often finds that no addressee group is specified for a bilingual dictionary; if the matter is mentioned, it is often couched in such general, non-committal terms that a member of any of the user groups of the language might well believe that the dictionary is useful to him.

Hierdie onbevredigende stand van sake kan aan woordeboekkriminaliteit grens (vgl. Bergenholtz 1989: 772-773 en Hausmann 1989a).

Literatuur wat handel oor die behoefte aan en vereiste van navorsing oor die teikengebruiker en die vereiste dat 'n woordeboek op die teikengebruiker afgestem moet wees, sowel as die feit dat onvoldoende navorsing tot op hede gedoen is, sluit in Wiegand (o.a. 1984; 1985), Gouws (1989: 49; 1990: 55; 1996; 1996a; 1999; 2001: 66, 72), Hartmann (1989), Kromann et al. (1991), Alberts (1992), Svensén (1993: 4, 16, 17), Lombard (1994), Louw (1997: 2 e.v.), Fouché-Van der Merwe (1999), Prinsloo & Gouws (2000), Swanepoel (2001). Uit hierdie literatuur kan afgelei word dat die leksikograaf inligting oor minstens die volgende aspekte van die teikengebruiker moet inwin en integreer in die beplanning van sy/haar woordeboek:

- (9) a. Die teikengebruiker se taalkennis, beide van die bron- en die doeltaal van die woordeboek
- b. Die gebruiker se naslaanvaardighede
- c. Die taal- en inligtingsbehoefte van die gebruiker

d. Die woordeboekgebruikssituasies

Vervolgens word hierdie aspekte kortliks toegelig.

2.2.2.1 Die teikengebruiker se taalkennis, beide van die brontaal en die doeltaal

Volgens Louw (1997: 2) toon die kanonieke Afrikaanse vertalende woordeboeke eerder 'n eksklusiewe benadering tot die breë Afrikaanse taalgemeenskap omdat hulle eerstens op meer gevorderde sprekers gerig is. Dit is, volgens Gouws (1996a: 178), omdat woordeboeke soos die GW en TW van 'n taalpaar uitgegaan het waarvan albei lede die enigste twee amptelike tale van die land was, wat noodwendig daartoe gelei het dat hierdie tale beter beheers is as die ander nie-amptelike tale. Vertalende woordeboeke is dan ook met hierdie veronderstelde vertroudheid van die teikengebruikers met albei die behandelde tale saamgestel, wat gevolglik 'n hoë graad van inligtingsdigtheid vertoon. Gouws (1996a: 178) beskryf die resultaat soos volg:

Sulke woordeboeke was dikwels uiters ontoeganklik vir die vermeende teikengebruiker. Dit was die gevolg van 'n foutiewe siening van die gebruiker se behoeftes en naslaanbevoegdheid.

In die hedendaagse Suid-Afrika (en in Namibië waar Afrikaans nie meer ampteliketaalstatus het nie) mag die leksikograaf nie meer van die standpunt uitgaan dat die gebruikers met beide die behandelde tale in die woordeboek vertrouwd sal wees nie (Gouws 1996: 20). Hierdie faktor het direkte betrekking op hierdie studie, aangesien ook die aanbod van konteksleiding in vertalende woordeboeke in die lig van hierdie situasie hersien sal moet word.

2.2.2.2 Die gebruiker se naslaanvaardighede

Alberts (1992: 11) lig vyf tipes kennis uit wat met die naslaanvaardighede van die woordeboekgebruiker verband hou. Die woordeboekgebruiker moet naamlik weet:

- (10) a. waar om die tersaaklike inligting te soek (d.w.s. watter bronne vir watter soort inligting geraadpleeg moet word)
- b. hoe om die tersaaklike inligting in 'n bepaalde bron te ontsluit
- c. hoe om die aangebode inligting te interpreteer en te evalueer
- d. hoe om die verworwe inligting vir 'n bepaalde taak in te span

- e. hoe om geldige/tersaaklike inligting te skep of te soek indien die geraadpleegde bronne nie die inligting verskaf nie

Elkeen van hierdie tipes kennis kan onderverdeel word in verdere kennis- en vaardigheidstipes; hierop word egter nie ingegaan nie. Volgens Gouws (1996a: 178) staan die manier waarop woordeboekontsluitingsvaardighede aangeleer word sentraal in die navorsing oor woordeboekgebruik. Indien aangeneem word dat hierdie vaardighede hoofsaaklik op skool aangeleer word, geld die standpunt van Fouché-Van der Merwe (1999: 145):

Tans is dit baie moeilik om empiriese navorsing in hierdie verband in Suid-Afrika te doen. Die ouderdom waarop kinders vir die eerste keer skool toe gaan, wissel en die basiese woordeskat waaroor leerlinge beskik, verskil byvoorbeeld geweldig baie. Aangesien die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel in 'n oorgangsfase is, is daar ook 'n groot verskil in die standaard van onderrig by verskeie skole en opleidingsinstansies.

Hierdie stand van sake stel die (meta)leksikograaf egter nie vry van die verpligting om wel sodanige navorsing te onderneem nie. Fouché-Van der Merwe (1999: 20) bevind dat daar in die verlede én vandag geen voorsiening vir woordeboekonderrig in Suid-Afrikaanse skole gemaak word nie, aangesien geen pertinente melding van woordeboekonderrig of woordeboeknaslaanvaardighede in sillabusse gemaak word nie. 'n Bose kringloop word duidelik indien die volgende opmerking in ag geneem word:

Die leer van woordeboekvaardighede hang tans heeltemal van die opvoeder se gesindheid af en of daar tyd daarvoor gemaak kan word. Opvoeders het self tydens hul skoolopleiding en onderwysopleiding nie onderrig in woordeboekvaardighede ontvang nie en besef dus dikwels nie die belangrikheid daarvan nie. [Fouché-Van der Merwe 1999: 21]

Die feit dat 'n woordeboekkomponent nie in die sillabusse verskyn nie en dat daar nie tyd vir woordeboekonderrig blyk te wees nie, is egter nie die enigste faktore wat daartoe aanleiding gee dat woordeboekvaardighede nie op skool onderrig word nie. 'n Ander belangrike faktor is die ekonomiese een. Namibië dien as voorbeeld: Hoewel daar skole is wat met goeie voorrade woordeboeke toegerus is, selfs soveel dat elke leerder in die klas een op sy/haar skoolbank sou kon hou, tel hierdie skole in die verre minderheid; buitendien is daardie woordeboeke gewoonlik verouderd en nie op die leerders afgestem nie. Die meeste skole in Namibië beskik, vanweë die onderwysbeleid van die vooronafhanklikheidsera, oor slegs enkele indien enige woordeboeke; die taalklas waarin daar 'n enkele woordeboek op die onderwyser se tafel lê, word tans as voldoende toegerus beskou, afgesien van watter tipe woordeboek dit ook al is. Hierdie stand van sake bring mee dat baie leerders nog geen blootstelling aan 'n woordeboek gehad het wanneer hulle reeds in

die hoërskool is nie omdat die onderrig van woordeboekvaardighede gewoon nie prakties implementeerbaar is nie. Ten einde beperkte onderwysfondse ter oplossing van hierdie vraagstuk te kanaliseer, is dit gebiedend noodsaaklik dat die onderwysowerheid van die nut van woordeboekopleiding en -gebruik in die klas (en selfs in die eksamen) oortuig moet word (vgl. ook Gouws 1996a: 182). Om hierdie rede is met voorlopige navorsing aan die Universiteit van Namibië begin wat ten doel het om die effek van woordeboekgebruik op leerders se prestasie in taalbeheersing empiries te probeer bepaal. Hoewel die Namibiese Ministerie van Onderwys reeds by monde van 'n streekskantoor sy belangstelling in die resultate van sodanige navorsing getoon het, word die navorsing gekortwiek deur dieselfde faktore wat woordeboekopleiding in skole in die eerste plek aan bande lê.

Vergelyk onder andere Carstens (1995) vir 'n oorsig oor woordeboekpedagogie.

### 2.2.2.3 Die taal- en inligtingsbehoefte van die gebruiker

Binne 'n multitalige samelewing is die meeste eienaars van slegs een woordeboek eienaars van 'n vertalende woordeboek. Hulle gebruik die vertalende woordeboek nie slegs as hulp vir teksresepsie en teksproduksie nie, maar die woordeboek funksioneer as die enigste bron van semantiese inligting vir beide die moedertaal en die vreemde taal. (Vgl. 2.2.1.3; Gouws 1996) Hierdie kontensie word ondersteun deur Lombard (1994: 208), wat byvoeg dat dit gevolglik die verantwoordelikheid van die leksikograaf is om voldoende leiding aan sy gebruikers te gee, van wie baie swak ingelig of oningelig is.

Belangrik is dat 'n algemene woordeboek vir die gemiddelde lid van die taalgemeenskap saamgestel moet word, en nie vir taalkundiges of akademici nie; die behoeftes van die taalgemeenskap moet prioriteit bo dié van die taalkundige of die akademikus geniet, slegs dan kan die woordeboek 'n beduidende rol in opvoedkundige en kommunikatiewe transformasie speel (Gouws 2001: 66).

#### 2.2.2.4 Die woordeboekgebruiksituasies

Swanepoel (2001: 176) identifiseer agt vrae wat vanuit die kognitief-funksionele benadering ten opsigte van woordeboekgebruiksituasies gevra kan word:

- (11) a. Vir watter presiese take (lees, skryf, vertaling, woordeskatverwerwing, ens.) word verskillende soorte woordeboeke gebruik?
- b. Watter kognitiewe prosesse, vaardighede, strategieë en mentale voorstelling is betrokke by die suksesvolle uitvoering van so 'n taak?
- c. Watter rol speel leksikale kennis in die uitvoering van die taak?
- d. Wat is leksikale kennis?
- e. Hoe word leksikale kennis in die mentale leksikon gestoor en hoe word daartoe kennis verkry?
- f. Watter soorte gapings kan in die gebruiker se leksikale kennis ontstaan en watter implikasies het dit vir die suksesvolle uitvoering van die taak?
- g. Watter strategieë, behalwe om 'n woordeboek te raadpleeg, kan die gebruiker inspan om vir hierdie leksikale leemte te kompenseer?
- h. Onder watter omstandighede sal gebruikers hulle tot 'n woordeboek wend om 'n gaping in hulle leksikale kennis te hanteer?

Navorsing oor hierdie belangrike aspek ontbreek in die metaleksikografie (vgl. Swanepoel 2001: 186).

#### 2.2.2.5 Samevattend

Volgens Fouché-Van der Merwe (1999: 144) is min of geen navorsing oor die gebruikersaspek ten opsigte van RD gedoen nie. Hierdie mening word ten opsigte van die ander woordeboeke ondersteun deur Alberts (1992), Gouws (1996a), Swanepoel (2001) en Kromann et al (1991). Die gevolg is dat leksikograwe hulle woordeboeke hoogstens op die basis van voorlopige hipoteses kan baseer (vgl. Swanepoel 2001: 173), selfs ten opsigte van wat as die ideale woordeboekgebruiker beskou kan word (vgl. Carstens 1995: 113). In die lig van die swaar invloed van die gebruikersaspek op die aard van woordeboektipies kan ook woordeboektipologie tans bloot tentatief beskryf word. Teen hierdie agtergrond kan die produk van hierdie studie ook nie voorgee om meer as 'n hipotese te wees nie.


Vervolgens word verdere aandag geskenk aan die gebruikersaspek in terme van die benadering dat die gebruik van die woordeboek as 'n kommunikatiewe handeling begryp word.

## 2.3 Die gebruikersaspek

### 2.3.1 Die verhouding *taalkundige : leksikograaf : woordeboekgebruiker*

Dit word vandag algemeen in die metaleksikografie aanvaar dat woordeboeke op gesonde taalkundige beginsels gebaseer moet wees (vgl. Swanson 1967: 65; Al-Kasimi 1977; Hartmann 1983: 4; Gouws 1989: 44; Lombard 1994). Dit was egter nie altyd die geval nie, en relatief tot die geskiedenis van die leksikografie is die nouer skakeling met die taalkunde eers relatief onlangs bewerkstellig: In 1977 kon Al Kasimi (1977: 5) tereg beweer dat die afskeep van die leksikografie deur taalkundiges besig was om tot 'n einde te kom. Vergelyk Al Kasimi (1977: 2-9), Malkiel (1980) en Gouws (1989: 15 e.v.) vir besprekings oor die aanvanklike gaping wat tussen die taalkunde en die leksikografie bestaan het en hoe hierdie gaping vernou en in 'n groot mate oorbrug is.

Die verhouding tussen taalkundige, leksikograaf en woordeboekgebruiker word deur Lombard (1994) met behulp van die metafoor van 'n driehoek beskryf met die taalkundige, die leksikograaf en die woordeboekgebruiker wat onderskeidelik die drie sye of hoeke van die driehoek verteenwoordig. Hoewel Lombard se bespreking insiggewend is, doen die driehoekmetafoor sonder meer nie reg daaraan nie omdat 'n belangrike komponent uit die vergelyking val, naamlik die woordeboek. 'n Meer verteenwoordigende metaforiese model sou waarskynlik soos in figuur 6 daar kon uitsien:




**Figuur 6: Die verhouding tussen woordeboekgebruiker, leksikograaf en taalkundige**

Die driehoekmetafoor as sodanig skiet egter verder daarin te kort dat, hoewel die verhouding tussen die drie partye duidelik uitgebeeld word, die model nie benut kan word om die spesifieke invloede wat die een party op die ander kan uitoefen te verteenwoordig nie.

Indien van die standpunt uitgegaan word dat die leksikograaf die tussenganger tussen die woordeboekgebruiker en die taalkundige is, soos wat Malkiel (1980) en Gouws (1999: 3) aandui, en dat die leksikograaf waarskynlik meer die taalkundige as die woordeboekgebruiker in sy rol as tussenganger verteenwoordig (vgl. nogmaals Gouws 1999: 3), word dit duidelik dat die primêre verhouding dié tussen die leksikograaf en die woordeboekgebruiker is (vgl. Gouws 1996a).

Trouens, die rol van die taalkundige in hierdie driehoek kan as niks meer as marginaal of selfs insidenteel beskryf word nie. Volgens Swanson (1967: 63) moet taalkundiges as die kleinste groep potensiële woordeboekgebruikers beskou word; volgens Gouws (2001: 66) behoort standaardwoordeboeke vir die gemiddelde lid van die betrokke taalgemeenskap saamgestel te word, en behoort die meer gesofistikeerde behoeftes en vaardighede van akademici en taalkundiges daaraan ondergeskik gestel te word (vgl. 2.2.2.3). Tarp (2000: 190-194) voer aan dat die leksikografie as onafhanklike dissipline beskou behoort te word en nie 'n onderdeel van die taalwetenskap uitmaak nie, wat beteken dat die taalkundige nie 'n primêre party in die genoemde verhouding is nie.




### **2.3.2 Die verhouding leksikograaf : woordeboekgebruiker**

Volgens Kühn (in Gouws 1996a: 175) moet die gebruik van 'n woordeboek as 'n kommunikatiewe handeling begryp word. Wiegand (1996: 135) betoog dat die woordeboek 'n draer van tekssoorte is, en dit veronderstel 'n kommunikasiesituasie, want tekste kan as kommunikasie beskou word (vgl. Van Cuilenburg et al. 1992: 21), of, meer presies, as media vir kommunikasie (vgl. Steinberg 1994: 15; Smit 1996: 171). Hierdie siening bied die geleentheid om insigte uit die kommunikasiewetenskap in die metaleksikografie te benut.

Die algemene kommunikasiemodel, waarvan verskillende variante byna sonder uitsondering in die literatuur oor kommunikasiewetenskap voorgehou word (vgl. o.m. Van Cuilenburg et al. 1992: 9-11; Frost et al. 1993: 5-49; Janssen 1996: 23-30; Steehouder et al 1999: 22-25; Guffey 2001: 4-5), is een aspek van dié dissipline wat hier aandag sal geniet. Die voorstelling van Van der Molen et al. (1995: 13-19) sal vir die doel van hierdie bespreking gebruik word. Hoewel hierdie spesifieke

voorstelling op interpersoonlike kommunikasie gerig is, word die nut daarvan vir die metaleksikografie nie uitgesluit nie; die naslaanproses kan immers as 'n soort “gesprek” tussen leksikograaf en woordeboekgebruiker beskou word, hoewel slegs eenrigtingkommunikasie ter sprake is (vgl. Gouws 1989: 14).




**Figuur 7: Die volledige kommunikasiemodel van Van der Molen et al. (1995)**

Die model in figuur 7 kan soos volg geïnterpreteer word: Die *sender* het 'n bepaalde idee, gedagte of gevoel wat hy/sy aan die *ontvanger* wil oordra. Hierdie idee, gedagte of gevoel benodig 'n verpakking of voertuig, en meestal word van taal gebruik gemaak. Die sender skakel dus die idee, gedagte of gevoel in taal om – hy/sy *enkodeer* die inligting en die *boodskap* (in verbale, nie-verbale of situasionele vorm) kom tot stand. Ten einde die boodskap te verstaan, moet die ontvanger dit *dekodeer*. 'n Voorvereiste vir suksesvolle dekodering is dat die ontvanger die kode wat die sender gebruik, moet ken. Die interpretasie van die gedekodeerde boodskap vind plaas binne die *verwysingsraamwerk* van die ontvanger, dit is die geheel van norme, waardes, opvattinge en vanselfsprekendhede op grond waarvan die ontvanger handel en sy/haar omgewing beoordeel. Die kommunikasieproses vind deur die *vokaal-ouditiewe*, die *visuele* en die *taktiele kanale* plaas. *Geraas* is alles wat die ontvangs en suksesvolle interpretasie van die boodskap versteur. Drie soorte geraas kan onderkei word: fisiese geraas (bv. as iemand met 'n lugdrukboor buite die oop venster werk wanneer twee persone in die kamer 'n gesprek probeer voer), psigologiese geraas (vooroordele en stereotipe opvattinge wat die deurgang van die sein belemmer) en semantiese geraas (wanneer die twee partye betrokke by die kommunikasie nie dieselfde kode beheers nie, maar ook die gebruik van bv. jargon). 'n Boodskap het 'n *voortvoer*-funksie indien dit iets



aankondig oor die boodskap wat gaan volg, bv. “Ek hoop jy sal my nou nie verkeerd verstaan nie, maar...” *Terugvoer* behels die ontvanger se reaksie op die boodskap, en gee die sender gewoonlik die geleentheid om vas te stel of sy/haar boodskap korrek geïnterpreteer is. Dan keer die rolle om, en die oorspronklike ontvanger word nou die sender, terwyl die oorspronklike sender nou die ontvanger is. Die *konteks* verwys na die omgewing waarbinne die kommunikasie plaasvind, hetsy fisies, hetsy psigologies-sosiaal.

Hierdie model kan aangepas word om die kommunikatiewe handeling van woordeboekgebruik sistematies voor te stel. Die aangepaste model word in figuur 8 aangebied:



**Figuur 8: Die kommunikasiemodel aangepas vir leksikografiese toepassing**

Dit is belangrik om daarop te let dat die model in figuur 8 toegepas word op die woordeboekartikel as die tipiese en elementêrste leksikografiese kommunikasiemedium, en nie die hele woordeboek (wat binne- en buitetekste insluit) nie. Elke woordeboekartikel is immers ’n teks in eie reg (of ten minste ’n deeltteks, vgl. Wiegand 1996b: 136), en die woordeboek is nie daar om van voor tot agter deurgelees te word nie; “[i]nstead it is meant to be consulted whenever the user feels the need to fill a gap in his knowledge on a very specific point” (Svensén 1993: 2).

Hieronder volg 'n interpretasie van die model aan die hand van die simbole (A tot M) wat op bepaalde punte verskyn:

- (A) Die leksikograaf het die taak om 'n artikellêer (wat die lemma en al die leksikografiese data oor daardie lemma bevat) tot 'n woordeboekartikel wat vir die teikengebruiker bruikbaar sal wees, te verwerk.
- (B) Geraas kan die leksikograaf verhinder om 'n optimaal benutbare woordeboekartikel saam te stel: gewoon onkundigheid; gebrek aan kennis oor die behoeftes van die woordeboekgebruiker, sy/haar naslaanvaardighede en die doel waarvoor die woordeboek gebruik word; ens.
- (C) Die leksikograaf encodeer die inligting in die artikellêer volgens die stylgids tot 'n woordeboekartikel met 'n bepaalde artikelstruktuur.
- (D) Die vorm waarin die inligting in die artikellêer aangebied word, is die woordeboekartikel. Die woordeboekartikel word deur 'n bepaalde medium aangebied, waarvan die gebruiklikste die gedrukte en elektroniese media is.
- (E) Die woordeboekgebruiker lees die woordeboekartikel en dekodeer dit deur die artikelstruktuur te agterhaal en die relevante datakategorieë in hulle soeksones te identifiseer en te ekstraheer. Hierin speel die metateks (K) 'n belangrike rol.
- (F) Geraas kan die woordeboekgebruiker verhinder om die woordeboekartikel optimaal te dekodeer as gevolg van gebrekkige kennis van woordeboektipes wat aanleiding gee tot die gebruik van die verkeerde woordeboeke, gebrekkige kennis van die artikelstruktuur, die nieraadpleging van die metateks, ens.
- (G) Die woordeboekgebruiker pas die interpretasie van die woordeboekartikel by sy/haar verwysingsraamwerk in deur byvoorbeeld te glo dat indien 'n leksikale item nie in 'n woordeboek gelemmatiseer is nie (d.w.s. indien die betrokke woordeboekartikel afwesig is), daardie leksikale item nie bestaan nie, of dat geen foute in 'n woordeboek voorkom nie.

- (H) Wanneer woordeboekgebruikers terugvoer gee, is hulle dalk nie in staat om dit optimaal te doen nie, aangesien hulle nie met die terminologie en werkswyses van die leksikografie vertrou is nie.
- (I) Terugvoer word gewoonlik in die vorm van resensies in die pers en korrespondensie tussen gebruikers en die uitgewer en/of die leksikograaf gegee. Sodanige terugvoer is beperk en nie onmiddellik (soos in die geval van die gespreksituasie) nie. Leksikograwe kan ook persoonlike telefoonoproepe en besoeke ontvang, in welke geval die vokaal-ouditiewe kanaal gebruik word.
- (J) Leksikograwe kan kritiek misinterpreteer of as onbelangrik beskou, of hulle kan dit gewoon nie verstaan nie.
- (K) Die metateks (gebruikersgids) geld as vooruitvoer: Die gebruiker wat die metateks raadpleeg, weet wat die aard van die woordeboek is en watter datakategorieë hy/sy kan verwag, ook hoe dit aangebied word. Hierdie vooruitvoer geld egter in weinig gevalle, aangesien min gebruikers die metateks van 'n woordeboek raadpleeg. In baie gevalle bestaan 'n bruikbare metateks glad nie; derhalwe word 'n gebroke lyn gebruik om die verband aan te dui. Funksionele vooruitvoer kan geraas minimaliseer.
- (L) Die konteks waarbinne die kommunikasie tussen leksikograaf en woordeboekgebruiker afspeel, is die omgewing waarbinne sowel die saamstel as die gebruik van die woordeboek plaasvind, byvoorbeeld in 'n multitalige, demokratiese Suid-Afrika. Dit kan ook verwys na die onmiddellike gebruiksituasie waarin die gebruiker hom/haar bevind, bv. in 'n onderrigsituasie in 'n klaskamer.
- (M) Woordeboekartikels word by uitstek deur die visuele kanaal aangebied, aangesien gebruikers die artikels visueel waarneem wanneer hulle dit lees. 'n Uitsondering is braille-woordeboeke, waar die taktiele kanaal gebruik word. Die vokaal-ouditiewe kanaal kan ook tydens terugvoer gebruik word.

Van der Molen et al. (1995: 19) erken dat hulle model “een vereenvoudigde weergave van de werkelijkheid en bovendien een erg algemene en statische weergave” is, en dieselfde geld waarskynlik in 'n mindere of meerdere mate die aangepaste model vir die leksikografie, maar die model skep 'n funksionele raamwerk waarbinne die leksikografiese gebruikersperspektief op 'n

wetenskaplike basis gedefinieer en aangepak kan word. Na aanleiding van die model kan die volgende parameters geïdentifiseer word wat bepalend is in 'n gebruikersgedrewe leksikografie, soos op die volledige woordeboek toegepas:

- (12) a. Die woordeboekparameter (n.a.v. (A))  
b. Die leksikograafparameter (n.a.v. (B) en (J))  
c. Die stylgidparameter (n.a.v. (C))  
d. Die gebruikersparameter (n.a.v. (F) en (H))  
e. Die gebruikparameter (n.a.v. (L))  
f. Die gebruikersverwysingsraamwerkparameter (n.a.v. (G))  
g. Die mediumparameter (n.a.v. (D))  
h. Die kanaalparameter (n.a.v. (M))  
i. Die metatekparameter (n.a.v. (K))  
j. Die kontekstparameter (n.a.v. (L))  
k. Die terugvoerparameter (n.a.v. (I))

Elkeen van hierdie parameters word vervolgens kortliks bespreek.

### 2.3.2.1 Die woordeboekparameter

Die woordeboekparameter kan as die sentrale parameter beskou word. Al die ander parameters bepaal direk en in kombinasie met mekaar die waardes van die veranderlikes binne hierdie parameter. Die verhouding is egter nie eensydig nie: Die woordeboekparameter bepaal ook die waardes van die veranderlikes binne elk van die ander parameters, soos wat uit die volgende bespreking sal blyk.

Die woordeboekparameter sluit daardie veranderlikes in wat te doen het met die werklike doel en funksies van die woordeboek, die dataverspreidingsprogram en die mikrostrukturele program (vgl. Gouws 2001: 68). Die invloed van die ander parameters bepaal hoe effektief, hoe *gebruikersvriendelik* die waardes van hierdie veranderlikes in die woordeboekeindproduk neerslag sal vind, terwyl die waardes van die veranderlikes binne hierdie parameter die raamwerk skep wat bepaal watter veranderlikes binne die ander parameters geld.

### 2.3.2.2 Die leksikograafparameter


Die leksikograafparameter is waarskynlik een van dié belangrikste parameters; dit blyk uit die feit dat die metaleksikografiese literatuur oor die gebruikersaspek oorwegend op hierdie parameter fokus, en dat die leksikograaf die rolspeler is wat uiteindelik vir die saamstel van die woordeboekteks verantwoordelik is. Kromann et al. (1991: 2713) som hierdie parameter goed op deur te sê dat dit gaan oor

*consideration on the part of the lexicographer for the dictionary's target group, its needs and the types of user situations [my kursivering – HLB].*

Die leksikograafparameter kan dus beskryf word in terme van alles wat die leksikograaf kan en moet doen om die teikengebruiker ter wille te wees in die saamstel van die woordeboekteks, maar ook alles wat die leksikograaf nie (kan) doen nie as gevolg van 'n gebrek aan kennis oor die teikengebruiker. Hierby moet gevoeg word alles wat die metaleksikograaf van die leksikograaf weet, en behoort te weet, byvoorbeeld hoe hy/sy te werk gaan in die ontwerp van 'n woordeboek(teks), ten einde hom/haar van hulp te kan wees (vgl. Swanepoel 2001: 170). Die mees fundamentele vereiste hier is dat die leksikograaf opgelei moet wees (vgl. in hierdie verband o.a. Martin 1994, Botha & Botha 1998 en Gouws 2001: 60-65). Verder maak die leksikograaf staat op die resultate van navorsing oor die gebruiker, sy/haar behoeftes, naslaanvaardighede, taalvaardighede in die behandelde tale, ens. (vgl. 2.2.2). Gebrek aan kennis oor en insig in hierdie faktore veroorsaak dat die leksikograaf woordeboeke en woordeboektekste ontwerp wat nie aan die behoeftes van die teikengebruiker voldoen nie. Ongelukkig bestaan daar juis weinig studies oor die woordeboekgebruiker en sy/haar behoeftes en vaardighede; derhalwe behoort die aanpak van sulke studies as prioriteit beskou te word indien die doel is om die leksikograafparameter 'n positiewe invloed op gebruikersgedrewe leksikografie te laat uitoefen (vgl. nogmaals 2.2.2). Navorsing van dié aard behoort ook op wetenskaplik empiriese basis gedoen te word, wat eksperimentele studies insluit; indien dit nie die geval is nie,

*much of these research results can only be used as basis for preliminary hypotheses about the design of a functional dictionary of a specific kind [Swanepoel 2001: 173].*

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking sou die belangrikste veranderlikes wat binne die leksikograafparameter ten opsigte van 'n standaard vertalende woordeboek geld, skematies as volg voorgestel kon word:



**Figuur 9: Enkele van die belangrikste veranderlikes binne die leksikograafparameter t.o.v. 'n vertalende woordeboek**

### 2.3.2.3 Die stylgidsparameter

Die stylgidsparameter kan van die leksikograafparameter onderskei word, aangesien dit nie altyd die leksikograaf is wat die stylgids opstel nie. Veral in die geval van omvattende woordeboeke, waarvan die produksie oor dekades strek, word nuwe leksikograwe wat by sodanige projekte aansluit touwys gemaak in die toepassing van die stylgids – hulle was self nie by die opstel daarvan betrokke nie. Hierdie stand van sake stel minstens twee vereistes aan (die opsteller van) die stylgids: (i) die stylgids moet die dataverspreidingsprogram van die woordeboek duidelik uiteensit, en (ii) dit moet vir die leksikograaf verstaanbaar en toepasbaar (d.w.s. gebruikersvriendelik) wees. Hierby kan die vereiste gevoeg word dat die stylgids in die metateks verantwoord moet kan word. Die stylgidsparameter is by uitstek dié parameter wat die konsekwente aanbod van leksikografiese data in die woordeboek moet reguleer en sodoende die woordeboek gebruikersvriendelik maak (vgl. Gouws 2001: 67).

### 2.3.2.4 Die gebruikersparameter

Teenoor die leksikograaf as sender staan die gebruiker as ontvanger in die woordeboekkommunikasiesituasie.

Bepaalde aspekte van die teikengebruikersgroep is reeds in 2.2.2 bespreek.

Faktore wat die gebruikersparameter 'n negatiewe invloed op die gebruikersvriendelikmaak van die woordeboek laat uitoefen, is onder meer:

- (13) a. Gebruikers beskik nie oor genoegsame linguistiese en pragmatiese insig om die inligting in die woordeboek suksesvol te ontsluit nie (vgl. Gouws 1996: 21).
- b. Gebruikers toon 'n aversie teenoor woordeboekgebruik (vgl. Carstens 1995: 107).
- c. Gebruikers ken nie die woordeboektipies wat bestaan nie (vgl. Carstens 1995: 108).
- d. Gebruikers beskik oor onvoldoende naslaanvaardighede (vgl. Carstens 1995: 113).
- e. Gebruikers beskik nie oor voldoende ondervinding in die gebruik van woordeboeke nie.

Die onderskeid tussen die leksikograafparameter en gebruikersparameter bring die insig mee dat 'n gebruikersvriendelike woordeboek die produk van én die leksikograaf én die kundige teikengebruiker is (hoewel die leksikograaf waarskynlik 'n groter rol in die proses speel). Die vestiging van 'n woordeboekkultuur sal die teikengebruiker in staat stel om die woordeboek optimaal te benut.

#### 2.3.2.5 Die gebruiksparemeter

Die gebruiksparemeter verwys na die onmiddellike fisiese situasie waarin woordeboekgebruik plaasvind, bv. in die vreemdetaalklasskamer of in 'n vertaalsituasie. Tydens die beplanning van 'n woordeboek moet die tipiese gebruikssituasies waarin die beplande woordeboek gebruik sal word, so ver moontlik voorsien (en tydens die bemerking van die woordeboek aangedui) word, sodat die strukture in die woordeboek op daardie situasies afgestem kan word.

Uit die literatuur wil dit blyk dat die gebruikssituasie as deel van die gebruikerskenmerke beskou word. Dit is egter belangrik om dié twee parameters van mekaar te onderskei, aangesien die veranderlikes wat die gebruiksparemeter bepaal nie noodwendig 'n invloed op die veranderlikes wat die gebruikersparameter bepaal, uitoefen nie. 'n Geografiewoordeboek kan vir die spesifieke gebruikssituasie van die geografieklas bedoel wees, hoewel die gebruikersparameter se veranderlikes identies kan wees aan dié wat vir die standaard verklarende woordeboek vir spesifieke gebruik in die taalklas geïdentifiseer is. Hoewel die gebruikersparameters vir die twee woordeboeke identies is, verskil die gebruiksparemeteers beduidend. Die feit dat die twee parameters van mekaar onderskei word, beteken egter nie dat hulle sonder mekaar kan funksioneer nie; soos die ander parameters,

figureer dié twee parameters as onmisbare elemente in die bepaling van die werklike doel van 'n woordeboek.


Die kognitief-funksionele benadering tot woordeboekgebruiksituasies na aanleiding van Swanepoel (2001) is kortliks in 2.2.2.4 uiteengesit.

### 2.3.2.6 Die gebruikersverwysingsraamwerkparameter

Hierdie parameter onderskei hom van die gebruikersparameter daarin dat die gebruikersparameter hoofsaaklik verwys na vaardighede en kennis wat redelikerwys van die woordeboekgebruiker verwag kan word om voordeel uit 'n gebruikersvriendelike woordeboek te trek, terwyl die gebruikersverwysingsraamwerkparameter 'n breër bestek het. Dit gaan hier naamlik oor veronderstellings, gewoontes, persepsies en houdings. Bepaalde veronderstellings is byvoorbeeld agterhaalbaar uit die volgende aanhalings van taalgebruikers:

- (14) a. “As daardie woord nie in die woordeboek staan nie, bestaan dit nie.”  
b. “As daardie woord in die woordeboek staan, kan ek dit gebruik waar en wanneer ek wil.”

Gouws (1989: 13-14) wys op die algemene persepsie dat 'n woordeboek dié bron van gesag oor taalsake is:



Die gemiddelde woordeboekgebruiker se houding jeens sy woordeboek plaas 'n geweldige las op die leksikograaf se skouers, want hy moet in sy woordeboekartikel antwoorde verskaf op talle vrae. En hierdie antwoorde moet hy verskaf sonder dat hy vooraf weet wat die vrae gaan wees.

Deur verantwoordelike en gebruikersvriendelike leksikografiebeoefening kan die leksikograaf ook sekere wanpersepsies teenwerk, soos dié wat deur die aanhalings in (14) verteenwoordig word.

Die gebruikersverwysingsraamwerkparameter word egter ook deur ander veranderlikes bepaal. Woordeboekgebruikers het naamlik bepaalde gewoontes en verwagtinge van woordeboeke, byvoorbeeld dat die lemmata daarin alfabeties gerangskik is. Al-Kasimi (1977: 3) se aanhaling van Read maak die invloed van hierdie veranderlike duidelik:


There is a constant pulling and hauling between what a lexicographer would like to do on scientific grounds and what he is compelled to do by the habitual demands of the public.



Vir 'n woordeboek om optimaal gebruikersvriendelik te wees, moet dit binne die verwysingsraamwerk van die teikengebruiker figureer. Gouws (1999: 7) verwys hierna as die aanpassing van die leksikografie by die maatskappy. Indien die leksikograaf daarin slaag om aspekte van die verwysingsraamwerk van die gebruikers ten gunste van gebruikersvriendelike woordeboeke aan te pas, sal daar sprake wees van die aanpassing van die maatskappy by die leksikografie (vgl. nogmaals Gouws 1999: 7). Dit sal byvoorbeeld gebeur indien onderwysers en onderwyskundiges oortuig kan word van die waarde wat 'n komponent oor woordeboekgebruik in enige taalleerplan het (vgl. Gouws 1996a: 182). Die gebruikersverwysingsraamwerkparameter kan dus inspeel op die gebruikersparameter. Die omgekeerde is ook waar: Indien woordeboekgebruikers byvoorbeeld konstant in hulle naslaanpogings deur gebruikersonvriendelike woordeboeke frustreer word, kan hulle 'n aversie teenoor woordeboeke en woordeboekgebruik ontwikkel – 'n verskynsel wat volgens Carstens (1995: 107) ongelukkig reeds voorkom.

Die mate van aanpassing van die leksikografie by die maatskappy word deur die leksikograafparameter bepaal, byvoorbeeld die saamstel van 'n nuwe tipe woordeboek nadat die behoefte daartoe deur empiriese navorsing vasgestel en onder die leksikograaf se aandag gebring is. Die mate van aanpassing van die maatskappy by die leksikografie word deur die gebruikersverwysingsraamwerkparameter bepaal.

#### 2.3.2.7 Die mediumparameter



Woordeboeke word vandag hoofsaaklik deur twee media versprei, naamlik die gedrukte medium en die elektroniese medium. 'n Gebruikersvriendelike woordeboek sal in die gepaste medium beskikbaar wees: Die reisende joernalis kan 'n elektroniese woordeboek wat op sy/haar skootrekenaar geïnstalleer is meer gebruikersvriendelik vind as 'n papierwoordeboek; skole kan woordeboeke in die gedrukte medium verkies, aangesien rekenaarfasiliteite relatief beperk is en dus toegang tot 'n elektroniese woordeboek moeilik (gebruikersonvriendelik) maak.

Veranderlikes wat die waarde van die mediumparameter bepaal, is byvoorbeeld papierkwaliteit en bindkwaliteit in die geval van gedrukte woordeboeke, en die programmatuur wat gebruik is in die saamstel van die woordeboek en waarmee die woordeboek versoenbaar is in die geval van elektroniese woordeboeke. In die geval van internetwoordeboeke is die beskikbaarheid van internettoegang vir die teikengebruiker 'n kernveranderlike.

Die gekose medium stel egter ook vereistes aan die leksikograaf. Indien die gedrukte medium gekies word, word 'n beperking op ruimte die leksikograaf opgelê, aangesien 'n gedrukte woordeboek wat gebruikersvriendelik wil wees, ook fisies hanteerbaar (en bekostigbaar) moet wees. Die beperking op ruimte lei die leksikograaf om bepaalde strategieë aan te wend om ruimte te bespaar, waarvan die algemeenste prosedure dié van teksverdigting is. Teksverdigting word nie primêr deur die strewe na gebruikersvriendelikheid gemotiveer nie, maar deur die beperkte ruimte wat deur die gekose medium opgelê word. Teksverdigting as sodanig werk teoreties juis gebruikersonvriendelikheid in die hand. Die ruimtebesparende strategie van teksverdigting het 'n diep gewortelde leksikografiese tradisie geword en kom selfs voor in media wat nie die mate van ruimtebeperking op die leksikograaf plaas wat deur die gedrukte medium op hom/haar geplaas word nie. Dit word duidelik as elektroniese woordeboeke beskou word: in byna alle gevalle word tradisionele teksverdigtingstrategieë toegepas, hoewel die medium dit nie dikteer nie. In sommige gevalle is elektroniese woordeboeke (soos die *Elektroniese Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal 2.00* en *Pharos Woordeboeke / Dictionaries: 5 in 1* (Pharos & Logos Information Systems 2000)) bloot rekenaarmatige aanpassings van reeds bestaande gedrukte woordeboeke (Louw 2001: 324).

Hoewel 'n sekere mate van teksverdigting sal voorkom selfs waar die medium nie ernstige beperkinge op ruimte plaas nie, juis omdat die totale afwesigheid van teksverdigting ook gebruikersonvriendelik sal wees omdat dit die naslaanproses sal kompliseer, behoort die samestellers van elektroniese woordeboeke nie teksverdigtingstrategieë wat in die gedrukte medium voorkom slaafs na te volg nie, maar behoort hulle die virtueel onbeperkte ruimte tot hulle beskikking in dié verband innoverend te benut. Teksverdigtingstrategieë in gedrukte woordeboeke wat ten doel het om gebruikersvriendelikheid in die hand werk, sal nie noodwendig dieselfde effek in elektroniese woordeboeke hê nie. Dit blyk dus dat navorsing oor elektroniesewoordeboekgebruik noodsaaklik is. Louw (2000a: 292) wys ook op die dringende behoefte aan 'n metaleksikografiese gesprek oor elektroniese woordeboeke in die algemeen. In hierdie verband is dit verblydend dat daar tans aan SIGNA, dit is die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing, aan 'n uitvoerige navorsingsprojek, deur Suid-Afrikaanse en buitelandse navorsers, gewerk word om 'n teoretiese model vir elektroniese woordeboeke te ontwikkel.

### 2.3.2.8 Die kanaalparameter

Tradisioneel is die waarde van die kanaalparameter die visuele kanaal (woordeboekgebruikers neem die woordeboekartikels visueel waar wanneer hulle dit lees). Die uitsondering op hierdie reël is braille-woordeboeke, waar die waarde van die kanaalparameter die taktiele kanaal is. Uiteraard sal 'n woordeboek wat blinde gebruikers teken hoogs gebruikersonvriendelik wees indien dit deur die visuele kanaal aangebied word. Met die ontwikkeling van spesifiek die rekenaartegnologie is dit ook moontlik om die vokaal-ouditiewe kanaal naas die visuele kanaal in 'n elektroniese woordeboek te gebruik: Deur byvoorbeeld op die fonetiese transkripsie van 'n lemma of op 'n spesiale ikoon op die rekenaarskerm te klik, kan 'n klanklêer geaktiveer word en die gebruiker kan die uitspraak van die lemma of 'n ander mikrostrukturele inskrywing ouditief waarneem.

### 2.3.2.9 Die metateksparameter

Die metateks (gebruikersgids) verduidelik die werkswyse van die woordeboek aan die gebruiker. Indien die waarde van die metateksparameter “afwesig” is, word die gebruikersvriendelikheid van die woordeboek sterk negatief beïnvloed. Die omgekeerde is nie noodwendig waar indien die metateksparameter se waarde “aanwesig” is nie, aangesien die kwaliteit van die metateks so minderwaardig kan wees dat dit vir die woordeboekgebruiker geen waarde inhou nie. Die metateksparameter moet dus as 'n skalêre veranderlike geld. Vergelyk Kirkpatrick (1989) vir 'n bespreking van metatekste in woordeboeke.

Die metateks is in wese 'n instruktiewe teks, aangesien die teikengebruiker daarin instruksies vind oor hoe om die woordeboek effektief te gebruik. Insigte uit die tekswetenskap kan benut word om gebruikersvriendelike metatekste daar te stel, wat op hulle beurt die woordeboeke wat hulle toelig gebruikersvriendeliker sal maak. Dit geld ook die stylgidsparameter.

### 2.3.2.10 Die kontekstparameter

Die kontekstparameter omvat daardie versameling veranderlikes wat normaalweg buite die beheer van die leksikograaf en die gebruiker in hulle onderskeie kapasiteite as sodanig val, maar waarbinne én die saamstel én die gebruik van die woordeboek plaasvind. Hoewel die leksikograaf en die gebruiker gewoonlik min aan die waardes van hierdie veranderlikes kan doen, moet dié veranderlikes so ver moontlik in die beplanning van 'n gebruikersvriendelike woordeboek verreken word. Hieronder volg enkele veranderlikes se waardes soos dit in die literatuur voorkom:

- (15) a. Die vertalende woordeboek is in baie huise in 'n multitalige samelewing (soos in Suider-Afrika) die enigste bron van semantiese inligting in beide die moedertaal en die vreemde taal (Gouws 1996: 16).
- b. Daar is 'n gebrek aan woordeboekonderrig in skole in Suid-Afrika (Fouché-Van der Merwe 1999: 144).
- c. Die ouderdomme waarop kinders skool toe gaan, wissel, sowel as die standarde van onderrig van instelling tot instelling (Fouché-Van der Merwe 1999: 145).
- d. Suid-Afrika is 'n multitalige samelewing (Gouws 1996: 18).
- e. Woordeboeke is nie gereedlik op skool beskikbaar nie (Carstens 1995: 107).
- f. Onderwysers se benadering tot, kennis van en houding jeens woordeboeke is nie altyd na wense nie (Carstens 1995: 109).

Die beskrywing van die konteksparameter impliseer dat die verhouding tussen dié parameter en veral die woordeboekparameter 'n eensydige een is, met ander woorde die waardes van die veranderlikes binne die konteksparameter bepaal die waardes van die veranderlikes binne die woordeboekparameter, en nie andersom nie. Hoewel dit in die meeste gevalle inderdaad die geldende verhouding is, bestaan daar wel instansies waar die veranderlikes binne die woordeboekparameter 'n beduidende invloed op die waardes van die veranderlikes binne die konteksparameter uitgeoefen het. 'n Sprekende voorbeeld van so 'n instansie is die verskyning van Noah Webster se *An American Dictionary of the English Language* (Webster 1828), wat 'n beduidende en blywende invloed op die spelling van Amerikaanse Engels gehad het (vgl. Gouws 1989: 19; Landau 2001: 69-74). So ver as wat woordeboeke as normeers van taal beskou en gebruik word, kan die waardes van die veranderlikes binne die konteksparameters wel deur die leksikograaf en woordeboekgebruiker in hulle onderskeie kapasiteite as sodanig beïnvloed word.


#### 2.3.2.11 Die terugvoerparameter

Normaalweg figureer terugvoer nie in besprekings oor woordeboeke nie, hoofsaaklik omdat terugvoer deur die gebruiker nie onmiddellik kan plaasvind nie en omdat geen terugvoer enige onmiddellike effek op die woordeboek sal uitoefen nie, aangesien kritiek eers by 'n volgende uitgawe verreken kan word. Terugvoer is wel waardevol en kan bydra tot die verhoging in gebruikersvriendelikheid van 'n woordeboek. Terugvoer geskied gewoonlik in die vorm van resensies wat in die pers en in vaktydskrifte verskyn, en in die vorm van studies, referate en

wetenskaplike artikels wat tydens leksikografiekongresse en in vaktydskrifte die resultate van woordeboeknavorsing en -kritiek weergee.

Die terugvoerparameter het nie slegs 'n invloed op die leksikograaf(parameter) nie, maar kan ook invloed op die gebruikersparameter, die gebruikersverwysingsraamwerkparameter én die konteksparameter uitoefen. Woordeboekresensies wat in die openbare pers verskyn, word immers nie slegs deur leksikograwe gelees nie (trouens, leksikograwe maak slegs 'n mikroskopiese fraksie van bv. koerantlesers uit), maar kan ook op sekondêre vlak 'n leksikografies-didaktiese funksie en selfs 'n voorligtingsfunksie in die breër gemeenskap vervul. 'n Leksikografies-didaktiese funksie word vervul indien die (koerant)leser iets oor die samestelling en nut van die woordeboek wat geresenseer word (en by implikasie van ander woordeboeke ook), leer; 'n voorligtingsfunksie word vervul indien die breër gemeenskap (weer) deur die media bewus gemaak word van 'n bepaalde woordeboek en van woordeboeke oor die algemeen. In die vestiging van 'n woordeboekkultuur sal die verskyning van woordeboekresensies in die openbare pers 'n belangrike rol vervul.

In 'n relatief onlangse ontwikkeling in die metaleksikografie het De Schrijver & Prinsloo (2000) 'n model voorgestel waarvolgens die leksikograaf terugvoer van die teikengebruikers kan ontvang terwyl hy/sy nog met die saamstel van die woordeboek besig is. Hierdie tegniek noem De Schrijver & Prinsloo *gelyktydige terugvoering*, en hoewel hier nie verder daarop ingegaan word nie, hou dié tegniek groot potensiaal vir die saamstel van gebruikersvriendelike woordeboeke in.




Die belang van die terugvoerparameter word onderstreep daardeur dat woordeboekkritiek een van die navorsingsgebiede in die metaleksikografie verteenwoordig (vgl. 1.3).

#### 2.3.2.12 Samevattend

Die toepassing van die aangepaste kommunikasiemodel op leksikografiese kommunikasie stel 'n nuttige teoretiese raamwerk daar waarbinne die gebruikersgedrewe leksikografie die veranderlikes wat dit bepaal volledig kan verreken. Die model sal, waar van toepassing, in die res van hierdie studie aangewend word.

Soos reeds geblyk het, is dit belangrik om daarop te let dat die parameters binne die model nie in isolasie of onafhanklik van mekaar funksioneer nie, maar dat elke parameter in 'n interafhanklike verhouding tot die ander parameters staan.

Die model sal voortaan *die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke* heet. As model wat wil bydra tot die produksie van gebruikersvriendelike woordeboeke, moet dit binne die leksikografiese proses optree; in hierdie opsig vertoon dit 'n sterk verband met die woordeboekkonseptualiseringsplan binne die woordeboekplan, hoewel dit ook op die organisasieplan betrekking kan hê<sup>8</sup>. Die optrede van die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke kan gevolglik soos in figuur 10 hieronder uitgebeeld binne die leksikografiese proses geplaas word:



**Figuur 10: Die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke se optrede in die leksikografiese proses**

Notasiekonvensie: “↓” Rigting van die leksikografiese proses; “ $x \leftarrow y$ ”  $y$  beïnvloed  $x$ ; “ $x \dashrightarrow y$ ”  $x$  funksioneer in samehang met  $y$ . Afkortings: LP = leksikograafparameter; SG = stylgidparameter; GKR = gebruikersparameter; GP = gebruikparameter; GWR =

<sup>8</sup> Gouws (2001: 64-72) gee 'n uiteensetting van die leksikografiese proses, wat die woordeboekkonseptualiseringsplan en die organisasieplan as deel van die woordeboekplan insluit.

gebruikersverwysingsraamwerkparameter; MP = mediumparameter; KP = kanaalparameter; MTP = metateksparameter; KTP = kontekstparameter; TVP = terugvoerparameter.

Soos figuur 10 toon, vind die skakeling tussen die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke en veral die woordeboekkonseptualiseringsplan primêr deur die woordeboekparameter van die model plaas.

## **2.4 Gevolgtrekking**

Met bostaande in ag geneem, kan nou teruggekeer word na die formulering van die doel van 'n standaard vertalende woordeboek.

Tarp (2000: 193) haal Wiegand se algemene formulering van die ware doel van 'n woordeboek as volg aan:

- (16) The genuine purpose of a lexicographic reference work is, according to Wiegand, “that it can be used to obtain information from its lexicographic data about the respective subject of the reference work (daß sie benutzt werden können, um aus ihren lexicographischen Daten Informationen über den jeweiligen Gegenstand der Nachschlagenwerk zu gewinnen)”.

Tarp (2000: 193) kritiseer hierdie definisie omdat dit na sy mening te algemeen is (hoewel hy toegee dat sodanige definisie in sy aard algemeen sal en behoort te wees). Na aanleiding van sy bespreking oor leksikografie en terminologie, die gebruikers en hulle eienskappe, gebruikssituasies, gebruikersbehoefte en leksikografiese funksies (vgl. 2.2.1.3), stel Tarp (2000: 198) 'n alternatiewe definisie voor:

- (17) The dictionary covers this or that area and is conceived to assist users with these or those characteristics in this or that situation in order to solve problems of this or that sort.

Hoewel Tarp se definisie nie veel aan eksaktheid wen nie, word die gebruikersparameter en die gebruikparameter tereg ingereken.

Wat spesifiek die vertalende woordeboek betref, bied Zgusta (1971: 294) die volgende definisie aan:

- (18) The basic purpose of a bilingual dictionary is to coordinate with the lexical units of one language those lexical units of another language which are equivalent in their meaning.

Gouws (2001: 65) verskaf 'n vergelykbare definisie, maar voeg die rol van die gebruiker by:

- (19) Their [i.e. bilingual dictionaries' – HLB] genuine purpose is to transfer, by means of lexical data, information regarding the set of lexical items included as treatment units in order to ensure the linguistic empowerment of the intended target user.

Met die voordeel van die insig wat die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke bied, kan vervolgens 'n generiese definisie vir die werklike doel van 'n woordeboek voorgestel word, wat ook elemente van die definisies in (16) tot (19) bevat:

- (20) Die werklike doel van woordeboek  $W$  (met die fisiese kenmerke  $wfk_1, wfk_2 \dots wfk_n$ ) van die woordeboek tipe  $wt$  (met die kenmerke  $wtk_1, wtk_2 \dots wtk_n$ ) is om binne konteks  $k$  (met tersaaklike kenmerke  $kk_1, kk_2 \dots kk_n$ ) deur middel van medium  $m$  (met kenmerke  $mk_1, mk_2 \dots mk_n$ ) via kanaal  $c$  (met kenmerke  $ck_1, ck_2 \dots ck_n$ ) vanuit woordeboekbasis  $wb$  (met kenmerke  $wbk_1, wbk_2 \dots wbk_n$ ) na aanleiding van stylgids  $sg$  (met kenmerke  $sgk_1, sgk_2 \dots sgk_n$ ), wat in metateks  $a$  (met kenmerke  $ak_1, ak_2 \dots ak_n$ ) verantwoord is, in woordeboekteks  $wt$  (met funksionele tekssegmente  $wts_1, wts_2 \dots wts_n$ ), wat deur leksikograaf  $e$  (met leksikograafkenmerke  $ek_1, ek_2 \dots ek_n$ ) opgestel is, gebruikersvraag  $gv$  (met kenmerke  $gvk_1, gvk_2 \dots gvk_n$ ) van teikengebruiker  $g$  (met persoonskenmerke  $gk_1, gk_2 \dots gk_n$ ) met teikengebruikerskenmerke  $tgk_1, tgk_2 \dots tgk_n$  in gebruiksituasie  $gs$  (met die kenmerke  $gsk_1, gsk_2 \dots gsk_n$ ), wat die woordeboek vanuit gebruikersverwysingsraamwerk  $r$  (met kenmerke  $rk_1, rk_2 \dots rk_n$ ) benader, te beantwoord ten einde die talige bemagtiging van teikengebruiker  $g$  te verseker, waar

$wfk_1, wfk_2 \dots wfk_n \in$  die volledige klas woordeboekkenmerke  $WFK$ ;

$wtk_1, wtk_2 \dots wtk_n \in$  die volledige klas woordeboek tipekenmerke van  $wt$ ;

$wt \in$  die volledige klas woordeboek tipes  $WT$ ;

$kk_1, kk_2 \dots kk_n \in$  die volledige klas kontekskenmerke  $KK$ ;

$m \in$  die volledige klas media  $M$ ;

$c \in$  die volledige klas kanale  $C$ ;

$wb \in$  die volledige klas woordeboekbasisse  $WB$ ;

$sg \in$  die volledige klas stylgidse  $SG$ ;

$a \in$  die volledige klas metatekste  $A$ ;

$wt \in$  die volledige klas woordeboek tekste  $WT$  in  $W$ , waaronder

woordeboek artikeltekste  $wa$ 's ( $\in$  die sentrale teks  $ST$ ), sowel as die klas voortekste

$VT$  en die klas agtertekste  $AT$ ;



$e \in$  die volledige klas leksikograwe  $E$  (bv. verklarende, vertalende, pedagogiese, vakspecialisleksikograwe);  
 $ek_1, ek_2 \dots ek_n \in$  die volledige klas leksikograafveranderlikes  $EK$  (vgl. 2.3.2.2);  
 $gv \in$  die volledige klas gebruikersvrae  $GV$  waarop  $W$  ingestel is;  
 $ts_1, ts_2 \dots ts_n \in$  die volledige klas funksionele tekssegmente  $TS$  (vgl. Wiegand 1996b);  
 $gk_1, gk_2 \dots gk_n \in$  die volledige klas persoonskenmerke  $GK$  (bv. ouderdom, moedertaal);  
 $tgk_1, tgk_2 \dots tgk_n \in$  die volledige klas teikengebruikerskenmerke  $TGK$  wat vir  $W$  vasgestel is (gebruikersveranderlikes);  
 $gs \in$  die volledige klas potensiële gebruikssituasies  $GS$  waarop  $W$  gerig is;  
 $r \in$  die klas moontlike gebruikersverwysingsraamwerke  $R$ ;  
 $a \in VT$ ;  
 $ak_1, ak_2 \dots ak_n \in$  die volledige klas metatekskenmerke  $AK$ ;  
 $tgk_1, tgk_2 \dots tgk_n \equiv gs \equiv gv \equiv wb \equiv e \equiv ek_1, ek_2 \dots ek_n$ .

Hierdie definisie kan veralgemeen word in die formulering in (21) hieronder:

- (21) Die werklike doel van 'n bepaalde tipe woordeboek is om binne 'n bepaalde konteks deur middel van 'n bepaalde medium via 'n bepaalde kanaal vanuit die woordeboekbasis, na aanleiding van die stylgids, wat in die metateks verantwoord is, in 'n bepaalde woordeboekteks (gewoonlik 'n woordeboekartikel) 'n bepaalde gebruikersvraag van die teikengebruiker, wat in 'n bepaalde gebruikssituasie verkeer en wat die woordeboek vanuit 'n bepaalde gebruikersverwysingsraamwerk benader, te beantwoord ten einde die talige bemagtiging van teikengebruiker te verseker.

## **2.5 'n Polifunksionele standaard vertalende woordeboek vir Suider-Afrika**

Volgens Louw (1997: 6-7) bestaan daar in die Afrikaanse en Engelse gemeenskappe 'n daadwerklike behoefte aan 'n werklik vernuwende tweedelige, tweetalige vertalende woordeboek. Die bespreking in 2.2 ondersteun hierdie kontensie.

Volgens Kromann et al. (1991: 2715) lei die aktief-passief-onderskeid ten opsigte van woordeboekfunksie daartoe dat daar vir die taalpaar Afrikaans-Engels vier, ses of selfs agt woordeboeke saamgestel moet word (vgl. 2.2.1.3). Gouws (1999: 9) reageer soos volg op dié vereiste:

Selfs in die mees gesofistikeerde tale is dit onprakties om met die idee van vier of selfs agt woordeboeke per taalpaar te werk. Dit is ook vanuit 'n gebruikersperspektief geensins haalbaar nie. Die geldende benadering in die woordeboeknavorsing dat 'n gebruikersgedrewe leksikografie op die voorgrond gestel moet word, lei ook tot 'n teenkanting teen hierdie tradisionele uitgangspunt.

Volgens Wiegand (in Gouws 1999: 9-11) hoef die aktief-passief-beginsel nie noodwendig op makrotekstuele vlak toegepas te word nie, met ander woorde dit hoef nie tot 'n grondliggende woordeboektipologie in vertalende woordeboeke te lei nie. Indien die dataverspreiding en -aanbieding op 'n innoverende wyse hanteer word, is dit moontlik om die verskillende funksies binne een woordeboek en binne een woordeboekartikel te akkommodeer. Die resultaat is 'n polifunksionele woordeboek, en die hoofkenmerke van so 'n woordeboek is dat dit 'n uiters diverse gebruikersgroep moet bedien deur onder meer politoeganklik te wees en gepaste mikrostruktuurtypes te vertoon. 'n Verdere kenmerk is dat dié woordeboek 'n effektiewe (snel interne) toegangstruktuur gekombineer met 'n mikroargitektuur sal vertoon wat die verskillende datakategorieë in duidelik uitkenbare soeksone plaas.

'n Polifunksionele standaard vertalende woordeboek vir die Suider-Afrikaanse konteks sal kommunikasiegeoriënteerde sowel as kennisgeoriënteerde funksies moet vervul (vgl. 2.2.1.3; Tarp 2000).

Volgens Hausmann (in Gouws 2001: 80) verteenwoordig 'n monoskopale woordeboek (d.w.s. 'n woordeboek waarin slegs een taalrigting geld – vgl. 2.2.1.3) die ideaal. Dit impliseer dat 'n standaard polifunksionele woordeboek met die taalpaar Afrikaans-Engels uit twee monoskopale volumes sal bestaan. Die aanpassings wat die TW, GW en AEW sal moet ondergaan om as polifunksionele woordeboeke te funksioneer, sal waarskynlik tot gevolg hê dat die omvang van die sentrale teks beduidend sal uitbrei. Om die woordeboek fisies hanteerbaar (en dus ook op dié vlak gebruikersvriendelik) te hou, sou die verskyning daarvan in twee volumes aan te beveel wees.

Louw (1997: 18-19) bied 'n bruikbare opsomming van wat die tipologiese aard van 'n polifunksionele Afrikaanse vertalende woordeboek sal wees:

- (22) Dit sal 'n kompakte, linguistiese, alfabeties geordende, vertalende woordeboek moet wees, wat gerig is op die volwasse, nieaanleerder-, niespesialissprekers van beide Afrikaans en Engels. Dit moet in twee dele, elk met 'n dubbele gebruikersadressering verskyn: Afrikaans-Engels met as doel hulp by teksproduksie van Engelse tekste vir Afrikaanssprekendes en hulp by teksresepsie in vertaling van Afrikaanse tekste vir Engelssprekendes, asook Engels-Afrikaans met as doel hulp by teksproduksie van Afrikaanse tekste vir Engelssprekendes en hulp by teksresepsie en vertaling van Engelse tekste vir Afrikaanssprekendes.

Teen die agtergrond van die voorafgaande bespreking kan hierdie opsomming soos volg aangepas word:

- (23) 'n Polifunksionele standaard vertalende woordeboek vir die Suider-Afrikaanse konteks sal 'n kompakte, linguistiese, alfabeties geordende, vertalende woordeboek moet wees, wat gerig is op die volwasse, nieaanleerder-, niespesialisspreker van beide Afrikaans en Engels. Dit moet in twee dele, elk met 'n dubbele gebruikersadressering verskyn: Afrikaans-Engels met die doel om die relevante kommunikasie- en kennisgeoriënteerde inligting van beide die bron- en doeltaal aan die gebruiker oor te dra, asook Engels-Afrikaans met dieselfde doel.


## 2.6 Perspektief

Die hoofkenmerke van die Afrikaanse vertalende woordeboek ten opsigte waarvan 'n model vir effektiewe konteksleiding uiteindelik in hierdie studie aangebied sal word, is die volgende:



- (24)
- Die woordeboek sal 'n polifunksionele woordeboek wees.
  - Die woordeboek sal gerig wees op die gemiddelde taalgebruiker van Afrikaans en Engels, vir so ver as wat die gemiddelde taalgebruiker identifiseerbaar is (vgl. 2.2.2.5), sonder dat gevorderde taalbeheersing in enige van die twee tale veronderstel word.
  - Die woordeboek sal 'n politoeganklike woordeboek wees.
  - Die woordeboek sal gepaste tipes effektiewe mikrostrukture vertoon.
  - Die woordeboek sal die relevante kommunikasie- en kennisgeoriënteerde funksies ondervang.
  - Die woordeboek sal 'n toegangstruktuur vertoon wat die verskillende datakategorieë in duidelik uitkenbare soeksones plaas.
  - Die woordeboek sal 'n ondersteunende en gebruikersvriendelike mikroargitektuur vertoon.
  - Die woordeboek sal 'n uitgebreide en effektiewe adresseringstruktuur vertoon.
  - Die woordeboek sal nie 'n pedagoogiese of beperkte woordeboek wees nie.

- j. Die woordeboek sal 'n standaardwoordeboek wees, wat inhou dat die makrostruktuur, afgesien van gemotiveerde uitsonderings, verteenwoordigend van die standaardvariëteit van die brontaal sal wees.
- k. Die woordeboek sal as 'n draer van tekstipes beskou word, wat onder meer inhou dat dit 'n gebruikersvriendelike mediostruktuur sal vertoon.
- l. Die woordeboek sal 'n gebruikersvriendelike metateks en funksionele binne- en buitetekste bevat.
- m. Die woordeboek sal in terme van sy fisiese dimensies gebruikersvriendelik wees.



## **HOOFSTUK 3**

### **DIE MAKROSTRUKTUUR**

#### **3.1 Inleiding**

Die term *makrostruktuur* verwys na daardie versameling leksikonitems wat die leksikograaf op grond van die lemmatiseringskriteria van sy/haar woordeboek selekteer om in die woordeboek as lemmata opgeneem en leksikografies bewerk te word, sowel as die organisasie en aanbod daarvan (vgl. Gouws 1989: 40, Landau 2001: 99, Wiegand 1989: 328).

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n oorsig te gee van die makrostrukturele beginsels in Afrikaanse vertalende woordeboeke, spesifiek met betrekking tot die lemmatiseringskriteria wat toegepas word. Eerstens sal die betrokke terminologie uitgeklaar word, waarna 'n verkenning van die heersende beginsels volg. Daarna word die belangrikste aspekte van die makrostrukturele ordeningsbeginsels wat in Afrikaanse vertalende woordeboeke geld, bespreek.

#### **3.2 Leksikale item en lemma**

Die tradisionele woordgesentreerde grammatiese terminologie van Afrikaans is onvoldoende om die taal se leksikon te beskryf (vgl. Ponelis 1989: 52-53). Die feite is dat betekenis nie slegs deur woorde gedra word nie, maar ook deur elemente kleiner as woorde (*on-* in *onmoontlik* beteken “nie”) en elemente groter as woorde (*Die appel val nie ver van die boom af nie* dra die eenheidsbetekenis “Die kind aard na sy pa/ma”). Hierdie insigte maak die terme *woord* en *woordeskat* onhoudbaar. In plaas van die term *woordeskat* geld die akkurrater term *leksikon*, en in plaas van *woord* die akkurrater term *leksikale item* (vgl. Gouws 1989a: 384-385). Leksikale items kan dan fonologies, semanties of sintakies geled wees (Ponelis 1989):

Meermorfemige leksikale items behels volgens Ponelis komplekse soos geflekteerde vorme (*vinnig-er, boek-e*) en afleidings (*be-lewe, skei-baar*) asook komposita (*huurooreenkoms*) en klisisvorme (*dis, moenie*). Meerwoordige leksikale items sluit die volgende in: deeltjiewerkwoorde (byvoorbeeld *dophou*), groepvoorsetsels (byvoorbeeld *ter wille van*), sirkumposisies (byvoorbeeld *tot ... toe* in *tot nou toe*) en vaste uitdrukkings (byvoorbeeld *in die war*) [Gouws 1989: 84].

Leksikale items wat uit enkel woorde bestaan, heet dan *leksikale leksikale items*, subwoordelike leksikale items heet *subleksikale leksikale items*, en meerwoordige leksikale items heet *multileksikale leksikale items*. Die oorkoepelende term *leksikale item* kan dus beskryf word as enige

onderskeibare leksikonitem, óf op woordvlak (geleed óf ongeleed), óf op subwoordelike vlak, óf op meerwoordige vlak. As sodanig is die term leksikografies bruikbaar: Alle leksikale items kwalifiseer om as lemmata in woordeboeke opgeneem te word op grond van voldoening aan die geldende lemmatiseringskriteria (Gouws 1989: 84-85).

Daar moet op gelet word dat die denotasie wat uit 'n leksikografiese hoek aan die term *leksikale item* geheg word, soos hierbo uiteengesit, beduidend verskil van die denotasie wat aan dieselfde term vanuit 'n taalwetenskaplike perspektief geheg kan word. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld onder meer Lyons (1977: 18-19, 24), Cruse (1986: 76-77), De Stadler (1989: 49-50) en Cann (1993: 3). Hierdie verskynsel ondersteun die beskouing van die leksikografie as 'n aparte dissipline in eie reg en nie 'n onderafdeling van die taalwetenskap nie (vgl. 2.3.1). Hierop word nie verder ingegaan nie.

Wolski (1989: 360-362) bespreek die etimologie van die term *lemma*, waarop nie hier uitgebrei word nie. Die aanvanklike denotasie van dié term in die leksikografie verskil ook beduidend van dit wat in die resente literatuur daarmee bedoel word. Volgens Zgusta (1971: 250-251) verwys dié term na die “trefwoord” (d.i. die leksikale item wat vir opname in die woordeboek geselekteer is) saam met die inskrywings vir morfologiese inligting, woordklasaanduiding en uitspraak-inligting van die “trefwoord”, sowel as die etimologie, indien dit nie elders (bv. aan die einde van die woordeboekartikel) voorsien word nie.<sup>9</sup> In die Afrikaanse leksikografie is die term ook toegepas om te verwys na “die hoofwoord en, tussen hakies, sy verbuigings-elemente soos die meervoudsvorm, die attributiewe vorm en trappe van vergelyking van die b.nw., en die voltooide deelwoord” (*Nasionale Woordeboek* (De Villiers et al 1987: v)).

Vandag word die term oorwegend gebruik om te verwys na 'n leksikale item wat vir opname en leksikografiese bewerking in 'n bepaalde woordeboek geselekteer word; dit gaan dus slegs oor die betrokke leksikale item – alle ander inskrywings (bv. morfologiese inligting, woordklasaanduiding, uitspraak-inligting) val buite die bestek van die lemma as inskrywing en vorm deel van die mikrostruktuur van die woordeboekartikel. Volgens Gouws (1989: 75) het lemmata 'n dubbele rol as woordeboekinskrifings:

As makrostrukturelemente verteenwoordig die lemmas daardie versameling woordeskattelemente wat leksikografies bewerk moet word en funksioneer elke lemma as die kop van 'n woordeboekartikel. As mikrostrukturelement vorm elke lemma 'n onderdeel van 'n woordeboekartikel.

---

<sup>9</sup> Dit is Wiegand (1983, 1989) se *vormkommentaar* wat in die artikelkop optree; vgl. 1.3.

Volgens Wolski (1989: 363) word daar in die teksteorie tussen *lemma* en *lemmateken* onderskei. Aangesien hierdie studie nie volledig binne die raamwerk van die teksteorie aangebied word nie, word dié onderskeid nie toegepas nie. Slegs die term *lemma* sal in verband met die voorgaande bespreking toegepas word. Die term *lemmateken* sal figureer in afdelings wat in terme van die teksteorie aangebied word.

Wolski (1989: 363-364) sit die volgende teoretiese eienskappe van die lemma uiteen:

- (i) Die lemma is 'n verpligte bousteen van die woordeboekartikel.
- (ii) Die lemma as taalteken in verwysing behoort tot die leksikografiese diskoers, maar nie tot die leksikografiese beskrywingstaal waarin oor die lemma geskryf word nie.
- (iii) Die lemma is nie 'n mikrostruktuurelement in soverre as wat dit in 'n verhouding tot ander lemmata staan nie; die verhouding waarin lemmata tot mekaar staan, bepaal hulle ordening volgens 'n bepaalde eienskap (die sg. *aanvangselement*), wat hulle plek in die makrostruktuur bepaal. Hieruit kan afgelei word dat die lemma 'n mikrostruktuurelement is sodra dit in verhouding tot die gepaardgaande mikrostruktuur tree (d.w.s. as kop van die betrokke woordeboekartikel; vgl. weer Gouws 1989: 75 oor die lemma se dubbele rol as woordeboekinskrywing).
- (iv) Leksikografiese simbole soos lemmatiese klemaanduiders en lettergreepmerkers word nie as deel van die lemma beskou nie. Dit geld ook homoniem- en ander lemmatiese merkers.
- (v) Plekhouersimbole (in Afrikaanse vertalende woordeboeke oorwegend die tilde “~”) behoort tot die lemma: die inskrywing **~skap** onder die hooflemma **eienaar** verteenwoordig die lemma **eienaarskap**.
- (vi) Die lemmaposisie (d.i. die lemmagleuf aan die kop van die woordeboekartikel) kan met 'n volledige woordeboekartikel ooreenstem indien geen verdere inskrywings na regs (van die lemma) voorkom nie. Hierdie punt verwys na die voorkoms van onverklaarde lemmata in verklarende woordeboeke, wat in Afrikaanse verklarende woordeboeke reeds 'n gevestigde tradisie geword het (Gouws 1989: 78); daar kom uiteraard nie onvertaalde lemmata in vertalende woordeboeke voor nie (Gouws 1989: 80).

### 3.3 Die makrostrukturele ordening van lemmata

Die alfabetiese ordening van lemmata in woordeboeke se makrostrukture het as beginsel so sterk gevestig geraak dat dit as die standaardprosedure beskou kan word (Gouws 1989: 61). In terme hiervan identifiseer Hausmann & Werner (1991: 2746) na aanleiding van Wiegand (1989) drie onderskeibare tipes makrostrukture:

- (i) die “glattalfabetiese” oftewel *vertikale alfabetiese makrostruktuur*, waarvolgens lemmatekens streng alfabeties georden word sonder enige klustervorming;
- (ii) die *nisalfabetiese makrostruktuur*, waarvolgens lemmatekens streng alfabeties gerangskik word, maar waarin lemmaklusters voorkom;
- (iii) die *nesalfabetiese makrostruktuur*, waarvolgens lemmatekens in klusters kan voorkom wat intern en ekstern nie streng alfabeties georden is nie.

In 'n streng alfabetiese makrostruktuur word die lemmata nie slegs volgens die eerste letters se alfabetiese waardes georden nie, maar volgens die volle lemmata, dit wil sê al hulle letters. Die streng alfabetiese makrostruktuur se lemmata is streng volgens die betrokke woordeboek se toegangsalfabet georden (vgl. Wiegand 1989: 383).

#### 3.3.1 Die vertikale alfabetiese makrostruktuur

'n Vertikale alfabetiese makrostruktuur word daardeur gekenmerk dat elke woordeboekartikel in 'n aparte teksblok verskyn, sodat die opeenvolging van teksblokke ook die opeenvolging van die woordeboekartikels verteenwoordig; die makrostruktuur word deur 'n *vertikale ordening* weergegee waarin die lemmatekens strengalfabeties georden is (Wiegand 1989: 382-383). Vergelyk die volgende artikeldeeltrajek uit die GW:

- (25) **de'gen**, (-s), sword; foil; blade.  
**degenera'sie**, degeneracy, degeneration.  
**degeneratief**, (. . . tiewe), degenerative.  
**degenereer'**, (ge-), degenerate.  
**de genstok**, sword-cane (stick).  
**de gerig**, (-e), doughy.  
**degrada'sie**, degradation; demotion; disrating; reduction to the ranks.  
**degradeer'**, (ge-), degrade, reduce in rank; disrate.  
**degrade ring**, demotion, reduction to the ranks; disrating.  
**dehidra'sie**, dehydration.  
**dehidrateer'**, (ge-), dehydrate.  
**dehidrate ring**, dehydration.  
**dehidreer'**, (ge-), = **dehidrateer**.  
**dei**, (-s), dey.



### 3.3.2 Die nisalfabetiese makrostruktuur

Wiegand (1989: 383-386) toon oortuigend aan dat die toepassing van 'n vertikale makrostruktuur daartoe kan lei dat heelwat ruimte in die sentrale teks onbenut gelaat word. Hierdie ruimte kan deur 'n teksverdigtingsprosedure van klustervorming optimaler benut word. Klustervorming hou in dat 'n aantal lemmatekens wat gewoonlik morfologies aan mekaar verwant is, saamgegroeper word in een teksblok, dit wil sê dat elke artikel in 'n kluster nie op 'n nuwe reël begin en so 'n aparte teksblok vorm nie, maar direk na die einde van die voorafgaande artikel in die kluster volg. Dit veronderstel 'n *horisontale* makrostrukturele ordening. Daar is twee basiese klustervormingsbeginsels, naamlik *nisting* en *nesting*. In die geval van *nisting* word die lemmata in die kluster strengalfabeties georden; die kluster vertoon dus interne strengalfabetiese ordening. Die kluster vertoon egter ook eksterne strengalfabetiese ordening, met ander woorde die eerste en die laaste lemmateken van die kluster pas strengalfabeties tussen die voorafgaande en opvolgende hooflemmata in (Gouws 2002: 135). Die artikels binne 'n nis word *nisartikels* genoem, terwyl die korresponderende sublemmata *nislemmata* genoem word. Vergelyk die volgende artikeldeeltrajek uit die GW:

- (26) **Da'mokles, Damocles.**  
**damp**, (s) (-e), vapour, steam; smoke, puff, fume; reek, exhalation; (w) (ge-), emit steam; puff (at a pipe); smoke, fume, reek; ~**agtig**, vaporous; ~**bad**, vapour bath; Turkish bath; ~**le**, (-s), smoke; 'n ~**ie slaan**, have a smoke; ~**digtheid**, vapour density; ~**druk**, vapour-pressure; ~**er**, (-s), smoker; ~**ig**, (-e), vaporous, hazy; ~**igheid**, haziness; broken-windedness; ~**kring**, atmosphere; ~**kringslug**, atmospheric air; ~**meter**, vaporimeter.  
**dam'pomp**, outlet pipe (of dam); dam pump.  
**damp**: ~**vormig**, (-e), vaporiform; ~**vorming**, vapour formation, vaporisation.  
**dam**: ~**pyp**, outlet pipe (of dam); ~**skraeper**, ~**skrop**, damscraper.  
**dam**: ~**skyf**, draughtsman; ~**spel**, (*ong.*) draughts.  
**dam**: ~**vlak**, dam level; ~**wal**, dike, embankment (of a dam); ~**water**, water from a dam; wish-wash.  
**Dan**<sup>1</sup>, Dan; *van* ~ *tot Berseba*, from Dan to Beer-sheba; throughout the land.



Die artikel van die hooflemma **damp** in (26) word gevolg deur 'n nis wat uit 11 nislemmata en hulle artikels bestaan (artikeldeeltrajek **dampagtig – dampmeter**). Die sublemmata in die nis word deur 'n proses van teksverdigting nie as volledige lemmata aangebied nie, maar as deellemmata, wat elkeen die tweede komponent van die relevante bewerkingseenheid vorm en wat deur die tilde “~” as plekhoudersimbool vir die eerste komponent (*damp-*) voorafgegaan word (Gouws 2002: 145). Die hooflemma tree as basislemma vir die nis op en geld in hierdie geval as 'n verwyderde nistoeganslemma. Die nis is intern streng alfabeties georden en vertoon ook eksterne strengalfabetiese ordening. As gevolg van hierdie ordeningsbeginsel word die nis beëindig om vir die lemma **dampomp**, wat nie morfosemantiese betrekkinge met die basislemma vertoon nie,

voorsiening te maak. Deur 'n prosedure van *veelvoudige nisting* word 'n nuwe nis, waarvan die lemmata ook *damp-* as eerste komponent bevat, na die lemma **dampomp** gegee om die artikeldeeltrajek **dampvormig – dampvorming** te dek (Gouws 2002: 148). Hierdie verwyderde nis word nie deur die basislemma **damp** as hooflemma ingelei nie, maar deur die *lemma-eksterne deellemma damp*: in die nisingangsposisie (Gouws 2002: 149). Op hierdie nis volg drie niste met identiese lemma-eksterne deellemmata, naamlik **dam**:. Die eerste en derde van hierdie drie niste bevat morfologiese komplekse wat semanties verband hou met die hooflemma **dam**<sup>1</sup>; die tweede niste inhoud hou semanties verband met die hooflemma **dam**<sup>2</sup>. Beide hierdie hooflemmata val buite die artikeldeeltrajek in (26). Hulle artikels word egter nie deur niste opgevolg nie, wat veronderstel dat die niste in (26) die produkte van *eksklusief verwyderde veelvoudige nisting* verteenwoordig (Gouws 2002: 151). Ten opsigte van hierdie niste sou geargumenteer kon word dat gebruikersvriendelikheid ontbreek, aangesien die lemma-eksterne deellemmata wat in die nisingangsposisies staan nie 'n eksplisiete aanduiding gee van watter homonimiese hooflemma die afstandsadres van elkeen is nie. Verder toon hierdie niste dat die prosedure van nisting in die GW ook op semantiese gronde geskied, maar dat dit steeds aan 'n strengalfabetiese ordening onderhewig is.

'n Nismakrostruktuur kan as gebruikersvriendelik beskou word in dié opsig dat die vaardige gebruiker sonder onnodige moeilikheid 'n lemma sal vind wat wel daarin opgeneem is. Vir die doel van hierdie studie is dit nie nodig om verder op nisting in die GW uit te brei nie, hoewel genoem kan word dat bepaalde inkonsekwentheid voorkom. Vergelyk ook Gouws (2002) vir 'n uitgebreide bespreking van nisting as makrostrukturele prosedure.

### 3.3.3 Die nesalfabetiese makrostruktuur

'n Nesalfabetiese makrostruktuur vertoon ook horisontale ordening van lemmata in klusters, maar minstens een van die lemmata in so 'n kluster voldoen nie aan die strengalfabetiese ordeningsbeginsel nie (Wiegand 1989: 391). Vergelyk die volgende artikeldeeltrajek uit die AEW:

- (27) **ren** *renne, n., (rare) race*; →WEDREN. ~**baan** racecourse, (racing) track, circuit; hippodrome; speedway. ~**bande** (*pl.*) racing tyres. ~**bode** (*rare*) courier, express messenger; →KOERIER. ~**boot** racer, speedboat. ~**bootjaer** ([speed]boat) racer. ~**duif** →WEDVLUGDUIF. ~**fiets** racing bike/bicycle, racer. ~**fietsjaer** racing cyclist, racer. ~**hond** running/racing dog, racer. ~**jaer** racing driver, racer. ~**jag** racing yacht, racer. ~**kleure** (*pl.*) racing colours. ~**klub** turf club, racing club. ~**motor** racing car, racer. ~**motorfiets** racing bike, racer. ~**motorjaer** →RENJAER. ~**perd** racehorse, courser, racer; *Engelse* ~, (*breed*) Thoroughbred. ~**sport** (motor) racing. ~**stal** racing stable. ~**stel** kart, go-kart, go-cart. ~**weg** speedway.
- Re·nais·san·ce** (*Eur. hist.*) Renaissance. ~**mens** (*fig.*) Renaissance man/woman.
- Re·nais·san·cis** *-ciste, (also r~)* Renaissance artist/writer; Renaissance scholar, Renaissancist. **Re·nais·san·cis·ties** *-tiese, (also r~)* (of the) Renaissance.
- ren·da·bel** *-bele* remunerative, profitable, lucrative; economic, payable, paying; 'n ~e *saak* a paying concern. **ren·da·bi·l·teit** remunerativeness, lucrativeness, profitableness, profitability. **ren·da·bi·l·teits·pa·troon** yield pattern.

Die sublemmata **renbaan** tot **renweg** vorm 'n nes, omdat die ordening van dié lemmatekens 'n strengalfabetiese makrostrukturele ordening verbreek: Indien strengalfabetiese ordening sou geld, sou die lemmatekens **Renaissance**, **Renaissancis** en **Renaissancisties** tussen die basislemma **ren** en die sublemma **renbaan** moes verskyn, en die lemmatekens **rendabel**, **rendabiliteit** en **rendabiliteitspatroon** tussen die sublemmata **renboot** en **renduif**. Die verbreking van die strengalfabetiese ordening geld in (27) slegs op eksterne vlak. Alle sublemmata binne die nes is steeds strengalfabeties georden. Hierdie soort nesting word *eerstevlaknesting* genoem; indien afwyking van die strengalfabetiese ordening van sublemmata ook binne die nes sou geld, is daar sprake van *tweedevlaknesting* (Gouws 2002: 135). Tweedevlaknesting geld gewoonlik wanneer afleidings en komposita in aparte *subneste* binne 'n nes gegroepeer word, en kom gewoonlik in verklarende woordeboeke voor.

Neste word gekenmerk daardeur dat die sublemmata meestal in 'n morfosemantiese verhouding tot die basislemma staan (Hausmann & Werner 1991: 2746; Gouws 2002: 136).

Behalwe die ruimtebesparende funksie, bevorder nesting volgens Hausmann & Werner (1991: 2746) die leerfunksie, hoewel dit die gebruiker in die teksresepsiefunksie tot nadeel kan strek; verder word 'n bepaalde graad van semantiese kennis of analisevaardigheid by die gebruiker veronderstel, wat op sy/haar wil om die gesoekte data te vind, staatmaak. 'n Verdere nadeel is dat 'n sublemma wat in 'n nes geplaas word strengalfabeties in 'n vertikale makrostrukturele ordening soms eintlik vóór die basislemma behoort, soos die volgende artikeldeeltrajek uit die AEW illustreer:

- (28) **wal-la-roe** =roes, (zool.) wallaroo.  
**Wal-lis**<sup>1</sup> (a Br. principality) Wales, Cymru; die Prins van ~ the Prince of Wales. **Wal-lies** n., (Celtic lang.) Welsh, Cymric, Kymric. **Wal-lies** =liese, adj. Welsh, Cymric, Kymric, Cambrian; ~e herdershond (Welsh) corgi. **Wal-lie-ser** =sers Welshman, =woman, Cambrian; (in the pl.) Welsh (men/-women).  
**Wal-lis**<sup>2</sup> (Swiss canton) Valais.  
**Wal-lq-ni-ë** →WAAL<sup>2</sup> n..

Die sublemmata **Wallies** en **Wallieser** behoort volgens strengalfabetiese ordening voor die lemma **Wallis** te verskyn. Die argument ten gunste van nesting hier kan wees dat die relevante afleidings in 'n strengalfabetiese vertikale makrostrukturele ordening nie tot aansienlike uiteenplasing sou lei nie, sodat die gebruiker nie werklik 'n probleem sou ondervind om die verteenwoordigende lemmata te vind nie. Vergelyk ook die nes in die volgende artikeldeel uit die Engels-Afrikaans-deel van die AEW, waarin al die neslemmata behalwe die laaste een (**causeless**) in 'n strengalfabetiese vertikale makrostruktuur voor die basislemma sou verskyn:

- (29) **cause** ww. veroorsaak, teweegbring, bewerkstellig; uitlok, (ver)wek; lei tot; ~ **damage** →DAMAGE n.; ~ s.t. to **happen** maak dat iets gebeur; iets veroorsaak; ~ **mischief** onheil stig; ~ a **riot** oproer maak; ~ **trouble** kwaad stook. **caus-al** oorsaaklik, kousaal, redegewend. **cau-sal-i-ty** kousaliteit, oorsaaklikheid, oorsaaklike verband; *doctrine of* ~ kousaliteits-, oorsaaklikheidsleer. **caus-al-ly** oorsaaklik, kousaal; *they are* ~ *connected* daar is 'n oorsaaklike/kousale verband tussen hulle. **cau-sa-tion** veroorsaking; oorsaaklike verband; oorsaaklikheidsleer. **caus-a-tive** n. kousatief. **caus-a-tive** adj. veroorsakend; oorsaaklik, redegewend, kousatief. **cause-less** sonder oorsaak/grond, ongegrond, ongemotiveer(d).




Daar is reeds op die onderskeid tussen eerste- en tweedevlaknesting gewys. Die nestingprosedure in die neste in (28) en (29) sou as 'n vorm van tweedevlaknesting beskou kon word. By eerste- en tweedevlaknesting is die veronderstelling egter dat die neslemmata in elke geval volgens strengalfabetiese ordening ook ná die basislemma geplaas sou word. Indien hierdie beginsel nie geld nie, soos in (28) en (29), waar minstens een van die sublemmata volgens strengalfabetiese ordening in 'n vertikale makrostruktuur voor die basislemma geplaas sou word, kan daar nie sprake van eerste- of tweedevlaknesting wees nie. Na analogie van eerste- en tweedevlaknesting sal na die prosedure in hierdie gevalle as *derdevlaknesting* verwys word. *Vierdevlaknesting* sou geld indien minstens een van die sublemmata in 'n nes volgens die strengalfabetiese ordeningsbeginsel in 'n vertikale makrostruktuur voor die basislemma geplaas sou word én die nes op interne vlak (as gevolg van die aanbieding van subneste) ook versteuring van die strengalfabetiese ordeningsbeginsel vertoon. Die hiërargie *eerstevlaknesting* tot *vierdevlaknesting* verteenwoordig dus die graad van versteuring van die strengalfabetiese ordeningsbeginsel wat in 'n vertikale makrostruktuur sou geld, wat deur die prosedure van nesting veroorsaak word, met

eerstevlaknesting wat geen versteuring veroorsaak nie (en struktureel met nisting ooreenkom) en vierdevlaknesting wat die ingrypendste versteuring veroorsaak. Vanuit die gebruikersperspektief verteenwoordig die hiërargie ook die mate waarin op die woordeboekgebruiker se wil om die gesoekte data te vind, staatgemaak word, met eerstevlaknesting wat die minste daarop staatmaak en vierdevlaknesting wat die meeste daarop staatmaak.

### 3.3.4 'n Tipologie van makrostrukturele ordeningsbeginsels

Na aanleiding van die voorgaande bespreking, kan die volgende tipologie van makrostrukturele ordeningsbeginsels voorgestel word:



**Figuur 11: Die makrostrukturele ordening van lemmata in algemene linguistiese woordeboeke**  
 Notasiekonvensie: “— “ (van bo na onder / van onder na bo): val uiteen in die prosedures van ...  
 / is 'n prosedure van ...; “- - - - “ (van bo na onder / van onder na bo): het as produkte van  
 makrostrukturele ordening ... / is 'n produk van die tipe makrostrukturele ordening ...

### 3.4 Die lemmatisering van leksikale items

Die seleksie van lemmata is die proses waardeur die leksikograaf besluit watter deelversameling van die leksikon in sy/haar woordeboek opgeneem en leksikografies bewerk gaan word en hoe dit in die woordeboek aangebied gaan word. Hierdie proses staan as *lemmatisering* bekend. Die kriteria waarvolgens *lemmatisering* plaasvind, is die *lemmatiseringskriteria*. As deel van die groter leksikografiese proses word lemmatisering deur die inhoud van die organisasieplan en die woordeboekkonseptualiseringsplan gerig.

### 3.4.1 Die invloed van die organisasieplan

Landau (2001: 343) se vergelyking van die woordeboekmaakproses met die bou van 'n gebou kan aangewend word om te illustreer waar die plek van die proses van lemmatisering in eersgenoemde sou wees:

If one can imagine ordering tons of steel girders, cement, bricks, window glass, plumbing fixtures, and electrical wiring without having any plan of the building for which these materials are to be acquired, one will see the absurdity of the notion that dictionaries begin with [lemmatisation].<sup>10</sup>

Landau (2001: 356) plaas die proses van lemmatisering as sodanig soos volg binne die groter leksikografiese proses:

After the policies, scope and market of a dictionary have been established and its schedule and costs estimated, the next step is the selection of the word list.

Wat hieruit duidelik blyk, is dat die beleidsrigtings, omvang, mark en finansiële begroting wat vir die woordeboek bepaal is 'n direkte invloed op die uiteindelijke seleksie van lemmata vir daardie woordeboek sal hê.

Afgesien van die finansiële begroting, wat waarskynlik die belangrikste ruimtebeperkende faktor is, en die omvang van die woordeboek, blyk uit die literatuur dat drie oorkoepelende faktore die saamstel van die makrostruktuur bepaal, naamlik die potensieële gebruiker, die werklike doel en die funksies van die woordeboek (Al-Kasimi 1983: 157-158; Bergenholtz 1989; Haas 1967: 47; Harrell 1967: 51; Kromann, et al 1991: 2713-2717; Landau 2001: 358; Swanson 1967: 63; Zgusta 1971: 309). Hierdie faktore is reeds in hoofstuk 2 indringend bespreek.

### 3.4.2 Die invloed van die woordeboekkonseptualiseringsplan

Volgens Bergenholtz (1989: 773) is aanwysings oor die prosedure van lemmatisering selde bekombaar, en hy wend hom tot die voorwoorde van woordeboeke, waarin volgens hom in die meeste gevalle inligting oor die seleksie van lemmata voorkom.<sup>11</sup> Na aanleiding van hierdie inligting word 'n aantal vrae geformuleer, die meeste waarvan vir die doel van hierdie studie, saam met vier addisionele vrae (afgelei uit die breër metaleksikografiese literatuur en gebaseer op

<sup>10</sup> In der waarheid eindig Landau (2001: 343) se sin met “defining” en nie met “lemmatisation” nie, maar dit doen geen afbreuk aan die beginsel wat geïllustreer word nie.

<sup>11</sup> Hierdie stand van sake is ongelukkig nie vir Afrikaanse vertalende woordeboeke geldig nie.

leksikografiese waarneming), die parameters van die lemmatiseringsbeleid verteenwoordig. Hoewel Bergenholtz se versameling vrae op eentalige woordeboeke gerig is, kan dit mutatis mutandis op algemene vertalende woordeboeke toegepas word. Die som van 15 vrae, oftewel parameters, is die volgende:

- (30)
- a. In hoeverre kan 'n woordeboek al die leksikale items in 'n taal lemmatiseer?
  - b. Tot welke mate word uitdrukkings uit dialektiese variëteite, vaktaal en spesiale registers gelemmatiseer?
  - c. Kan en behoort neologismes gelemmatiseer te word?
  - d. Geniet 'n bepaalde taalgebied voorkeur in lemmatisering?
  - e. Word sogenaamde verouderde leksikale items nog gelemmatiseer?
  - f. Word afkortings gelemmatiseer?
  - g. Word eiename gelemmatiseer?
  - h. Moet stilisties gemarkeerde leksikonitems gelemmatiseer word?#
  - i. Moet kultuuritems gelemmatiseer word?#
  - j. Moet onomatopeë gelemmatiseer word?#
  - k. Moet bepaalde telwoorde gelemmatiseer word?@
  - l. Word fleksievorme ook gelemmatiseer?
  - m. Tot welke mate word komposita en afleidings gelemmatiseer?
  - n. Word woordbou-elemente ook gelemmatiseer?
  - o. Word meerdelige leksikonitems (multileksikale items) ook gelemmatiseer?

(Die vrae addisioneel tot Bergenholtz (1989: 773) is as volg gemerk: # merk drie addisionele vrae wat uit die breër metaleksikografiese literatuur afgelei is; @ merk een verdere vraag wat op leksikografiese waarneming gebaseer is.)

Die vrae in (30)a tot j hou verband met die inhoudelike verteenwoordiging van die behandelde leksikon, terwyl die vrae in (30)l tot o verband hou met die leksikale status van die leksikonitems wat vir lemmatisering oorweeg word, dit wil sê die strukturele verteenwoordiging van die leksikon. Hoewel hierdie groeperinge onderskeibaar is, is hulle in die leksikografiese proses geensins skeibaar nie; die inhoud en struktuur van die leksikon is immers nie skeibaar nie. Die onderskeid word hier slegs ter wille van sistematiese bespreking getref.

### 3.4.2.1 Die inhoud van die leksikon

#### 3.4.2.1.1 Die volledigheid van woordeboeke (vraag (30)a)

Volgens Zgusta (1971: 246) sou dit 'n fout wees om te dink dat (selfs) 'n groot akademiese woordeboek die volledige leksikon bevat:

In reality, only a dictionary of a dead language can be complete as far as the repertory of the lexical units recorded in the preserved texts goes.

Landau (2001: 357) voer aan dat die beperking op ruimte altyd beperkings plaas op die aantal leksikonitems wat gelemmatiseer kan word, veral vir 'n eendelige woordeboek. Bergenholtz (1989: 773) meld tereg dat dit in die leksikografie as vanselfsprekend aanvaar word dat 'n woordeboek 'n taal nie volledig kan weergee nie. Selfs relatief omvattende woordeboeke sluit baie leksikale items uit (Landau 2001: 357).

Hierteenoor verwag gebruikers en resensente (wat nie leksikograwe is nie) dat die taal waarmee 'n woordeboek werk die leksikon so volledig moontlik moet weergee wat lemmata betref; indien 'n bepaalde leksikale item dan nie in die woordeboek voorkom nie, kan daar by die woordeboekgebruiker twyfel ontstaan oor of sodanige item in die taal behoort (Bergenholtz 1989: 772-773, Landau 2001: 357). Hierdie persepsie van die gebruiker, wat in woordeboekresensies in die media neerslag vind, lei onder meer daartoe dat uitgewers op die agterblaaie of flaptekste van die woordeboeke wat hulle uitgee (soms onakkurate) getalle lemmata noem wat in die woordeboek sou voorkom ten einde die woordeboek te bemark (Bergenholtz 1989: 772-773). So verskyn op die stofomslag (en agterkant van die omslag) van die AEW onder meer die volgende beskrywing:

Die omvangrykste woordeboek in sy soort  
Meer as 100 000 trefwoorde in elke taal  
Meer as 2 miljoen woorde teks

Op die agterkant van die omslag van GW word gemeld dat

[b]aie meer trefwoorde en uitdrukkings

in dié uitgawe opgeneem is.



Gebruikers en mediarensente kan kwalik vir hierdie wanpersepsie van woordeboeke verantwoordelik gehou word, aangesien baie min woordeboeke, oftewel géén Afrikaanse vertalende woordeboek nie, in die toeligting meld watter lemmatiseringskriteria in die saamstel van die makrostruktuur toegepas is. Hieroor sê Zgusta (1971: 248):

[T]he selection of the entries for the dictionary is a highly delicate task. Though no precise or even rigorous statements are yet possible, the lexicographer should try to state in the forward to the dictionary what he has tried to accomplish and by what principles.

In 'n woordeboek se voorwoord of metateks behoort gemeld te word dat die woordeboek weens die aard en omvang van die leksikon slegs 'n gedeelte daarvan in die makrostruktuur kan verteenwoordig. In die geval van 'n standaard verklarende of vertalende woordeboek behoort gemeld te word dat die makrostruktuur, met gemotiveerde uitsonderings (soos wat aanstons duidelik sal word), die algemeenste leksikale items wat tot die standaardtaalvariëteit behoort, verteenwoordig.

Die mate waarin 'n woordeboek se makrostruktuur verteenwoordigend is van die deel van die leksikon waarop dit gerig is, word bepaal deur die omvang van die *woordeboekbasis*. Die woordeboekbasis bestaan uit al die linguïstiese materiaal wat die empiriese basis vir die samestelling van 'n bepaalde woordeboek vorm. Hierdie materiaal kom uit primêre, sekondêre en tersiêre bronne: Primêre bronne is alle bronne wat nie self woordeboeke is nie, terwyl sekondêre bronne verteenwoordig word deur alle woordeboeke wat vir die saamstel van die woordeboek geraadpleeg word; tersiêre bronne word deur taalnaaslaanwerke soos grammatikas en ander taalwerke verteenwoordig. Die primêre bronne moet minstens 'n leksikografiese korpus insluit. Uit die leksikografiese korpus word 'n leksikografiese lêer opgebou, wat bestaan uit 'n versameling sitate vir potensiële lemmata. (Wiegand 1984: 14)

Met die ontwikkeling van veral die rekenaartegnologie het elektroniese korpora tot die leksikografie toegetree en oor die afgelope paar dekades tot 'n onmisbare komponent in die woordeboekplan gegroei. Volgens Landau (2001: 286) kan geen nuwe woordeboek vandag hoop om ernstig opgeneem te word indien dit nie op korpusnavorsing gebaseer is nie. Een van die belangrikste voordele wat elektroniese korpora die leksikograaf bied, is frekwensietellings (Landau 2001: 302). Deur die toepassing van frekwensietellings op 'n korpus kan die leksikograaf 'n aanduiding kry van watter leksikale items algemeen genoeg in taalgebruik voorkom om gelemmatiseer te word. Ander voordele sluit in die relatief maklike identifikasie van kollokasies deur konkordansietoepassings op korpora. Voor die toetrede van die elektroniese korpus tot die leksikografie is korpora met die hand

saamgestel, deur byvoorbeeld ekserpeerders wat data oor 'n leksikale item op indekskaartjies neerskryf en liasseer. Daar is dus grootliks op 'n aantal persone se taalintuïsie (en geheues!) staatgemaak om 'n verteenwoordigende makrostruktuur vas te stel. Die gebruik van so 'n stelsel sou dit moeilik maak om byvoorbeeld kollokasies te identifiseer, aangesien hulle grootliks onsigbaar is in 'n nie-gerekenariseerde leksikografiese lêer. Boonop sou die aard van die ekserpeerder se taak hom/haar daartoe lei om eerder ongewone as algemene vorme op te teken (Landau 2001: 316). In hierdie opsig is dit interessant om Zgusta (1971: 151) se kommentaar op die identifisering van kollokasies van minder as vier dekades gelede te lees:

The frequency of co-occurrence of the respective words is sometimes also said to be indicative of their forming a set combination. I do not know whether this is as useful a criterion as it would seem in our statistical age. I do not know of any conclusive count which could give us some undubitable examples. Anyhow, the lexicographer working in such a situation as we envisage in this book will not usually have the possibility of making the necessary statistical observations on a really big scale.

In sterk kontras hiermee staan Landau (2001: 317-318) se kommentaar oor die omvang van korpora waartoe leksikograwe vandag deur middel van hulle lessenaarrekenaars en gespesialiseerde rekenaarprogramme toegang het:

When the British National Corpus of 100 million words was created, it was at first regarded as immense, but now that both the Bank of English and the Cambridge International Corpus have over 300 million words, it seems slightly less immense, and one can imagine it someday appearing downright puny. In the early 1960s, we recall, a corpus of 1 million words was large. If the size of a large corpus increases by a factor of 50 every forty years, by 2040 a corpus will have to be 2.5 billion words to be considered large.

Die belangrikheid van 'n verteenwoordigende korpus om 'n verteenwoordigende makrostruktuur saam te stel, is duidelik.

Vergelyk Biber et al. (1998: 21-54) en Landau (2001: 273-342) vir uitgebreide besprekings oor die ontwikkeling en toepassing van elektroniese korpora in die leksikografie. Vergelyk onder meer Gottlieb (1994), Atkins & Levin (1995) en Tognini-Bonelli (1996) vir enkele toepassings in leksikografiese korpusnavorsing.

### 3.4.2.1.2 Die lemmatisering van elemente uit dialektiese variëteite, vaktaal en spesiale registers (vraag (30)b)

#### 3.4.2.1.2.1 Dialektiese leksikale items

'n *Dialek* kan beskryf word as 'n variëteit wat met 'n bepaalde groep mense in die taalgemeenskap geassosieer geraak het (Webb 1989: 429). Vergelyk Wardhaugh (1992: 24-38) vir 'n bespreking van die kompleksiteit van dié begrip, waarop hier nie ingegaan word nie.

Svensén (1993: 48) handel die opname al dan nie van dialektiese leksikale items in vertalende woordeboeke in een kort paragraaf af:

Regional variants of a language should be included in a dictionary only if it is intended – wholly or partly – for passive use. In a passive German-English dictionary it might be of interest to learn that *Bub*, which is used in southern Germany, is a word for 'boy'. However, someone translating into German does not have to know that 'boy' could be *Bub* in southern German dialect.

Hierdie gedagte vind weerklank in Al-Kasimi (1983: 158), Harrell (1967: 51-52) en Zgusta (1971: 243). Vanuit die breedste interpretasie van die konsep *vertaling* (wat professionele en literêre vertaling insluit) sou hierdie standpunt aanvegbaar wees, maar soos in hoofstuk 2 aangedui, verteenwoordig sodanige instansies die verre minderheid van gebruiksinansies van die algemene vertalende woordeboek. Vir 'n algemene polifunksionele vertalende woordeboek, egter, sou Svensén se standpunt uiteraard nie kon geld nie.

Die Afrikaanse taal het sy oorsprong in Suid-Afrika, en Suid-Afrika word ook as die primêre taalgebied van Afrikaans beskou. Tot in 1990 was Afrikaans ook 'n amptelike taal in die vooronafhanklike Namibië, maar met onafhanklikwording het die taal dié status verloor, en tans is slegs Engels die amptelike taal, hoewel Afrikaans steeds as lingua franca funksioneer (vgl. Beuke 1995: 1-2). Afgesien van Namibië word Afrikaans ook in lande soos Botswana en Zimbabwe gepraat, en daar is beduidende Afrikaanse taalgemeenskappe in onder meer die Verenigde Koninkryk, Australië en Nieu-Seeland.

Beuke (1995: 36), met die nagaan van die leksikografiese hantering van elemente van Afrikaanse variëteite in Namibië (Namibiese Afrikaans), kom tot die gevolgtrekking dat taalvariasie in die vertalende woordeboek hanteer behoort te word. Elemente van Namibiese Afrikaans, soos

*omahangu, omataku, so by so* en *vetkol* (“’n plek waar dit nie reën nie”) vind byvoorbeeld nie in die GW of TW neerslag nie.

#### 3.4.2.1.2.2 Vaktaalitems

Haas (1967: 45) se eienskap 6 van die ideale tweetalige woordeboek lui as volg:

It [the bilingual dictionary – HLB] would contain all the specialized vocabulary items of all the sciences, professions, manufacturing industries, and trades, each carefully and appropriately labelled as to its field.

Dit is vanselfsprekend dat die werklikheid anders is, soos wat Haas (1967: 45, 46) self aanvoer wanneer haar belangrike eienskap 11, naamlik dat die woordeboek kompak moet wees, die ander geïdealiseerde eienskappe se kans op realisering oorskadu. Algeo (1994: 43-44) vra dan tereg of ’n leksikonitem gelemmatiseer moet word indien dit uitsluitlik aan ’n bepaalde register behoort. Die antwoord op hierdie vraag is negatief, maar dit beteken nié dat vaktaalsterme nié gelemmatiseer sal word nie: Algeo se vraag slaan op terme wat uitsluitlik tot ’n vaktaalregister behoort; volgens Svensén (1993: 49) word baie vaktaalsterme slegs in gespesialiseerde kringe gebruik, maar daar is ander wat, ten spyte van hulle ontstaan as vaktaalsterme, ook hulle weg tot algemene taalgebruik oopgebaan het. Hierdie populêre vaktaalsterme is onder meer terme in elektroniese kommunikasie, gesondheidsorg en die huidige stand van die media, soos *e-pos*, *werkgewersmandaat* en *geselsradio* (Creamer 1995: 104, 105), en behoort gelemmatiseer te word indien hulle nie net uitgebreid in tekste voorkom nie, maar ook reeds ’n geruime tyd in die gesproke taal in omloop is (Bergenholtz 1989: 774; Creamer 1995: 104). Ter ondersteuning meld Zgusta (1971: 244) dat dit in hierdie gevalle nie die perspektief van die betrokke vakgebied is nie, maar die perspektief van algemene taalgebruik wat lemmatisering bepaal. Hier gaan dit om terme wat in gesprekke tussen deskundige en leek (bv. dokter en pasiënt, prokureur en kliënt) gebruik word.

#### 3.4.2.1.2.3 Items uit spesiale registers

Volgens Svensén (1993: 49) dien ’n spesiale register die doel

of strengthening the sense of belonging within a social group and marking it off from the surrounding world. Its means of expression therefore relate to matters which are in some sense significant to the group.

Enkele voorbeelde van spesiale registers is weermagtaal, tronktaal en studentetaal. Elemente van byvoorbeeld laasgenoemde, soos *bank* “nie klas bywoon nie”, *swot* “studeer” en *pluk* “druip” sal gelemmatiseer word indien hulle nie uitsluitlik aan die betrokke registers behoort nie, maar ook bewese optrede in algemene taalgebruik geniet.

### 3.4.2.1.3 Die lemmatisering van neologismes (vraag (30)c)

Nuwe konsepte vra om nuwe talige etikette, dit wil sê leksikale items wat na hierdie konsepte verwys; dit gebeur minder dat nuwe leksikale items vir bestaande konsepte geskep word (Svensén 1993: 47). So geld veral talle vaktaalitems aanvanklik as neologismes in hulle betrokke velde, en indien hulle deursyfer na die algemene taalgebruik (met of sonder verandering in betekenis), word hulle insgelyks as neologismes beskou. Volgens Svensén (1993: 47) is die lemmatisering van neologismes ’n belangrike aspek in die saamstel van (die nuwe uitgawe van) ’n woordeboek, spesifiek vir die uitgewer van sodanige woordeboek, wat dié aspek as bemarkingsinstrument gebruik. Ook die GW en TW se inligtingstekste op die onderskeie woordeboeke se omslae getuig van hierdie benadering (hoewel neologismes as sodanig nie genoem word nie):

- (31) a. Sterk uitgebrei, 28% meer inskrywings [TW]
- b. Baie meer trefwoorde en uitdrukkings [GW]

Volgens Creamer (1995: 102-103) is die belangrikste beginsels in die lemmatisering van neologismes (i) dat die betrokke item verteenwoordigend van algemene taalgebruik moet wees, en (ii) dat die betrokke item nog nie in ’n algemene woordeboek gelemmatiseer is nie.<sup>12</sup> Met hierdie twee beginsels in gedagte stel Creamer (1995: 103-105) die kriteria vir die lemmatisering van neologismes. Vyf van sy ses kriteria geld vir algemene vertalende woordeboeke en kan as volg saamgevat word:<sup>13</sup>

- (32) a. Die leksikale item moet nuut in die taal wees.
- b. Dit is ’n leksikale item wat nog nie vir algemene woordeboeke geselekteer is nie.
- c. Dit is ’n gevestigde leksikale item wat ’n bykomende betekenis verwerf.
- d. Dit is ’n populêre wetenskaplike term (vgl. 3.4.2.1.2.2)

<sup>12</sup> Creamer (1995) het dit oor die saamstel van ’n spesiale woordeboek van neologismes (vergelykbaar met *Nuwe woorde*), maar sy kriteria kan mutatis mutandis op algemene vertalende woordeboeke toegepas word.

<sup>13</sup> Die sesde kriterium het spesifieke betrekking op die spesiale aard van Creamer (1995) se voorgestelde woordeboek en is dus nie hier van toepassing nie.

- e. Dit is 'n gebonde variante stam (bv. *-vriendelik* in *gebruikersvriendelik*) of 'n gebonde nievariante stam (bv. *kuber-* in *kuberruimte*).<sup>14</sup>

Volgens Creamer (1995: 105) sal geselekteerde items onder meer die volgende domeine verteenwoordig:

- (33) a. Sleng wat besig is om algemene taalgebruik te word, soos *cool*.  
b. Terme uit elektroniese kommunikasie, soos *e-pos*.  
c. Gesondheidsorgterme, soos *vigs*.  
d. Leksikale items wat die huidige stand van die media beskryf, soos *geselsradio*.  
e. Terme uit of oor jeugkultuur, soos *Generasie X*.  
f. Terme vir verskeie ander aspekte van kontemporêre kultuur en die samelewing, soos *gemeenskapspolisiëring*, *koffiekroeg*.

Algeo (1994: 45) vra of modewoorde ook as neologismes gelemmatiseer behoort te word. Svensén (1993: 48) lewer 'n bevredigende antwoord: Die leksikograaf moet die versoeking om die betrokke leksikale item onmiddellik te selekteer, weerstaan, en moet die item bloot aanteken vir potensiële lemmatisering tydens die voorbereiding van 'n volgende uitgawe van sy/haar woordeboek.

Alternatief kan die leksikograaf op sterkte van sy/haar eie intuïsie probeer besluit watter items sal oorleef, en om dié wat na verwagting die toets van tyd sal deurstaan, te lemmatiseer. Hierdie benadering is haalbaar indien die woordeboek gereelde hersienings ondergaan. Indien dit egter nie die geval is nie, is Svensén (1993: 48) se raad aan die leksikograaf dat

considering the way dictionaries are usually judged [vgl. 3.4.2.1.1 – HLB], he has everything to gain and nothing to lose by including a word, however ephemeral it may seem.

Hierdie relatief liberale raad strook nie met Bergenholtz (1989: 774) se vereiste dat die leksikograaf hom/haar moet laat lei deur die bewese optrede van die betrokke item in algemene mondelinge en skriftelike taalgebruik nie. Die oënskynlike onversoenbaarheid van hierdie uiteenlopende standpunte sal besleg kan word deur die gebruikers- en gebruikersverwysingsraamwerkparameter in die model vir gebruikersvriendelike woordeboeke in ag te neem. 'n Grondige ondersoek na die houding van die gemiddelde gebruiker van die betrokke woordeboek teenoor die seleksie van neologismes kan byvoorbeeld in 'n gebruikersprofiel resulteer wat dikteer dat die gemiddelde

---

<sup>14</sup> Creamer (1995: 104) se formulering is “[i]t is a word that is often hyphenated or compounded with other words in multiple combinations.” Die toepassing van Combrink (1990: 25, 26) se terme *gebonde variante stamme* en *gebonde nievariante stamme* produseer 'n wetenskaplik meer verantwoordbare formulering.

gebruiker 'n oorwegend konserwatiewe houding teenoor hierdie aspek openbaar en die leksikograaf derhalwe sal noop om deeglik van Bergholtz (1989: 774) se vereiste kennis te neem. Indien die gemiddelde gebruiker se houding meer liberaal blyk te wees, kan Svensén (1993: 48) se raad oorweeg word. Landau (2001: 359) dring daarop aan dat die seleksie van lemmata sterk afhang van die leksikograaf se idee van wat die gebruiker wil hê. Hierdie “idee” behoort egter nie 'n vae beeld te wees wat op die leksikograaf se intuïsie gebaseer is nie, maar moet empiries vasgestel en doelmatig afgebaken word.

#### 3.4.2.1.4 Taalgebied (vraag (30)d)

Soos reeds gemeld, is die Afrikaanse taal nie beperk tot Suid-Afrika nie. 'n Suid-Afrikaanse uitgewer kan sonder meer sy Afrikaanse vertalende woordeboek uitgee met Suid-Afrika as die voorkeurtaalgebied indien die woordeboek slegs in Suid-Afrika bemark word. Indien sodanige uitgewer egter sy mark na byvoorbeeld Namibië uitbrei, kan die Namibiese gebruiker verwag dat leksikale items wat na (unieke) referente in Namibië verwys ook gelemmatiseer sal wees. 'n Maklike manier om na te gaan of 'n taalgebied soos Namibië in die GW en die AEW verteenwoordig word, is om die afkortinglemmata te bestudeer. In die geval van die GW en die AEW is alle gelemmatiseerde afkortings aan die einde van die Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans dele onderskeidelik gelys en bewerk. Vir die doel van hierdie afdeling is slegs vyf lukraak gekose akronieme wat unieke referente in Namibië het, nagegaan. Die akronieme is naamlik *DTA* (“Demokratiese Turnhalle Alliansie” – politieke party), *NAMPA* (“Namibiese Persassosiasie”), *NBC* (“Namibian Broadcasting Corporation”), *SWAPO* (“South West African People’s Organisation” – politieke party) en *UNAM* (“Universiteit van Namibië”). Die resultaat van hierdie kitsopname is interessant: Slegs die akroniem *SWAPO* is in die GW opgeneem, terwyl die akronieme *DTA* en *SWAPO* in die AEW verskyn. Hiermee saam is die pleknaam *Walvisbaai* ook in beide woordeboeke gelemmatiseer. Dit wil dus voorkom asof Namibië as taalgebied slegs in die GW en die AEW verteenwoordig is tot met Namibië se onafhanklikwording in 1990 (*NAMPA*, *NBC* en *UNAM* is post-onafhanklike instellings in Namibië). Die feit dat die afkortings *Nam.* (“Namibië”) en *S.W.A. (hist.)* (“Suidwes-Afrika”) gelemmatiseer is, speel hier geen rol nie – dié leksikale items word immers in Suid-Afrika ook gebruik.

Dit is jammer dat Afrikaanse woordeboeke wat in Suid-Afrika uitgegee word, maar ook in Namibië bemark word, oënskynlik met die politieke veranderinge in Namibië sedert 1990 nie meer dié land as taalgebied waarvan spesifieke leksikale items gelemmatiseer behoort te word, reken nie. Hierdie stand van sake kan as ondemokratiese leksikografie beskou word. Vir so lank as wat Namibië nie

eie Afrikaanse woordeboeke wat met die kaliber van die GW en AEW kan meeding, uitgee nie, kan daar in die ekstreme geval selfs van leksikografiese imperialisme sprake wees!

#### 3.4.2.1.5 Die lemmatisering van verouderde leksikale items (vraag (30)e)

Svensén (1993:46-47) wys op die belangrike onderskeid wat tussen konsep en leksikale item getref moet word wanneer dit oor verouderde leksikale items gaan: Sommige konsepte het reeds lank teenhangers in die werklikheid, byvoorbeeld die konsep wat deur die leksikale item *wa* verteenwoordig word. 'n Ouer term kan ook deur 'n moderner term vervang word, byvoorbeeld die term *draadloos* wat deur die moderner *radio* vervang word, en wat gewoonlik as verouderd geëtiketteer word, in welke geval dit die leksikale item is wat verouderd is en nie die konsep nie. Dit kan ook gebeur dat 'n konsep nie meer 'n teenhanger in die werklikheid het nie en nou slegs as konsep en in die taal bestaan, byvoorbeeld *sowjet*; sodanige items word gewoonlik as historiese items geëtiketteer indien hulle gelemmatiseer word; in hierdie gevalle is dit die konsep wat histories is en nie die leksikale item nie: dit gebeur nie dat nuwe terme vir hierdie konsepte geskep word nie – die terme wat geldig was toe die teenhangers van die ooreenkomstige konsepte in die werklikheid verdwyn het, is gewoonlik die terme wat vandag steeds bestaan. Svensén (1993: 47) wys op die noodsaaklikheid om in ieder geval die konsep se verteenwoordiging (d.w.s. die optrede van die betrokke leksikale item) in die taal na te gaan.

Swanson (1967: 70) wys die leksikograaf daarop dat hy/sy nie te haastig moet wees om gelemmatiseerde verouderde leksikale items te delemmatiseer nie, want

[t]he old may not only be encountered in literature (history, novels, ballads) but it may yet live on residually in the most advanced societies or be present among out of the way members of the culture.

#### 3.4.2.1.6 Die lemmatisering van afkortings (vraag (30)f)

Bergenholtz (1989: 773) se vraag of afkortings gelemmatiseer moet word, blyk bloot 'n teoretiese vraag te wees. Hy self vind dat woordeboeke wat nie afkortings lemmatiseer nie nie besonder gebruikersvriendelik is nie (Bergenholtz 1989: 775). Schnorr (1991: 2816) meen dat meer en meer afkortings en akronieme deesdae in algemene taalgebruik voorkom en dat regmatige erkenning daaraan in woordeboeke gegee moet word.



Die lemmatisering van afkortings kan wel teoreties gefundeer word: Afkortings is naamlik leksikale items. Die morfologiese prosesse wat volvorme ondergaan om akronieme of afkortings te produseer, is nie anders as die woordvormingsprosesse wat die res van die leksikon vir die vervulling van 'n verskeidenheid funksies ondergaan nie (vgl. Combrink 1990: 55-58, 73-75).

Volgens De Stadler (1989: 77) is volkome leksikale sinonimie in 'n taal baie skaars, omdat volkome sinonieme mekaar in alle kontekste moet kan vervang sonder enige verlies aan deskriptiewe of emotiewe betekenis. De Stadler (1989: 77) konstateer dan dat afkortings en hulle volvorme een van die min gevalle is wat aan hierdie kriterium vir volkome sinonimie voldoen. Afkortings besit dus betekenis en staan in leksikale relasies tot ander leksikale items.

In die lemmatisering van afkortings kan die Afrikaanse vertalende leksikograaf hom/haar laat lei deur tersiêre bronne soos die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 2002).

#### 3.4.2.1.7 Die lemmatisering van eiename (vraag (30)g)

Zgusta (1971: 245) beskou die vraag of eiename in die woordeboek opgeneem moet word as 'n "minor but irritating problem". Sy en Bergenholtz (1989: 775) se bespreking van die lemmatisering al dan nie van eiename het uitsluitlik op verklarende woordeboeke betrekking. Wat die seleksie van eiename betref, is daar 'n wesenlike verskil tussen die kriteria vir verklarende en dié vir vertalende woordeboeke. Vir verklarende woordeboeke word eiename gelemmatiseer ter wille van die weergee van grammatiese inligting (Svensén 1993: 51) en wanneer hulle of hulle afleidings bykomende appellatiewe waardes verkry het, soos *Judas* "verraaier" (Svensén 1993: 51; Zgusta 1971: 245-246). Vir Bergenholtz (1989: 775) is die funksionaliteit van die lemmatisering van persoonseiname twyfelagtig, terwyl die seleksie van veral staatkundige name wat voorkom in die taalgebied waarop die woordeboek afgestem is van groot waarde kan wees, byvoorbeeld deur die betrokke staatsname en die name van die onderskeie hoofstede leksikografies af te paar, hetsy op makrostrukturele, mikrostrukturele, mediostrukturele of buitetekstuele vlak.

In die geval van vertalende woordeboeke, waar dit gaan oor die verskaffing van relevante vertaalekwivalente, is die lemmatisering van eiename uiteraard meer uitgebreid en geen geringe kwessie nie. Schnorr (1991: 2816) laat haar soos volg oor die (nie-)lemmatisering van eiename uit:

For whatever reasons, proper names and geographical names are often banned from the alphabetical wordlist, to me this is not a very user-friendly practice. Why should the user have to look up **Elizabeth** in a separate list, which usually has no indication of its pronunciation, but find “Elizabethan” as an entry word in the dictionary section? It is even less understandable why the dictionary section would only mention **French letter** and **French window**, but not the adjective “French” as pertaining to France.


Die seleksie van eiename in die GW is nagegaan deur al die eienaamhooflemmata (d.w.s. nie sublemmata nie) op te teken en te klassifiseer. Waar bepaalde kwessies van nader ondersoek is (soos konsekwentheid in die seleksie van die lede van ‘n bepaalde klas), is sublemmata uiteraard betrek. Die 1 743 opgetekende hooflemmata kan in die volgende klasse onderverdeel word:<sup>15</sup>

- (34) a. Algemene persoonseiname, soos *Edda, Gert, Karel, Piet, Sarel*.
- b. Persoonseiname van Bybelfigure, soos *Adam, Eva, Jesus, Job, Moses*.
- c. Persoonseiname van historiese figure, soos *Madiba, Shaka*.
- d. Byname van individue of groepe, soos *Blikoor, Kaas, Matie, Kiwi, Nat*.
- e. Eiename in die letterkunde, mitologie, sprokies en dergelike, soos *Adonis, Aspoestertjie, Eros, Skikgodinne*.
- f. Afgeleide persoonsname, soos *Facsis, Nasionalis, Wesleyaan, Zwingliaan*.
- g. Taalname en hulle afleidings, soos *Afrikaans, Afrikaner, Afrikanisme; Zoeloe*.
- h. Eerbiedsbenaminge, soos *Allah, Allerheilige, Allerhoogste, Here, Maagd, Madonna*.
- i. Eiename wat die bose beskryf en hulle afleidings, soos *Antichris; Duiwel; Satan, Satanies, Satanis, Satans*.
- j. Diername, soos *Dexter(bees), Dorper(skaap), Fries, Kollie hond*.
- k. Name van godsdienstige geskrifte en hulle afleidings, soos *Bybel, Exodus, Nuwe Testament, Ou Testament*.
- l. Kerlike benaminge en hulle afleidings, soos *Gereformeerd, Protestant, Rooms-Katoliek*.
- m. Name van kommissies, komitees, rade, organisasies en dergelike, soos *Bok, die Hane, Ekonomiese Adviesraad, KRUIK, Narkotikaburo, S.A. Reserwebank*.
- n. Benaminge van leerstellings, geestes- en kunsrigtings, ekonomiese en denkstelsels en hulle afleidings, soos *Dadaïsme, Freudiaans, Nazi, Sosialisme*.
- o. Sterrekundige name, soos *Jupiter, Mars, Venus*.
- p. Kalendriese name, soos die dae van die week en die maande van die jaar.
- q. Name van feesdae en feesgetye, soos *Hemelvaart, Kersfees, Loofhuttefees, Nuwejaar*.

<sup>15</sup> Hierdie klassifikasie is gedeeltelik gebaseer op die klassifikasie van woorde wat met hoofletters geskryf word in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 2002: 61-93).

- r. Geskiedkundige gebeurtenisse, verskynsels en tydperke, soos *Middeleeue*, *Renaissance*, *Romantiek*.
- s. Geologiese benaminge, soos *Steentydperk*, *Ystertyd(perk)*.
- t. Geografiese benamings, soos dié van berge, riviere en kontinente, soos *Tafelberg*, *Oranjerivier*, *Afrika*.
- u. Staatkundige name, soos dié van stede, lande en koninkryke en hulle afleidings, soos *Kaapstad*, *Namibië*, *Verenigde Koninkryk*.

Die volledigheid van alle klasse is nie indringend nagegaan nie, hoewel enkele voorbeelde van inkonsekwente lemmatisering geïdentifiseer is. So is *Fahrenheit* (temperatuurskaal) gelemmatiseer terwyl *Celsius* nie gelemmatiseer is nie, en *D-dag* en *Waterloo*, wat die name van militêre operasies of veldslae is, is geselekteer terwyl geen ander leksikale items wat die semantiese veld verteenwoordig (soos *Barbarossa* of *Tweede Wêreldoorlog*) geselekteer is nie. Terwyl die klas van kalendriese name byvoorbeeld volledig gelemmatiseer is, word die klas van sterrekundige name onvolledig in die makrostruktuur verteenwoordig. Van die nege planeete in die sterrestelsel waarin die planeet Aarde hom bevind, is slegs sewe se name gelemmatiseer: die planeetname *Aarde* en *Pluto* is nie gelemmatiseer nie, terwyl leksikale items soos *aarde*, *Plutonis* en *Plutonisme* wel gelemmatiseer is. In sekere klasse is afleidings nie konsekwent gelemmatiseer nie: *Suid-Afrika*, *Suid-Afrikaans* en *Suid-Afrikaner* is byvoorbeeld gelemmatiseer, terwyl benewens *Namibië* nóg *Namibiër* nóg *Namibies* gelemmatiseer is.



Die lemmatisering van algemene persoonseiname ((34)a) is enigszins twyfelagtig, aangesien dit onwaarskynlik is dat byvoorbeeld 'n Afrikaanssprekende persoon met die naam *Karel* in Engelse geselskap skielik *Charles* sal heet; daarvoor is die referensiële verband wat tussen uitdrukking en referent bestaan té uniek – binne referensiële verband het die betrokke uitdrukking buitendien geen leksikale betekenis nie (vgl. De Stadler 1989: 25).<sup>16</sup> In sekere gevalle ondergaan persoonseiname van historiese figure wel vertaling, byvoorbeeld *Karel die Grote* x *Charles the Great*. Sodanige vorme behoort dan gelemmatiseer te word, maar die beperkte konteks waarbinne hulle aan vertaling onderworpe is, behoort in die mikrostruktuur (bv. deur die aanwending van 'n leksikografiese etiket soos *hist.* 'histories') gestel te word (Svensén 1993: 52-53). As sodanig val dié einame dan streng gesproke buite die klas van algemene persoonseiname en vorm 'n onderskeibare klas van persoonseiname van historiese figure ((34)c). Die verskil tussen hierdie klas en die klas van

<sup>16</sup> Waar algemene persoonseiname deel van 'n vaste uitdrukking vorm, soos *Gert erf*, *Gert swerf* en *Jan Alleman*, gaan dit nie oor die lemmatisering van 'n eienaam nie, maar oor die lemmatisering van die betrokke vaste uitdrukking as multileksikale leksikale item in eie reg; die leksikografiese hantering van sodanige elemente behoort hierdie verskil in leksikale status te weerspieël.

algemene persoonseiname kan gemotiveer word deur daarop te wys dat indien vertaling in laasgenoemde klas plaasvind, die vertaalde eienaam nie die brontaaleienaam in sy status as toegekende eienaam van die referent vervang nie; die vertaalde eienaam geld hoogstens as bynaam naas die brontaaleienaam. Hierdie verskil in status tussen toegekende eienaam en vertaalde eienaam is nie op persoonseiname van historiese figure van toepassing nie. Vergelyk:

*Hulle noem hom Charles, maar Karel is sy naam.*

*\*Hulle noem hom Karel die Grote, maar Charles the Great is sy naam.*

Die groot verskeidenheid klasse eiename, en die insgelykse groot verskeidenheid elemente wat tot daardie klasse behoort, vereis dat deeglike beplanning en die opstel van 'n duidelike beleid vir die lemmatisering van eiename in die woordeboekkonseptualiseringsplan gedoen word; sodanige beleid behoort in die metateks verantwoord te word. Die lemmatisering van eiename is 'n belangrike onderdeel van die saamstel van die makrostruktuur van 'n vertalende woordeboek. Die leksikograaf behoort ook die nodige versigtigheid aan die dag te lê by die lemmatisering van eiename, aangesien die lemmatisering van 'n bepaalde eienaam binne 'n gegewe klas en die nie-lemmatisering van 'n ander eienaam binne dieselfde klas, selfs indien dit per abuis is, daartoe kan lei dat die leksikograaf van 'n vorm van vooroordeel of diskriminasie beskuldig kan word. So kan die lemmatisering van 'n eienaam soos *Bybel* en die nie-lemmatisering van 'n eienaam soos *Kora(a)n* byvoorbeeld die leksikograaf die kritiek op die hals haal dat hy/sy in die saamstel van die makrostruktuur christosentries optree (vgl. Louw 1997: 26).

#### 3.4.2.1.8 Die lemmatisering van stilisties gemarkeerde leksikale items (vraag (30)h)

Die standaardvariëteit van 'n taal word as die stilisties ongemarkeerde variëteit beskou (vgl. Gouws 1989: 201). Leksikale items wat buite die standaardvariëteit en enige bepaalde register (vgl.

3.4.2.1.2) val, is stilisties gemarkeer, en kan geklassifiseer word as behorende tot die superstandaardvariëteit of die substandaardvariëteit. Die leksikograaf van die algemene vertalende woordeboek lemmatiseer soveel leksikale items wat tot die standaardvariëteit behoort as wat beperkings op die woordeboek hom/haar toelaat. Die vraag is tot watter mate elemente van die super- en substandaardvariëteite gelemmatiseer moet word.

### 3.4.2.1.8.1 Superstandardelemente

Elemente van die superstandaardvariëteit word gemanifesteer in stylklasse soos boektaal (*altegaar, asmede, nademaal*), deftig (*assortiment, beiderstyds, desbetreffend, introduksie*), digterlik (*aandstond, blanje, desolaat, nawinter*) en plegtig (*deer, heilbiddend, jammerklag, plegstatig*). Sodanige leksikale items, vir soverre hulle optrede uit tekste bewys kan word, behoort volgens Svensén (1993: 46) gelemmatiseer te word in die geval van 'n dekodeerende vertalende woordeboek. Dit hou in dat hulle ook in die geval van 'n polifunksionele algemene vertalende woordeboek in die makrostruktuur opgeneem behoort te word.

### 3.4.2.1.8.2 Substandardelemente

Afgesien van Anglisismes (*afwys, deursit, inbly, uitkamp*) en elemente van geselstaal (*aanja, bevark, cool, daai*), onderskei Hartevelt & Van Niekerk (1995) die volgende klasse substandardelemente, of sogenaamde beledigende en sensitiewe leksikale items:

- (35)
- a. Rassismes, waaronder volledig rassisties leksikale items soos *hotnot, kaffer*, en gedeeltelik rassistiese leksikale items soos *boer, houtkop*
  - b. Seksismes en sensitiewe leksikale items wat gestigmatiseerde seksuele verskynsels, praktyke en voorkeure by die mens aandui, soos *hoer, moffie, oujongnooi*
  - c. Sensitiewe leksikale items wat gestigmatiseerde fisieke of geestelike toestande en verskynsels by die mens aandui, soos *gebreklik, boggel, vertraag*
  - d. Sensitiewe leksikale items binne 'n sosiale, politieke en godsdienstige struktuur, soos *lokasie, struggle, Katools*
  - e. Plat en vulgêre leksikale items, skeltaal en vloeke, soos *bedonderd, fokken, bliksem*

Beyleveld & Van Jaarsveld (1991: 12) se houding teenoor die lemmatisering van rassistiese of seksistiese leksikale items is dat dit “in 'n sekere sin verskoonbaar is”. Hierdie standpunt is gegrond op die aanname dat sosiale verandering stadig plaasvind. Elders betoog Beyleveld & Van Jaarsveld (1994: 44) dat

[i]ndien dit so is dat die meerderheid Afrikaanse moedertaalsprekers nog vassteek by konvensioneel seksistiese taalgebruik, behoort woordeboekmakers dit hul plig te ag om alternatiewe, nieseksistiese taalvorme en -gebruik te vestig.

Hierdie kontensie word deur Beyer (1998: 7) as onaanvaarbaar bestempel, wat aanvoer dat dit die taak van die leksikograaf is om die inhoud van die leksikon te beskryf (of te vertaal), en nie om preskriptief op te tree nie. Zgusta (1971: 309) waarsku dat die woordeboek

should be rather reserved in its inclusion of colloquialisms, slang expressions or even vulgarities and similar levels of language.

Volgens Beuke-Muir (1999: 263) en Hauptfleisch (1993: 117) behoort rassistiese en seksistiese leksikale items egter nie uit 'n woordeboek geweer te word nie. Dekker (1991: 55) ondersteun hierdie standpunt deur aan te voer dat die nie-lemmatisering van sodanige leksikale items 'n fout sal wees, omdat dit nie van die taalwerklikheid uitgaan nie. Hauptfleisch (1993: 116) voorsien 'n duidelike riglyn aan die leksikograaf:

It is generally accepted that dictionaries [...] should mirror all the manifold facets of the linguistic society and times in which they are compiled. The task of the lexicographer therefore involves the inclusion also of lexical items which can generally be classed as taboo, such as obscene, sexist, sacrilegious and racist terms, provided such inclusions are well attested by adequate recordings of use. [...] In adhering to this principle the lexicographer would be carrying out his duty as language historiographer.

Hierdie riglyn is van toepassing op al die klasse leksikale items in (35), op die belangrike voorwaarde dat die spesifieke sosiolinguistiese aard van elke verteenwoordigende lemma duidelik in die betrokke artikel aangedui word, byvoorbeeld deur die aanwending van leksikografiese etikette. Op hierdie belangrike voorwaarde word in hoofstuk 4 teruggekeer (vgl. 4.6.1.2).

In antwoord op Algeo (1994: 44) se vraag of sleng wat waarskynlik van 'n verbygaande aard is, gelemmatiseer behoort te word, sal die antwoord negatief wees, hoewel die antwoord op Algeo (1994: 44) se tweede vraag in hierdie verband, naamlik of sleng wat reeds 'n geruime tyd in omloop is, gelemmatiseer moet word, positief sal wees. Volgens Zgusta (1971: 244) behoort frekwente geselstaalelemente opgeneem te word. Dieselfde geld Anglisismes.

Die optrede van leksikale items uit die substandaardvariëteit wat vir lemmatisering oorweeg word, in teenstelling met dié uit die superstandaardvariëteit, sal, uit die aard van die diskoerskontekste waarin hulle voorkom, hoofsaaklik uit mondelingse taalgebruik bewys moet word.

### 3.4.2.1.9 Die lemmatisering van kultuuritems (vraag (30)i)

'n Bepaalde kultuur is nie bewus daarvan dat sy fasette verskillend, eienaardig of selfs kenmerkend is tensy so ingelig deur 'n buitestander of skielik deur 'n ander kultuur gekonfronteer nie; dit is die vertalende woordeboek se taak om leksikale items wat sodanige verskille weerspieël te identifiseer en as sodanig te hanteer (Swanson 1967: 70). Hierdie taak word as volg deur Zgusta (1971: 309-310) saamgevat:

[I]f the target language of a dictionary [...] is spoken in a society with a different culture and in a geographical and other extralinguistic milieu vastly different from that of the source language, it will be necessary to take into consideration also the target language when the entry words of the source language are selected. Different social institutions, different plants and animals may be unimportant or non-existent in the milieu of the source language while being very important or frequent in the milieu of the target language. Because it may be legitimately assumed that the source-language speaker will use the dictionary to generate texts about the milieu of the target language (possibly also while residing in the other surroundings), the respective lexical units of the target language should be indicated.

In baie gevalle het kultuuritems in die brontaal nie geredelik beskikbare ekwivalente in die doeltaal nie, in welke geval surrogaatekwivalente aangewend word. Volgens Kromann et al. (1991: 2719) behoort kultuuritems gelemmatiseer te word indien hulle uit die brontaal afkomstig is, terwyl hulle surrogaatekwivalente nie in die teenoorgestelde geval gelemmatiseer behoort te word nie.

In multikulturele samelewings soos dié wat in Suider-Afrika te vind is, is taalkontak deel van die alledaagse bestel en dit is gevolglik onvermydelik dat bepaalde kultuuritems in een taal as leenitems in 'n ander taal waarmee dit in kontak is, opgeneem sal word. Hierdie stand van sake behoort dan ook deur die vertalende woordeboek wat die betrokke tale afpaar, weerspieël te word. Louw (1997: 25) noem in hierdie verband die Afrikaanse kultuuritem *biltong*, wat ook as lemma in die Engels-Afrikaans-deel van die TW, GW en AEW verskyn. Na gelang van die mate waartoe 'n kulturele leenitem in die brontaal ingeburger geraak het, sal sekere mikrostrukturele prosedures, soos die verskaffing van leksikografiese etikette, aangewend word om die item se kulturele status aan te dui (vgl. Louw 1997: 25). In hierdie opsig en spesifiek binne die Suider-Afrikaanse konteks kan die polifunksionele algemene vertalende woordeboek 'n rol van onskatbare waarde vervul.

Taal is sowel 'n kulturele produk as 'n deel van die manifestasie van kultuurspesifieke gedrag (Becher 1995: 294). Die woordeboek kan derhalwe as houër van die talige produkte van kultuur beskou word. Wat egter nie uit die oog verloor mag word nie, is dat die woordeboek self 'n kulturele produk is, en dat hierdie aard van die woordeboek ook in die lemmatisering van leksikale

items gemanifesteer word. Kavanagh (2000: 107) wys byvoorbeeld op die gemiddelde Amerikaanse woordeboek wat primêr op gebruikersvriendelikheid afgestem is en 'n hoogs kommersiële produk is. Die Amerikaanse leksikograaf Landau (2001: 361) bevestig hierdie kontensie deur daarop te wys dat

[t]he leitmotif [...] is that the dictionary must be useful; to my mind that is still the first rule of good dictionary making.

Om hierdie rede bevat Amerikaanse woordeboeke sogenaamde ensiklopediese lemmata, en sommige Britse woordeboeke, soos die *Collins Concise Dictionary* (Makins 1992), volg hierdie voorbeeld. Vergelyk die volgende artikel uit *Collins Concise Dictionary*:

- (36) **Hitler** ('hitl) *n.* 1. **Adolf** ('ɑ:dɒlf). 1889–1945, German dictator, born in Austria. As president of the National Socialist German Workers' Party (Nazi party), he attempted to overthrow the government of Bavaria (1923); imprisoned, but eventually became chancellor of Germany (1933), transforming it into the Third Reich. He established concentration camps to exterminate the Jews, annexed (1938) Austria and Czechoslovakia, and invaded Poland (1939), which precipitated World War II; committed suicide. 2. a person who displays dictatorial characteristics.

Hoewel hierdie voorbeeld op die verklarende woordeboek betrekking het, wys dit tog daarop dat die verwagtinge van woordeboekgebruikers van verskillende kulture wesenlik van mekaar kan verskil, en dat hierdie verwagtinge in ag geneem behoort te word in die beplanning van enige woordeboek. Landau (2001: 359) wys daarop dat die lemmatisering van leksikale items baie van die leksikograaf se idee van wat deur die gebruiker verwag word, afhang, “and if what is wanted occasionally violates theory, so be it”. Teen die agtergrond van die oënskynlike feit dat woordeboeke dié basiese naslaanbron in die meeste huise in die Verenigde State is (Landau 2001: 361), kan die opname van ensiklopediese lemmata in die makrostruktuur verduidelik word. (Vergelyk ook Gouws (1989: 15-24) en Kavanagh (2000: 106-107) vir 'n oorsig oor die besondere geskiedenis van die (Amerikaanse) leksikografie.) Die verwagtinge van die Suid-Afrikaanse woordeboekgebruiker is kennelik andersoortig: Lemmata soos **Botha**, **Verwoerd** en **Mandela** word nie in Suid-Afrikaanse verklarende woordeboeke aangetref nie. Wat wel hieruit duidelik word, is die belangrikheid en wenslikheid van navorsing in woordeboekgebruik en die sosiologie van woordeboekgebruikers, soos deur Wiegand (1985, 1987) voorgestel.

Vergelyk Tomaszczyk (1984) en Benson (1990) vir besprekings van kompleksere kwessies rondom die leksikografiese hantering van kultuurgebonde items wat nie hier ter sprake is nie.



### 3.4.2.1.10 Die lemmatisering van onomatopeë (vraag (30)j)

Klankeffekte word geverbaliseer deur middel van die foneme van 'n taal volgens hoe die sprekers die effekte waarneem (Veldi 1994: 75). Indien hierdie verbaliserings op skrif geplaas word, word dit in ortografiese herskrywings gemanifesteer. Ortografiese herskrywings se vorme word op hul beurt bepaal deur die verband tussen die foneme en die ortografiese stelsel van daardie taal. Hierdie verbande verskil van taal tot taal, selfs waar dit oor identiese foneme gaan; vergelyk Afr. *wroem* x Eng. *vroom* vir die klankreeks [vrum]. Dit is dus belangrik dat sodanige verbaliserings vir vertalende woordeboeke gelemmatiseer word vir sover die frekwensie van hulle optrede in die taal dit regverdig. Veldi (1994) bespreek ook die verskillende klasse van geleksikaliseerdheid waaraan onomatopeë kan behoort, maar vir die doel van hierdie hoofstuk is verdere uitwyding nie nodig nie.

### 3.4.2.1.11 Die lemmatisering van telwoorde (vraag (30)k)

Ponelis (1979: 131) verdeel telwoorde op tweërlei wyse, naamlik bepaalde teenoor onbepaalde telwoorde en hoof- teenoor rangtelwoorde. Dit gaan hier oor bepaalde hoof- en rangtelwoorde, soos *een, drie, vierhonderd; eerste, derde, vierhonderdste*.

Die teenwoordigheid van hoof- en rangtelwoorde in die makrostruktuur van die GW is nagegaan. In tabel 1 hieronder dui “+” daarop dat die ooreenstemmende telwoord gelemmatiseer is, terwyl “-“ daarop dui dat die ooreenstemmende telwoord nie in die makrostruktuur voorkom nie.

<b>Getal</b>	<b>Hoof- telwoor d</b>	<b>Rang- telwoor d</b>
1 tot 20	+	+
30	+	+
40	+	+
50	+	-
60	+	-
70	+	-
80	+	-
90	+	-
100 ( <i>eenhonderd, -ste</i> )	-	-
100 ( <i>honderd, -ste</i> )	+	-
200	-	-
300	-	-
400	+	-
500	+	+
600	+	-
700	-	-

800	-	-
900	-	-
1 000 ( <i>eenduisend, -ste</i> )	-	-
1 000 ( <i>duisend, -ste</i> )	+	+
2 000 tot 4 000	-	-
5 000	+	+
6 000 tot 9 000	-	-
10 000	-	+
20 000 tot 90 000	-	-
100 000 ( <i>eenhonderdduisend</i> )	-	-
100 000 ( <i>honderdduisend</i> )	+	-
200 000 en 300 000	-	-
400 000	+	-
500 000 tot 900 000	-	-
1 000 000 ( <i>een miljoen</i> )	-	-
1 000 000 ( <i>miljoen</i> )	+	+
1 000 000 000 ( <i>een miljard</i> )	-	-
1 000 000 000 ( <i>miljard</i> )	+	-
1 000 000 000 000 ( <i>een biljoen</i> )	-	-
1 000 000 000 000 ( <i>biljoen</i> )	+	-

**Tabel 1: Die voorkoms van bepaalde hoof- en rangtelwoorde in die makrostruktuur van die GW**

Sonder om op die data in tabel 1 uit te brei, kan duidelik gesien word dat hoof- en rangtelwoorde nie konsekwent in die GW gelemmatiseer is nie. Verder is dit 'n leksikografiese ironie dat daardie telwoorde ten opsigte waarvan die verskil tussen Afrikaans en Engels die grootste is en die meeste verwarring kan veroorsaak (soos *drie-en-twintig x twenty three, vier-en-veertig duisend sewe-en-negentig x forty four thousand and ninety seven*) juis nie gelemmatiseer is nie. Die behoefte aan die opname van sodanige telwoorde kan ondersteun word deur die resultate van 'n empiriese ondersoek na getallebenoeming in Afrikaans wat op skoolleerders uitgevoer is. Die gevolgtrekkings van die studie (SA Instituut vir Psigologiese en Psigometriese Navorsing 1981: 101-102) is onder meer dat:

- (37) a. Engelssprekende leerlinge ernstige probleme ondervind met getalle wat mondeling in Afrikaans aan hulle oorgedra word;
- b. Afrikaanssprekende leerlinge ernstige probleme ondervind met getalle wat mondeling in Engels aan hulle oorgedra word en dat daar gevolglik 'n kommunikasieprobleem tussen Engels- en Afrikaanssprekendes ten opsigte van getallebenoeming bestaan;
- c. 'n groter persentasie Afrikaanssprekendes omdraaifoute in hulle eie taal as in Engels maak.


Die aanbeveling van die studie is dat daaraan aandag geskenk moet word dat die huidige getallebenoeming in Afrikaans verander moet word na 'n logiese getallebenoemingstelsel,

byvoorbeeld *dertig-twee* in plaas van *twee-en-dertig* vir 32. Terwyl sodanige voorgestelde verandering nie ingetree het nie<sup>17</sup>, is dit noodsaaklik dat woordeboeke soos die TW, GW en AEW hier leiding moet gee; ongelukkig is dit juis hier waar dié woordeboeke volledig in hulle doel kan faal, soos wat die GW demonstreer.

Daar kan egter nie van die woordeboek verwag word om alle moontlike telwoorde te lemmatiseer nie, aangesien die omvang van so 'n versameling lemmata reeds die makrostruktuur van enige algemene vertalende woordeboek sal oorskadu. Wat voorgestel word, is dat sekere subversamelings gelemmatiseer word, wat aan die gebruiker 'n patroon sal voorsien waaruit hy/sy die vorme van telwoorde wat nie in die makrostruktuur voorkom nie kan aflei. Indien die telwoorde vir die getalle van 21 tot 29 ook byvoorbeeld gelemmatiseer word, sal die gebruiker die telwoord vir enige getal tussen 1 en 100 kan aflei, ens. Verdere voorstelle vir die hantering van telwoorde word in hoofstuk 4 gemaak (vgl. 4.6.1.1.4.2.10).

### 3.4.2.2 Die struktuur van die leksikon: leksikale status

Volgens Gouws (1989: 85) kies die leksikograaf sy/haar versameling makrostruktuurelemente op so 'n wyse dat drie verskillende tipes lemmata onderskei kan word, naamlik leksikale, subleksikale en multileksikale lemmata (vgl. 3.2).



#### 3.4.2.2.1 Leksikale lemmata

Leksikale lemmata verteenwoordig leksikale leksikale items, wat as sogenaamde “vrye leksikale items” die grootste gedeelte van 'n taal se leksikon uitmaak (Gouws 1989: 85). Soos reeds aangedui is (vgl. 3.2), sluit leksikale leksikale items morfologiese simplekse en komplekse wat onafhanklike optrede het, in, dit wil sê vorme soos afleidings, geflekteerde vorme en komposita.

#### 3.4.2.2.2 Subleksikale lemmata

Subleksikale lemma verteenwoordig affikse, tegnostamme en woordgroepstamme in die makrostruktuur. De Wet (1998) doen verslag van die makrostrukturele vergestaltung van affikse en tegnostamme in Afrikaanse vertalende woordeboeke; die resultate van haar ondersoek betreffende die lemmatisering van dié subleksikale items word kortliks hier weergegee. Gouws (1991) het

---

<sup>17</sup> Hier word nie ingegaan op die meriete van die voorgestelde wysiging nie.

woordgroepstamme se optrede ondersoek; ook uit hierdie ondersoek word die relevante resultate weergegee.

#### 3.4.2.2.2.1 Affikse

##### 3.4.2.2.2.1.1 *Prefikse*

Volgens De Wet (1998: 155) is prefikse op baie klein skaal in die TW en GW geselekteer: Slegs vyf prefikslemmata kon opgespoor word. Dit verteenwoordig 'n skrale 7,35% van die 68 Afrikaanse prefikse wat deur Combrink (1990: 37-39) gelys word. Die leksikograaf van die Afrikaanse vertalende woordeboek behoort kennis te neem van die versameling prefikse wat in die taal bestaan, en moet daaruit die produktiewe prefikse selekteer vir opname in die makrostruktuur. Kennelik is dit nie in die lemmatiseringsproses vir die TW en GW gedoen nie.

##### 3.4.2.2.2.1.2 *Suffikse*

De Wet (1998: 157) se bevinding ten opsigte van die lemmatisering van suffikse in Afrikaanse vertalende woordeboeke is verdoemend:

Suffikse kry geen makrostrukturele erkenning in TW of GW nie. Hulle figureer wél as deel van afleidings, maar nie as volwaardige subleksikale items in die sin dat hulle as aparte lemmas opgeneem word nie.

Hier geld dieselfde kommentaar as by die lemmatisering van prefikse soos hierbo gestel.

Volgens De Wet (1998: 157) hoef minstens twee soorte suffikse nie noodwendig gelemmatiseer te word nie, naamlik vervroulikingsuffikse wat persoonseiname vorm en vervroulikingsuffikse wat soortname vorm.

Die twyfelagtige nut van die lemmatisering van persoonseiname is reeds in 3.4.2.1.7 aangedui; die lemmatisering van subleksikale items wat tot persoonseinaamvorming beperk is, sou dus tereg ewe twyfelagtige nut hê.

Die nie-lemmatisering van vervroulikingsuffikse wat soortname vorm, kan slegs oorweeg word indien die volle versameling van sodanige soortname gelemmatiseer is. Die relatief beperkte omvang van hierdie versameling en die moontlikheid van akkurate afbakening kan die nie-

lemmatisering van die betrokke vervroulikingsuffikse in die hand werk, maar die leksikograaf sal steeds aan die potensiële kritiek dat hy/sy nie die leksikon akkuraat verteenwoordig nie, blootgestel wees (afgesien van die taalgebruikskundige neiging om vroulike vorme wat dikwels van die manlike vorme deur middel van hierdie suffikse afgelei is, te vermy).

### 3.4.2.2.2.1.3 Tegnostamme

Volgens De Wet (1998: 159, 160) is tegnostamme wat as aanvangstamme van komposita optree op groot skaal in die GW en TW gelemmatiseer, hoewel tegnostamme wat as eindstamme van komposita optree, soos in die geval van suffikse, nie gelemmatiseer is nie. Hierdie wanbalans is onaanvaarbaar, en die leksikograaf moet daarteen waak om in die lemmatiseringsproses leksikale items wat nie as aanvangselemente in morfologies komplekse leksikale items optree nie buite rekening te laat. Hierdie stand van sake moet egter beskou word as 'n weerspieëling van die ontoereikende tegnieke wat in die lemmatiseringsproses gebruik word, eerder as 'n refleksie van die leksikograaf se houding teenoor die betrokke leksikale elemente en hulle lemmastatus (vgl. Gouws 1991: 124).



### 3.4.2.2.2.2 Woordgroepstamme

Voorbeelde van woordgroepstamme (uit Gouws 1991) is die volgende:

- (38) a. *halfeind-* (in *halfeindwedstryd*), *hoëspannings-* (in *hoëspanningsdraad*), *langsteel-* (in *langsteelgraaf*), *varswater-* (in *varswaterhengel*);
- b. *elektriese ingenieur* (in *stads- elektriese ingenieur*), *maandelikse toeslag* (in *standaard maandelikse toeslag*), *mediese beampte* (in *hoof mediese beampte*), *teologiese student* (in *tweedejaar teologiese student*);
- c. *driekop-* (in *driekoppig*), *eenklep-* (in *eenkleppig*).

Woordgroepstamme kan as aanvangstamme ((38)a) en as eindstamme ((38)b) in samestellende komposita optree, en as stamme in samestellende afleidings ((38)c).

Volgens Gouws (1991: 123) speel die endosentriese aard van Afrikaanse komposita 'n bepalende rol in die mate waartoe woordgroepstamme gelemmatiseer word:

Omdat die tweede onmiddellike stuk die semantiese kern van die samestelling is, stem die betekeniswaarde van die tweede komponent in baie gevalle ooreen met dié van die woordvariant van die betrokke leksikale item. Slotstamme van endosentriese samestellings vertoon nie dikwels 'n semantiese pluswaarde nie. Gevolglik is die makrostrukturele hantering van leksikale items wat 'n optrede as woord asook as tweede onmiddellike stuk van 'n endosentriese samestelling het, gewoonlik beperk tot leksikale lemmas. Eerste stamme tree in endosentriese samestellings as die semantiese bepalers op. By hulle word daar meer geredelik 'n semantiese pluswaarde aangetref wat slegs eie is aan die betrokke leksikale item se optrede as stam. Dit vra om 'n selfstandige leksikografiese bewerking.

Volgens Gouws (1991: 123) toon 'n oorsig van die makrostruktuur van Afrikaanse woordeboeke dan ook dat stamme veral as poststreeplemmata opgeneem word en dat daar betreklik min voorbeelde van prestreeplemmata voorkom.

Woordgroepstamme wat in samestellende afleidings optree ((39)c), moet ook vir lemmatisering oorweeg word (Gouws 1991: 124-125).

#### 3.4.2.2.3 Multileksikale lemmata

Volgens Gouws (1989: 97-108) bestaan daar vier klasse multileksikale leksikale items:

- 
- (39) a. Leenwoordgroepe, soos *bona fide* en *ex post facto*;
- b. Vaste uitdrukings, soos *tot oorlopens toe* en *die appel(tjie) val nie ver van die boom af nie*;
- c. Groepsetsels, soos *ter wille van* en *ten aanskoue van*;
- d. Voorsetsel-agtersetselgroepe, soos *tussen ... deur* en *hetsy ... hetsy*.

Die lede van hierdie klasse is almal leksikale items in eie reg en behoort gelemmatiseer te word indien hulle aan die lemmatiseringskriteria voldoen (vgl. Gouws 1989: 97-108).

Tot die klasse in (39) kan 'n verdere klas gevoeg word, naamlik komposita wat nie ortografiese kompositumstatus besit nie omdat die samestellende elemente nie as 'n ortografiese eenheid geld nie. Die betrokke komposita word dus op sintaktiese vlak gevorm. Voorbeelde van hierdie klas van sintaktiese komposita is:


- (40) *bevare seeman, derde offisier, drie en twintig, eerste minister, eerste offisier, goeie cholesterol, hoof mediese beampte, laer hof, Parkinson se siekte, polities korrek, regstellende aksie, slegte cholesterol, twee derdes, Wet van Ohm.*

Die items in (40) is nie bloot kollokasies of los geskrewe variasies van vasgeskrewe komposita nie, maar geld as sodanig as volwaardige leksikale items aangesien hulle eenheidsbetekenis besit. Waar dit wel oor los geskrewe variante van vasgeskrewe komposita gaan, is dit Botha (1992: 35) se mening dat die losgeskrewe variant as multileksikale lemma opgeneem behoort te word indien dit 'n hoër gebruiksfrekwensie as die vasgeskrewe kompositum toon.

Multileksikale leksikale items word onbevredigend in Afrikaanse vertalende woordeboeke hanteer, daarin dat dié items nie voldoende lemmastatus geniet nie, maar gewoonlik as brontaalkoteksinskrywings in die koteksafdeling van ander artikels geld. Hierdie onaanvaarbare prosedure kom in hoofstuk 4 aan bod, en in hoofstuk 5 word 'n prosedure voorgestel waarvolgens multileksikale leksikale items hulle regmatige plek as lemmata in die makrostruktuur van Afrikaanse vertalende woordeboeke kan inneem.

### **3.5 Perspektief**

Die lemma is die primêre bewerkingsseenheid in die vertalende woordeboek. Met die oog op die bespreking van konteksleiding in hoofstuk 4 was dit dus nodig om die geldende terme en prosedures met betrekking tot lemmata uit te klaar.



# **HOOFSTUK 4**

## **ANALISE:**

### **'N EVALUERING VAN KONTEKSLEIDING IN AFRIKAANSE VERTALENDE WOORDEBOEKE**

#### **4.1 Inleiding**

In hoofstuk 1 is aangetoon dat 'n vertalende woordeboek na kommunikatiewe ekwivalensie (i.t.v. Gouws 1996) moet streef. Hierdie doel kan slegs bereik word indien die woordeboek sodanig beplan en saamgestel word dat die teikengebruiker deur 'n verskeidenheid doelmatige datakategorieë wat in bepaalde inskrywingstipes in die woordeboek neerslag vind, gelei word om die kommunikatief gepaste ekwivalent(e) vir die diskoerskonteks waarbinne hy/sy (vir die doel van die betrokke teks) verkeer te selekteer en insgelyks gepas aan te wend. Verder is gewys op die probleem dat Afrikaanse vertalende woordeboeke in hierdie opsig gebrekkige leiding aan die gebruiker voorsien. Uit die literatuur blyk dit dat die aangewese oplossing vir hierdie probleem die aanbod van ekwivalentdiskriminerende inskrywings benewens die vertaalekwivalente in die woordeboek is. Hierdie soort inskrywings ondersteun oorwegend die kommunikasie-georiënteerde funksies van die woordeboek (vgl. 2.2.1.3), en moet binne 'n werkbare paradigma aangebied word. So 'n paradigma blyk dié van *konteks* te wees.

Die doel van hierdie hoofstuk is om te fokus op die funksies (en funksionaliteit) van die inskrywings wat binne die paradigma van konteks in die vertalende woordeboek aangebied word om die gebruiker in die genoemde instansies ter wille te wees. Aanvanklik word die rasionaal vir hierdie paradigma aangebied soos wat dit uit die literatuur afgelei kan word. Vervolgens word die konsepte *konteks*, *kontekstualisering* en *konteksleiding* afgebaken en tipes kontekstualiserende inskrywings op preteoretiese basis aan die hand van die literatuur geïdentifiseer en geklassifiseer. Hierby word die makrotekstuele verspreiding van dié inskrywings betrek.

Daarna word om die beurt op elke tipe kontekstualiserende inskrywing gefokus ten einde die spesifieke aard en ware funksie daarvan vas te stel. Dié taak vereis die inagneming van die ekwivalentverhoudinge waarin lemmata tot vertaalekwivalentparadigmas en individuele vertaalekwivalente onderskeidelik staan. Die insigte wat hieruit bekom word, kan vervolgens aangewend word om bestaande Afrikaanse vertalende woordeboeke te evalueer en uiteindelik (in hoofstuk 5) 'n model vir effektiewe konteksleiding as 'n produk van die analise wat in hierdie hoofstuk aangepak word, aan die hand te doen.



Dit sal ook duidelik word dat die verskillende tipes mikrostrukture en variasies in toegangstrukture wat in 'n vertalende woordeboek kan geld 'n bepalende invloed op die aanbieding van konteksleiding het, maar dat die aanbod van konteksleiding binne die parameters van die doel en funksies van die woordeboek insgelyks die mikrostrukture en toegangstrukture bepaal.

Evaluering word telkens teen die agtergrond van die besprekings in hoofstukke 2 en 3 gedoen, dit wil sê met inagneming van die ware doel en funksie van die algemene vertalende woordeboek met die fokus op gebruikersvriendelikheid, en die elemente en substrukture waaruit die makrostruktuur bestaan. Evaluering veronderstel die toepassing van 'n norm of 'n stel norme. Daarom sal telkens ook die toepaslike norme geïdentifiseer word.

#### **4.2 Die rasionaal vir konteksleiding**

Die nut, en inderdaad essensiële behoefte aan ekwivalentdiskriminerende inskrywings in vertalende woordeboeke word duidelik uit die volgende opmerkings deur Al-Kasimi (1977: 63):

- (41) a. Nida expressed the fluid and inconsistent nature of meaning of words in his three fundamental semantic presuppositions:
- (i) No word (or semantic unit) ever has exactly the same meaning in two different utterances.
  - (ii) There are no complete synonyms within a language.
  - (iii) There are no exact correspondences between related words in different languages.
- b. Absolute equivalents which have exactly the same semantic and grammatical function in both languages [which are paired off in a bilingual dictionary] are rare.

Hieruit vloei die volgende resoluie (Al-Kasimi 1977: 68):

- (42) The bilingual dictionary should provide meaning discriminations which enable the user to select the appropriate equivalent or the proper sense of an equivalent. And unless the problem of meaning discrimination is solved systematically, the bilingual dictionary cannot be a dependable guide to the proper equivalents.

Die gevolg is dat dit as een van die vertalende leksikograaf se primêre doelwitte beskou word om in sy/haar woordeboek 'n aanbod te bewerkstellig wat die ondubbelsinnige interpretasie van die aangebode inligting deur die teikengebruiker sal bewerkstellig (vgl. Gouws 2000: 40). Roberts (1990: 219) verwoord hierdie vereiste as volg:

- (43) [I]t is no longer deemed sufficient to provide only translation equivalents for some language headwords, accompanied by an occasional example; it is now considered highly desirable to provide semantic and stylistic discrimination of equivalents, detailed grammatical information, and collocational specifications for each headword and even for each sense division of the headword.

Die vereiste is egter meer as “highly desirable” vir ’n vertalende woordeboek wat ten doel het om kommunikatiewe ekwivalensie te bewerkstellig – dit is uiters noodsaaklik. Kromann et al. (1991: 2724) beskou die afwesigheid van ekwivalentdiskriminerende inskrywings in vertalende woordeboeke tereg as “one of the ancient and deadly sins of translation lexicography”.

Die vraag is binne watter paradigma ekwivalentdiskriminerende inskrywings in die woordeboek aangebied behoort te word. Uit Gouws (1989: 160-161) se beskrywing van die status en funksie van die vertaalekwivalent in die vertalende woordeboek kan dié vraag beantwoord word. Die beskrywing lui as volg:

- (44) Die status van ’n vertaalekwivalent is dat dit ’n leksikale item uit die doeltaal is wat *in sekere vasgestelde kontekste* gebruik kan word om die lemma mee te vertaal. Die semantiese funksie van ’n vertaalekwivalent is dus dat dit ’n aanduiding moet gee van die betekeniswaarde wat ’n gegewe lemma *in ’n spesifieke konteks* het, deur aan te toon hoe daardie spesifieke betekeniswaarde in die doeltaal geleksikaliseer word [my kursivering – HLB].

Vertaalekwivalente gee dus semantiese inligting weer, en as sodanig is hulle *konteksafhanklike* woordeboekinskrywings (vgl. Gouws 1989: 161). Indien die leksikograaf duidelikheid kan kry oor die aard en rol van die geldende kontekste waarbinne spesifieke vertaalekwivalente gebruik kan word om lemmata mee te vertaal, kan hy/sy dié inligting aanwend om die woordeboekgebruiker sistematies te rig in sy/haar seleksie van die gepaste vertaalekwivalente, met ander woorde die ekwivalentdiskriminerende inskrywings wat die leksikograaf aanwend, verkry *kontekstuele* inhoude. Daar is dus van *konteksleiding* sprake wanneer ekwivalentdiskriminerende inskrywings binne hierdie paradigma aangebied word. Gouws (2000: 41) erken die belangrikheid hiervan deur kontekstualisering as ’n kritiese faktor te beskou wanneer die kommunikatiewe sukses van ’n vertalende woordeboek bepaal word.

Dit is moontlik om ekwivalentdiskriminerende inskrywings binne ’n ánder paradigma as dié van konteks aan te bied. In die *Super blokraaiselwoordeboek* (Pansegrouw 1995) word die volgende artikel aangebied:

(45) **ent** afstand, end, entplek, gedeelte, immuniseer, inokulasie, (in)okuleer, smetstof, stuk, uiteinde, vaksinasiemerk, ver

Dié woordeboek kan as 'n intratalige vertalende woordeboek beskou word (vgl. Louw 1991: 117). Ten einde die teikengebruiker (die blokraaiselspeler) te help om (makliker) die gepaste ekwivalent vir die betrokke raaisel te vind wat tot die naslaanproses aanleiding gegee het, kan die leksikograaf die artikel in (4) aanpas om soos volg daar uit te sien:

(46) **ent** afstand (7), end (3), entplek (7), gedeelte (8), immuniseer (10), inokulasie (10), (in)okuleer ((9) 7), smetstof (8), stuk (4), uiteinde (8), vaksinasiemerk (14), ver (3)

Die leksikograaf kan selfs afsien van die oorhoofse alfabetiese ordening van ekwivalente, en die woordeboekartikel soos volg struktureer:

(47) **ent** [3] end, ver, [4] stuk, [7] afstand, entplek, okuleer, [8] gedeelte, smetstof, uiteinde, [9] inokuleer, [10] immuniseer, inokulasie, [14] vaksinasiemerk

Die ekwivalentdiskriminerende inskrywings in (46) en (47) val nie binne die paradigma van *konteks* (soos in (44) geformuleer) nie (omdat sodanige paradigma nie die teikengebruiker in die betrokke gebruikssituasie van hulp sal wees in die seleksie van die gepaste ekwivalent nie), maar binne die paradigma van *die aantal letters waaruit elke ekwivalent bestaan*. Die blokraaiselwoordeboekopsteller wat die doel van sy woordeboek, sy teikengebruiker se behoeftes en die tipiese gebruikssituasie in ag neem, sal weet dat die keuse van 'n ekwivalent by die invul van 'n blokraaisel primêr deur die aantal letters waaruit die ekwivalent bestaan, bepaal word. Dit wil nie sê dat die aangebode ekwivalente in (45), (46) en (47) nie konteksafhanklik is nie – die ekwivalente is juis konteksafhanklik in dié sin dat hulle almal gedeeltelike sinonieme is van die (verskillende homonimiese) leksikale items wat deur die lemma verteenwoordig word, net dat die paradigma waarbinne hulle van mekaar onderskei word vir die doel waarvoor die gebruiker die woordeboek raadpleeg, nie dié van *konteks*, soos tipies verstaan, is nie. In dié voorbeelde funksioneer die inskrywings wat die aantal letters spesifiseer eerder as *konteksbepalers*.

Die paradigma waarbinne ekwivalentdiskriminerende inskrywings in 'n vertalende woordeboek aangebied word, word dus deur die ware doel en funksie van die woordeboek bepaal.

Vervolgens is dit nodig om die konsepte *konteks*, *kontekstualisering* en *konteksleiding* af te baken.

### 4.3 Konteks, kontekstualisering en konteksleiding

In hierdie afdeling word gepoog om antwoorde op die volgende vrae te voorsien:

- (48) a. Wat moet onder die terme *konteks*, *kontekstualisering* en *konteksleiding* verstaan word?  
b. Watter tipes kontekste bestaan ten opsigte van 'n algemene vertalende woordeboek?  
c. Hoe vind die kontekste ter sprake in b. in die relevante woordeboeke neerslag?

Van Sterkenburg (2003: 393) definieer die term *konteks* as volg:

- (49) the words, sentences or texts that come before and after a particular lexeme considered relevant to make its meaning clear.

Hoewel die definisie in (49) voldoende kan wees vir toepassing op verklarende woordeboeke, is dit te eng vir toepassing op vertalende woordeboeke, aangesien dit by vertalende woordeboeke in die eerste plek gaan oor die voorsiening van vertaalekwivalente, en nie die verklaring van betekenis nie (vgl. 2.2).<sup>18</sup> Crystal (1991: 78-79) voorsien vier definisies van die term *konteks*, waarvan twee bruikbaar is vir die doel van hierdie bespreking:

- (50) a. A general term used in linguistics and phonetics to refer to specific parts of an utterance (or text) near or adjacent to a unit which is the focus of attention. The occurrence of a unit (e.g. a sound, word) is partly or wholly determined by its context, which is specified in terms of the unit's relations, i.e. the other features with which it combines as a sequence. The everyday sense of the term is related to this, as when one 'puts a word in context,' in order to clarify the meaning intended, as in dictionary entries. Providing a context in this way is referred to as **contextualisation**. [...] Some scholars use the term *co-text* [...].
- b. A term referring to the features of the non-linguistic world in relation to which linguistic units are systematically used. The term *situation* is also used in this sense, as in the compound term **situational context**. In its broadest sense, situational context includes the *total* non-linguistic background to a text or utterance, including the immediate situation in which it is used, and the awareness by the speaker and hearer of what has been said earlier and of any relevant external beliefs or presuppositions. Further distinctions are usually made in semantics and stylistics, distinguishing, for example, referential and emotive meaning from **contextual meaning**, i.e. information is signalled about the kind of use a linguistic unit has in its social context, e.g. whether it has a 'restricted' use (as in social pleasantries, or religious settings), or how it relates to such factors as age, sex or class of the speakers.


---

<sup>18</sup> Dit wil nie sê dat betekenisinligting glad nie in die vertalende woordeboek (mag) voorkom nie, vgl. 4.4.

Die definies in (50)a kom ooreen met dié in (49), maar in (50) word die belangrike onderskeid tussen linguistiese konteks (ook *koteks* genoem) en buitetalige konteks getref. Beide hierdie vorme van konteks speel 'n rol in die leiding wat aan die gebruiker verskaf moet word ten einde hom/haar in staat te stel om die korrekte vertaalekwivalent te kies. Kharma (1984: 199) onderskei tussen die vergelykbare “context of situation” en “linguistic or verbal context”. Jarošová (2000: 18) omskryf *koteks* as “the environment in which the lemma is correlated with the particular equivalent,” wat vergelykbaar is met Gouws se formulering oor die aard van die vertaalekwivalent in (44). Hierdie inligting kan gekonsolideer word om die volgende werksdefinisie voor te stel:

- (51) In terme van die standaard vertalende woordeboek verwys die term *koteks* na die linguistiese omgewing/konteks (soos in (50)a omskryf) én die buitetalige of pragmatiese omgewing/konteks (soos in (50)b omskryf) waarbinne 'n bepaalde brontaallemma met 'n doeltaalekwivalent gekoördineer word.

Die verhouding tussen *koteks*, *linguistiese omgewing* en *pragmatiese omgewing* kan soos volg uitgebeeld word:



**Figuur 12: Die verhouding tussen konteks, linguistiese omgewing en pragmatiese omgewing**  
 Notasiekonvensie: (*van bo na onder / van onder na bo*): \_\_\_ lees val uiteen in / behoort tot

In terme van die bostaande definisie kan nou ook 'n definisie vir die term *kontekstualisering* voorgestel word:

- (52) *Kontekstualisering* vind plaas wanneer die leksikograaf die vasgestelde konteks (soos in (51) bedoel) waarbinne 'n bepaalde vertaalekwivalent gebruik kan word om die lemma mee te vertaal deur middel van 'n bepaalde inskrywing in die woordeboek ekspliseer met die doel om die woordeboekgebruiker te help om die gepaste ekwivalent uit die aangebode vertaalekwivalentparadigma vir 'n betrokke situasie te selekteer en (waar nodig) korrek aan te wend.

*Kontekstualisering* word hier dus wyer geïnterpreteer as wat Crystal (1991: 78-79) dit toepas: Die term het betrekking op én die linguistiese omgewing én die pragmatiese omgewing. Na aanleiding van die definisie in (52) kan die term *konteksleiding* soos volg gedefinieer word:

- (53) *Konteksleiding* vind plaas wanneer 'n bepaalde inskrywing deur die leksikograaf aangewend word met die doel om óf 'n lemma óf 'n vertaalekwivalent óf beide te kontekstualiseer (soos in (52) bedoel), en daardie inskrywing vervul dié funksie (suksesvol) tydens die naslaanproses.

Volgens Wiegand (1988: 548) is die rekonstruksie van gesoekte inligting uit die leksikografiese data (m.a.w. die interpretasie deur die gebruiker van die aangebode inligting in die woordeboekartikel) van 'n groot aantal veranderlikes afhanklik, wat daartoe kan lei dat bepaalde inskrywings heel ander funksies bekom as dié wat die leksikograaf daaraan toeken. Hierdie verskynsel motiveer die onderskeid tussen *datakategorieë* en *inligtingskategorieë* in leksikografiese tekste: eersgenoemde verteenwoordig die funksie(s) wat die leksikograaf aan 'n bepaalde inskrywing toeken; laasgenoemde verteenwoordig die inligting wat die woordeboekgebruiker uit dieselfde inskrywing kry, en wat nie noodwendig kongruent is aan die funksie(s) wat die leksikograaf aan die inskrywing toegeken het nie. Ten opsigte van *kontekstualisering* en *konteksleiding* is dit dus moontlik dat die woordeboekgebruiker ánder inligting uit 'n inskrywing wat die leksikograaf as kontekstualisering aanbied, kan bekom (en dan geld kontekstleiding nie), maar ook dat die woordeboekgebruiker *konteksleiding* kan verkry uit 'n inskrywing wat die leksikograaf nie as kontekstualisering aanbied nie. Gevolglik kan die definisie in (53) slegs as 'n gedeeltelike verklaring van die term *konteksleiding* beskou word – 'n sekondêre definisie moet bygevoeg word:

- (54) *Konteksleiding* vind ook plaas wanneer 'n bepaalde inskrywing deur die leksikograaf aangewend word vir enige funksie behalwe kontekstualisering (soos in (52) bedoel), maar die woordeboekgebruiker nogtans deur dié inskrywing gehelp word om die gepaste ekwivalent in 'n aangebode doeltaalekwivalentparadigma vir 'n betrokke situasie te selekteer en (waar nodig) korrek aan te wend.

Vir die doel van hierdie studie sal slegs die primêre interpretasie van die term *konteksleiding* geld, dit wil sê daardie interpretasie wat gelyk te stel is aan die interpretasie van die term *kontekstualisering*. Die terme sal afwisselend na gelang van styl gebruik word.

#### 4.4 Tipos kontekstualiserende inskrywings

Iannucci (1967: 201-203) en Al-Kasimi (1977: 70-71) onderskei die volgende soorte betekenis- en ekwivalentdiskriminerende inskrywings wat in die vertalende woordeboek kan voorkom:

- (55) a. *Punktuasie* bied 'n soort negatiewe diskriminasie, deurdat polisemiese onderskeiding binne die doeltaalekwivalentparadigma deur middel van kommapunttekens aangedui word, terwyl sinonimiese ekwivalente binne 'n doeltaalsinoniemparadigma deur middel van kommas van mekaar onderskei word.
- b. *Woordklasaanduiding* differensieer vertaalekwivalente ten opsigte van die verskillende woordsoortelike funksies waarin hulle die lemma in 'n vertaling kan vervang.
- c. Formele definisies (*betekenisbeskrywings*) word aangewend om polisemiese waardes van lemmata te differensieer.
- d. *Kontekswoorde* of *-frases* lig die konteks uit waarbinne 'n vertaalekwivalent wat daardeur bepaal word, optree.
- e. *Leksikografiese etikette* word gebruik om óf die lemma, óf 'n bepaalde vertaalekwivalent, óf die lemma én 'n aangebode vertaalekwivalent vir 'n bepaalde konteks te merk.
- f. *Voorbeeldsinne* of *-frases* kan ook 'n bepaalde vertaalekwivalent kontekstualiseer.

Volgens Wiegand (1990: 34) moet die kommapunte wat vertaalekwivalente vir verskillende polisemiese waardes van die lemmateken onderskei en kommas wat sinonimiese ekwivalente van mekaar onderskei binne die teorie van leksikografiese tekste nie as leestekens beskou word nie (omdat die normale funksies van kommapunte en kommas nie geld nie), maar as homonieme van die betrokke leestekens. Hierdie siening maak die ongekwalfiseerde toepassing van die term *punktuasie* onbruikbaar. Die “;” wat vertaalekwivalente vir die verskillende polisemiese waardes van die lemmateken onderskei, word 'n *polisemie-aanduiding* genoem (Wiegand 1996b: 5; vgl. 1.3), en die “,” wat vertaalekwivalente binne 'n doeltaalsinoniemparadigma onderskei, word 'n *nietipografiese struktuurmerker*, spesifiek 'n *verdelingsmerker* genoem, waarvan die doel is om die woordeboekartikel se struktuur te ekspliseer deur duidelik identifiseerbare soeksone af te baken (Wiegand 1990: 34; vgl. 4.7.2.1). Die merkers “;” en “,” in die doeltaalekwivalentparadigmas van vertalende woordeboeke soos die GW, TW, AEW en RD word dus gediskwalifiseer as kontekstualiserende inskrywings, aangesien die inskrywings se ware funksies is om die artikelteks te struktureer, en nie om kommentaar op vertaalekwivalente as sodanig te lewer nie.

In die GW, TW, AEW en RD word woordklasaanduiding slegs aangebied indien 'n lemma meerkonvensioneel ten opsigte van woordklas is. Volgens Wiegand (1988: 567) vervul die aangawe van woordklas twee funksies: eerstens voorsien dit grammatiese inligting ten opsigte van die daaropvolgende ekwivalente, en tweedens beperk dit die bereik van voorafgaande inskrywings wat grammatikale inligting weergee oor die woordsoortlike funksie wat die nuwe woordklasaangawe voorafgaan. Die aanduiding van woordklas geld dus nie as 'n ekwivalentdiskriminerende datakategorie nie, hoewel dit as ekwivalentdiskriminerende inligtingskategorie kan optree, soos in die volgende artikel in die GW:

(56) **subliminal**, (n) onderbewussyn; (a) onderbewus

Die woordklasaanduidende inskrywings “(n)” en “(a)” tree hier slegs insidenteel ekwivalentdiskriminerend op; dit word duidelik as die volgende artikel uit die GW beskou word, waarin die woordklasaanduidende inskrywings geen ware ekwivalentdiskriminerende funksie kan vervul nie:

(57) **flake**<sup>3</sup>, (n) vlok; vonk; skilfer; flentertjie; snyssel, stukkie; laag, blad; ~ *of ICE*, ysskots; ~ *of SNOW*, sneeuvlok; (v) in vlokke val; afskilfer; streep; in dun blaai afbreek; skoonmaak; plus; ~ *d FISH*, vlokkies vis, gevlokte vis; ~ *OFF*, afskilfer [...]

Inskrywings wat woordklas aandui, word op grond van funksie derhalwe gediskwalifiseer as ekwivalentdiskriminerende en gevolglik kontekstualiserende inskrywings (vgl. 4.6.1.2.2.4.1).

Die diskwalifikasie van “puntuasie” en woordklasaanduiding as kontekstualiserende inskrywings laat slegs betekenisverklarings, kontekswoorde of -frases, leksikografiese etikette en voorbeeldsinne of -frases.

Die aanwending van betekenisverklarings verteenwoordig die eksplisering van die fundamentele konteks waarbinne vertaalekwivalente met lemmata gekoördineer word, naamlik ooreenkoms in betekenis, oftewel semantiese ekwivalensie (i.t.v. Wiegand 2002: 246). Betekenisverklarings word dus as kontekstualiserende inskrywings beskou. Hierop word onder 4.7.1.1 uitgebrei.

Volgens Iannucci (1967: 202) het kontekswoorde en -frases die spesifieke doel om as betekenisdiskriminatore op te tree. Iannucci (1985: 61) onderskei tussen *betekenisdiskriminatore* en *vertaalkomplemente*, waar eersgenoemde die betekenis van die lemma waaraan dit geadresseer is



deur 'n woord of frase weergee, en laasgenoemde bloot 'n bepaalde vertaalekwivalent grammaties voltooi. Vergelyk ter illustrasie die volgende uittreksel uit die GW:

(58) **depose'**, (onder eed) getuig, verklaar; afsit, ontslaan (uit 'n amp).

Die *Concise English Oxford Dictionary* (Pearsall 2001) ken die volgende polisemiese waardes aan die lemma **depose** toe:

- (59) a. 1 remove from office suddenly and forcefully  
b. 2 Law testify or give (evidence) on oath, especially in writing

Die vertaalekwivalent *getuig* word ten opsigte van die tweede polisemiese waarde van die lemma **depose** ((59)a) aangebied. Die tersaaklike polisemiese waarde van die leksikale item *getuig* word as volg in die HAT verklaar:

(60) 1 Getuienis aflê in 'n ondersoek of verhoor

Dit is duidelik dat terwyl die semantiese kenmerk [+ onder eed] 'n integrale deel van die betekenis van die leksikale item *depose* uitmaak, dit in terme van die HAT slegs 'n opsionele deel van die betekenis van die leksikale item *getuig* vorm, en dat dié deel buite konteks geaktiveer moet word deur die byvoeging van die bepaling *onder eed*. Na regte behoort dié bepaling nie tussen hakies in (58) te verskyn nie, omdat die volledige vertaalekwivalent *onder eed getuig* behoort te wees. In Iannucci se terme sal die inskrywing “(onder eed)” as *vertaalkomplement* beskou word, en sal die woordeboekartikel in (58) geen inskrywings ter verklaring van betekenisonderskeidings (d.w.s. betekenisdiskriminatorters) bevat nie. Hierdie soort aanbod is moontlik die produk van die woordgerigte neiging wat steeds in die Afrikaanse leksikografie gemanifesteer word.

Gouws (1989: 171) neem die term *vertaalkomplement* by Iannucci oor, maar gebruik dit “effens anders [...] as wat Iannucci voorstel deurdat dit eerder verwys na semantiese konteksleiding”. Hiervolgens sal die inskrywing “(uit 'n amp)” teenoor die vertaalekwivalent *ontslaan* in (59) as *vertaalkomplement* beskou word, aangesien die inskrywing die gepaste polisemiese waarde van die vertaalekwivalent aan die gebruiker duidelik stel, soos wat blyk uit die verklaring van die lemmateken **ontslaan** in die HAT:

(61) a. 1 Los-, vrylaat uit gevangenskap

- b. 2 Nie langer in diens hou nie; afdank, in die pad steek
- c. 2 [sic] (*met* van) Vrystel, onthef van

Die vertaalkomplement “(uit ’n amp)” identifiseer tereg die tweede polisemiese waarde ((61)b) van die leksikale item *ontslaan* as dié waarde in welke pragmatiese konteks *ontslaan* as vertaalekwivalent vir die brontaalitem *depose* gebruik kan word. Die bepaling *onder eed* by die vertaalekwivalent *getuig* sal hiervolgens bloot as opsionele deel van die vertaalekwivalent beskou word (indien die leksikograaf die bewerking as sodanig kan verdedig), en nie as vertaalkomplement nie.

Zgusta (1971: 329, 331, 336-340) onderskei tussen *glosse*, *etikette* en *voorbeelde* as kontekstualiserende inskrywings, en verdeel *glosse* later in *verklarende* en *beperkende glosse* (Zgusta 1987: 6). Roberts (1990: 226) gebruik ook die term *glos*. Svensén (1993: 146-148) onderskei tussen *gebruiksvoorbeelde*, *metalinguistiese inligting* en *ensiklopediese inligting* as tipes inskrywings wat die gebruiker kan help om die gepaste ekwivalent uit die aangebode doeltaalekwivalentparadigma te selekteer.


Terwyl teoretici soos Iannucci (1967, 1985), Al-Kasimi (1977) en Svensén (1993) hulle terme uit die perspektief van *betekenisdiskriminasie* met die doel om konteksleiding aan te bied, voorstel, wys Manley et al. (1988: 284) op die belangrike uitgangspunt dat een van die hoof funksies van die vertalende woordeboek diskriminasie tussen *ekwivalente* is, en nié tussen betekenis nie. Volgens hulle moet ’n vertalende woordeboek *ekwivalensiegestruktureerd* wees, en nie betekenisgestruktureerd nie (Manley et al. 1988: 299). Dit hou in dat die inskrywings in die artikels in ’n vertalende woordeboek sowel as die struktuur van daardie artikels in die eerste plek daarop gerig moet wees om aan die gebruiker bruikbare vertaalekwivalente te voorsien, en nie om betekenis te beskryf nie. In hierdie verband meld Gouws (1996: 27-28) dat die beginsel van betekenisdiskriminasie wat in verklarende woordeboeke toegepas word, in vertalende woordeboeke vervang behoort te word deur die beginsel van ekwivalentdiskriminasie, hoewel hierdie benadering nie die aanbod van semantiese inligting in vertalende woordeboeke negeer nie.

Manley et al. (1988) lewer verder kommentaar op die oënskynlik onaanvaarbare mengelmoes van terme wat in die literatuur voorgestel word om tipes kontekstualiserende inskrywings te beskryf en poog om dit op te ruim deur hulle eie terme voor te stel: die terme is naamlik *glosse* (wat Gouws se *vertaalkomplemente*, Iannucci en Al-Kasimi se *kontekswoorde en -frases*, Zgusta se *beperkende glosse*, Roberts se *glosse* en Svensén se *gebruiksvoorbeelde* en *ensiklopediese inligting* omvat) en

*etikette*. Hierdie twee klasse inskrywings word *diskriminators* genoem (Manley et al. 1988: 290). Grammatiese inligting en voorbeelde word laastens onderskei. Manley et al. (1988) se terminologie maak nie vir betekenisverklarings voorsiening nie.

Vervolgens word bepaal watter tipes kontekstualiserende inskrywings in die GW, TW, AEW en RD voorkom ten einde 'n klassifikasie vir Afrikaanse vertalende woordeboeke daar te stel. Vergelyk die volgende verteenwoordigende uittreksels uit die GW in (62):

- (62) a. **perceiv'ing**, skerpsienende; skerp; waarnemend; skran-  
der, skerpsinnig.  
**percen'tage**, persentasie; persentsgewys(e); *on a ~*  
*BASIS*, persentsgewys(e); *BY ~s*, persentsge-  
wys(e); ~ **point**, persentasiepunt; ~ **error**,  
persentasiefout.
- Percentage point refers to a (decimal) part of a percentage, e.g. if inflation rises by one percentage point (say from 10 to 11%), the actual percentage rise is 10%, while the rise in percentage points is 1%.
- per'cept**, die waarneembare; waargenomene; waarne-  
ming.  
**perceptibil'ity**, waarneembaarheid, merkbaarheid,  
aanskoulikheid.  
**percep'tible**, waarneembaar, merkbaar, duidelik,  
aanskoulik.  
**percep'tion**, waarneming, persepsie, besef, gevoel; in-  
vordering; insig, begrip; inning, ontvangs, toe-eie-  
ning (*jur.*).  
**percep'tive**, opmerkzaam; waarnemings-, gewaar-  
wordings-; ~ **faculty**, waarnemingsvermoë.  
**percept'iveness**, **perceptiv'ity**, waarnemingsvermoë,  
insig.  
**percept'ual**, waarnemings-, perseptueel.  
**perch<sup>1</sup>**, (n) baars (*vis*).  
**perch<sup>2</sup>**, (n) (-es), (dwars)stokkie (in 'n voëlkou);  
slaapstok (hoender); sitplek; veilige plek; roede (5½  
jt.); langwa (voertuig); *HOP the ~*, bokveld toe  
gaan; *KNOCK off one's ~*, uitstof; kalfloop; *the  
bird TAKES its ~*, die voël stryk neer (gaan sit); (v)  
op 'n stok sit (hoender); neerstryk (voël); hoog en  
droog sit; ~ *ed on a hill*, op 'n koppie geleë; ~er,  
takslaper, voël wat op 'n tak slaap.
- b. **habeas corp'us**, *habeas corpus* (bevelskrif om 'n ge=  
vangene voor die hof te bring).



In die uittreksel in (62)a is dit duidelik dat die vertaalekwivalente wat vir die lemma **perceiving** aangebied word van geen kontekstualiserende inskrywings voorsien is nie.<sup>19</sup> Die woordeboekartikel van die lemma **percentage** bevat twee voorbeeldfrases met vertaalekwivalente, naamlik “*on a ~ BASIS*, persentasiegewys(e)” en “*BY ~s*, persentsgewys(e)”. Hierdie konstruksies verteenwoordig kollokasies en word aangebied met die doel om die gebruiker te help met die aanwending van die lemma of 'n vertaalekwivalent tydens teksproduksie. Tussen die lemmata **percentage error** en **percept** verskyn 'n ingevoegde binneteks (vgl. Louw & Gouws 1996: 96-99), wat verdere ensiklopediese en gebruiksinligting oor die lemma **percentage point** verstrek. Die woordeboekartikels van die lemmata **percept**, **perceptibility** en **perceptible** bevat geen kontekstualiserende inskrywings nie. Die laaste vertaalekwivalent in die woordeboekartikel van die lemma **perception** word deur middel van 'n leksikografiese etiket “(*jur.*)” gekontekstualiseer, wat daarop wys dat die betrokke vertaalekwivalent (*toe-eiening*) binne die regs konteks as 'n vertaalekwivalent van dié lemma geld. Die vertaalekwivalent wat vir die lemma **perch<sup>1</sup>** aangebied

<sup>19</sup> Die aan- of afwesigheid en kwaliteit van konteksleiding word nie hier beoordeel nie.

word, en 'n aantal van die vertaalekwivalente in die woordeboekartikel van die lemma **perch**<sup>2</sup> word deur middel van glosse gekontekstualiseer. Die vertaalekwivalent (*dwars*)*stokkie* word van die glos “(in 'n voëlkou)” voorsien om die pragmatiese konteks aan te dui waarbinne dié ekwivalent die geldende ekwivalent vir die lemma **perch** is, ens. Die artikel van **perch**<sup>2</sup> bevat ook twee voorbeeldfrases met vertaalekwivalente, naamlik “*the bird TAKES its ~*, die voël stryk neer (gaan sit)” en “*~ed on a hill*, op 'n koppie geleë”. Eersgenoemde is 'n kollokasie, en laasgenoemde kan as 'n “vrye” sintagma beskou word waardeur 'n vertaalekwivalent (*geleë*) aangebied word. (Hier geld ooradressering tussen die koteksafdeling en die vertaalekwivalentparadigma, vgl. 4.6.2.) Die ander inskrywings wat die voorkoms van voorbeeldfrases vertoon, is vaste uitdrukkings; hulle geld dus nie as kontekstualiserende inskrywings nie en behoort na regte lemmastatus te geniet (vgl. 3.4.2.2.3). In die artikel van die lemma **habeas corpus** in (62)b word, naas die vertaalekwivalent wat kongruent aan die lemma is, die betekenisverklaring *bevelskrif om 'n gevangene voor die hof te bring* voorsien om die betekenis van die lemma (en die vertaalekwivalent) aan die gebruiker duidelik te maak. Die betekenisverklaring in die doeltaal verskyn in die normale artikelposisie van glosse (vgl. 4.6.1.3).

(63)

**WOORDE IN AKSIE**

**deist|theist**

Beide die *deist* en die *theist* glo in God. Eersgenoemde glo egter nie dat God Hom aan die mens openbaar nie, en ook nie dat 'n persoonlike verhouding met God moontlik is nie, terwyl laasgenoemde dit meestal wel glo.

**deify** v. vergoddelik (fâRcho'dâlâk) exalt to divine rank, personify as a god; **vereer** (fâReer') worship, idolise; **aanbid** (unbât') adore, idolise (e.g. a person).  
**dejected** a. neerslagtig (neeRsluch'tâch) depressed, despondent, downcast, disconsolate, in low spirits; **bedruk** (bâdRâk') depressed, heavy-hearted, down in the dumps; **moedeloos** (moo'dâloows) crestfallen, despondent, disheartened; **terneergedruk** (tâRneeR'châdRâk) and (unus.) **terneergeslae** (tâRneeR'châsluâ) downhearted, depressed, downcast; **mistroostig** (mâstRoows'tâch) sick at heart, sad; **verslae** (fâRsluâ) downcast, downhearted, low-spirited; **bek-af** (bek'uf) down in the dumps, crestfallen; **triestig** (tRis'tâch) gloomy, dismal, miserable; **troosteloos** (tRoows'tâloows) disconsolate, inconsolable, forlorn; **hangkop** (hung'kop) hangdog, downcast, dejected.

oorspronging, oopsplitsing; gaping, skeur. **dehiscent** oopbarstend, oopspringend; ~ *fruit* splitvrug.  
**dehorn**' horings verwyder of afsaag; onthoring. **dehorn'ed cattle** onthoringde beeste; poenskoppe, poenskop beeste. **dehorn'er** onthoornier. **dehorn'ing** onthoorning. **dehorn'ing paste** onthoorningsalf.  
**dehum'anise**, -ize ontmens, verdierlik, tot 'n dier maak. **dehumanisa'tion**, -isa'tion ontmens(lik)ing, verdierliking.  
**dehumid'ify** ontvog(tig). **dehumidifica'tion** ontvog(tig)ing. **dehumid'ifier** ontvog(tig)er.  
**dehuak'** (uit)dop; (af)dop, pel; ~ *maize* mielies afmaak. *Vid. husk* v.  
**dehyd'rate** ontwater, water onttrek, dehydr(at)eer, anhidreer. **dehyd'rant** wateronttrekkende middel. **dehyd'ra'tion** ontwatering, wateronttrekking, dehidrasie, dehydr(at)ering, dehidra(ta)sie. **dehyd'rator**, **dehydrat'or** ontwateraar, ontwatertoestel.  
**dehydro'genate**, **dehydro'genise**, -ize dehidrogeneer. **dehydrogen(is)a'tion**, -(iz)a'tion dehidrogenering, dehidrogenasie.  
**de-ice**' ontys. **de-ic'er** ontysier, ysbestryder.  
**de'icide** godsmoord; godsmoordenaar.  
**deic'tic** aanwysend, deikties.  
**de'ify** vergoed; vergoddelik; vereer, aanbid. **deifica'tion** vergodding; vergoddeliking. **de'ifier** vergoder. **de'iform** goddelik van gedaante.  
**deign** (sig) verwerdig, toelaat.  
**Deir'dre** Deirdre.  
**de'ist** n. deis. **de'ist a.**, **deist'ic(al)** deïsties. **de'ism** deïsme. **de'ity** godheid; goddelikheid.  
**deject'** neerslagtig maak, ontmoedig. **deject'a** (mv.) uitwerpsels (*med.*). **deject'ed** neerslagtig, bedruk, moedeloos, terneergedruk, terneergeslae, mistroostig, verslae, bek-af, triestig, troosteloos, hangkop. **deject'edly** kop-onderstebo. **deject'ion** neerslagtigheid, bedruktheid, terneergedruktheid, mistroostigheid, moedeloosheid, verslaen(t)heid; (terneer)geslaenheid; ontlasting (*med.*).  
**de ju're** (*Lat.*) de jure, van regsweë.  
**dek'a-** *vid. deca-*.  
**dek'ko dekkos**, (*sl.*) kykie.  
**delab'lalise**, -ize ontrond (*fon.*). **delabialisa'tion**, -isa'tion ontronding.  
**delact'a'tion** spening; droog word (*van moeder*).

In (63) verteenwoordig die regterkantste kolom die primêre makrostruktuur in die RD wat die woordeboekartikels bevat. Leksikografiese etikette kom voor in die artikels van die lemmata **dejecta**, **dejection**, **de jure**, **dekko** en **delabialise**: die vertaalekwivalente *uitwerpsels* en *ontlasting* word gemerk as ekwivalente binne die konteks van mediese vaktaal; by die lemma **de jure** word aangedui dat dié lemma uit Latyn afkomstig is; die vertaalekwivalent *kykie* in die artikel van die lemma **dekko** word as behorende tot slengtaal gemerk; die vertaalekwivalent *ontrond* word gemerk as behorende tot die vaktaal van die fonologie. Die vertaalekwivalent *droog word* in die artikel van die lemma **delactation** van die glos *van moeder* voorsien om die pragmatiese konteks waarbinne dit as vertaalekwivalent geld, aan te dui. Die linkerkantste kolom bevat ingevoegde tekste: eerstens, ’n ingevoegde teks wat addisionele semantiese en gebruiksinligting oor die lemma **deist** onder die opskrif “WOORDE IN AKSIE” binne ’n tekskassie bevat (as deel van ’n sekondêre makrostruktuur); tweedens, elemente van ’n verdere sekondêre makrostruktuur waarin vertaalekwivalente soos *vergoddelik*, *vereer* en *aanbid* (wat in die primêre mikrostruktuur as vertaalekwivalente vir die lemma **deify** aangebied word) sowel as *neerslagtig*, *bedruk*, *moedeloos*, ens. (wat in die primêre mikrostruktuur as vertaalekwivalente vir die lemma **dejected** aangebied word) van uitspraakinsligting en terugvertalings voorsien word (vgl. Louw & Gouws 1996: 94-96; Gouws 1996: 29-30). Hierdie ingevoegde tekste vorm nie deel van die mikrostruktuur van die woordeboek of onmiddellike stukke van die sentrale lys nie, maar het ’n makrostrukturele optrede as deel van die supplementêre teks (Louw & Gouws 1996: 97). In teenstelling hiermee vorm die sogenaamde “tekskassies” in die *Tweetalige Aanleerderswoordeboek / Bilingual Learner’s Dictionary* (Du Plessis 1993) en *Basiswoordeboek van Afrikaans* (Gouws et al. 1994) telkens deel van die betrokke artikels en figureer dan as *ingevoegde binnetekste* (vgl. Gouws 1996: 23-24) – daar is dus nie in hierdie woordeboeke van ’n supplementêre teks sprake nie; vergelyk die onderstaande uittreksels uit *Basiswoordeboek van Afrikaans* in (64)a en *Tweetalige Aanleerderswoordeboek / Bilingual Learner’s Dictionary* in (64)b:

- (64) a. **oorhandig (het oorhandig)** ww. Wanneer 'n mens iets oorhandig, gee jy dit vir iemand. Die skoolhoof se vrou het die pryse by die prysuitdeling oorhandig. Hierdie dokumente moet persoonlik aan hom oorhandig word. Oorhandig 'n bietjie daardie briefie wat Susan nou net vir jou gegee het. Die oorhandiging van die nuwe seiljag aan sy bemanning vind vannaand om agtuur plaas. **oorhandiging**

**Oorhandig** is 'n taamlik formele woord. In die omgangstaal sal 'n mens nooit hoor: *Oorhandig daardie appel vir my, want ek is honger, nie, maar wel: Gee vir my die appel aan, want ek is honger.*

**oorhê (het oor, sal oorhê, het oorgehad, om oor te hê)** ww. Wanneer 'n mens iets oorhet, hou jy iets oor nadat jy gebruik het wat jy nodig gehad het. *Het jy dalk nog geld oor wat jy vir my kan leen, want teen die einde van die maand het ek gewoonlik niks meer oor nie. Sy het nog soveel materiaal oorgehad nadat sy die rok gemaak het dat sy nog 'n bloes ook daaruit kon maak.*

- b. **dogter** daughter, girl *My eldest sister is married and has one daughter/girl and two sons/boys.* My oudste suster is getroud en het een **dogter** en twee seuns.  
 **dog-ter** selfstandige naamwoord (meervoud **dogters**)

**dogter** slaan gewoonlik op iemand se kind en **meisie** op iemand wat jonger as 'n vrou is, maar die twee woorde is uitruilbaar wanneer jy praat van iemand wat nog op skool of wat kleiner en jonger as 'n meisie is: *skooldogter* of *skoolmeisie*, 'n oulike *dogtertjie* of *meisietjie*

**dogtertjie** ■ little girl *They have two children: a boy of eight and a little girl of four.* Hulle het twee kinders: 'n seun van agt en 'n **dogtertjie** van vier. ■ baby girl *My sister had a baby girl last week.* My suster het verlede week 'n **dogtertjie** gekry.

**dog-ter-tjie** selfstandige naamwoord (meervoud **dogtertjies**)

Op grond van die identifikasie van die tipes kontekstualiserende inskrywings wat in die GW, TW, AEW en RD voorkom, soos hierbo aangetoon, en dié voorafgaande bespreking, word kontekstualiserende inskrywings voorlopig soos volg geklassifiseer:

- (65) a. *Diskriminators*, waaronder
- i) *betekenisverklarings*,
  - ii) *glosse*, en
  - iii) *leksikografiese etikette*.



- b. *Koteksinskrywings* (d.w.s. voorbeeldsinne en -frases), waaronder
- i) *kollokasies* en
  - ii) *vrye sintagmata*.
- c. *Ingevoegde tekste*, waaronder
- i) *ingevoegde binnetekste* (soos “teksskassies” as deel van artikels) en
  - ii) *ingevoegde buitetekste* (soos illustrasieprente, wat buite artikelgrense funksioneer).

Die onderskeid tussen *diskriminators*, *koteksinskrywings* en *ingevoegde tekste* word voorlopig gemotiveer op grond van die tekstuele plasing van die inskrywings wat aan die onderskeie klasse behoort. *Diskriminators* tree in samehang met lemmata en vertaalekwivalente in die semantiese (sub)kommentaar op. *Koteksinskrywings* kan binne 'n nie-geïntegreerde mikrostruktuur in 'n afsonderlike integraat optree (vgl. 4.7.1.1.4), maar tree in elk geval binne die koteksafdeling op, wat

nie sonder meer vir diskriminators geld nie. Ingevoegde tekste tree óf binne, óf buite die primêre makrostruktuur en derhalwe óf artikelintern, óf artikelekstern op. Ingevoegde buitetekste moet van buitetekste onderskei word. Terwyl ingevoegde buitetekste in die sentrale teks optree (d.w.s. by die sentrale teks *ingevoeg* is), tree buitetekste óf voor die sentrale teks as voortekste, óf na die sentrale teks as agtertekste op (vgl. Gouws 2004).

Hoewel geen illustrasieprente in die GW, TW en AEW voorkom nie, en in die RD tot die agtertekste beperk is, word hulle potensieële optrede in die vorm van ingevoegde tekste as kontekstualiserende inskrywings in die sentrale teks erken en derhalwe by hierdie studie ingesluit.

#### **4.5 Die verspreidingstruktuur van kontekstualiserende inskrywings in die TW, GW, AEW en RD**

Volgens Gouws (2000: 4) vind ekwivalentdiskriminasie, en dus kontekstualisering, primêr op artikelinterne vlak plaas. Dit veronderstel dat kontekstualiserende inskrywings hoofsaaklik in die sentrale lys sal voorkom en die kommunikasie-georiënteerde funksies van die woordeboek sal ondersteun (vgl. Gouws & Steyn (om te verskyn)). Die data sal ook aantoon dat kontekstualiserende inskrywings op mikrostrukturele vlak nie onderling eksklusief funksioneer nie, maar dat meer as een tipe in kombinasie binne 'n bepaalde woordeboekartikel kan optree.

Hoewel buitetekste (d.w.s. voor- en agtertekste) ook die kommunikasie-georiënteerde funksies van die woordeboek kan ondersteun, dra hulle nie direk en in situ tot spesifiek konteksleiding by nie en val dus buite die bestek van hierdie studie. Hierdie uitsluiting negeer egter nie die potensieële rol wat voor- en agtertekste wel in konteksleiding kan speel nie; sodanige rol kan veral deur 'n funksionele mediostruktuur uitgebou word. Vergelyk onder meer Gouws (2004) en Gouws & Steyn (om te verskyn) vir besprekings oor buitetekste.

Iannucci (1967: 205) stel 'n ekstra-makrotekstuele vorm van konteksleiding as moontlikheid voor. Dit behels die koördinasie van 'n vertalende woordeboek met 'n eentalige verklarende woordeboek deur 'n stelsel van nommerverwysings waardeur die semantiese kommentaar in die verklarende woordeboek as konteksleiding vir die ooreenstemmende lemmata en vertaalekwivalente in die vertalende woordeboek kan dien. Hoewel die implementering van so 'n voorstel nie onmoontlik is nie, erken Iannucci (1967: 205-206) self dat beduidende praktiese probleme met so 'n metode van kontekstualisering kan opduik. Sy voorstel word ook deur Al-Kasimi (1977: 74) as “cumbersome and impractical” gekritiseer, en sal nie in hierdie studie verdere aandag geniet nie.

Soos wat die uiteensetting in (65) suggereer, funksioneer diskriminators en koteksinskrywings op artikelinterne vlak, terwyl ingevoegde binnetekste binne of buite artikelgrense oftewel die mikrostruktuur funksioneer en ingevoegde buitetekste eksklusief daarbuite. Die klas ingevoegde binnetekste kan onderverdeel word in *artikelinterne ingevoegde binnetekste* en *artikeleksterne ingevoegde binnetekste*. Eersgenoemde tipe tree binne artikels (as deel van die mikrostruktuur) op, terwyl laasgenoemde tussen artikels optree. Ingevoegde buitetekste tree ook in die sentrale teks (en uitsluitlik artikelekstern) op, maar daar bestaan geen onmiddellik aantoonbare verband tussen sodanige buitetekste en enige woordeboekartikels in die sentrale teks nie, dit wil sê die ingevoegde buitetekste is aan geen spesifieke artikel geadresseer nie.

Vervolgens word elkeen van die tipes kontekstualiserende inskrywings in (65) individueel bespreek en hulle optrede in bestaande woordeboeke geëvalueer.

## **4.6 Individuele bespreking en evaluering**

### **4.6.1 Diskriminators**

#### **4.6.1.1 Betekenisverklarings**



Die aanbieding van betekenisinligting in vertalende woordeboeke is volgens Wiegand (1988: 579) ’n besonder belangrike datakategorie en in vertalende woordeboeke van Europese tale min of meer onderontwikkel. Dié datakategorie het tot onlangs in die reël glad nie in Afrikaanse vertalende woordeboeke voorgekom nie, en kom in die AEW, die nuutste toevoeging tot die versameling Afrikaanse vertalende woordeboeke, klaarblyklik relatief beperk voor (vgl. 4.6.1.1.5); gevolglik verteenwoordig hierdie afdeling ’n indringende ondersoek na die (potensiële) optrede van betekenisverklarings in vertalende woordeboeke.

##### **4.6.1.1.1 Regverdiging**

Teen die agtergrond van die feit dat vertalende woordeboeke afgestem is op die voorsiening van vertaalekwivalente, en nie in die eerste plek op die verklaring van lemmata se betekenis nie, blyk dit nodig te wees om die optrede van betekenisverklarings in vertalende woordeboeke aanvanklik te regverdig.



Manley et al. (1988: 299) se eis dat die vertalende woordeboek ekwivalensiegestruktureerd eerder as betekenisgestruktureerd moet wees en Gouws (1996: 27-28) se weergawe van die standpunt dat betekenisdiskriminasie in die verklarende woordeboek deur ekwivalentdiskriminasie in die vertalende woordeboek vervang behoort te word, behoort nie geïnterpreteer te word as 'n verbod op die optrede van betekenisverklarings in vertalende woordeboeke nie (vgl. ook Gouws 1996: 28), veral in die lig van Gouws (1989: 151) se beskrywing van die taak van die vertalende leksikograaf:

Waar die opsteller van 'n verklarende woordeboek die betekenis van leksikale items moet verklaar, moet die opsteller van 'n vertalende woordeboek die *betekenis* van een stel leksikale items semanties koördineer met 'n stel leksikale items van 'n ander taal sodat die gebruiker leiding kan kry oor watter item hy waar kan gebruik om *dieselfde betekenis* in verskillende tale oor te dra. [my kursiverings – HLB]

Betekenis is naamlik die as waarom die koördinerings van die betrokke tale se leksika wentel. Indien die betekenis van die leksikale item *perd* nie dieselfde betekenis in Afrikaans verteenwoordig as wat die leksikale item *horse* in Engels verteenwoordig nie, kan hierdie leksikale items kwalik in die vertalende woordeboek as ekwivalente van mekaar aangebied word. En waar die leksikograaf met polisemiese en homonimiese leksikale items te doen het, is dit nodig om te bepaal ten opsigte van watter spesifieke betekeniswaarde van byvoorbeeld die lemma **motor** die doeltaalekwivalent *engine* aangebied word.

Volgens Wiegand (1988: 576) is betekenisverklarings die gebruiker van hulp by ekwivalentdifferensiasie – en dus geregtig as kontekstualiserende inskrywings – aangesien dit deel vorm van die semantiseringsproses van die gesoekte (polisemiese waarde van die) lemma en as sodanig ekwivalentseleksie voorafgaan. Die implikasie is dat betekenisverklarings veral lemmatiese adressering verteenwoordig.

As spesifieke inskrywingstipe kom betekenisverklarings in die reël nie in die sentrale tekste van die GW, TW of RD voor nie. Hieruit kan egter nie sonder meer afgelei word dat betekenisbeskrywing of -verklaring nie in die Afrikaanse vertalende leksikografie figureer nie. In die GW kom betekenisbeskrywing wel by geleentheid in die gewaad van 'n glos voor – vergelyk byvoorbeeld weer die uittreksel in (62)b. In die RD vind betekenisbeskrywing in 'n groter mate in ingevoegde buitetekste neerslag.

In die Afrikaanse metaleksikografiese literatuur word die aanwending van betekenisverklarings as moontlike hanteringstrategie genoem in die geval van leksikale gapings; vergelyk Gouws (1989: 179) en Mallo (1996: 76-84). In sodanige gevalle word betekenisverklarings egter as

surrogaatekwivalente aangebied – hulle dra nie tot konteksleiding by nie omdat hulle in die plek van leksikale vertaalekwivalente optree. Betekenisverklarings wat as surrogaatekwivalente funksioneer, val derhalwe buite die bestek van hierdie studie. Kontekstualiserende inskrywings wat dalk by surrogaatekwivalente of die korresponderende lemmata optree, word egter nie hierdeur negeer nie.

In die AEW, wat 'n aantal vernuwings vertoon wat die Afrikaanse vertalende leksikografie betref, kom betekenisbeskrywings wel in 'n beperkte mate voor, soos in die volgende artikels:

- (66) a. **ambivalent** [...] ambivalent; (*infml., euph.: bisexual*) ambivalent, AC/DC.  
b. **borsjt** (*Russ. soup made with beetroot*) borsch(t).  
c. **doge** [...] (*hist.: chief magistrate of Venice/Genoa*) doge.  
d. **Vaseline** (*trademark for petrolatum*) Vaseline.

In die artikels in (66) kom die betekenisverklarings *bisexual*, *Russ. soup made with beetroot*, *chief magistrate of Venice/Genoa* en *trademark for petrolatum* onderskeidelik voor. Die voorkomingsfrekwensie van betekenisverklarings in die AEW se artikels is egter so laag dat hierdie inskrywingstipe geensins as algemeen beskou kan word nie<sup>20</sup>. Hierop word aanstons uitgebrei.

Weens die waargenome beperkte teenwoordigheid van betekenisverklarings as kontekstualiserende inskrywings in Afrikaanse vertalende woordeboeke, sal die internasionaal vooraanstaande polifunksionele vertalende woordeboek, die *Collins German-English / English-German Dictionary* (voortaan CD), en in 'n mindere mate *The Oxford-Hachette French Dictionary: French-English / English-French* (voortaan OFD), by hierdie bespreking betrek word. Dié woordeboeke word as polifunksioneel voorgehou op grond van die volgende uittreksels uit die onderskeie metatekste:

- (67) a. Uit die CD (p. x):  
each side of the dictionary is equally helpful in translation from and into the foreign language
- b. Uit die OFD (p. ix):  
In designing this dictionary we have ensured that every entry provides as much information as possible for each of the following users and tasks:

---

<sup>20</sup> Die voorkoms van betekenisverklarings in die artikels van die eerste 100 polisemiese leksikale hooflemmata in die artikeltrajek van *S/s* waar geen ander diskriminatorters ter onderskeiding van minstens twee van die polisemiese waardes van elke betrokke lemma voorkom nie (lemmata **sa** tot **situasie**), is nagegaan. In slegs 4 (4%) van die betrokke artikels is van betekenisverklarings gebruik gemaak om een polisemiese waarde van 'n ander te onderskei, t.w. in die artikels van die lemmata **sa**, **San**, **Shona**, en **siek**.

- the native English speaker trying to understand French,
- the native English speaker trying to write or speak French,
- the native French speaker trying to understand English,
- the native French speaker trying to write or speak English.

Afgesien van die stelling in (67)a word die makrostrukturele prosedure van nislemmatisering in die Duits-Engels-deel van die CD aangewend, terwyl 'n strengalfabetiese vertikale makrostruktuur (dus geen sublemmatisering nie) in die Engels-Duits-deel geld, wat wil suggereer dat dié woordeboek tog primêr op moedertaalsprekers van Duits afgestem is.

Die aanwending van betekenisverklarings veronderstel die toepassing van die begrip *betekenis*. Dit is derhalwe eerstens nodig om hierdie begrip af te baken voordat op die leksikografiese toepassing van betekenisverklarings ingegaan kan word.

#### 4.6.1.1.2 Die aard van betekenis

In hoofstuk 3 het dit reeds duidelik geword dat standpunte bestaan wat die leksikografie as onafhanklike dissipline beskou en nie sonder meer as onderdeel van die taalwetenskap sien nie (vgl. ook weer Tarp 2000). Gevolglik moet die hantering van betekenisinligting in 'n woordeboek nie slegs vanuit 'n linguistiese oogpunt benader word nie, maar ook vanuit 'n leksikografiese perspektief. Die feit dat die leksikale semantiek en die leksikografie egter van identiese terme met verskillende inhoude gebruik maak, wat potensieel verwarrend vir die leser kan wees, noop 'n leksikaal-semantiese oorsig van die begrip *betekenis* voordat na die leksikografiese perspektief oorgegaan word.

##### 4.6.1.1.2.1 Die semantiese perspektief

De Stadler (1989: 15-28) onderskei tussen talle tipes linguistiese betekenis in die leksikale semantiek, waarvan die volgende tipes vir die (vertalende) leksikograaf ter sake is:

- (68)
- verwysing
  - denotasie
  - leksikale betekenis
  - grammatiese betekenis

Dit is belangrik dat die leksikograaf van hierdie tipes betekenis kennis neem, aangesien elke tipe 'n andersoortige leksikografiese hantering kan vra wanneer betekenisverklarings ter sprake is.

By verwysing gaan dit om die verhouding tussen woorde en die sake, gebeurtenisse, handeling en eienskappe waarna woorde kan verwys (De Stadler 1989: 17). Verwysing as semantiese verskynsel is absoluut konteksafhanklik. Die gekursiveerde naamwoordstukke in die sinne

*Die man daar anderkant* kan ons help.

en

*My buurman* kan ons help.

word as sinonieme beskou indien hulle na dieselfde individu in die buitetalige werklikheid verwys (vgl. De Stadler 1989: 23). Hulle kan egter nie buite konteks geïnterpreteer word nie en derhalwe kan geen verwysingswaarde buite konteks aan hulle geheg word nie. Vir die leksikograaf is hierdie tipe betekenis van belang veral wanneer eiename ter sprake is, aangesien eiename by uitstek in diens van verwysing aangewend word (vgl. De Stadler 1989: 25). Indien eiename in 'n vertalende woordeboek gelemmatiseer word (vgl. 3.4.2.1.7), moet die vertalende leksikograaf met hierdie tipe betekenis rekening hou in sy/haar leksikografiese bewerking van eienaamlemmata wanneer betekenisverklarings aangewend word. Die leksikografiese hantering van leksikale items wat slegs verwysing as betekenis het, word gewoonlik deur die weergawe van ensiklopediese inligting (saakbeskrywing) gemanifesteer (vergelyk weer die leksikografiese hantering van die lemmateken **Hitler** in die *Collins Concise Dictionary* (Makins 1992) in 3.4.2.1.9) en ondersteun die kennis-georiënteerde funksie van die woordeboek. Verwysing as betekenistipe word volledig deur De Stadler (1989: 17-21) bespreek.

Die begrip *denotasie* word soms informeel as “die woordeboekbetekenis” van 'n leksikale item of uitdrukking beskryf (vgl. Crystal 1991: 97). Denotasie behels die basis van kennis wat 'n taalgebruiker oor die verhouding tussen 'n bepaalde leksikale item en die buitetalige werklikheid moet hê om daardie leksikale item sinvol in kommunikasie te kan gebruik. Die leksikale item *fiets* het so byvoorbeeld die denotasie “voertuig met twee wiele wat agter mekaar loop, wat bestuur word deur handvatsels en voortbeweeg word deur pedale te trap” (HAT). Hierdie denotasie hou in dat 'n taalgebruiker nie dié leksikale item sal kan gebruik om “iemand wat 'n ander haat en probeer om in dae daaraan uiting te gee” (HAT) te denoteer nie – daarvoor moet die leksikale item *vyand* gebruik

word. Anders as verwysing, is denotasie nie konteksafhanklik nie, daarom is dit moontlik om leksikale items se denotata in verklarende woordeboeke weer te gee. In die geval van 'n vertalende woordeboek sou die Engelse vertaalekwivalent *bicycle* vir die lemma **fiets** aangebied word, aangesien beide leksikale items dieselfde denotasie in die onderskeie tale het – hulle is semantiese ekwivalente van mekaar.

De Stadler (1989: 22) beskryf leksikale betekenis as 'n kategoriale waarde wat weerspieël word in die semantiese verhoudings tussen leksikale items onderling. So byvoorbeeld besit die leksikale item *vrek* die denotasie “doodgaan”, maar die leksikale betekenis van dié leksikale item dikteer dat dit gewoonlik verbind met 'n onderwerpsnaamwoord met die semantiese kenmerk [+ dierlik] (en by implikasie [- menslik]). Volgens De Stadler (1989: 23-24) is die twee opvallendste kenmerke van leksikale betekenis

- a. dat dit 'n verdeelbare geheel is, d.w.s. die leksikale betekenis van 'n bepaalde leksikale item kan beskryf word in terme van sg. semantiese primitiewe of onderskeidende kenmerke, soos die kenmerke [+ menslik], [+ manlik], [- volwasse] vir 'n leksikale item soos *seun*, en
- b. dat dit weerspieël word in die leksikale betrekkinge tussen leksikale items, soos die leksikale betrekking tussen *seun* en *dogter*, of *seun* en *vader*, of *seun* en *familielid*.

Dit is duidelik dat leksikale betekenis ook vir die leksikograaf van belang is, primêr by die aanduiding van betekenisbetrekkinge, wat volgens Gouws (1989: 113) een van die drie tipes betekenisinligting is wat in woordeboeke onderskei word.

Grammatiese betekenis word soos volg deur De Stadler (1989: 25) beskryf:

Daar is talle uitdrukkings in die taal waarvan die betekenisvolheid nie in terme van lb [leksikale betekenis – HLB] verwysing of denotasie beskryf kan word nie. Dit is op grond hiervan dat daar onderskei kan word tussen hoofleksikale kategorieë, waaronder die naamwoorde, werkwoorde, adjektiewe en bywoorde, en sg. grammatiese kategorieë, waaronder lidwoorde, neweskickers, setsels, ens. Hierdie verdeling word verder bevestig deur die feit dat die leksikale kategorieë sg. oop kategorieë is, d.w.s. daar word voortdurend nuwe lede tot die kategorieë toegevoeg, terwyl die grammatiese kategorieë geslote kategorieë is.

Die afwesigheid van leksikale betekenis, verwysing of denotasie by leksikale items wat tot die grammatiese kategorieë behoort (voortaan *grammatiese leksikale items*) beïnvloed uiteraard hulle leksikografiese bewerking, veral in verklarende woordeboeke. Vergelyk die verklaring van die lemme **en**<sup>1</sup> in die HAT:

(69) **en**<sup>1</sup> voegw. **1** Woord wat gelykberegtigend verbind [...] **2** As aanloop van 'n sin om voortgang aan te dui [...] **3** As aanloop van 'n vraagsin [...] **4** (met *gravis*) Woord wat nadruk lê op twee of meer begrippe [...].

Die woordeboekgebruiker word van 'n verklaring van die grammatiese funksies oftewel die *grammatiese betekenis(onderskeidinge)* van die lemmateken voorsien. Indien die vertalende leksikograaf semantiese parafrases by grammatiese lemmata wil aanwend, sal hy/sy hom/haar tot 'n vergelykbare strategie as dié wat sy verklarende kollega inspan, moet wend.

Die erkenning van die verskillende tipes betekenis wat in die leksikale semantiek onderskei word, kan 'n bepalende invloed op die leksikograaf se aanwending van betekenisverklarings in die vertalende woordeboek hê.

#### 4.6.1.1.2.2 Die leksikografiese perspektief

Wiegand se teorie oor die aard van betekenis (vir leksikografiese doeleindes) en die leksikografiese aanbod van betekenisinligting in veral verklarende woordeboeke word in 'n bundel artikels (Wiegand 1999) vervat. Louw (2000) voorsien 'n samevatting van die werk, waaruit in die volgende paragraaf geput word.

Betekenisinligting word in die woordeboek deur betekenisverklarings weergegee. Die tipe aanbod van betekenisinligting wat die leksikograaf selekteer, sal bepaal watter spesifieke ware funksie deur die betekenisverklarings vervul sal word. Wiegand onderskei tussen 'n semasiologiese en onomasiologiese aanbod van betekenisinligting in woordeboeke (Louw 2000: 121). Op mikrostrukturele vlak korrespondeer 'n semasiologiese aanbod van betekenisinligting met 'n benadering wat die denotatiewe betekenis van 'n leksikale item weergee, terwyl 'n onomasiologiese aanbod korrespondeer met 'n benadering wat die leksikaal-semantiese betrekkinge waarin 'n leksikale item met ander leksikale items staan, weergee, bv. sinonimie, hiponimie en antonimie<sup>21</sup> (Louw 2000: 121). Wiegand (1983a: 148) definieer die term *denotatiewe betekenis* as


the rules of reference and predication for the use of (the lexical item) in habitual texts for (that specific lexical item).<sup>22</sup>

<sup>21</sup> Die leksikaal-semantiese term wat hier ter sprake is, is naamlik die *leksikale betekenis* van die betrokke leksikale item.

<sup>22</sup> Dit is duidelik dat hierdie term die leksikaal-semantiese begrippe *denotasie*, *verwysing* en *grammatiese betekenis* kan insluit – vgl. 4.7.1.1.1.

Indien op 'n semasiologiese aanbod van betekenisinligting besluit word, word die denotatiewe betekenis van 'n leksikale item as datakategorie deur middel van 'n betekenisparafrase (as 'n tipe betekenisverklaring) weergegee. Wiegand (1999) bevraagteken om verskeie redes die term *definisie*<sup>23</sup>, in die plek waarvan hy die term *betekenisparafrase* gebruik, waarin hy in hierdie studie nagevolg word. Indien op 'n onomasiologiese aanbod van betekenisinligting besluit word, word betekenisinligting weergegee deur middel van inskrywings wat leksikale items verteenwoordig wat in 'n bepaalde leksikale betrekking tot die lemma staan. Vir hierdie tipe aanbod van betekenisinligting geld die leksikale betrekking van sinonimie as die aangewese uitdrukkingswyse (d.w.s. die aanbod van woordsinonieme), aangesien 'n woordsinoniem op onomasiologiese vlak die betekenis van 'n leksikale item die akkuraatste kan weergee.<sup>24</sup> Volgens (Wiegand (1988: 575) is dit onaanvaarbaar om 'n woordsinoniem aan te bied indien die semasiologiese aanbod van betekenisinligting geld. So 'n aanbod sal naamlik die weergee van die denotatiewe betekenis van die lemma ondermyn, aangesien die relevante reëls vir verwysing en predikasie nie deur 'n woordsinoniem oorgedra kan word nie, tensy daardie woordsinoniem 'n absolute sinoniem is, wat 'n rare taalverskynsel verteenwoordig (vgl. De Stadler 1989: 77, Gouws 1989: 144). Die aanbied van woordsinonieme moet tot die onomasiologiese aanbod van betekenisinligting beperk wees.

Die aanbod van betekenisverklaring vind dus op twee wyses deur middel van verskillende soorte inskrywings plaas:



**Figuur 13: Die aanbod van betekenisverklaring**

Notasiekonvensie: (*van bo na onder / van onder na bo*): “\_\_\_” lees *kan weergegee word deur / verteenwoordig 'n vorm van*

Om Wiegand se teorie toe te pas, word die volgende verteenwoordigende uittreksel uit CD aangewend:

<sup>23</sup> Hierop word nie verder ingegaan nie; vgl. onder meer Wiegand (1977, 1983a, 1994).

<sup>24</sup> Die leksikale betrekkings van hiponimie en teenoorgesteldheid kan die betekenis van die leksikale items binne sodanige verhoudings slegs by benadering uitdruk: Die superordinaat *troeteldier* dra slegs in 'n baie beperkte mate by tot die semantisering van die leksikale item *hond*, soos wat die antoniem *onaangenaam* nie die betekenis van *lekker* so effektief kan oordra as die sinoniem *aangenaam* nie.

- (70) **Anlage** f **a** (= *Fabrikanlage*) plant  
**b** (= *Grünanlage, Parkanlage*) (public) park;  
*(um ein Gebäude herum)* grounds pl  
**c** (= *Einrichtung*) (*Mil, Elec*) installation(s); (= *sanitäre Anlagen*) bathroom or sanitary (*form*) installations pl; (= *Sportanlage etc*) facilities pl  
**d** (*inf: = Stereoanlage*) (stereo) system or equipment; (= *EDV-*) system  
**e** (= *Plan, Grundidee*) conception; (*eines Dramas etc*) structure  
**f** (= *Veranlagung*) *usu pl* aptitude, gift, talent (*zu for*); (= *Neigung*) predisposition, tendency (*zu to*)  
**g** (= *das Anlegen*) (*von Park*) laying out; (*von Stausee etc*) construction, building; **die ~ einer Kartel veranlassen** to start a file; **die Stadt hat die ~ von weiteren Grünflächen beschlossen** the town has decided to provide more parks  
**h** (= *Kapitalanlage*) investment  
**i** (= *Beilage zu einem Schreiben*) enclosure; **als ~ or in der ~ erhalten Sie ...** please find enclosed ...

In (70) word die soeksones waarin die betekenisverklarings voorkom duidelik deur tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers afgebaken en die gebruiker kan relatief maklik die betekenisverklaring vir 'n spesifieke polisemiese waarde van 'n lemma vind: Dit word naamlik deur die saamgroeperingsmerker “( )” (’n tipe nie-tipografiese struktuurmerker) begrens en daarbinne deur die nie-tipografiese struktuurmerker “=” voorafgegaan; verder word die tipografiese struktuurmerker van kursiefdruk daarop toegepas.<sup>25</sup> By polisemiese waarde i word betekenisverklaring deur 'n semasiologiese aanbod in die vorm van die betekenisparafrase *Beilage zu einem Schreiben* aangebied. In al die ander semantiese subkommentare geld 'n onomasiologiese aanbod van betekenisverklaring in die vorm van woordsinonieme, bv. “**a** (= *Fabrikanlage*)” en “**b** (= *Grünanlage, Parkanlage*)”. In laasgenoemde voorbeeld word naamlik twee woordsinonieme aangebied.

In die CD is die toepassing van die tipografiese struktuurmerker van kursiefdruk en die begrensing van die soeksone deur die saamgroeperingsmerker “( )” egter nie tot betekenisverklarings beperk nie: In die semantiese subkommentare van polisemiese waardes b, e en g word ook onderskeidelik onder meer die glosse *um ein Gebäude herum, eines Dramas etc* en *von Park* deur hierdie struktuurmerkers begrens. In die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde c word ook die leksikografiese etikette *Mil, Elec* so gemerk, terwyl die leksikografiese etiket *inf* saam met die woordsinoniem *Stereoanlage* deur die saamgroeperingsmerker “( )” in die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde d afgebaken word. Betekenisverklarings word klaarblyklik van ander andersins soortgelyk gemerkte inskrywings onderskei daardeur dat hulle deur die nie-tipografiese struktuurmerker “=” voorafgegaan word. AEW vertoon dieselfde struktuurkenmerke ten opsigte van hierdie inskrywings, met die verskil dat waar betekenisparafrases naas

<sup>25</sup> Hierdie aspek korrespondeer met die snel interne toegangstruktuur van die woordeboek. Meer hieroor in 4.7.2.1.



leksikografiese etikette optree, die struktuurmerker “:” op die (laaste) etiket volg om dit van die opvolgende betekenisparafrase te onderskei; vergelyk die AEW-artikels in (66) a en c. Meer hieroor in die bespreking van die standaard en snel interne toegangstrukture (vgl. 4.7.2.1).

Die aangawe van die denotatiewe betekenis deur betekenisparafrases verteenwoordig gewoonlik ’n beknopte vorm van tipiese betekenisparafrases wat in standaard verklarende woordeboeke en lessenaarwoordeboeke gevind word. Hier is dit belangrik om in gedagte te hou dat selfs verklarende woordeboeke nie betekenis as sodanig beskryf nie, maar telkens bloot intratalige vertaalekwivalente (in die vorm van betekenisverklarings) van die lemma aanbied (vgl. Louw 1991). Vir die potensiële toepassing van betekenisparafrases in die GW, TW, AEW en RD sou betekenisparafrases uit onder meer die *Verklarende Afrikaanse woordeboek* (Labuschagne & Eksteen 1993) en die *Nasionale woordeboek* (De Villiers et al 1987) vir aanwending in die Afrikaans-Engels kant van die woordeboek benut kon word, en betekenisparafrases uit byvoorbeeld die *Concise Oxford Dictionary* (Pearsall 2001) vir die Engels-Afrikaans kant. Dit veronderstel egter nie dat die semantiese kommentaar op ’n bepaalde lemma in ’n verklarende woordeboek sonder meer na die artikeltekste van die korresponderende lemma in ’n vertalende woordeboek getransponeer kan word nie, aangesien beduidende verskille in die struktuur en funksies van die semantiese kommentare tussen artikeltekste in verklarende woordeboeke en dié in vertalende woordeboeke kan bestaan; Kromann et al. (1991: 2719) wys op die geldige kritiek wat ingebring is teen voorstelle om dieselfde semantiese struktuur vir ’n bepaalde lemma in beide die verklarende en vertalende woordeboek toe te pas (vgl. 4.4). Vergelyk ook Iannucci (1967: 205) en Al-Kasimi (1977: 74).

Aangesien betekenisverklarings gewoonlik aan die lemma geadresseer is, word hulle in die brontaal aangebied. Hierdie eienskap onderskei betekenisverklarings van ander inskrywingstipes wat ook betekenisparafrases kan verteenwoordig, maar dan in die doeltaal – vernaam glosse; vergelyk weer die artikel van die lemma **habeas corpus** in (62)b. Volgens Wiegand (1988: 579) moet betekenisverklarings in die brontaal aangebied word, anders kan die betrokke woordeboek nie op polifunksionaliteit aanspraak maak nie.

Die feit dat betekenisparafrases ook in verklarende woordeboeke voorkom, mag nie as motivering dien daarvoor om hulle sonder meer vanuit verklarende woordeboeke oor te dra na die vertalende woordeboek nie. Betekenisparafrases uit verklarende woordeboeke wat wel gebruik word, moet versigtig aangepas word vir die doel van hulle aanwending as betekenisparafrases in vertalende woordeboeke.


Gestel die Engels-Afrikaanse leksikograaf wil van betekenisparafrases gebruik maak om die polisemiese onderskeidings van die Engelse lemma **organ** te onderskei tydens 'n hersiening van die volgende woordeboekartikeldeel uit TW:

(71) **organ** orgaan; tydskrif, blad; lyfblad; orrel [...].

Die leksikograaf wend nou die relevante betekenisparafrases in die artikel van die lemma **organ**, soos dit in die *Concise Oxford English Dictionary* (Pearsall 2001) voorkom, aan om die volgende hersiene woordeboekartikeldeel vir TW te lewer:

(72) **organ** [a part of an organism which is typically self-contained and has a specific vital function] orgaan; [a newspaper or periodical which puts forward the views of a political party or movement] tydskrif, blad; [a large musical instrument having rows of pipes and supplied with air from bellows and arranged in ranks, each controlled by a stop, and played using a keyboard or by an automatic mechanism] orrel [...].

Dié bewerking is duidelik onbevredigend. Die hoeveelheid ruimte wat aan betekenisparafrases afgestaan word in verhouding tot die hoeveelheid ruimte wat aan vertaalekwivalente afgestaan word, kan nie vir 'n standaard vertalende woordeboek verdedig word nie, selfs met die toepassing van 'n nouer lettertipe ('n tipografiese struktuurmerker) op die betekenisparafrases. Verder het die ruimte wat die artikeldeel in beslag neem viervoudig toegeneem sonder dat al die vertaalekwivalente in die oorspronklike artikel bygewerk is (*lyfblad* is uitgelaat) en sonder dat enige bykomende vertaalekwivalent ingesluit is.













'n Beter (en meer gebruikersvriendelike) woordeboekartikel kan daargestel word indien die betekenisparafrases doelmatig aangepas word alvorens hulle in die vertalende woordeboek aangewend word. So 'n poging word (gedeeltelik n.a.v. dieselfde lemma in CD) in (73) weergegee:

(73) **organ** [part of an organism] orgaan; [news-mouthpiece of opinion] tydskrif, blad; [large musical pipe instrument played with air] orrel.

Soos reeds gemeld, kan beduidende verskille in struktuur tussen die semantiese kommentare van artikeltekste in vertalende woordeboeke en dié van verklarende woordeboeke bestaan; daarom moet die vertalende leksikograaf hom/haar nie deur die semantiese kommentaar in verklarende woordeboeke laat lei nie, maar dit eerder as potensiële riglyne benader.

Data uit die CD suggereer egter dat die belangrike funksie van betekenisdifferensiasie nie noodwendig slegs deur betekenisparafrases vervul hoef te word nie. Vergelyk die CD-artikel van die lemma **Blatt** in (74):


- (74) **Blatt** [blat] nt **-(e)s**, **-er** ['blete]  (Bot) leaf; **kein** ~ **vor den Mund nehmen** not to mince one's words  
 (*Papier etc*) sheet; **ein** ~ **Papier** a sheet of paper; **(noch) ein unbeschriebenes** ~ **sein** (= *unerfahren*) to be inexperienced; (= *ohne Image*) to be an unknown quantity; **er ist kein unbeschriebenes** ~ he's been around (*inf*); (*Krimineller*) he's got a record; *siehe fliegend*  
 (= *Seite*) page; **das steht auf einem anderen** ~ (*fig*) that's another story; **ein neues** ~ **in der Geschichte** or **im Buch der Geschichte** a new chapter of history  
 (= *Notenblatt*) sheet; **vom** ~ **singen/spielen** to sight-read  
 (= *Kunstblatt*) print; (= *Reproduktion*) reproduction  
 (*bei Landkartenserien*) sheet  
 (= *Zeitung*) paper  
 (*von Messer, Ruder, Propeller*) blade  
 (*Cards*) hand; (= *Einzelkarte*) card; **das** ~ **hat sich gewendet** (*fig*) the tables have been turned  
 (*Hunt, Cook*) shoulder

Polisemiese waardes b, d en f word elk van dieselfde vertaalekwivalent, naamlik *sheet*, voorsien, terwyl die ander polisemiese waardes van ander vertaalekwivalente voorsien word. Dit is dus belangrik dat die nodige differensiasie tussen die polisemiese waardes toegepas word. In die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde d word van 'n betekenisverklaring (met die nie-tipografiese struktuurmerker “=” ingelui) gebruik gemaak, maar polisemiese waardes b en f word oënskynlik ewe effektief deur die glosse *Papier etc* en *bei Landkartenserien* onderskeidelik gedifferensieer. In die CD word dus nie elke polisemiese waarde van 'n lemma van 'n betekenisverklaring voorsien nie, wat teenstrydig met Wiegand (1988) se argumentasie blyk te wees. Daar word onder 4.6.1.1.4 op hierdie punt teruggekeer.

Die artikelteks in (74) kan ook as illustrasie dien in die bespreking van die aanbod van woordsinonieme as betekenisverklarings. Onder meer polisemiese waardes c, d en g word van woordsinonieme voorsien. Hoewel daar geargumenteer kan word dat die afwesigheid van die aangawe van die denotatiewe betekenis van die lemma in hierdie gevalle die Engelse gebruiker van die geleentheid ontnem om die presiese(r) betekenis daarvan te agterhaal, word die gebruiker, indien hy/sy nie met behulp van die data-aanbod die lemma akkuraat kan interpreteer nie, in staat gestel om die lemma wat die aangebode woordsinoniem verteenwoordig na te slaan (Wiegand 1988: 576). Ten opsigte van die genoemde polisemiese waardes in (74) hou dit natuurlik in dat die lemmata **Seite**, **Notenblatt** en **Zeitung** in die Duits-Engels-deel van die CD behoort te verskyn, en, indien hulle polisemies is, dat daardie polisemiese waarde wat deur die leksikale item *Blatt* verteenwoordig word, in die semantiese kommentaar verskyn. Die nadeel van hierdie beginsel is dat

die gebruiker gedwing word om die naslaanproses te verleng en te kompliseer, wat die sukses van die naslaanpoging en gevolglik die gebruikersvriendelikheid van die woordeboek in die gedrang kan bring. Die voordeel is dat waardevolle ruimte bespaar word. 'n Tweede voorwaarde is dat in die geval van (74) die resulterende lemmata **Seite**, **Notenblatt** en **Zeitung** ook van betekenisverklarings voorsien behoort te word ten einde die denotatiewe betekenis van dié woordsinonieme weer te gee. Slegs die eerste voorwaarde word inderdaad nagekom: Die lemma **Seite** is wel opgeneem en bevat die polisemiese waarde waarvoor die leksikale item *Blatt* as woordsinoniem sou geld (c), maar dié polisemiese waarde word eweneens slegs van twee woordsinonieme (*Buchseite* en *Zeitungseite*), en nié van enige betekenisparafrase voorsien nie. Die gebruiker wat dus dié lemma ter interpretasie van die lemma **Blatt** naslaan, sal uiteindelik nie suksesvol wees nie. Verder word nóg betekenisparafrases nóg woordsinonieme by die lemmata **Notenblatt** en **Zeitung** aangebied, aangesien beide monosemiese leksikale items verteenwoordig. Die oplossing vir die semantisering van 'n lemma wat in Wiegand (1988: 576) voorgestel word, is dus slegs haalbaar indien alle lemmata, polisemies al dan nie, van betekenisverklarings voorsien word, én indien 'n gekompliseerde koördinering van betekenisverklarings plaasvind, sodat verseker word dat 'n lemma wat elders as woordsinoniem optree nie self van 'n woordsinoniem as betekenisverklaring voorsien word nie. Of dit 'n volkome haalbare stand van sake verteenwoordig, kan betwyfel word.

#### 4.6.1.1.3 Mikrostrukturele verspreiding



In hierdie afdeling word gefokus op die mikrostrukturele posisionering van betekenisverklarings as spesifieke boustene van die woordeboekartikels in die CD. As sodanig ressorteer hierdie bespreking onder die standaard interne toegangstruktuur, wat verwys na die organisering van die boustene van 'n woordeboekartikel, dit wil sê die relatiewe plasing van die onderskeie artikelgleuwe. Ten opsigte hiervan oorvleuel die standaard interne toegangstruktuur met die artikelstruktuur (Louw 1999: 117). In hierdie afdeling word nie kommentaar gelewer op die leksikografiese rasionaal vir die aanwending van betekenisverklarings nie; daar word bloot gewys op die artikelgleuwe waar betekenisverklarings klaarblyklik kan voorkom. Die rasionaal vir die aanwending van betekenisverklarings in spesifiek die AEW, CD en die OFD word in die volgende afdeling bespreek.

#### 4.6.1.1.3.1 Lemmatiese adressering

Uit die bestudering van die CD en die AEW blyk dit dat waar betekenisverklarings aangewend word, hulle in die verre meerderheid van die gevalle aan die lemmateken geadresseer is. Dit veronderstel dat 'n betekenisverklaring in sodanige geval mikrostruktureel só geplaas sal word dat die lemmateken binne die inskrywing se bereik val. Indien die doel en funksie van betekenisverklarings in ag geneem word, veronderstel dit verder dat sodanige inskrywings óf in onmiddellike proksimiteit van die lemmateken, óf in onmiddellike proksimiteit van die polisemie-aanduider wat die relevante polisemiese waarde van die lemma merk, moet verskyn.

In die volgende verteenwoordigende uittreksel uit die CD word die mikrostrukturele plasing en aanwending van betekenisverklarings duidelik:

- (75) **Satz** [zats] m -es, -e ['zetsə] [a] sentence; (= *Teilsatz*) clause; (*Jur.* = *Gesetzabschnitt*) clause; **ich kann nur ein paar Sätze Italienisch** I only know a few phrases of Italian; **mitten im** ~ in mid-sentence; **abhängiger/selbständiger** ~ subordinate/principal clause; **ingeschobener** ~ appositional phrase  
[b] (= *Lehrsatz, auch Philos*) proposition; (*Math*) theorem; **der ~ des Pythagoras** Pythagoras' theorem  
[c] (*Typ*) (= *das Setzen*) setting; (= *das Gesetzte*) type *no pl*; **etw in ~ geben** to send sth for setting; **in ~ gehen** to go for setting; **das Buch ist im** ~ the book is being set  
[d] (*Mus*) (= *Abschnitt*) movement; (= *Kompositionsweise*) composition  
[e] (= *Bodensatz*) dregs *pl*; (= *Kaffeesatz*) grounds *pl*; (= *Teesatz*) leaves *pl*, dregs *pl*  
[f] (= *Zusammengehöriges*) set; (*Comput.* = *Datensatz*) record; (*Hunt.* = *Wurf*) litter  
[g] (*Sport*) set; (*Tischtennis, Badminton*) game  
[h] (= *Tarifsatz*) charge; (= *Spesensatz*) allowance; (= *Zinssatz*) rate  
[i] (= *Sprung*) leap, jump; **einen ~ machen** or **tun** to leap, to jump; **mit einem** ~ in one leap or bound



In (75) word die betekenisverklarings *Bodensatz* en *Sprung* direk na die polisemie-aanduiders “[e]” en “[i]” geplaas. Uit die hantering van die meeste polisemiese waardes in (75) en na aanleiding van die metateks (vgl. p. xx), blyk dit dat die CD onderskei tussen polisemiese waardes (gemerk deur die polisemie-aanduiders “[a]”, “[b]”, “[c]”, ens.) en sogenaamde “verskille in betekenis tussen vertaalekwivalente,” begrens deur die inskrywing “;”<sup>26</sup>. Vir beide polisemiese waardes en “verskille in betekenis tussen vertaalekwivalente” word betekenisverklarings direk na die relevante onderskeidende inskrywing en voor die vertaalekwivalent(e) wat vir die spesifieke waarde aangebied word, geplaas: vergelyk die plasing van die betekenisverklaring *Teilsatz* na die item “;”

<sup>26</sup> 'n Evaluering van die saamgroepering van meerdere semantiese waardes in een semantiese subkommentaar soos dit in die CD voorkom, val buite die bestek van hierdie studie vir sover dit geen nuwe insigte vir die ondersoek van konteksleiding meebring nie. Hierdie prosedure in die CD staan egter nie bo verdenking nie.

wat aandui dat die vertaalekwivalent *clause* in betekenis verskil van die vertaalekwivalent *sentence* (polisemiese waarde a), en *das Setzen* na die polisemie-aanduider “[c]”. Die enigste uitsondering op hierdie plasingbeginsel kom voor wanneer betekenisverklarings saam met leksikografiese etikette optree. Dit gebeur in die semantiese subkommentare van polisemiese waardes a, b, c, d en f. Die betekenisverklaring by die tweede weergawe van die vertaalekwivalent *clause* by polisemiese waarde a word deur die leksikografiese etiket *Jur* voorafgegaan. Die plasing van die etiket voor die betekenisverklaring, maar die gesamentlike afbakening van dié twee inskrywings deur die saamgroeperingsmerker “( )”, plus die postmarkering daarvan deur die nie-tipografiese struktuurmerker “:”, dui daarop dat beide inskrywings slegs op die subpolisemiese waarde wat deur die relevante polisemie-items begrens word, van toepassing is. Dieselfde geld die plasing van die etikette *Comput* en *Hunt* by “verskille in betekenis tussen vertaalekwivalente” in die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde f. In die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde b volg die etiket *Philos* op die betekenisverklaring, maar ook steeds binne die saamgroeperingsmerker “( )” waarbinne die betekenisverklaring verskyn. Die plasing van die etiket ná die betekenisverklaring en die feit dat dit deur die struktuuraanduider *auch* voorafgegaan word, veronderstel dat die konteksleiding wat voorsien word daarop dui dat die polisemiese waarde in die eerste plek die gegewe semantiese waarde in algemene taalgebruik het, en dat dit bo en behalwe in daardie gebruik ook met dieselfde betekenis as term in die filosofie aangewend kan word. In die semantiese subkommentare van polisemiese waardes c en d word die betekenisverklaring telkens deur ’n leksikografiese etiket voorafgegaan, maar hier is die verband tussen die etiket en die betekenisverklaring duidelik anders as in die voorgenoemde gevalle: Die etiket en die betekenisverklaring word in elke geval elk deur ’n afsonderlike saamgroeperingsmerker afgebaken, wat beteken dat die etiket nie slegs op die eersvolgende waarde slaan nie, maar ook op al die daaropvolgende “verskille in betekenis tussen vertaalekwivalente”, en dus geld vir die volledige semantiese subkommentaar. In die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde c val al die vertaalekwivalente (en die lemma) binne die vaktaal van die drukkuns, terwyl al die aangebode vertaalekwivalente in die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde d binne die vaktaal van musiek val, afgesien van die “verskille in betekenis tussen vertaalekwivalente” wat onderskei word. Hierdie toepassing is nie beperk tot “verskille in betekenis tussen vertaalekwivalente” nie. Vergelyk die volgende artikel uit die CD:

(76) **Viecherei** [...] (*inf*) [a] (= *Quälerei*) torture *no indef art* (*inf*) [b] (= *grober Scherz*) rotten trick

Die plasing van die leksikografiese etiket *inf* voor die eerste polisemie-item beteken dat dié etiket beide polisemiese waardes a en b (en by implikasie die relevante betekenisverklarings) in bestek

het. Oor die plasing en bestek van spesifiek leksikografiese etikette word hier nie nou uitgebrei nie – vergelyk 4.6.1.3.3. Dit wil wel voorkom of 'n spesifieke verband tussen betekenisverklarings en leksikografiese etikette gemanifesteer word wanneer hulle saam in 'n woordeboekartikel optree. 'n Etiket kan naamlik 'n betekenisverklaring enkapsuleer, en die omgekeerde is ook moontlik. Verder blyk dit dat 'n betekenisverklaring redundant mag wees waar 'n leksikografiese etiket aangewend word. Vergelyk in hierdie verband die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde *g* in (75), waar die aanwending van leksikografiese etikette voldoende blyk te wees in die onderskeiding van die “verskille in betekenis tussen vertaalekwivalente.” 'n Betekenisverklaring kan egter nie 'n leksikografiese etiket vervang nie. Hoewel wedersydse enkapsulering tussen betekenisverklarings en leksikografiese etikette moontlik is, is wedersydse uitsluiting nie moontlik nie. Die polisemiese profiel van 'n lemma sal die spesifieke geldende verhouding bepaal. Hierdie verskynsel suggereer reeds dat die gekombineerde optrede van diskriminators in 'n woordeboekartikel die een of ander hiërargiese ordening daarvan op grond van die inhoud van die artikellêer veronderstel. Die vraag is watter kriteria so 'n ordening sou bepaal. Hierdie neiging sal verder in die bespreking van die ander diskriminators verken word.

'n Beskouing van die algemene mikrostrukturele plasing van betekenisverklarings in die CD wys op 'n potensieel gebruikersonvriendelike aspek van die afbakening van dié item. Die potensieële probleem lê naamlik in die gebruik van die nie-tipografiese struktuurmerker “=” om aan te dui dat 'n betekenisverklaring volg. Hier speel die gebruikersverwysingsraamwerkparameter, wat in hoofstuk 2 binne die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke as funksionele parameter geïdentifiseer en beskryf is (vgl. 2.3.2.6), 'n rol. Daar kan aanvaar word dat die tipiese teikengebruiker se verwysingsraamwerk wat die gebruik van die simbool “=” betref daaruit bestaan dat die simbool tussen twee entiteite of waardes staan wat gelyk aan mekaar te stel is, bv.  $2 + 2 = 4$ . Die entiteit of waarde wat links van die simbool staan, word gelyk gestel aan die entiteit of waarde wat regs daarvan staan. In wese is die gebruik van hierdie simbool (of, in Wiegand se terme, 'n homonimiese vorm daarvan) as nie-tipografiese struktuurmerker nie potensieel problematies by die aanwending van betekenisparafrases wat tipiese polisemiese onderskeidings differensieer nie; die potensieële probleem ontstaan by die gebruik daarvan by subpolisemiese onderskeidings. In (77) hieronder word op 'n (inkoherente) fragment uit die woordeboekartikel in (75) gefokus:

(77) sentence; (= *Teilsatz*) clause

Uit die beskrywing van die relevante veranderlike van die gebruikersverwysingsraamwerkparameter hierbo is dit nie noodwendig onredelik om te suggereer

dat die teikengebruiker wat enigsins vlugtig deur die woordeboekartikel lees waaruit die fragment in (77) kom (en wat nie die metateks geraadpleeg het nie), tot die foutiewe gevolgtrekking mag kom dat

*sentence = Teilsatz*

of

*sentence = Teilsatz = clause*

nie. Hierdie aspek sal verdere aandag geniet in die bespreking van die snel interne toegangstruktuur in 4.7.2.1.

'n Verdere punt van kritiek kan teen die CD (en die AEW) ingebring word ten opsigte van die gebruik om meer as een inskrywingstipe deur dieselfde tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers af te baken, soos hierbo uitgewys is. Daar sou naamlik geargumenteer kon word dat die nie-tipografiese struktuurmerker “=” (in die geval van die CD) nie voldoende is om betekenisverklarings van ander inskrywingstipes te onderskei wat andersins deur dieselfde struktuurmerkers afgebaken word en/of deur die plasing van nie-tipografiese struktuurmerkers wat deur sodanige inskrywings gedeel word as't ware binne dieselfde soeksone as dié van betekenisverklarings geplaas word nie. Die argument téén so 'n kontensie sou egter kon wees dat indien unieke struktuurmerkers aan elke inskrywingstipe toegeken word, die gebruiker uiteindelik oorweldig kan word deur die wye verskeidenheid struktuurmerkers wat in elke artikelteks voorkom, en dat hierdie eienskap suksesvolle inligtingsontsluiting eerder sal verhinder as bevorder; gevolglik sal die woordeboek inboet aan gebruikersvriendelikheid. Binne die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke is dit onder meer die gebruikersparameter wat hier ter sprake is (vgl. 2.3.2.4). Ten einde struktuurmerkers optimaal te benut, behoort na 'n balans tussen die twee ekstreme punte op die skaal – geen struktuurmerkers versus unieke struktuurmerkers vir elke datakategorie – gestreef te word. Hierdie balans kan slegs gevind word indien navorsing gedoen word oor die gebruiker se vatbaarheid vir en vermoë om 'n verskeidenheid struktuurmerkers te erken, te onderskei en vooraf toegekende waardes te onthou en ter wille van suksesvolle inligtingsontsluiting effektief gedurende die naslaanproses toe te pas. Hierdie aspek val binne die gebruikersparameter van die model vir gebruikersvriendelike woordeboeke, en behoort wat struktuurmerkers betref onder andere met die kanaal- en mediumparameters gekombineer te




word, aangesien laasgenoemde twee parameters die spektrum van beskikbare struktuurmerkers sal bepaal.

#### 4.6.1.1.3.2 Nie-lemmatiese adressering

Die aanwending van betekenisverklarings in die CD en AEW blyk nie tot die weergee van die denotatiewe betekenis van polisemiese waardes van die betrokke lemmata en tot kombinasie moontlikhede met ander diskriminatore beperk te wees nie. Betekenisverklarings blyk ook in kombinasie met koteksinskrywings op te tree en aan sodanige inskrywings geadresseer te wees. Vergelyk die volgende verteenwoordigende uittreksel uit 'n CD-artikel:


- (78) **wenig** [<sup>1</sup>ve:niç] *siehe auch weniger, wenigste(r, s)*  
[1] *adj, indef pron* [a] *sing* little; **ich habe** ~ I have only a little; (**nur**) ~ **Geld** (only a) little money; **ich besitze nur** ~ I only own a few things, I don't own much, I own little; **hast du Zeit?** — ~! have you got time? — not much; **das ist** ~ that isn't much; **so ~ wie** or **als möglich** as little as possible; **sie ist mir so ~ sympathisch wie dir** I don't like her any more than you do; **du sagst so** ~ you're not saying much; **darüber weiß ich** ~ I don't know much about that, I know little about that; **mein ~es Geld** what little money I have; **das ~e, was er übrig hatte** the little he had left; **das ~e Geld muss ausreichen** we'll have to make do with this small amount of money; **um ein ~es jünger (als) (geh)** a little younger (than); **es fehlte (nur) ~, und er wäre überfahren worden** he was very nearly run over; **wir haben nicht ~ Mühe damit gehabt** we had more than a little or we had no little difficulty with that; **er gibt sich mit ~(em) zufrieden** (= *verlangt nicht viel*) he is satisfied with a little; (= *ist selten zufrieden*) he isn't satisfied with much; **sie hat zu ~ Geld** etc she doesn't have enough money etc; **ein Exemplar zu ~ haben** to have one copy too few; **ich habe ihm £20 zu ~ geboten** I offered him £20 too little



In die semantiese subkommantaar van polisemiese waarde a van die woordeboekartikel in (78) word die brontaalkoteksinskrywing *er gibt sich mit wenig(em) zufrieden*. Hierdie inskrywing, wat ten doel het om die lemmateken **wenig** vir die betrokke polisemiese waarde te kontekstualiseer, het twee verskillende semantiese lesings, en vir elke lesing geld 'n ander doeltaalkoteksinskrywing as vertaalekwivalent. Dit is dus nodig om die brontaalkoteksinskrywing se semantiese lesings te kontekstualiseer, sodat die gebruiker die korrekte doeltaalkoteksinskrywing sal kies. Hierdie kontekstualisering vind plaas deur die aanwending van die betekenisverklarings *verlangt nicht viel* en *ist selten zufrieden* voor die doeltaalkoteksinskrywings *he is satisfied with a little* en *he isn't satisfied with much* onderskeidelik. Wat in effek hier gebeur, is dat een kontekstualiserende inskrywing (die doeltaalkoteksinskrywing) deur 'n ander kontekstualiserende inskrywing (die betekenisverklaring) gekontekstualiseer word. Hierdie tipe kontekstualisering sal voortaan as *tweedevlakkontekstualisering* bekend staan, en word onderskei van *eerstevlakkontekstualisering*,

waar 'n kontekstualiserende inskrywing regstreeks 'n lemma (of vertaalekwivalent) kontekstualiseer (soos in (75)). Soos by eerstevlakkontekstualisering, is inskrywings wat tweedevlakkontekstualisering bewerkstellig eweneens streng gesproke opsionele inskrywings (ten minste in die Suider-Afrikaanse leksikografiese tradisie) (vgl. Hansen in Gouws 1996: 29), dit wil sê die koteksinskrywing wat tweedevlakkontekstualisering ondergaan se verskyning as sodanig is nie van die medeverskyning van die tweedevlakkontekstualiserende inskrywing afhanklik nie; dit is wel (en slegs dan) daarvan afhanklik as dit as gebruikersvriendelike(r) inskrywing wil geld. Hierdie vlakke van kontekstualisering staan in reliëf tot die gekombineerde optrede van byvoorbeeld diskriminators in (75), soos bo bespreek. Waar twee of meer kontekstualiserende inskrywings aan dieselfde inskrywing geadresseer is, geld *parallele kontekstualisering*. In die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde a in (75) geld gevolglik parallele eerstevlakkontekstualisering waar die leksikografiese etiket *Jur* en die betekenisverklaring *Gesetzabschnitt* beide die vertaalekwivalent *clause* kontekstualiseer (hoewel beide inskrywings aan die lemma geadresseer is). Ook in die semantiese subkommentaar van polisemiese waarde c in (75) geld parallele eerstevlakkontekstualisering, waar die semantiese waarde waarvoor die vertaalekwivalent *type* aangebied word deur én die verwyderde leksikografiese etiket<sup>27</sup> *Typ* én die betekenisverklaring *das Gesetzte* (wat eweneens aan die lemmekeken geadresseer is) gekontekstualiseer word. Parallele tweedevlakkontekstualisering geld in die volgende CD-artikel:

- (79) **winken** ['vɪŋkn], *ptp gewinkt or (dial) gewunken* [gə'vɪŋkt, gə'vʊŋkn] [1] *vt* to wave (*jdm* to sb); *jdm ~, etw zu tun* to signal sb to do sth; **sie winkte mit einem Fähnchen/den Armen** she waved a flag/her arms; **einem Taxi ~** to hail a taxi; *jdm winkt etw* (*fig*: = *steht in Aussicht*) sb can expect sth; **bei der Verlosung ~ wertvolle Preise** valuable prizes are being offered in the draw; **dem Sieger winkt eine Reise nach Italien** the winner will receive (the attractive prize of) a trip to Italy; **ihm winkt das Glück** fortune or luck is smiling on him, luck is on his side [2] *vt* to wave; (*esp Sport*: = *anzeigen*) to signal; *Taxi* to hail; *Kellner* to call; **jdm zu sich ~** to beckon sb over to one



In (79) word die leksikografiese etiket *fig* en die betekenisverklaring *steht in Aussicht* in kombinasie aangewend om die brontaalkoteksinskrywing *jdm winkt etwas* te kontekstualiseer, wat op sy beurt weer die lemma **winken** kontekstualiseer.

Tweedevlakkontekstualisering is egter nie beperk tot brontaalkoteksinskrywings met meerdere semantiese lesings nie. Vergelyk die volgende verteenwoordigende artikel:

<sup>27</sup> Die kwessie van verwyderde leksikografiese etikette word in 4.6.2.1.2 bespreek.

- (80) **Sattel** ['zatl] m -s, 2 ['zstl] [a] saddle; **ohne/mit** ~ **reiten** to ride bareback or without a saddle/with a saddle; **sich in den** ~ **schwingen** to swing (oneself) into the saddle; (*auf Fahrrad*) to jump onto one's bicycle; **in den** ~ **steigen** (= *reiten, radfahren*) to ride; **sich im** ~ **halten** (*lit, fig*) to stay in the saddle; **jdn aus dem** ~ **heben** (= *herunterhelfen*) to help sb (to) dismount; (*lit, fig*: = *zu Fall bringen*) to unseat sb; **jdn in den** ~ **heben** (*lit*) to lift sb into the saddle; (*fig*) to help sb to power; **er ist in allen Sätteln gerecht** or **sicher** (*fig*) he can turn his hand to anything; **fest im** ~ **sitzen** (*fig*) to be firmly in the saddle  
 [B] (= *Bergsattel*) saddle; (= *Geigensattel*) nut; (= *Nasensattel*) bridge

Die koteksinskrywings *jdn aus dem Sattel heben* to help sb (to) dismount; to unseat sb benodig konteksleiding, aangesien die eerste doeltaalkoteksinskrywing 'n letterlike vertaling van die brontaalinskrywing is, terwyl die tweede doeltaalinskrywing 'n ekwivalent van die brontaalinskrywing as vaste uitdrukking verteenwoordig. Die eerste doeltaalkoteksinskrywing ondergaan tweedevlakkontekstualisering deur die aanwending van die betekenisverklaring *herunterhelfen*, terwyl die tweede inskrywing parallelle tweedevlakkontekstualisering ondergaan deur die aanwending van die leksikografiese etikette *lit, fig* en die betekenisverklaring *zu Fall bringen*. Anders as in (78), is hier nie sprake van 'n brontaalkoteksinskrywing met meerdere semantiese lesings wat elk deur 'n afsonderlike doeltaalkoteksinskrywing vertaal moet word nie. Met betrekking tot die eerste doeltaalkoteksinskrywing geld die brontaalinskrywing inderdaad as brontaalkoteksinskrywing, maar met betrekking tot die tweede doeltaalinskrywing geld die brontaalinskrywing as multileksikale item (vaste uitdrukking) wat na regte aparte lemmastatus behoort te hê. Beide funksies van brontaalkoteksinskrywing en van brontaaluitdrukking is in die enkele inskrywing gekondenseer. Klaarblyklik volg die CD 'n stylgidsbeleid waarvolgens vaste uitdrukkinge as koteksinskrywings in die artikels van verbandhoudende leksikale lemmata aangebied word. Konteksleiding word derhalwe klaarblyklik nodig waar 'n vaste uitdrukking vormlike identiteit met 'n brontaalfrase vertoon en beide deur teksverdigtiging tot 'n enkele inskrywing gekondenseer is. Indien vaste uitdrukkinge egter as multileksikale lemmata geld of ten minste deur nie-tipografiese struktuurmerkers as sodanig gemerk word en in 'n afsonderlike artikelgleuf behandel word, sou konteksleiding nie hier nodig wees nie. Die teksverdigtigingstrategie wat ten opsigte hiervan in die CD geld, kan dus op leksikologiese gronde en in terme van leksikografiese gebruikersvriendelikheid gekritiseer word.

Die brontaalkoteksinskrywing *in den Sattel steigen* het egter nie meerdere semantiese lesings nie en is ook nie 'n kondensaat van twee of meer brontaalinskrywings nie; tog word die betekenisverklaring *reiten, radfahren* ingevoeg om tweedevlakkontekstualisering aan te bied. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die koteksinskrywing in die onmiddellike omgewing van 'n aantal vaste uitdrukkinge aangebied word, en dat die leksikograaf dit nodig gevind het om deur

tweedevlakkontekstualisering aan die gebruiker te toon dat dié koteksinskrywing vrye sintaktiese konstruksies verteenwoordig, en nie 'n vaste uitdrukking nie. Die leksikograaf differensieer dus die koteksinskrywing op implisiete wyse van die omringende vaste uitdrukkinge. Die aanvoer van hierdie rede word egter ondermyn deur die aanwending van die leksikografiese etiket *fig* by inskrywings wat vaste uitdrukkinge verteenwoordig. Afgesien hiervan sou tweedevlakkontekstualisering eweneens waarskynlik onnodig wees indien vaste uitdrukkinge as multileksikale lemmata geld of ten minste deur nie-tipografiese struktuurmerkers as sodanig gemerk word en in 'n afsonderlike artikelgleuf behandel word. 'n Ander, en meer waarskynlike rasionaal is dat die leksikograaf aan die gebruiker duidelikheid oor die betekenis van 'n semanties ondeursigtige brontaalkoteksinskrywing wil gee (wat nie 'n vaste uitdrukking is nie), veral in die afwesigheid van strukturele ekwivalensie tussen die bron- en doeltaalinskrywing.

Dit blyk dus dat tweedevlakkontekstualisering deur die aanwending van betekenisverklarings in die CD voorkom waar 'n koteksinskrywing 'n potensieel dubbelsinnige interpretasie by die gebruiker tot gevolg kan hê, óf omdat die brontaalinskrywing meerdere semantiese lesings het wat elk deur 'n afsonderlike doeltaalkoteksinskrywing vertaal moet word, óf omdat 'n vrye sintaktiese brontaalkonstruksie vormlike identiteit met 'n vaste uitdrukking in die brontaal vertoon en beide tot een brontaalinskrywing gekondenseer is, óf omdat brontaal- of doeltaalkoteksinskrywings nie struktureel ekwivalent aan mekaar is nie en die een derhalwe nie semanties deursigtig is nie.

Hoewel dit so mag voorkom, verteenwoordig die aanwending van die leksikografiese etikette *lit*, *fig* en die betekenisverklaring *zu Fall bringen* ten opsigte van die brontaalinskrywing *jdn aus dem Sattel heben* in (80) nié tweedevlakkontekstualisering nie, maar eerstevlakkontekstualisering, aangesien die vaste uitdrukking *jdn aus dem Sattel heben* leksikologies gesproke 'n leksikale item uit eie reg verteenwoordig en dus as lemma behoort te figureer. Afgesien van die leksikale status van vaste uitdrukkinge, stel Manley et al. (1988: 290) dit dat

[i]t is particularly obvious in the case of *idioms* that they “exemplify” nothing about the headword.

Gevolglik kan 'n vaste uitdrukking nie as kontekstualiserende inskrywing beskou word nie, wat inhou dat die kontekstualisering van 'n vaste uitdrukking eerstevlakkontekstualisering eerder as tweedevlakkontekstualisering verteenwoordig.

Die aanwending van betekenisverklarings in diens van tweedevlakkontekstualisering blyk beperk te wees tot koteksinskrywings. Sover vasgestel kon word, ondergaan geen ander lede van die klas

diskriminators in die CD tweedevlakkontekstualisering deur die adresse van betekenisverklarings te wees nie.

Geen verskil in struktuur en voorkoms tussen betekenisverklarings wat as eerstevlakkontekstualisering aangebied word en dié wat as tweedevlakkontekstualisering aangebied word, is in die CD aangetref nie.

Na analogie van eerstevlak- en tweedevlakkontekstualisering sou *derdevlakkontekstualisering* geld in gevalle waar bepaalde kontekstualiserende inskrywings aangewend word om ander kontekstualiserende inskrywings te kontekstualiseer, wat op hulle beurt weer verdere kontekstualiserende inskrywings kontekstualiseer, wat op hulle beurt uiteindelik 'n polisemiese waarde van 'n lemma of 'n vertaalekwivalent kontekstualiseer. Geen gevalle van derdevlakkontekstualisering is in die CD gevind nie, en dit is onwaarskynlik dat die toepassing van derdevlakkontekstualisering gebruikersvriendelike leksikografiese praktyk sou verteenwoordig. Verder, gegee die feit dat slegs twee klasse artikelinterne kontekstualiserende inskrywings bestaan (diskriminators en koteksinskrywings) en dat slegs lede van die klas diskriminators klaarblyklik aangewend word om lede van die klas koteksinskrywings te kontekstualiseer, terwyl die omgekeerde nie moontlik blyk te wees nie, lyk dit logies onwaarskynlik dat derdevlakkontekstualisering op artikelvlak leksikografiese bestaansreg het. Derdevlakkontekstualisering deur die aanwending van ingevoegde tekste sal 'n ewe (of méér) gebruikersonvriendelike data-aanbod verteenwoordig. Die leksikograaf sou wel die moontlikheid van 'n soort (implisiete) derdevlakkontekstualisering deur middel van voor- en agtertekste kon ondersoek, maar so 'n toepassing sou waarskynlik leksikografies ook verdag voorkom. Aangesien die rol van hierdie klas tekste egter buite die bestek van hierdie studie val, sal die moontlikheid nie hier verder verken word nie. Die omskrywing van kontekstualiserende inskrywings in die metateks of byvoorbeeld 'n lys van afkortings in die voortekste van die woordeboek sou nie as tweede- of derdevlakkontekstualisering geld nie, aangesien dit in dié voortekste oor die beskrywing van die metataal van die woordeboek gaan en nie om die kontekstualisering van daardie inskrywings nie.

Onder 4.4 is gemeld dat die onderskeid tussen diskriminators en koteksinskrywings gemotiveer word op grond van hulle tekstuele plasing: diskriminators tree in samehang met lemmatekens en vertaalekwivalente in dieselfde teksblok (nl. die vertaalekwivalentparadigma) op, terwyl koteksinskrywings binne 'n nie-geïntegreerde (of primitiewe) mikrostruktuur in 'n afsonderlike teksblok kan optree, wat nie sonder meer vir diskriminators geld nie. Uit die voorgaande bespreking het dit egter duidelik geword dat diskriminators ook binne die koteksafdeling sou kon optree selfs

waar daar nie sprake is van 'n geïntegreerde mikrostruktuur nie. Die belangrike onderskeid is egter dat diskriminators d n slegs in diens van tweedevlakkontekstualisering kan optree, en nie om eerstevlakkontekstualisering te bewerkstellig nie. Die formulering van die onderskeid tussen diskriminators en koteksinskrywings op grond van tekstuele plasing moet dus verfyn word om te lui dat diskriminators in diens van eerstevlakkontekstualisering slegs binne die vertaalekwivalentparadigma optree, en in diens van tweedevlakkontekstualisering slegs binne die koteksafdeling, terwyl koteksinskrywings in diens van eerstevlakkontekstualisering slegs binne die koteksafdeling optree.

#### 4.6.1.1.4 Rasionaal

Indien die argumente wat in Wiegand (1988) aangebied word, aanvaar word, hou dit in dat elke (polisemiese waarde van 'n) lemma in 'n standaard polifunksionele vertalende woordeboek van 'n betekenisverklaring voorsien kan word. Daar dien egter op gelet te word dat Wiegand (1988) dit het oor 'n Duits-Chinees woordeboek, wat twee tale van wyd uiteenlopende genealogiese en kulturele agtergronde afpaar.<sup>28</sup> Wanneer tale soos Afrikaans, Duits en Engels egter in vertalende woordeboeke gekombineer word, verskil die situasie aansienlik van di  van 'n Duits-Chinees woordeboek. Afrikaans, Duits en Engels is genealogies nou aan mekaar verwant en vertoon derhalwe ooreenkomstige leksikale, morfologiese en sintaktiese strukture. Daarby is Afrikaans en Engels in Suider-Afrika konstant met mekaar in kontak en is die verskynsel van tweetaligheid met Afrikaans en Engels gevolglik relatief verbreed. Dieselfde kan nie ten opsigte van Duits en Chinees ges  word nie. Hierdie verskil tussen die veranderlikes wat die woordeboek- en kontekstparamaters<sup>29</sup> van enersyds 'n Duits-Chinees woordeboek en andersyds 'n Duits-Engels of Afrikaans-Engels woordeboek konstitueer, be nvloed ook die waardes van die veranderlikes binne ten minste die gebruikers-, gebruiks- en gebruikersverwysingsraamwerkparameters van die onderskeie woordeboeke, wat beduidende verskille in die onderskeie datakategorie  en -aanbod kan meebring. Dit is derhalwe duidelik dat, hoewel die argumente en hanteringstrategie  wat in Wiegand (1988) aangebied word van groot waarde vir die doel van hierdie studie is, dit met inagneming van die leksikografiese parameters van 'n Afrikaanse polifunksionele vertalende woordeboek nie sonder meer aanvaar en toegepas kan word nie. Gevolglik word in hierdie studie teruggekeer na die CD as voorbeeld van 'n polifunksionele vertalende woordeboek waarin twee genealogies verwante tale afgepaar word.

---

<sup>28</sup> Vgl. die bespreking van genealogies verwante vs. onverwante tale ten opsigte van die makrostruktuur in hoofstuk 3.

<sup>29</sup> Vgl. die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke in hoofstuk 2.

In hierdie afdeling word die leksikografiese rasionaal vir die aanwending van betekenisverklarings in die CD en die AEW ondersoek. Die doel is om die geldende beginsels wat die aanwending van betekenisverklarings bereël te agterhaal ten einde 'n basis daar te stel waarop 'n model vir effektiewe konteksleiding in Afrikaanse polifunksionele vertalende woordeboeke gefundeer kan word. Vir hierdie doel is die aanwending van betekenisverklarings by alle lemmata in die artikeltrajek van *S/s* in die CD nagegaan. Die bewerking van dié artikeltrajek beslaan 108 van die 979 bladsye waaruit die CD se Duits-Engels-deel van die sentrale teks bestaan, wat 'n steekproef van 11,03% verteenwoordig. Hierdie data word dan met die relevante metaleksikografiese literatuur in verband gebring. Verteenwoordigende voorbeelde uit ander artikeltrajekte sal egter ook aangebied word, aangesien spesifieke bevindinge van die studie van die lemmata in die artikeltrajek van *S/s* daardeur geverifieer word.

Tot op hierdie stadium is die geïmpliseerde uitgangspunt dat betekenisverklarings slegs by lemmata wat polisemiese leksikale items verteenwoordig, figureer. Uit die data in die CD en die AEW blyk dit egter dat konteksleiding in die vorm van betekenisverklarings nie tot die artikels van sulke lemmata beperk is nie. Hierdie stand van sake ondersteun onder meer Gouws (1989: 164-165) se voorstelle vir die aanwending van betekenisverklarings ook in die artikels van lemmata wat monosemiese leksikale items verteenwoordig. Hierdie voorstelle is primêr gebaseer op die spesifieke ekwivalentverhoudinge wat telkens tussen die lemmata en die aangebode vertaalekwivalente geld, en nie in die eerste plek op die lemmaties verteenwoordigde leksikale items se status as synde mono- of polisemies nie. Dit maak dus sin dat ekwivalentverhoudinge die vertrekpunt vir die studie van die aanwending van betekenisverklarings in die CD en AEW moet wees. Daarna kan die rol wat bepaalde kenmerke van die makrostruktuur speel, aan bod kom. Die optrede van betekenisverklarings met 'n nie-lemmatiese adressering is reeds onder 4.6.1.1.3.2 aan die hand van die dikterende data in die CD geïdentifiseer en bespreek, en word derhalwe nie hier weer betrek nie; hierdie aspek sal wel weer betrek word wanneer die norme vir die optrede van betekenisverklarings geformuleer word.

#### 4.6.1.1.4.1 Ekwivalentverhoudinge

*Ekwivalentverhoudinge* kan beskryf word as daardie verhouding wat telkens tussen 'n lemma as geheel en sy doeltaalekwivalentparadigma as geheel bestaan (kongruensie of divergensie) of wat tussen 'n individuele doeltaalekwivalent en meer as een lemma in hulle geheel bestaan (konvergensie) (vgl. Gouws 1989: 163-179). Dit gaan dus oor die *korrespondensie* wat tussen die betrokke taalsisteme bestaan, oftewel *sistemiese ekwivalensie* (vgl. Wiegand 2002: 245-246), en

moet onderskei word van *ekwivalensieverhoudinge*, wat verwys na die spesifieke verhouding van ekwivalensie wat tussen 'n individuele polisemiese waarde van 'n lemma en elkeen van sy aangebode vertaalekwivalente onderskeidelik in algemene taalgebruik bestaan, dit wil sê *parole-ekwivalensie* (vgl. Wiegand 2002).

#### 4.6.1.1.4.1.1 Absolute sistemiese ekwivalensie

Gouws (1989: 164) beskryf die verhouding van absolute sistemiese ekwivalensie soos volg:

Absolute ekwivalensie bestaan in gevalle waar daar vir 'n lemma 'n vertaalekwivalent gebied kan word wat dieselfde semantiese lading as die lemma dra.

Aangesien die leksikalisering van betekenis nie parallel in twee tale geskied nie, gebeur dit selde dat 'n lemma 'n enkele vertaalekwivalent het met 'n identiese semantiese lading (Gouws 1989: 163). Waar sodanige verhouding wel geld, is daar sprake van 'n verhouding van kongruensie. Indien meer as een vertaalekwivalent met 'n identiese semantiese lading as dié van die lemma gebied kan word, geld 'n verhouding van leksikale divergensie. Die spesifieke tipe verhouding wat geld, sal die optrede al dan nie van betekenisverklarings medebepaal.

#### A. Kongruensie

Die onderskeidende kenmerk van kongruensie is dat daar absolute betekenisekwivalensie tussen die lemma en die vertaalekwivalent bestaan (Gouws 1989: 165). Hierdie kenmerk word daarin gemanifesteer dat (i) beide die lemma en die vertaalekwivalent monosemies is, en dat (ii) nóg die lemma nóg die vertaalekwivalent sinonieme het (vgl. Gouws 1989: 164). Waar kongruensie tussen die lemma en die vertaalekwivalent geld, speel konteks volgens Gouws (1989: 165) geen rol nie en verteenwoordig die vertaalekwivalent die betekenis van die lemma volledig in die doeltaal. Dit volg dus dat konteksleiding in die vorm van 'n betekenisverklaring in die artikel van 'n lemma wat in 'n verhouding van kongruensie tot die vertaalekwivalent staan onnodig blyk te wees, soos die volgende AEW-artikels illustreer:

(81) Afrikaans-Engels-deel

- a. **leksikaal** lexical.
- c. **telefaksimilee** telefacsimile.

Engels-Afrikaans-deel

- b. **lexical** leksikaal.
- d. **telefacsimile** telefaksimilee.




Die data suggereer egter wel dat die konsep *kongruensie*, soos hierbo uiteengesit, nie voorsiening maak vir alle gevalle van werklike kongruensie nie. Derhalwe word 'n onderverdeling van hierdie begrip voorgestel, te wete 'n onderskeid tussen *monosemiese kongruensie* en *polisemiese kongruensie*. Soos aangetoon sal word, kan hierdie onderskeid bepalend wees in die aanbod al dan nie van diskriminators en trouens enige vorm van kontekstualisering by die betrokke lemmata en/of vertaalekwivalente.

### A.1 Monosemiese kongruensie

*Monosemiese kongruensie* is gelyk te stel aan *kongruensie* soos hierbo uiteengesit (en vervang dié term voortaan), dit wil sê daar bestaan 'n een-tot-een-verhouding tussen die lemma en die aangebode vertaalekwivalent waar (i) beide die lemma en die vertaalekwivalent monosemies is, en (ii) nóg die lemma nóg die vertaalekwivalent sinonieme het. Die AEW-uitreksels in (81) illustreer die leksikografiese hantering van hierdie tipe sistemiese ekwivalensie, dit wil sê die oordeel dat konteksleiding in hierdie gevalle onnodig is.

In bepaalde geïdentifiseerde gevalle kom betekenisverklarings wel in die CD by lemmata voor wat in 'n ekwivalentverhouding van leksikale kongruensie tot die vertaalekwivalent staan. In (82) word die lemma **Shag** van die betekenisverklaring *Tabak* voorsien:

(82) **Shag** [...] (= *Tabak*) shag







Oënskynlik dien hierdie strategie geen doel nie, aangesien slegs een vertaalekwivalent aangebied word – die gebruiker hoef dus nie leiding in die keuse van 'n gepaste vertaalekwivalent gebied te word nie. 'n Moontlike rede vir hierdie hanteringstrategie word gevind in 'n nadere beskouing van die aangebode vertaalekwivalent. Indien die omkeerbaarheidsbeginsel<sup>30</sup> toegepas word, behoort die vertaalekwivalent as lemma in die Engels-Duits-deel van die CD te figureer. Dié beginsel geld inderdaad ten opsigte van die vertaalekwivalent *shag* in CD – in die Engels-Duits-deel word die volgende artikels met **shag** as lemma aangetref:




(83) **shag**<sup>1</sup> [ʃæg] n [a] (= tobacco) Shag m [b] (of carpet etc) Flor m; ~pile carpet langfloriger Teppich  
**shag**<sup>2</sup> n (Orn) Krähenscharbe f  
**shag**<sup>3</sup> (sl) [1] n (= intercourse, partner) Nummer f (sl); to have a ~ eine Nummer machen (sl)  
 [2] vti [a] (= have sex) bumsen (inf) [b] to be ~ged out ausgebufft sein (sl)

<sup>30</sup> Vgl. Gouws (1989: 162) vir 'n bespreking van die omkeerbaarheidsbeginsel.

Dit blyk dus dat die lemma **Shag** in (83) van 'n betekenisverklaring voorsien is om aan te dui ten opsigte van watter spesifieke homoniem in die doeltaalhomoniemparadigma die vertaalekwivalent aangebied word. Uit die data is dit egter nie duidelik of hierdie hanteringswyse 'n bewuste leksikografiese strategie verteenwoordig nie. Vergelyk die volgende woordeboekartikels wat ook die bestaan van sodanige strategie ondersteun:

- (84) a. **Speis** [...] (*S Ger: = Mörte!*) mortar  
 b. **mortar**<sup>1</sup> [...]  (= *bow!*) Mörser *m*  (= *cannon*) Minenwerfer *m*  
**mortar**<sup>2</sup>  *n* (= *cement*) Mörtel *m*  *vt* mörtern

Woordeboekartikels soos dié in (85) hieronder weerspreek egter die artikels in (83) en (84) hierbo, met geen verband wat tussen die vertaalekwivalent en sy doeltaalhomonieme in die Duits-Engels-deel in CD gesuggereer word nie:

- (85) a. **Kompresse** [...] compress  
 b. **compress**<sup>1</sup> [...]  *vt* komprimieren (*into auf +acc*); *air etc also, data* verdichten; *materials* zusammenpressen (*into zu*)  *vt* sich verdichten, sich komprimieren lassen  
**compress**<sup>2</sup> [...] *n* Kompresse *f*, feuchter Umschlag  
 c. **Werg** [...] tow  
 d. **tow**<sup>1</sup> [...] *n* Werg *nt*, Hede *f*  
**tow**<sup>2</sup>  *n* to take a car in ~ ein Auto abschleppen; to take a yacht in ~ eine Jacht schleppen or ins Schlepptau nehmen [...]



Verder word betekenisverklarings by die artikel in (86)a hieronder ingesluit waar die aangebode vertaalekwivalent nie in enige doeltaalhomoniemparadigma hoegenaamd staan nie:

- (86) a. **Zensus** [...] (= *Volkszählung*) census  
 b. **Volkszählung** *f* (national) census  
 c. **census** [...] *n* Zensus *m*, Volkszählung *f*; (Bibl) Schätzung *f*; [...]

Dit is ook nie duidelik wat presies die wins sal wees aan 'n strategie soos dié wat deur die artikels in (82) en (84) ondersteun word nie. Die waarskynlikheid dat die teikengebruiker naamlik 'n aangebode doeltaalekwivalent se lidmaatskap aan 'n doeltaalhomoniemparadigma al dan nie in ag sal neem by die seleksie van die gepaste vertaalekwivalent vir die relevante konteks kan minstens as onbeduidend beskou word, verál as die betrokke lemma monosemies is en slegs van 'n enkele

vertaalekwivalent voorsien word. Die gebruiker wat wel die tersaaklike verband trek en wil naslaan, sal hoogs waarskynlik effektiewer bedien word indien die gesoekte semantiese inligting by die ooreenstemmende homoniemlemmata in die teenoorstaande deel van die woordeboek aangebied word. Die verskynsel dat 'n betekenisverklaring by 'n lemma in die CD optree wat in 'n verhouding van leksikale kongruensie tot die vertaalekwivalent staan, is uiters skaars. Waar hierdie verskynsel wel voorkom, kon geen leksikografiese rasionaal daarvoor gevind word nie. By geeneen van dié lemmata waar betekenisbeskrywings voorkom, kon aangedui word dat die weglaat daarvan die teikengebruiker in die teikengebruikssituasie enigsins tot nadeel kan strek nie. Gevolglik word hierdie verskynsel as 'n blote leksikografiese inkonsekwentheid bestempel. Hierdie beskouing lei tot die gevolgtrekking dat sodanige lemmata in CD in die reël nié van betekenisverklarings voorsien word nie.

Hoewel die aangebode vertaalekwivalent in gevalle van monosemiese kongruensie telkens die volle semantiese lading van die lemma dra, sal vervolgens en in die bespreking van die optrede van betekenisverklarings by die verskillende lemmatipes (vgl. hfst. 3) sowel as die optrede van ander diskriminators en koteksinskrywings aangetoon word dat Gouws (1989: 165) se kategoriale stelling dat konteks geen rol speel in die aanbod van vertaalekwivalente in hierdie gevalle nie, nie in alle gevalle geldig is nie.

In die AEW word betekenisverklarings ook wel in gevalle van monosemiese kongruensie by die betrokke lemmata aangebied. Vergelyk die volgende artikels uit dié woordeboek:

- (87) a. **rallentando** *adj. & adv., (It., mus.: becoming slower)* rallentando.  
b. **simologie** (*biochem.: science of fermentation*) zymology.  
c. **tarra** (*weight of a vehicle without cargo*) tare.

Die motivering hiervoor blyk te wees dat die lemmata leenitems in die bron- sowel as doeltaal verteenwoordig, en dat die aangebode vertaalekwivalente die teikengebruiker nie 'n duideliker beeld van die betekenis van die lemma bied nie; derhalwe ag die leksikograaf dit nodig om 'n betekenisverklaring aan te bied.


## A.2 Polisemiese kongruensie

*Polisemiese kongruensie* geld in daardie rare gevalle waar leksikalisering wel parallel in die twee betrokke tale plaasgevind het, en wel waar (i) beide die lemma en die vertaalekwivalent polisemies

is, en (ii) nóg die lemma nóg die vertaalekwivalent sinonieme het, maar (iii) die lemma en die vertaalekwivalent se polisemiese paradigmas identies saamgestel is. Volgens Wiegand (2002: 242) word hierdie tipe ekwivalentverhouding deur sommige navorsers *semantiese ekwivalensie* genoem, en bestaan

precisely when, *firstly*, the number of sememes in the source language are equal to those in the target language and, for example, have the value *m*, and when, *secondly*, their denotation correspond in *m* pairs of sememes with regard to a source and target language sememe in each pair.

Wiegand (2002: 242) gee hierdie verhouding skematies soos volg weer:



**Figuur 14: Sistemies-gebaseerde semantiese ekwivalensie in drievoudig polisemiese leksikale items (m=3).** (Wiegand 2002: 242)

Afkortings: SL = brontaal; TL = doeltaal; Se = polisemiese waarde; D = gedenoteerde item.  
 Notasiiekonvensie: “——” lees is ’n polisemiese waarde in; “↔” lees is semanties ekwivalent aan; “x ---> y” lees x het ’n gedenoteerde item y.

Vergelyk in hierdie verband die volgende artikels uit die AEW:

- |   |  |
|---|--|
| (88) <u>Afrikaans-Engels-deel</u>                                 | <u>Engels-Afrikaans-deel</u>                               |
| a. <b>koelak</b> [...] ( <i>Russ. landowner</i> ) kulak.          | b. <b>kulak</b> ( <i>Rus., hist.</i> ) koelak.             |
| c. <b>Saturnus</b> ( <i>astron, astrol., Rom. myth.</i> ) Saturn. | d. <b>Saturn</b> ( <i>astron. en Rom. mit.</i> ) Saturnus. |


Die leksikografiese hantering in (88) veronderstel dat ’n ekwivalentverhouding van leksikale kongruensie telkens tussen die lemma en die aangebode vertaalekwivalent bestaan. Die lemmata in (88)b, c en d is wel deur middel van leksikografiese etikette as niestandaardtaalitems gemerk en die lemma **koelak** is van ’n betekenisverklaring *Russ. landowner* voorsien. Indien die lemma **Saturnus** egter in die HAT nagegaan word, word dit duidelik dat dié leksikale item nie monosemies is nie<sup>31</sup>:

<sup>31</sup> Hier word nie op die leksikografiese meriete van die HAT-hantering ingegaan nie.

(89) **Saturnus** s.nw. **1** (*mit.*) Ou Romeinse god van die landbou. **2** Groot planeet, sesde van die son, omsirkel deur 'n groep breë, plat ringe. [L. *serere, satum* saai]

Die lemma **Saturnus** het naamlik twee polisemiese waardes, maar word oënskynlik nie as sodanig in die AEW hanteer nie. Die rede hiervoor is blykbaar dat die leksikale item *Saturn* in Engels 'n identiese polisemiese paradigma vertoon. Tussen die lemma **Saturnus** en die vertaalekwivalent *Saturn* in (88)c geld 'n ekwivalentverhouding van polisemiese kongruensie. Uit die vergelyking van die data in (88) wil dit dus voorkom of die AEW leksikale en semantiese kongruensie identies hanteer. In (88)c en d word die polisemiese paradigma van die lemma egter telkens in die aanbod van 'n enkele vertaalekwivalent gekondenseer, wat 'n *semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma* as gevolg van 'n *semanties verdigte lemma* as produk lewer. Hierdie mikrostrukturele prosedure word deur Kromann et al. (1991: 2719) ondersteun, wat betoog dat dit 'n vermorsing van ruimte sou wees om byvoorbeeld in die geval van (88)c hierbo die vertaalekwivalent *Saturn* twee maal aan te bied. Manley et al. (1988: 300) stem hiermee saam, en voeg by dat die kontekstleiding vir die vertaalekwivalent vir beide polisemiese waardes van die lemma deur 'n enkele diskriminator, oftewel 'n saamgroepering van diskriminators, soos die etikette in (88)d, weergegee kan word. Trouens, in die GW tree geen sodanige diskriminators hoegenaamd op nie, soos wat die onderstaande artikel in dié woordeboek illustreer:

(90) **Saturnus**, Saturn.



Die onderskeid tussen die hantering in die AEW en dié in die GW motiveer die skep van die subklasse *gediskrimineerde semanties verdigte lemma* (verteenwoordig in (88)c en d, waarin saamgegroepeerde diskriminators die semanties verdigte lemma kontekstualiseer) en *ongediskrimineerde semanties verdigte lemma* (verteenwoordig in (90), waarin geen diskriminators die lemma kontekstualiseer nie). Parallel hieraan geld 'n *gediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma* indien sodanig saamgegroepeerde diskriminators aan die vertaalekwivalent geadresseer is en 'n *ongediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma* indien dit nie die geval is nie, binne die klas semanties verdigte vertaalekwivalentparadigmas<sup>32</sup>. Voortaan sal verwysings na semantiese verdigte of onverdigte vertaalekwivalentparadigmas ook semanties verdigte of onverdigte lemmata veronderstel.

<sup>32</sup> Analoog aan *gediskrimineerde* x *ongediskrimineerde vertaalekwivalentparadigma* noem Gouws (1989: 153) 'n doeltaalsinoniemparadigma waarin geen diskriminators optree nie 'n *ongemerkte doeltaalsinoniemparadigma*, terwyl een waarin diskriminators wel optree 'n *gemerkte doeltaalsinoniemparadigma* genoem word. Aangesien daar in hierdie bespreking ook sprake is van lemmata waaraan diskriminators gerig is, en die term *gemerkte lemma*, wat verband kan

Die voorkoms van semanties verdigte vertaalekwivalentparadigmas word nie deur alle metaleksikograwe aanvaar nie. Jarošová (2000: 15-16) gee die kontrasterende kontensies van teoretici (én praktiserende leksikograwe) soos Al, Atkins en Heid weer: In teenstelling met Kromann et al. (1991: 2719) is Al oortuig daarvan dat die “reduction of the polysemous structure” van die lemma<sup>33</sup> deur die aanbod van ’n enkele vertaalekwivalent soos in (88)b en (90) ongewens is; “‘redundant repetition’ (repeating the same equivalent in all meanings of the lemma) has to be preferred in these cases,” aangesien ware redundansie ’n rare verskynsel is en woordeboeke ook ander ekwivalente, te wete sinonieme, aanbied. Volgens Atkins veroorsaak die prosedure van semantiese verdigting die distorsie van die brontaalanalise as gevolg van die behoeftes van die doeltaal. Hierdie kritiek ondersteun Gouws (1989: 167) se vereiste vir ’n betroubare vertaalekwivalentparadigma, wat aansluit by die status van die vertaalekwivalent in die vertalende woordeboek soos vroeër aangetoon (vgl. 4.2):

’n Betroubare vertaalekwivalentparadigma voorvereis ’n indringende betekenisanalise van die lemma en ’n ondubbelsinnige vasstelling van die volle polisemiese paradigma van die lemma soos dit uit sy optrede in die brontaal blyk.

Heid is van mening dat die semantiese verdigting van die vertaalekwivalentparadigma van ’n lemma in gevalle soos (88)b en (90) in orde is vir die doeleindes van ’n sogenaamde direksionele woordeboek (oftewel ’n differensiaalwoordeboek i.t.v. Zgusta (1971: 310) – vgl. 2.1.4), wat daarop gerig is om daardie gevalle waar die doeltaal beduidend van die brontaal verskil duidelik te maak. In sogenaamde nie-direksionele woordeboeke behoort eksplisietheid eerder as ekonomie te geld, met ander woorde die semantiese verdigting van die polisemiese paradigma van die lemma behoort in sodanige woordeboek vermy te word. Hieronder ressorteer kennelik ook die polifunksionele Afrikaanse vertalende woordeboek vir die Suider-Afrikaanse konteks.

Teen die agtergrond van hierdie kritiek konstateer Jarošová (2000: 16) dat dit blyk dat die toepassing van die ekwivalentgebaseerde benadering soos deur Manley et al (1988) voorgelou, lei tot die misplaaste reduksie van inligting.

Die semantiese verdigting van die vertaalekwivalentparadigma van ’n lemma wat in ’n ekwivalentverhouding van semantiese kongruensie tot die vertaalekwivalent staan, kan egter nie as

---

hou met *gemerkte leksikale item* of *geëtiketteerde lemma*, dan sou geld, word vir die doel van hierdie studie die bepaling *gediskrimineerd* in plaas van *gemerk* verkies.

<sup>33</sup> Dit gaan naamlik nie oor die *reduksie* van die polisemiese struktuur van die lemma nie, maar oor die *verdigting van die aanbod* daarvan tot ’n semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma.

AEW-beleid beskou word nie: In die volgende artikel word die lemma se vertaalekwivalentparadigma semanties onverdig aangebied, hoewel geen diagnostiese kenmerk geïdentifiseer kon word wat hierdie vertaalekwivalentparadigma van die semanties verdigte een in (88)b onderskei nie:

(91) **Xhosa** [...] (*member of a people*) Xhosa; (*no pl., lang.*) Xhosa.

Die vertaalekwivalentparadigma in (91) word voortaan 'n *semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma* genoem.

In die gevalle van **Pluto** en **Saturnus** (en die lemmata wat die name van die ander planeete in ons sonnestelsel verteenwoordig) kan aanvaar word dat die onbevredigende leksikografiese hantering die resultaat van 'n gebrekkige semantiese analise van die lemma verteenwoordig.

Die polisemiese paradigma van 'n lemma wat in 'n ekwivalentverhouding van polisemiese kongruensie tot die lede van die vertaalekwivalentparadigma staan, word insgelyks in die OFD in 'n semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma aangebied, terwyl beide semanties onverdigte en semanties verdigte vertaalekwivalentparadigmas in die CD voorkom. Vergelyk die volgende verteenwoordigende uittreksels uit OFD in (92) en CD in (93):

(92) a. **Pluto** [...] 1 Mythol Pluton *m*; 2 Astron Pluton *f* b. **Saturn** [...] 1 Mythol Saturne *m*; 2 Astron Saturne *f*

(93) a. **Pluto** [...] (*Myth*) Pluto *m*, Pluton *m*; (*Astron*) Pluto *m* b. **Saturn** [...] (*Astron, Myth*) Saturn *m*

In (92) word die volledige polisemiese paradigmas van die lemmata **Saturn** en **Pluto** in semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigmas weergegee. Uit die verteenwoordigende data in (93) blyk dit dat die lemma se vertaalekwivalentparadigma semanties verdig word, mits die vertaalekwivalent vir geeneen van die lemma se polisemiese waardes 'n wisselvorm het nie. Indien 'n wisselvorm wel vir die vertaalekwivalent in 'n bepaalde polisemiese waarde bestaan, word die vertaalekwivalentparadigma semanties onverdig aangebied en elke polisemiese waarde word deur 'n kontekstualiserende inskrywing gediskrimineer, soos in (93)a.


Sodanige semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma, waarin elke polisemiese waarde van die lemma deur diskriminators aangedui word, sal voortaan 'n *gediskrimineerde semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma* genoem word. Hierteenoor staan 'n *ongediskrimineerde*

*semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma*, waarin die onderskeie polisemiese waardes nie deur diskriminators gekontekstualiseer word nie, maar 'n vertaalekwivalent steeds vir elke polisemiese waarde van die lemma voorsien word, soos wat die volgende (leksikografies onbevredigende) hipotetiese artikel illustreer:

(94) **Saturnus** [...]Saturn; Saturn.

Die argument dat die vertaalekwivalent *Pluton* vir die eerste polisemiese waarde van die lemma **Pluto** in (92)b tot 'n ander genusklas as die identiese vertaalekwivalent vir die tweede polisemiese waarde van dieselfde lemma behoort (soos deur die inskrywings *m* en *f* onderskeidelik aangedui) en derhalwe verskillende morfo-sintaktiese implikasies vir hulle onderskeie aanwendings in gebruik in die doeltaal veronderstel, verteenwoordig 'n geldige en inderdaad belangrike motivering vir die semanties onverdigte aanbod van die lemma se polisemiese paradigma, hoewel dit nie die bepalende motivering vir dié prosedure blyk te wees nie. Dít word duidelik wanneer die volgende OFD-artikel betrag word:

(95) **exterior** /ik'stiəriə(r)/  
**A** n **1** (of building, vehicle) extérieur m (of de); **on the** ~ à l'extérieur; **beneath his tough** ~ **he's very sensitive** sous un extérieur rude c'est une âme sensible; **her liberal** ~ péj son vernis libéral; **2** Art, Cin extérieur m  
**B** adj **1** gen extérieur (to à); ~ **decorating** peintures *fpl* extérieures; **for** ~ **use** (paint) pour extérieurs; **2** Cin, Phot ~ **shots** prises *fpl* de vue en extérieur



Vir die lemma **exterior** se funksie as substantief word twee polisemiese waardes onderskei, en vir beide polisemiese waardes word die vertaalekwivalent *extérieur*, wat in beide gevalle tot dieselfde genusklas (*m*) behoort, sonder sinonieme aangebied. Hoewel 'n ekwivalentverhouding van polisemiese kongruensie nié tussen die lemma en die vertaalekwivalentparadigma bestaan nie (wel 'n verhouding van eenrigting- of skynkongruensie i.t.v. Gouws (1989: 166), soos duidelik word indien die lemma **extérieur** in die Frans-Engels-deel van die OFD nageslaan word), kom die leksikografiese hantering wel ooreen met die hantering van so 'n ekwivalentverhouding; die feit dat 'n ekwivalentverhouding van semantiese konvergensie betrokke is, word volgens Gouws (1989: 172-173) slegs deur die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel bewys en word nie in die artikels waarin die konvergerende vertaalekwivalent voorkom, gemanifesteer nie.

In terme van Jarošová (2000: 16) sou die volgende twee alternatiewe hanteringstrategieë (n.a.v. die polisemiese paradigma in die HAT) vir lemmata soos **Saturnus** in die GW en AEW voorgestel kon word:



- (96) a. **Saturnus** [...] **1** (*Rom. mit.*) Saturn; ~, *die god van landbou*, ~ : god of agriculture. **2** (*astron.*) Saturn; *die planeet* ~ : the planet ~.
- b. **Saturnus** [...] (in various senses) Saturn: **a.** (*[Rom. mit.]*) ~, *die god van landbou*: ~, god of agriculture; **b.** (*[astron.]*) planet) *die planeet* ~ : the planet ~.

Die artikel in (96)a vertoon 'n gediskrimineerde semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma, terwyl die artikel in (96)b 'n semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma vertoon. Hoewel laasgenoemde vertaalekwivalentparadigma oënskynlik slegs een vertaalekwivalent bevat, is die vertaalekwivalente van minstens twee polisemiese waardes van die lemma daarin gekondenseer. Binne dié vertaalekwivalentparadigma word egter geen diskriminators aangebied om aan te dui ten opsigte van watter polisemiese waardes van die lemma die semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma aangebied word nie. 'n Ongediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma geld dus. (Die polisemiese paradigma van die lemma in (96)b word wel in die koteksafdeling binne die semantiese kommentaar geëkspliseer.) Die feit dat die vertaalekwivalentparadigma semanties verdig is, word egter duidelik deur die inskrywing *in various senses* aangedui. Hierdie inskrywing vervul die spesifieke ware funksie om die vertaalekwivalentparadigma as semanties verdig te identifiseer; gevolglik word na die vertaalekwivalentparadigma in die artikel in (96)b as 'n *geïdentifiseerde ongediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma* verwys. Hierteenoor staan 'n *ongeïdentifiseerde ongediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma*, soos dié in (90). Vergelyk ook die geïdentifiseerde ongediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma in die volgende artikel in die Engels-Duits-deel van die CD, hoewel die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel hier 'n ekwivalentverhouding van semantiese divergensie tussen lemma en vertaalekwivalent uitwys:

- (97) **salon** [...] *n* (*all senses*) Salon *m*

Vergelyk hierteenoor die *ongeïdentifiseerde gediskrimineerde semanties verdigte lemma Samoejeed* in die AEW:

- (98) **Samoejeed** [...] (*member of Siberian people; breed of dog*) Samoyed.

Die polisemiese lemma in (98) besit die denotasies *lid van 'n Siberiese volk* en *'n honderas*, en ten opsigte van elkeen van hierdie denotasies geld die doeltaalekwivalent *Samoyed*. Die twee verteenwoordigende betekenisverklarings word saamgegroeper en deur die polisemie-aanduider

“;” van mekaar onderskei; daarnaas word die gedeelde vertaalekwivalent aangebied. Teenoor hierdie vertaalekwivalentparadigma kan ’n aangepaste vertaalekwivalentparadigma staan, wat in die volgende artikel figureer:

(99) **samojeed** [...] (various senses: *member of Siberian people; breed of dog*) Samoyed.

Die inskrywing *various senses* in (99) het die spesifieke werklike funksie om die vertaalekwivalentparadigma as semanties verdig te identifiseer; derhalwe is daar in (99) sprake van ’n *geïdentifiseerde gediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma*.

In hierdie afdeling word die bestaan van die ekwivalentverhouding van polisemiese kongruensie naas monoseemiese kongruensie bewys, sowel as die feit dat kontekstleiding (in watter vorm ook al), hoewel dit nie essensieel is nie, bydra tot die gebruikersvriendelikheid van die data-aanbod.

## **B. Leksikale divergensie**

Leksikale divergensie is ’n ekwivalentverhouding wat tussen ’n monoseemiese lemma en ’n doeltaalsinoniemparadigma bestaan (Gouws 1989: 167). Volgens De Stadler (1989: 77) bestaan ’n verhouding van absolute sinonimie tussen leksikale items wat in alle kontekste deur mekaar vervang kan word en wat identies is beide wat hulle kognitiewe en emotiewe betekenis betref. Svensén (1993: 143) se begrip *volkome ekwivalensie* stem ooreen met hierdie beskrywing, wat “complete correspondence between words and expressions in two languages as regards content and register” impliseer. Volgens De Stadler (1989: 77) sou egter geredeneer kon word dat register nie deel van die leksikale betekenis van ’n leksikale item vorm nie, en dat items soos *dybeen* en *femur* gevolglik as absolute sinonieme van mekaar beskou kan word (afgesien dus daarvan dat *femur* waarskynlik tot die register van onder meer die mediese vaktaal behoort). Dieselfde argument sou styl geld. Gouws (1989: 167) pas hierdie ruimer beskouing van absolute sinonimie op die leksikografie toe:

Sinonieme wat slegs met betrekking tot styl en register van mekaar verskil, word leksikografies soos absolute sinonieme hanteer en val dus binne die bestek van leksikale divergensie.

Volgens Gouws & Prinsloo (2005: 156) val ook gedeeltelike sinonieme binne die bestek van leksikale divergensie. Ter wille van kommunikatiewe ekwivalensie is dit egter noodsaaklik dat sinonieme wat wel ten opsigte van register en styl van mekaar verskil, leksikografies as sodanig van

mekaar onderskei word deur bepaalde tipes inskrywings, soos leksikografiese etikette (vgl. Gouws 1989: 167). Wat egter duidelik is, is dat betekenisverklarings nie die funksionele inskrywingstipe vir hierdie doel is nie, aangesien die verskille wat tussen sodanige doeltaalsinonieme bestaan nie op betekenisvlak geld nie. Dit volg dan logies dat betekenisverklarings nie sal optree by 'n lemma wat in 'n ekwivalentverhouding van leksikale divergensie tot die aangebode vertaalekwivalente staan nie, soos die volgende CD-artikels illustreer:

(100) Duits-Engels-deel

- a. **Kameradschaft** [...] comradeship, camaraderie.

Engels-Duits-deel

- b. **comradeship** [...] Kameradschaft(lichkeit) *f*, **the spirit of ~** der Kameradschaftsgeist  
c. **camaraderie** [...] Kameradschaft

In AEW word 'n soortgelyke beleid gevolg; vergelyk die volgende artikels uit dié woordeboek:

(101) Afrikaans-Engels-deel

- a. **epidoot** [...] epidote, pistacite.

Engels-Afrikaans-deel

- b. **epidote** [...] epidoot.  
c. **pistacite** [...] epidoot.

Hierdie beleid word egter nie konsekwent in die CD toegepas nie, soos die volgende artikels in dié woordeboek illustreer:

(102) Engels-Duits-deel

- a. **epigram** [...] *n* (= *saying*)  
Epigramm *nt*, Sinngedicht *nt*

Duits-Engels-deel

- b. **Epigramm** [...] epigram  
c. **Sinngedicht** *nt* epigram

Die lemma **epigram** in (102)a staan in 'n ekwivalentverhouding van leksikale divergensie tot die aangebode vertaalekwivalente *Epigramm* en *Sinngedicht*; die lemma word skynbaar onnodig van die betekenisverklaring *saying* voorsien.

#### 4.6.1.1.4.1.2 Gedeeltelike sistemiese ekwivalensie: semantiese divergensie

### A. Semantiese divergensie by monosemiese lemmata

Volgens Gouws (1989: 168) kom 'n ekwivalentverhouding van semantiese divergensie voor

in die artikel van 'n monosemiese lemma waar daar 'n betrekking van gedeeltelike sinonimie tussen die lede van die vertaalekwivalentparadigma bestaan. In so 'n geval is minstens een van die vertaalekwivalente polisemies en dit lei tot 'n semantiese divergensie tussen lemma en vertaalekwivalent.


Hierdie verhouding kan deur middel van die volgende artikels uit die AEW geïllustreer word:

#### (103) Afrikaans-Engels-deel

- a. **penarie** difficulty, predicament, quandary.
- c. **moeilikheid** difficulty; scrape, trouble, fix, quandary, straits; hardship; mischief [...]
- e. **verknorsing** sorry plight, fix, quandary, predicament [...]
- g. **verleentheid** shyness, timidity, bashfulness, self-consciousness, sheepishness; perplexity, embarrassment, confusion; trouble, quandary, difficulty [...]

#### Engels-Afrikaans-deel

- b. **difficulty** moeilikheid; hindernis, struikelblok; verleentheid, penarie; beswaar; swarigheid; beswaarlikheid, moesaamheid [...]
- d. **predicament** penarie, haglike toestand, verknorsing; toestand; (*log., vero.*) kategorie [...]
- f. **quandary** moeilikheid, verknorsing, verleentheid, penarie.



In die metateks van die AEW (p. x) word die funksies van die verdelingsmerker “,” en die polisemie-aanduider “;” in artikels in dié woordeboek soos volg verklaar<sup>34</sup>:

Vir elke betekenisonderskeid van 'n trefwoord is daar een of meer vertalings. Absolute of gedeeltelike sinonieme word deur 'n komma geskei, terwyl 'n kommapunt tussen vertalings 'n betekenisverskil aandui.

Hieruit word afgelei dat die leksikografiese hantering van die lemmata **penarie** en **verknorsing** in die Afrikaans-Engels-deel van die AEW impliseer (i) dat die betrokke lemmata monosemies is, en

<sup>34</sup> Die metateks van die AEW verteenwoordig 'n reuseverbetering op die metatekste wat in tradisionele Afrikaanse vertalende woordeboeke soos die GW en die TW voorkom, wat sowel inhoud, struktuur en gebruikersvriendelike aanbod betref.

(ii) dat die aangebode vertaalekwivalente in elkeen van die artikels telkens absolute of gedeeltelike sinonieme van mekaar is. Uit die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel ten opsigte van die artikel in (103)a (lemma **penarie**) in (103) b, d en f, blyk dit dat die vertaalekwivalent *quandary* monosemies is, terwyl die vertaalekwivalente *difficulty* en *predicament* elk polisemies van aard is en dus binne die vertaalekwivalentparadigma in (103)a in 'n verhouding van gedeeltelike sinonimie tot mekaar en tot die vertaalekwivalent *quandary* staan<sup>35</sup>. (In die artikels van die lemmata **verknorsing** ((103)e) en **quandary** ((103)f) geld soortgelyke ekwivalentverhoudingstrukture.) Hierdie besondere verhouding word egter nie in die artikel geëkspliseer nie en gevolglik bly die gebruiker onseker of die verhouding tussen die vertaalekwivalente een van absolute al dan gedeeltelike sinonimie is. Volgens Gouws (1989: 169) behoort in hierdie geval 'n kort betekenisverklaring by elk van die polisemiese vertaalekwivalente (*difficulty* en *predicament*) gegee te word om telkens as semantiese beperking te dien. Hierdie voorgestelde bewerking blyk teenstrydig te wees met Iannucci (1985: 57) se standpunt dat betekenisdiskriminasie nooit vir polisemiese doeltaalekwivalente in 'n vertalende woordeboek nodig is nie. Hier dien egter op gelet te word dat Gouws (1989: 169) se *betekenisverklaring* en Iannucci (1985: 59) se *betekenisdiskriminasie* nie op die term *betekenisverklaring* slaan soos wat dit in hierdie studie gebruik word nie, maar eerder op *diskriminator*. Volgens Iannucci (1985: 62) sou diskriminators vir die polisemiese vertaalekwivalente *difficulty* en *predicament* in (103)a dan nie nodig wees nie, aangesien die betekenis van die lemma bepaal watter polisemiese waarde van elkeen van hierdie vertaalekwivalente relevant is; die ander polisemiese waardes is irrelevant vir die artikel. Die lemma in sigself dien dus as 'n soort diskriminator vir polisemiese vertaalekwivalente. Derhalwe is Iannucci (1985: 60) onoortuig van Gouws (1989: 169) se standpunt. Verdere ondersteuning vir Iannucci se siening kan gevind word in sy standpunt dat elke polisemiese waarde van 'n polisemiese lemma in 'n vertalende woordeboek van 'n diskriminator voorsien moet word. Die gebruiker wat dan kan twyfel oor die spesifieke polisemiese waarde van 'n polisemiese vertaalekwivalent wat in 'n bepaalde artikel relevant is, kan deur die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel die ooreenstemmende lemma in die teenoorstaande deel van die woordeboek naslaan, waar hy/sy die nodige konteksleiding sal vind. Verder moet binne die gebruikparameter van die leksikografiese model vir gebruikersvriendelike woordeboeke bewys word dat die teikengebruiker die behoefte aan 'n diskriminator by 'n polisemiese vertaalekwivalent van 'n monosemiese lemma toon alvorens so 'n strategie, wat potensieel groot hoeveelhede ruimte in beslag kan neem, toegepas word.

<sup>35</sup> Hier word nie ingegaan op die inkonsekwente weergawes van die betrokke doeltaalsinoniemparadigmas in die verskillende artikels nie.

'n Alternatiewe maar implisiete manier van leiding in hierdie verband sou volgens Gouws (1989: 169) wees om die polisemiese vertaalekwivalente ná die monoseemiese vertaalekwivalent(e) te plaas sodat die meerduidigheid van die laaste vertaalekwivalente deur die eenduidigheid van die voorafgaande geëlimineer word. Die toepassing van so 'n strategie sou die artikels in (103)a en f soos volg daar laat uitsien:

- (104) a. **penarie** quandary, difficulty, predicament.  
b. **quandary** verknorsing, penarie, moeilikheid, verleentheid.


Die monoseemiese vertaalekwivalente *verknorsing* en *penarie* in (104)b is voor die polisemiese vertaalekwivalente *moeilikheid* en *verleentheid* geplaas, maar behou hulle relatiewe volgorde ter nakoming van die leksikografiese konvensie dat die mees gebruiklike vertaalekwivalent die minder gebruiklike een in die doeltaalsinoniemparadigma voorafgaan, soos wat in (103)f die geval is (vgl. die AEW-metateks, p. x). Die effektiwiteit van hierdie strategie word egter deur Gouws self in twyfel getrek, aangesien die gemiddelde woordeboekgebruiker waarskynlik moeilik die implikasies daarvan sal snap. Verder demonstreer die artikel in (104)b dat so 'n ordening van vertaalekwivalente die oorkoepelende volgorde binne die vertaalekwivalentparadigma, wat deur gebruiksfrekwensie bepaal word, kan versteur. Hierdie voorstel se werkbaarheid sou wel verhoog kon word indien die polisemie-aanduiding “;” in die AEW deur die gebruik van byvoorbeeld syfers vervang word, wat dié simbool dan kan vrystel om as nie-tipografiese struktuurmerker te onderskei tussen monoseemiese en polisemiese sinonieme binne 'n doeltaalsinoniemparadigma. Die artikels in (104)a en b sou dan soos volg daar uitsien:

- (105) a. **penarie** quandary; difficulty, predicament.  
b. **quandary** verknorsing, penarie; moeilikheid, verleentheid.

Alternatief kan van ander tipes merkers gebruik gemaak word om monoseemiese en polisemiese doeltaalsinonieme van mekaar te onderskei. In die volgende weergawes van die artikels in (106) word die tipografiese struktuurmerker van onderstreping byvoorbeeld op die monoseemiese doeltaalsinonieme toegepas om hulle van die polisemiese doeltaalsinonieme te onderskei:


- (106) a. **penarie** quandary, difficulty, predicament.  
b. **quandary** verknorsing, penarie, moeilikheid, verleentheid.

Die hanterings in (104), (105) en (106) impliseer 'n aangepaste interne doeltaalsinoniemparadigmastruktuur. In (105) word hierdie struktuur deur 'n nie-tipografiese struktuurmerker geëkspliseer, en in (106) deur die toepassing van tipografiese struktuurmerkers. Indien die geldende toepassing in die metateks verantwoord word, is die leiding wat hier aan die gebruiker gebied word nie meer so implisiet soos in (104), wat Gouws aan die werkbaarheid van so 'n strategie laat twyfel, nie. Die interne doeltaalsinoniemparadigmastruktuur van die artikels in (103)a en f kan skematies soos volg voorgestel word:



**Figuur 15: Abstrakte doeltaalsinoniemparadigmastruktuur van die artikels in (103)a en f**  
 Afkortings: Si = *doeltaalsinoniem*; f = *gebruiksfrekwensie*.  
 Notasiekonvensie: “x  $\longrightarrow$  y” lees *x gaan y vooraf*

Die aangepaste interne doeltaalsinoniemparadigmastruktuur wat deur die artikels in (104), (105) en (106) verteenwoordig word, kan skematies soos volg voorgestel word:



**Figuur 16: Abstrakte doeltaalsinoniemparadigmastruktuur van die artikels in (104), (105) en (106)**  
 Afkortings: M.Si = *monosemiese doeltaalsinoniem*; P.Si = *polisemiese doeltaalsinoniem*;  
 f = *gebruiksfrekwensie*. Notasiekonvensie: “x  $\longrightarrow$  y” lees *x gaan y vooraf*

Die doeltaalsinoniemparadigmastruktuur in figuur 15 sal voortaan 'n *eenvoudige doeltaalsinoniemparadigmastruktuur* genoem word, en dié in figuur 16 'n *uitgebreide doeltaalsinoniemparadigmastruktuur*.

Die onderskeid tussen eenvoudige en uitgebreide doeltaalsinoniemparadigmastrukture het implikasies ten opsigte van die vlakke waarop ekwivalentverhoudinge uitgedruk kan word. In die geval van semantiese divergensie by monosemiese lemmata (soos deur Gouws (1989: 168)

uiteengesit) is die doeltaalsinoniemparadigma gelyk aan die vertaalekwivalentparadigma. Binne die raamwerk van 'n eenvoudige doeltaalsinoniemparadigmastruktuur geld die ekwivalentverhouding van semantiese divergensie tussen die lemma en die doeltaalsinoniemparadigma. Binne die raamwerk van 'n uitgebreide doeltaalsinoniemparadigmastruktuur kan twee ekwivalentverhoudinge tussen die lemma en die doeltaalekwivalentparadigma geld, naamlik 'n verhouding van leksikale divergensie tussen die lemma en die monosemiesedoeltaalsinoniemsubparadigma, en 'n verhouding van semantiese divergensie tussen die lemma en die polisemiesedoeltaalsinoniemsubparadigma.

Soos reeds aangedui, kan geargumenteer word dat die toepassing van 'n uitgebreide doeltaalsinoniemparadigmastruktuur daartoe lei dat die oorkoepelende volgorde van vertaalekwivalente volgens gebruiksfrekwensie binne die vertaalekwivalentparadigma versteur kan word, soos 'n vergelyking tussen artikels in (103)f en (104)b demonstreer. Teen hierdie argument kan egter geredeneer word dat indien die semantiese funksie van 'n aangebode vertaalekwivalent is dat dit dieselfde betekenis in die doeltaal moet uitdruk as wat die lemma in die brontaal uitdruk, dit volg dat 'n vertaalekwivalent wat in 'n ekwivalentverhouding van leksikale divergensie tot die lemma staan hierdie funksie in algemene taalgebruik effektiewer sal vervul as een wat in 'n verhouding van semantiese divergensie tot die lemma staan, en dus effektiewer tot suksesvolle kommunikatiewe ekwivalensie sal bydra. Sodanige vertaalekwivalent, of die vertaalekwivalent binne die doeltaalsinoniemparadigma wat die naaste hieraan kom (vgl. Gouws 1989: 153), word die *primêre vertaalekwivalent* genoem. Verder moet die wyse waarop die gebruiksfrekwensie van (sinonimiese) vertaalekwivalente bepaal word in ag geneem word. Indien die absolute gebruiksfrekwensietellings van vertaalekwivalente in algemene taalgebruik in die doeltaal sonder meer vergelyk word (d.w.s sonder inagneming van korpuskoteks) en hulle hiervolgens in die doeltaalsinoniemparadigma georden word, kan dit 'n versteurde beeld van hulle werklike gebruik in die doeltaal tot gevolg hê. Om die werklike relatiewe gebruiksfrekwensies van sinonimiese vertaalekwivalente vas te stel, behoort hulle gebruik slegs getel te word in gevalle waar hulle aangewend kan word om die (polisemiese waarde van die) brontaalitem waarvoor hulle as sinonimiese vertaalekwivalente aangebied word mee te vertaal, dit wil sê in gevalle waar hulle onderling en ten opsigte van die brontaalitem semanties ekwivalent is. Indien hierdie bepaling nie geld nie, volg dit dat die gebruiksfrekwensie van die polisemiese lede van doeltaalsinoniemparadigmas in algemene doeltaalgebruik hoër sal wees as dié van die monosemiese lede.

Hoewel die voorstel vir 'n uitgebreide doeltaalsinoniemparadigmastruktuur op die oog af na 'n effektiewe strategie lyk, bly die negering van die gebruiksfrekwensie van doeltaalsinonieme binne



die volledige doeltaalsinoniemparadigma 'n nadeel wat die gebruikersvriendelikheid van die woordeboek tot nadeel kan strek. Indien 'n woordeboek daarop ingestel is om ekwivalente in dalende orde van semantiese ekwivalensie aan te bied, verteenwoordig die uitgebreide doeltaalsinoniemparadigma 'n werkbare mikrostrukturele prosedure. 'n Polifunksionele standaard vertalende woordeboek moet egter semanties-pragmatiese vertaalekwivalente ter wille van kommunikatiewe sukses in gebruik voorsien. Dit veronderstel onder meer dat die frekwentste vertaalekwivalent, hetsy monosemies, hetsy polisemies, eerste aangebied moet word, wat inhou dat 'n eenvoudige doeltaalsinoniemparadigma uiteindelik die aangewese doeltaalsinoniemparadigmastruktuur verteenwoordig. Vergelyk die toepassing van 'n uitgebreide doeltaalsinoniemparadigmastruktuur in die volgende artikel in die Engels-Afrikaans-deel van 'n vertalende woordeboek (aangepas uit die AEW):

(107) **computer** [...] 1. komper, rekenmasjien, =outomaat, rekenaar, dataverwerker 2. [...]

Die monosemiese vertaalekwivalente *komper*, *rekenmasjien* en *rekenoutomaat* is in orde van dalende gebruiksfrekwensie in die monosemiesedoeltaalsinoniemsubparadigma geplaas, gevolg deur die polisemiese vertaalekwivalente *rekenaar* en *dataverwerker* in orde van dalende gebruiksfrekwensie in die polisemiesedoeltaalsinoniemsubparadigma. Die moedertaalspreker van Afrikaans besef dat die vertaalekwivalent *rekenaar* die frekwentste geldende vertaalekwivalent vir *computer* is, hoewel dié ekwivalent binne die uitgebreide doeltaalsinoniemparadigma eers vierde aangebied word. Die vreemdetaalspreker sal geneig wees om een van die eerste vertaalekwivalente te kies en te gebruik, wat in hierdie situasie kennelik nie kommunikatiewe sukses sal verseker nie.

Met betrekking tot die botsende standpunte van Gouws en Iannucci oor die plasing van diskriminators naas polisemiese lede binne 'n monosemiese lemma se doeltaalsinoniemparadigma, sou 'n kompromie die voorstel kon wees dat 'n monosemiese lemma wat in 'n verhouding van semantiese divergensie tot die vertaalekwivalente staan van 'n betekenisverklaring voorsien word terwyl die vertaalekwivalente in 'n doeltaalsinoniemparadigma met 'n eenvoudige struktuur aangebied word. Gevolglik sal die artikels in (104)a en b soos volg daar uitsien:

- (108) a. **penarie** [verknorsing] difficulty, predicament, quandary.  
 b. **quandary** [uncertainty in a difficult situation] moeilikheid, verknorsing, verleentheid, penarie.

In (108)a word die monosemiese lemma **penarie** wat in 'n ekwivalentverhouding van leksikale divergensie én semantiese divergensie (d.w.s. polidivergensie) tot die doeltaalsinoniemparadigma

staan van 'n betekenisverklaring in die vorm van 'n woordsinoniem voorsien; in (108)b word die lemma **quandary**, wat in 'n soortgelyke verhouding tot sy doeltaalsinoniemparadigma staan, eweneens van 'n betekenisverklaring voorsien, maar in die vorm van 'n betekenisparafrase<sup>36</sup>. Indien al die vertaalekwivalente van 'n monosemiese lemma polisemies van aard is, verskil die leksikografiese aanbod nie van die voorafgaande gevalle nie, en lyk die resulterende artikel soos volg<sup>37</sup>:

(109) **stiptelik** [noukeurig en presies] promptly, precisely, strictly.

Indien al die vertaalekwivalente in (109) monosemies van aard sou wees, sou die lemma nie van 'n betekenisverklaring voorsien word nie.

Die belangrike punt wat hieruit duidelik word, is dat betekenisverklarings (en/of ander diskriminators) ook aangewend behoort te word in gevalle waar 'n monosemiese lemma in 'n ekwivalentverhouding van semantiese divergensie tot die doeltaalekwivalentparadigma staan. Hierdie eksplisiete wyse van konteksleiding kan aangevul word deur implisiete konteksleiding deur middel van tipografiese struktuurmerkers.

## **B. Semantiese divergensie by polisemiese lemmata**

Volgens Gouws (1989: 169) is dit veral in die artikels van polisemiese lemmata dat die ekwivalentverhouding van semantiese divergensie tussen lemma en doeltaalekwivalentparadigma geld, 'n situasie wat omvattender konteksleiding vereis as wat die geval by monosemiese lemmata is. Vergelyk Gouws (1989: 169) se standpunt in hierdie verband:

Die blote lysing of akkumulاسie van vertaalekwivalente in die artikel van 'n polisemiese lemma kan nie tot insigtelikheid lei nie en is leksikografies onverdedigbaar. Daar moet by elke vertaalekwivalent aangedui word binne watter konteks die lemma daardie spesifieke waarde het. Die konteks aanduiding wat verstrekkend word, is as sodanig 'n vorm van betekenisleiding wat 'n verklarende funksie het.

Iannucci (1985: 57) stel dit onomwonde dat betekenisdiskriminators konsekwent vir elke polisemiese waarde van 'n lemma vereis word. Ongelukkig word hierdie eis selfs in die modernste Afrikaanse leksikografiese produkte steeds nie nagekom nie, soos die volgende AEW-artikel illustreer:

<sup>36</sup> Aangepas uit die *Concise Oxford English Dictionary* (Pearsall 2001: 1170).

<sup>37</sup> Betekenisparafrase *noukeurig en presies* aangepas uit die HAT (p. 1093).

(110) **uitsteeksel** [...] projecting part, projection; protuberance; process; jut; sag, snag.

Daar is reeds aangedui dat die CD van diskriminators, en spesifiek betekenisverklarings gebruik maak om die verskillende polisemiese waardes van lemmata te onderskei (vgl. 4.6.1.1). Hierdie gebruik word egter ook nie volledig konsekwent in dié woordeboek toegepas nie, soos uit die volgende verteenwoordigende artikels blyk:

(111) a. **Knie** [kni:] *nt -s, -* [a] knee; **auf ~n** on one's knees, on bended knee; (**vor jdm**) **auf die ~ fallen** or **in die ~ sinken** to fall on or drop to one's knees (before sb); **sich vor jdm auf die ~ werfen** to throw oneself on one's knees in front of sb; **jdn auf ~n bitten** to go down on bended knees to sb (and beg); **jdm auf ~n danken** to go down on one's knees and thank sb; **bis zu den ~n im Sumpf stecken** (*lit*) to be up to one's knees in mud; **in die ~ gehen** to kneel, to fall on one's knees; (*fig*) to be brought to one's knees; **jdn in or auf die ~ zwingen** (*esp fig*) to bring sb to his/her knees; **jdn übers ~ legen** (*inf*) to put sb across one's knee; **etw übers ~ brechen** (*fig*) to rush (at) sth; **die ~ beugen** to bend one's knees; (*vor dem Altar*) to bow, to genuflect (*form*); (*fig*) to give in, to bend the knee  
[a] (= *Flussknie*) sharp bend; (*in Rohr*) elbow  
[c] (*Tech*: = *Winkelstück*) elbow


b. **Schweire** [ʃve:ɪə] *f -, no pl* [a] heaviness [b] (= *Ernsthaftigkeit, von Krankheit*) seriousness, gravity; **die ganze ~ des Gesetzes** the full severity of the law [c] (= *Schwierigkeit*) difficulty; **das hängt von der ~ der Aufgabe ab** it depends on how difficult the task is [d] (*Phys*: = *Schwerkraft*) gravitation



Volgens Gouws (1989: 137) moet die vertalende leksikograaf, soos sy verklarende kollega, op 'n bepaalde ordeningsmetode vir polisemiese waardes besluit. Die drie bekendste ordeningsmetodes is historiese ordening, ordening volgens primêre en sekondêre polisemiese waardes en die empiriese metode (Gouws 1989: 132). Zgusta (1971: 60-74) bespreek ook polisemie en metodes waarvolgens polisemiese waardes gerangskik kan word uitvoerig, maar vir die doel van hierdie studie word met Gouws se driedeling van ordeningsmetodes volstaan. Wanneer die historiese ordeningsmetode toegepas word, word die verskillende polisemiese waardes van 'n lemma chronologies gerangskik, met die oudste polisemiese waarde wat eerste aangebied word (vgl. Gouws 1989: 133). Die toepassing van hierdie ordeningsmetode sal van 'n standaard vertalende woordeboek egter 'n uiters gebruikersonvriendelike naslaanbron vir die teikengebruiker maak en hoort boonop nie tuis in 'n sinchroniese woordeboek nie (vgl. Gouws 1989: 133; Svendsén 1993: 212). Die metode van ordening volgens primêre en sekondêre polisemiese waardes behels in breë trekke dat die leksikograaf met 'n polisemiese waarde werk wat as basis dien (en as eerste polisemiese waarde aangebied word – die primêre polisemiese waarde, dus) en waarvan die ander polisemiese waardes deur logiese prosedures afgelei kan word (vgl. Gouws 1989: 134) en in sodanige volgorde op die primêre polisemiese waarde volg. Svendsén (1993: 212) noem hierdie ordeningsmetode die “logiese” ordening van polisemiese waardes. Volgens Gouws (1989: 134) is hierdie ordeningsmetode

taalkundig onbevredigend weens die vaagheid daarvan, hoewel dit illustreer dat 'n bepaalde polisemiese waarde van 'n ander afgelei kan word. Die toepassing van die empiriese rangskikkingsmetode impliseer dat polisemiese waardes hiërargies op grond van hulle gebruiksfrekwensie en die register waarbinne hulle gebruik word, gerangskik word, wat aansluit by die algemener leksikografiese beginsel dat woordeboeke verslag moet doen van werklike taalgebruik (Gouws 1989: 135). Binne hierdie opvatting word die polisemiese waarde wat die hoogste gebruiksfrekwensie (n.a.v. onder meer frekwensietellings – vgl. 3.4.2.1.1) toon eerste geplaas, gevolg deur die ander polisemiese waardes in volgorde van afnemende gebruiksfrekwensie. In hierdie opsig stem die ordeningsmetode van polisemiese waardes ooreen met dié van sinonieme binne 'n eenvoudige doeltaalsinoniemparadigma. Volgens Svensén (1993: 159-160) behoort die polisemiese waardes van 'n lemma in 'n aktiewe woordeboek na aanleiding van die gebruiksfrekwensie van hulle onderskeie vertaalekwivalente in die doeltaal gerangskik te word, terwyl die gebruiksfrekwensie van die lemma se onderskeie polisemiese waardes in die brontaal die rangskikking daarvan in 'n passiewe woordeboek behoort te bepaal. In die geval van 'n polifunksionele woordeboek behoort laasgenoemde benadering ook te geld.

Behalwe gebruiksfrekwensie kan registerkategorieë ook die ordening van polisemiese waardes bepaal. Mostert (in Gouws 1989: 135) stel die volgende hiërargie van registerkategorieë voor waarvolgens polisemiese waardes gerangskik sou word indien gebruiksfrekwensie óf nie ter sake is nie, óf onbepaalbaar is:




- (112)
1. die algemene en gebruiklike polisemiese waardes
  2. argaïese of verouderde polisemiese waardes
  3. omgangstaal en dialektiese vorme
  4. sleng
  5. tegniese polisemiese waardes

Volgens Gouws (1989: 136) is die grense tussen die kategorieë nie absoluut nie en behoort verouderde polisemiese waardes laer in die hiërargie geplaas te word; verder mag 'n polisemiese waarde wat laer in die hiërargie geplaas is bekender in algemene taalgebruik wees as een wat hoër geplaas is, in welke geval eersgenoemde voorkeur behoort te kry. Svensén (1993: 213) stel 'n soortgelyke hiërargie voor, wat volgens hom 'n resultaat lewer wat min of meer kongruent is aan dié van die frekwensietellingbenadering:

- (113)
1. ongemerkte algemene taal
  2. kontemporêre maar stilisties gemerkte algemene taal
  3. tegniese taal
  4. streekstaal
  5. argaïese en literêre taal

Volgens Svensén (1993: 213) behoort hierdie hiërargie van kategorieë slegs as algemene riglyn en nie as reël beskou te word nie. Hoewel die plasing van 1 en 5 volgens Svensén nie moeilik is om in te sien en toe te pas nie, kan die volgordes van 2, 3 en 4 na gelang van dikterende taaldata wissel. 'n Leksikografies bevredigende hantering sou voortvloei uit die sinvolle kombinasie van al die faktore wat die ordening van polisemiese waardes beïnvloed, vernaam gebruiksfrekwensie en register. Dit is moontlik om die verhouding tussen hierdie aspekte met betrekking tot die ordening van polisemiese waardes aan die hand van die volgende grafiek te illustreer:



**Figuur 17: Die invloed van gebruiksfrekwensie (*c*, *d* en *e*) en registerkategorie (n.a.v. Svensén 1993: 213) (*a* en *b*) op die ordening van polisemiese waardes**

Gegee 'n lemma *x* besit polisemiese waardes *a*, *b*, *c*, *d* en *e*. In figuur 17 word die plasing van polisemiese waardes *a* en *b* volgens die registerkategorie waarin hulle val, bepaal, terwyl polisemiese waardes *c*, *d* en *e* na aanleiding van gebruiksfrekwensie geplaas word. Die resulterende artikel sal soos volg daar uitsien:

- (114) *x* **1.** (*stil.*) *e* **2.** *c* **3.** (*tegn.*) *a* **4.** *d* **5.** (*dial.*) *b*.

Hierdie voorbeeld illustreer 'n gekombineerde toepassing van ordeningsmetodes, wat nie noodwendig altyd prakties en akkuraat verteenwoordigend kan wees nie; daarby behoort hierdie model ook slegs as riglyn beskou te word, hoewel dit 'n weerspieëling van die interaksie tussen die kategorieë van gebruiksfrekwensie en register demonstreer. Die kategorie *relatiewe gebruiksfrekwensie* op die linkerkantste y-as in figuur 17 sou ook deur 'n kategorie soos *relatiewe bekendheid* (hoe dit ook al vasgestel word) vervang kon word.

Hoewel dit nie in die relatief uitgebreide metateks van die CD gemeld word nie, kan met 'n redelike mate van sekerheid na aanleiding van die algemene strekking van die "Introduction" beweer word dat polisemiese waardes in dié woordeboek hoogs waarskynlik na gelang van gebruiksfrekwensie gerangskik word. Die eerste polisemiese waarde van 'n lemma verteenwoordig gevolglik daardie polisemiese waarde wat statisties gesproke hoogs waarskynlik dié waarde is waarna die tipiese teikengebruiker in die tipiese teikengebruiksituasie soek. Derhalwe sou geredeneer kon word dat dit nie nodig is om 'n betekenisverklaring by die eerste polisemiese waarde van 'n lemma aan te bied nie, veral nie indien daardie polisemiese waarde ook pragmaties ongemerk is nie. Alle daaropvolgende polisemiese waardes, wat – so kan aangeneem word – in volgorde van statisties afnemende waarskynlikheid as dié tersaaklike polisemiese waarde vir die doel van die teikengebruiker in die teikengebruiksituasie gerangskik word, behoort dan, indien nie pragmaties nie, semanties gediskrimineer te word, sodat die teikengebruiker die relevante polisemiese waarde uit die minder waarskynlikes kan identifiseer indien die eerste polisemiese waarde inderdaad nié die tersaaklike een is nie. Vir die doel van 'n polifunksionele vertalende woordeboek, wat poog om beide moedertaal- en vreemdetaalsprekers van beide behandelde tale in 'n verskeidenheid gebruikssituasies volledig te bedien, kan so 'n argument egter nie opgaan nie. Hier geld Iannucci (1985: 57) se eis dat elke polisemiese waarde gediskrimineer moet word des te meer. Verder wil dit voorkom of die geïdentifiseerde leksikografiese beginsel wat pas beskryf is ook nie volledig konsekwent in die CD toegepas word nie. Dit is byvoorbeeld nie voor die hand liggend waarom die vertaalekwivalentparadigma van die eerste polisemiese waarde in (115)a hier onder ongediskrimineerd aangebied word terwyl die semantiese subkommentaar van die eerste polisemiese waarde in (115)b van 'n betekenisverklaring voorsien word nie:

- (115) a. **Seife** [...s.nw...] [a] soap [b] (*Geol*) alluvial deposit  
b. **seifen** [...ww...] [a] (= *einseifen*, *abseifen*) to soap [b] (*Min*) to wash


In die OFD se metateks word pertinent gemeld dat die empiriese metode in die rangskikking van polisemiese waardes in dié woordeboek toegepas word (p. xx):

On both sides of the dictionary, the order of sense categories reflects frequency of use, the most commonly used coming first.

Die OFD doen sy selfverklaarde status as polifunksionele vertalende woordeboek gestand deur konsekwent volledig gedifferensieerde vertaalekwivalentparadigmas aan te bied, soos die volgende verteenwoordigende artikel uit dié woordeboek illustreer:

- (116) **fond** /fond/ *adj* [1] (loving) [embrace, farewell, gesture, person] affectueux/-euse; [eyes, heart] tendre; ~ **memories** de très bons souvenirs; 'with ~**est love, Julie**' 'je t'embrasse affectueusement, Julie'; [2] (heartfelt) [ambition, hope, wish] cher/chère; [3] (naive) [imagination] naïf/naïve; **In the ~ hope that** bercé par la conviction que; [4] (partial) **to be ~ of sb** aimer beaucoup qn; **to be ~ of sth** aimer qch; **to be ~ of doing** aimer faire; **to be very ~ of sb/sth** adorer qn/qch; [5] (irritatingly prone) **to be ~ of doing** aimer bien faire

Elke polisemiese waarde word telkens van 'n diskriminator voorsien. Dít is goeie, gebruikersvriendelike leksikografie – die soort praktyk waarna Afrikaanse vertalende woordeboeke behoort te streef. Hierdie studie ondersteun Iannucci (1985: 57) se standpunt dat die vertaalekwivalentparadigma van 'n polisemiese lemma wat in 'n ekwivalentverhouding van semantiese divergensie daartoe staan, volledig gediskrimineerd aangebied behoort te word. Die vereiste is dus dat adresseringsekwivalensie tussen polisemiese waardes en diskriminators moet bestaan.



Soos reeds aangetoon, is hierdie gesonde leksikografiese praktyk ongelukkig nie in Afrikaanse vertalende woordeboeke te vinde nie. In die metateks van die AEW word gemeld dat polisemiese waardes volgens registerkategorie en gebruiksfrekwensie gerangskik word (p. x):

Algemene betekenis word voor informele, sleng- en tegniese betekenis aangebied. Gebruikliker betekenis kom voor minder gebruiklikes.

Hierdie benadering stem ooreen met Svensén se benadering in (113).

#### 4.6.1.1.4.1.3 Gedeeltelike sistemiese ekwivalensie: konvergensie

Die ekwivalentverhoudings van leksikale konvergensie en semantiese konvergensie kan as die omgekeerde verhoudings van leksikale divergensie en semantiese divergensie onderskeidelik beskou word. Konvergensie is volgens Gouws (1989: 172-173) 'n verhouding tussen verskillende

makrostruktuurelemente en dieselfde mikrostruktuurelement en die weergawe van so 'n ekwivalentverhouding hang ten nouste saam met die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel in daardie woordeboek:

Konvergensie is 'n ekwivalensieverhouding [sic<sup>38</sup>] wat nie op mikrostrukturele vlak alleen aangedui kan word nie. Dit word nie soos divergensie en kongruensie binne een artikel weergegee nie, maar is afhanklik van die optrede van meer as een lemma. Waar divergensie en kongruensie 'n verhouding tussen verskillende mikrostrukturele elemente in een artikel is, is konvergensie 'n verhouding tussen verskillende makrostrukturele elemente en dieselfde mikrostrukturele element. Verskillende lemmas het dieselfde vertaalekwivalent.

#### A. Leksikale konvergensie

Vergelyk die volgende artikels uit die AEW:

- |       |                                    |                                       |
|-------|------------------------------------|---------------------------------------|
| (117) | <u>Afrikaans-Engels-deel</u>       | <u>Engels-Afrikaans-deel</u>          |
|       | a. <b>bipolêr</b> bipolar.         | c. <b>bipolar</b> tweepolig, bipolêr. |
|       | b. <b>tweepolig</b> [...] bipolar. |                                       |

Die vertaalekwivalent *bipolar* staan in 'n ekwivalentverhouding van leksikale konvergensie tot die lemmata **bipolêr** en **tweepolig**. Hierdie tipe verhouding kan nie op mikrostrukturele vlak gesinjaleer word binne die huidige raamwerk van die toepassing van 'n eenvoudige doeltaalsinoniemparadigmastruktuur nie, hoewel dié stand van sake sou kon verander indien verhoudings van monosemiese kongruensie gemerk word, byvoorbeeld deur die betrokke vertaalekwivalent deur die tipografiese struktuurmerkers van onderstreping te merk, soos in die volgende artikel waarin die lemma in 'n verhouding van monosemiese kongruensie tot die vertaalekwivalent staan:

- (118) **leksikaal** lexical.

Die bewerking in (117)a en b, teenoor dié in (118), sinjaleer dan die bestaan van 'n ekwivalentverhouding van leksikale konvergensie tussen die vertaalekwivalent en 'n versameling lemmata waarvan die nageslaande lemma een is, hoewel die presiese aard en omvang van die verhouding slegs deur die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel bepaal kan word.

---

<sup>38</sup> Tans is *ekwivalentverhouding* die aanvaarde term.



## B. Semantiese konvergensie


Vergelyk die volgende artikels uit die AEW:

- |       |   |   |
|-------|---|---|
| (119) | <u>Afrikaans-Engels-deel</u>                  | <u>Engels-Afrikaans-deel</u>                |
|       | a. <b>tweepuntig</b> = <i>tige</i> bicuspid.  | b. <b>bicuspid</b> tweepuntig; tweeslippig. |
|       | b. <b>tweeslippig</b> = <i>pige</i> bicuspid. |   |

Die vertaalekwivalent *bicuspid* staan in 'n ekwivalentverhouding van semantiese konvergensie tot die lemmata **tweepuntig** en **tweeslippig**. Deur die toepassing van 'n gediskrimineerde semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma kan die verhoudings van semantiese kongruensie ook op mikrostrukturele vlak minstens gesinjaleer word. Vergelyk die aangepaste weergawes van die artikels in (120) hieronder na aanleiding van die voorafgaande bespreking:

- (120) a. **tweepuntig** = *tige* [wat twee punte het] bicuspid.  
b. **tweeslippig** = *pige* [wat twee slippe het] bicuspid.

Om egter die presiese aard en omvang van die verhouding te bepaal, dit wil sê vir die gebruiker om uit te vind tot watter (ander) lemmata die vertaalekwivalent in sodanige verhouding staan, vereis die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel.




### 4.6.1.1.4.1.4 Gedeeltelike sistemiese ekwivalensie: multivergensie

Multivergensie verteenwoordig die tipiese ekwivalentverhouding wat tussen twee tale bestaan, naamlik 'n kombinasie van konvergensie en divergensie (Gouws 1989: 173). Vergelyk in hierdie verband die volgende AEW-artikels:

- |       |                                |  |
|-------|--------------------------------|--|
| (121) | <u>Afrikaans-Engels-deel</u>   | <u>Engels-Afrikaans-deel</u>   |
|       | a. <b>sitter</b> [...] sitter. | h. <b>sitter</b> sitter; model, poseerder, sitter, geportretteerde; ( <i>infml.</i> ) broeiien; ( <i>Am.</i> ) babaoppasser, baba=, kinderswager; ( <i>infml.</i> ) maklike vangkans/skoot/ens.; ( <i>infml.</i> ) maklike taak/werkie [...] |

- b. **model** [...] model; model, type, style; model, design; model, mock-up, dummy; prototype; model, paragon; manikin; exemplar; sitter, model; maquette [...]
- c. **poseerder** [...] sitter.
- d. **broeihen** broody (hen), sitter, sitting/setting hen.
- e. **babawagter**, babaoppasser babysitter, baby-minder.
- f. **kinderwagter** baby-sitter.
- g. **maket** [...] maquette.
- i. **broodhen** broeihen.<sup>39</sup>
- j. **sitting** *adj.* sittend [...] *a ~ hen* 'n broeihen.

Uit die vergelyking van die artikels in (121) word die onvolledige representasie van die relasies tussen die bron- en doeltaalitems in die AEW duidelik. Ongelukkig kan nie gemeld word dat hierdie artikels nie verteenwoordigend van die algemene waarneembare praktyk in dié woordeboek is nie; dit dien egter nie die doel van hierdie studie om verder op dié probleem in te gaan nie. Die probleme wat gedeeltelik gediskrimineerde en ongediskrimineerde vertaalekwivalentparadigmas vir die gebruiker in die artikels in (121) veroorsaak en die eksplisering van die geldende ekwivalentverhouding is die fokus van die bespreking wat volg.



Die leksikografiese hantering van die artikel in (121)a suggereer dat 'n ekwivalentverhouding van leksikale kongruensie tussen die lemma **sitter** en die vertaalekwivalent *sitter* geld. Uit 'n vergelyking van die artikel in (121)a met dié in (121)c wil dit egter voorkom asof 'n ekwivalentverhouding van semantiese konvergensie eerder tussen die vertaalekwivalent *sitter* en die lemmata **sitter** en **poseerder** geld. Dat dié egter nie uitsluitlik die geval is nie, word duidelik wanneer die ander artikels in (121) vergelykend betrek word. Die artikels in (121)a en c vertoon kennelik onvolledige leksikografiese bewerking.

Wanneer die artikel in (121)a met dié in (121)b, c, d en h vergelyk word, word dit duidelik dat die lemma **sitter** in dié artikel in der waarheid én polisemies van aard is, én in 'n sistemiese ekwivalensieverhouding van semantiese divergensie tot die vertaalekwivalent staan. Die artikel in

<sup>39</sup> Die sintagma *broody hen*, wat as vertaalekwivalent vir die lemma **broeihen** in (121)d aangebied word, is nie in die teenoorstaande deel van die AEW gelemmatiseer nie, maar wel as brontaalkoteksinskrifing onder die lemma **broody** opgeneem en van die doeltaalkoteksinskrifing *broeis hen* as vertaalekwivalent voorsien, wat 'n andersoortige denotasie as *broeihen* in bestek het; derhalwe word die lemma **broodhen** eerder as **broody hen** ter vergelyking betrek.

(121)a bevat dus 'n ongeïdentifiseerde ongediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma, wat 'n onbevredigende leksikografiese aanbod verteenwoordig. Die minstens drie identifiseerbare polisemiese waardes van dié lemma behoort semanties onverdig en gediskrimineerd aangebied te word. Binne die raamwerk van 'n gediskrimineerde semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma waarin eenvoudige doeltaalsinoniemparadigmastrukture optree, sal die artikel in (121)a soos volg hersien kan word:

(122) **sitter** [...] **1.** [persoon wat sit] sitter **2.** [iem. wat vir 'n foto, portret poseer] sitter **3.** [broeis hen] broody hen, sitter, sitting/setting hen, sitter.

Elke polisemiese waarde is van 'n betekenisverklaring voorsien. Die geldende ekwivalentverhoudings van polidivergensie wat tussen die lemma en die vertaalekwivalente geld, kom in hierdie hantering tot hul reg.

Teenoor die artikel in (121)a vertoon die artikel in (121)b 'n semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma. Die feit dat dié vertaalekwivalentparadigma egter ongediskrimineerd aangebied word, kan verwarring by die teikengebruiker veroorsaak omdat die vertaalekwivalent *model* nie minder nie as ses maal ongediskrimineerd in verskillende semantiese subkommentare voorkom. Dit is duidelik dat 'n gediskrimineerde aanbod die gebruikersvriendelikheid van die artikel aansienlik sal verhoog. So 'n aanbod word in (123) voorgestel:

(123) **model** [...] **1.**[tipiese voorbeeld] model, exemplar **2.**[tipe gebruiksvoorwerp wat wissel volgens die heersende smaak] model, type, style **3.**[ontwerp] model, design **4.** [nabootsing] model, mock-up, dummy **5.**[voorloper] prototype **6.**[toonbeeld] model, paragon **7.**[pop] manikin **8.**[poseerder] sitter, model **9.**[maket] maquette [...]

Die aanwending van 'n betekenisverklaring in die vorm van 'n bondige betekenisparafrase of woordsinoniem by elke polisemiese waarde in (123) help om suksesvolle kommunikatiewe ekwivalensie te verseker. 'n Ekwivalentverhouding van semantiese divergensie bestaan tussen die lemma en die vertaalekwivalente, terwyl 'n ekwivalentverhouding van leksikale konvergensie tussen die vertaalekwivalent *maquette* in die negende polisemiese waarde en die lemma **model** en **maket** (vgl. (121)g) bestaan.


Die vertaalekwivalente *maklike vangkans*, *maklike skoot*, *maklike taak* en *maklike werkie* in die Engels-Afrikaans-deel van die AEW is verklarende vertaalekwivalente, en word dus nie in die Afrikaans-Engels-deel van die woordeboek gelemmatiseer nie. Ter nakoming van die omkeerbaarheidsbeginsel word sodanige inskrywings egter as doeltaalkoteksinskrywings onder die

relevante lemmata in die teenoorstaande deel van die woordeboek opgeneem en van die leksikale vertaalekwivalente wat in die desteenoorstaande deel as lemmata verskyn, voorsien (vgl. (121)d en (121)j t.o.v. die sintagma *sitting hen*). Die huidige formulering van die omkeerbaarheidsbeginsel (Gouws 1989: 162) maak nie vir hierdie gevalle voorsiening nie, en vra dus om hersiening. Hieraan word in hoofstuk 5 aandag gegee.

#### 4.6.1.1.4.1.5 Samevattend oor ekwivalentverhoudinge

In die uitgebreide voorafgaande bespreking is getoon dat geldende ekwivalentverhoudinge tussen die lemma en die vertaalekwivalente die aanwending al dan nie van betekenisverklarings as kontekstualiserende inskrywings kan bepaal. Die strekking van die bespreking sal aan die einde van die hoofstuk saamgevat word. Die besprekingsproses het die ontwikkeling en uitbreiding van bepaalde konsepte en die herformulering van die omkeerbaarheidsbeginsel genoodsaak, wat in hoofstuk 5 tot 'n samehangende model vir effektiewe konteksleiding gesintetiseer sal word.

Die ekwivalentverhouding wat telkens tussen lemma en vertaalekwivalente geld, verteenwoordig egter nie die enigste klas faktore wat die aanwending al dan nie van betekenisverklarings by lemmata bepaal nie. Afgesien van die geldende ekwivalentverhouding bepaal sekere kenmerke van die lemma as sodanig of 'n betekenisverklaring by die lemma die gemiddelde teikengebruiker in die gemiddelde teikengebruikssituasie ter wille sal wees. Hierdie kenmerke word vervolgens uitgelig en bespreek.



#### 4.6.1.1.4.2 Kenmerke van die lemma

##### 4.6.1.1.4.2.1 Homonimiese lemmata

Die leksikaal-semantiese begrip *homonimie* word deur De Stadler (1989: 61) beskryf as daardie verhouding wat tussen verskillende leksikale items in 'n taal bestaan “wat, om watter redes ook al, dieselfde vorm kan hê, maar waarvan die betekenis totaal verskil, d.w.s. daar is geen betekenisverband tussen die twee betekenis nie”. Die spesifieke aard van hierdie verhouding som De Stadler (1989: 64) as volg op:

In die definisie van homonimie speel die afwesigheid van leksikale identiteit en die aanwesigheid van vormlike en grammatiese identiteit dus 'n rol. Die afwesigheid van leksikale identiteit is 'n voorvereiste vir homonimie, terwyl vormlike en grammatikale identiteit aanleiding gee tot grade van homonimie.

Hierdie grade van homonimie kan as volg na aanleiding van De Stadler (1989: 63) geïllustreer word: Die leksikale items *kartel* (“hare”) en *kartel* (“kombinasie van besighede”) vertoon die aanwesigheid van vormlike en gedeeltelike grammatiese identiteit (beide is soortname en neem dieselfde fleksievorme, maar hulle word nie identies uitgespreek nie) en die afwesigheid van leksikale identiteit; hierdie twee items verteenwoordig verskillende *homograwe*, en voldoen in ’n groot mate aan die definisie van homonimie. Die leksikale items *eet* en *eed* verskil ten opsigte van vorm (ortografie) van mekaar, maar hulle uitspraak is identies, terwyl leksikale identiteit afwesig is; hierdie items verteenwoordig verskillende homofone, en voldoen ook in ’n groot mate aan die definisie van homonimie. Volkome homonimie sou tussen twee leksikale items bestaan waartussen leksikale identiteit afwesig is, maar wat ten opsigte van ortografiese, fonologiese, morfologiese én sintaktiese vorms identies is. Homograwe en homofone verteenwoordig ’n laer grade van homonimie. Vergelyk die grafiese uiteensetting van De Stadler (1989: 63-64) se skaal van homonimie hieronder:

Laagste graad van homonimie				Volkome homonimie
<i>eed</i> x <i>eet</i>	<i>kartel</i> x <i>kartel</i>	<i>kas</i> x <i>kas</i>	<i>spot</i> x <i>spot</i>	
[- ortografiese ident.]	[+ ortografiese ident.]	[+ ortografiese ident.]	[+ ortografiese ident.]	
[+ fonologiese ident.]	[- fonologiese ident.]	[+ fonologiese ident.]	[+ fonologiese ident.]	
[- morfologiese ident.]	[- morfologiese ident.]	[- morfologiese ident.]	[+ morfologiese ident.]	
[- sintaktiese ident.]	[+ sintaktiese ident.]	[+ sintaktiese ident.]	[+ sintaktiese ident.]	
[- leksikale ident.]	[- leksikale ident.]	[- leksikale ident.]	[- leksikale ident.]	

**Figuur 18: Grade van homonimie** (Afkorting: “ident.” = identiteit)

Uit ’n beskouing van Afrikaanse woordeboeke word dit duidelik dat die leksikografiese toepassing van die konsep *homonimie* beperk is tot homograwe, ’n baie lae graad van homonimie; vergelyk die volgende vier verteenwoordigende homograafpare wat as homoniempare in die GW gelemmatiseer is:


(124)a.	b.	c.	d.
<i>deurreis</i> x <i>deurreis</i>	<i>drukkery</i> x <i>drukkery</i>	<i>gans</i> x <i>gans</i>	<i>natuur</i> x <i>natuur</i>
[+ ortografiese ident.]	[+ ortografiese ident.]	[+ ortografiese ident.]	[+ ortografiese ident.]
[- fonologiese ident.]	[- fonologiese ident.]	[- fonologiese ident.]	[- fonologiese ident.]
[- morfologiese ident.]	[- morfologiese ident.]	[- morfologiese ident.]	[- morfologiese ident.]
[- sintaktiese ident.]	[- sintaktiese ident.]	[- sintaktiese ident.]	[- sintaktiese ident.]
[- leksikale ident.]	[- leksikale ident.]	[- leksikale ident.]	[- leksikale ident.]

Volgens De Stadler (1989: 63) geld ten minste ortografiese en fonologiese identiteit by die hantering van homonimie in die Afrikaanse leksikografie, met items wat eenders gespel, maar nie eenders uitgespreek word nie wat “soms” as homonieme in woordeboeke voorkom. Die data wil egter suggereer dat dit slegs ortografiese identiteit is wat homonieme in Afrikaanse woordeboeke bepaal; die feit dat identieke fonologiese vorm voorkom, kan as toeval bestempel word, aangesien die lede van by verre die meeste homoniemparadigmas wat in Afrikaanse woordeboeke gelemmatiseer is monosillabig is. Trouens, die data dui verder daarop dat ortografiese identiteit selfs afwesig kan wees tussen bepaalde leksikale items wat as lede van homoniemparadigmas gelemmatiseer word; vergelyk die volgende verteenwoordigende voorbeelde uit die GW:

- (125) a. **al<sup>1</sup> x al<sup>-2</sup>**  
 b. **drama<sup>1</sup> x dra-ma<sup>2</sup>**  
 c. **Lier<sup>1</sup> x lier<sup>2</sup>**

Die identifikasie van homonieme op grond van bloot die ooreenkoms in die volgorde van die letters waaruit die leksikale items bestaan ongeag ortografiese konvensie verteenwoordig ’n té losse kriterium en kan nie leksikografies verdedig word nie (vgl. ook Gouws 1989: 138-139). Buitendien word dié kriterium nie konsekwent in die GW toegepas nie, wat op slordige leksikografie dui. Die volgende drie lemmata in die GW is tereg nie as homonieme van mekaar gemerk nie:

- (126) a. **Eenoog**  
 b. **eenoog**  
 c. **eenoog-**



Dit is verblydend om op te merk dat die inkonsekwente en taalkundig ongegronde markering van lemmata as homonieme van mekaar (soos in (125)) nie in die TW en AEW voorkom nie.

Uit die aard van die makrostrukturele ordeningsbeginsels wat in die gewone Afrikaanse linguistiese woordeboek geld, is dit verstaanbaar dat homografie die primêre en inderdaad enigste vereiste vir die identifikasie van homonieme konstitueer. Dit sou immers geen doel dien om die lede van die homofoonpaar *eis* x *ys* as **eis<sup>1</sup>** en **ys<sup>2</sup>** in hulle onderskeie alfabetiese plekke te lemmatiseer nie. (Dit sou egter ’n ander saak wees indien ’n soort uitspraakwoordeboek waarvan die lemmatekens fonetiese transkripsies verteenwoordig onder bespreking was.) Die leksikografiese toepassing van die term *homonimie* verskil dus potensieel beduidend van die waarde wat in die leksikale semantiek aan dié term toegeken word, wat verder die kontensie dat die leksikografie as onafhanklike

dissipline geld, ondersteun. Ter wille van duidelikheid blyk dit nodig te wees om die term *leksikografiese homonimie* voor te stel, waar

*leksikografiese homonimie = homografie.*

Trouens, in die metateks van die CD is glad nie sprake van homonimie nie: leksikografiese homonieme word as “words spelt the same way” (homograwe, dus) beskryf (p. xiv).

Vergelyk die volgende CD-artikels ten opsigte van die hantering van homonimiese lemmata:

- (127) a. **Laster**<sup>1</sup> [...] (*inf*: = *Lastwagen*) lorry      b. **Speed**<sup>1</sup> [...] (= *Droge*) speed (*inf*)  
**Laster**<sup>2</sup> [...] (= *Untugend*) vice [...]      **Speed**<sup>2</sup> [...] (*Sport*: = *Spurt*) burst of speed

Uit (127) blyk dat waar 'n (monosemiese) lemma deel van 'n homoniemparadigma vorm, daardie lemma ook van 'n betekenisverklaring voorsien word om hom van die ander homonimiese lemmata in die homoniemparadigma te differensieer. Hierdie hantering strook met die ideale hantering van die polisemiese waardes van 'n lemma. Dit is dus duidelik dat homonimiese lemmata wat monosemiese leksikale items verteenwoordig nie ongediskrimineerd aangebied kan word nie; konteks speel hier 'n rol, selfs in gevalle van monosemiese kongruensie, en die leksikograaf behoort, soos in die geval van lemmata wat polisemiese leksikale items verteenwoordig, die nodige konteksleiding te bied. In hierdie gevalle kan betekenisverklarings ook in kombinasie met leksikografiese etikette optree. Dit wil egter voorkom of leksikografiese etikette by geleentheid voorrang bo betekenisverklarings geniet; vergelyk die hantering van die volgende homonimiese lemmata:

- (128) **Kantate**<sup>1</sup> [...] (*Mus*) cantata  
**Kantate**<sup>2</sup> [...] (*Eccl*) *fourth Sunday after Easter*

Die spesifieke aard van die verhouding wat tussen betekenisverklarings en leksikografiese etikette blyk te geld, is reeds in die vorige afdeling opgemerk. Die feit dat leksikografiese etikette ook as voldoende voorkom om homonimiese lemmata van mekaar te onderskei, ondersteun die voorgaande kommentaar op die verhouding tussen dié twee lede van die klas diskriminators. Afgesien hiervan blyk die aanwending van betekenisverklarings, of enige vorm van konteksleiding, nie konsekwent by homonimiese lemmata in die CD voor te kom nie. Vergelyk die hantering van die homonimiese lemmata in (129):

- (129) **Konstanz**<sup>1</sup> [...] (*geh*) constancy  
**Konstanz**<sup>2</sup> [...] Constance

Dit wil voorkom of die verskynsel dat nie beide lemmata van konteksleiding voorsien word nie (en géén lemma van 'n betekenisverklaring voorsien word nie) te doen het met die feit dat die tweede homonimiese lemma 'n eienaam verteenwoordig. Hieruit kan afgelei word dat dit nie nodig blyk te wees om eienaamlemmata van homonimiese soortnaamlemmatekens of homonimiese lemmatekens van ander woordklasse te onderskei nie, aangesien die gebruiker waarskynlik daarvan bewus sal wees indien hy/sy met 'n eienaam te doen het. Dit is waarskynlik ook die rede waarom (afgeleide) homonimiese eienaamlemmata van verskillende woordklasse van geen konteksleiding voorsien word nie, soos wat die geval is in die volgende twee artikels:

- (130) **Moskauer**<sup>1</sup> [...] *adj attr* Moscow *attr*  
**Moskauer**<sup>2</sup> [...] Muscovite


Die aanwending van betekenisverklarings, en inderdaad enige vorm van diskriminering, word egter nie konsekwent by homonimiese lemmata in die CD toegepas nie. Vergelyk die volgende artikels:

- (131) **Muff**<sup>1</sup> [...] (*N Ger*)  (= *Schimmel, Moder*) mildew  (= *Modergeruch*) musty smell, mustiness;  
*(fig: = Ruchständigkeit)* fustiness  
**Muff**<sup>2</sup> [...] muff

Hoewel die eerste aangebode homonimiese lemma 'n polisemiese lemma is waarvan die onderskeie polisemiese waardes deur middel van onder meer betekenisverklarings gekontekstualiseer word, stel dit die leksikograaf nie daarvan vry om die tweede, monosemiese homonimiese lemma te kontekstualiseer nie, aangesien dit nie noodwendig in elke gebruiksituasie die geval sal wees dat die eliminasie van die doeltaalekwivalentparadigma by die eerste homonimiese lemma sal verseker dat die vertaalekwivalent van die tweede, monosemiese homonimiese lemmateken die aangewese vertaalekwivalent sal wees nie. Woordeboeke kan immers nie voorgee om volledige weergawes van die betrokke leksika te bevat nie (vgl. 3.4.2.1.1). Derhalwe kan die beginsel gestel word dat homonimiese lemmata, hetsy monosemies of polisemies, ook voldoende van mekaar onderskei behoort te word deur minstens die aanwending van 'n betekenisverklaring by elke lid van 'n homoniemparadigma.



Die kontekstualisering van lede van homoniemparadigmas in die AEW is nagegaan. Die data bestaan uit alle homonimiese lemmata in die artikeltrajek van *S/s*.<sup>40</sup> Die aantal homoniemparadigmas wat bestudeer is, tel 121, en het 'n totaal van 255 lemmata in bestek. In 48 (39,6%) van hierdie homoniemparadigmas word geeneen van die lede van die paradigmas deur diskriminators gekontekstualiseer nie, wat 97 (38%) van die 255 lemmata in bestek het. In slegs 12 (9,9%) van die 121 homoniemparadigmas word ál die lede van die paradigmas deur diskriminators gekontekstualiseer, wat 24 (9,4%) van die totaal van 255 lemmata in bestek het. Uit hierdie 24 lemmata wat deur middel van diskriminators gekontekstualiseer word, is slegs 15 monosemies van aard. Uit hierdie 15 monosemiese lemmata word 7 deur middel van betekenisverklarings, 1 deur middel van 'n glos en 7 deur middel van leksikografiese etikette gekontekstualiseer. Aangesien kontekstualisering deur middel van leksikografiese etikette nie deur 'n lemma se status as synde homonimies en/of polisemies van aard bepaal word nie (vgl. 4.6.1.2), kan geargumenteer word dat die kontekstualisering van die 7 lemmata deur middel van leksikografiese etikette nie ter onderskeiding van die ander lede van hulle onderskeie homoniemparadigmas toegepas is nie. Dit laat slegs 8 lemmata uit die totaal van 255 (d.i. 3,1%) ten opsigte waarvan oortuigend geargumenteer sou kon word dat hulle ter onderskeiding van die ander lede van hulle onderskeie homoniemparadigmas deur diskriminators gekontekstualiseer is. Op grond van hierdie bevinding kan gekonstateer word dat homonimiese lemmata in die AEW in die reël nié deur middel van die aanwending van diskriminators van mekaar onderskei word nie. Dit verteenwoordig 'n onbevredigende stand van sake, wat die gebruikersvriendelikheid van dié woordeboek beperk.



Uit die data tree 'n bykomende vraag ten opsigte van die diskriminering van homonimiese lemmata na vore, naamlik of verwyslemmata wat lede van homoniemparadigmas is gekontekstualiseer moet word al dan nie. In die CD is geen verwysartikels gevind waarvan die lemmata lede van homoniemparadigmas is nie. In die AEW kom hierdie verskynsel egter betreklik frekwent voor. Vergelyk die volgende opeenvolgende artikels uit die AEW:

- (132) a. **spoortjie**<sup>1</sup> = *tjies* → SPOOR<sup>1</sup> *n.*  
 b. **spoortjie**<sup>2</sup> = *tjies* → SPOOR<sup>2</sup> *n.*  
 c. **spoortjie**<sup>3</sup> = *tjies*, (*bot.*) sporule.

Die verwysings in (132)a en b is na die ongeflekteerde vorme van die betrokke lemmata; derhalwe sou geargumenteer kon word dat die verwysing self nie voldoende semantiese inligting voorsien


<sup>40</sup> Die bewerking van die artikeltrajek van *S/s* beslaan 80 van die 720 bladsye waaruit die Afrikaans-Engels-deel van die sentrale teks van die AEW bestaan, wat 'n steekproef van 11,1% van dié deel verteenwoordig.

wat die gebruiker kan help om die relevante lid van die homoniemparadigma te selekteer nie. Die duidelike kruisverwysings wat aangebied word, behoort egter voldoende te wees. 'n Komplikasie is naamlik dat die lemma **spoor**<sup>1</sup>, waarna in die artikel van die lemma **spoortjie**<sup>1</sup> verwys word, polisemies van aard is; vergelyk die uittreksel van die artikel hieronder:

- (133) **spoor**<sup>1</sup> *spore, n.* trace, track, trail, spoor (*infml.*), footmark, footprint; railway (line), rails, track; mark, sign, trace, vestige, indication, clue; foil (*of game*); rut, track (*of a wagon*) [...]

Indien die verwysing slegs na 'n enkele polisemiese waarde van die lemma **spoor**<sup>1</sup> is, sal die aanwending van 'n betekenisverklaring by die verwyslemma die relevante polisemiese waarde identifiseer, veral in die afwesigheid van die praktyk om polisemiese waardes deur syfers in plaas van die polisemie-aanduider “;” te skei. Die afwesigheid van die spesifikasie van 'n polisemiese waarde by die verwysing in (132)a impliseer dat die verwysing al die polisemiese waardes van die lemma waarna verwys word in bestek het. Selfs indien dit die geval is, sal vir die diminutiefvorm van die lemma vir elke polisemiese waarde 'n ander vertaalekwivalent geld as wat vir die ongeflekteerde vorm van die lemma vir daardie polisemiese waarde geld. Hierdie punt word deur die andersoortige hantering van die volgende homonimiese lemmata geïllustreer:

- (134) a. **patroontjie**<sup>1</sup> = *tjies (dim.)* small pattern; →PATROON<sup>2</sup>. [sic]  
 b. **patroontjie**<sup>2</sup> = *tjies (dim.)* small cartridge; →PATROON<sup>3</sup>. [sic]



Beide verwysings in (134) is foutief: In (134)a behoort na die lemma **patroon**<sup>1</sup> in plaas van **patroon**<sup>2</sup> verwys te word, en in (134)b na **patroon**<sup>2</sup> in plaas van **patroon**<sup>3</sup>, soos wat die relevante artikels in (135) laat blyk:

- (135) a. **patroon**<sup>1</sup> = *trone* pattern, design, model; (*also, in the pl.*) patterning; fashion; figure; bed mould; (*archit.*) templet, template [...]  
 b. **patroon**<sup>2</sup> = *trone* cartridge, round of ammunition; fuse  
 c. **patroon**<sup>3</sup> = *trone, (rare)* patron; patron (saint); champion; employer, chief, boss.

Afgesien hiervan is beide lemmata waarna verwys (behoort te) word polisemies van aard. Die feit dat die vertaalekwivalente *small pattern* en *small cartridge* in (134)a en b onderskeidelik aangebied word, kan beskou word as implisiete leiding ten opsigte van die polisemiese waardes van die betrokke lemmata waarna verwys word: die tersaaklike polisemiese waardes is naamlik dié waarvoor die vertaalekwivalente *pattern* en *cartridge* onderskeidelik aangebied word. Hierdie tipe

implisiete leiding is egter onbevredigend en kan beslis nie as enige vorm van konteksleiding beskou word nie. Vergelyk ook die volgende AEW-artikels:

- (136) a. **nael**<sup>1</sup> *naels*, *n.* nail; claw; (*zool.*) unguis; (*also, bot., naeltjie*) hilum; stud [...]  
b. **nael**<sup>2</sup> *ge=, vb.* sprint, race, tear, fly [...]  
c. **nael**<sup>3</sup> =*els*, *n.* →NAELTJIE<sup>2</sup>.  
d. **naeltjie**<sup>1</sup> =*tjies* little nail; →NAEL<sup>1</sup> *n.*  
e. **naeltjie**<sup>2</sup> =*tjies nael* =*s*, (*anat.*) bellybutton (*infml.*), tummy button (*infml.*), navel; (*anat.*) omphalos (*liter.*); (*bot.*) hilum; →NAEL<sup>3</sup> *n.*  
f. **naeltjie**<sup>3</sup> =*tjies* clove; (*bot.*) hyacinth.

Die verwysings in (136)c en d is ook telkens na polisemiese lemmata, en dit is nie duidelik na watter polisemiese waardes van die betrokke lemmata (in (136)a) en e verwys word nie. Selfs indien polisemie-aanduiders in die vorm van syfers aangebied word, wat sodanige spesifikasie moontlik maak, bly die feit staan dat die gebruiker nie leiding ontvang ten opsigte van watter lid van die homoniemparadigma in (134) die relevante een vir sy/haar gebruikssituasie is nie, of watter een van die homonimiese lemmata in (132) se verwysing hy/sy moet volg in die soeke na 'n semanties-pragmatiese vertaalekwivalent nie. Betekenisverklarings behoort aangewend te word om die homonimiese lemmata van mekaar te onderskei. By uitbreiding kan die beginsel vasgestel word dat enige lemma waarby 'n verwysing na 'n ander polisemiese lemma die enigste bewerking konstitueer ook van 'n konteksleidende inskrywing voorsien behoort te word.

Indien die verwysing as enigste bewerking van 'n homonimiese lemma na 'n wisselvormlemma is, geld dieselfde beginsel, aangesien die verwysing normaalweg nie die gebruiker in die semantisering van die lemma sal bystaan nie. Vergelyk die volgende AEW-artikels:

- (137) a. **bort**<sup>1</sup> nettle rash, (miliary) urticaria.  
b. **bort**<sup>2</sup> →BOORT.  
c. **boort, bort** (*inferior grade of diamond*) bo(a)rt, bortz.

Dit is onwaarskynlik dat die wisselvormverwysing na die lemma **boort** in (137)b die gebruiker van hulp gaan wees in die keuse tussen **bort**<sup>1</sup> en **bort**<sup>2</sup> vir die tersaaklike gebruikssituasie.

Betekenisparafrases behoort by die lemmata in (137)a én b aangebied te word om die gebruiker ter wille te wees, sodat dié artikels soos volg daar sou uitsien<sup>41</sup>:

- (138) a. **bort**<sup>1</sup> [tipe velsiekte] nettle rash, (miliary) urticaria.  
b. **bort**<sup>2</sup> [nywerheidsdiamant] →BOORT.

Hierdie argument word ondersteun deurdat dit gevestigde gebruik blyk te wees om homonimiese verwyslemmata steeds van kontekstualiserende inskrywings te voorsien indien daardie inskrywings tot die klas leksikografiese etikette behoort, soos wat die artikel in (139)a hieronder ten opsigte van die etiket *orn.* illustreer:

- (139) a. **swawel**<sup>1</sup> =*s*, (*orn.*) →SWAEL<sup>1</sup>.  
b. **taling** =*lings* (<*Du.*, *orn.*) = SOMEREEND.

Die artikel in (139)b demonstreer dat hierdie gebruik ook by nie-homonimiese lemmata geld.

Indien die verwysing by 'n homonimiese lemma die enigste bewerking van dié lemma verteenwoordig, en die lemma waarna verwys word, is 'n woordsinoniem van die homonimiese lemma, is 'n betekenisverklaring nie nodig nie, mits die lemma waarna verwys word monosemies van aard is. Die rede hiervoor is dat die woordsinoniem reeds die gebruiker in die interpretasie van die homonimiese lemma van hulp is en dat dié sinoniem in elk geval as die betekenisverklaring aangebied sou word. Die volgende homonimiese lemmata in die AEW hoef gevolglik nie van betekenisverklarings voorsien te word nie:

- (140) a. **lid**<sup>1</sup> →LEDEMAAT.  
b. **makou**<sup>2</sup> →GIFBLAAR.

Die aanduiding van woordklas kan ook tussen homonimiese (verwys)lemmata diskrimineer, soos in die volgende artikels:

- (141) a. **stulp**<sup>1</sup> *stulpe*, *n.* →STOLP *n.*.  
b. **stulp**<sup>2</sup> *ge*=, *vb.* →STELP, STOL.

---

<sup>41</sup> Afrikaanse betekenisverklarings is uit die HAT (pp. 109, 110) geneem.

In dié geval help die aanduiding van woordklas inderdaad die gebruiker om die gepaste lemma vir sy/haar situasie te selekteer – hier is dus sprake van kontekstualisering as inligtingskategorie. (Die aanduiding van woordklas by die verwysadres in (141)a is egter onnodig.) Die leksikograaf behoort hom/haar egter nie op hierdie vorm van insidentele konteksleiding te verlaat indien hy/sy ’n gebruikersvriendelike woordeboek wat lemmata konsekwent na aanleiding van vasgestelde kriteria bewerk, wil voorhou nie.

#### 4.6.1.1.4.2.2 *Lemmata wat dialektiese variëteite, vaktaal en spesiale registers verteenwoordig*

##### A. **Dialektiese lemmata**

In hoofstuk 3 is aangetoon dat dialektiese leksikale items wel in ’n polifunksionele vertalende woordeboek gelemmatiseer behoort te word (vgl. 3.4.2.1.2.1). Soos reeds in hoofstuk 3 genoem, kan die term *dialek* in die breë gedefinieer word as ’n variëteit wat met ’n bepaalde groep mense geassosieer geraak het (Webb 1989: 429). Dit volg dus dat die manifestasie van ’n dialek op leksikale vlak bepaalde leksikale items kan lewer waarvan die denotasies vir ander groepe of individue van dieselfde taalgemeenskap onbekend kan wees. Derhalwe behoort dialektiese lemmata van betekenisverklarings voorsien te word. Die aangewese vorm van betekenisverklaring hier sal die aanbod van ’n woordsinoniem wees wat verteenwoordigend van die standaardvariëteit is. Die AEW maak nie in die metateks voorsiening vir die markering (en by implikasie die lemmatisering) van dialektiese leksikale items nie. Hoewel die GW voorsiening maak vir die leksikografiese etikette *dial.* (“dialekties”) en *gew.* (“gewestelik”), kon geen toepassing van dié etiket met behulp van die elektroniese weergawe van dié woordeboek in die CD-ROM-uitgawe *Pharos Woordeboeke / Dictionaries: 5 in 1* (Pharos & Logos Information Systems 2000) by ’n Afrikaanse lemma gevind word nie. Deur die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel in gevalle waar die etiket *gew.* in die mikrostruktuur in die Afrikaans-Engels-deel van dié woordeboek voorkom, is onder meer die volgende dialektiese lemmata geïdentifiseer, waarby geen betekenisverklarings optree nie.<sup>42</sup>

- (142) a. **Ingels** (*gew.*) English; British  
b. **stoek, (-e)** (*gew.*), (mealie) stower, (mealie) stook.

In die CD kom gekontekstualiseerde dialektiese lemmata wel voor, soos uit die volgende artikels blyk:


---

<sup>42</sup> Daar is reeds onder 4.5 daarop gewys dat betekenisverklarings ’n rare verskynsel in die GW is.

- (143) a. **Hutsche** [...] (*Aus*) swing  
 b. **Wichsleinwand** [...] (*Aus*: = *Wachstuch*) oilcloth  
 c. **zeuseln** [...] (*Sw*: = *zündeln*) to play with matches  
 d. **Znacht** [...] (*Sw*) supper

Die leksikografiese etikette *Aus* en *Sw* verwys volgens die CD se metateks na die Oostenrykse en Switserse geografiese variëteite van Duits onderskeidelik. In die artikels in (143)b en c word die standaardtaalwoordsinonieme *Wachstuch* en *zündeln* onderskeidelik as betekenisverklarings aangebied. Die afwesigheid van betekenisverklarings by (143)a en d, waarvoor die rede nie duidelik is nie, dui daarop dat betekenisverklarings ongelukkig ook nie konsekwent in die CD by dialektiese lemmata aangebied word nie. Die ideaal is dat dit wel die geval sal wees. Indien die lemmata in (142), saam met 'n leksikale item soos *sobieso*, wat as 'n vorm van die geografiese variëteite van Namakwalandse en Namibiese Afrikaans beskou word,<sup>43</sup> byvoorbeeld in die AEW as lemmata opgeneem sou word, sou die resulterende artikels soos volg daar kon uitsien:

- (144) a. **Ingels** (*gew.*) **1.** [Engels] English **2.** [Brits] British  
 b. **sobieso** *adv.* (*Namakw. & Nam.*) [in elk/ieder geval] in any case/event, at all events.  
 c. **stoek** *stoeke* (*gew.*) [tuit hoop] (mealie) stower, (mealie) stook.



## B. Vaktaallemmata

In die bespreking van die lemmatisering al dan nie van vaktaalitems in hoofstuk 3 (vgl. 3.4.2.1.2.2) het die literatuur getoon dat vaktaalitems gelemmatiseer behoort te word indien hulle uitgebreid in tekste voorkom en reeds 'n geruime tyd in die gesproke taal in omloop is. Wanneer oor die lemmatisering van vaktaalitems besluit moet word, moet die leksikograaf hom/haar nie deur die perspektief van die betrokke vakgebied laat lei nie, maar deur die perspektief van algemene taalgebruik. Hieruit volg dat gelemmatiseerde vaktaalitems redelik verbreid in algemene taalgebruik voorkom en dus nie van betekenisverklarings voorsien hoef te word indien hulle as monosemiese lemmata opgeneem word nie. Buitendien geld 'n ekwivalentverhouding van leksikale kongruensie in baie gevalle tussen die lemma en die vertaalekwivalent. Die aanwending van leksikografiese etikette behoort genoegsame konteksleiding in hierdie gevalle te voorsien, soos in die volgende AEW-artikels:

<sup>43</sup> Die kaartjiewersameling van die Buro van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* dui hierop.

- (145) a. **gibbon** (*zool.*) gibbon.  
 b. **madapolam** (*text.*) madapol(l)am.

### C. Lemmata wat spesiale registers verteenwoordig

Soos onder 3.4.2.1.2.3 aangedui, is die doel van die leksikale items wat tot die subleksikon van 'n argot behoort om oningewydes uit te sluit. Wanneer sommige van hierdie leksikale items hulle eksklusiewe funksie verloor omdat hulle denotasies wyer as onder die ingewyde groep bekend word, kan hulle optrede in algemene taalgebruik meer verbreid raak – in sommige gevalle in so 'n mate dat hulle vir lemmatisering in 'n standaardwoordeboek kwalifiseer. Dit beteken egter nie dat die gebruik van sodanige leksikale items só verbreid is dat die gemiddelde teikengebruiker van die woordeboek sonder twyfel geen probleme met die semantisering van lemmata van dié aard sal ondervind nie. Derhalwe behoort betekenisverklarings, waar moontlik in die vorm van 'n woordsinoniem wat verteenwoordigend van die standaardvariëteit is, in hierdie gevalle aangebied te word, ook in die geval van monosemiese lemmata. Indien die studentetaalitem *swot* in die AEW opgeneem sou wees, sou die hantering van dié leksikale item gevolglik soos volg kon vertoon:

- (146) **swot** *ge=, vb. (stud.)* [studeer, leer] study.



#### 4.6.1.1.4.2.3 Neologismes

Neologismes is, wanneer hulle in 'n standaardwoordeboek gelemmatiseer word, reeds verteenwoordigend van algemene taalgebruik (vgl. 3.4.2.1.3) en hoef as lemmata derhalwe nie deur middel van betekenisparafrases gekontekstualiseer te word nie mits hulle monosemies van aard is. Trouens, die status van 'n leksikale item as neologisme wanneer dit gelemmatiseer word, is twyfelagtig, aangesien die betrokke item ten tye van lemmatisering waarskynlik nie meer as 'n neologisme aangevoel word nie; dit is moontlik om dié rede dat nóg TW, nóg die GW, nóg die AEW voorsiening maak vir 'n leksikografiese etiket wat 'n lemma as neologisme sou diskrimineer. Die gevolgtrekking is dus dat neologistiese lemmata, wat die aanwending van betekenisverklarings betref, nes ander standaardvariëteitlemmata hanteer word, dit wil sê dat betekenisverklarings as diskriminators aangewend word wanneer sodanige lemmata polisemies van aard of 'n lid van 'n homoniemparadigma is.

#### 4.6.1.1.4.2.4 Verouderde leksikale items

'n Leksikale item kan as verouderd beskou word (i) indien dit deur 'n moderner leksikale item vervang en derhalwe verdring word, of (ii) indien die leksikale item se verwysing nie meer bestaan nie (vgl. 3.4.2.1.5). Woordeboeke kontekstualiseer verouderde lemmata gewoonlik deur middel van leksikografiese etikette, soos *arg.* “argaïes,” *hist.* “histories” en *vero.* “verouderd” in die geval van die AEW. Die feit dat sodanige leksikale items se gebruiksfrekwensie so beduidend afgeneem het dat hulle as verouderd beskou kan word, beteken dat 'n potensieel beduidende subversameling van die teikengebruikersgroep probleme met die interpretasie van sodanige lemmata kan ondervind. Dit is dus nodig om hierdie klas lemmata van betekenisverklarings te voorsien. Die aanwending van 'n woordsinoniem al dan 'n betekenisparafrase sal deur die aard van die verouderdheid van die lemma bepaal word. Indien 'n lemma 'n verouderde leksikale item verteenwoordig wat deur 'n moderner een verdring is, maar die verwysing bestaan steeds, kan die moderner leksikale item as woordsinoniem ter kontekstualisering aangebied word. Die alternatief is om die betrokke lemma bloot deur 'n verwysing aan die moderner leksikale item te verbind, soos in die geval van die volgende AEW-artikel:

(147) **beeldradio** →TELEVISIE.

In hierdie geval behoort die lemma van 'n gepaste leksikografiese etiket voorsien te word, wat die volgende artikel as resultaat sal hê:



(148) **beeldradio** =*radio's (vero.)* →TELEVISIE.

Indien 'n lemma verouderd is omdat sy verwysing nie meer bestaan nie, sou die aanwending van 'n woordsinoniem ter betekenisverklaring nie tot die semantisering van die lemma bydra nie, omdat die woordsinoniem (se relevante polisemiese waarde) ook verouderd sal wees. Derhalwe is dit nodig om betekenisparafrases aan te wend, soos in die volgende AEW-artikel:

(149) **Komsomol** (<*Russ., hist.: a communist youth organisation*) Komsomol.

'n Alternatiewe hanteringstrategie in sodanige geval is die aanwending van ingevoegde tekste, soos ten opsigte van die lemma **Stasi** in die CD hieronder, in welke geval 'n betekenisparafrase by die lemma self onnodig is:



(150) **Stasi** [ˈʃtaːzi] m -, no pl (DDR) abbr von **Staatssicherheitsdienst** Stasi

**STASI**

The **Stasi** — short for **Staatssicherheitsdienst** — was the secret service of the former East Germany. The **Ministerium für Staatssicherheit** (or **MfS**) was established in 1950 and disbanded in 1989 before re-unification, as it was the most hated institution in the land and was regarded as the embodiment of a repressive regime. The **Stasi** built up a vast network of both full-time and unofficial collaborators (**IMs**), some of whom held prominent positions in West Germany. With their help the **Stasi** compiled dossiers on over 6 million people ► **IM**

**State|ment** [ˈsteɪtmənt] nt -s, -s statement; **ein** ~ **abgeben** to issue a statement

Die aanbod van konteksleiding in hierdie gevalle ondersteun ook die kennisgeoriënteerde funksie van die woordeboek. Dit is egter steeds wenslik dat die lemma van 'n gepaste leksikografiese etiket, soos *hist.* 'histories' voorsien word.

Die onderskeid tussen die leksikografiese etiket *vero.* en *hist.* kom daarop neer dat eersgenoemde na 'n verouderde leksikale item verwys waarvan die verwysing steeds bestaan, terwyl laasgenoemde na 'n leksikale item verwys waarvan die verwysing om watter rede ook al nie meer bestaan nie en dus slegs in die historiese sin denotatiewe betekenis het.

#### 4.6.1.1.4.2.5 Afkortings

In die TW, GW en AEW word afkortings nie in die sentrale teks gelemmatiseer nie, maar in aparte buitetekste vir afkortings. In hierdie tekste word die afkortinglemmata ook van die volvorm in die brontaal én die doeltaal voorsien, soos die volgende uittreksels uit die relevante agterteks van die AEW illustreer:

- (151) a. **aank.** aankoms • arrival **arr.**  
b. **ADT** aanbevole dieettoelaag • recommended daily/dietary allowance **RDA**

In die CD word afkortings in hulle alfabetiese plek in die sentrale teks gelemmatiseer. Vergelyk die volgende verteenwoordigende artikels:

- (152) a. **km** *abbr von* **Kilometer** km  
b. **OSZE** [...] *abbr von* **Organisation für Sicherheit und Zusammenarbeit in Europa** OSCE

Waar 'n doeltaalafkorting (en dus 'n vertaalekwivalent) nie bestaan nie, word die volvorm van die afkortinglemma steeds verstrek:


- (153) a. **log<sup>2</sup>** *abbr von* **Logarithmus**  
b. **OHG** [...] *abbr von* **offene Handelsgesellschaft**

Die vertaalekwivalent van die volvorm sou wel telkens verstrek kon word. Trouens, die aanbod van die doeltaalafkorting (waar een bestaan) vind ook nie konsekwent in die CD plaas nie, soos die volgende artikels illustreer:

- (154) a. **g** *abbr von* **Gramm**  
b. **kW** *abbr von* **Kilowatt**

Dit is onbevredigende leksikografie, aangesien die nie-Engelssprekende gebruiker hier onder die foutiewe indruk gebring word dat daar in Engels nie ekwivalente afkortings vir hierdie lemmata bestaan nie.

Die aanbod van die volvorm van afkortinglemmata, hetsy in die sentrale teks hetsy in die een of ander buiteteks, kan as 'n vorm van betekenisverklaring beskou word<sup>44</sup>, en verhoog die gebruikersvriendelikheid van die woordeboek. Die leksikografiese hantering van afkortings in die AEW kan as bevredigend beskryf word.



#### 4.6.1.1.4.2.6 Eiename

Onder 3.4.2.1.7 is gewys op die skynbare afwesigheid van 'n duidelike beleid betreffende die lemmatisering van eiename in die GW en AEW, of die afwesigheid van die konsekwente toepassing van enige beleid wat dalk bestaan. Ongelukkig vertoon die mikrostrukturele hantering van eienaamlemmata in die AEW 'n ewe onsistematiese karakter, veral wat kontekstualisering en spesifiek die aanwending van betekenisverklarings betref. Hierdie bevindinge is gebaseer op 'n studie van die leksikografiese hantering van al die eienaamhooflemmata in die artikeltrajek van *S/s* in die Afrikaans-Engels-deel van die AEW – 'n totaal van 285. Hierdie steekproef verteenwoordig die meeste van die klasse eienaamlemmata wat in (34) onder 3.4.2.1.7 geïdentifiseer is deur meer as een lemma ten opsigte van elke klas.

---

<sup>44</sup> Indien De Stadler (1989: 77) se suggestie dat afkortings en hulle volvorme as volkome sinonieme van mekaar beskou kan word, aanvaar word, is die aanbod van die volvorm inderdaad 'n suiwer vorm van betekenisverklaring.

Sekere eienaamlemmata wat in 'n bepaalde klas eiename val, word byvoorbeeld van betekenisverklarings voorsien, terwyl ander lede van dieselfde klas nie sodanige bewerking vertoon nie. Vergelyk die volgende artikels, waarvan die lemmata onder die klas historiese figure ressorteer:

- (155) a. **Shaka, Tsjaka** (*SA hist., 1787-1828*) Shaka, Chaka.  
b. **Socrates** Socrates  
c. **Suetonius** (*hist.: Rom. biographer and historian*) Suetonius.

Die lemma **Shaka** word deur 'n leksikografiese etiket gekontekstualiseer en (as betekenisverklaring?) van die historiese periode *1787-1828* voorsien. Die gemiddelde teikengebruiker kan onseker wees of dié periode Shaka se leeftyd al dan periode as koning van die Zoeloes bestryk (indien aangeneem word dat die teikengebruiker wel weet dat Shaka gedurende 'n periode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis koning van die Zoeloes was). Die historiese periode wat verstrekkend word, is dus vir alle praktiese gebruiksdoeleindes nutteloos. Die lemma **Sokrates** word van hoegenaamd geen konteksleiding voorsien nie, wat in sigself nie noodwendig 'n probleem is nie; indien die hantering van dié lemma egter met dié van die lemma **Suetonius** vergelyk word, wat deur middel van én 'n leksikografiese etiket én 'n betekenisverklaring gekontekstualiseer word, word die probleem van inkonsekwente hantering wel deeglik duidelik. Die artikels in (155) is verteenwoordigend van die hantering van eienaamlemmata in die data; daar dien derhalwe nie verdere voorbeelde ter illustrasie van die oorwegend onbevredigende hantering van hierdie tipe lemma voorgelê te word nie.

Ten opsigte van eiename benodig die Afrikaanse leksikografie klaarblyklik duidelike riglyne (i) wat die lemmatiseringsbeleid ten opsigte van eiename vir standaard vertalende woordeboeke sal bepaal, en (ii) wat die mikrostrukturele hantering van gelemmatiseerde eiename sal bereël. Dit is byvoorbeeld relatief vanselfsprekend dat 'n eienaamlemma soos **Maandag**, wat onder die klas name van die dae van die week ressorteer, kwalik betekenisverklaring in 'n vertalende woordeboek vereis; daarenteen mag 'n lemma soos **Sofia**, as die naam van 'n bepaalde land se hoofstad, wel kontekstualisering benodig. Hierdie riglyne kan slegs ondubbelsinnig geformuleer en toegepas word indien al die parameters binne die leksikografiese model vir gebruikersvriendelike woordeboeke se veranderlikes in ag geneem word en indien 'n deeglik ontwerpte dataverspreidingsprogram geld. Die semantiese aard van eiename as primêr verwysende uitdrukkings (vgl. 3.4.2.1.7) en die bestudeerde data lei wel op hierdie stadium reeds tot die gevolgtrekking dat betekenisverklarings by eiename die vorm van betekenisparafrases wat veral saakbeskrywings sal verteenwoordig, sal

aanneem. Betekenisverklarings by eienaamlemmata sal gevolglik by uitstek die kennisgeoriënteerde funksie van die woordeboek ondersteun.

#### 4.6.1.1.4.2.7 *Stilisties gemarkeerde lemmata*

Die lemmatisering van stilisties gemarkeerde leksikale items is onder 3.4.2.1.8 bespreek. Lemmata wat super- en substandaardtaalelemente verteenwoordig, het per definisie beperkte gebruik en dus sal die betrokke denotasies waarskynlik nie aan alle moedertaalsprekers van die brontaal en teikengebruikers van die woordeboek bekend wees nie. Sodanige lemmata behoort deur betekenisverklarings in die vorm van woordsinonieme wat verteenwoordigend is van die standaardvariëteit van die taal gekontekstualiseer te word. Vergelyk die volgende voorgestelde hanterings, vir enkele superstandaardtaallemmata in (156)a en b en substandaardtaallemmata in (156)c en d:

- (156) a. **nademaal** (*boektaal*) [aangesien] considering [...]  
b. **blanje** (*liter.*) [wit] white.  
c. **cool** (*sl.*) [goed] cool [...]  
d. **daai** (*sl.*) [daardie] that [...]



Die uitsondering op die voorgestelde hanterings hierbo is stilisties gemarkeerde lemmata wat onder die sogenaamde beledigende en sensitiewe leksikale items ressorteer (vgl. (35) onder 3.4.2.1.8.2). Hoewel die behoefte aan die lemmatisering van sodanige leksikale items nie betwyfel word nie, behoort die leksikograaf teen die agtergrond van veral die veranderlikes binne die konteksparameter van die leksikografiese model vir gebruikersvriendelike woordeboeke deeglik oor die wenslikheid en vorm van aanbieding van betekenisverklarings in hierdie gevalle te besin. Binne die huidige Suider-Afrikaanse (en internasionale) konteks sou die neiging waarskynlik wees om nie betekenisverklarings by sodanige lemmata te verstrek nie, terwyl hulle wel duidelik vir hulle pejoratiewe waardes deur middel van leksikografiese etikette gemerk sou word.

#### 4.6.1.1.4.2.8 *Kultuuritems*

Lemmata wat bepaalde unieke aspekte van die brontaalkultuur verteenwoordig behoort van betekenisverklarings voorsien te word, wat uit die aard van die betrokke lemmata se denotasies die vorm van betekenisparafrases wat ensiklopediese inligting verstrek, sal aanneem. Dit is egter nie noodwendig altyd die brontaalkultuur wat ter sprake is nie; vergelyk die volgende artikels in die


AEW, waarin kulturele inligting oor kulture wat nie een van die twee tale in die woordeboek as nasionale tale besig nie, deur middel van die betekenisverklarings verstrek word:

- (157) a. **minestrone** (*It. cook.: thick vegetable soup*) minestrone.  
 b. **ostrakon** *ostraka*, (*ancient Gr.: potsherd inscribed with name of person voted to be ostracised*) ostrakon, ostrakon.

Soos in die geval van lemmata wat bepaalde verouderde leksikonelemente verteenwoordig, is 'n alternatiewe hanteringstrategie by kultuuritems as lemmata die aanwending van ingevoegde tekste, soos ten opsigte van die lemma **Feuerzangenbowle** in die CD hieronder, in welke geval 'n betekenisparafrase by die lemma self onnodig is:

- (158) **Feuer-:** **Feuerwerk** *nt* fireworks *pl*; (= *Schauspiel* *auch*) firework display; (*fig*) cavalcade; **Feuerwerker** [-verke] *m -s, -, -nen* firework-maker; **Feuerwerke|rin** [-ərɪn] *f -, -nen* firework-maker; **Feuerwerks|körper** *m* firework; **Feuer|zan|ge** *f* fire tongs *pl*; **Feuer|zan|gen|bow|le** *f* red wine punch (*containing rum which has been set alight*)

**FEUERZANGENBOWLE**  
 A **Feuerzangenbowle** is a hot drink made from wine, with rum and sometimes fruit juice added. It is prepared by clamping a sugar loaf into a device like a pair of fire tongs over a punch bowl filled with red wine, which is sometimes flavoured with orange or lemon juice and a cinnamon stick. The sugar is then soaked with rum and set alight. The sugar slowly melts, caramelizes, and drips into the wine, giving the punch its characteristic taste.



**Feuer-:** **Feuer|zei|chen** *nt* [a] (= *Signal*) beacon [b] (*Astral*) fire sign; **Feuer|zeug** *nt, pl -zeuge* (cigarette) lighter; **Feuer|zeug|ben|zin** *nt* lighter fuel; **Feuer|zeug|gas** *nt* lighter gas; **Feuer|zoine** *f* (*MH*) firing zone; **Feuer|zun|ge** *f* (*Bibl*) tongue of flame

Ingevoegde tekste kom in 'n latere afdeling (4.6.3) aan bod.

#### 4.6.1.1.4.2.9 Onomatopeë

Monosemiese onomatopeïese lemmata benodig in die reël nie betekenisbeskrywings (bv. *tipiese geluid van 'n ...*) nie, soos in (159)a (AEW), hoewel die leksikograaf kan besluit om konteksleiding deur middel van 'n glos te voorsien, soos in (159)b (AEW) (waar die glos in die artikelgleuf van betekenisverklarings voorkom):


- (159) a. **koekelekoe** cock-a-doodle-doo.  
 b. **koel-koel** *ge=* (*a turkey*) gobble.

Die rede vir die afwesigheid van betekenisverklarings by sodanige lemmata is dat die waarskynlikheid baie hoog is dat die gebruiker wat die betrokke lemma opsoek reeds weet watter verskynsel se geluid dit is wat hy/sy opsoek; die doel van die naslaanpoging is suiwer om die vertaalekwivalent te bekom, en in die geval van 'n monosemiese lemma geld daar hoogs waarskynlik 'n ekwivalentverhouding van leksikale kongruensie tussen die lemma en die vertaalekwivalent, wat kontekstleiding in dié geval onnodig maak.

#### 4.6.1.1.4.2.10 Telwoorde

Die enigszins onbevredigende lemmatisering van telwoorde in die GW is onder 3.4.2.1.11 uiteengesit. Indien 'n betekenisverklaring by 'n monosemiese hooftelwoordlemma verstrek word, sal dit, indien 'n woordsinoniem nie beskikbaar is nie, minstens gedeeltelik in die vorm van die numeriese weergawe van daardie telwoord wees. Normaalweg word hooftelwoordlemmata egter nie van betekenisverklarings voorsien nie, soos wat die volgende AEW-artikels illustreer:

- (160) a. **dosyn** =*syne* dozen  
b. **eenduisend, een duisend** one thousand  
c. **twintig** =*tige*, =*tigs* twenty, score



In die volgende artikel word die hooftelwoordlemma egter volledig deur 'n betekenisverklaring gekontekstualiseer:

- (161) **biljoen** =*joene*, (*one thousand million: 1 000 000 000 or 10<sup>9</sup>*) billion.

Hierdie soort kontekstleiding kan nuttig wees vir die gebruiker wat wil uitvind hoe 'n kwantor in syfervorm geskryf kan word, en ondersteun dus ook die kennisgeoriënteerde funksie van die woordeboek. Weens die absoluutheid en relatiewe universaliteit van die syfervorm bied kontekstleiding in dié vorm ook aan die vreemdetaalgebruiker die geleentheid tot die byna oombliklike en ondubbelsinnige interpretasie van die lemma. Hierdie tipe kontekstleiding kan streng gesproke nie as 'n betekenisverklaring beskou word nie, aangesien die syfervorm nie werklik die denotatiewe betekenis van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item weergee nie, maar dit eerder in die vorm van 'n ander kode aanbied. Na aanleiding van die artikel in (161) sou die volgende hersiening van die artikels in (160) voorgestel kon word:

- (162) a. **dosyn** =*syne* [twaalf, 12] dozen  
 b. **eenduisend, een duisend** [1 000 of 10<sup>3</sup>] one thousand  
 c. **twintig** =*tige*, =*tigs* [20] twenty, score

In die geval van rangtelwoorde sou konteksleiding in die vorm van 'n betekenisparafrase gevolg deur die syfervorm van die telwoord aangebied kon word, soos die volgende voorgestelde artikels illustreer:

- (163) a. **eenduisendste** [wat na 999ste kom, 1 000ste] one thousandth  
 b. **twintigste** =*tige*, =*tigs* [wat na negentiende kom, 20ste] twentieth

Aangesien brontaalkwantore in die meerderheid van gevalle in 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie (hoogstens leksikale divergensie) tot korresponderende doeltaalkwantore staan, hoef die aanwending van konteksleiding by kwantorlemmata nie as verpligtend beskou te word nie, maar eerder as die toevoeging van 'n bonus vir die gebruiker. Die aanbod van kwantore en hulle ekwivalente saam met die aanduiding van hulle syfervorme sou waarskynlik effektiewer in 'n agterteks in die vorm van lyste geakkommodeer kon word. Hierdie aanbod sal die gebruiker veral help in gevalle waarstrukturele ekwivalensie tussen brontaalkwantor en korresponderende doeltaalkwantor geld, byvoorbeeld *vier-en-twintig* teenoor *twenty-four* (vgl. 3.4.2.1.11). Dan behoort by elke kwantorlemma in die sentrale teks 'n verwysing na hierdie agterteks te verskyn, sowel as by superordinaatlemmata soos **getal**, **kwantor** en **syfer**.

#### 4.6.1.1.4.2.11 Vaste uitdrukkings

Aangesien die denotasie van 'n idioom nie verklaar kan word deur 'n optelsom van sy samestellende dele se betekenis te maak nie (vgl. Gouws 1989a: 384), volg dit dat idiome na struktuur as semanties ondeursigtig beskou kan word. Selfs sommige moedertaalsprekers kan nie die presiese denotasies van bepaalde idiome ken nie, hoewel hulle die denotasies van elk van die samestellende dele in isolasie kan ken. Veral indien 'n brontaalidioom slegs van 'n doeltaalidioom as vertaalekwivalent voorsien word, kan die teikengebruiker in die duister wees oor wat die denotasie van die idioom is, en hoewel hy/sy in staat kan wees om die gegewe teks te vertaal, sal hy/sy nie die inhoud van die vertaling volledig verstaan nie omdat hy/sy nie volledig die inhoud van die brontaal begryp nie. Dit word dus duidelik dat 'n korrekte vertaling met behulp van 'n woordeboek nie noodwendig kommunikatiewe ekwivalensie in die hand werk nie. Gevolglik word die volgende voorbeeldhanterings vir idiome (hier as volwaardige lemmata) voorgestel:

- (164) a. **deur: met die ~ in die huis val** (*fig.*) [direk tot die punt kom] get/go right/straight to the point, not beat about the bush (*fig.*)  
 b. **groen: iem. is nie so ~ dat 'n koei hom/haar sal vreet nie** (*fig., infml.*) [nie alte dom, onbedrewe nie] s.o. is not as green as he/she is cabbage-looking (*fig., infml.*)

In (164)a is die eerste aangebode vertaalekwivalent nie 'n idioom nie, maar 'n ekwivalente doeltaaluitdrukking (wat binne 'n eenvoudige doeltaalsinoniemparadigma impliseer dat dié weergawe frekwenter in die doeltaal voorkom as die idioom wat daarop volg); dus sou die gebruiker in die afwesigheid van 'n betekenisverklaring ten opsigte van die lemma die denotasie van die idioom uit die denotasie van die doeltaalvorm wat as vertaalekwivalent aangebied word, kon aflei. By (164)b sou die gebruiker wat nie die denotasie van die brontaalidioom ken nie egter geensins deur die woordeboek gehelp word om kommunikatiewe sukses te bewerkstellig indien die betekenisverklaring nie voorsien sou wees nie. Dit is verder belangrik dat die doeltaalinskrywings by idioomlemmata ook gemerk word indien hulle doeltaalidiome verteenwoordig, byvoorbeeld deur die aanwending van die leksikografiese etiket *fig.* 'figuurlik', soos in (164). Tipografiese of nie-tipografiese struktuurmerkers kan ook vir hierdie doel aangewend word.

#### 4.6.1.1.4.2.12 Die name van fauna en flora

In die AEW blyk dit gereelder gebruik as in die GW te wees dat lemmata wat die name van veral flora verteenwoordig van betekenisverklarings in die vorm van die betrokke referent se wetenskaplike naam voorsien word, soos in die volgende AEW-artikels:

- (165) a. **bingelkruid** (*Mercurialis annua*) mercury.  
 b. **naelkruid**<sup>1</sup> (*bot.: Hydrocotyle vulgaris*) pennywort, navelwort.

Hoewel die gebruik gereelder in die AEW voorkom as in die GW, word dit geensins konsekwent toegepas nie, soos wat die volgende verteenwoordigende artikels getuig:

- (166) a. **bilsekruud** (*bot.*) henbane.  
 b. **hisop** (*bot.*) hyssop.

Dit wil wel voorkom asof die aanbod van die wetenskaplike name van veral flora (en in 'n mindere mate van fauna) as kontekstualiserende inskrywings by die lemmata wat die algemene name daarvan verteenwoordig 'n leksikografiese praktyk is wat veld wen in Afrikaanse vertalende



woordeboeke. Zgusta (1971: 331-332) trek egter die nut van dié tipe inskrywing in twyfel waar dit nie daarom gaan dat sodanige inskrywing werklik funksioneel diskriminerend optree nie, soos wat die geval is in die artikels in (165) en (166). Verder kan geredeneer word dat die wetenskaplike name wat in hierdie funksie aangewend word glad nie vir die meerderheid lede van die teikengebruikersgroep toeganklik is nie; trouens, dit is hoogs waarskynlik slegs 'n baie klein subgroep teikengebruikers wat hierdie data volledig kan benut. Navorsing binne die gebruikers- en gebruikersverwysingsraamwerkparameters in die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke, byvoorbeeld in die vorm van meningspeilings, behoort uitgevoer te word om die funksionaliteit van die wetenskaplike name van fauna en flora as kontekstualiserende inskrywings te bepaal. Die mate waarin 'n werklike kennisgeoriënteerde funksie (binne die raamwerk van die doel en funksies van die woordeboek) hierdeur vervul word, moet dus vasgestel word.

Om die inkonsekwentheid van die aanwending van wetenskaplike name as diskriminators te bepaal, is alle lemmata in die artikeltrajek van *S/s* in die Afrikaans-Engels-deel van die AEW wat algemene name vir fauna en flora verteenwoordig en wat deur die leksikografiese etikette *bot.* “botanie” of *zool.* “soölogie” gediskrimineer is, nagegaan (N=55). 20 van hierdie lemmata (36,4%) is van wetenskaplike name as parallelle diskriminators voorsien.<sup>45</sup> Slegs 8 van die gediskrimineerde lemmata (40%) is polisemies van aard, waarvan die wetenskaplike naam by slegs 1 (5%) die werklike funksie van diskriminering vervul, naamlik by die lemma **sneuklokkie**, waar beide polisemiese waardes ten opsigte van blomme geld:

(167) **sneuklokkie** (*bot.: Galanthus spp.*) snowdrop; (*bot.: Leucojum spp.*) snowflake.

Die presiese motivering vir die optrede al dan nie van wetenskaplike name as diskriminators by lemmata wat die algemene name van flora of fauna verteenwoordig, is dus nie duidelik nie. Geen inligting in hierdie verband verskyn in die metateks nie.

#### 4.6.1.1.5 Betekenisverklarings in die AEW

Die aanwending van betekenisverklarings in die AEW kan as 'n vernuwing in die Afrikaanse vertalende leksikografie beskou word.

---

<sup>45</sup> Lemmata wat deur die etikette *icht.* “igtiologie” en *orn.* “ornitologie” gediskrimineer is, is nie by hierdie opname ingesluit nie; gedurende die opname is egter opgemerk dat by die verre minderheid van dié lemmata wetenskaplike name as diskriminators optree. Verder is talle name van fauna en flora gelemmatiseer, maar nie geëtiketteer nie; ook ten opsigte van hierdie lemmata is deur die loop van die opname die indruk gevestig dat wetenskaplike name slegs in die minderheid van die gevalle optree.

In die AEW kom betekenisverklarings ook in die vorm van betekenisparafrases en woordsinonieme voor, soos wat uit die voorafgaande data duidelik word. As gevolg van die aard van die lemmata waar betekenisverklarings in die AEW aangewend word, tree betekenisparafrases egter meer as woordsinonieme op.

Die eerste 100 lemmata in die artikeltrajek van *S/s* in die Afrikaans-Engels-deel van die AEW in die artikels waarvan betekenisverklarings voorkom, is nagegaan en word in (168) hieronder tesame met die leksikografiese etikette wat saam met die betekenisverklarings optree, waar toepaslik (in kursiefdruk), gelys. Polisemiese lemmata word deur die inskrywing (*p*) gemerk, en polisemiese lemmata met ongeïdentifiseerde gediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigmas (soos afgelei uit die betekenisverklarings) word deur die inskrywing (*p*<sup>g</sup>) gemerk. Lemmata wat in 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie tot die aangebode vertaalekwivalent staan (soos bepaal deur die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel), word onderstreep. Lemmata wat deur die inskrywing (*p*)\* gemerk is, verteenwoordig gevalle waar betekenisverklarings effektief ter onderskeiding van 'n polisemiese waarde aangewend is (d.w.s. die ander polisemiese waarde(s) is ook gediskrimineer).

- (168) **S**, **sa** (*p*), **saagbekeend** (*orn.*), **saagvis**, **Saar**, **Saba**, **Sabiër**, **sabra**, **Sabyn**, **sadhoe**, **saffierbruilof**, **saffloer** (*bot.*), **sag** (*p*)\*, **saki**<sup>1</sup>, **Sakse-Koburg-Gotha**, **Saksies**, **salaam** (*Arab.*), **salbutamol** (*med.*), **salep** (*Turk., cook.*), **Salesiaan**, **salie** (*p*), **Saliër**<sup>2</sup> (*hist.*), **Saljoet** (<*Russ.*), **Salustius** (*Rom.*), **salmforel**, **Salomo** (*OT, also fig.*) (*p*<sup>g</sup>), **salpingektomie** (*med.*), **salsa**, **saltarello** (*p*<sup>g</sup>), **samaar** (*hist.*), **samfoe** (*Cant.*), **Samiër**, **Samniet**, **samoem**, **samoerai**, **Samojeed** (*p*<sup>g</sup>), **Samos**, **Samothrake**, **samowar**, **sampan** (*Chin.*), **sampioen**, **samsara** (*Skt., Hind. & Buddh.*)<sup>46</sup>, **San** (*p*)\*, **sandaalwyn**, **sandappel**, **sandbad**, **sandbankhaai**, **sandbloue** (*zool.*), **sanddoring**, **sandgeelhout(boom)**, **sandhaver** (*p*)\*, **sandlelie**, **sandolien**, **sandpypie** (*bot.*), **sandtrapper** (*p*)\*, **Sandveldlelie**, **sandjak**, **sang** (*p*)\*, **sanglyster** (*orn.*), **sangoma** (*Zu.*), **sangria** (*Sp.*), **San Salvador**, **sanseviera**, **Sanskrit**, **sapele-mahonie**, **sarangi** (<*Hindi*), **Sardes**, **sari**, **sarong**, **sarrusofoon** (*mus.*), **sarsaparilla** (*bot.*) (*p*<sup>g</sup>), **satjagraha** (*Hind.*), **satori** (<*Jap., Buddh.*), **satraap**, **Sauternes(wyn)**, **savoir-faire** (*Fr.*), **saxhoring**, **saxofoon**, **scherzando**, **schilling** (*hist.*), **schnauzer**, **scilicet** (*Lat.*), **Sealyham(terriër)**, **seebamboes**, **seeduif**, **seeduiker** (*p*), **seehaas**, **seekrokodil**, **seemuis**, **seeotter** (*zool.*), **seerob** (*p*)\*, **seestuk**, **seevark** (*p*), **seewurm** (*p*), **Seeland**<sup>1</sup>, **Seeland**<sup>2</sup>,

<sup>46</sup> Die funksie van die “&”-simbool is nie duidelik nie: hoe sou die interpretasie van die etikette hier verskil van dié by voorbeeld **salep**, waar dit as “(*Turk., cook.*)” – geskei deur die struktuurmerker “,” en nie “&” nie – aangebied word?

**seepboom** (p), **seepkruid**, **seiwalvis**, **sek** (*hist.*), **sekelbos**, **sekswerker** (*euph.*), **Seldjoek** (*hist.*), **Seleukos**.

Die data in (168) word vervolgens beskryf: Slegs 15 van die lemmata waarby betekenisverklarings voorkom, is polisemies van aard, waarvan in slegs 5 gevalle betekenisverklarings effektief by polisemiese lemmata aangewend is om telkens minstens twee polisemiese waardes van mekaar te onderskei. 1 van hierdie gevalle verteenwoordig 'n polisemiese eienaam (**San**). 49 van die lemmata staan in 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie tot die aangebode vertaalekwivalent, waarvan 16 eiename is. Dit beteken dat in minstens 33 van die gevalle in (168) die aanwending van betekenisverklarings onnodig is in terme van die voorafgaande bespreking. In slegs 29 van die gevalle in (168) blyk die aanwending van betekenisverklarings in terme van die voorafgaande bespreking optimaal gebruikersvriendelik te wees, dit wil sê in hierdie gevalle diskrimineer die betekenisverklarings minstens twee polisemiese waardes effektief (waarby die gevalle waar ongeïdentifiseerde volledig gediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigmas geld, ingesluit is), of word 'n eienaamlemma gekontekstualiseer. Hieruit kan afgelei word dat die monosemiese al dan polisemiese status van 'n nie-eienaamlemma nie in die AEW die aanwending van betekenisverklarings blyk te bepaal nie: In die deeltrajek **S – Seleukos** kom 231 lemmata met (ongeïdentifiseerde) ongediskrimineerde of gedeeltelik gediskrimineerde (semanties onverdigte en verdigte) vertaalekwivalentparadigmas voor; die data in (168) toon dat betekenisverklarings dus by 97,8% van die aantal lemmata waar dit (volgens die voorafgaande bespreking) ter onderskeiding van polisemiese waardes behoort op te tree, nie verskyn nie.<sup>47</sup>

Uit 'n studie van die data in (168) wil dit voorkom asof betekenisverklarings oorwegend by lemmata van vreemde herkoms aangewend word. Die argument hiervoor is waarskynlik dat die denotasie van sodanige lemma vir beide moedertaal- en vreemdetaalteikengebruiker van die woordeboek onbekend kan wees. Soos reeds aangetoon, word betekenisverklarings in die vorm van wetenskaplike name in 'n mindere mate (en inkonsekwent) by lemmata wat die algemene name van fauna en flora verteenwoordig, aangewend. Die data toon dat betekenisverklarings die minste frekwent by polisemiese lemmata aangewend word om polisemiese waardes van mekaar te onderskei, en waar dit wel die geval is, resulteer die aanwending van betekenisverklarings in die meeste gevalle nie in 'n volledig gediskrimineerde vertaalekwivalentparadigma nie, aangesien nie alle polisemiese waardes (so) gekontekstualiseer word nie. Die aanwending van

---

<sup>47</sup> 231 polisemiese lemmata met ongediskrimineerde of gedeeltelik gediskrimineerde vertaalekwivalentparadigmas minus 5 lemmata (vgl. (168)) waar betekenisverklarings ter gedeeltelike diskriminasie van die vertaalekwivalentparadigmas aangewend word. Resultaat:  $231 - 5 = 226$  (97,8% van 231).

betekenisverklarings by lemmata van vreemde herkoms word egter ook nie konsekwent toegepas nie: die volgende 17 lemmata, wat insgelyks tussen die lemmata **S** en **Seleukos** voorkom en deur die gemiddelde teikengebruiker as van vreemde herkoms aangevoel sou kon word, is deur geen diskriminators gekontekstualiseer nie:

(169) **Sabelianisme, sachet, saffiaan, saga, saggarien, sagitaal, saintpaulia, salinometer, samoesa, sanguinies, Sanherib, sansculotte, sapele, Sarmaat, satiriasie, Savoois, séance.**

'n Verdere probleem bestaan by die tipografiese onderskeid tussen leksikografiese etikette en betekenisverklarings in gevalle van parallelle kontekstualisering by 'n (polisemiese waarde van 'n) lemma. In die data in (168) kom 31 sodanige gevalle voor. In 15 (48,4%) van dié gevalle word die leksikografiese etiket en die betekenisverklaring deur middel van die nie-tipografiese merker “.” geskei, soos in die volgende artikels:

(170) a. **salbutamol** (*med.: a bronchodilator*) salbutamol.  
b. **salep** (*Turk., cook.: dried ground tubers of var. Orchids*) salep.

In (170)a tree een leksikografiese etiket op, in (170)b twee; in beide gevalle word die leksikografiese etiket(te) deur die nie-tipografiese struktuurmerker “.” van die betekenisverklaring geskei. In 15 (48,4%) van die gevalle waar parallelle kontekstualisering met betekenisverklarings en leksikografiese etikette voorkom, word die nie-tipografiese struktuurmerker “.” vir dié doel aangewend, soos in die volgende artikel:

(171) **sangoma** =*mas*, (*Zu., a traditional healer*) sangoma.

In een geval (3,2% van die gevalle) word die nie-tipografiese struktuurmerker “;” oënskynlik vir dieselfde doel gebruik:

(172) **salaam** =*laams, n., (Arab.; Muslim salutation)* salaam.

Indien die hantering in (172) vergelyk word met die aanbod van diskriminators in gediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigmas (soos in (88)) en indien in ag geneem word dat die nie-tipografiese struktuurmerker “;” as polisemie-aanduiders funksioneer, kan dit in (172) die geval wees dat 'n ongeïdentifiseerde gediskrimineerde semanties verdigte lemma geld, met die eerste polisemiese waarde wat deur die leksikografiese etiket *Arab.* gekontekstualiseer word, en die

tweede deur die betekenisverklaring *Muslim salutation*. Dit kan egter ook die geval wees dat die nie-tipografiese struktuurmerker “;” ’n drukfout verteenwoordig, en eintlik “:” moes wees. In die afwesigheid van leiding in hierdie verband in die metateks van die AEW kan hierdie hanteringsverskille die teikengebruiker verwar. Buitendien is dit glad nie duidelik watter nie-tipografiese struktuurmerker die geldende een is in die geval van parallelle kontekstualisering met leksikografiese etikette en betekenisverklarings nie.

’n Sentrale tekortkoming in die AEW word verteenwoordig in die feit dat betekenisverklarings in die doeltaal voorkom. Hierdie verskynsel werk beperkend in op die funksionele spektrum wat deur die AEW gedek kan word. ’n Polifunksionele vertalende woordeboek behoort betekenisverklarings in die brontaal aan te bied (vgl. Wiegand 1988: 579; 4.6.1.1.2.2).

#### 4.6.1.1.6 Samevattend

Aspekte van die aanwending van betekenisverklarings in standaard (polifunksionele) vertalende woordeboeke is in hierdie afdeling nagegaan. Daarmee saam is sekere konsepte ontwikkel en voorgestel, wat in die bespreking van die ander kontekstualiserende inskrywings wat volg verder toegepas sal word.

Uiteindelik kan ’n volledige en akkurate perspektief op die potensiaal en funksionele aanwending van betekenisverklarings in vertalende woordeboeke slegs verkry word indien dié inskrywingstipe in reliëf tot die ander tipes kontekstualiserende inskrywings, sowel as ander sentrale aspekte en strukture van die woordeboek, beskou word.

#### 4.6.1.2 Leksikografiese etikette

##### 4.6.1.2.1 Aard en algemene funksie

Gouws (1988: 4) meld dat die gebruik van leksikografiese etikette (in die res van hierdie afdeling slegs *etikette*) ’n kenmerk van moderne woordeboeke is, hoewel dit nie ’n uitvinding van moderne leksikografe is nie; die gebruik van etikette het naamlik ’n lang en eerbiedwaardige tradisie in die leksikografie. ’n Bespreking van die geskiedenis van etikettering in woordeboeke val buite die bestek van hierdie studie; vergelyk egter in hierdie verband onder meer Cassidy (2003) en Mugglestone (2000).

Volgens Hartmann (1983b: 109) vind alle taalgebruik binne die een of ander konteks plaas. Die kommunikatiewe vaardigheid van moedertaalsprekers sluit die vermoë in om hulle taalgebruik na gelang van die konteks of situasie waarin hulle hulle bevind aan te pas, sowel as die vermoë om sodanige variasie te erken (Hartmann 1983a: 109). As inligtingsbron moet 'n woordeboek sowel taalkundige as pragmatiese leiding verskaf (Gouws 1988: 6). Indien 'n leksikale item wat in 'n woordeboek behandel word aan bepaalde beperkinge ten opsigte van gepastheid in bepaalde situasies onderhewig is, is dit derhalwe die plig van die leksikograaf om sodanige beperkings onder die aandag van die woordeboekgebruiker te bring ten einde kommunikatiewe sukses te bewerkstellig (Gouws 1988: 7, Lombard 1993: 145). Volgens Landau (2001: 218) is hierdie soort leiding essensieel in onder meer vertalende woordeboeke, waar die gebruiker nie noodwendig – gewoonlik noodwendig nie – 'n moedertaalspreker van minstens een van die behandelde tale is nie. Die soort leksikografiese data wat in hierdie verband aan die gebruiker gebied word, is pragmatiese leiding, wat 'n baie belangrike deel van die leksikografiese data wat in 'n woordeboek aangebied word, vorm (Burkhanov 2003: 102). Hierdie soort data word in die meeste gevalle, hoewel nie uitsluitlik nie, deur etikette aangedui (Burkhanov 2003: 104). Gevolglik beskou Gouws (1988: 4) etikette as 'n onmisbare komponent van die hedendaagse leksikograaf se beskrywingsapparaat.

As aanvanklike werksdefinisie vir die term *etiket* sal die volgende formulering van Gouws (1988: 4) geld:

- (173) Die term *etiket* verwys na daardie inskrywing(s) in 'n woordeboekartikel wat as merkers optree om die lemma of 'n ander inskrywing in die artikel se beperkinge ten opsigte van byvoorbeeld stylaard, gebruiksfteer en geografiese voorkoms aan te dui.

Vergelyk die volgende artikels uit die AEW:

- (174) a. **inbrokkel** *inge=, (rare), (tr.)* crumble into; *(intr.)* crumble away; *(intr.)* go to pieces.  
 b. **indantreen** *(chem.)* indanthrene.  
 c. **informant** =*mante* informant, source, *(SA, infml.)* pimp, impimpi *(Ngu.)*

In (174) word die inskrywings *rare*, *tr.*, *intr.*, *chem.*, *SA*, *infml.* en *Ngu.* as etikette beskou.

Uit die werksdefinisie in (173) en die toepassing daarvan in (174) kan die volgende kernmomente van die aard van etikette geëkstraheer word:

- (175) a. 'n Etiket is 'n tipe *inskrywing*.

- b. 'n Etiket het 'n bepaalde *markeringsfunksie* ten opsigte van besondere talige en nietalige domeine.
- c. Etikette word nie uitsluitlik aan die lemma gerig nie.

Moment (175)a word vervolgens toegelig, waarna die ander twee momente in die volgende afdelings aan bod kom.

#### 4.6.1.2.1.1 Etikette as 'n tipe inskrywing

Indien 'n etiket as 'n inskrywingstipe beskou word, hou dit in (i) dat sodanige inskrywing minstens een werklike funksie het en (ii) dat die inskrywing in 'n bepaalde artikelgleuf voorkom. Dit is veral wat laasgenoemde aspek betref waarvoor blykbaar uiteenlopende standpunte in die metaleksikografiese literatuur bestaan.

Volgens Verkuyl et al. (2003: 298) kan geredeneer word dat die etiket bloot 'n artefak van die tradisionele vorm van die woordeboek is, naamlik 'n gedrukte boek met beperkte ruimte. Volgens so 'n argument speel die mediumparameter binne die leksikografiese model vir gebruikersvriendelike woordeboeke 'n bepalende rol, en die veranderlikes binne hierdie parameter verkeer in spanning met van die veranderlikes binne van die ander parameters, soos die woordeboekparameter, die gebruikersparameter en die gebruikersverwysingsraamwerkparameter. Indien die begrip *etiket* onafhanklik van die spesifieke medium waarin die woordeboek aangebied word, gestel kan word, hou dit volgens Verkuyl et al. (2003: 298) in dat dié begrip gelyk gestel word aan die datakategorie van pragmatiese inligting. Ten opsigte van die verklarende woordeboek beteken dit dat die volgende betekenisparafrase van die lemma **droomland** in die *Kernwoordeboek* (Odendal 2000) die etiket *veral in die kindertaal* bevat (vgl. ook Landau 2001: 226):

(176) **1 Droomland** is 'n ander woord, veral in die kindertaal, vir “slaap”

Binne Wiegand (1983a: 148) se opvatting van die begrip *denotatiewe betekenis* van 'n leksikale item wat deur 'n *betekenisparafrase* (i.p.v. 'n *definisie*) weergegee word (vgl. 4.6.1.1.2.2), sal die frase *veral in die kindertaal* in (176) nie as 'n etiket beskou word nie, maar as deel van die betekenisparafrase. Volgens Verkuyl et al. (2003: 298) kan 'n etiket egter nie aan 'n definisie<sup>48</sup> gelykgestel word nie (en by implikasie nie deel daarvan vorm nie), aangesien die etiket as 'n hoërvlak metalinguistiese middel die definisie juis tot 'n bepaalde konteks beperk. Hierdie

<sup>48</sup> Verkuyl et al (2003: 298) gebruik die term *definisie* en nie *betekenisparafrase* nie.

benadering is egter onbevredigend, aangesien die lemma die primêre bewerkingseenheid in 'n artikel in 'n verklarende woordeboek is: Dit is naamlik die lemma se gebruik wat deur 'n etiket in sodanige woordeboek beperk word, en nié die definisie (of semantiese parafrase) nie. In die metaleksikografiese literatuur is dit egter die oorwegend geldende siening dat etikette as aparte inskrywings met 'n spesifieke werklike doel geld, hoewel pragmatiese leiding ook deur middel van ander inskrywingstipes (waaronder die betekenisparafrases) aangebied kan word (vgl. o.m. Norri 2000, Burkhanov 2003: 104). Vergelyk die volgende uittreksel uit die “Voorwoord” van die *Kernwoordeboek* (Odendal 2000: iii), wat ook hierdie benadering in die Afrikaanse leksikografie illustreer:

[Die weergawe van die betekenisparafrase in 'n volsin] sluit ook die aangee van sogenaamde “etikette” in 'n hoë mate uit, omdat die definisie self die verband aandui. Wat wel in die definisie aangedui word, is of die woord “(ietwat) deftig” is en of dit meestal vir die “geselstaal” voorkom en dus nie algemeen op skrif gesien word nie.

Vergelyk ook die hantering van die tweede polisemiese waarde van die lemma **vixen** in die *Encarta World English Dictionary* (Rooney 1999) wat deur Norri (2000: 93) aangehaal word om dieselfde pragmatiese leiding deur meer as een inskrywingstipe te illustreer:

(177) **2. OFFENSIVE TERM** an offensive term that deliberately insults a woman regarded as vindictive and bad-tempered (*dated informal offensive*)

Vir die doel van hierdie studie verwys die term *etiket* dus na

- 'n onafhanklike en aparte tipe inskrywing
- met minstens een spesifieke werklike doel
- wat aan 'n spesifieke bron- en/of doeltaalinskrywing geadresseer is, en
- wat dus in 'n spesifieke posisie (maar nie 'n vaste een nie) in 'n artikel optree en as sodanig deur tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers afgebaken kan word.

Hiervolgens geld die klas inskrywings *etikette* in die vertalende woordeboek as lid van die klas inskrywings *diskriminatorters*.

#### 4.6.1.2.1.2 Die funksies van etikette in die vertalende woordeboek

Volgens die werksdefinisie van die term *etiket* in (173) het 'n etiket 'n bepaalde markeringsfunksie, naamlik dat dit die beperkte gebruik van 'n besondere leksikale item aandui. Hierdie spesifieke enkele pragmatiese funksie is egter grootliks tot die verklarende woordeboek beperk, waarin die



lemma gewoonlik die adres van etiketinskrywings is. Trouens, verreweg die meeste studies oor etikette handel oor hulle aanwending in verklarende woordeboeke; in baie van hierdie studies word dan terloops gemeld dat die onderhawige bespreking ook op vertalende woordeboeke van toepassing is. In die omvattende metaleksikografiese publikasie *Dictionaries: An International Encyclopedia of Lexicography* (Hausmann et al. 1989-1991) verskyn byvoorbeeld nege artikels wat oor etikette in verklarende woordeboeke handel, en slegs een wat oor etikette in vertalende woordeboeke gaan, te wete Werner (1991). Tereg meld Werner (1991: 2796) dat die gesprek oor etikette in vertalende woordeboeke inderdaad ook 'n hele reeks aspekte omvat wat op verklarende woordeboeke betrekking het; daar bestaan egter duidelike én belangrike verskille in die toepassing van hierdie inskrywingstipe in dié twee tipes woordeboeke. Iannucci (1967: 203) en Gouws (1989: 200) meld ook dat die gebruik van etikette in 'n hoë mate deur die spesifieke woordeboekstipe beïnvloed word. Trouens, die bestudering van etikette in vertalende woordeboeke lei tot insigte wat nié bekom kan word deur 'n studie wat eksklusief op verklarende woordeboeke fokus nie, soos wat in hierdie afdeling duidelik sal word.

Een van die belangrikste verskille tussen verklarende woordeboeke en vertalende woordeboeke wat die gebruik van etikette betref, is dat etikette in die vertalende woordeboek 'n uitgebreider funksiespektrum dek as dié in die verklarende woordeboek. Terwyl etikette in verklarende woordeboeke primêr pragmatiese leiding ten opsigte van 'n (polisemiese waarde van 'n) lemma aanbied, soos reeds gemeld, het etikette in die vertalende woordeboek die bykomende funksie om ekwivalentdiskriminerend op te tree – vandaar dat etikette in die vertalende woordeboek onder die klas diskriminators ressorteer. Hoewel hierdie twee funksies van etikette in die vertalende woordeboek onderskeibaar blyk te wees, is hulle nie ewe maklik skeibaar nie, aangesien die grens tussen die funksies nondiskreet is. Ter wille van die wetenskaplike bespreking van etikette in vertalende woordeboeke word hierdie onderskeid egter toegepas.

#### 4.6.1.2.1.1 Die funksie van pragmatiese leiding

Gouws (1989: 200) laat hom soos volg uit oor die funksie van pragmatiese leiding wat etikette vervul:

Die noodsaak vir die gebruik van etikette word veral vanuit die behoefte aan pragmatiese inligting gemotiveer. Etikette merk naamlik die gepastheid al dan nie van 'n lemma vir 'n gegewe gespreksituasie en is dus gerig op die versekering van kommunikatiewe sukses in die gebruik van die bepaalde leksikale item.

Die idee van die aanduiding van die gepastheid van 'n leksikale item vir 'n bepaalde gespreksituasie vind sy weerklank in onder meer Hauptfleisch (1993: 121), Lombard (1993: 145), Hurtado (1994: 27) en Verkuyl et al. (2003: 302). Hurtado (1994: 27) verwys in hierdie verband na die feit dat die gebruik van 'n leksikale item sy ordening binne die sosiaal-normatiewe sisteem wat die aanwending van verbale middele in kommunikatiewe situasies bepaal, veronderstel. Teen hierdie agtergrond is dit waarskynlik 'n preskriptiewe funksie van die leksikograaf wat in die hantering van etikette uitdrukking sal vind (vgl. Gouws 1988: 6; Lombard 1993: 143).

Aangesien vertalende woordeboeke volgens Hausmann (1991: 2794) ook altyd sinoniemwoordeboeke is en ook gereeld as sodanig gebruik word, is dit noodsaaklik dat die nodige pragmatiese leiding ook in dié tipe woordeboek voorsien word:

A dictionary is often used by speakers with the need to address a certain audience, by poets, by writers and by journalists to enable them to avoid a word that they do not want to use or to find a more appropriate alternative for the specific purpose of the occasion. Some dictionaries provide synonyms and near-synonyms, marking differences between them by labels like (form.), (vulg.), (poet.), (bibl.), etc.

Volgens Landau (2001: 218) is die gebruik van etikette in onder meer vertalende woordeboeke essensieel, aangesien die gebruiker met beperkte vaardigheid in 'n taal 'n leksikale item onvanpas kan gebruik. Hierdie standpunt dui op die belangrikheid van etikette vir die teksproduksiefunksie van die vertalende woordeboek. Verkuyl et al. (2003: 298) is dit eens met Landau, maar gaan so ver om die aanwending van etikette uitsluitlik in terme van teksproduksie te regverdig. Hierdie enigszins eensydige siening van die funksie van etikette het moontlik sy oorsprong in die oënskynlik relatief algemene neiging om in die studie van etikette tot die bestek van die verklarende woordeboek beperk te bly.

Volgens Svensén (1993: 186) kan etikette ook in 'n woordeboek gerig op teksresepsie 'n belangrike funksie vervul, byvoorbeeld om die gemoedstoestand of houding van 'n spreker deur sy/haar gebruik van 'n bepaalde leksikale item aan te dui ten einde die hoorder (en woordeboekgebruiker) te help om die spreker se uiting akkuraat te interpreteer en so kommunikatiewe sukses te verseker. Hier gaan dit om etikette soos *euf.* 'eufemisme', *hum.* 'humoristies', *iron.* 'ironies' en *neerh.* 'neerhalend'. Ten opsigte van hierdie tipe etikette is dit nodig om op Van Huyssteen (1998: 69-70) se kommentaar te wys:

Sosio-stilistiese etikette gee vir die woordeboekgebruiker 'n aanduiding van die **gepastheid** van 'n sekere leksikale item op 'n bepaalde stylvlak, terwyl stilisties-funksionele etikette

gebruik word om 'n aanduiding te gee van die **funksies** (illokutiewe intensies en perlokutiewe effekte) wat 'n woord binne sekere kontekste kan verrig. Aangesien 'n woordeboek onmoontlik rekenskap kan gee van die verskillende kontekstuele veranderlikes wat 'n rol speel in die gebruik van 'n leksikale item, word die taak van die leksikograaf bemoeilik by die toekenning van stilisties-funksionele etikette [soos *euf.* – HLB].

Die gevolgtrekking is dat die leksikograaf in terme van stilisties-funksionele etikette waarskynlik minder doeltreffende konteksleiding sal kan voorsien as wat Svensén sou wou sien. Zgusta (1971: 333) beskou egter ook die eksplisiete aanduiding van onder meer stylvlak as van groot belang by die interpretasie van tekste, dit wil sê ter wille van die teksresepsiefunksie van die woordeboek.

Vir die doel en funksie van die polifunksionele vertalende woordeboek in die Suider-Afrikaanse konteks blyk dit 'n uitgemaakte saak te wees dat etikette in meer as een funksie 'n belangrike rol kan vervul; ook etikette vertoon dus 'n polifunksionele aard.

Oor die effektiwiteit van etikette word in die bespreking van etikette in spesifiek die Afrikaanse vertalende woordeboeke uitgebrei.

#### 4.6.1.2.1.2.2 Die ekwivalentdiskriminerende funksie

Aangesien etikette (polisemiese waardes van) die lemmaties verteenwoordigde leksikale items in bepaalde semantiese velde plaas, het hulle 'n bepaalde semanties dekodeerende waarde (Lombard 1993: 145). Hiermee word bedoel dat die aanwending van bepaalde tipes etikette die gebruiker kan help om die betekenis van 'n bepaalde polisemiese waarde van 'n lemmaties verteenwoordigde leksikale item ten minste in 'n mate te agterhaal en sodoende te kan bepaal of die aangebode vertaalekwivalente die gepaste ekwivalente vir die tersaaklike diskoers is. Daar moet egter op gelet word dat hierdie funksie slegs deur 'n bepaalde subversameling van die klas etikette vervul kan word, soos wat aangedui sal word in die bespreking van die tipes etikette (vgl. Al-Kasimi 1977: 71; 4.6.1.2.2.4). Nietemin word die aanwending van etikette ter wille van ekwivalentdiskriminasie deur Svensén (1993: 181) as van kardinale belang gereken. Zgusta (1971: 332) is egter nie so seker oor die belangrikheid van etikette in hierdie opsig nie:

[L]abels only sometimes disambiguate (or specify [lexical meaning – HLB], but very frequently, if not in the majority of cases, they simply inform the user about a descriptive fact of language. [sic]

Volgens Hausmann & Werner (1991: 2734) kan etikette en koteksinskrywings wel deels saamwerk om ekwivalentdifferensiasie te bewerkstellig en sodoende die gebruiker op die gepaste polisemiese waarde of vertaalekwivalent(e) (en die gepaste gebruik daarvan) te wys.

Werner (1991: 2798) beskou etikette as onontbeerlik vir die doeltaalgebruiker van 'n vertalende woordeboek, aangesien etikette polisemiese waardes in terme van hulle gebruiksvoorwaardes nader beskryf; vir die brontaalgebruiker kan 'n etiket 'n aanduiding wees van die besondere polisemiese waarde waarvoor hy/sy 'n vertaalekwivalent soek. Vir laasgenoemde se doeleindes sou die diskriminerende funksie van etikette ook deur betekenisverklarings en glosse vervul kon word. Trouens, volgens Werner (1991: 2798) is ander vorme van diskriminering van polisemiese waardes oor die algemeen meer doeltreffend as etikette. Hierin stem Werner minstens gedeeltelik met Zgusta saam oor die oënskynlik relatief beperkte ekwivalentdiskriminerende funksie van etikette.

#### 4.6.1.2.1.3 Mikrostrukturele verspreiding

Ter wille van 'n sinvolle en ondubbelsinnige bespreking van etikette is dit noodsaaklik dat daar vir die doel van hierdie studie 'n breë klassifikasie van inskrywingstipes in die artikels van die vertalende woordeboek voorgestel en toegepas word. Volgens hierdie enigsins pragmatiese klassifikasie, wat buite die parameters van Wiegand (o.m. 1988, 1990) se teksteorie voorgestel word, behoort alle inskrywings in 'n artikel van 'n vertalende woordeboek tot een van drie klasse, te wete die klas *brontaalinskrywings*, die klas *doeltaalinskrywings* en die klas *meta-inskrywings*. Die indeling word skematies soos volg voorgestel:



**Figuur 19: 'n Breë klassifikasie van inskrywingstipes in die artikels van 'n vertalende woordeboek**

Notasiekonvensie: (*van bo na onder / van onder na bo*): “ \_\_\_ ” val uiteen in / behoort tot

Die klas brontaalinskrywings bestaan uit al daardie inskrywings in die artikels van 'n vertalende woordeboek waarvoor vertaalekwivalente of verwysings in dieselfde artikels voorsien word;

sodanige inskrywings kan lemmata of brontaalkoteksinskrywings wees<sup>49</sup>. Die klas doeltaalinskrywings bestaan uit al daardie inskrywings wat as vertaalekwivalente vir brontaalinskrywings aangebied word; sodanige inskrywings kan vertaalekwivalente of doeltaalkoteksinskrywings wees. Die klas meta-inskrywings bestaan uit al daardie inskrywings, uitgesluit struktuurmerkers, wat nóg as brontaalinskrywings nóg as doeltaalinskrywings optree, maar wat aan een of albei van dié tipes inskrywings geadresseer is; dit volg dus dat een meta-inskrywing nie aan 'n ander meta-inskrywing geadresseer kan wees nie en dat 'n meta-inskrywing nie die adres van 'n ander inskrywing kan wees nie. Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel uit die AEW:

- (178) **mat**<sup>1</sup> *matte, n. mat, doormat, floor mat, (floor) rug; seat, bottom (of a chair); (often) carpet; los ~ (tjie) scatter rug; die ~ onder iem. (se voete) uittrek/uitpluk/uitruk, (fig., infml.) pull the plug on s.o./s.t.; deur die ~ val, (fig.: a plan) fall through.*

Die inskrywings in die artikel in (178) kan soos volg in die drie klasse inskrywings gedeel word:

Brontaalinskrywings	Doeltaalinskrywings	Meta-inskrywings
<b>mat</b> , <i>los ~ (tjie), die ~ onder iem. (se voete) uittrek/uitpluk/uitruk, deur die ~ val</i>	mat, doormat, floor mat, (floor) rug, seat, bottom, carpet, scatter rug, pull the plug on s.o./s.t., fall through	<sup>1</sup> , <i>matte, n., of a chair, often, fig., infml., fig., a plan</i>

**Tabel 2: Die breë klassifikasie van die inskrywings in die artikel in (178)**

'n Meta-inskrywing wat aan 'n bron- of doeltaalinskrywing wat regs daarvan staan, geadresseer is, *premarkeer* daardie bron- of doeltaalinskrywing; 'n meta-inskrywing wat aan 'n bron- of doeltaalinskrywing wat links daarvan staan, geadresseer is, *postmarkeer* daardie bron- of doeltaalinskrywing.

Volgens Werner (1991: 2796) kan elemente van én die brontaal én die doeltaal in die vertalende woordeboek as adres vir etikette geld. Vergelyk die volgende artikel uit die CD:

- (179) **Lorbass** [...] *m -es, -e (dial inf) sly devil (inf), sharp one (inf)*

In die artikel in (179) kom vier etikette voor. Die eerste twee binne die saamgroeperingsmerker

<sup>49</sup> Dit sluit vaste uitdrukings in, wat in o.m. die TW, GW en AEW ten onregte as mikrostrukturele inskrywings hanteer word.

“( )”, naamlik *dial* en *inf*, is aan die lemmateken geadresseer. Daarbenewens is elk van die aangebode vertaalekwivalente, *sly devil* en *sharp one*, die adres van die ander twee etikette (elk *inf*) onderskeidelik. Verder het dit in die bespreking van die mikrostrukturele verspreiding van betekenisverklarings (vgl. 4.6.1.1.3) reeds duidelik geword dat etikette, soos betekenisverklarings (in vertalende woordeboeke) ook in diens van tweedevlakkontekstualisering kan optree, dit wil sê dat etikette ook ander kontekstualiserende inskrywings as adres kan hê. Vergelyk die volgende CD-artikel:

- (180) **kö|dern** [ˈkø:ɖɛn] vt (*lit*) to lure; (*fig*) to tempt, to entice; **er will dich mit diesen Versprechungen nur ~** these promises of his are only a bait (to lure you); **jdñ zu ~ versuchen** to woo sb; **jdñ für etw ~** to rope sb into sth (*inf*); **sich von jdm/etw nicht ~ lassen** not to be tempted by sb/sth; **sie köderte ihn mit ihrem Charme** she seduced him with her charms; **sie köderte ihn mit ihrem Geld** she lured him with her money

Benewens die aanduiders *lit* en *fig*, wat aan vertaalekwivalente geadresseer is en dus in diens van eerstevlakkontekstualisering optree, verskyn die etiket *inf* in die koteksafdeling met ’n koteksinskrywing as adres, in hierdie geval in diens van tweedevlakkontekstualisering. In hierdie artikel is die implikasie dat die geadresseerde koteksinskrywing *to rope sb into sth* verteenwoordigend van informele taalgebruik in die doeltaal is.

Die adresseringstruktuur en gevolglik die mikrostrukturele verspreiding van etikette verskil van woordeboek tot woordeboek, soos wat in die bespreking duidelik sal word. Die primêre faktor wat die adresseringstruktuur van etikette in vertalende woordeboeke bepaal, hang saam met die leksikograaf se benadering tot die aanbieding van semanties-pragmatiese ekwivalensie en die gepaardgaande vasstelling van die grense van pragmatiese gemerktheid binne die woordeboekparameter. Hierop word aanstons uitgebrei.

Etikette verskyn normaalweg regs van die bron- of doeltaalinskrywing waaraan hulle geadresseer is (Zgusta 1971: 334; Svendsén 1993: 182). Een van die belangrike eienskappe van etikette is dat hulle oënskynlik meer as een adres kan hê (vgl. Gouws 1989: 203). Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel uit die AEW:


- (181) **musien** =*siene*, (*biochem.*) mucin.

In die artikel in (181) is die etiket *biochem.* ‘biochemie’ aan beide die lemmateken en die vertaalekwivalent geadresseer; hierdie aanname is gebaseer op die afwesigheid van die

verdelingsmerker “,” tussen die etiket en die vertaalekwivalent (vgl. Zgusta 1971: 335). Die implikasie is dus dat beide die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word en die vertaalekwivalent tot die vaktaal van die biochemie behoort. Die etiket wat na regte die vertaalekwivalent sou postmarkeer, het verskuiwing na links ondergaan; die aangebode etiket verteenwoordig derhalwe twee gekondenseerde etikette in een inskrywing. Hierdie prosedure verteenwoordig ’n teksverdigtungsstrategie (vgl. Wiegand 1990: 69-73), maar word nie universeel toegepas nie. Vergelyk in hierdie verband die volgende verteenwoordigende artikel uit die CD, waarin elke etiket telkens slegs een adres het en daardie adres konstant postmarkeer:

(182) **Nepplokal** nt (*inf*) clipjoint (*inf*)

Volgens Zgusta (1971: 336) behoort etikette aangebied te word in die taal van die teikengebruiker. In die geval van ’n polifunksionele woordeboek, wat op die behoeftes van beide bron- en doeltaalsprekers afgestem is, behoort etikette wat aan brontaalinskrywings geadresseer is in die brontaal te wees en etikette wat aan doeltaalinskrywings geadresseer is in die doeltaal te wees. Die toepassing van hierdie beginsel het uiteraard implikasies vir die teksverdigtiging van etikette deur verskuiwing na links (vgl. 5.2.1). Dit is waarskynlik ook een van die redes waarom etikette in die CD nie verskuiwing na links ondergaan nie.



#### 4.6.1.2.2 Tipes etikette

In die metaleksikografiese literatuur bestaan talle voorgestelde tipologieë vir etikette: vergelyk onder meer Al-Kasimi (1977), Bergenholtz & Tarp (1995), Burkhanov (2003), Gouws (1988, 1989), Landau (2001: 217-218); Lombard (1993), Norri (1996), Svensén (1993), Verkuyl et al. (2003). Hoewel hierdie tipologieë in wese grootliks ooreenkom, bestaan min of meer uiteenlopende klassifikasies en subklassifikasies. Uit die literatuur blyk ook dat die navorsers bewus is van hierdie uiteenlopendheid, wat toegeskryf word aan algemene verwarring en ’n gebrek aan konsensus oor die gebruik van etikette (Norri 1996: 2; Mugglestone 2000: 22) en die pragmatiese parameters wat hulle verteenwoordig (Burkhanov 2003: 106), wat veroorsaak word deur die gebrek aan ’n teoretiese basis vir die klassifikasie en standaardisering van etikette (Lombard 1993: 143; Hurtado 1994: 22).

In die bespreking wat volg, sal binne die beperkinge van hierdie studie gepoog word om uit die geraadpleegde literatuur ’n tipologie voor te stel wat sover moontlik leksikografies wetenskaplik beskryf kan word. Dit sal gedoen word deur aanvanklik bepaalde klasse en subklasse inskrywings

wat as etikette voorgelê word te isoleer en as etikette te elimineer met behulp van die toepassing van aanvaarde kriteria wat in die literatuur geïdentifiseer is. Daardie inskrywings wat as etikette kwalifiseer, sal vervolgens funksioneel geklassifiseer word. 'n Wetenskaplik verantwoordbare tipologie behoort voorts 'n presiese definisie van die term *etiket* moontlik te maak.

#### 4.6.1.2.2.1 Die begrip gemerktheid

Die voorgaande bespreking van die werksdefinisie van die begrip *etiket* in (173) lê die grondslag vir die hersiening van die definisie en die gevolglike (her)klassifikasie van etikette. Soos reeds geblyk het, is 'n etiket 'n tipe aanduiding met 'n uitgebreide mikrostrukturele optrede wat die funksie het om die beperkte gebruik van 'n bron- of doeltaalinskrywing te merk. Hierdie grondslag veronderstel dat duidelikheid moet bestaan oor die konsep *beperkte gebruik* (oftewel *gemerktheid* – vgl. Hausmann 1989: 649) van 'n leksikale item in die bron- of doeltaal.

Gemerktheid veronderstel (i) die toepassing van die een of ander norm of stel norme en (ii) die moontlikheid van ongemerktheid. Volgens Bergenholtz & Tarp (1995: 131) word onder *etikettering* die verstrek van inligting oor afwykings van die groter deel van die makrostruktuur verstaan. Hierdie “groter deel” van die makrostruktuur is gewoonlik (maar nie noodwendig nie) verteenwoordigend van die standaardvariëteit van die behandelde taal of tale. Gevolglik neem standaardtaalitems die ongemerkte of verstekwaarde aan (die norm), met nie-standaardtaalitems wat deur middel van etikette as sodanig (d.w.s. as abnormaal) gemerk word (vgl. Gouws 1988: 9; 1989: 201; Bergenholtz & Tarp 1995: 131; Verkuyl et al. 2003: 299). Hieruit word dit duidelik dat die afwesigheid van 'n etiket ten opsigte van 'n bepaalde bron- of doeltaalinskrywing in die vertalende woordeboek ook 'n bepaalde kontekstualiserende funksie het (vgl. Gouws 1988: 9). Ter wille van kommunikatiewe ekwivalensie is dit derhalwe noodsaaklik dat die leksikograaf etikette so sistematies en konsekwent moontlik sal aanwend (Gouws 1988: 9; Lombard 1993: 143). Meer hieroor in die bespreking van etikette in die Afrikaanse vertalende woordeboeke.

Die standaardvariëteit kan egter nie as die norm vir die makrostruktuur van alle woordeboeke geld nie, soos wat die bespreking van woordeboektipes in hoofstuk 2 duidelik impliseer. 'n Konseptuele raamwerk waarbinne die gemerktheid al dan nie van makrostruktuurelemente (én mikrostruktuurelemente in die geval van vertalende woordeboeke) vir enige tipe woordeboek beskryf kan word, is derhalwe nodig.



#### 4.6.1.2.2.2 Modelle vir die studie van etikette


In die literatuur is twee modelle vir die studie van etikette aangetref, wat in 'n mindere of meerdere mate as sodanig ontwikkel is. Elkeen word vervolgens kortliks in oënskou geneem met die doel om 'n geskikte model vir toepassing in hierdie studie te ontwikkel.

##### 4.6.1.2.2.2.1 *Hausmann (1989)*

Volgens Hausmann (1989: 650-652) kan uit die inventaris van etikette in 'n bepaalde woordeboek daardie woordeboek se sogenaamde *markeringskema* afgelei word. Die markeringskema gee struktuur aan die woordeboek se onderliggende *markeringsstelsel*, wat as *makrosistelsel* uit 'n aantal *mikrosisteme* bestaan, soos die mikrosisteme vir “streek”, “vaktaal”, “styl”, ens. Elke mikrosistelsel het 'n *ongemerkte sentrum* en 'n *gemerkte periferie*. So het die mikrosistelsel van tegnisiesteit byvoorbeeld die ongemerkte sentrum “algemene taal” en die gemerkte periferie “vaktaal”. Hierdie model sal voortaan die *sistememodel* genoem word. Die voordeel van die model is dat dit 'n nuttige verteenwoordiging is van die benadering wat die teoretikus in die proses van woordeboekkritiek sal volg, naamlik vanaf bepaalde inskrywingstipes na die woordeboek en van daar na die verteenwoordigde leksikon. In hierdie voordeel lê egter die grootste nadeel van die model opgesluit, naamlik dat dit minder nuttig is vir die breë benadering wat die praktiese leksikograaf waarskynlik sal volg, te wete vanaf die leksikon na die woordeboek deur middel van bepaalde inskrywingstipes. Ook gee die model nie rekenskap nie van die moontlikheid dat sommige etikette in kombinasie met mekaar kan optree terwyl ander dit nie kan doen nie. Die model het gevolglik beperkte toepassingswaarde, veral vanuit 'n praktiese leksikografiese oogpunt. 'n Skematiese voorstelling van die sistememodel ten opsigte van ses mikrosisteme word in figuur 20 aangebied<sup>50</sup>:

---

<sup>50</sup> Dit sal in 4.6.1.2.2.4.2 duidelik word waarom slengtaal nie as 'n aspek van styl gereken word nie.



**Figuur 20: 'n Skematiese voorstelling van die sistememodell t.o.v. ses mikrosisteme**

#### 4.6.1.2.2.2.2 Gouws (1988; 1989)

Gouws (1988: 12-14; 1989: 201-202) stel na analogie van die verskynsel van *deiksis* in die taalkundige subdissipline van die pragmatiek (vgl. De Stadler 1989: 377-404; Fillmore 1997 en Levinson 1983: 54-96) die konsep *leksikografiese deiksis* ten opsigte van etikettering voor. Deiksis het te make met die aanwysende funksie van bepaalde elemente in 'n taaluiting en die manier waarop dit 'n verband lê tussen die taaluiting en die buitetalige werklikheid (Gouws 1989: 201). Deiktiese uitdrukkings is dus die middele waarmee 'n uiting aan die gespreksituasie veranker word (De Stadler 1989: 378). In die tipiese gespreksituasie is die spreker, die tyd van uiting en die plek van uiting die middelpunt van verwysing, dit wil sê die sogenaamde *deiktiese sentrum* (De Stadler 1989: 379; Gouws 1989: 201). Levinson (1983: 54) gebruik die term *konteks van die uiting* om die elemente wat die tipiese gespreksituasie opmaak saam te vat.

Na aanleiding van die oorsig oor deiksis hierbo beskryf Gouws (1989: 202) *leksikografiese deiksis* soos volg:

- (183) Met inagning van die woord **deiksis** se betekeniswaarde “aanwysing” kan 'n deiktiese funksie ook aan leksikografiese etikette toegeken word. 'n Etiket lê naamlik 'n verband tussen 'n lemma en die res van die woordeskat. Gouws (1988: 14) benoem die gebruik van

etikette gevolglik as 'n toepassing van **leksikografiese deiksis**. In 'n woordeboek is daar ook sprake van die leksikografiese deiktiese sentrum. In 'n algemene verklarende of vertalende woordeboek sal die standaardtaal wat geld op die tyd van samestelling as leksikografiese deiktiese sentrum beskou kan word. Afwykings van dié deiktiese sentrum moet per etiket gemerk word.


Gouws (1988: 12-14; 1989: 201-202) se konsep van leksikografiese deiksis toon die potensiaal om, met geringe aanpassings, ontwikkel te word tot 'n vollediger model wat die volle omvang van etikettering in 'n woordeboek kan beskryf en verklaar terwyl dit die leemtes van die sistememodel uitskakel. So 'n ontwikkeling word vervolgens aan die hand gedoen.

Verskillende tipes etikette word gebruik om verskillende tipes afwykings van die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek te merk, soos temporele etikette, vaktaaletikette, geografiese etikette en stilistiese etikette (vgl. Gouws 1988: 12-36). Hierdie verskynsel ondersteun die gedagte dat die leksikon ter wille van leksikografiese beskrywing in verskeie *leksikologiese domeine* verdeel kan word<sup>51</sup>, soos die leksikologiese domein van die standaardvariëteit, die leksikologiese domein van temporele variasie, die leksikologiese domein van vaktiaalvariasie, die leksikologiese domein van ruimtelike variasie, die leksikologiese domein van stilistiese variasie, ens. Hierdie domeine kan ook in leksikologiese subdomeine onderverdeel word: Die leksikologiese domein van vaktiaalvariasie kan byvoorbeeld in die leksikologiese subdomeine van mediese vaktiaal, regstaal, tennistaal, ens. onderverdeel word. Die domein van die makrostruktuur van die woordeboek (wat deur die woordeboek tipe bepaal word – vgl. hoofstuk 3) kan verskeie van hierdie leksikologiese domeine in 'n mindere of meerdere mate insluit, hoewel waarskynlik geen domein volledig ingesluit kan word nie. Ander domeine (of subdomeine) kan volledig uitgesluit word. Daardie leksikologiese (sub)domein waarop die woordeboek afgestem is, verteenwoordig in terme van Gouws se omskrywing in (183) die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek. Dié domein sal uiteraard ook die volledigste deur die domein van die makrostruktuur van die woordeboek ingesluit word. Elemente van die leksikon wat buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek, maar binne die domein van die makrostruktuur daarvan val, sal deur middel van etikette as sodanig gemerk word.

---

<sup>51</sup> Die begrip *leksikologiese domein* is nie gelyk te stel aan die begrip *semantiese veld* nie. Terwyl 'n semantiese veld die taalsisteem verteenwoordig wat aan 'n konseptuele veld (die strukturele ordening deur 'n taalsisteem van 'n konseptuele areas) struktuur gee (vgl. De Stadler 1989: 92), verwys die begrip *leksikologiese domein* na 'n versameling leksikale items wat op grond van 'n gemeenskaplike linguïstiese veranderlike in 'n ooreenstemmende domein geplaas kan word, soos wat duidelik sal word. 'n Leksikale item (of 'n polisemiese waarde daarvan) kan in die reël slegs tot een semantiese veld behoort, maar kan tot meer as een leksikologiese domein behoort. In sommige opsigte sal die bestek van bepaalde semantiese velde min of meer met bepaalde leksikologiese domeine ooreenstem, soos in die geval van vaktaalleksika.

Uit veral die gekombineerde optrede van etikette blyk dat die leksikologiese domeine in spesifieke verhoudinge tot mekaar staan. So sou die etikette *dial.* en *infml.* byvoorbeeld saam aan een bron- of doeltaalinskrywing geadresseer kon word en dus parallelle kontekstualisering verteenwoordig, terwyl die etikette *dial.* en *med.* of *infml.* en *med.* nie normaalweg 'n gemeenskaplike adres kan hê nie. Dit blyk dus dat sommige leksikologiese domeine mekaar gedeeltelik kan oorvleuel, terwyl dit met ander nie normaalweg die geval is nie. Dieselfde geld leksikologiese subdomeine. Hierdie oënskynlik spesifieke verhoudinge wat tussen die leksikologiese domeine geld, lei daartoe dat die leksikon in terme van hierdie domeine gekarteer kan word, wat verder daartoe lei dat die makrostruktuur van 'n woordeboek relatief tot die domeine en gevolglik die leksikon gekarteer kan word. Gestel die verteenwoordiging van 'n leksikon deur 'n standaardwoordeboek ten opsigte van die volgende ses leksikologiese domeine: die standaardvariëteit, temporele variasie, stilistiese variasie, vaktaalvariasie, slengtaalvariasie en ruimtelike variasie. In figuur 21 word 'n poging tot 'n tentatiewe grafiese kartering van die relevante komponente aangebied, gevolg deur 'n bespreking wat dié voorstelling beskryf:



**Figuur 21: 'n Skematiese voorstelling van ses leksikologiese domeine t.o.v. 'n standaardwoordeboek**

In figuur 21 word die volgende verhoudinge verbeeld:

- (184) a. Die verhouding tussen die makrostruktuur en die standaardtaalvariëteit  
 b. Die verhouding tussen die makrostruktuur en die leksikografiese deiktiese sentrum

- c. Die verhouding tussen die standaardtaalvariëteit en die leksikografiese deiktiese sentrum
- d. Die verhouding tussen die verteenwoordigde leksikale domeine onderling

Elkeen van hierdie verhoudinge word vervolgens toegelig.

#### **A. Die verhouding tussen die makrostruktuur en die standaardvariëteit**

Hoewel die standaardwoordeboek die leksikale domein van die standaardvariëteit in bestek het, kan dié domein nie volledig in die woordeboek verteenwoordig word nie (vgl. 3.4.2.1.1), en dit is ook nie uitsluitlik dié domein wat in die woordeboek verteenwoordig word nie. Die leksikale item *biltongfees* is byvoorbeeld 'n standaardtaalitem, hoewel dit in geen Afrikaanse standaardwoordeboek gelemmatiseer is nie<sup>52</sup>. Hierdie leksikale item is dus verteenwoordigend van daardie deel van die standaardvariëteit wat nie deur die domein van die makrostruktuur ingesluit word nie. Op die uiteensetting in figuur 21 sou hierdie leksikale item dus binne die grense van die leksikologiese domein van die standaardvariëteit (en die leksikografiese deiktiese sentrum) val, maar buite die grense van die domein van die makrostruktuur.

#### **B. Die verhouding tussen die makrostruktuur en die leksikografiese deiktiese sentrum**

Die leksikale item *biltongfees* dien ook hier as voorbeeld. Soos aangetoon, val dié leksikale item buite die makrostruktuur van Afrikaanse standaardwoordeboeke, maar dit kan nie as 'n niestandaardtaalitem beskou word nie. Indien die leksikale item wel gelemmatiseer sou word, sou dit gevolglik nie geëtiketteer word nie. Dit word dus duidelik dat hoewel die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek deur die doel en funksie daarvan bepaal word, dit ten opsigte van die leksikon nie tot die grense van die makrostruktuur van die woordeboek beperk is nie. In figuur 21 word dit aangetoon deur daardie deel van die leksikografiese deiktiese sentrum wat binne die leksikologiese domein van die standaardtaalvariëteit, maar buite die domein van die makrostruktuur van die woordeboek val. Items uit dié domein behoort tot die lemmakandidatels van 'n standaardwoordeboek, al haal hulle nie die uiteindelijke makrostrukturele keuse nie.

---

<sup>52</sup> Woordeboeke geraadpleeg: AEW, GW, HAT, TW, *Nasionale Woordeboek* (De Villiers et al 1987), *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Labuschagne & Esteen 1993), *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (Schoonees 1950).

### C. Die verhouding tussen die standaardvariëteit en die leksikografiese deiktiese sentrum

In figuur 21 word gesuggereer dat hoewel die leksikografiese deiktiese sentrum (t.o.v. die leksikon deur die dik lyn begrens) die standaardvariëteit insluit, dié twee domeine nie aan mekaar gelyk te stel is nie. Dit word duidelik uit die uitbreiding van die grense van die leksikografiese deiktiese sentrum oor die grens van die leksikologiese domein van die standaardtaalvariëteit (“na links”) om ’n deel van die leksikologiese domein van temporele variasie in te sluit, sowel as die uitbreiding van die grense van die leksikologiese domein van die standaardvariëteit oor die grens van die leksikografiese deiktiese sentrum (“na regs”), sodat daar eerder van die oorvleueling van twee domeine as van een domein met twee identiteite sprake is. Elkeen van hierdie areas waarin die twee domeine nie oorvleuel nie, word kortliks verklaar.

Binne die leksikologiese domein van temporele variasie kan verouderde en historiese leksikale items byvoorbeeld verteenwoordigend wees van subdomeine wat buite die leksikografiese deiktiese sentrum (maar binne die domein van die makrostruktuur) val; derhalwe word die lemmata wat hierdie leksikale items verteenwoordig, geëtiketteer. Daarenteen kan neologismes, wat ook ’n subdomein verteenwoordig en waarvan die lede as sodanig temporeel gemerk is, binne die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek val indien die geldende stylgidsbeleid is dat neologismes, hoewel gemerk, binne die raamwerk van die werklike doel en funksies van die woordeboek nie geëtiketteer word nie. Vergelyk in hierdie verband Gouws (1988: 23) se standpunt oor neologismes:

- (185) Gegee ook dat etikette gebruik word om ’n bepaalde beperking op die gebruik van ’n woordboekinskrywing te merk, bestaan daar nie ’n dwingende rede om nuutskeppings in ’n standaardwoordeboek per temporele etiket te merk nie.<sup>53</sup>

Hieruit blyk dat nie alle bron- of doeltaalinskrywings in ’n woordeboek wat andersins as gemerk beskou kan word noodwendig geëtiketteer word nie. Indien aanvaar word dat alle inskrywings wat buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek val deur middel van etikette gemerk word, volg dit dat die leksikografiese deiktiese sentrum van ’n standaardwoordeboek nie identies is aan die leksikologiese domein van die standaardvariëteit van die behandelde taal of tale (soos wat in (183) aangevoer word) nie. Hierdie gevolgtrekking word verbeeld in figuur 21 deur die leksikografiese deiktiese sentrum (deur die dik lyn begrens) wat ’n groter leksikale ruimte as slegs

---

<sup>53</sup> Die woordeboek impliseer gevolglik (in terme van sy doel en funksie) dat neologismes as standaardtaalvariëteititems beskou word, tensy hulle andersins, byvoorbeeld in terme van ruimtelike verspreiding of styl, gemerk is.

die leksikologiese domein van die standaardvariëteit (deur die diagonale strepe gemerk) insluit. Die feit dat die leksikografiese deiktiese sentrum in die eerste plek deur die doel en funksies van die woordeboek bepaal word en nie slegs deur daardie deel van die leksikon wat deur die makrostruktuur daarvan verteenwoordig word nie, word hierdeur onderstreep. Die tipiese gebruiker wat in die tipiese gebruikssituasie die standaardwoordeboek raadpleeg, het in terme van die doel en funksies van die woordeboek byvoorbeeld nie daaraan behoefte dat neologismes as sodanig geëtiketteer word nie (vgl. weer (185)), selfs al word neologismes relatief tot die standaardvariëteit as gemerkte leksikale items beskou.

In die pragmatiek word die verskynsel van deiksis in verband gebring met die *tipiese gespreksituasie* (vgl. De Stadler 1989: 378-379; Gouws 1989: 201), waar deiktiese uitdrukkings die middele is waarmee 'n uiting aan die gespreksituasie veranker word of daarmee in verband gebring word (De Stadler 1989: 378). Die deiktiese sentrum is dus normaalweg in die tipiese gespreksituasie gesetel. In die analoë toepassing van leksikografiese deiksis sal die leksikografiese deiktiese sentrum van 'n woordeboek in die *tipiese gebruikssituasie* (in terme van die werklike doel en funksies van die woordeboek) gesetel wees. Dit beteken dat die leksikografiese deiktiese sentrum van 'n woordeboek nie bloot in terme van die samestelling van die leksikon gedefinieer word nie (hoewel dit primêr daarin neerslag vind), maar ook onder meer deur die behoeftes van die tipiese teikengebruiker van die woordeboek, soos pas ten opsigte van die gemerktheid dog ongeëtiketteerdheid van neologismes in 'n standaardwoordeboek aangetoon is. Waar deiktiese uitdrukkings uitings in die tipiese gespreksituasie veranker, veranker leksikografiese deiktiese uitdrukkings (d.w.s. etikette) die inskrywings waaraan hulle geadresseer is buite die tipiese woordeboekgebruikssituasie; ongeëtiketteerde inskrywings word deur hulle ongeëtiketteerdheid in die tipiese gebruikssituasie veranker.

Die leksikologiese domein van die standaardvariëteit beslaan aan die ander kant ook 'n groter leksikale ruimte as die domein van die leksikografiese deiktiese sentrum. Waar die domein van die makrostruktuur met hierdie area oorvleuel, hou dit in dat 'n leksikale item wat tot hierdie area behoort, verteenwoordigend van die standaardtaalvariëteit is, gelemmatiseer word, dog steeds geëtiketteer word. Voorbeelde van sodanige gevalle is die aanwending van etikette soos *meerv.* 'meervoud' en *attr.* 'attributief' by onderskeidelik substantiewe wat slegs in die meervoud optree en adjektiewe wat slegs in die attributiewe vorm optree. Dit gaan daarom dat die tipiese woordeboekgebruiker in die tipiese gebruikssituasie (na aanleiding van die metateks) aanvaar dat die aanbod van 'n ongemerkte substantieflemma inhou dat die leksikale item wat daardeur verteenwoordig word in én die enkelvoud én die meervoud gebruik kan word, of dat die aanbod

van 'n ongemerkte adjektieflemma inhou dat die leksikale item wat daardeur verteenwoordig word in én die attributiewe én die predikatiewe vorm kan optree. Die omvang van hierdie en soortgelyke “aannames” definieer ook die omvang van die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek. Leksikale items wat dus buite die grense van hierdie “aannames” in die taal funksioneer, val buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek en word derhalwe geëtiketteer.

#### **D. Die verhouding tussen die verteenwoordigde leksikologiese domeine onderling**

Die uiteensetting in figuur 21 illustreer die relatiewe “posisie” van die onderskeie leksikologiese domeine ten opsigte van mekaar onderling en ten opsigte van die leksikografiese deiktiese sentrum en die domein van die makrostruktuur. Die posisionering van die leksikologiese domeine verteenwoordig nie 'n lukrake uiteensetting van die leksikon nie. Die leksikologiese domeine van temporele variasie en vaktaalvariasie oorvleuel met die leksikografiese deiktiese sentrum, aangesien daar leksikale items is wat telkens tot beide domeine behoort. Hier word nie verwys na polisemiese leksikale items waarvan een polisemiese waarde ongemerk is terwyl 'n volgende een byvoorbeeld temporeel gemerk is nie, aangesien elke polisemiese waarde van 'n polisemiese leksikale item individueel relatief tot die leksikologiese domeine geplaas moet word; 'n enkele polisemiese leksikale item kan as geheel dus nie sinvol binne die leksikon geplaas word nie. Dit gaan naamlik daaroor dat ('n polisemiese waarde van) 'n leksikale item binne 'n subdomein van die andersins gemerkte leksikologiese domein kan val, maar dat daardie spesifieke subdomein nie buite die leksikografiese deiktiese sentrum val nie en die leksikale lede daarvan derhalwe nie deur middel van etikette gemerk sal word nie, hoewel dit die geval is met die ander subdomeine binne die tersaaklike leksikologiese domein (soos aangetoon in die bespreking van neologismes binne die leksikologiese domein van temporele variasie). In figuur 21 oorvleuel die leksikologiese domein van vaktaalvariasie egter ook met die leksikale domein van die standaardvariëteit (en met dié van die leksikografiese deiktiese sentrum). Hierdie situasie impliseer dat 'n bepaalde (polisemiese waarde van 'n) leksikale item beide as standaardtaalitem en vaktaalitem geld, en dat die verteenwoordigende lemma (of vertaalekwivalent) nie geëtiketteer word nie. Die leksikale item *adjektief* het byvoorbeeld in beide die standaardvariëteit en in die vaktaal van onder meer die taalwetenskap dieselfde referent in bestek, selfs al geniet die item termstatus in die vaktaalvariëteit<sup>54</sup>. Daarenteen oorvleuel die leksikologiese domein van slengtaalvariasie geensins met die leksikologiese domein van die standaardtaalvariëteit nie, aangesien 'n leksikale item nie

---

<sup>54</sup> Dié leksikale item is ongeëtiketteer in byvoorbeeld die HAT en AEW gelemmatiseer, en sy Engelse vertaalekwivalent verskyn ook as lemma in die vaktaalwoordeboek *A Dictionary of Linguistics and Phonetics* (Crystal 1991: 8-9), waarin dit van 'n taalwetenskaplik-tegniese beskrywing voorsien word.



gelyktydig standaardtaalitem én slengtaalitem kan wees nie. Dieselfde geld die leksikologiese domeine van ruimtelike en temporele variasie. 'n Leksikale item kan egter wel ruimtelik én temporeel gemerk wees; daarom oorvleuel die verteenwoordigende twee leksikologiese domeine mekaar gedeeltelik. Waar twee (of meer) leksikologiese domeine mekaar gedeeltelik oorvleuel, veronderstel dit dat 'n kombinasie van die etikette wat die leksikale items van hierdie domeine merk (vir so ver as wat hulle buite die leksikografiese deiktiese sentrum val) moontlik is. Die kombinasie van etikette soos *dial.* en *veroud.* vir die doel van parallelle kontekstualisering kan dus in die woordeboek voorkom. Dieselfde geld kombinasies soos *dial.*, *veroud.*; *veroud.*, *infml.*; *dial.*, *infml.* en *dial.*, *veroud.*, *infml.*

Die posisionering van die leksikologiese domein van stilistiese variasie ten opsigte van die standaardtaalvariëteit en die leksikografiese deiktiese sentrum verskil van dié van die leksikologiese domeine van temporele, ruimtelike, slengtaal- en vaktaalvariasie. Die eiesoortige posisionering van hierdie domein suggereer 'n verhouding wat verskil van die verhouding van die ander leksikale domeine tot die domeine van die standaardvariëteit, die leksikografiese deiktiese sentrum en die makrostruktuur. Die aard van hierdie oënskynlik verskillende verhoudinge sal in die aanbod van 'n etikettipologie aan die lig kom.

Uit die voorgaande bespreking kan die volgende kernaspekte van etikettering binne die model van leksikografiese deiksis uitgelig word:



- (186) a. Die leksikografiese deiktiese sentrum van 'n woordeboek word deur die doel en funksie van die woordeboek bepaal, en nie deur die omvang van die makrostruktuur nie. Dit hou in dat die leksikografiese deiktiese sentrum van 'n woordeboek die omvang daarvan transendeer.
- b. Die leksikografiese deiktiese sentrum van 'n woordeboek is 'n multidimensionele konsep wat nie tot die behandelde leksikon of leksika beperk is nie. Dit hou in dat leksikale gemerktheid nie noodwendig gelyk te stel is aan leksikografiese geëtiketteerdheid nie.
- c. Ten opsigte van die leksikon is die leksikografiese deiktiese sentrum dus nié aan die makrostruktuur van die woordeboek gebonde nie, hoewel beide die leksikografiese deiktiese sentrum en die makrostruktuur in terme van die lemmatiseringsbeleid van die woordeboek aan die doel en funksie daarvan gebonde is. Dit volg dan dat die twee

verteenwoordigende domeine mekaar ten opsigte van die leksikon grootliks (hoewel nie noodwendig volledig nie) in die woordeboek sal oorvleuel. Indien dit nie die geval is nie, is daar fout met die woordeboekkonseptualiseringsplan.

- d. Hoewel die leksikografiese deiktiese sentrum nie slegs deur die samestelling van die leksikon bepaal word nie, vind dit uit die aard van die woordeboek volledig daarin neerslag en kan die omvang daarvan dus in terme van die leksikon gekarteer word, soos in figuur 21.

Hierdie model, waarin die konsep van leksikografiese deiksis sentraal staan, sal voortaan die *deiksismodel* genoem word.

Teen die agtergrond van die kernaspekte van die deiksismodel, soos in (186) uiteengesit, is dit duidelik dat dié model 'n leksikografies akkurater en meer bruikbare beskrywing van etikettering in woordeboeke kan bewerkstellig as wat die geval met die sistememodel is. Die deiksismodel word gevolglik vir die doel van hierdie studie as raamwerk vir die bespreking van etikettering in vertalende woordeboeke aanvaar.

Die toepassing van hierdie model werp lig op die verhouding tussen etikette en die ander diskriminators, waarna in die bespreking van betekenisverklarings verwys is (vgl. 4.6.1.1.3). Terwyl die aanwending van byvoorbeeld betekenisverklarings by 'n lemma deur die aard van die lemma self bepaal word en teoreties gesproke opsioneel is, is die aanwending van 'n etiket by 'n lemma wat buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek val sonder uitsondering verplig. Die aanwending van 'n betekenisverklaring word dus primêr deur die inhoud van die artikellêer bepaal, terwyl die aanwending van 'n etiket deur die lemma se posisie relatief tot die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek (wat die inhoud van die artikellêer en woordeboek transendeer) bepaal word. Gegee die funksie van pragmatiese leiding en die potensiaal van ekwivalentdiskriminasie van etikette, word dit duidelik dat etikette ook in die plek van ander diskriminators kan optree en inderdaad voorrang bo hulle geniet, terwyl die omgekeerde nie waar is nie. Daar sou dus geredeneer kon word dat 'n lemma en sy vertaalekwivalente in terme van konteksleiding in die vertalende woordeboek in die eerste plek ten opsigte van hulle posisie relatief tot die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek met mekaar gekoördineer word. Vir die standaard vertalende woordeboek hou dit in dat die *primêre konteks* waarbinne lemmata en vertaalekwivalente met mekaar gekoördineer word (grootliks) dié van die standaardvariëteit is. Ander kontekstuele en kontekstuele veranderlikes funksioneer gevolglik as die *sekondêre kontekste*.

Trouens, die sekondêre kontekste móét binne die parameters van die primêre konteks geld en as sodanig deur kontekstuele inskrywings gespesifiseer word. 'n Konteksinskrywing wat die optrede in geselstaal van 'n bepaalde leksikale item illustreer, mag byvoorbeeld nie aangewend word by die polisemiese waarde van die verteenwoordigende lemma wat deur die etiket *formeel* gemerk is nie. Selfs indien die lemma in 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie tot die vertaalekwivalent staan ('n ekwivalentverhouding waarin konteks volgens Gouws (1989: 165) geen rol in die aanbod van die vertaalekwivalent speel nie), maar buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek val, word 'n etiket by daardie lemma aangewend, soos in die volgende verteenwoordigende AEW-artikel:

(187) **suspensoïed** = *soïde*, (*chem.*) suspensoid.

Die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel bevestig dat 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie tussen die lemma **suspensoïed** en die aangebode vertaalekwivalent *suspensoid* bestaan. Ten spyte hiervan word die etiket *chem.* aangebied om die lemma (en vertaalekwivalent) se verhouding tot die leksikografiese deiktiese sentrum as gemerk (verwyderd) aan te dui. Die primêre konteks waarbinne die lemma en die vertaalekwivalent met mekaar gekoördineer word, word dus aangedui hoewel konteks geen rol blyk te speel nie.

Ook 'n verwysingslemma word van 'n etiket voorsien indien dit buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek val, soos in die volgende AEW-artikel:

(188) **opgeld** (*rare*) = AGIO.

Gevolgtrek is álle kontekstualiserende inskrywings aan die leksikografiese deiktiese sentrum gebonde. Alle bron- en doeltaalinskrywings word binne die primêre konteks met mekaar gekoördineer, en ten opsigte van alle bron- en doeltaalinskrywings word die primêre konteks gespesifiseer, hetsy deur die aanwesigheid, hetsy deur die afwesigheid van leksikografiese etikette. Dit volg dus dat konteks selfs in die geval van 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie 'n rol speel indien die woordeboek aanspraak maak op die bewerkstelling van kommunikatiewe ekwivalensie.

#### 4.6.1.2.2.3 'n Definisie van die begrip etiket

Die toepassing van die deiksismodel bemiddel die formulering van 'n presieser definisie van die begrip *etiket* vir die doel van die vertalende woordeboek, wat mutatis mutandis ook vir ander woordeboektipies kan geld. Hierdie formulering lui as volg:

(189) 'n Etiket is 'n meta-inskrywing wat 'n bron- of doeltaalinskrywing se plasing buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek ten opsigte van 'n bepaalde leksikologiese (sub)domein of -domeine ekspliseer, waar die leksikologiese (sub)domein(e) ter sprake 'n element of elemente van die volledige klas geïdentifiseerde en geaktiveerde leksikologiese domeine is wat in 'n mindere of meerdere mate met die domein van die woordeboek se makrostruktuur oorvleuel.

Die omvang van die volledige klas leksikologiese domeine wat in 'n mindere of meerdere mate met die domein van die woordeboek se makrostruktuur oorvleuel, verteenwoordig 'n veranderlike binne die woordeboekparameter in die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke.

#### 4.6.1.2.2.4 'n Tipologie van etikette binne die deiksismodel

Die toepassing van die deiksismodel en die gepaardgaande definisie van die begrip *etiket* in (189) maak 'n formele tipologie van etikette moontlik. Ter wille van wetenskaplikheid word die aanbied van die tipologie voorafgegaan deur die gemotiveerde isolering en eliminerings van 'n aantal meta-inskrywings wat in die literatuur as etikette beskou word.

In die geraadpleegde literatuur word die volgende meta-inskrywings as etikette beskou:

- (190) a. woordklasaanduiders  
b. aanduiders van die wetenskaplike name van fauna en flora  
c. aanduiders van etimologie  
d. aanduiders van figuurlike taalgebruik  
e. aanduiders van leksikografiese benoeming  
f. sogenaamde mikrostruktuuretiketette

#### 4.6.1.2.2.4.1 Woordklasaanduiders

Verkuyl et al. (2003: 297) en Wachal (1994) beskou meta-inskrywings wat die lemma se woordklas aandui as etikette. Hierdie standpunt is om twee redes onhoudbaar. In die eerste plek is reeds vroeër in hierdie studie bewys dat woordklasaanduiders nie as kontekstualiserende inskrywings beskou kan word nie (vgl. 4.4). Gegee dat etikette as lede van die klas diskriminators onder kontekstualiserende inskrywings ressorteer, volg dit dat woordklasaanduiders nie as etikette kan geld nie. Tweedens dui die aanwending van woordklasaanduiders nie daarop dat die geadresseerde bron- of doeltaalinskrywing ten opsigte van enige geaktiveerde leksikologiese domein buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek val nie. Die lemmatiseringsbeleid van standaard vertalende woordeboeke plaas immers normaalweg geen beperking op die lemmatisering van leksikonitems op grond van hulle woordklasstatus nie.

#### 4.6.1.2.2.4.2 Aanduiders van die wetenskaplike name van fauna en flora

Volgens Hurtado (1994: 22) en Brand (2000: 23-28) geld aanduiders van die wetenskaplike name van fauna en flora as etikette. Hiervolgens sal die meta-inskrywing *Balaenoptera acutorostrata* in die volgende AEW-artikel as 'n etiket beskou word:

(191) **Minkewalvis** (*Balaenoptera acutorostrata*) minke (whale), little picked whale, lesser rorqual; →DWERGVINVIS.

Ook hierdie siening is om minstens twee redes onhoudbaar. In die eerste plek geld die wetenskaplike naam as 'n sinoniem van die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word en fungeer daarom as 'n betekenisverklaring, soos wat in die bespreking van betekenisverklarings aanvaar is (vgl. 4.6.1.1.2.2). Tweedens dui die aanduiders van die wetenskaplike naam, soos in die geval van woordklasaanduiders, nie daarop dat die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word ten opsigte van enige geaktiveerde leksikologiese domein buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek val nie.

#### 4.6.1.2.2.4.3 Aanduiders van etimologie

Gouws (1988: 36) en Norri (1996: 14) beskou aanduiders van etimologie as etikette. Hierdie siening sou byvoorbeeld geregverdig wees indien een van die leksikologiese domeine wat vir die doel en funksie van die woordeboek geïdentifiseer is leksikonitems afbaken wat nie in die behandelde taal

of in die taalfamilie waaraan die behandelde taal behoort, ontstaan het nie. Dit is egter te betwyfel of sodanig geaktiveerde leksikologiese domeine vir Afrikaanse standaardwoordeboeke bestaan, wat beteken dat etimologie-aanduiders nie relatief tot die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek funksioneer nie en gevolglik nie as etikette beskou kan word nie. Buitendien val die aanduiding van etimologieë buite die bestek van die opdrag aan die opsteller van 'n standaard vertalende woordeboek. Verder dien daarop gelet te word dat die funksie van etikette 'n pragmatiese een is wat op beperkings op die gebruik van bron- en doeltaalinskrywings wys. (Hierdeur word ook die aard van die leksikografiese deiktiese sentrum duidelik.) Daarbenewens kan 'n aanduiding van etimologie nie as 'n kontekstualiserende inskrywing beskou word nie, wat dit outomaties as diskriminator en gevolglik as etiket diskwalifiseer.

#### 4.6.1.2.2.4.4 Aanduiders van figuurlike taalgebruik

Die verskil tussen letterlike al dan figuurlike taalgebruik van 'n bron- of doeltaalinskrywing word deur etikette soos *letterl.* 'letterlik' en *fig.* 'figuurlik' aangedui. Volgens Gouws (1988: 37) sou etikette van hierdie aard ook onder stilistiese etikette tuisgebring kon word. Figuurlike taalgebruik word in terme van die analitiese semantiese teorie gekenmerk deur die wegval van een of meer merkers wat op die letterlike betekenis van 'n leksikale item betrekking het (Verkuyl et al. 2003: 304). Dit beteken dat die figuurlike gebruik van 'n leksikale item 'n verandering in die denotatiewe betekenis van daardie leksikale item teweegbring. Volgens Verkuyl et al. (2003: 305) is die aanwending van hierdie tipe etikette problematies, aangesien

lexicographers do not have a well-established theory about literal and figurative meaning to enable them to indicate precisely the figurative use of a word. There is no such semantic theory in place.

Die oplossing vir die probleem is volgens Verkuyl et al. (2003: 305) om sodanige etikette te verruil vir die gewone aanduiding van die betrokke inskrywing se denotatiewe betekenis. Trouens, Hausmann (1989: 653) beskou aanduiders van figuurlike taalgebruik nie as etikette nie; volgens hom weerspreek die klassifikasie van dié aanduiders as etikette ook sy definisie van etikettering en behoort hulle tot die problematiek van betekenisdifferensiasie. Die ongereelde aanwending van die inskrywing *fig.* by idiome in die AEW (hoewel in die lys redaksionele afkortings vir die inskrywing *idm.* 'idioom' voorsiening gemaak word) sinjaleer ook betekenisdifferensiasie. Daar is reeds op die onbevredigende hantering van idiome in Afrikaanse vertalende woordeboeke gewys (vgl. 3.4.2.2.3). Verkuyl et al. (2003: 305) vra tereg wat die gebruiker sal mis as die etiket *fig.* nie ten opsigte van 'n bron- of doeltaalinskrywing verskaf word nie. Hierdie standpunt word vir die doel van hierdie

studie aanvaar; inskrywings soos *fig.* word gevolglik nie as etikette erken nie. (Hulle kan wel as semantiese diskriminators optree.)

#### 4.6.1.2.2.4.5 Aanduiders van leksikografiese benoeming

Die datakategorie van leksikografiese benoeming kan volgens Gouws (1988: 37-40) en Lombard (1993: 145) deur middel van etikette weergegee word. Gouws (1988: 38-39) formuleer die funksie van so 'n etiket as volg:

As woordeboekinskrywing sal so 'n etiket inligting verskaf oor die semanties-pragmatiese eienskappe van 'n woord deur die aandag te vestig op sy funksie binne 'n taaluiting in die tipiese gespreksituasie.

Voorbeelde van sodanige etikette is *vokatief* en *noemwoord* (Gouws 1988: 40). Binne die deiksismodel wys hierdie inskrywings egter nie op enige afwyking van die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek ten opsigte van enige geaktiveerde leksikologiese domeine nie; derhalwe geld hulle nie as etikette nie. Buitendien kan hierdie datakategorieë in die vertalende woordeboek gerieflik deur diskriminators soos betekenisverklarings en glosse ondervang word, soos in die volgende AEW-artikel, waarin die tweede polisemiese waarde van die lemma *sa* leksikografiese benoeming deur middel van die glos *command to a dog* ondergaan:

(192) *sa* *interj.* catch him, tally-ho, soho; (*command to a dog*) sic him; *vir 'n hond* ~ *sê set a dog on.*

#### 4.6.1.2.2.4.6 Sogenaamde mikrostruktuuretikette

Volgens Gouws (1988: 40) kan etikette ook aangewend word om die inhoudelike aard van 'n woordeboekartikel se mikrostruktuurelemente te merk. Etikette met hierdie funksie word *mikrostruktuuretikette* genoem en Gouws (1988: 41) formuleer hulle funksie as volg:


Omdat 'n woordeboekartikel 'n wye reeks inskrywings kan akkommodeer, behoort die verskillende inskrywingstipes duidelik van mekaar onderskei kan word. Alhoewel tipografie 'n waardevolle onderskeidingsfunksie vervul, moet bykomende middele gebruik word. Mikrostruktuuretikette moet in 'n veel hoër mate gebruik word om die inskrywingstipe te merk om sodoende die aard van die taalkundige inligting wat in die artikel aangebied word, te ekspliseer tot voordeel van die woordeboekgebruiker.

Gouws (1988: 41) noem in hierdie verband meta-inskrywings soos *uitspr.*, wat die aanduiding van die uitspraak van 'n lemma voorafgaan, en *UITDR.*, wat 'n teksblok wat vaste uitdrukking bevat,

voorafgaan, as voorbeelde van mikrostruktuuretikette. Weer eens is dit duidelik dat daar geen verband tussen hierdie inskrywings en die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek bestaan nie; gevolglik kan die inskrywings nie as etikette beskou word nie. Wiegand (1988: 576) noem sodanige meta-inskrywings *semantiese aanduiders- of kommentaarsimbole*, wat vergelykbare funksies met dié van tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers vertoon (vgl. 4.4).

Die oënskynlike neiging om die pas bespreekte meta-inskrywings as etikette te sien, spruit waarskynlik uit die identiteit wat hierdie inskrywings ten opsigte van vorm vertoon (hulle kom gewoonlik in die vorm van afkortings voor) en die tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers wat op hulle toegepas word, sowel as die blote feit dat hulle nóg brontaal- nóg doeltaalinskrywings verteenwoordig. Binne 'n funksionele benadering, soos wat in hierdie studie aan die hand van die deiksismodel toegepas word, deug hierdie eienskappe van die inskrywings egter nie om hulle in die klas etikette te plaas nie. Die feit dat hierdie inskrywings nie as etikette erken word nie moet egter nie as die negering van die betrokke datakategorieë en hulle funksies geïnterpreteer word nie; die betrokke datakategorieë kan en behoort steeds aangebied te word waar die woordeboek se werklike doel en funksies dit vereis, maar dan nie deur middel van leksikografiese etikette nie.

Die verskillende etikettipologieë wat in die literatuur voorkom, sal nie hier bespreek word nie; vergelyk hiervoor die verwysings onder 4.6.1.2.2. Daar sal wel eklekties met die betrokke literatuur omgegaan word in die aanbieding van die tipologie wat volg.



Burkhanov (2003: 105) en Verkuyl et al. (2003: 297-298) verdeel die klas etikette in twee breë subklasse, te wete daardie etikette wat volgens hulle aan formele aspekte van die geadresseerde bron- of doeltaalinskrywing gekoppel kan word. Burkhanov (2003: 105) noem hierdie klas *grammatiese etikette*) en daardie etikette wat op pragmatiese beperkinge slaan, te wete die sogenaamde *gebruiksetikette*. Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel uit die AEW:

(193) **leges** (*pl., jur.*) surplice fees, dues (*of a church, an office*).

Twee etikette is aan die lemma **leges** geadresseer, naamlik *pl.* en *jur.* Eersgenoemde geld as 'n lid van die subklas grammatiese etikette:

They concern a specific form or subform of the headword [or translation equivalent – HLB] to which a certain meaning is given [Verkuyl et al. 2003: 297].



Dié etiket wys daarop dat die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word in hierdie geval slegs in die meervoudsvorm die betekenis het ten opsigte waarvan die vertaalekwivalente aangebied word. In hierdie subklas val volgens Verkuyl et al. ook etikette soos *attr.*, *refl.* en *oorg.* Daarenteen is die etiket *jur.* ’n lid van die subklas gebruiksetikette, aangesien dit die gebruik van die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word tot die regstaal beperk. Die subklas gebruiksetikette word in twee verdere klasse verdeel, te wete die klas *groepsetikette* en die klas *registeretikette*. Verkuyl et al. (2003: 299, 302) omskryf dié klasse soos volg:

- (194) a. Group labels are labels indicating that a word (or word meaning) is restricted in its use. [...] The restrictions marked by these labels concern regional, professional or social domains or a temporal restriction on the application of the word or word sense [...].
- b. A register label is [...] intended as a device to guide individual language users in their use of language with respect to a social group judging its appropriateness. A dictionary is often used by speakers with the need to address a certain audience, by poets, by writers and by journalists to enable them to avoid a word that they do not want to use or find a more appropriate alternative for the specific purpose of the occasion. Some dictionaries provide synonyms and near-synonyms, marking differences between them by labels like (form.), (vulg.), (poet.), (bibl.), etc.

Die onderskeid tussen groepsetikette en registeretikette blyk nuttig te wees en vertoon ’n bepaalde parallellisme met die sistememodel. Hausmann (1989: 652) verdeel naamlik die mikrosisteme binne sy makrosisteam van etikettering in twee basistipes, te wete die sogenaamde privaatiewe sisteme, waarin naas die ongemerkte ruimte in die betrokke mikrosisteam slegs een gesofistikeerde gemerkte ruimte geld, en die antonimiese sisteme, waarin die ongemerkte ruimte tussen meerdere gemerkte ruimtes lê. Die twee tipes verskil dus van mekaar ten opsigte van (i) die aantal ruimtes en (ii) die ruimtes se relatiewe posisionering binne die onderskeie mikrosisteme. Die privaatiewe sisteme kan in verband gebring word met die leksikologiese domeine binne die deiksismodel ten opsigte waarvan groepsetikette geld (vergelyk bv. die digotomie *ongemerkt – regstaal*) terwyl die antonimiese sisteme in verband gebring kan word met die leksikologiese domeine waarvan registeretikette geld (vergelyk byvoorbeeld die stylskaal *informeel – ongemerk – formeel*). Hierdie verdeling motiveer die eiesoortige posisionering van die leksikologiese domein van stylvariasie relatief tot die leksikologiese domeine van die standaardtaalvariëteit, die leksikografiese deiktiese sentrum en die makrostruktuur in figuur 21.

#### 4.6.1.2.2.4.7 Groepsetikette


Groepsetikette verteenwoordig ’n aantal breë leksikologiese domeine, wat elk vervolgens kortliks geïdentifiseer word. ’n Aanduiding van die omvang van die leksikografiese deiktiese sentrum ten

opsigte van elke leksikologiese domein (d.w.s. die indirekte identifisering van daardie taalspesifieke eienskappe van die betrokke leksikologiese domein wat dit grootliks buite die leksikografiese deiktiese sentrum laat val) sal verstrekkend word.

#### **A. Die leksikologiese domein van ruimtelike variasie**

*Leksikografiese deiktiese sentrum:* Daardie versameling leksikale items wat (i) regdeur die taalgebied van die woordeboek in algemene taalgebruik voorkom en (ii) oral dieselfde denotatiewe betekenis verteenwoordig (d.w.s. die leksikale domein van die standaardvariëteit in terme van ruimtelike verspreiding) (vgl. Gouws 1988: 30).

Leksikale items waarvan die gebruik beperk is tot sekere algemeen afbakenbare geografiese gebiede en dus kenmerkend van taalgebruik in daardie gebiede is, val buite die domein van die tipiese makrostruktuur van 'n standaardwoordeboek. Sodanige leksikale items waarvan die geografiese verbreding egter so toegeneem het dat hulle as lemmata kwalifiseer, maar wat kenmerkend van die spesifieke geografiese gebied bly, val uiteraard binne die domein van die makrostruktuur van die woordeboek, maar steeds buite die leksikografiese deiktiese sentrum (vgl. 3.4.2.1.2.1); derhalwe word hulle deur die gepaste etikette wat beperkte ruimtelike verspreiding aandui, gemerk. Gouws (1988: 29) noem hierdie tipe etikette *geografiese etikette*. Tipiese voorbeelde van sodanige etikette is *gewest.* 'gewestelik' en *dial.* 'dialekties'.



Volgens Lombard (1993: 148) het 'n standaardwoordeboek nie ruimte om te veel lemmata op te neem wat geografies geëtiketteer moet word nie. Gevolglik behoort etikette wat op ruimtelike variasie dui nie volop in sulke woordeboeke voor te kom nie. Nietemin blyk die aanwending van geografiese etikette 'n universele probleem te wees. Volgens Norri (1996: 26) is dit byvoorbeeld onmoontlik om enige gemeenskaplike beleid of sisteem in die toepassing van etikette in 'n versameling Britse en Amerikaanse woordeboeke te identifiseer. Verkuyl et al. (2003: 300) meld dat die voorkoms van geografiese etikette in Nederlandse woordeboeke meestal redelik arbitrêr is.

Die gebruik van 'n geografiese etiket soos *dial.* blyk ook onbevredigend te wees, veral indien geen aanduiding van die betekenis van dié etiket in die metateks gegee word nie (Osselton 1994: 104, 107). Dié etiket maak dit naamlik nie duidelik aan watter geografiese gebied die geadresseerde bron- of doeltaalinskrywing behoort nie. Ten opsigte van die Engelse leksikografie lewer Osselton (1994: 108) die volgende kommentaar:

The label 'dialect' has thus become within the English tradition a universal label for all regionalism, a blanket term covering diatopic complexity, or geographical imprecision.

Osselton (1994: 109) vra ook tereg of dit sin maak om 'n leksikale item as dialekties te merk indien nie gestel kan word tot watter geografiese gebied dit behoort nie. Volgens Gouws (1988: 32) behoort naas so 'n etiket 'n spesifisering van die geografiese beperking te wees wat dui op die gebiede waar die bepaalde vorm wel voorkom. Lombard (1993: 148) ondersteun die idee dat die etiket self die gebied of plek waar die bepaalde vorm algemeen voorkom, behoort te identifiseer; dus sal die etiket *Nam.* 'Namibië' byvoorbeeld in plaas van *dial.* met of sonder 'n aanduiding van die betrokke streek optree by 'n bron- of doeltaalinskrywing waarvan die gebruik tot Namibië beperk is. Sodanige prosedure veronderstel dat geografiese etikette duidelik deur middel van tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers van etimologie-aanduiders onderskei behoort te word (vgl. Norri 1996: 14).

Brand (2000: 33-41) se bespreking van die optrede van geografiese etikette in die GW vertoon 'n onakkurate indeling van etikettipes; nietemin word tot die algemene gevolgtrekking gekom dat die omkeerbaarheidsbeginsel by geografiese etikette nie konsekwent in dié woordeboek toegepas word nie.<sup>55</sup>

In die AEW word geografiese etikette tipografies en ten opsigte van plasing in die artikel nie duidelik van etimologie-aanduiders onderskei nie. Vergelyk die volgende twee verteenwoordigende artikels:

- (195) a. **saagbok** saw trestle, trestle for sawing, sawhorse, wood(en) horse, (saw)buck (*Am.*).  
b. **saakgelastigde** =s agent, representative, deputy; chargé d'affaires (*Fr.*); church administrator, commissioner; (*jur.*) procurator; (*comm.*) factor.

In (195)a word die geografiese etiket *Am.* ten opsigte van die vertaalekwivalent (*saw*)*buck* aangebied, wat dié vertaalekwivalent as beperk tot Amerikaanse Engels merk. Hier word 'n geografiese etiket sinvol aangewend om die gebruiker daarop te wys dat die geadresseerde vertaalekwivalent buite die taalgebied van die woordeboek val. 'n Soortgelyke beperking geld egter nie vir die vertaalekwivalent *chargé d'affaires* in (195)b nie; die inskrywing *Fr.* hier is 'n etimologie-aanduiding en nie 'n etiket nie; 'n nuttige etiket hier sou *dipl.* 'diplomatie' of iets dergelyks wees om die gebruiker daarop te wys dat die geadresseerde inskrywing beperk is tot die leksikale domein van vaktaalvariasie, soos wat die etikette *jur.* en *comm.* tereg ten opsigte van hulle

<sup>55</sup> Die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel op etikette is teoreties problematies; vgl. 5.2.2.

adresse in dieselfde artikel doen. Etimologie-aanduiders behoort in ander artikelgleuwe geplaas te word en tipografies van etikette onderskei te word. In die geval van die standaard vertalende woordeboek kan geredeneer word dat etimologie slegs ten opsigte van lemmata verstrekkend word en nie ten opsigte van vertaalekwivalente nie. In die metateks kan gemeld word dat die gebruiker etimologiese inligting oor 'n leksikale item by die verteenwoordigende lemma kan naslaan.

## **B. Die leksikologiese domein van temporele variasie**

*Leksikografiese deiktiese sentrum:* Daardie versameling leksikale items wat verteenwoordigend is van die standaardtaalvariëteit ten tye van die saamstel van die woordeboek en onmiddellik daarna, wat dus nie (i) gebonde is aan 'n ouer tydperk en gevolglik minder frekvent gebruik word nie, (ii) gebonde is aan 'n sprekersgroep wat 'n ouer geslag verteenwoordig en gevolglik minder frekvent gebruik word nie, of (iii) na 'n referent verwys wat voorheen gegeld het, maar nou nie meer geld nie en gevolglik minder frekvent gebruik word (vgl. Gouws 1988: 19, 20; Lombard 1993: 149; Verkuyl et al 2003: 301).

Leksikale items wat as gevolg van bogenoemde faktore nie meer in algemene taalgebruik voorkom nie val buite die domein van die makrostruktuur van 'n standaardwoordeboek. Sodanige leksikale items waarvan die verbreidheid in algemene taalgebruik egter nog nie so beperk is dat hulle nie as lemmata kwalifiseer nie, maar wat kennelik temporeel gemerk is, val uiteraard binne die domein van die makrostruktuur van die woordeboek, maar steeds buite die leksikografiese deiktiese sentrum (vgl. 3.4.2.1.5); derhalwe word hulle deur die gepaste etikette wat beperkte temporele verspreiding aandui, gemerk. Gouws (1988: 19) noem hierdie tipe etikette *temporele etikette*. Tipiese voorbeelde van sodanige etikette is *arg.* 'argaies' (t.o.v. (i)), *vero.* 'verouderd' (t.o.v. (ii)) en *hist.* 'histories' (t.o.v. (iii)). Soos reeds aangedui, is dit moontlik dat 'n bepaalde klas temporeel gemerkte leksikale items wel binne die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek kan val en dan nie geëtiketteer word nie, soos neologismes (vgl. weer 4.6.1.2.2.2.2).

Vir die aanwending van hierdie tipe etikette is geldige gebruiksfrekwensiebevindinge volgens Gouws (1988: 21) 'n voorvereiste; hierdie bevindinge kan aangevul word deur bevindinge van navorsing wat uit veldwerk spruit. Die leksikograaf mag nie sonder meer staat maak op 'n ouer woordeboek se uitsprake nie, hoewel ouer woordeboeke 'n instrumentele rol kan vervul wanneer vasgestel moet word of 'n bepaalde leksikale item werklik temporeel gemerk is en of dit nie dalk net weinig gebruiklik of ongewoon (hoewel nie verouderd nie) is nie.

In Brand (2000: 17-22) se bespreking van temporele etikette in die GW word tot geen gevolgtrekking oor die toepassing van dié tipe etiket in die woordeboek gekom nie, hoewel 'n aantal inkonsekwentheid, verneem gemeet aan die omkeerbaarheidsbeginsel, aangetoon word. Gebruiklikheidsetikette soos *ong.* 'ongewoon' en *w.g.* 'weinig gebruiklik' kan volgens Brand (2000: 18) deur die etiket *vero.* 'verouderd' vervang word:

If a word is used so seldom to be labelled (*ong.*) and (*w.g.*), it may just as well be grouped under the (*vero.*) fold.

Vanuit 'n teoretiese oogpunt is hierdie standpunt egter onhoudbaar, aangesien gebruiklikheidsetikette en temporele etikette die afwyking van die leksikografiese deiktiese sentrum ten opsigte van twee verskillende leksikologiese domeine merk. Die leksikale item *vonkpos* se voorkoms in algemene taalgebruik kan byvoorbeeld met 'n redelike mate van sekerheid as beduidend laer as dié van die leksikale item *e-pos* beskryf word; trouens, *vonkpos* is nóg in die HAT, nóg in die AEW gelemmatiseer, waarskynlik juis om hierdie rede. Indien dié leksikale item egter wel as lemma opgeneem sou wees, sou dit waarskynlik deur 'n etiket soos *w.g.* gemerk word. Om die gebruiklikheidsetiket *w.g.* in hierdie geval deur die temporele etiket *vero.* te vervang, sou 'n onakkurate weergawe van die aard van die gemerktheid van dié leksikale item teweeg bring; die item *vonkpos* kan tans immers geensins as gebonde aan 'n ouer tydvak of aan 'n sprekersgroep wat 'n ouer geslag verteenwoordig, beskou word nie – intendeel, temporeel is dit as neologisme gemerk. Brand se kontensie moet eerder beskou word as diagnosties van die ontoereikende onderskeid wat die samestellers van die GW tussen die twee klasse etikette tref.

Die subdomeine binne die leksikologiese domein van temporele variasie kan ook met mekaar oorvleuel. Brand (2000: 21, 22) kritiseer tereg die volgende GW-artikels:

- (196) a. **Suidwes, Suidwes-Afrika**, (*hist.*), Namibia.  
b. **Rhodesië**, (*hist.*), Rhodesia.

Die volgende verbeterde weergawes word voorgestel (Brand 2000: 22):

- (197) a. **Suidwes, Suiwes-Afrika**, (*hist.*), South West Africa, now Namibia.  
b. **Rhodesië**, (*hist.*), Rhodesia, now Zimbabwe.


Die meta-inskrywing *now* in (197)a en b is onnodig indien die beginsel toegepas word wat Brand (2000: 18) self vroeër aan die hand doen, naamlik dat gemerkte vertaalekwivalente hulle eie etikette

behoort te hê, dit wil sê dat etikette nie verskuiwing na links as 'n vorm van teksverdigting behoort te ondergaan nie. Verder geld die gemerktheid van die lemmata ten opsigte van meer as een subdomein binne die leksikale domein van temporele variasie. Hoewel die eiename *Suidwes-Afrika* en *Rhodesië* tereg as histories gemerk aangedui word, is dit ook die geval dat die gebruik van hierdie leksikale items onder taalgebruikers voorkom wat 'n ouer geslag verteenwoordig. 'n Akkurater herbewerking van die artikels in (197) sou soos volg daaruit sien:

- (198) a. **Suidwes, Suiwes-Afrika**, (*hist., vero.*), South West Africa (*hist., vero.*), Namibia.  
b. **Rhodesië**, (*hist., vero.*), Rhodesia (*hist., vero.*), Zimbabwe.

Op die oog af kan die etiket *hist.* as sinoniem met *vero.* geïnterpreteer word en kan die gekombineerde aanbieding van dié etikette die gebruiker verwar. Van belang hier, soos in die aanwending van alle ander etikette, is dat die gebruiker duidelike leiding in die metateks ontvang oor die markeringswaarde van elke etiket.

In die geval van 'n historiese woordeboek, wat nie ten doel het om die standaardtaalvariëteit ten tye van sy samestelling of onmiddellik daarna te beskryf nie, is daar sprake van 'n *verplaasde leksikografiese deiktiese sentrum* (Gouws 1988: 15). Dit sal in die onderhawige bespreking duidelik word dat 'n verplaasde leksikografiese deiktiese sentrum ook ten opsigte van 'n standaard vertalende woordeboek kan geld (vgl. 4.6.1.2.2.4.4).



### C. Die leksikologiese domein van frekwensievariasie

*Leksikografiese deiktiese sentrum*: Daardie versameling leksikale items wat in algemene taalgebruik 'n normale gebruiksfrekwensie vertoon (d.w.s. daardie leksikale items wat die standaardtaalvariëteit in terme van gebruiksfrekwensie verteenwoordig) (vgl. Lombard 1993: 148).

Volgens Verkuyl et al. (2003: 301) behoort hierdie leksikologiese domein volledig óf buite die domein van die makrostruktuur, óf, indien nie buite dié domein nie, binne die domein van die leksikografiese deiktiese sentrum te val:

Nowadays, the frequency of word forms can be established with respect to large corpora and so each word can (in principle) be marked as to the number of times it occurs in a certain year or in a certain period that is interesting to... to whom? Not to average dictionary users, who simply hope to find the word they need and leave the decision to include it to the lexicographer. It follows that frequency labels may be part of the databases underlying a paper dictionary rather than being included in the dictionary itself.

Hierdie siening kan egter vanuit 'n funksionele oogpunt as 'n enigins vereenvoudigde benadering beskou word. In terme van die teksresepsiefunksie van 'n vertalende woordeboek kan geredeneer word dat minder frekwente leksikale items (waarvan die voorkomingsfrekwensie wel sodanig is dat hulle as lemmata kwalifiseer) wel opgeneem behoort te word, aangesien hulle in tekste kan voorkom waarmee die teikengebruiker in die tipiese gebruikssituasie in aanraking kan kom. In 'n polifunksionele woordeboek sou lemmata wat leksikale items wat ten opsigte van gebruiklikheid gemerk is, verteenwoordig, ook ter wille van die teksproduksiefunksie geëtiketteer word. Volgens Svensén (1993: 186) sou sodanige etikette die gebruiker waarsku dat die keuse van die geadresseerde vertaalekwivalent bo 'n meer frekwente ekwivalent vermy behoort te word. Die gevolgtrekking is dus dat hoewel die leksikologiese domein van frekwensievariasie in sy geheel buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek val, dié domein tog die domein van die makrostruktuur ten minste gedeeltelik sal oorvleuel. Die leksikale items wat binne die leksikale ruimte van hierdie oorvleueling val, sal as bron- of doeltaalinskrywings in die woordeboek opgeneem word en van *gebruiklikheidsetikette* voorsien word. Hierdie benadering, wat op Lombard (1993: 148-149) se argumentasie gebaseer is, wyk af van dié van Gouws (1988: 32), waarvolgens etikette soos *ongewoon* en *weinig gebruiklik* as stilistiese etikette beskou word.

Volgens Lombard (1993: 148-149) kan leksikale items wat ten opsigte van gebruiklikheid gemarkeer is in twee klasse verdeel word, naamlik daardie leksikale items wat ongewoon is (bv. *laars*, *kurieus*, *blaak*), en daardie gevalle wat nie ongewoon is nie, maar wel skaarser as hulle wisselvorme of sinonieme in algemene taalgebruik voorkom (bv. *hul* teenoor *hulle*). 'n Gebruiklikheidsetiket word vir elkeen van hierdie klasse voorgestel, naamlik *ongewoon* vir eersgenoemde gevalle, en *minder gebruiklik* vir laasgenoemde gevalle. Die skaarsheid of ongewoonheid van leksikale items moet deur middel van wetenskaplike metodes vasgestel word en moet nie berus op die leksikograaf se eie intuïtiewe oordeel nie. Hierin speel frekwensietellings wat op verteenwoordigende taalkorpora gebaseer is 'n sentrale rol.

#### **D. Die leksikologiese domein van tegniese variasie**

*Leksikografiese deiktiese sentrum:* Daardie versameling leksikale items wat gereedelik in alle taalgebruiksferes voorkom en dus nie tot tegniese gebruik in 'n bepaalde professionele of sosiale domein beperk is nie (vgl. Verkuyl et al. 2003: 301).

Volgens Braun (1981: 170 in Gouws 1988: 27) word tegniese gemerkte leksikale items in vaktaalverband gebruik, hoewel die term *vaktaal* volgens Gouws (1988: 27) wyd geïnterpreteer moet word as nie dit wat slegs verwys na vakke as akademiese dissiplines nie, maar ook na ander toepassingsgebiede, soos sportsoorte, beroepsrigtings, ens. Lombard (1993: 149) gebruik die term *gebruiksfeer* in plaas van *vaktaal* om hierdie wyer interpretasie te ondervang. Beide *vaktaal* en *gebruiksfeer* is egter onbevredigend, want terwyl die term *vaktaal* te eng is om hierdie leksikologiese domein mee te beskryf, is die term *gebruiksfeer* te wyd, aangesien dié term ook onder meer ruimtelike en temporele gebruiksfere sou kon impliseer. Die leksikale items ter sprake het gewoonlik termstatus binne hulle beperkte gebruiksfere, dit wil sê hulle verteenwoordig 'n eenduidig-tegniese denotasie. Derhalwe word die term *tegniese variasie* voorgestel en voortaan in hierdie studie in plaas van die term *vaktaalvariasie* of *gebruiksfeervariasie* aangewend (vgl. ook Hausmann 1989: 651). Verkuyl et al (2003: 301) beskryf die aard van die leksikale items wat tot die leksikologiese domein van tegniese variasie behoort en die taalgebruikers wat hierdie leksikale items gebruik as volg:

Even though speakers of certain professions use a general non-dialectic [sic] language [d.w.s. die standaardtaalvariëteit – HLB], they use either word forms that are not part of the standard language or they use word forms that are part of it but have a very specific meaning within the field.

Een polisemiese waarde van 'n leksikale item kan dus verteenwoordigend van die leksikale domein van die standaardvariëteit wees, terwyl 'n volgende polisemiese waarde verteenwoordigend van die leksikologiese domein van tegniese variasie kan wees. Vergelyk die volgende artikel uit die AEW:

(199) **kniebaar** [...] kneadable; plastic, pliable, mouldable; (*geol.*) fictile.

Volgens die bewerking van die lemma **kniebaar** in (199) verteenwoordig die eerste twee polisemiese waardes van die verteenwoordigde leksikale item en hulle vertaalekwivalente standaardtaalgebruik in die onderskeie tale, terwyl die derde polisemiese waarde en die aangebode vertaalekwivalent deur die etiket *geol.* gemerk is vir hulle tegniese gebruik in die vakterrein van die geologie. Die aard van die leksikale item *kniebaar* moet nie met die aard van die leksikale item *adjektief*, soos vroeër bespreek, verwar word nie. Laasgenoemde is 'n monoseemiese leksikale item wat ten opsigte van sy enkele betekeniswaarde as standaardtaalitem én term in die taalwetenskap geld.



Soos in figuur 21 aangetoon, val die grootste deel van die leksikologiese domein van tegniese variasie buite die makrostruktuur van die standaardwoordeboek. Volgens Gouws (1988: 27) word leksikale items uit hierdie domein heelwat minder in standaardwoordeboeke as in omvattende woordeboeke opgeneem. Waar die leksikologiese domein van tegniese variasie wel met dié van die makrostruktuur oorvleuel, sal die leksikale items wat die area van oorvleueling verteenwoordig, gelemmatiseer word (vgl. 3.4.2.1.2.2). Waar 'n leksikale item wat gelemmatiseer is of as vertaalekwivalent aangebied word verteenwoordigend is van daardie area van oorvleueling tussen die domeine van tegniese variasie en die makrostruktuur wat buite die leksikografiese deiktiese sentrum val, sal dit van 'n *tegniese etiket* voorsien word.

Verkuyl et al. (2003: 307) stel voor dat in plaas van tegniese etikette wat 'n verskeidenheid subdomeine binne die domein van tegniese variasie spesifiseer, slegs een etiket, naamlik *tegn.* 'tegnies' in woordeboeke aangewend word om leksikale items se status as behorende tot die groter leksikale domein te merk. Die subdomein waartoe 'n leksikale item behoort kan dan in die elektroniese databasis van die woordeboek gespesifiseer word. Die implementering van hierdie voorstel sou tot gevolg hê dat 'n artikel uit die AEW soos volg sou lyk:

(200) **velum** [...] (*tegn.*) velum; (*tegn.*) velum, soft palate; (*tegn.*) veil.

Volgens Gouws (1989: 203) kan een leksikale item verskillende gespesialiseerde gebruike hê wat tot verskillende vakgebiede behoort, asook nie-gespesialiseerde gebruike. In (200) is dit die geval dat die leksikale item *velum* in verskillende vakgebiede termstatus het. Dit is duidelik dat die tegniese etiket *tegn.* nie voldoende konteksleiding aan die gebruiker voorsien om hom/haar in staat te stel om die gepaste polisemiese waarde en vertaalekwivalent(e) te kies nie. Die bestaande hantering van die lemma wat dié leksikale item in AEW verteenwoordig, is meer gebruikersvriendelik:

(201) **velum** [...] (*bot., zool.*) velum; (*anat.*) velum, soft palate; (*anat., bot.*) veil.

Die aanwending van subdomeinspesifieke tegniese etikette maak in (201) ook die oorvleueling tussen die subdomeine duidelik.

## E. Die leksikologiese domein van kulturele variasie

*Leksikografiese deiktiese sentrum*: Daardie versameling leksikale items wat universele konsepte as referente het en wat dus nie konsepte wat uniek is aan die bron- of doeltaalkultuur verteenwoordig nie.

In 3.4.2.1.9 is daarop gewys dat bepaalde kultuuritems ook in die woordeboek gelemmatiseer moet word. Volgens Louw (1997: 25) behoort sodanige leksikale items – en ondersteunende koteksinskrywings (vgl. Gouws (om te verskyn)) – vir hulle kultuurstatus gemerk te word. Sodanige markering sal deur *kultuuretikette* plaasvind. Vergelyk in hierdie verband die volgende hersiene artikel uit die AEW:

(202) **biltong** = *tonge* (*Afr.cult.*) biltong, jerked meat.

Die etiket *Afr.cult.* dui daarop dat die lemma **biltong** ’n kultuuritem verteenwoordig wat eie aan die Afrikanerkultuur is. Kultuuretikette behoort (ook in die metateks) duidelik van geografiese etikette en etimologie-aanduiders onderskei te word.

### 4.6.1.2.2.4.2 Slengtaaletikette

Die vasstelling van die aard van slengtaalvariasie en die markering daarvan in woordeboeke is ’n problematiese kwessie. Die eerste probleem is dat daar nie eenstemmigheid is oor wat presies deur die term *slengtaal* gedenoteer word nie (vgl. Landau 2001: 240). Oënskynlik pas elke woordeboekopsteller sy/haar eie konsep van *sleng* toe, wat veroorsaak dat daar geen uniforme identifikasie of hantering van hierdie taalverskynsel in woordeboeke (of in die literatuur) gevind kan word nie. In die bespreking wat volg, kan derhalwe ook nie voorgegee word dat die finale woord oor die klassifikasie en hantering van slengtaal in woordeboeke gespreek word nie.

Brand (2000: 45-46) bespreek na aanleiding van Gouws (1988: 32) etikette wat sleng aandui in ’n onderafdeling van die bespreking oor stilistiese etikette. Verkuyl et al. (2003: 306) beskou slengtaal ook as ’n stilistiese oftewel ’n registerkwessie. Lombard (1993: 146-148) sluit nie slengtaal by sy bespreking oor stilistiese etikette in nie. Volgens Brand (2000: 41-42) kom 26 verskillende stilistiese etikette in die Afrikaans-Engels-deel van die GW voor, te wete *geselst.* ‘geselstaal’, *groept.* ‘groeptaal’, *form.* ‘formeel’, *inform.* ‘informeel’, *omgangst.* ‘omgangstaal’, *plegt.* ‘plegtig’, *spreekt.* ‘spreektaal’, *skryft.* ‘skryftaal’, *sl.* ‘sleng’, *stud.* ‘studentetaal’, *tab.* ‘taboe’, *akad.* ‘akademies’, *boekst.* ‘boektaal’, *digst.* ‘digterlike taal’, *eufem.* ‘eufemisme’, *grap.* ‘grappig’, *iron.*

‘ironies’, *kindert.* ‘kindertaal’, *let.* ‘letterlik’, *neerh.* ‘neerhalend’, *poet.* ‘poëties’, *regst.* ‘regstaal’, *skerts.* ‘skertsend’, *skeepst.* ‘skeepstaal’, *spitsv.* ‘spitsvondig’ en *spot.* ‘spottend’. In der waarheid kom daar minstens drie verskillende klasse etikette in hierdie versameling voor, naamlik tegniese etikette (soos *regst.* en *skeepst.*), slengtaaletikette (soos *groept.* en *sl.*) en stilistiese etikette (soos *form.* en *skerts.*). Brand se onakkurate indeling kan ook in ’n mate as diagnosties van die onbevredigende leksikografiese hantering van sosio-stilisties gemerkte leksikale items in (Afrikaanse) woordeboeke beskou word.<sup>56</sup> Wat egter hier belangrik is, is dat ’n onderskeid tussen stilistiese variasie en slengtaalvariasie getref word. Hierdie onderskeid is nog meer kritiek indien in ag geneem word dat etikette wat stilistiese variasie merk nié onder groepsetikette ressorteer nie. Volgens Landau (2001: 237) is dit onbevredigend om slengtaal gewoon as baie informele taal te beskou: Slengtaal verteenwoordig naamlik nie ’n subleksikon (oftewel leksikologiese domein) wat aangepas kan word om by ’n sosiale situasie te pas nie, soos wat die geval is met leksikale items op die *formeel – ongemerk – informeel*-skaal; nietemin word die leksikale domein van slengtaalvariasie van ander leksikologiese domeine met beperkte gebruik (waarvan die verteenwoordigende items deur groepsetikette gemerk word) onderskei op grond daarvan dat sy lede doelbewus niestandaardtaal verteenwoordig. Landau (2001: 237) redeneer soos volg oor die aard van slengtaal:

Much slang has been introduced by criminals, hucksters and gamblers; how shall we characterize the cultural levels of these *groups*? They are off the beaten track, but are they necessarily of low cultural level because their occupations happen to be antisocial? Much slang derives also from the cant of musicians and soldiers and other *groups* that feel isolated or beleaguered. Their private vocabulary perlocates through layers of language to become tomorrow’s slang, then routinely peppers the conversations of young people everywhere [my kursivering – HLB].

Slengtaal kan ook van verskillende tipes wees; vergelyk Southerland & Katamba (1997: 555) se beskrywing van dié verskynsel:

Slang exists alongside jargon and argot [...] as members of a class of speech varieties of *limited usage* in the speech community. Each of these last two mentioned varieties, whether characteristic of an occupational or social group, is confined to a comparatively small number of speakers and is obscure to outsiders. Slang, while it may be fleeting and subject to rapid change, is more widespread and more familiar to large numbers of speakers. Particular ‘slangs’, however, are very much associated with membership of *groups* and, when used in the presence of another member of the same group, serve as an affirmation of solidarity with other members [my kursivering – HLB].

Volgens Southerland & Katamba (1997: 555) speel slengtaal ook ’n belangrike rol in die instandhouding van ’n groep se identiteit: Dit onderskei die sogenaamde in-groep, wat die slengtaal

<sup>56</sup> Wat is byvoorbeeld die verskil tussen groeptaal, slengtaal en studentetaal?

gebruik, van die res van die gemeenskap wat nie die slengtaal gebruik nie en nie deel van die groep is nie. Hierdie argument word deur Carstens (2003: 361) ondersteun:

Slenggebruikers is [...] by uitstek *groepstaalsprekers* en hulle vertoon deur hulle taalvorme hulle gebondenheid aan 'n bepaalde groep, byvoorbeeld skoolkinders, studente, misdadigers, soldate.

Indien die argument op groter skaal gevoer word om selfs generasies as groepe waartoe sekere taalvorme se gebruik beperk is te beskou, soos wat inderdaad gedoen word ten opsigte van temporeel gemerkte taalgebruik (vgl. B hierbo), word dit duidelik dat slengtaal inderdaad groepsgebonde eerder as situasiegebonde is (vgl. ook Carstens 2003: 361-363). Trouens, volgens Landau (2001: 238) kan slengtaalitems ook temporeel gemerk wees.<sup>57</sup> 'n Leksikale item soos *bok* 'hofmaak', wat volgens Brand (2000: 44) in die GW deur die stilistiese etiket *stud.* gemerk word, verteenwoordig eintlik 'n spesifieke vorm van slengtaal wat tot die studentegemeenskap (van 'n bepaalde era (en streek?)) beperk is en as sodanig nie stilisties nie, maar eerder vir groepstaal gemerk behoort te word – dit wil sê deur 'n slengtaalekiket soos *stud.sl.* of *sl.-stud.*

In figuur 21 vertoon die leksikologiese domein van slengtaalvariasie geen oorvleueling met die leksikologiese domein van die standaardvariëteit of die leksikografiese deiktiese sentrum nie. Volgens Landau (2001: 237) kan slengtaalelemente wat gepas gebruik word wel later standaardtaalelemente word. Hierin vertoon slengtaalvariasie 'n beperkte ooreenkoms met tegniesetaalvariasie, aangesien tegniesetaalitems ook later standaardtaalitems kan word. Die belangrike verskil is wel dat sodanige standaardtaalitems steeds as vaktalitems kan geld, terwyl slengtaalitems wat met verloop van tyd lede van die standaardtaalleksikon geword het nie meer kontemporêre slengtaalvariasie kan verteenwoordig nie, aangesien 'n leksikale item nie tegelykertyd verteenwoordigend van én die standaardtaalvariëteit én niestandaardtaalgebruik kan wees nie (vgl. Carstens 2003: 361). Leksikale items wat die leksikale domein van slengtaalvariasie verteenwoordig en gelemmatiseer of as vertaalekwivalente aangebied word, word deur *slengtaaletikette* gemerk. Indien 'n spesifieke leksikale item tot 'n besondere groepsleug behoort, soos *bok* hierbo, kan die besondere aard van die slengtaalitem ook deur die etiket benoem word.

Soos reeds gemeld, kan hierdie kriptomiese bespreking van die taalverskynsel van sleng hoegenaamd nie die omvang en kompleksiteit van dié onderwerp peil nie. Slengtaalvariasie word dus vir die doel

---

<sup>57</sup> Hierdie stand van sake vra vir die herposisionering van die leksikale domein van slengtaalvariasie in fig. 21, sodat dié domein die domein van temporele variasie gedeeltelik oorvleuel; hierdie oorvleueling sal uiteraard buite die leksikografiese deiktiese sentrum en hoogs waarskynlik ook in sy geheel buite die domein van die makrostruktuur van die woordeboek val.

van hierdie studie as 'n groep op sy eie beskou. Die beskrywing van hierdie moeilike en potensieel frustrerende aspek van taalgebruik in die woordeboek word mooi deur Landau (2001: 240) saamgevat:

One is tempted to throw up one's hands in exasperation, utter some loud, irreverent slang of one's own, and forget the whole business. Nothing elaborates theory so much as the need to justify practicality. It is easier to spend one's time constructing theories to explain why there is no such thing as slang than to identify and harness its peculiar energy and spice and stick a label on it. But that is what the dictionary editor must do, like it or not, for slang is a useful concept. Since there are no agreed external criteria for identifying slang, we must support efforts to establish them; but in the meantime we must rely on subjective criteria lacking in any authority save that of informed and educated people trained to be sensitive to language style.

#### 4.6.1.2.2.4.3 *Stilistiese etikette*

Verkuyl et al. (2003: 302-304) se klas *registeretikette* kan in verband gebring word met Lombard (1993: 146-148) en die meeste van Gouws (1988: 32-36) se *stilistiese etikette*. Hierdie verband word duidelik indien Verkuyl et al. (2003: 302) se beskrywing van die funksies van registeretikette beskou word:

Language users generally operate in different social domains (family, employment, bureaucracy, church, social class, etc.) which are characterised by having a set of behavioural rules determining what can or cannot properly be said. They use different *style registers* to master this problem. What can be said when addressing an audience in a political meeting is quite different from what can be said privately. [...] Dictionaries want to protect people from using the wrong words in the wrong contexts [my kursivering – HLB].

In hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat stilistiese etikette drie breë onderskeibare funksies verrig en dat 'n spesifieke tipe stilistiese etiket vir elkeen van hierdie funksies bestaan; derhalwe word uiteindelik drie klasse stilistiese etikette onderskei.

Volgens Carstens (2003: 282) verwys die begrip *register* na taalgebruik wat spesifiek by 'n bepaalde situasie of in sekere omstandighede pas. Die begrip *styl* is meer oorkoepelend en gevolglik minder presies. Carstens (2003: 343) stel die volgende breë stylskaal voor: *intiem – informeel – gesprekstyl – formeel – kil*. Op hierdie skaal kan die verskillende registers geplaas word. 'n Leksikale item soos *kossies* behoort so tot die register van kindertaal en val op die vlak van intieme taal op die stylskaal. In die woordeboek sal 'n spesifieker etiket soos *kindertaal* die gebruiker egter van groter hulp wees as 'n algemener etiket soos *intiem*. Slegs indien 'n leksikale item nie ten opsigte van 'n spesifieke register of registers gemerk kan word nie omdat dit nie tot daardie

register(s) beperk is nie, sou 'n etiket soos *informeel* of *formeel* aangewend kon word. *Styl* is verder 'n breër begrip as *register*, wat aspekte van taalgebruik bo die vlak van die leksikale item in bestek het, soos formulering, interpunksie, kennis van die onderwerp, beeldspraak, ens. (vgl. Carstens 2003: 335-373). Hoewel register ook nie tot die vlak van die leksikale item beperk is nie (vgl. byvoorbeeld hoogs gekollokeerde sintaktiese konstruksies soos *die liggaam van Christus* en *die maagd Maria* in die register van Christelike kerktaal), verteenwoordig die toepassing van dié begrip 'n presieser kontekstualisering van die taalgegewe waarmee die leksikograaf in hierdie gevalle te doen het. Etikettering na register veronderstel dat 'n versameling leksikologiese subdomeine (registers) binne die groter leksikologiese domein van stilistiese variasie (die stylskaal) relatief tot die leksikologiese domein van die standaardtaalvariëteit en die leksikografiese deiktiese sentrum geplaas kan word. Die subdomeine kan mekaar ook in mindere en meerdere mates oorvleuel. Ten opsigte van sommige leksikale items sal soveel subdomeine mekaar in sulke groot mates oorvleuel dat 'n sinvolle identifikasie en markering (d.i. na register) nie moontlik is nie; in sodanige gevalle word die breër stylskaaletikette *informeel*, *formeel*, ens. gebruik.<sup>58</sup> Na hierdie kwessie word aanstons teruggekeer.

Gouws (1988: 32-35) meld tereg dat stilistiese etikette 'n wye verskeidenheid etikettipes dek en bespreek kortliks die kies van etikette, maar stel geen konkrete klassifikasie van stilistiese etikette daar nie. Ook Gouws (1989: 204-205) gaan nie verder op 'n klassifikasie van etikette in nie. Gegee dat geen teoretiese basis vir die klassifikasie van etikette bestaan nie, soos vroeër uitgewys is (vgl. Hurtado 1994: 22; Norri 1996: 2), en dat elke woordeboek sy eie interpretasie aan etikette en etikettipes heg (vgl. Al-Kasimi 1977: 87; Mugglestone 2000: 28), verteenwoordig die toepassing van stilistiese etikettering waarskynlik die leksikograaf se moeilikste etiketteringsprobleem. Mugglestone (2000: 22) beskryf etikettering in hierdie opsig as

the “most artistic” as well as the “least scientific” part of the lexicographer’s work, embedded in the lexicographer’s own sense of the language, and his (or her) own judgments about usage.

Vergelyk ook Lombard (1993: 143). Hierdie stand van sake is die gevolg van 'n gebrek aan objektiewe norme vir die vasstelling en toepassing van stilistiese etikette (Gouws 1988: 32).

Brand (2000: 41-51) onderskei oënskynlik drie kategorieë stilistiese etikette, te wete geselstaletikette, slengtaletikette (wat reeds as 'n aparte groep bespreek is) en etikette wat sterk

---

<sup>58</sup> In terme van hierdie argument is Verkuyl et al. (2003: 302-304) se gebruik van die term *registeretikette* eintlik ironies, aangesien hulle voorstel dat die groot verskeidenheid registeretikette gereduseer word tot slegs vier, nl. *baie informeel*, *informeel*, *formeel* en *baie formeel*.

emotiewe taal merk. Veral laasgenoemde kategorie is taalwetenskaplik en leksikografies enigsins oppervlakkig onderskei en maak die driedeling nie baie bruikbaar nie. Landau (2001: 217) onderskei die volgende agt klasse etikette wat volgens hom die algemeenste in woordeboeke voorkom:

1. Currency or temporality: *old-fashioned, dated, archaic, obsolete, old use*
2. Regional or geographic variation: *U.S., British, Canadian, Australian, New Zealand, South African*, etc. Sometimes regional areas within a country are specified, and sometimes *regional* or *dialect* is used as a label.
3. Technical or specialized terminology: *astronomy, chemistry, physics, sports*, etc; these are called *field labels*. Sometimes *technical* or *specialized* is used as a label. *Trademark* is also used as a label.
4. Restricted or taboo sexual and scatological usage: *offensive, taboo, vulgar, obscene, rude*; sometimes combined with *slang*, e.g. *rude slang, vulgar slang*
5. Insult: *offensive, insult, disparaging, derogatory, disapproving, contemptuous, sexist, racist*
6. Slang: *slang*
7. Style, functional variety, or register: *formal, written, informal, spoken, colloquial* (now rarely used), *literary, historical, poetic, humorous, facetious, jocular, approving, euphemistic, baby talk or a child's word*
8. Status or cultural level: *nonstandard* or *not standard*

Klasse 4, 5, 7 en 8 sou onder die opskrif van stilistiese etikette kon ressorteer. Landau se klassifikasie is egter nie sonder probleme nie. Die etiket *offensive* geld vir klas 4 én klas 5, en terwyl die etiket *disapproving* in klas 5 geplaas word, word die etiket *approving* in klas 7 geplaas. Dit is ook nie duidelik hoekom 'n etiket soos *historical* in klas 7 en nie in klas 1 geplaas word nie. Verder sou 'n etiket soos *rude*, wat in klas 4 geplaas is, ewe goed in klas 5 kon funksioneer. Hierdie diskrepancies kompromitteer die taalwetenskaplike en leksikografiese meriete van Landau se klassifikasie.

Lombard (1993: 146-148) bied 'n potensieel nuttige hiërargiese klassifikasie van sogenaamde sosiostilistiese etikette aan wat blykbaar taalwetenskaplik gemotiveer is, soos die samevatting van sy bespreking in tabel 3 hieronder toon:


Etiket	Toegepas op
<i>verhewe</i>	Leksikale items wat bo die neutrale vlak van die standaardtaal lê, d.w.s. formele, superformele en superstandaardtaalitems soos <i>jongkragtig</i> en <i>ontslaap</i> .
<i>geselstaal</i>	Leksikale items wat effens onder die neutrale vlak van die standaardtaal lê, soos <i>gô</i> en <i>bakgat</i> .
<i>skertsend</i>	Leksikale items wat sonder sterk sarkasme of neerhalend gebruik word ter wille van die verkryging van 'n humoristiese effek, soos <i>boetebessie</i> en <i>kripvreter</i> .
<i>volksnaam</i>	Name van plante, diere, kwale, ens., wat nie-wetenskaplik is en wat in die volksmond ontstaan het, soos <i>kuikendief</i> . Leksikale items wat in die volksmond leef, is egter dikwels so algemeen dat hulle nie meer geëtiketteer hoef te word nie, soos <i>kelkiewyn</i> en <i>klem-in-die-kaak</i> .
<i>neerhalend</i>	Leksikale items wat 'n neerbuigende of geringskattende houding van 'n spreker verrai, d.w.s. items wat dikwels in neerhalende of minagtende verband gebruik word en wat deel uitmaak van beledigende taalgebruik, waaronder rassismes soos <i>boer</i> en <i>hotnot</i> en seksismes soos <i>teef</i> en <i>wyf</i> .
<i>skeltaal</i>	Leksikale items wat 'n taalgebruiker se oordeel verrai, en kragwoordstatus benader, soos <i>esel</i> en <i>swernoot</i> .
<i>plat</i>	Leksikale items wat 'n taboewaarde het en wat gebruik word om 'n saak te benoem waarvan 'n sagter ekwivalent gewoonlik bestaan, soos <i>kaalstert</i> en <i>snot</i> .
<i>vloektaal</i>	Leksikale items wat kragwoorde en uitroepe verteenwoordig wat dikwels met die weer en buitekonteksgebruikte godsdienswoorde te doen het, soos <i>bliksem</i> en <i>donder</i> .
<i>vulgêr</i>	Die leksikale items wat die hoogste taboewaarde het, wat veral verwys na die onaanvaarbare sosiale gebruik van die laer ligaamsdele, en hulle funksies en produkte, soos <i>poep</i> en <i>stront</i> .

**Tabel 3: Lombard (1993: 148-149) se klassifikasie van sosiostilistiese etikette**

Hoewel dit nuttig is, toon Lombard se klassifikasie 'n belangrike tekortkoming indien dit as die volledige versameling stilistiese etikette voorgelê word. Die probleem is dat die klassifikasie eendimensioneel is: Dit strek blykbaar skalêr vanaf daardie leksikale items wat verhewe taalgebruik verteenwoordig deur die neutrale vlak tot by daardie leksikale items wat die hoogste taboewaarde verteenwoordig. Op bepaalde punte op hierdie vertikale skaal is dit egter ook moontlik (en nodig) om vir horisontale uitbreidingsvoorsiening te maak, byvoorbeeld deur etikette soos *kindertaal*, *literêr* en *poëties*. 'n Etiket soos *kindertaal* kan nie as groepsetiket beskou word nie, aangesien dit nie 'n leksikale item merk wat tot die taal van kinders (of ouers!) beperk is nie, maar eerder verwys na 'n spesifieke gespreksituasie, naamlik daardie situasie waarin 'n (volwasse) taalgebruiker met 'n peuter of kleuter kommunikeer. Dieselfde geld die ander twee etikette. Om byvoorbeeld die leksikale items *bakgat* en *kossies* beide deur die sosiostilistiese etiket *geselstaal* te merk, verteenwoordig 'n enigsins onbevredigende markering wat met die vae etiket *dial*. 'dialekties' as groepsetiket wat ruimtelike variasie merk, vergelyk kan word. Hierdie punt van kritiek op Lombard se klassifikasie sluit aan by Landau (2001: 269), wat die hoop uitspreek dat, in terme van die deiksismodel, die analyse van groeiende verteenwoordigende korpora deur toenemend gevorderde tegnologie leksikoloë in staat sal stel om soveel leksikologiese (sub)domeine te identifiseer dat



leksikograwe uiteindelik enigsins vae etikette soos *informeel* heeltemal oorboord sal kan gooi en sal kan vervang deur 'n volledige versameling (sub)domeinspesifieke etikette (vgl. ook Hartmann 1983a: 118). Hierdie standpunt herinner aan vroeëre voorstelle vir tot soveel as 40 stilistiese etikette, waaroor Gouws (1988: 34) verslag doen. Die toepassing van soveel registeretikette kan volgens die voorstel deur 'n koderingstelsel wat terugverwys na die verklaring van elke etiket in die metateks suksesvol geïmplementeer word. Die gebruikersvriendelikheid van so 'n stelsel van etikettering kan egter bevraagteken word. Verder bestaan geen bewyse in die literatuur dat gebruikers 'n behoefte aan so 'n uitgebreide klassifikasie het nie; empiriese gebruikersnavorsing oor hierdie aspek is derhalwe nodig (vgl. egter 4.1.2.3.2). Volgens Käge (in Gouws 1988: 35) gaan dit in hierdie opsig vir die gebruiker om een vraag, te wete of 'n leksikale item normale, dit wil sê standaardtaalgebruik verteenwoordig al dan nie; indien nie, wil die gebruiker gewoon weet of die afwyking na onder of na bo ten opsigte van die normale stylvlak lê (vgl. ook Lombard 1993: 146). Hiervolgens sou die versameling stilistiese etikette 'n relatief klein maar breë stylskaal verteenwoordig. Verkuyl et al. (2003: 306) stel so 'n skaal voor, naamlik *baie informeel – informeel – Ø – formeel – baie formeel*. In die geval van 'n vertalende woordeboek kan die toepassing van so 'n vereenvoudigde skaal egter problematies wees. Gouws (1988: 35) meld dat dit 'n probleem is om vas te stel in watter gevalle die lemmaties verteenwoordigde leksikale item en sy vertaalekwivalent tot dieselfde stilistiese kategorie behoort. In sommige gevalle is dit nie moontlik om 'n vertaalekwivalent te voorsien wat tot dieselfde stilistiese kategorie behoort nie. Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel uit die CD:



(203) **Scheiß** [ʃais] *m -, no pl (sl) shit (vulg), crap (vulg); ein ~ a load of shit (vulg) or crap (vulg); ~ machen (= herumalbern) to bugger (sl) or mess (inf) about; (= Fehler machen) to make a balls-up (vulg); mach keinen ~I don't do anything so bloody (Brit sl) or damn (inf) silly; red doch keinen ~I don't talk crap! (vulg), cut (out) the crap! (vulg); was soll der ~? what the hell's the matter with you/him etc? (inf)*

Volgens die etikette in die artikel word die brontaalitem *Scheiß* in Duits as verteenwoordigend van slengtaal beskou, terwyl die Engelse vertaalekwivalente *shit* en *crap*, wat die naaste aan semanties-pragmatiese ekwivalensie kom, in die doeltaal as verteenwoordigend van vulgêre taal beskou word. Die implikasie is dat die leksikale items *shit* en *crap* hoër taboewaardes in Engels verteenwoordig as wat die leksikale item *Scheiß* in Duits verteenwoordig. Die doeltaalitems se gebruik is dus meer beperk in die doeltaal as wat die brontaalitem se gebruik in die brontaal is. Indien beide die lemma en die vertaalekwivalente deur die etiket *informeel* of *baie informeel* gemerk word, sal hierdie verskille in stylvlak nie vir die gebruiker duidelik wees nie en ontbreek kommunikatiewe ekwivalensie. Selfs indien die lemma deur die etiket *informeel* en die vertaalekwivalente elk deur

die etiket *baie informeel* gemerk word, kan die bewerkstelling van kommunikatiewe sukses in hierdie geval bevraagteken word. Hierdie scenario is vergelykbaar met een waarin slegs een onbevredigende tegniese etiket, naamlik *tegnies*, in woordeboeke aangewend word (vgl. C). Ook hier geld Gouws (1996: 16) se vereiste dat leksikograwe nie op die veronderstelde intuïesies van woordeboekgebruikers moet staatmaak nie, maar so eksplisiet moontlik moet wees ten einde optimale oordrag van inligting te verseker. In hierdie studie word derhalwe van die standpunt uitgegaan dat meer presiese stilistiese etikette ter wille van kommunikatiewe ekwivalensie verkieslik is bo meer omvattende etikette.

Die redusering van die stilistiese markerings van leksikale items tot 'n klein aantal breë etikette is verder selfs méér problematies as Lombard se klassifikasie van sosiostilistiese etikette. Om die probleem te illustreer, sal kortliks na die leksikografiese hantering van rassismes verwys word, vernameam omdat daar heelwat metaleksikografiese literatuur oor hierdie onderwerp bestaan (vgl. o.m. Botha 1995; Hartevelde & Van Niekerk 1995; Hauptfleisch 1993; Landau 2001: 234-237; Murphy 1991, 1997, 1998; Norri 2000). Uit hierdie literatuur blyk dit duidelik dat dit in die huidige Suider-Afrikaanse konteks heeltemal onvoldoende sou wees om 'n leksikale item soos *hotnot* in 'n woordeboek bloot van die stilistiese etiket (*baie informeel*) of die sosiostilistiese etiket *neerhalend* te voorsien (vgl. o.m. Botha 1995; Hartevelde & Van Niekerk 1995; Hauptfleisch 1993). Volgens Hauptfleisch (1993: 124) is die etiket *rassisties* die beste enkele etiket om die woordeboekgebruiker op die funksioneel-stilistiese gemerktheid van so 'n leksikale item te wys. Hartevelde & Van Niekerk (1995: 101) stel 'n selfs uitgebreider etiket voor, naamlik *rassisties; die gebruik hiervan is uiters neerhalend en aanstootlik*. Die rede vir die behoefte aan 'n heel spesifieke en unieke etiket vir rassismes kan gevind word in die besonder sensitiewe klimaat wat in Suid(er)-Afrika ten opsigte van die gebruik van sulke leksikale items heers (vgl. Hartevelde & Van Niekerk 1995: 235). Dat 'n andersoortige klimaat in hierdie opsig in byvoorbeeld Europa geld, word duidelik uit Europese woordeboeke se oënskynlike traagheid om gelemmatiseerde rassismes te etiketteer; daarenteen is dit duidelik dat die sosiale druk om sogenaamde politiese korrektheid te bevorder veral in die VSA 'n invloed op etiketteringspraktyke in woordeboeke aldaar uitoefen (Verkuyl et al. 2003: 305). Dit word dus duidelik dat 'n enkele gestandaardiseerde universele klassifikasie vir stilistiese etikette, waaraan volgens Gouws (1988: 32) en Lombard (1993: 143) 'n behoefte bestaan, nie maklik tot stand gebring sal kan word nie, aangesien die konteksparameter in hierdie opsig so 'n beduidende rol in die samestelling van elke woordeboek speel (vgl. ook Hauptfleisch 1993: 119; Landau 2001: 251; Murphy 1997: 160; 1998: 1; Werner 1991: 2796). Die standaardisering van stilistiese etikette kan egter meer geredelik moontlik wees indien die behandelde leksika se taalgebiede relatief klein is en die verteenwoordigde kulture en kontekste relatief stabiel en homogeen is. In die era van

globalisering en die internasionalisering van selfs 'n taal soos Afrikaans sou geargumenteer kon word dat die standaardisering van stilistiese etikette egter eerder 'n al moeiliker doelwit word om te bereik. Daarenteen sou egter geargumenteer kon word dat globalisering juis die geleentheid bied vir groter sensitiwiteit en gevolglik die weg baan vir wyer gestandaardiseerde etikette.

Murphy (1997: 157) wys daarop dat die etikettering van rassismes op die buitegroepgebruik van die betrokke leksikale items gebaseer is, aangesien binnegroepgebruik nie noodwendig rassisties gemerk is nie; trouens, binnegroepgebruik kan in sommige gevalle as slengtaal ter wille van identifikasie met die groep beskou word. 'n Potensiële voordeel van die aanwending van 'n meer spesifieke etiket soos *rassisties* sou kon wees dat dié etiket ook implisiet voorsiening maak vir die binnegroepgebruik (as slengtaal) van die geadresseerde leksikale item – iets wat nie deur 'n etiket soos *neerhalend* oorgedra kan word nie. Indien 'n spesifieke (tipe) etiket ook so 'n implikasie sou kon akkommodeer, sou dit 'n akkurater beskrywing van die geadresseerde leksikale item se werklike gebruik verteenwoordig (vgl. Landau 2001: 236), mits sodanige akkommodasie baie duidelik in die metateks verantwoord word. Die nie-akkommodasie van sulke implikasies in huidige en die meeste voorgestelde etiketteringspraktyke sou bepaalde groepe binne die teikengebruikersgroep kon vervreem en die persepsie dat die woordeboek die een of ander etniese norm toepas (vgl. Murphy 1991: 60), kon versterk. Indien 'n leksikale item byvoorbeeld wel as rassisme gemerk is, maar nie ook binnegroepgebruik as slengtaalitem geniet nie, kan so 'n item deur 'n kombinasie van etikette (bv. *rassisties* vs. *rassisties*, *neerhalend* of *rassisties*) gemerk word om geïmpliseerde binnegroepgebruik te elimineer; alternatief kan bewese binnegroepgebruik deur 'n bykomende etiket aangedui word (bv. *rassisties* vs. *rassisties*, *sl.* of *rassisties<sub>sl</sub>*) indien dit nie as aparte polisemiese waarde hanteer word nie. Soos die tipografie telkens suggereer, is dit belangrik dat die etiket wat die aan- al dan afwesigheid van binnegroepgebruikstatus aandui duidelik sekondêr aan die etiket wat buitegroepgebruik aandui, gestel word. Hierdeur word 'n hiërargie van etikette veronderstel. Die aanvaarding van so 'n voorstel sou 'n nuwe dimensie in die klassifikasie van etikette open. Hierop word nie verder in hierdie studie ingegaan nie. Die punt wat gemaak word, is dat dit onbevredigend blyk te wees om 'n eendimensionele klassifikasie van stilistiese etikette toe te pas. Dekker (1991: 59-60) kritiseer ook “lyste voorgestelde etikette op 'n soort gradeerbare skaal” vir hulle eendimensionaliteit. Stilistiese etikette bestaan nie uit een klas nie, maar behoort na funksie in verskillende subklasse verdeel te word waarvan die lede in 'n mindere of meerdere mate met mekaar (kan) interakteer.

## A. Registeretikette

Soos reeds aangetoon is, verwys die begrip *register* na taalgebruik wat spesifiek by 'n bepaalde situasie of in sekere omstandighede pas. Registeretikette word dus aangewend om die geadresseerde leksikale item in die bepaalde situasie waarin dit tipies pas te veranker. Voorbeelde van sulke etikette is *kindertaal*, *joernalisties*, *boektaal* en *poëties*. Aangesien die betrokke leksikale items verskillende subdomeine binne die leksikale domein van stilistiese variasie verteenwoordig, kan die verteenwoordigende etikette nie in enige relatiewe hiërargie geplaas word nie; hulle funksioneer gewoon naas mekaar en kan teoreties ook gekombineer word, hoewel hulle met verskillende stylvlakke geassosieer kan word.

## B. Sosiostilistiese etikette


Sosiostilistiese etikette gee volgens Van Huyssteen (1998: 69) vir die woordeboekgebruiker 'n aanduiding van die gepastheid van 'n sekere leksikale item op 'n bepaalde stylvlak. Hierdie aanduiding staan onafhanklik van enige bepaalde situasie, wat die onderskeid tussen hierdie tipe en registeretikette motiveer. Sosiostilistiese etikette vertoon ook 'n sterker normerende karakter, aangesien die etikette bepaalde sosiolinguistiese waarde-oordele oor hulle adresse uitspreek: Die implikasie is byvoorbeeld dat leksikale items wat deur die etiket *plat* of *vulgêr* gemerk is nie in "goeie" of "beskaafde" geselskap (as elemente van die tipiese gebruikssituasie van 'n standaardwoordeboek) tuis hoort nie, afgesien van die geldende situasie (terwyl kindertaal of boektaal wel in sodanige geselskap kan voorkom sonder dat dit as onvanpas beskou word, mits die geldende situasie dit toelaat). Hoewel Lombard (1993: 146-148) sy klassifikasie van stilistiese etikette as sosiostilistiese etikette voorhou, word dit in die lig van die onderskeid van stilisties-funksionele etikette (vgl. C) duidelik dat nie al die aangebode etikette wel sosiostilistiese etikette verteenwoordig nie. Die volgende etikette wat Lombard voorstel, geld wel as sosiostilistiese etikette: *verhewe*, *geselstaal*, *volksnaam*, *plat* en *vulgêr*. Hierby kan etikette soos *deftig*, *gemeensaam*, *omgangstaal* en *onfyn* gevoeg word. Die alternatief vir hierdie versameling is etikette met ruimer denotasies wat gebaseer is op Carstens (2003: 343) se stylskaal of Verkuyl et al. (2003: 306) se skaal, en sluit etikette soos *informeel* en *formeel* in. Soos reeds genoem, moet die geskikste reeks etikette in hierdie verband deur empiriese gebruiks- en gebruikersnavorsing met inagneming van die konteksparameter bepaal word.

Dekker (1991: 59) bewys aan die hand van leksikografiese voorbeelde dat 'n etiket soos *vulgêr* in kombinasie met etikette soos *vloektaal* en *skeltaal* ten opsigte van dieselfde adres kan optree, wat veronderstel dat die etikette nie verskillende vlakke op dieselfde skaal kan verteenwoordig nie.

Begrippe soos *vloek* en *skel* moet volgens Dekker (1991: 60) heeltemal los gemaak word van 'n rangorde wat dit noodwendig aan obseniteit en vulgariteit koppel. So 'n losmaak vind plaas in die onderskeiding van stilisties-funksionele etikette.

### C. Stilisties-funksionele etikette

Volgens Van Huyssteen (1998: 69) word stilisties-funksionele etikette gebruik om 'n aanduiding te gee van die gemerkte funksies (in terme van illokusies en perlokusies) wat 'n leksikale item binne sekere kontekste kan verrig, waar hierdie funksies gewoonlik (hoewel nie altyd nie) insluit dat die gebruik van die gemerkte leksikale items deur 'n bepaalde groep as affronterend en afstootlik ervaar kan word. Hierdie tipe etikette vervul ook 'n sterk normerende rol. Die volgende etikette, wat deur Lombard (1993: 146-148) as sosiostilistiese etikette voorgelê word, behoort in der waarheid as stilisties-funksionele etikette te geld: *skertsend*, *neerhalend*, *skeltaal* en *vloektaal*. Hiertoë kan etikette soos *eufemisties*, *rassisties* en *seksisties* gevoeg word. Ook hierdie etikette kan aan bepaalde stylvlakke gekoppel word. Stilisties-funksionele etikette kan van die moeilikste stilistiese etikette wees om sinvol aan te wend. Volgens Van Huyssteen (1998: 68-69) is die etiket *eufemisme* byvoorbeeld sterk onder verdenking, aangesien 'n bepaalde leksikale item in een situasie 'n eufemisme kan wees en in 'n ander situasie 'n disfemisme. Ander stilisties-funksionele etikette kan weer makliker aangewend word, en die aanwending daarvan is na gelang van onder meer die konteksparameter inderdaad verplig, byvoorbeeld *rassisties*.



#### 4.6.1.2.2.4.4 Linguistiese etikette

Die funksie van linguistiese etikette kan gedeeltelik in verband gebring word met Verkuyl et al. (2003: 297) se sogenaamde formele etikette, waarvan die funksie as volg verklaar word:

They concern a specific form or subform of the headword to which a certain meaning is given.

Hoewel Verkuyl et al. (2003: 297) hierdie etikette onderskei van die ander tipes etikette op grond daarvan dat die ander tipes meer op die betekenis van hulle adresse slaan, verraai selfs hulle kriptiese beskrywing hierbo dat die onderskeid nie waterdig kan wees nie. Geen etiket kan sonder inagneming van betekenis aangewend word nie. Wat wel die geval is, is dat die leksikografiese deiktiese sentrum wat die aanwending van linguistiese etikette bepaal in terme van die vorm van leksikale items geformuleer moet word.

Voorbeelde van linguistiese etikette is *attributief*, *onoorganklik*, *meervoud*, *diminutief* en *vroulik*. Dit is duidelik dat vir die aanwending van linguistiese etikette verskillende leksikografiese deiktiese sentra geformuleer moet word. Die aard van hierdie sentra word hoofsaaklik deur twee faktore bepaal, naamlik (i) die lemmatiseringskriteria van die betrokke woordeboek (vgl. 3.4), dit wil sê bepaalde veranderlikes binne die woordeboekparameter, en (ii) semanties gemotiveerde veranderlikes binne die gebruikersverwysingsraamwerkparameter, wat ook deur veranderlikes binne ander parameters in die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke bepaal en beïnvloed word.

Eersgenoemde faktor kan geïllustreer word aan die hand van die etiket *diminutief*: Die lemmatiseringspraktyk van 'n standaardwoordeboek dikteer gewoonlik dat substantiewe in die onverkleinde vorm gelemmatiseer word (inligting oor diminutievorming word gewoonlik in die artikelgleuf vir morfologiese inligting t.o.v. die lemmateken verskaf). Ten opsigte van substantiewe kan hierdie beleid as verteenwoordigend van die leksikografiese deiktiese sentrum geld.

Substantiewe leksikale items wat dus om die een of ander rede in die diminutievorm gelemmatiseer word, val buite die leksikografiese deiktiese sentrum en moet derhalwe deur die gepaste linguistiese etiket gemerk word. Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel uit die AEW:

(204) **potjie** =*jies*, (*dim.*) little pot/jar [...]



Die leksikale item *potjie* verteenwoordig 'n ander denotasie as die leksikale item *pot*; derhalwe word *potjie* apart gelemmatiseer en semanties bewerk. Indien die aanduiding van 'n diminutievorm tot alfabetiese uiteenplasing lei, kan die diminutievorm ter wille van gebruikersvriendelikheid ook gelemmatiseer word, soos die volgende AEW-artikel illustreer:

(205) **posie** (*dim.*) →POSE.

Die lemmateken **potjie** val buite die leksikografiese deiktiese sentrum en word dus dienooreenkomstig geëtiketteer. Linguistiese etikette behoort nie as ondergeskik aan ander tipes etikette beskou te word nie. Waar ander tipes etikette optree, behoort linguistiese etikette ook waar van toepassing hulle regmatige plek in te neem. Vergelyk die volgende artikel uit die AEW:

(206) **sandjie** =*jies*, (*rare, children's lang.*) grain of sand; piece of grit; →SANDKORREL.

Die feit dat beide 'n groepsetiket en 'n gebruiklikheidsetiket aan die lemma gerig is, behoort nie die invoeging van die linguistiese etiket *dim.* te verhoed nie.

Die aanwending van linguistiese etikette soos *oorg.* en *attr.* verteenwoordig egter nie slegs die funksies van ekwivalentdiskriminasie en pragmatiese leiding nie, maar verrig ook 'n funksie van *kotekstuele leiding* deurdat hulle op die sintaktiese en morfologiese beperkings of tipiese kotekstuele omgewings van hulle adresse wys. Kotekstuele leiding is dus nie noodwendig tot koteksinskrywings beperk nie.

Die invloed van semanties gemotiveerde veranderlikes binne die gebruikersverwysingsraamwerkparameter op die afbakening van leksikografiese deiktiese sentra kan aan die hand van die gebruik van die geslagsetikette *fem.* 'vroulik' en *masc.* 'manlik' in die AEW beskryf word. Die begrip *geslag* hier is nie gelyk te stel aan die begrip *genus* nie. Volgens Crystal (1991: 149) word in die taalwetenskap onderskei tussen *natuurlike geslag*, wat geld wanneer leksikale items na die geslag van hulle buitetalige referente verwys, en *grammatikale geslag*, wat 'n belangrike rol speel in die aanduiding van grammatikale verhoudinge in flekterende tale. Die term *geslag*, soos hier gebruik, slaan op leksikale items as inherente aanduiders van natuurlike geslag. Aangesien Afrikaans en Engels op enkele uitsonderings na nie flekterende tale is nie (vgl. Ponelis 1989a: 14; Crystal 1991: 176-177), geld die begrip *genus* buitendien nie in die leksikografiese bewerking van die onderskeie leksika nie.<sup>59</sup> In die Afrikaanse en Engelse leksika bestaan daar (i) die klas leksikale items wat slegs 'n manlike [+ animaat]-referent in bestek kan hê, byvoorbeeld *koning* [+ manlik], (ii) daardie klas wat slegs 'n vroulike [+ animaat]-referent in bestek kan hê, byvoorbeeld *onderwyseres* [+ vroulik] en (iii) daardie klas wat beide 'n manlike en vroulike [+ animaat]-referent in bestek kan hê, byvoorbeeld *outeur* [± manlik/vroulik]. Vergelyk die volgende artikels uit die AEW:

- (207) a. **onderwyser** =*sers*, (*masc.*), **onderwyseres** =*resse*, (*fem.*) (school)teacher, (*chiefly Brit.*) (school)master (*masc.*), schoolmistress (*fem.*) [...]  
b. **sekretaresse** =*ses* (female) secretary [...]  
c. **digteres** =*esse* poetess.  
d. **koning** =*nings* king, monarch [...]

<sup>59</sup> Aanduiders van genusklas in die geval van 'n flekterende taal verteenwoordig 'n datakategorie van grammatikale inligting en nie van konteksleiding nie (vgl. 4.6.1.1.4.1.1, A.2); derhalwe kan sodanige aanduiders nie in die vorm van etikette aangebied word nie. Aangesien hulle egter veral in die teksproduksiefunksie op sekere kotekstuele implikasies vir hulle adresse wys, kan dié aanduiders ook 'n inligtingskategorie van konteksleiding verteenwoordig.

In die artikels in (207)a en b bestaan sekere foutiewe en inkonsekwente bewerkings wat hier eers uitgeklaar moet word. In (207)a verteenwoordig die aanwending van die etiket *masc.* met die lemmateken **onderwyser** as adres 'n foutiewe leksikografiese bewerking. Die leksikale item *onderwyser* moet volgens Beyer (1997: 109-110) as 'n polisemiese leksikale item benader word. Een polisemiese waarde het 'n manlike óf vroulike referent in bestek, soos in die sin

*Van 'n onderwyser [± manlik/vroulik] word verwag om professioneel op te tree.*

'n Volgende polisemiese waarde het slegs 'n manlike referent in bestek, soos in die sin

*Die onderwyser [+ manlik] het sy tas kom haal.*

Deur die aanwending van die etiket *masc.* word die eersgenoemde polisemiese waarde negeer en word aan die gebruiker aangedui dat die leksikale item *onderwyser* slegs 'n manlike referent in bestek kan hê. Hierdie stand van sake maak die saamgroepering van die lemmata **onderwyser** en **onderwyseres** onbevredigend; elke lemma behoort as vertikaal geordende hooflemma op te tree, wat soos volg daar sou kon uitsien:

(208) **onderwyser** =*sers* (school)teacher; (*masc.*) (school)teacher, schoolmaster (*chiefly Brit.*).  
**onderwyseres** =*esse* (school)teacher, schoolmistress.

By die hantering van die lemma **onderwyseres** in (208) sluit die hantering van die lemma **sekretaresse** in (207)b aan. In elke geval word 'n geslagtelik gemerkte lemma van 'n geslagtelik neutrale vertaalekwivalent voorsien. Volgens De Wet (1998: 158) behoort by sodanige vertaalekwivalente aangedui te word dat hulle gebruik in daardie gevalle beperk is tot verwysing na slegs die vroulike referent. Gevolglik sou die volgende herbewerking van die betrokke artikels 'n verbeterde taalkundige en gebruikersvriendelike aanbod verteenwoordig:

(209) a. **onderwyser** =*sers* (school)teacher; (*also, masc.*) schoolmaster (*chiefly Brit.*).  
**onderwyseres** =*esse* (school)teacher (*fem.*), schoolmistress.

b. **sekretaresse** =*ses* secretary (*fem.*) [...]

Die vertaalekwivalente (*school*)teacher en *secretary* in (209)a en b onderskeidelik word elk van die etiket *fem.* voorsien om hulle beperkte gebruik te markeer. Die vertaalekwivalent *schoolmistress* word nie van so 'n etiket voorsien nie, aangesien dié leksikale item, soos die lemma **onderwyseres**, inherent slegs 'n vroulike referent in bestek het, soos wat hulle morfosemantiese eienskappe aandui.



Tussen die lemma **onderwyseres** en die vertaalekwivalent *schoolmistress* bestaan dus *referensiële ekwivalensie*, terwyl dit nie sonder meer die geval is tussen die lemma **onderwyseres** en die vertaalekwivalent *teacher* en die lemma **sekretaresse** en die vertaalekwivalent *secretary* onderskeidelik nie. In die artikels in (207)c en d is daar ook van referensiële ekwivalensie tussen die onderskeie lemmata en hulle aangebode vertaalekwivalente sprake; derhalwe is ook in daardie artikels geen verdere inskrywings nodig om dié tipe ekwivalensie te bewerkstellig nie.

Die markering van die afwesigheid van referensiële ekwivalensie tussen lemma en vertaalekwivalent deur geslagsetikette werp lig op die aard van die veranderlikes binne die gebruikersverwysingsraamwerkparameter wat die afbakening van die leksikografiese deiktiese sentrum beïnvloed. Dit word naamlik algemeen deur Afrikaanse en Engelse taalgebruikers aanvaar dat tensy die konteks anders dikteer of die leksikale of morfosemantiese gemerktheid van die betrokke leksikale item daarop dui, substantiewe met 'n [+ animaat]-gemerkte referent na lede van enige of albei van die twee geslagte kan verwys. Hierdie aanname vind ook sy neerslag in die voorgestelde herbewerking van die lemma **onderwyser** in (209)a. Die feit dat die eerste polisemiese waarde van dié lemma en die aangebode vertaalekwivalent (*school*)*teacher* nie deur 'n etiket soos *neutr.* 'geslagtelik neutraal' gemerk is nie, terwyl die tweede polisemiese waarde deur die etiket *fem.* gemerk is, bewys die aanname dat die semantiese kenmerk [ $\pm$  vroulik] die ongemerkte of verstekwaarde by leksikaal of morfosemanties ongemerkte [+ animaat]- substantiewe verteenwoordig. Hierdie bewerking is dus op die gebruikersverwysingsraamwerkparameter gebaseer, wat weer deur die konteksparameter (waarvolgens na geslagtelike gelykheid en dus geslagtelik ongemerkte [+ menslik]-substantiewe gestreef word) beïnvloed word. Indien beide die lemma en die vertaalekwivalent(e) egter leksikaal of morfosemanties vir dieselfde geslag gemerk is, geld referensiële ekwivalensie tussen hulle, soos in die volgende artikel:

(210) **digteres** =*esse* poetess.

Derhalwe is die aanbod van 'n etiket soos *fem.* ten opsigte van die lemma en die vertaalekwivalent onnodig. Referensiële ekwivalensie tussen lemma en vertaalekwivalent kan egter ook ontbreek indien 'n geslagtelik gemerkte lemma van 'n geslagtelik ongemerkte vertaalekwivalent voorsien word, soos in die volgende AEW-artikel:

(211) **sekretaresse** =*ses* (female) secretary [...]

Die leksikograaf het probeer om referensiële ekwivalensie tussen die lemma (wat morfosemanties [+ vroulik] gemerk is), en die vertaalekwivalent (wat die semantiese kenmerk [ $\pm$  vroulik] besit) te bewerkstellig deur die invoeging van 'n oënskynlik opsionele bepaling vir die vertaalekwivalent, naamlik (*female*). Hierdie hantering is duidelik ontoereikend, aangesien die semantiese kenmerk [+ vroulik] nie 'n opsionele kenmerk van dié vertaalekwivalent is nie. Volgens De Wet (1998: 158) behoort by sodanige vertaalekwivalente aangedui te word dat hulle gebruik in daardie gevalle beperk is tot verwysing na slegs die vroulike referent. So sal referensiële ekwivalensie bewerkstellig word. Gevolglik sou die volgende herbewerking van die artikel in (211) 'n verbeterde taalkundige en gebruikersvriendelike aanbod verteenwoordig:

(212) **sekretaresse** =*ses* secretary (*fem.*) [...]

Die leksikografiese deiktiese sentrum ten opsigte waarvan geslagsetikette gebruik word, sou na aanleiding van die voorgaande bespreking as volg geformuleer kon word: Daardie versameling naamwoorde wat elk (i) 'n manlike en/of vroulike [+ animaat]-referent in bestek het, en (ii) van vertaalekwivalente voorsien word wat in 'n verhouding van referensiële ekwivalensie daartoe staan. Die leksikografiese deiktiese sentrum is hier dus nie beperk tot die bron- of doeltaalleksikon nie, maar word medebepaal deur die aanwesigheid van 'n spesifieke ekwivalensieverhouding tussen die bron- en doeltaalinskrywing(s), terwyl die spesifieke aard van die etikettering (en by implikasie die afbakening van die leksikografiese deiktiese sentrum) met bepaalde veranderlikes binne die gebruikersverwysingsraamwerk- en konteksparameters strook.

Hoewel buitetalige faktore klaarblyklik die afbakening van die leksikografiese deiktiese sentrum ten opsigte van die gebruik van linguistiese etikette bepaal, vind die afbakening self sy neerslag in die leksikon; gevolglik sou verteenwoordigende leksikologiese (sub)domeine (soos die leksikologiese subdomein van geslagsvariasie binne die leksikologiese (sub)domein van [+ animaat]-gemarkte substantiewe) binne die groter leksikon (soos in fig. 21) gekarteer kon word. Die aanwending van geslagsetikette in gevalle van die afwesigheid van referensiële ekwivalensie (en dus die afbakening van die leksikografiese deiktiese sentrum in hierdie opsig) kan egter nie sinvol ten opsigte van slegs een van die verteenwoordigde leksika in die woordeboek gedoen word nie. Daar moet sprake wees van 'n soort superponering van die een leksikon en sy leksikologiese domeine op die ander, sodat byvoorbeeld die aan- al dan afwesigheid van referensiële ekwivalensie tussen lede van die onderskeie leksika se leksikologiese domeine van geslagsvariasie weergegee kan word deur die aan- al dan afwesigheid van die identieke plasing van die verteenwoordigende leksikale items relatief tot die relevante gesuperponeerde (sub)domeine. Die leksikografiese deiktiese sentrum kan slegs deur

hierdie superponering weergegee word, en moet vir elke geval bepaal word. Trouens, semanties-pragmatiese ekwivalensie (wat uiteraard referensiële ekwivalensie insluit) kan ook in terme van die deiksismodel gedefinieer word, en wel soos volg:

Semanties-pragmatiese ekwivalensie is daardie verhouding wat geld tussen 'n (polisemiese waarde van 'n) leksikale item in die brontaal met denotasie *x* wat in 'n bepaalde area van oorvleueling tussen 'n kombinasie van 'n bepaalde versameling leksikologiese (sub)domeine binne die brontaalleksikon val en 'n (polisemiese waarde van 'n) leksikale item in die doeltaal met denotasie *x* wat in die identiese area van oorvleueling tussen 'n kombinasie van 'n identiese versameling leksikologiese (sub)domeine binne die doeltaalleksikon val.

In aansluiting by die sprake van 'n tipe superponering van die twee behandelde leksika op mekaar, kan daar gewys word op die stelsel van stilistiese markering wat in die VDNE geld. Vergelyk die volgende artikels uit dié woordeboek:

- (213) a. **navenant** <bn., bw.> (inf.) **0.1 ↑ in keeping (with it)**; (bw.) **relatively; correspondingly** ⇒ *proportionately, accordingly, to match* ♦ 2.1 een groot land heeft ~ grote problemen *a big country has c. big problems*; de prijzen zijn ~ hoog *the prices are c./proportionately high* 3.1 de prijs is laag en de kwaliteit is ~ *the price is low and so is the quality*; ze had haar best niet gedaan en haar rapport was ~ *she had not done her best and her report showed it.*
- b. **referee** <de (m.)> <sport> **0.1 referee** ⇒ ↓ *ref.*

In die artikel in (213)a word die nie-tipografiese struktuurmerker “↑” aan die vertaalekwivalent *in keeping (with it)* in die eerste semantiese subkommentaar geadresseer; in die artikel in (213)b word die nie-tipografiese struktuurmerker “↓” aan die sekondêre vertaalekwivalent *ref* geadresseer. In die metateks van die woordeboek word dié struktuurmerkers soos volg verklaar:

- (214) ↑ beteken dat een vertaling qua stijlniveau iets ‘netter’ is dan het Nederlands  
 ↓ duidt op een iets lager stijlniveau dan het te vertalen trefwoord

In die aanwending van hierdie nie-tipografiese struktuurmerkers word die vertaalekwivalente nie binne 'n leksikologiese domein van die doeltaalleksikon geplaas nie, maar binne 'n leksikologiese domein binne die brontaal. Indien die vertaalekwivalent dan nie in dieselfde leksikologiese (sub)domein in die brontaalleksikon val as die brontaalitem nie, word die vertaalekwivalent vir dié afwyking gemerk. Hier geld die normale toepassing van leksikologiese domeine nie, hoewel die deiksismodel vir hierdie tipe gemerktheid voorsiening maak: In hierdie gevalle geld naamlik 'n


*transtalg verplaasde leksikografiese deiktiese sentrum*, waar die leksikografiese deiktiese sentrum wat ten opsigte van 'n vertaalekwivalent geld in terme van die brontaal gedefinieer word.

Na aanleiding van die voorgaande bespreking oor die tipes etikette wat onderskei kan word, word 'n skematiese voorstelling van die voorgestelde tipologie in figuur 22 op die volgende bladsy aangebied. Hierdie tipologie is so ver moontlik taalwetenskaplik en leksikografies gemotiveer en is ontwikkel binne die raamwerk van 'n geformaliseerde model, naamlik die deiksismodel, wat die insigte wat in bestaande literatuur voorkom, sistematies probeer inkorporeer.

#### 4.6.1.2.3 Etiketgebruik in Afrikaanse vertalende woordeboeke

##### 4.6.1.2.3.1 Leksikografiese verantwoording

Die leksikograaf moet aan die gebruiker verantwoording gee van die werkswyse wat in die woordeboek gebruik is en die taalwetenskaplike en leksikografiese beginsels wat daarin toegepas is. Dit word gewoonlik in die metateks gedoen, waarin die werkswyse en beginsels wat gevolg is vir die gebruiker op so 'n wyse aangebied word dat hy/sy na die raadpleeg daarvan die woordeboek effektief vir talige bemagtiging (binne die raamwerk van die doel en funksie van die woordeboek) kan aanwend; die metateks behoort dus in die vorm van 'n gebruikersgids aangebied te word. Die gebruikersgids moet aan minstens twee vereistes voldoen: Dit moet (i) volledig wees, en (ii) vir die teikengebruiker maklik toeganklik wees in terme van formaat en inhoud. Wat die gebruik van etikette in Afrikaanse vertalende woordeboeke betref, blyk (albei) hierdie vereistes nie nagekom te word nie.



**Figuur 22: 'n Tipologie van etikette binne die deksismodel**

Volgens Gouws (1988: 43-44) word talle etikette in die TW gebruik, hoewel slegs 'n enkele etiket, naamlik *sleng*, in die metateks behandel word, en wel soos volg naas 'n voorbeeldartikel waarin die etiket voorkom:

(215) (*sl*): sleng gewoonlik aangedui net as vertaling nie self sleng is nie

Dit is 'n ondoeltreffende en onduidelike verklaring en verteenwoordig ontoereikende hantering (Gouws 1988: 43). In die RD word etiketgebruik in die supplementêre teks (vgl. 4.4) effens uitvoeriger behandel: Daar word kortliks in die algemeen op die gebruik van tegniese etikette en die “etiket” *fig.* gewys, sowel as die aanwending van die etiket *inf.* of *inf. bet.* ten opsigte van leksikale items wat as informeel gemerk is. Die aanbod is egter in terme van formulering baie meer toeganklik en gevolglik gebruikersvriendeliker as dié van die TW. Vergelyk die volgende uittreksel uit die RD-metateks wat handel oor die aanwending van tegniese etikette:

(216) **Konteksaanduiding** Om die besluit oor woordkeuse nog verder te vergemaklik, het ons voor sommige woorde 'n aanduiding tussen hakies gegee van die konteks waarin die woord gewoonlik gebruik word. Byvoorbeeld, by die aanvullende teks vir ‘kanker’ as naamwoord sien jy dat die Engelse woord ‘canker’ voorafgegaan is met (plantk.). Dit beteken dat ‘canker’ gewoonlik in 'n plantkundige konteks gebruik word. Wanneer die Afrikaanse woord ‘kanker’ as 'n plantkundeterm gebruik word, is ‘canker’ die regte Engelse woord.

Die gebruiker sou hierdie inligting ook suksesvol op die sentrale teks kon toepas. Hoewel die aanbod van hierdie inligting in die RD aan die vereiste van toeganklikheid voldoen, verteenwoordig die omvang daarvan egter nie juis 'n beduidend vollediger behandeling as dié in TW nie.

Wat die behandeling van etikette in die metatekste van Afrikaanse standaard vertalende woordeboeke betref, vertoon die GW sonder twyfel die swakste. Trouens, daar is nie eers sprake van 'n funksionele metateks in die GW nie. Die voortekste bestaan uit 'n kriptiese voorwoord in Afrikaans en Engels, gevolg deur 'n lys Engelse en Afrikaanse redaksionele afkortings en 'n lys Afrikaanse en Engelse redaksionele simbole. Etikette word op geen manier werklik behandel nie – die lys redaksionele afkortings bied gewoon die volvorme van die ingeslote etikette aan, soos die volgende uittreksel toon:

(217) *plantk.* plantkunde

Die AEW, as opvolger van die TW (vgl. die AEW se “Voorwoord”, p. vii), vaar heelwat beter. In die voorteks met die titel “Gebruiksriglyne” word 'n afdeling (“8 Etikette”, p. xiv) aan die gebruik


van etikette gewy. Vier klasse etikette word onderskei, met voorbeelde van die lede van elke klas. Dié klasse is stilistiese etikette, temporele etikette, geografiese etikette en vaktaaletikette. In die klas stilistiese etikette word die etikette *infml.* ‘informeel’, *fml.* ‘formeel’, *neerh.* ‘neerhalend’, *plat, vulg.* ‘vulgêr’ en *sl.* ‘sleg’ kortliks behandel. Vergelyk die behandeling van die etiket *infml.*:

### **Informeel (*infml.*)**

Woorde en uitdrukkings wat as informeel geëtiketteer is, kom meestal in die spreektaal voor, of in geskrewe taal met ’n geselstrant. Dit sal nie in formele dokumente gebruik word nie.

Onder temporele etikette word *arg.* ‘argaïes’, wat “slaan op woorde en uitdrukkings wat nie meer algemeen in gebruik is nie, maar wel in literêre werke of historiese dokumente voorkom”, en *vero.* ‘verouderd’, wat aandui “dat ’n woord of betekenis in onbruik geraak het”, onderskei. By die etiket *vero.* word verder gemeld dat die gebruik daarvan in die vaktaal daarop dui dat die betrokke term deur ’n ander vervang is. Hoewel hierdie verklarings vir die leksikograaf sin maak, is dit nie noodwendig onredelik nie om te verwag dat die teikengebruiker van die AEW moeilikheid kan hê om te bepaal wat presies die verskil is tussen leksikale items “wat nie meer algemeen in gebruik is nie” en dié wat “in onbruik geraak het”. Dit is dus nie seker of die verklarings vir die temporele etikette werklik funksioneel effektief is nie.

Geografiese etikette word soos volg verklaar:



’n Geografiese etiket dui aan dat ’n woord nie standaardtaalstatus het nie, omdat dit slegs in ’n sekere gebied gebruik word. Voorbeelde van sulke etikette is (*Am.*) = American; (*Br.*) = British; (*Du.*) = Dutch.

Die volgende verklaring word vir vaktaaletikette verskaf:

Vaktaaletikette word gebruik om woorde binne vaktaalverband te merk. In die Afrikaans-Engelse deel van die woordeboek sluit dit etikette in soos (*agric.*) = agriculture; (*gym.*) = gymnastics; (*psych.*) = psychology; (*telecomm.*) = telecommunications.

In ’n hoogs innoverende stap wat die Afrikaanse leksikografie betref, word ook ’n verklaring vir die mikrostrukturele plasing van etikette voorsien, wat toegelig word deur ’n voorbeeldartikel:

Die plasing van ’n etiket dui aan watter woord(e) deur die etiket gemerk word. In die voorbeeld hieronder gee die plasing van die etiket (*infml.*) regs van die vertaling *mate* te kenne dat die vertaling informeel is. Die trefwoord *man* word nie deur dié etiket geraak nie. Hierteenoor merk die etiket (*mil.*) beide die trefwoord *man* en die vertaling *number* as militêre terme, omdat die etiket vóór die vertaling staan.

Wanneer die TW, RD, GW en AEW met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat die AEW verreweg die mees toeganklike aanbod van inligting oor etiketgebruik voorsien. Geeneen van hierdie woordeboeke kan egter daarop aanspraak maak dat die inhoud van hulle inligting oor etiketgebruik volledig of altyd duidelik genoeg is nie. Volgens Gouws (1988: 8) vereis veral die kriptiese aard van etikette (d.w.s die feit dat hulle gewoonlik die vorm van afkortings aanneem en dat hulle bedoeling gevolglik sonder leiding dubbelsinnig kan voorkom) dat hulle waardes deeglik aan die gebruiker verduidelik word. Ook die feit dat 'n woord wat as etiket gebruik word termstatus in die woordeboek verkry (vgl. Gouws 1988: 11), noop die verklaring van die eenduidige denotasie van dié term aan die gebruiker. In die voorafgaande bespreking is reeds daarop gewys dat die probleem van die inkonsekwente en soms oënskynlik lukrake gebruik van etikette nie tot Afrikaanse woordeboeke beperk is nie. Verskeie navorsers wys op die behoefte dat etiketgebruik volledige en duidelike behandeling in die metateks geniet; vergelyk onder meer Al-Kasimi (1977: 88), Hausmann (1989: 650), Hausmann & Werner (1991: 2734), Hurtado (1994: 23); Norri (2000: 93) en Werner (1991: 2797). Murphy (1991: 60) wys op die belangrike punt dat sommige woordeboeke vanuit baie verskillende perspektiewe gelees word; derhalwe behoort daarop gelet te word dat die behandeling van etikette in metatekste akkuraat is ook wanneer dit vanuit verskillende perspektiewe gelees word.

Die lysing van etikette onder die opskrif “Redaksionele afkortings / Editorial abbreviations” lewer minstens drie probleme op. In die eerste plek is dit leksikografies onbevredigend om etikette gewoon as redaksionele afkortings te klassifiseer; daardeur word die pragmatiese funksie van dié tipe inskrywing ondermyn. Die lysing (en verklaring) van etikette behoort apart van die lysing van redaksionele afkortings geplaas te word, verkieslik onder die bespreking van etikette in die metateks. Die tweede probleem is dat slegs etikette wat in die vorm van 'n afkorting geld, in die lys redaksionele afkortings aangebied word. Etikette soos *golf* en *tennis*, wat gereedlik in die sentrale lys voorkom, figureer as gevolg van die lysing van etikette as redaksionele afkortings glad nie in die voortekste nie. Die implikasie is dat die woordeboekgebruiker sal weet wat die denotasie van 'n etiket is indien dit nie in die vorm van 'n afkorting verskyn nie. Volgens Lombard (1993: 150) dra die aanbod van etikette in onafgekorte vorm meriete in terme van gebruikersvriendelikheid. Dit veronderstel egter nie dat etikette nie termstatus in die woordeboek het nie en as sodanig in die metateks verklaar moet word nie. Lombard (1993: 150) bevind ook dat die toeligting oor etikette in die meeste Afrikaanse woordeboeke ontoereikend is. Die derde probleem is dat daar minstens ses etikette in die Afrikaanse en Engelse lys van redaksionele afkortings aangebied word wat meer as een denotasie verteenwoordig. Vergelyk die volgende uittreksels uit dié lys:



- (218) a. *Afr.* Afrikaans; Africa(n) [Eng. lys]  
b. *Angl.* Anglikaans(e); Anglisisme [Afr. lys]  
c. *fig.* figure; figurative(ly) [Eng. lys]  
d. *fig.* figuur; figuurlik(e)  
e. *med.* medical, medicine; medieval [Eng. lys]  
f. *org.* organies(e); organisasie [Afr. lys]

Gegee dat etikette as terme in die woordeboek funksioneer, verteenwoordig hierdie aanbod swak gebruikersleiding.

Meer aandag behoort aan die volledige en gebruikersvriendelike leksikografiese verantwoording van etikettering in Afrikaanse woordeboeke gegee te word.

#### 4.6.1.2.3.2 Optrede in die sentrale teks

Om die probleme wat die gebrekkige onderskeiding van die funksies van etikette vir die woordeboekgebruiker kan veroorsaak te ondersoek en te illustreer, moet volgens Werner (1991: 2798) meerdere artikels uit dieselfde woordeboek met mekaar vergelyk word. Ten opsigte van die GW bied Brand (2000: 16-51) so 'n bespreking, hoewel bepaalde tekortkominge daarin bestaan, sommige waarvan in die loop van hierdie bespreking uitgewys is. Brand (2000: 51) kom wel tot die gevolgtrekking dat daar baie inkonsekwentheid ten opsigte van die hantering van etikette in die GW bestaan.

In hierdie afdeling sal op aspekte van etiketgebruik in die AEW gefokus word, hoewel daar nie van 'n verslag oor diepgaande ondersoek sprake kan wees nie. Dit is as gevolg van die feit dat 'n bestaande woordeboek soos die AEW nie aan 'n nuut voorgestelde etikettipologie, soos wat in hierdie studie voorgelê word, getoets kan word nie. Die AEW word egter wel aan twee aspekte getoets wat nie deur die voorgestelde tipologie beïnvloed word nie, naamlik (i) die korrekte aanwending van groepsetikette, en (ii) die omkeerbaarheidsbeginsel (waarop Brand (2000: 16-51) ook t.o.v. die GW fokus).

Volgens Norri (1996: 1) bestaan daar 'n nou verband tussen 'n woordeboek se etiketpraktyk en gebruikers (en kritici) se persepsie van die waarde daarvan:

If these monitors of correct usage are inadequate, or indeed lacking, as is sometimes the case, the dictionary is unlikely to receive much acclaim.

Die gebruik van etikette in die AEW word soos volg in die “Voorwoord” (p. vii) verwoord:

Nog ’n pluspunt is die ruim gebruik van stilistiese, tyds-, geografiese en tegniese<sup>60</sup> etikette wat na uitdrukkingswyses, taalregisters en -vorme, vakgebiede, en dies meer verwys om die teks in sy geheel verstaanbaarder te maak.


Wanneer die voorkoms van etikette in die AEW vergelyk word met die voorkoms daarvan in die TW en die GW, word dit duidelik dat die AEW-leksikograwe inderdaad baie ruimer van etikette gebruik maak het as in vorige Afrikaanse vertalende woordeboeke. Die kwantitatiewe vergelyking is getref op grond van die voorkoms van etikette onder die eerste 2 000 artikels in die artikeltrajek van *S/s* in die Afrikaans-Engels-deel van elke woordeboek. In die telling is die etikette *fig.* en *lit.* nie bygereken nie, aangesien hulle in hierdie studie nie as funksionele etikette beskou word nie, soos onder 4.6.1.2.2.4 bespreek. Die resultate van die vergelyking word in tabel 4 opgesom:

Woordeboek	Artikelsubtrajek	Aantal etikette
TW	s – selfsugtig	68
GW	s – senuweemiddel	53
AEW	s – selfbegrip	589

**Tabel 4: Kwantitatiewe vergelyking tussen die TW, GW en AEW: Die voorkoms van etikette in die eerste 2 000 artikels in die artikeltrajek van *S/s* in die Afrikaans-Engels-deel van elke woordeboek**

Die klaarblylike etiketontploffing in die AEW relatief tot die TW en die GW word veral duidelik in ’n grafiese voorstelling van die data; vergelyk figuur 23:

<sup>60</sup> In die “Gebruiksriglyne” word tegniese etikette *vaktaaletiketette* genoem (p. xiv).



**Figuur 23: Staafgrafiek wat die kwantitatiewe vergelyking tussen die TW, GW en AEW t.o.v. die voorkoms van etikette in die eerste 2 000 artikels in die artikeltrajek van S/s in die Afrikaans-Engels-deel van elke woordeboek voorstel**

Die steekproef, hoewel dit nie vir statistiese beduidendheid getoets is nie, suggereer ’n toename van 762,1% in etiketvoorkoms in die AEW teenoor die TW, en ’n toename van 973,6% teenoor die GW. Etiket is waarskynlik dié inskrywingstipe wat die mees dramatiese toename in frekwensie toon in die AEW as die jongste Afrikaanse vertalende woordeboek. Dit wil dus voorkom asof die leksikograwe van die AEW dit met Norri (1996: 1) eens is oor die waarde van etikette vir die beeld van die woordeboek. Oënskynlik kan hierdie verskynsel ook as ’n antwoord op Gouws (1988: 43), wat Afrikaanse woordeboeke vir die onderbenutting van etikette kritiseer, beskou word.

Die aantal Afrikaanse etikette wat in die “Redaksionele afkortings in die Engels-Afrikaanse deel” in die AEW (p. xix-xx) geïdentifiseer is<sup>61</sup>, kan in terme van die voorgestelde etikettipologie soos volg geklassifiseer word:

<sup>61</sup> Soos reeds aangetoon, verskyn nie alle etikette wat in die sentrale lys optree in hierdie lys nie.

Etiket tipe	Aantal
Groepsetiket	241
Stilistiese etikette	13
Slengtaaletiket	4
Linguistiese etikette	20

**Tabel 5: Klassifikasie van die aantal geïdentifiseerde etikette in die “Redaksionele afkortings in die Engels-Afrikaanse deel” in die AEW**

Soos die data in tabel 5 toon, verteenwoordig groepsetiket die grootste deel van die versameling etikette wat in die AEW se lys van redaksionele afkortings aangebied word. Die meeste van hierdie groepsetiket is tegniese etikette (N = 160 = 66,4% van alle groepsetiket).

#### 4.6.1.2.3.2.1 Toets vir die korrekte aanwending van etikette

Die aanwending van etikette in die Afrikaans-Engels-deel in die AEW word aan die hand van die klas groepsetiket in ’n steekproef ondersoek. Die doel van die steekproef is om ’n aanduiding te kry of groepsetiket (as subversameling van die volledige versameling etikette) korrek in die sentrale lys aangewend word. Korrektheid word gemeet aan die inligting wat uit die metateks verkry kan word. Die data vir die steekproef kom uit die mikrostrukturele bewerking wat die eerste 15 bladsye van die artikeltrajek van *S/s* in die Afrikaans-Engels-deel in die AEW beslaan (d.i. die artikeldeeltrajek **s – sewe-yster**). Aangesien die bewerking van die sentrale lys van die Afrikaans-Engels-kant in die AEW oor 720 bladsye strek, verteenwoordig die geselekteerde 15 bladsye ’n steekproef van 2,08%.<sup>62</sup> Die steekproef is spesifiek uit die artikeltrajek van *S/s* geselekteer, aangesien die bewerking van dié artikeltrajek die grootste deel van die Afrikaans-Engels-deel van die sentrale lys beslaan. Hiervolgens word van die veronderstelling uitgegaan dat die artikeltrajek die beste verteenwoordiging bied van dié deel van die Afrikaanse leksikon wat in die AEW behandel word.<sup>63</sup>

<sup>62</sup> Gegee dat nie alle bladsye in die sentrale lys in die Afrikaans-Engels-deel volledig deur mikrostrukturele bewerking beslaan word nie, óf omdat ’n bepaalde artikeltrajek voor die einde van ’n bladsy eindig (vgl. die einde van die artikeltrajek van *B/b* op p.91), óf omdat die volledige artikeltrajek op minder as ’n bladsy pas (vgl. die artikeltrajekte van *X/x* op p. 717 en *Z/z* op p.720), kan aangeneem word dat die dataseleksie ’n steekproef van effens hoër as 2,08% verteenwoordig.

<sup>63</sup> Weens die alfabetiese ordening van lemmatekens verteenwoordig ’n ewekansige seleksie van die 15 bladsye wat die steekproef opmaak uit die volledige sentrale lys nie ’n gepaste dataseleksiemetode nie; die toepassing van sodanige metode mag bv. tot die seleksie van dié bladsy lei wat die volledige artikeltrajek van *X/x* bevat, wat grootliks uit geëtiketteerde lemmata bestaan en nie as verteenwoordigend van die makrostruktuur beskou kan word nie. Die ideale steekproef sou uit ’n ewekansige seleksie van ’n verteenwoordigende aantal lemmata uit die makrostruktuur bestaan. Weens ’n gebrek aan gereedlike toegang tot die benodigde databasis en programmatuur is die toepassing van hierdie metode egter nie moontlik nie. Buitendien sou die mono- al dan polisemantiese aard van sodanig geselekteerde lemmata die mate waarin die seleksie die makrostruktuur verteenwoordig verder beïnvloed. ’n Alternatiewe steekproefmetode sou kon wees om elke 100ste lemma te selekteer om ’n steekproef van minstens 1% te verkry. Weens die onhaalbaarheid van ideale dataseleksie vir hierdie steekproef sou die veralgemening van die resultate op die hele

Die steekproef sluit 2 919 artikels in waarvan die lemmata beide mono- en polisemiese leksikale items verteenwoordig. 843 etikette in die klasse wat in hierdie studie erken word, kom voor. Die optrede van alle aangebode groepsetikette is nagegaan. Ten opsigte van geografiese etikette en tegniese etikette is 'n aantal foutiewe aanwendings geïdentifiseer, wat vervolgens kortliks beskryf word.

Die doel van geografiese etikette, soos in die AEW se metateks weergegee, is reeds in die vorige afdeling gemeld (vgl. 4.6.1.2.3.1). Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel uit die steekproef:

(219) **saagbek** (*orn.*) merganser, sawbill; *groot ~bek* goosander, common merganser (*Am.*).

In die artikel in (219) is die geografiese etiket *Am.* 'Amerikaans' aan die vertaalekwivalent *common merganser* geadresseer om die gebruiker daarop te wys dat dié vertaalekwivalent slegs in die Amerikaanse variëteit van Engels voorkom en daarom nie as verteenwoordigend van die standaardtaalvariëteit van Engels beskou behoort te word nie. Vergelyk hierteenoor die aanwending van geografiese etikette in die volgende artikels uit die steekproef:

- (220) a. **sampan** = *pans* (*Chin.*: *small boat*) sampan.  
b. **sampioen** [...] (edible) mushroom, champignon (*Fr.*).

Binne die raamwerk van die metateksverklaring vir die aanwending van geografiese etikette moet die gebruiker die aanwending van die etikette in (220) soos volg interpreteer:

- (221) a. Die aanwending van die geografiese etiket *Chin.* 'Chinees' ten opsigte van die lemma **sampan** beteken dat die leksikale item *sampan* nie deel van die standaardtaalvariëteit van Afrikaans uitmaak nie, aangesien dit slegs in die Chinese variëteit van Afrikaans voorkom.
- b. Die aanwending van die geografiese etiket *Fr.* 'Frans' ten opsigte van die vertaalekwivalent *champignon* beteken dat dié vertaalekwivalent nie deel van die standaardtaalvariëteit van Engels uitmaak nie, aangesien dit slegs in die Franse variëteit

---

Afrikaans-Engels-deel vanuit 'n statistiese oogpunt wel bevraagteken kon word; juis daarom is gepoog om 'n steekproef van groter as 1% te verkry.

van Engels voorkom.

Die interpretasies in (221) is kennelik onakkuraat, aangesien die genoemde variëteite nie as sodanig bestaan of erken word nie. Die geografiese etikette is in hierdie gevalle eerder bedoel as aanduiders van etimologie, soos in die volgende artikel:

(222) **satori** (<*Jap.*, *Buddh.*: *sudden enlightenment*) satori.

In die artikel in (222) word die aanduiders van etimologie *Jap.* ‘Japannees’ van die tegniese etiket *Buddh.* ‘Boeddhisme’ onderskei deur die nie-tipografiese struktuurmerker “<” wat dié aanduiders premarkeer. In die artikels in (220) behoort die inskrywings wat as geografiese etikette voorgedra word ook deur dié struktuurmerker geprepareer te word om hulle as aanduiders van etimologie, en nie etikette nie, te merk. Daarbenewens sou die linguistiese etiket *leenw.* ‘leenwoord’, waarvoor in die lys van Afrikaanse redaksionele afkortings voorsiening gemaak word (vgl. p. xix), in dié artikels gebruik kon word.<sup>64</sup>

Die aanwending van die geografiese etiket *SA* ‘Suid-Afrikaans’ is ook twyfelagtig. Vergelyk die volgende artikel uit die steekproef:

(223) **seilskoen** canvas shoe, *tackie* (*SA, infml.*) *tacky* (*SA, infml.*), *sneaker* (*Am.*), *sandshoe* (*Br.*), *plimsoll* (*Br.*), *plimssole* (*Br.*).



Die geografiese etikette *Am.* en *Br.* ‘Brits’ word korrek aan die relevante vertaalekwivalente geadresseer. Aangesien die taalgebied wat deur die AEW gedek word primêr Suid-Afrika is, val bron- of doeltaalinskrywings wat tot die Suid-Afrikaanse variëteit van Engels behoort nie buite die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek nie (vgl. Gouws 1988: 30); die etiket *SA* is dus volledig onnodig.

Die doel van tegniese etikette, soos in die AEW se metateks weergegee, is ook reeds in die vorige afdeling gemeld (vgl. 4.6.1.2.3.1). Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel uit die steekproef:

(224) **sekelvormig** = *e sickle-shaped, crescent(-shaped)*; (*biol.*) *falcate(d)*, *falciform*.


<sup>64</sup> *Leksikografiese deiktiese sentrum*: Daardie versameling leksikale items wat nie leenitems verteenwoordig nie.

Die aanwending van die tegniese etiket *biol.* ‘biologie’ direk na die polisemie-aanduiders “;” en voor die doeltaalsinoniemparadigma wat op die tweede polisemiese waarde van die lemma gerig is, dui daarop dat beide die lemma en die lede van die geëtiketteerde doeltaalsinoniemparadigma tot die vaktaal van die biologie behoort en daarvolgens as terme in dié dissipline geld. Vergelyk hierteenoor die aanwending van die tegniese etikette in die volgende artikels uit die steekproef:

- (225) a. **sebra** =*bras*, (*zool.*) zebra.  
b. **seeperdjie** (*icht.*) sea horse, horsefish; (*myth., anat.*) hippocampus.

Binne die raamwerk van die metateksverklaring vir die aanwending van tegniese etikette moet die gebruiker die aanwending van die tegniese etikette *zool.* ‘soölogie’ en *icht.* ‘igtiologie’ in (225) soos volg interpreteer:

- (226) a. Die aanwending van die tegniese etiket *zool.* ten opsigte van die lemma **sebra** beteken dat die leksikale item *sebra* nie deel van die standaardtaalvariëteit van Afrikaans uitmaak nie en beperk is tot die vaktaal van die soölogie.
- b. Die aanwending van die tegniese etiket *icht.* ten opsigte van die lemma **seeperdjie** beteken dat die leksikale item *seeperdjie* nie deel van die standaardtaalvariëteit van Afrikaans uitmaak nie en beperk is tot die vaktaal van die igtiologie.



Die interpretasies in (226) is kennelik onakkuraat, aangesien die twee betrokke leksikale items inderdaad algemeen gebruiklike Standaardafrikaans verteenwoordig en geensins tot die leksikon van ’n bepaalde vaktaal beperk is nie. Daarenteen is die tegniese etikette *myth.* ‘mitologie’ en *anat.* ‘anatomie’ korrek aangewend, aangesien hulle op die werklik beperkte gebruik van die geadresseerde velde tot die genoemde velde beperk is. Die foutiewe aanwending van die tegniese etikette *zool.* en *icht.* in (225) word verder geïllustreer deur die ongeëtiketteerdheid van lemmata soos **seerob**, **seeskilpad**, **seeslang**, **seespinnekop** en **seewurm** in dieselfde nes waarin die lemma **seeperdjie** verskyn.

Die oënskynlik ruim aanwending van die tegniese etiket *geog.* ‘geografie’ is ook twyfelagtig. Vergelyk in hierdie verband die volgende artikels uit die steekproef:


- (227) a. **Senegal** (*geog.*) Senegal.  
b. **Serwië** (*geog.*) Serbia.

Die etikettering van die lemmata in (226) wys op verwarring tussen geografiese name en geografiese terme aan die kant van die leksikograaf. Geografiese name kan nie as geografiese terme beskou word nie en behoort tot die standaardtaalvariëteit van Afrikaans; hulle behoort dus nie geëtiketteer te word nie.

Van die 843 aangebode etikette wat deur die steekproef ingesluit word, kan 117 (13,9%) in terme van die voorgaande bespreking as foutief aangewend beskryf word. Dit laat kom die aantal korrek aangewende etikette in die steekproef op 726 te staan. Hierdie resultate kan soos volg op die res van die sentrale lys van die Afrikaans-Engels-deel van die AEW toegepas word:

$$\begin{aligned} \text{Steekproef } x &= 2,08\% \text{ van die totale populasie} \\ \text{Dus: } x \times 48,07692307 &= 100\% \text{ van die totale populasie} \\ \text{Foutiewe etikette in steekproef } x &= 117 \\ \text{Dus: Foutiewe etikette in totale populasie} &= 117 \times 48,07692307 \\ &= 5\,625 \end{aligned}$$

Volgens die bostaande toepassing sou dus beweer kon word dat tot soveel as 5 625 foutiewe etikette in die Afrikaans-Engels-deel van die sentrale lys van die AEW sal voorkom. Dit kom neer op 'n gemiddeld van 7,8 foutiewe etikette per volle woordeboekbladsy in die AEW.



Hoewel hierdie steekproef se metodiek en derhalwe die resultate nie noodwendig in alle opsigte as streng statisties aanvaarbaar beskou kan word nie, gee dit wel 'n aanduiding van die moontlike omvang van die foutiewe aanwending van etikette in die AEW. Hierby is uiteraard nie die gebrek aan etikette waar hulle wel behoort op te tree, ingereken nie.

#### 4.6.1.2.3.2.2 *Toets vir die geldigheid van die omkeerbaarheidsbeginsel van etikette*

Die geldigheid van die omkeerbaarheidsbeginsel ten opsigte van etikette word in 'n verteenwoordigende steekproef ondersoek. Die doel van die steekproef is om 'n aanduiding te kry van die mate waarin die omkeerbaarheidsbeginsel geld ten opsigte van etikette wat in die Afrikaans-Engels-deel van die sentrale lys van die AEW aan brontaalinskrywings geadresseer is. Geëtiketteerde doeltaalinskrywings word nie betrek nie. Die mate waarin die omkeerbaarheidsbeginsel geld, word in twee fases getoets, naamlik (i) die mate waarin geëtiketteerde brontaalinskrywings as doeltaalinskrywings in die Engels-Afrikaans-deel opgeneem



word, en (ii) die mate waarin geëtiketteerde brontaalinskrywings wat wel as doeltaalinskrywings in die Engels-Afrikaans-deel figureer (identies) geëtiketteer word. Die data vir die steekproef kom uit die mikrostrukturele bewerking wat die eerste 15 bladsye van die artikeltrajek van *S/s* in die Afrikaans-Engels-deel in die AEW beslaan (d.i. die artikelsubtrajek **s – sewe-yster**). Aangesien die bewerking van die sentrale lys van die Afrikaans-Engels-kant in die AEW oor 720 bladsye strek, verteenwoordig die geselekteerde 15 bladsye 'n steekproef van 2,08%.

### Fase (i)

Die steekproef het 557 geëtiketteerde brontaalinskrywings in bestek. Elkeen van hierdie inskrywings se opname al dan nie as doeltaalinskrywings in die Engels-Afrikaans-deel van die AEW is nagegaan. Van die 557 brontaalinskrywings is 437 (78,5%) as doeltaalinskrywings in die teenoorstaande deel opgeneem. Dit beteken dat 120 brontaalinskrywings (21,5%) nie positief aan die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel toets nie. Hierdie resultate kan soos volg op die res van die sentrale lys van die Afrikaans-Engels-deel van die AEW toegepas word:

$$\begin{aligned}
 \text{Steekproef } x &= 2,08\% \text{ van die totale populasie} \\
 \text{Dus: } x \times 48,07692307 &= 100\% \text{ van die totale populasie} \\
 \text{Negatiewe toets vir die} \\
 \text{omkeerbaarheidsbeginsel in steekproef } x &= 120 \text{ geëtiketteerde brontaalinskrywings} \\
 \text{Dus: Negatiewe toets in totale populasie} &= 120 \times 48,07692307 \\
 &= 5\,769 \text{ geëtiketteerde brontaalinskrywings}
 \end{aligned}$$

Volgens die bostaande toepassing sou dus beweer kon word dat tot soveel as 5 769 geëtiketteerde brontaalinskrywings in die Afrikaans-Engels-deel van die sentrale lys van die AEW voorkom wat nie as doeltaalinskrywings in die Engels-Afrikaans-deel voorkom nie. Dit kom neer op 'n gemiddeld van 8 sodanige brontaalinskrywings per volle woordeboekbladsy in die Afrikaans-Engels-deel van die AEW. Hierby word uiteraard nie ongeëtiketteerde brontaalinskrywings ingereken nie.


### Fase (ii)

Alle brontaalinskrywings wat positief vir die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel in fase (i) getoets het, geld as basis vir die toetsing van die geldigheid van die omkeerbaarheidsbeginsel ten opsigte van etikette (N = 437). 'n Totaal van 478 etikette is oor hierdie inskrywings versprei, wat

beteken dat sommige inskrywings die adres van meer as een etiket is. Die mate waarin hierdie etikette ook ten opsigte van die ooreenkomstige doeltaalinskrywings in die Engels-Afrikaans-deel van die AEW geld, is nagegaan. Van hierdie 478 etikette verskyn 320 (67%) ten opsigte van die ooreenkomstige doeltaalinskrywings in die Engels-Afrikaans-deel. Dit beteken dat 158 etikette (33%) nie positief aan die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel toets nie. Hierdie resultate kan soos volg op die res van die sentrale lys van die Afrikaans-Engels-deel van die AEW toegepas word:

$$\begin{aligned} \text{Steekproef } x &= 2,08\% \text{ van die totale populasie} \\ \text{Dus: } x \times 48,07692307 &= 100\% \text{ van die totale populasie} \\ \text{Negatiewe toets vir die} \\ \text{“omkeerbaarheidsbeginsel” in steekproef } x &= 158 \text{ etikette} \\ \text{Dus: Negatiewe toets in totale populasie} &= 158 \times 48,07692307 \\ &= 7\,596 \text{ etikette} \end{aligned}$$

Volgens die bostaande toepassing sou dus beweer kon word dat tot soveel as 7 596 etikette ten opsigte van brontaalinskrywings in die Afrikaans-Engels-deel van die sentrale lys van die AEW verskyn wat nie ook ten opsigte van die ooreenkomstige doeltaalinskrywings in die Engels-Afrikaans-deel verskyn nie. Dit kom neer op 'n gemiddeld van 10,6 etikette per volle woordeboekbladsy in die Afrikaans-Engels-deel van die AEW wat nie aan die toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel voldoen nie.



Indien die volledige toepassing van die omkeerbaarheidsbeginsel as een van die maatstawwe vir die bepaling van die leksikografiese meriete van 'n vertalende woordeboek geld, kan gekonstateer word dat die AEW in hierdie opsig, wat etikettering en geëtiketteerde bron- en doeltaalinskrywings betref, blykbaar ontoereikende hantering vertoon. Hierdie stand van sake kompromitteer ten minste in 'n mate die leksikografiese meriete wat aan die klaarblyklieke etiketontploffing in die AEW geheg kan word. Boonop is nie alle aspekte van etikettering hier ondersoek nie.

#### 4.6.1.2.3.2 Die effektiwiteit van etikette

Lombard (1993: 145) haal Wells (1973: 108) aan om die nut van etikette te illustreer:

Certainly a general dictionary is often consulted for the connotative value of a word, or to determine whether a word is appropriate to a certain situation.

Daar is ook reeds op die oënskynlike rol van etikette in die waardebeplanning van 'n woordeboek gewys (vgl. 4.6.1.2.3.1). Verkuyl et al. (2003: 307-309) is egter nie oortuig van Wells se standpunt hierbo nie. Trouens, volgens hulle bevindinge speel die werklike gebruik van etikette deur werklike woordeboekgebruikers in werklike gebruikssituasies 'n marginale rol in taalbemaatiging.

Volgens Verkuyl et al. (2003: 307-308) het empiriese navorsing getoon dat in 90% van alle gebruiksinstanties van verklarende woordeboeke die doel is om 'n formele probleem (meestal spelling) op te los. 75% van die getoetste gebruikers het aangetoon dat hulle die woordeboek ook vir betekenisprobleme raadpleeg, terwyl slegs 23% gemeld het dat hulle die woordeboek vir leiding oor styl gebruik. Etikette is nooit as spesifieke hulpmiddel genoem nie. Empiriese navorsing onder gebruikers van vertalende woordeboeke het volgens Verkuyl et al. (2003: 308) aan die lig gebring dat etikette gereken is as behorende tot

a wastebasket category of *Other types of information* comprising less than 5% of the total looking-up activities.

Verkuyl et al. (2003: 308) verwys ook na 'n studie van Höhne, wat bevind het dat

the [translation – HLB] dictionary is used for language advice on the stylistic level in only 3.2% of the cases, which is very low compared to orthography (58%), syntax (18%), and morphology (12%).

Verkuyl et al. (2003: 308) meld ook dat hulle eie empiriese navorsing die voorgenoemde resultate ondersteun, en voer die volgende redes vir hierdie stand van sake aan:

In the first place, users do not feel the need for assistance by label information. It is easy to understand why: experienced dictionary users are also experienced language users, capable of making a language choice on their own. And if they need the information provided by the label, there is a big chance that it will be overlooked. This is caused by its position in an entry, on par with the grammatical labels that laymen usually do not understand. Also, the way in which usage labels are graphically presented is considered a signal of their minor importance for the content, in other words, as an implicit hint to skip them.

Kommentaar behoort op hierdie betoog gelewer te word alvorens na die res van die aangevoerde redes gekyk word. In die eerste plek is dit nodig om die belangrikheid van die konteksparameter in gedagte te hou. Verkuyl et al. (2003) beskou woordeboeke (en etiketgebruik) vanuit 'n ander perspektief as wat byvoorbeeld in Suider-Afrika sou geld. Binne die konteks van die Suider-Afrikaanse situasie kan woordeboekgebruik om verskeie redes (waardes van veranderlikes binne die konteksparameter) nie as vanselfsprekend aanvaar word nie. In die meeste gevalle is dit juis die

onervare woordeboekgebruiker wat die woordeboek nodig het en probeer gebruik. Daarbenewens behoort woordeboeke juis ook op die onervare gebruiker gerig te wees; daar is immers reeds in hierdie studie daarop gewys dat die leksikograaf nie op die taalintuisie van die teikengebruiker mag staatmaak nie, hoewel dit ongelukkig in baie Afrikaanse woordeboeke wel die geval is. Wat die posisie van etikette in die woordeboekartikel betref, bots Verkuyl et al. se standpunt lynreg met dié van Gouws (1988: 49), wat aanvoer dat die etiket juis vanweë sy normale inskrywingswyse in 'n leksikografiese fokusposisie optree. Die probleem lê waarskynlik eerder in die struktuurmerkers wat etikette van ander inskrywings behoort te onderskei. Etikette behoort deur unieke en duidelike struktuurmerkers in die woordeboekartikel uitgewys te word. 'n Voorstel in hierdie verband word in hoofstuk 5 gemaak.

Volgens Verkuyl et al. (2003: 380) is 'n verdere rede vir die onderbenutting van etikette deur gebruikers die feit dat gebruikers etikette die meeste van die tyd nie verstaan nie. Dit lei daartoe dat etikette nie akkuraat geïnterpreteer word nie. Dat hierdie probleem ook ten opsigte van Afrikaanse woordeboeke bewys sou kon word, ly geen twyfel nie, veral indien die leksikografiese verantwoordings van die aanwending van etikette in die betrokke woordeboeke nagegaan word (vgl. 4.6.1.2.3.1; Gouws 1988: 8).

Die laaste rede wat Verkuyl et al. (2003: 309) aanvoer, is dat selfs indien die woordeboekgebruiker aangebode etikette verstaan, dit steeds nie duidelik is hoe die inligting wat die etiket verstrek sy/haar uiteindelige besluit (op bv. 'n vertaaltekwivalent) moet bepaal nie. Om hierdie probleem te voorkom, is dit des te belangriker dat die behoeftes van die teikengebruiker in ag geneem word by die keuse van etikette (vgl. Gouws 1988: 9).

#### 4.6.1.2.4 Samevattend

Etikette verteenwoordig 'n belangrike middel wat tot die leksikograaf se beskikking is om konteksleiding aan die woordeboekgebruiker te bied. Die oordeelkundige beplanning en gebruik van etikette kan die gehalte van 'n vertalende woordeboek verhoog.

In hierdie bespreking is die toepassing van etikette binne die voorgestelde deiksismodel gesitueer. Uit die toepassing van hierdie model word dit duidelik dat 'n woordeboek se etiketpraktyk nie lukraak toegepas kan word nie, maar op 'n teoreties goed gefundeerde sisteem gebaseer moet wees. Die verkenning van die begrip *leksikografiese deiktiese sentrum* binne die deiksismodel wys ook daarop dat die volledige versameling parameters binne die model vir gebruikersvriendelike

woordeboeke op etikettering in 'n woordeboek inspeel en sodoende die primêre konteks bepaal waarbinne doeltaalitems met brontaalitems in die vertalende woordeboek gekoördineer word. Uit die studie van linguistiese etikette het ook geblyk dat hoewel etikette onder die klas diskriminators val, hulle ook kontekstuele leiding kan verskaf, en dat kontekstuele leiding nie tot kontekstinskrivings beperk is nie.

#### 4.6.1.3 Glosse

##### 4.6.1.3.1 Aard en funksie

Vergelyk die volgende artikel uit die AEW:

- (228) **skitterend** =rende sparkling, glittering, glittery (*eyes, diamonds, etc.*); brilliant, splendid, scintillating (*performance etc.*); shining (*example etc.*); superb (*idea etc.*); superlative (*display, specimen, etc.*); outstanding (*plan, success, etc.*); magnificent (*reception etc.*); glorious (*victory, weather, etc.*); spectacular (*show etc.*); vivid (*colours*); effulgent (*poet.*); →SKITTER; 'n ~e ... wees, (also) excel as a ... (*cook etc.*).

Die inskrivings *eyes, diamonds, etc.*; *performance etc.*; *example etc.*; *idea etc.*; *display, specimen, etc.*; *plan, success, etc.*; *reception etc.*; *victory, weather, etc.*; *show etc.*; *colours* en *cook etc.* in die artikel in (228) verteenwoordig glosse. Zgusta (1971: 329) tipeer 'n glos soos volg:

[A] gloss is not an explanation: whereas the latter [d.i. 'n betekenisverklaring – HLB] approaches the lexicographic definition, the gloss does not attempt more than to indicate as succinctly as possible the relevant difference, the critical features, the sphere of application, etc.

In die bostaande beskrywing word 'n funksionele onderskeid getref tussen glosse en betekenisverklarings. Met betrekking tot die “sphere of influence” wat deur 'n glos aangedui kan word, is dit ook nodig om glosse in terme van funksie duidelik van leksikografiese etikette te onderskei.

Die klas betekenisverklarings bestaan enersyds uit betekenisparafrases, wat die denotatiewe betekenis van brontaalinskrivings deur 'n semasiologiese aanbod van betekenisinligting verskaf, en andersyds uit woordsinonieme, wat die denotatiewe betekenis van brontaalinskrivings deur 'n onomasiologiese aanbod van betekenisinligting verskaf (vgl. 4.6.1.1.3). In Zgusta (1971: 329) se funksiebeskrywing van glosse is dit duidelik dat hulle nie op betekenisverklaring gerig is nie. Derhalwe kan 'n glos nie die vorm van 'n betekenisparafrase of 'n woordsinoniem aanneem nie. Dit

beteken egter nie dat betekenisverklarings én glosse nie ten opsigte van dieselfde polisemiese waarde van 'n lemma mag optree nie; trouens Gouws (1989: 172) verklaar dat dit die ideaal is dat albei tipes inskrywings in een artikel gebruik moet kan word. 'n Verdere belangrike verskil tussen betekenisverklarings en glosse is dat eersgenoemde uitsluitlik aan brontaalinskrywings geadresseer is, terwyl laasgenoemde uitsluitlik aan doeltaalinskrywings geadresseer is (vgl. Gouws 1989: 172).

Soos duidelik blyk uit die bespreking van leksikografiese etikette in 4.6.1.2, is hulle primêre funksie om op gebruiksbepkeringe van bron- of doeltaalinskrywings (binne die primêre konteks) te wys. Die aanduiding van gemerkte gebruiksbepkeringe kan nie deur glosse uitgedruk word nie. Indien 'n glos wel gebruik word om 'n bron- of doeltaalinskrywing se gebruik sfeer aan te dui, moet die sodanige aanduiding ongemerkte gebruik aandui, dit wil sê die verteenwoordigde leksikale domein moet binne die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek val. Indien dit nie die geval is nie, is die insluiting van 'n leksikografiese etiket verplig. Leksikografiese etikette geniet weens hulle aanduiding van die primêre konteks (vgl. 4.6.1.2.2.2) voorrang bo glosse. Indien 'n glos byvoorbeeld dieselfde gebruik sfeer aandui as wat 'n etiket sou aandui, moet die glos deur die etiket vervang word, terwyl die omgekeerde nie moontlik is nie. Die aanwending van 'n etiket moet egter nie die gebruik van glosse in 'n woordeboekartikel uitsluit nie. Ten spyte van die gemerktheid van 'n bron- of doeltaalinskrywing kan 'n glos steeds effektief aangewend word om konteksleiding te bewerkstellig.

Terwyl daar spesifieke riglyne bestaan wat die gebruik van betekenisverklarings en leksikografiese etikette reguleer, is glosse aan minder gebruiksbepkeringe onderhewig; trouens, dit kan as die primêre taak van die glos beskou word om juis in daardie gevalle konteksleiding te verskaf waar betekenisverklarings en leksikografiese etikette dit nie kan doen nie. Daarbenewens word die vorm van glosse (i.t.v. inhoud) nie deur so 'n beperkende raamwerk soos wat op betekenisverklarings en etikette van toepassing is, gebind nie. In hierdie verband meld Zgusta (1971: 330) selfs dat dit nie baie belangrik is om (in die metaleksikografiese gesprek) baie aandag aan die vorm van glosse te gee nie. In die aanwending van glosse ter wille van konteksleiding het die leksikograaf dus in vergelyking met die ander diskriminators die meeste vryheid, hoewel juis hierdie vryheid die toepassing van die nodige omsigtigheid noop, soos wat aangedui sal word.

Die primêre funksie van 'n glos is om ekwivalentdiskriminerend op te tree (vgl. Zgusta 1971: 329). In hierdie funksie wys die glos óf indirek op die relevante polisemiese waarde van die lemmaties verteenwoordigende leksikale item waaraan die vertaalekwivalent geadresseer word, óf op die

polisemiese waarde van die vertaalekwivalent in terme waarvan dit met die lemma gekoördineer word, óf albei.

#### 4.6.1.3.2 Leksikografiese verantwoording

Ten spyte van die wye toepassingsveld van glosse in die mikrostruktuur, behoort die leksikograaf steeds die gebruik daarvan in die metateks aan die gebruiker te motiveer en te verklaar. In die TW se metateks word geen melding van die optrede van glosse gemaak nie. Daar is reeds vroeër aangedui dat daar in die GW nie sprake van 'n bestaande metateks is nie; gevolglik kom 'n verklaring oor glosse ook nie in dié woordeboek voor nie. In die AEW word glosse “gebruiksetikette” genoem. In die metateks word slegs op die implikasies van die mikrostrukturele plasing 'n subversameling van die glosse in dié woordeboek gewys; hulle funksie kom glad nie aan bod nie. Vergelyk die toeligting op p. xiii:

Staan 'n gebruiksetiket voor 'n werkwoord, dui dit aan dat die werkwoord onoorganklik gebruik word. Is die volgorde omgekeer, is die werkwoord oorganklik.

Naas hierdie kernagtige verwysing verskyn twee voorbeeldartikels waarin die verklaarde beginsel geïllustreer word.

In vergelyking met die Afrikaanse vertalende woordeboeke toon die CD en OFD voorbeeldige gebruikersleiding ten opsigte van die gebruik van glosse. In die CD word die gebruik van glosse in meer besonderhede onder die opskrif “Explanatory material” in die metateks (p. xv) gespesifiseer, soos wat die volgende opsomming daarvan toon:

Verklaring	Voorbeeldartikel
<b>2.1 Indicators</b> in brackets ( ):	
<b>2.1.1</b> Explanations and Clarification	<b>lounge</b> <i>n</i> (in house) Wohnzimmer <i>nt</i> , (in hotel) Gesellschaftsraum <i>m</i>
<b>2.1.3</b> within verb entries, typical subjects of the headword <sup>65</sup>	<b>peel</b> $\square$ <i>vi</i> (wallpaper) sich lösen; (paint) abblättern; (skin, person) sich schälen or pellen ( <i>inf</i> )
<b>2.1.4</b> within noun entries, typical noun complements of the headword	<b>Schar</b> <sup>1</sup> <i>f</i> -, - <b>en</b> crowd, throng ( <i>liter</i> ); (von Vögeln) flock; (von Insekten, Heuschrecken etc) swarm
<b>2.2 Collocators</b> or typical complements, not in brackets:	
<b>2.2.1</b> in transitive verb entries, typical objects of the headword	<b>dent</b> $\square$ <i>vt</i> hat, car, wing einbeulen, verbeulen; wood, table eine Delle machen in (+acc); ( <i>inf</i> ) pride, confidence anknacksen ( <i>inf</i> )
<b>2.2.2</b> in adjective entries, typical nouns modified by the headword	<b>neu</b> <i>adj</i> new; Seite, Kräfte, Hoffnung Truppen auch fresh; (= kürzlich entstanden auch) recent; (= frisch gewaschen) Wäsche, Socken clean; Wein young
<b>2.2.3</b> in adverb entries, typical verbs or adjectives modified by the headword	<b>vaguely</b> <i>adv</i> vague; remember also dunkel; speak also unbestimmt; understand ungefähr, in etwa

**Tabel 6: Opsomming van die gebruiksheiding oor glosse in die metateks van die CD (p. xv)**

Hierdie baie gebruikersvriendelike leiding met betrekking tot die gebruik van glosse in die CD maak die verskillende toepassingswaardes van glosse duidelik en dui ook vir die gebruiker aan hoe dié inskrywings tipografies van ander inskrywings onderskei word. Dit is opvallend dat die aanwending van glosse in terme van linguistiese konteks (koteks) eerder as semanties-pragmatiese konteks verduidelik word. Al-Kasimi (1977: 71) stel 'n klassifikasie vir glosse voor wat soortgelyk is aan dié in tabel 6. Die OFD bied 'n ewe gebruikersvriendelike metateks in hierdie verband, met die gebruik van glosse wat deel van 'n verduideliking van die samestelling van 'n tipiese woordeboekartikel uitmaak, sowel as 'n skematiese voorstelling daarvan waarin glosse duidelik aangedui word (p. xx).

Dit is dus duidelik dat die leksikografiese verantwoordings van die aanwending van glosse in Afrikaanse vertalende woordeboeke ontoereikend is.

#### 4.6.1.3.3 Mikrostrukturele optrede

Uit die bespreking hierbo blyk dit dat glosse na aanleiding van hulle spesifieke funksies die inskrywings waaraan hulle geadresseer is óf kan premarkeer óf kan postmarkeer.

<sup>65</sup> Punt 2.1.2 handel oor die aanwending van betekenisverklarings, wat nie hier van toepassing is nie.



In die TW en die AEW word glosse en leksikografiese etikette deur identiese tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers gemerk, wat 'n onbevredigende stand van sake verteenwoordig. Op hierdie aspek sal in die bespreking van die toegangstruktuur teruggekeer word.

Volgens Al-Kasimi (1977: 72) bestaan uiteenlopende standpunte onder teoretici sowel as woordeboeke oor die taal waarin glosse aangebied moet word. Die aangebode gevolgtrekking is dat glosse in die moedertaal van die teikengebruiker aangebied moet word (Al-Kasimi 1977: 73). Gouws (1989: 172) voer egter aan dat aangesien glosse aan doeltaalinskrywings gerig is, dit in die doeltaal aangebied behoort te word. Vir die doel van 'n polifunksionele vertalende woordeboek moet Gouws se standpunt geld.

Glosse word op die oomblik grootliks ontoereikend in Afrikaanse woordeboeke toegepas. Hoewel die artikel in (228) goeie leksikografie in terme van die gebruik van glosse verteenwoordig, is die artikel self ongelukkig nie verteenwoordigend van die versameling artikels in die AEW (of die TW of GW) nie. Verreweg die meeste artikels kom in 'n mindere of meerdere mate met die volgende artikel in die AEW ooreen:

(229) **laf** *lawwe lawwer lafste* silly, foolish, fatuous, witless; mawkish, mushy; senseless, inane; insipid, tasteless savourless (*food*); lifeless, dull; flat, unfunny, corny (*joke*) [...]

Die twee glosse wat aangebied is, is hopeloos onvoldoende om die polisemiese paradigma van die artikel te vereenduidig (vgl. ook Gouws 1989: 170). Gegee dat die artikel in (229) verteenwoordigend is van die meeste artikels in Afrikaanse vertalende woordeboeke, volg dit dat glosse redelik dun gesaai is in dié woordeboeke se mikrostrukture. 'n Telling van die aantal glosse wat in die eerste 2 000 artikels in die TW en AEW se artikeltrajekte van *S/s* verskyn, lewer die resultate in tabel 7:

Woordeboek	Artikelsubtrajek	Aantal glosse
TW	s – selfsugtig	92
AEW	s – selfbegrip	128

**Tabel 7: Kwantitatiewe vergelyking tussen die TW en AEW: Die voorkoms van glosse in die eerste 2 000 artikels in elke woordeboek se artikeltrajek van *S/s***

Volgens die AEW se “Voorwoord” (p. vii) is dié woordeboek die opvolger van die TW. Die AEW vertoon 'n toename van 39,13% in die aantal glosse wat in die steekproef getel is. Anders as in die geval van etikette is hier nie juis van 'n drastiese toename in die gebruik van glosse sprake nie. Gegee dat die steekproef ten opsigte van die AEW oor 11 woordeboekbladsye strek, verskyn 'n

gemiddeld van slegs 11,6 glosse op elke volle woordeboekbladsy in dié woordeboek. Indien verder in ag geneem word dat die steekproef 2 000 artikels in bestek het, kan bereken word dat gemiddeld een glos in elke vyftiende AEW-woordeboekartikel in die steekproef voorkom (hoewel die berekening nie vir die voorkoms van monosemiese lemmata voorsiening maak nie).

Na aanleiding van 'n studie van die optrede van glosse in die TW, GW en AEW kan die volgende verdere gevolgtrekkings oor die gebruik van glosse in Afrikaanse vertalende woordeboeke gefomuleer word:

(i) Weens die relatiewe vryheid wat die leksikograaf blykbaar in die gebruik van glosse geniet, vertoon die inhoude daarvan verskillende semantiese relasies tot hulle adresse, waarvan die meeste in die kategorieë van hiponimie (vgl. De Stadler 1989: 87-90) en verskillende sintagmatiese leksikale betrekkinge (vgl. De Stadler 1989: 91; De Stadler 1991; Ewert 1996) val. Uiteraard is sinonimie nie hierby ingesluit nie. Een verhouding wat egter glad nie in die data voorkom nie, maar wat wel effektiewe konteksleiding in die hand kan werk, is semantiese opposisie. Hierdie bevinding strook met dié van Gouws (1990: 58), wat meld dat die aanduiding van opposisiebetrekkinge op 'n baie beperkte skaal in Afrikaanse woordeboeke voorkom. Op die kwessie oor die semantiese betrekkinge waarin glosse tot hulle adresse staan, word hier nie uitgebrei nie. Anders as in die geval van betekenisverklarings is dit nie die geldende semantiese verhouding wat die aard van die glos sal bepaal nie. Die enigste beperking is dat 'n glos nie uit 'n woordsinoniem of 'n leksikale parafrase mag bestaan nie. Vergelyk in hierdie verband paragrawe (ii) en (v) hieronder.

(ii) Anders as wat die data in (228) en (229) kan suggereer, bestaan glosse nie slegs uit een- of tweewoordfrases nie. Hoewel Al-Kasimi (1977: 72) tereg daarop wys dat glosse so min ruimte moontlik in beslag moet neem, bestaan daar gevalle waar langer glosse onvermydelik blyk te wees, hoewel hierdie gevalle in die verre minderheid tel. Vergelyk in hierdie verband die volgende artikeldeel uit die AEW:

(230) **geweld** [...] *iets ~ aandoen* violate s.t. (*the truth etc.*); strain/stretch s.t. (*the meaning of a text*) [...].

In die artikeldeel in (230) verskyn die brontaalkoteksinskrywing *iets geweld aandoen*, wat twee semantiese lesings het, vir elkeen waarvan 'n afsonderlike korresponderende doeltaalinskrywing aangebied word. Die doeltaalkoteksinskrywing *strain/stretch something* word van 'n uitgebreider glos *the meaning of a text* voorsien om die betekenis daarvan van dié van die voorafgaande doeltaalkoteksinskrywing *violate something* te onderskei.

(iii) Glosse kan klaarblyklik ook mikrostrukturele verskuiwing ondergaan om saamgegroeper te word en sodoende gediskrimineerde semanties verdigte vertaalekwivalentparadigmas tot stand te bring. Vergelyk die volgende verteenwoordigende artikel uit die AEW:

(231) **sak**<sup>1</sup> *sakke, n. sack, bag (of corn, coal, etc.); pocket (in clothes; of sugar); pouch (for tobacco, ammunition; in marsupials); sac; poke; cyst; ditty bag; haversack; swag; cod end (of a trail net) [...]*

Die artikel in (231) vertoon 'n ongeïdentifiseerde gedeeltelik semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma wat gedeeltelik gediskrimineer is (vgl. 4.6.1.1.4.1.1). Ten opsigte van die vertaalekwivalent *pocket* geld twee glosse, naamlik *in clothes* en *of sugar*, wat deur die verdelingsmerker “;” (met 'n betekenisimplikasie) geskei is en saam binne een saamgroeperingsmerker verskyn. Die implikasie is dat die vertaalekwivalent ten opsigte van twee betekenisonderskeidings geld, waarvan elk deur 'n glos verteenwoordig word. Dieselfde geld die vertaalekwivalent *pouch*, wat deur die glosse *for tobacco, ammunition* en *in marsupials* gekontekstualiseer word. In beide gevalle is twee polisemiese waardes se vormlik identiese vertaalekwivalente in een vertaalekwivalent gekondenseer en van twee glosse voorsien om die semantiese differensiasie aan te dui.

(iv) Soos wat die optrede van die glos *cook etc.* ten opsigte van die koteksinskrywing *excel at ...* in die artikel in (228) suggereer, tree glosse ook in diens van tweedevlakkontekstualisering op, dit wil sê hulle kan ook ander kontekstualiserende inskrywings (vernaam koteksinskrywings) as adres hê. Vergelyk ook die volgende verteenwoordigende AEW-artikel:

(232) **toernooi** = *nooie, n., (sport) tournament; (hist.) tourney, joust, tilt; oop/ope ~ pro-am (tournament) (involving both professional and amateur golfers).*

Die uitgebreide glos *involving both professional and amateur golfers* is aan die koteksinskrywing *pro-am (tournament)* geadresseer.


(v) Gouws (1989: 172) vereis ter wille van gebruikersvriendelike leksikografie 'n konsekwente toepassing van die verskil tussen betekenisverklarings en glosse, waar betekenisverklarings enersyds aan (polisemiese waardes van) die lemmaties verteenwoordigde leksikale items geadresseer is en in die brontaal aangebied word, en glosse andersyds aan doeltaalinskrywings geadresseer is en in die doeltaal aangebied word. Dit wil voorkom of hierdie onderskeid egter nie

konsekwent in die AEW toegepas word nie, soos wat die volgende verteenwoordigende artikels suggereer:

- (233) a. **frank**<sup>1</sup> *frank, n., (former Fr. Monetary unit) franc; →EURO; twee ~ two francs.*  
b. **Capetinger** = *gers, n., (member of a dynasty) Capetian.*  
c. **ghoef** *ge=, (inflml.: swim) goef; gaan ~ go for a goef.*  
d. **plooierig** = *rige wrinkled, creased; wizen-faced; (sheepskin) ribby.*

Die inskrywings *former Fr. Monetary unit* en *swim* in (233)a en c verteenwoordig betekenisverklarings in die vorm van 'n leksikale parafrase (in (233)a) en 'n woordsinoniem (in (233)c) (hoewel hulle in die doeltaal aangebied word – 'n oënskynlike idiosinkrasie van die AEW). Die inskrywing *member of a dynasty* in (233)b en *sheepskin* in (233)d word in die artikelgleuwe vir betekenisverklarings aangebied, maar verteenwoordig nie egte betekenisverklarings nie. Die inskrywing *member of a dynasty* moet ander kritiese semantiese eienskappe van die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word, insluit alvorens dit as 'n betekenisverklaring beskou en toegepas kan word, byvoorbeeld die feit dat die leksikale item na 'n lid van 'n bepaalde dinastie verwys (en dus nie algemeen gebruik kan word om na 'n lid van enige dinastie te verwys nie) (vgl. Zgusta 1971: 329). Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel:

- (234) **Tudor** (*member of an Eng. dynasty*) Tudor.



Die inskrywing *member of an Eng. dynasty* vertoon meer eienskappe van 'n betekenisparafrase, maar kan steeds nie as een geld nie; verdere kritiese semantiese eienskappe van die geadresseerde leksikale item moet betrek word, veral kenmerke wat die item semanties sal onderskei van ander leksikale items wat na lede van ander Engelse dinastieë verwys.

Na regte behoort die artikels in (233)b en d en (234) se bewerking soos volg daar uit te sien indien die inskrywings wat in die artikelgleuf vir betekenisverklarings verskyn nie inhoudelik aangepas word om as sodanig te geld nie:

- (235) a. **Capetinger** = *gers, n., Capetian (member of a dynasty).*  
b. **plooierig** = *rige wrinkled, creased; wizen-faced; ribby (sheepskin).*  
c. **Tudor** Tudor (*member of an Eng. dynasty*).

Die inkonsekwente toepassing in die AEW word veral duidelik indien artikels wat leksikale items van dieselfde semantiese veld behandel, soos dié in (236), met mekaar vergelyk word:

- (236) a. **Ugarities** *n.*, (*an extinct Semitic lang.*) Ugaritic.  
b. **Duits** *n.*, (*language*) German.  
c. **Tupi** (*lang.*) Tupi.  
d. **Sepedi** (*SA lang.*) Sepedi.

Die inskrywing *an extinct Semitic lang.* in (236)a vertoon ook kenmerke van 'n betekenisparafrase, maar essensieel bestaan 'n verhouding van semantiese insluiting (hiponimie) tussen dié inskrywing en die lemma, aangesien die inskrywing die lemma slegs binne die genusklas waartoe dit behoort plaas en nie van ander lede van die klas differensieer nie, soos wat 'n ware betekenisparafrase van die genus-differentia-tipe sou bewerkstellig nie (vgl. Gouws 1989: 141-144). Gevolglik geld die inskrywing as 'n glos. Dieselfde geld die inskrywings *language*, *lang.* en *SA lang.* in (236)b, c en d onderskeidelik. Die feit dat die glos *lang.* in (236)c én in die omgewing van die artikelgleuf vir leksikografiese etikette verskyn én in die vorm van 'n afkorting aangebied word, kan misleidend wees, aangesien die gebruiker dié inskrywing vir 'n leksikografiese etiket kan aansien. Hoewel die leksikograaf groter vryheid in die gebruik van glosse geniet, behoort leksikale items wat tot dieselfde semantiese veld behoort tog as sodanig hanteer te word: In hierdie verband is dit onduidelik waarom die glosse in (236)a en d die voorbepalings *extinct Semitic* en *SA* onderskeidelik bevat terwyl die glosse in (236)b en c daarsonder aangebied word. Indien die bepalinge toegevoegde waarde verteenwoordig, behoort alle glosse wat leksikale items binne die semantiese veld van die name van tale kontekstualiseer bepalinge te bevat. In daardie geval sal die herbewerking van die artikels in (236) die volgende resultaat toon<sup>66</sup>:

- (237) a. **Ugarities** *n.*, Ugaritic (*extinct Semitic lang.*).  
b. **Duits** *n.*, German (*Eur. lang.*).  
c. **Tupi** Tupi (*S. Am. Ind. lang.*).  
d. **Sepedi** Sepedi (*SA lang.*).

(vi) Na aanleiding van die gebruikersleiding oor die gebruik van glosse in die CD en OFD, wat ondersteun word deur die inhoud van glosse in die TW, GW en AEW, is dit duidelik dat die meeste glosse hulle adresse nie slegs binne die geldende semanties-pragmatiese konteks plaas nie, maar

---

<sup>66</sup> Die meriete van die gebruik van glosse is nie hier ter sprake nie, aangesien die groter makrostrukturele omgewing van die artikels nie betrek is nie.

ook binne die tipiese linguistiese konteks of tewel koteks. Die aanduiding van tipiese koteks behoort dus nie uitsluitlik tot die domein van koteksinskrywings nie (vergelyk ook weer die aard van linguistiese etikette as diskriminators in 4.6.1.2.2.4.4), hoewel die artikelgleuf vir koteksinskrywings uiteraard groter is en meer ruimte bied vir die uitgebreide aanduiding van kollokasies.

#### 4.6.1.3.4 Samevatting

'n Vergelyking tussen die Afrikaanse vertalende woordeboeke en ander internasionale vertalende woordeboeke soos die CD en OFD bring aan die lig dat glosse nie tot hulle volle potensiaal in Afrikaanse woordeboeke benut word nie. Hierdie stand van sake is waarskynlik die gevolg van 'n ongesistematiseerde benadering tot die aanwending en gebruik van glosse waarvan die Afrikaanse woordeboeke se metatekste getuig. Die afwesigheid van die nodige tegnologie kan opsluit nie as rede vir die relatiewe swak vertoning van hierdie inskrywingstipe aangevoer word nie, soos wat die volgende uittreksel uit die "Voorwoord" van die AEW getuig:

Hierdie nuwe woordeboek, gerugsteun deur *omvattende papier- en elektroniese teksbronne*, dra al die gesag van Suid-Afrika se voorste woordeboekuitgewer. Om op die hoogte te bly van die vinnige veranderinge wat in tale plaasvind, hou Pharos 'n *gesaghebbende naslaanbiblioteek en databasisse vir hedendaagse Afrikaans en Engels* in stand. Die elektroniese bronne, wat onder meer die Pharos-NB- en Pharos-Media-24-tekskorpuse insluit, is *enorme, steeds groeiende manuskrip-, koerant- en tydskrifversamelings*. Hieruit word gereeld, vir sifting en ontleding *met gevorderde rekenaarprogramme*, alfabetiese, retrograde, frekwensie- en woord-in-konteks-lyste onttrek [my kursivering – HLB].

In hierdie paragraaf word al die redes waarom Afrikaanse vertalende woordeboeke nie die standaard van sommige internasionaal erkende vertalende woordeboeke minstens kan ewenaar nie geneutraliseer. Al wat nodig is, is *leksikografiese hervorming*, en daarmee gepaardgaande miskien juis minder vryheid vir die leksikograaf ten opsigte van die aanwending van glosse.

Uit die voorgaande bespreking blyk ook dat glosse, soos linguistiese etikette, nie slegs in terme van semanties-pragmatiese konteks leiding verskaf nie, maar ook (hoewel op 'n beperkter skaal as koteksinskrywings) in terme van linguistiese konteks of tewel koteks.

#### 4.6.2 Koteksinskrywings

Jacobsen et al. (1991: 2782) en Rademeyer (1992: 5-6, 9) wys op die uiteenlopende terme wat ten opsigte van koteksinskrywings in die literatuur voorkom. Soos in 4.4 aangetoon, verwys die terme


wat in hierdie studie ter onderskeid van die hoofklasse kontekstualiserende inskrywings gebruik word eerder na hulle tekstuele plasing as na hulle funksies, ten spyte van die feit dat reeds bewys is dat al die diskriminators in die vertaalekwivalentparadigma sowel as in die koteksafdeling kan optree en dat ingevoegde binnetekste sowel artikelintern as -ekstern kan funksioneer.

Van al die kontekstualiserende inskrywings in die vertalende woordeboek word koteksinskrywings in terme van tekstuele plasing die nouste gereguleer. Trouens, die koteksafdeling se plasing én struktuur is 'n belangrike faktor in die onderskeid tussen verskillende tipes mikrostrukture (vgl. 4.7.1).

Vir die doel van hierdie studie kan die term *koteksinskrywing* voorlopig soos volg gedefinieer word:

(238) 'n *Koteksinskrywing* in 'n woordeboekartikel van 'n vertalende woordeboek is 'n element van daardie versameling inskrywings wat uit brontaal- en hulle korresponderende doeltaalkonstruksies bestaan en wat in die koteksafdeling van die artikel geakkommodeer word.

Hierdie definisie lig die volgende drie kenmerke van koteksinskrywings uit: In die eerste plek is 'n koteksinskrywing 'n bron- of doeltaalinskrywing (en nie 'n meta-inskrywing soos die diskriminators nie); 'n koteksinskrywing bestaan egter nie uit 'n bron- én doeltaalinskrywing nie. Hierdie verhouding kan skematies soos volg voorgestel word:



**Figuur 24: Die verhouding tussen *koteksinskrywings*, *brontaalkoteksinskrywings* en *doeltaalkoteksinskrywings***

Notasiekonvensie: \_\_\_\_ (van bo na onder / van onder na bo): val uiteen in / behoort tot

In die tweede plek is 'n koteksinskrywing 'n *konstruksie*. Dit veronderstel dat so 'n inskrywing op uitgebreider vlakke as dié van die leksikale item funksioneer; koteksinskrywings kom volgens Szende (1999: 199) in die volgende sintaktiese groeperinge voor:

- (239) a. sintagmata (bv. adj. + s.nw.)  
 b. sintaktiese patrone (bv. 'n ww. in die infinitiefvorm saam met sy voorwerp)  
 c. gereduseerde of geneutraliseerde sinne  
 d. volsinne

'n Brontaalkoteksinskrywing kan nie deur 'n enkele leksikale item verteenwoordig word nie, aangesien sodanige inskrywing as lemma of vertaalekwivalent in die vertaalekwivalentparadigma sal optree. Vergelyk die volgende artikel uit die AEW:

- (240) **beïndruk** *het* ~ impress (favourably); →INDRUK *n.*; *deur ... ~ wees* be impressed by/at/with ...; *dit ~ my nie, ek is nie ~ nie, (also, infml.) big deal!*; *nie juis ~ met iets wees nie, (also, infml.)* be underwhelmed by s.t.

Die vertaalekwivalentparadigma van die artikel in (240) bestaan uit een vertaalekwivalent, naamlik *impress (favourably)*. Na die vertaalekwivalentparadigma volg 'n kruisverwysinginskrywing, en daarna volg die koteksafdeling, wat uit sewe koteksinskrywings bestaan, soos in tabel 8 hieronder uiteengesit:

Koteksinskrywings			
Brontaalkoteksinskrywings	Szende (1999: 199) se sintaktiese groepering	Doeltaalkoteksinskrywings	Szende (1999: 199) se sintaktiese groepering
<i>deur ... ~ wees</i>	(220)b	<i>be impressed by/at/with ...</i>	(220)b
<i>dit ~ my nie</i>	(220)d	<i>big deal!</i>	(220)d
<i>ek is nie ~ nie</i>	(220)d	<i>be underwhelmed by s.t.</i>	(220)b
<i>nie juis ~ met iets wees nie</i>	(220)b		

**Tabel 8: Die elemente van die koteksafdeling in die artikel in (240)**


Die strukturele ekwivalensie wat in terme van Szende tussen die brontaalkoteksinskrywings en hulle doeltaalekwivalente in tabel 8 uitgelig word, kan nie as norm aanvaar word nie, aangesien die artikel in (240) nie verteenwoordigend van die optrede van koteksinskrywings in die AEW of enige ander vertalende woordeboek is nie. Trouens, daar sal aangetoon word dat die afwesigheid van strukturele ekwivalensie tussen brontaalkoteksinskrywings en hulle korresponderende doeltaalinskrywings juis 'n belangrike motivering vir hulle opname in die artikel kan wees.



In die derde plek bestaan daar 'n nou verband tussen brontaal- en doeltaalkoteksinskrywings, naamlik dat doeltaalkoteksinskrywings doeltaalvertalings van brontaalkoteksinskrywings moet wees. Daarbenewens mag 'n brontaalkoteksinskrywing nie in die koteksafdeling opgeneem word en nie van 'n korresponderende doeltaalkoteksinskrywing voorsien word nie. Die omgekeerde geld identies: 'n Doeltaalkoteksinskrywing mag nie sonder 'n korresponderende brontaalkoteksinskrywing in die koteksafdeling verskyn nie. Hierdie formulering beantwoord aan Al-Kasimi (1977: 96) se eis dat alle brontaalkoteksinskrywings van doeltaalvertalings voorsien moet word.

'n Tekortkoming in die werksdefinisie in (238) is dat die verband tussen bron- en doeltaalkoteksinskrywings enersyds en die lemma en die vertaalekwivalentparadigma onderskeidelik andersyds, dit wil sê die adresseringstruktuur (vgl. Gouws 2000), nie duidelik word nie. Dié kernaspek sal in die loop van hierdie bespreking aan bod kom en moet deeglik in die finale formulering van 'n definisie vir die konsep *koteksinskrywing* verantwoord word.

Uit die meeste literatuur blyk dit dat koteksinskrywings in twee klasse uiteenval, naamlik *vry konstruksies* en *kollokasies*. Hierdie onderskeid word op sintagmatiese vlak getref, soos wat uit die onderstaande bespreking sal blyk. Wat leksikografiese funksie betref, is daar 'n groot oorvleueling tussen dié twee klasse, veral vir die doel van 'n polifunksionele vertalende woordeboek. Elkeen van hierdie klasse word vervolgens afsonderlik bespreek.



#### 4.6.2.1 Vry konstruksies

Talle terme word in die metaleksikografiese literatuur gebruik om na vry konstruksies te verwys. Landau (2001: 115) gebruik die term *illustratiewe frases*; Al-Kasimi (1977: 88) maak melding van *illustratiewe voorbeelde*; Kroman et al (1991: 2721, 2722) gebruik *idiosinkratiese konstruksies* en *vry frases*, terwyl *vry konstruksies* in Kromann et al (1991a: 2770) voorkom; laasgenoemde term word ook deur Rademeyer (1992: 9) gebruik; Zgusta (1971: 140) en Cop (1990: 37) gebruik die term *vry kombinasies*. Gouws (1989: 228) en Wiegand (1988: 582) gebruik *voorbeeldsinne* en *voorbeelde* (in volsinvorm) onderskeidelik. Die term *vry konstruksies* word in hierdie studie gebruik, aangesien daardeur 'n akkurate beskrywing van die bestaande woordeboekdata gebied kan word.

#### 4.6.2.1.1 Funksies

Uit die geraadpleegde metaleksikografiese literatuur en die data kan minstens tien funksies van vry konstruksies in standaard woordeboeke (wat vertalende woordeboeke insluit) geïdentifiseer word. Volgens Lombard (1992: 149) het vry konstruksies in 'n woordeboek in die breë 'n semantiese, sintaktiese en pragmatiese funksie. Hierdie driedeling voorsien 'n nuttige raamwerk waarbinne die geïdentifiseerde funksies van vry konstruksies geklassifiseer kan word. Die volgende funksies is naamlik geïdentifiseer:

##### (241) a. **Semantiese funksie**

Vry konstruksies help die gebruiker om die betekenis van die lemma en/of vertaalekwivalente te agterhaal en ondersteun dus ekwivalentdiskriminasie (Zgusta 1971: 142; Al-Kasimi 1977: 90; Jackson 1988: 58; Manley et al. 1988: 291; Wiegand 1988: 580; Gouws 1989: 229; Kromann et al. 1991a: 2771; Lombard 1992: 150; Nesi 1996: 204; Szende 1999: 199; Prinsloo & Gouws 2000: 139).

##### b. **Sintaktiese funksies**

- (i) Vry konstruksies bied die gebruiker sintaktiese leiding in die verskillende gebruikssituasies, te wete teksresepsie, teksproduksie en vertaling uit en in die vreemde taal of moedertaal (Zgusta 1971: 263; Al-Kasimi 1977: 90; Jackson 1988: 58; Wiegand 1988: 580; Gouws 1989: 229; Kromann et al. 1991a: 2771; Lombard 1992: 150; Nesi 1996: 204; Szende 1999: 199; Prinsloo & Gouws 2000: 154; Landau 2001: 115).
- (ii) Vry konstruksies kan kollokasies bevat en die gebruiker dus leiding in die gebruik daarvan in die bron- of doeltaal bied (Gouws 1989: 232).
- (iii) Vry konstruksies kan morfosintaktiese relasies blootlê en die gebruiker leiding gee in die korrekte vorm van 'n leksikale item in 'n sekere sintaktiese funksie, byvoorbeeld die verbuiging al dan nie van 'n adjektief in attributiewe optrede; vergelyk die volgende artikel uit die AEW, waarin die voorbeelde illustreer dat hoewel die vertaalekwivalent *sanitary* nie in attributiewe optrede verbuiging ondergaan nie, die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word wel in sodanige optrede verbuiging ondergaan:

**sanitêr** [...] sanitary; ~e *doekie* sanitary pad/towel; ~e *tegniek* sanitary engineering; ~ *tegnikus* sanitary engineer.

Hierdie funksie sal 'n uitgebreide rol speel in 'n vertalende woordeboek waarin 'n analitiese taal met 'n flekterende taal gekoördineer word, soos in 'n Afrikaans-

c. **Pragmatiese funksies**

- (i) Die gebruiker kan na analogie van vry konstruksies sy/haar eie konstruksies in die bron- en/of doeltaal vorm (Zgusta 1971: 267; Jackson 1988: 58; Lombard 1992: 150; Szende 1999: 200). Zgusta (1971: 267) beskryf hierdie funksie as die generatiewe krag van voorbeelde.
- (ii) Vry konstruksies kan die stilistiese waarde van 'n leksikale item in taalgebruik illustreer (Al-Kasimi 1977: 91; Landau 2001: 208; Gouws 1989: 231).
- (iii) Vry konstruksies kan kulturele data bevat (Al-Kasimi 1977: 89; Gouws 1989: 232; Szende 1999: 218; Gouws (om te verskyn)).
- (iv) Vry konstruksies kan die gebruiker aan die bestaan van lokusies en clichés herinner (Szende 1999: 199).
- (v) Vry konstruksies kan aan die gebruiker leiding bied in leestekengebruik (Gouws 1989: 231).
- (vi) Vry konstruksies kan bewys dat 'n leksikale item of 'n spesifieke betekenis van 'n leksikale item bestaan (Al-Kasimi 1977: 89).

Die vervulling van hierdie funksies deur vry konstruksies sal die gebruiker help om die relevante leksikale item te *ken* (Prinsloo & Gouws 2000: 144). Uitgebreide navorsing toon volgens Prinsloo en Gouws (2000: 144-145) dat vry konstruksies die volgende eienskappe moet vertoon om hulle funksies te vervul:

[E]xamples should help to

- disambiguate senses,
- distinguish one meaning from another,
- clarify an abstract definition,
- supplement the information in a definition,
- show or indicate the selectional range,
- place the word in context,
- place the word in cotext,
- specify the semantic range,
- indicate the collocational behaviour, including typical collocations,
- illustrate the grammatical patterns,
- specify the word order,
- give pragmatic uses,
- note stylistic features,
- indicate appropriate registers,
- reflect the word history,
- be accurate, especially those quoting measurements, technical data, etc., and
- stimulate the user to capture the features or characteristics of the word in question and

use the examples as a model to create examples of his/her own.

Hoewel nie alle eienskappe hierbo ten opsigte van vertalende woordeboeke kan geld nie (omdat daar byvoorbeeld in die reël nie betekenisverklarings in dié tipe woordeboek voorkom nie), word 'n goeie oorhoofse profiel van funksionele vry sintaktiese konstruksies verskaf.

#### 4.6.2.1.2 Mikrostrukturele optrede

Vir vry sintaktiese konstruksies om hulle funksies ten volle te vervul, is dit noodsaaklik dat hulle sistematies en konsekwent in die woordeboek aangewend word; dit veronderstel die ontwikkeling van 'n deeglike adresseringstruktuur tussen vertaalekwivalente en koteksinskrywings as deel van die woordeboekkonseptualiseringsplan. Die hantering van vry konstruksies in Afrikaanse vertalende woordeboeke getuig van die grootlikse afwesigheid of gebrekkigheid van sodanige strukture. Hierdie tekortkoming sal aan die hand van enkele artikels uit die AEW toegelig word.

Vergelyk die volgende artikel uit die AEW:

(242) **sedert** [...] since; for; ~ *die oorlog* since the war; ~ *lank* for a long time past, for ages.

Die polisemie-aanduider “;” tussen die vertaalekwivalent *since* en *for* dui daarop dat die lemma 'n leksikale item met twee polisemiese waardes verteenwoordig; vir die eerste polisemiese waarde word die vertaalekwivalent *since* aangebied en vir die tweede *for*. Die koteksafdeling bestaan uit vyf koteksinskrywings, waarvan twee brontaalinskrywings is. Die twee brontaalkoteksinskrywings illustreer die optrede van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item vir elke polisemiese waarde onderskeidelik. Die eerste brontaalkoteksinskrywing word van een korresponderende doeltaalkoteksinskrywing voorsien wat die optrede van die vertaalekwivalent *since* in die doeltaal illustreer; die tweede brontaalkoteksinskrywing word van twee sinonimiese korresponderende doeltaalkoteksinskrywings voorsien wat die optrede van die vertaalekwivalent *for* in die doeltaal illustreer. Die lemmaties verteenwoordigde leksikale item tree in elke brontaalkoteksinskrywing op, en elke vertaalekwivalent tree in minstens een doeltaalkoteksinskrywing op, terwyl geen koteksinskrywing 'n vertaalekwivalent bevat wat nie in die vertaalekwivalentparadigma voorkom nie. Tussen die vertaalekwivalentparadigma en die koteksafdeling in hierdie artikel geld adresseringsekwivalensie (vgl. Gouws 2000: 43). Dit behoort die ideaal in elke woordeboekartikel te wees en sal 'n funksionele kontekstualiseringsprosedure deur koteksinskrywings verteenwoordig.

Die vereistes vir so 'n stelsel wat deur adresseringsekwivalensie gekenmerk word, word soos volg deur Gouws (2000: 43) gestel:

- (243) Adresseringsekwivalensie impliseer nie noodwendig dat daar altyd 'n een-tot-een-koördinasie tussen die koteksitems [d.i. die doeltaalkoteksinskrywings – HLB] en die vertaalekwivalente moet wees nie. Een vertaalekwivalent kan meer as een ondersteunende koteksinskrywing hê terwyl ander slegs een kan hê [vgl. (242) – HLB]. Maar in 'n woordeboekartikel wat 'n ekwivalentverhouding van divergensie, en veral polidivergensie, vertoon, mag geen vertaalekwivalent geïsoleer word deur nie ook in die koteksafdeling 'n optrede te hê nie. Geen vertaalekwivalent mag in die koteksafdeling aangebied word as dit nie reeds in die vertaalekwivalentparadigma verstrekkend is nie. Elke koteksitem moet 'n vertaalekwivalent wat in die vertaalekwivalentparadigma opgeneem is as adres hê. Elke vertaalekwivalent moet die adres van minstens een koteksitem wees.

Onder die eerste 2 000 artikels in die artikeltrajek van *S/s* in die AEW (artikeldeeltrajek **S,s – selfbegrip**) is die artikel in (242) die enigste artikel van 'n polisemiese lemma waarin adresseringsekwivalensie tussen die vertaalekwivalentparadigma en die koteksafdeling bestaan. In al die ander artikels van polisemiese lemmata in hierdie artikeldeeltrajek waarin koteksinskrywings wel voorkom, is adresseringsekwivalensie afwesig. Dit suggereer dat adresseringsekwivalensie tussen vertaalekwivalentparadigma en koteksafdeling relatief skaars in die AEW voorkom.

Vergelyk die volgende verteenwoordigende artikel uit dié woordeboek:

- (244) **greep** *grepe* clutch, grasp, grip, (hand)hold; coup; hilt; handle; pull (*of a door*); stock (*of a pistol, rifle, etc.*); cleat; (*comp.*) byte; →GREPIE; *iem. in jou ~ hê* have a stranglehold on s.o.; have a hold on/over s.o.; *in die ~ van ... wees* be in the clutches of ...; *grepe uit ... snatches from ... (history, s.o.'s life)*; *'n ~ uit die lewe* a slice of life.

In die artikel in (244) geld 'n ekwivalentverhouding van polidivergensie tussen die lemma en die vertaalekwivalentparadigma, met agt polisemiese waardes wat daarin verteenwoordig word, een waarvoor vier vertaalekwivalente binne 'n doeltaalsinoniemparadigma aangebied word. Die koteksafdeling bestaan uit nege koteksinskrywings, waarvan vier brontaalkoteksinskrywings is. Slegs een van die vertaalekwivalente in die vertaalekwivalentparadigma is die adres van 'n brontaalkoteksinskrywing, naamlik *(hand)hold*. Of die koteksinskrywing *have a hold on/over s.o.* egter die gebruiker van veel nut kan wees, is enigszins te betwyfel, aangesien dié inskrywing een van twee is wat as doeltaalkorrespondente vir die brontaalkoteksinskrywing *iem. in jou greep hê* aangebied word. Die twee doeltaalkoteksinskrywings word deur die polisemie-aanduider “;” geskei, wat impliseer dat hulle verskillende denotatiewe betekenis verteenwoordig. In die afwesigheid van tweedevlakkontekstualisering is die gebruiker aan sy/haar intuïsie oorgelaat om die gepaste doeltaalkoteksinskrywing (as model) vir teksproduksiedoeleinde te selekteer. In hierdie artikel is adresseringsekwivalensie duidelik afwesig, met die meeste vertaalekwivalente wat nie die adres van

doeltaalkoteksinskrywings is nie en doeltaalkoteksinskrywings wat vertaalekwivalente bevat wat nie in die vertaalekwivalentparadigma voorkom nie. Adresseringsekwivalensie kan bereik word deur die vertaalekwivalente *stranglehold*, *clutches*, *snatches* en *slice* in die gepaste doeltaalsinomiemparadigmas binne die vertaalekwivalentparadigma te plaas en deur die koteksafdeling uit te brei sodat alle vertaalekwivalente in die vertaalekwivalentparadigma in die aangebode doeltaalkoteksinskrywings verteenwoordig word.

Dat die leksikograaf omsigtigheid moet toepas in die seleksie en aanbod van vrye konstruksies word deur die volgende artikel uit die AEW geïllustreer:

(245 **wisselvalligheid** = *hede* uncertainty, changeability, precariousness, volatility (*of the market*); unevenness (*within the economy*); die ~*hede* van die lewe the vicissitudes (*or the ups and downs*) of life; ~ *van marges*, (*econ.*) volatility of margins.

In die artikel in (245) is adresseringsekwivalensie ook afwesig. Afgesien hiervan word die doeltaalkoteksinskrywing *volatility of margins* deur die tegniese leksikografiese etiket *econ.* ‘ekonomievaktaal’ gekontekstualiseer, hoewel die vertaalekwivalent *volatility* in die vertaalekwivalentparadigma nie deur sodanige etiket gekontekstualiseer word nie (wel deur die glos *of the market*, wat die breë gebruiksfeer van die ekwivalent suggereer). Daarbenewens word die vertaalekwivalent *unevenness* in die vertaalekwivalentparadigma van die glos *within the economy* voorsien, wat die gebruiker verder kan laat twyfel. Volgens Gouws (1989: 231) moet ’n duidelik aantoonbare verband tussen leksikografiese etikette en koteksinskrywings in ’n artikel bestaan; slegs dan kan koteksinskrywings ondersteuning bied aan die funksionele eenheid van die woordeboekartikel. Die duidelik aantoonbare verband kan bewerkstellig word deur leksikografiese etikette wat in die vertaalekwivalentparadigma voorkom ook in die koteksafdeling ten opsigte van die korresponderende koteksinskrywings in diens van tweedevlakkontekstualisering aan te wend. Uit (245) word dit egter duidelik dat die aantoonbare verband nie slegs tussen leksikografiese etikette en koteksinskrywings moet bestaan nie, maar wel tussen alle diskriminatore wat in die vertaalekwivalentparadigma figureer en die koteksinskrywings in die koteksafdeling. Hierdie vereiste veronderstel verder dat indien ’n lemma ’n polisemiese leksikale item verteenwoordig, vrye konstruksies nie so gekies mag word dat dit op meerdere polisemiese waardes van daardie lemmateken van toepassing kan wees nie; dit wil sê dat vrye konstruksies van so ’n aard moet wees dat dit telkens slegs een polisemiese waarde in bestek het (Wiegand 1988: 581). ’n Deeglik beplande koteksafdeling wat ’n deeglik beplande vertaalekwivalentparadigma aanvul en wat in ’n verhouding van adresseringsekwivalensie daartoe staan, sal die gebruiker van baie meer hulp wees as die bestaande artikel in (245). Die oordeelkundige gebruik van toegangstrukturelemente en ’n

meer gepaste tipe mikrostruktuur sal ook die gebruikersvriendelikheid en gevolglik die nut van koteksinskrywings verhoog (vgl. 5.3).

In die *Van Dale Groot Woordenboek Nederlands – Engels* (Martin 1999 – voortaan *Van Dale*) word op 'n innoverende manier van toegangstruktuurinskrywings gebruik gemaak om én die adresse én die sintagmatiese samestelling van koteksinskrywings te ekspliseer<sup>67</sup>. Vergelyk die volgende verteenwoordigende artikel uit dié woordeboek:

- (246) **balans** (de) 0.1 [weegwerktuig] (*pair of scales* ⇒ (wet.) *balance* 0.2 [evenwicht] *balance* ⇒ *equilibrium* 0.3 [tabellarisch overzicht] *balance sheet* ⇒ *audit (report)* 0.4 [deel van een ophaalbrug] *bascule* 0.5 [deel van een uurwerk] *balance (wheel)* 0.6 [deel van een stoommachine] *beam* ♦ 2.1 Romeinse ~ *steelyard* 2.3 een negatieve ~ hebben *be in the red*; passiewe ~ *adverse balance*; positiewe ~ *favourable balance* 3.1 (fig.) de ~ doen doorslaan *tip the scale(s)/balance*; de ~ in evenwicht houden (ook fig.) *keep the balance steady* 3.3 de ~ afsluiten *balance the books/an account*; de ~ opmaken *draw up the b. s., prepare the accounts*; (fig.) *take stock (of sth.)*; de ~ sluit niet *the books won't balance* 6.2 iets *in* ~ houden *b. sth., keep sth. in b./equilibrium*; *uit* ~ *geraken* *get out of b./off b.* (fig. ook) *of one's stride*; *uit zijn* ~ *zijn* *be out/off b.*

In die artikel in (246) word die grens tussen die vertaalekwivalentparadigma en die koteksafdeling deur die nie-tipografiese struktuurmerker “♦” gemerk. Die koteksinskrywings in die koteksafdeling word in terme van twee kriteria gerangskik en gemerk. Die eerste en primêre ordeningskriterium is dat alle koteksinskrywings geklassifiseer word in terme van hulle sintagmatiese samestelling. Hierdie klassifikasie word deur die eerste syfer in die struktuurmerkers wat koteksinskrywings voorafgaan, aangedui, en wel volgens die volgende indeling:

- (247) 1. x die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met 'n substantief  
2. x die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met 'n adjektief  
3. x die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met 'n werkwoord  
4. x die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met 'n  
voornaamwoord  
5. x die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met 'n bywoord  
6. x die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met 'n voorsetsel  
7. x die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met 'n telwoord of  
lidwoord  
8. x die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met 'n voegwoord  
9. x die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met 'n tussenwerpsel

<sup>67</sup> Hierdie stelsel geld in al Van Dale se woordeboeke.

Die tweede en sekondêre ordeningskriterium is die polisemiese waarde van die lemma waarop die koteksinskrywings betrekking het (d.w.s. die vertaalekwivalent(e) waaraan die doeltaalkoteksinskrywing(s) geadresseer is). Die opeenvolgende polisemiese waardes binne die vertaalekwivalentparadigma in (246) word deur die polisemie-aanduiders “**0.1**”, “**0.2**”, “**0.3**”, ens. aangedui. In die koteksafdeling word die koteksinskrywings met die polisemiese waardes gekoördineer deur ’n kodestelsel waarin die tweede syfer (d.w.s. die syfer na die punt) telkens korrespondeer met die syfer van die polisemiese waarde in die vertaalekwivalentparadigma waarop die koteksinskrywings betrekking het. Hierdie hantering is kenmerkend van ’n nie-geïntegreerde mikrostruktuur (vgl. 4.7).

Die interpretasie van die struktuurmerkers wat die koteksinskrywings in die artikel in (246) voorafgaan, kan dus soos volg uiteengesit word:

- (248) **2.1** Die (brontaal)koteksinskrywing wat volg, illustreer die optrede van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met ’n adjektief en het betrekking op die eerste polisemiese waarde van daardie leksikale item.
- 2.3** Die (brontaal)koteksinskrywings wat volg, illustreer die optrede van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met ’n adjektief en het betrekking op die derde polisemiese waarde van daardie leksikale item.
- 3.1** Die (brontaal)koteksinskrywings wat volg, illustreer die optrede van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met ’n werkwoord en het betrekking op die eerste polisemiese waarde van daardie leksikale item.
- 3.3** Die (brontaal)koteksinskrywings wat volg, illustreer die optrede van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met ’n werkwoord en het betrekking op die derde polisemiese waarde van daardie leksikale item.
- 6.2** Die (brontaal)koteksinskrywings wat volg, illustreer die optrede van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in kombinasie met ’n voorsetsel en het betrekking op die tweede polisemiese waarde van daardie leksikale item.

Die oorhoofse ordening van koteksinskrywings in die koteksafdeling word deur die primêre ordeningskriterium, naamlik die sintagmatiese samestelling van die brontaalkoteksinskrywings, bepaal. Alle polisemiese waardes ten opsigte waarvan die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in ’n bepaalde tipe sintagma optree, word in polisemiese volgorde geïllustreer alvorens na die volgende tipe sintagma oorgegaan word. Die koteksinskrywings in die koteksafdeling word dus volgens ’n vaste stelsel wat in die metateks verduidelik word, aangebied. Trouens, ’n boekmerk



waarop die kodestruktuur ook uiteengesit word, word in die woordeboek voorsien, sodat die gebruiker nie telkens die metateks hoef te raadpleeg nie, maar vinnig op die boekmerk die denotasie van 'n spesifieke kode kan nagaan. Die sistematiese kodering van koteksinskrywings verseker verder dat adresseringsekwivalensie tussen die vertaalekwivalente in die vertaalekwivalentparadigma en die doeltaalkoteksinskrywings in die koteksafdeling bestaan.

Die sistematiese ordening van koteksinskrywings, met of sonder kodes, is volledig afwesig in Afrikaanse vertalende woordeboeke, primêr as gevolg van die onderbenutting van vrye konstruksies en waar hulle wel voorkom, 'n grootskaalse gebrek aan adresseringsekwivalensie.

Hoewel die kodestelsel in *Van Dale* teoreties 'n innoverende stelsel verteenwoordig, blyk dit in die praktyk minder gebruikersvriendelik te wees. Hausmann (1988: 143-144) kritiseer die werkbaarheid van dié stelsel op die volgende vier punte:

- (249) a. Die stelsel veronderstel dat die gemiddelde teikengebruiker oor voldoende taalkennis beskik om te kan onderskei tussen die verskillende woordklasse wat deur die kodes verteenwoordig word. Hierdie veronderstelling kan bevraagteken word.
- b. Gegee dat die gemiddelde taalgebruiker wel oor die nodige taalkennis beskik om tussen die verskillende woordklasse te onderskei; 'n meer grondliggende probleem is dan of die gemiddelde teikengebruiker die fundamenteel relevante leksikale item waarmee die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in die brontaalkoteksinskrywing kombineer, sal herken. Die fundamentele relevansie moet ook formeel herkenbaar wees. Ten opsigte van die brontaalkoteksinskrywing na “**2.3**” in die artikel in (246) sou gevra kon word of die fundamenteel relevante kombinator van *balans* die adjektief *negatiewe* of die werkwoord *hebben* is. Ten spyte van die feit dat die kode aandui dat die lemmaties verteenwoordigde leksikale item met 'n adjektief (*negatiewe*) kombineer, ontbreek 'n formele hiërargiese bereëling waarvolgens die gebruiker leiding ten opsigte van die fundamenteel relevante kombinator ontvang. Daar sou tereg gevra kon word waarom die werkwoord *hebben* nie relevant is en die kode “**3.3**” in plaas van “**2.3**” gebruik is nie. 'n Formele hiërargiese bereëling soos die volgende sou die gebruiker op die fundamenteel relevanter kombinator *hebben* wys: “Fundamenteel relevant is die adjektief wat links van die substantief staan; indien 'n adjektief ontbreek, is dit die werkwoord wat op die substantief volg, ens.” In die afwesigheid van sodanige formele bereëling in die metateks kan die struktuur wat die kodestelsel voorhou as

skynstruktuur beskou word, aangesien die koteksinskrywings in der waarheid volledig arbitrêre konstruksies verteenwoordig. Boonop sou formele hiërargiese bereëlings soos pas voorgestel gevorderde taalkompetensie van die gemiddelde teikengebruiker vereis – ’n vlak van taalkompetensie wat normaalweg slegs van professionele gebruikers verwag kan word.

- c. ’n Verdere probleem vir die nieprofessionele woordeboekgebruiker lê in die verskynsel van die kodestelsel self, wat veral aanvanklik redelik ontoeganklik kan voorkom en pogings van die gebruiker om dit te begryp in die wiele kan ry.
- d. Die vraag kan ook gevra word of die onderskeid tussen nege woordklasse werklik funksioneel is. Die grootste klasse is uiteraard die substantiewe, adjektiewe, werkwoorde en voorsetsels. Die ander klasse sou in ’n addisionele breë kategorie saamgevat kon word, sodat slegs vyf van die nege woordklasse oorbly.

Hoewel die kodestelsel wat in *Van Dale* toegepas word ernstige praktiese tekortkominge toon, kan die Afrikaanse leksikografie heelwat uit die onderliggende teorie leer en gevolglik beter gestruktureerde en meer gebruikersvriendelike koteksafdelings in woordeboekartikels produseer.

Uit die artikel in (246) blyk dit dat, ten spyte van ’n oënskynlik uiterlik hoogs gestruktureerde koteksafdeling ’n waarneembare lemmatiese partydigheid in *Van Dale* waarneembaar is (vgl. (247)). As gevolg hiervan is daar noodwendig sprake van onvolledige adresseringsekwivalensie tussen die vertaalekwivalentparadigmas en koteksafdelings in die artikels van dié woordeboek. Die lemmatiese partydigheid wat in *Van Dale* geld, moet teen die agtergrond van die ware doel en funksie van die woordeboek beskou word, wat soos volg in die metateks uiteengesit word (p. xiii):

- (250) De Engelse Van Dale, deel Nederlands-Engels, kan in het algemeen getypeerd worden als
- een woordenboek
  - dat Nederlandstaligen wil helpen
  - by het produceren (inclusief het vertalen van het Nederlands na het Engels)
  - van hedendaagse, idiomatische,
  - zowel gesproken als geschreven Engelse ‘teksten’
  - van algemene aard.

Uit (250) blyk dit dat *Van Dale* nie ’n polifunksionele woordeboek is nie. Binne die raamwerk van die ware doel en funksie van die woordeboek sou dus argumente ten gunste van die lemmatiese partydigheid daarin aangevoer kon word. Hierop word nie nou verder ingegaan nie.

Uit die studie van die data in die CD en OFD as polifunksionele woordeboeke blyk egter ook dat adresseringsekwivalensie tussen vertaalekwivalentparadigma en koteksafdeling nie so gereeld voorkom as wat die vereiste in (243) sou wou hê nie. Vergelyk die volgende verteenwoordigende artikels – (251)a uit die CD en (251)b uit die OFD:

- (251) a. **Fluss** ▲ [flʊs] m -es, -e [ˈflʏsə] ☐ (= Gewässer) river; **am** ~ by the river; **Stadt** on the river; **unten am** ~ down by the river(side); **den** ~ **aufwärts/abwärts fahren** to go upstream or upriver/downstream or downriver  
 ☐ no pl (Tech: = Schmelzfluss) molten mass; **im** ~ **sein** to be molten  
 ☐ (= kontinuierlicher Verlauf: von Verkehr, Rede, Strom, Elektronen) flow; (von Verhandlungen auch) continuity; **etw in** ~ (acc) **bringen** to get sth moving or going; **etw kommt** or **gerät in** ~ sth gets underway or going; (= sich verändern) sth moves into a state of flux; **im** ~ **sein** (= sich verändern) to be in a state of flux; (= im Gange sein) to be in progress, to be going on
- b. **Contrainte** nf ☐ (pression) pressure; (coercition) coercion; **user de** ~e à l'égard de qn to exert ou put pressure on sb; **par la** ~e by force ou coercion; **être empêché par la** ~e to be forcibly prevented; **sous la** ~e under duress; **tenir un peuple dans la** ~e liter to keep a nation in bondage; ☐ (exigence) constraint; ~es administratives/budgétaires administrative/budgetary constraints; **les** ~es du marché the market restrictions; ☐ (gêne) strain; **sans** ~e without restraint, freely; ☐ Jur duress; ~e par saisie de biens distress, distraint; ~e par corps imprisonment for debt

'n Analise van die onderskeie koteksafdelings in (251) wys op die skynbare afwesigheid van adresseringsekwivalensie tussen vertaalekwivalente en doeltaalkoteksinskrywings in die meeste gevalle. Aangesien die artikels geïntegreerde mikrostrukture vertoon (vgl. 4.7.1.1.4), is dit geredelik moontlik om die mate waarin adresseringsekwivalensie ten opsigte van elke polisemiese waarde geld, uit te druk. In (251)a geld adresseringsekwivalensie tussen vertaalekwivalente en doeltaalkoteksinskrywings blykbaar slegs ten opsigte van die tweede semantiese subkommentaar van die lemma **Fluss**; in (251)b geld sodanige adresseringsekwivalensie blykbaar ten opsigte van geeneen van die semantiese subkommentare van die lemma **contrainte** nie.

Ten einde hierdie verskynsel te verklaar, is die eerste 100 artikels in die artikeltrajek van S/s in die AEW waarin adresseringsekwivalensie tussen die vertaalekwivalente in die onderskeie vertaalekwivalentparadigmas en die doeltaalkoteksinskrywings in die korresponderende koteksafdelings ontbreek, bestudeer. Hierdie 100 artikels word deur die artikeldeeltrajek S,s – **sinloos** geënkapsuleer, en bevat 'n totaal van 139 doeltaalkoteksinskrywings wat nie aan vertaalekwivalente in die onderskeie vertaalekwivalentparadigmas geadresseer is nie, dit wil sê 139 gevalle van ooraadressering. Uit die analise van hierdie 139 doeltaalkoteksinskrywings binne hulle verband met die korresponderende brontaalkoteksinskrywings is vier faktore geïdentifiseer wat adresseringsekwivalensie skynbaar teenwerk. Hierdie faktore word vervolgens uiteengesit.

Die eerste faktor wat naamlik die bewerkstelling van adresseringsekwivalensie teenwerk, is gewoon die aanwesigheid van leksikale items in doeltaalkoteksinskrywings wat as

vertaalekwivalente in die vertaalekwivalentparadigma behoort te figureer, maar nie daar verskyn nie. Vergelyk die volgende artikel uit die data:

(252) **saamlag** *saamge*= join in the laugh(ter); *met iem.* ~ have a laugh with s.o..


Adresseringsekwivalensie is afwesig omdat die verklarende vertaalekwivalent *have a laugh with* nie in die vertaalekwivalentparadigma optree nie (en omdat die verklarende vertaalekwivalent *join in the laughter* nie in 'n koteksinskrywing figureer nie). Van die 139 gevalle van ooraadressering kan 29 (20,86%) aan hierdie ontoereikende bewerking toegeskryf word.

Die tweede faktor wat skynbaar die bewerkstelling van adresseringsekwivalensie teenwerk, is *die graad van strukturele anamorfisme tussen die bron- en doeltaal*. Volgens Zgusta (1971: 294) is die anamorfisme van tale die fundamentele probleem waarmee die vertalende leksikograaf te kampe het in die koördinerings van die brontaalitems met die doeltaalitems in sy/haar woordeboek. Die anamorfisme van tale kan op verskillende wyses in die taalgegewe gemanifesteer word, soos in die bestaan van kultuurgebonde leksikale items in 'n bepaalde taal wat in 'n ander taal nie bestaan nie (referensiële leksikale gapings). Behalwe op die leksikale vlak, geld hierdie anamorfisme ook op die strukturele vlak, dit wil sê in terme van fonologie, morfologie en sintaksis. Waar twee tale genealogies nou aan mekaar verwant is, geld op strukturele vlak egter 'n laer graad van anamorfisme as wanneer die tale genealogies verder verwyderd van mekaar is. Dit volg dus dat Afrikaans en Engels, albei Wesgermaanse tale, 'n laer graad van strukturele anamorfisme sal vertoon as byvoorbeeld Afrikaans en die Bantoetaal Oshindonga. Die Afrikaans-Engelsleksikograaf word derhalwe in hierdie verband met minder probleme ten opsigte van koteksinskrywings gekonfronteer as die Afrikaans-Oshindonga-leksikograaf, hoewel eersgenoemde woordeboekopsteller nie belangrike uitdagings vryspring nie. Vergelyk die volgende artikel uit die data:

(253) **selfvertroue** self-confidence, -reliance, -possession, -assurance, morale; *gebrek aan* ~ diffidence; *iets vol* ~ *doen* do s.t. self-confidently (*or* with assurance).

In die artikel in (253) is adresseringsekwivalensie volledig afwesig. Die koteksinskrywings in die artikel illustreer twee vlakke waarop strukturele anamorfisme van die brontaal en doeltaal adresseringsekwivalensie verhinder. Ten opsigte van die brontaalkoteksinskrywing *gebrek aan selfvertroue* en die korresponderende doeltaalkoteksinskrywing *diffidence* is strukturele ekwivalensie afwesig, wat daarin manifesteer dat die lemmaties verteenwoordigde leksikale item *selfvertroue* in die brontaalkoteksinskrywing deel is van 'n hegte konstruksie (nl. die setselgroep

aan *selfvertroue* wat met die komplementerende substantief *gebrek* verbind) wat in die geheel deur 'n enkele leksikale doeltaalitem (nl. *diffidence*) vertaal kan word. Dit volg dus dat die leksikale item *diffidence* nie as vertaalekwivalent van *selfvertroue* in die vertaalekwivalentparadigma as adres van die doeltaalkoteksinskrywing *diffidence* (hoewel in die vorm van 'n enkele leksikale item) kan geld nie as gevolg van die afwesigheid van semanties-pragmatiese ekwivalensie. Trouens, die inskrywing *diffidence* kan kwalik as 'n koteksinskrywing beskou word; dit is gewoon 'n enkele leksikale vertaalekwivalent. Die probleem van zero adressering sou in hierdie geval wel opgelos kon word indien die sinonieme vrye konstruksie *lack of self-confidence*, wat strukturele ekwivalensie met die brontaalkoteksinskrywing vertoon, naas die doeltaalitem *diffidence* geplaas kon word: *diffidence, lack of self-confidence*. Die plasing van dié konstruksie ná *diffidence* impliseer dan dat *diffidence* die meer gebruiklike vertaling verteenwoordig (indien dit wel die taalwerklikheid weerspieël). Al hierdie tipe gevalle van strukturele anamorfisme van bron- en doeltaalkoteksinskrywings in die data sou op dié wyse opgehef kon word, wat veronderstel dat zero adressering in hierdie gevalle nie geregverdig is nie. Hierdie gevolgtrekking kan egter nie op die volle sentrale teks van die AEW toegepas word en sodoende veralgemeen word nie, aangesien die data nie as verteenwoordigend beskou kan word nie. 'n Verifiëringsondersoek buite die bestek van die artikeldeeltrajek **S,s – sinloos** bring aan die lig dat daar gevalle bestaan waar die strukturele anamorfisme nie opgehef kan word deur die aanbod van 'n addisionele (sinonieme) doeltaalkoteksinskrywing wat struktureel ekwivalent is aan die brontaalkoteksinskrywing nie. Vergelyk die volgende verteenwoordigende artikel uit die AEW:




- (254) **opgewonde** [...] excited, thrilled, enthusiastic; high (*infrm.*); worked up, aflutter; stimulated, aroused; animated, flurried, tumultuous, wild; *iets maak iem.* ~ s.t. excites s.o.; *oor iets ~ wees* be excited about s.t.; be wrought up over s.t.; *oor iets ~ raak/word* become/get excited about s.t.; get all worked up about s.t.

In die artikel in (254) kom slegs die vertaalekwivalent *excited* in die koteksafdeling voor. Die artikel vertoon onderadressering ten opsigte van die meeste van die ander vertaalekwivalente wat nie adresse van doeltaalkoteksinskrywings is nie, as kenmerk van die tipiese gebrek aan 'n funksionele adresseringstruktuur in Afrikaanse vertalende woordeboeke as gevolg van lemmatiese partydigheid (vgl. Gouws 2000: 43). Die koteksinskrywingspaar *iets maak iemand opgewonde / something excites someone* verteenwoordig egter 'n geval van ooradressering, aangesien die vertaalekwivalent *excite* nie in die doeltaalkoteksinskrywing figureer nie as gevolg van die anamorfisme tussen die bron- en doeltaalkotekste. Hier kan die anamorfisme egter nie geneutraliseer word deur 'n sinonieme doeltaalkoteksinskrywing soos *\*something makes someone excited* nie, aangesien dit nie idiomatiese taalgebruik in die doeltaal verteenwoordig nie en derhalwe

nie 'n geldige doeltaalkoteksinskrywing sal wees nie. Die geldende doeltaalkoteksinskrywing het juis ten doel om die gebruiker te verhoed om so 'n onidiomatiese vertaling te produseer. Die afwesigheid van adresseringsekwivalensie ten opsigte van die doeltaalkoteksinskrywing *something excites someone* sou in hierdie geval dus as geregverdig en as funksionele konteksleiding beskou kon word, wat die vereiste van sodanige adresseringsekwivalensie, soos in (243) geformuleer, enigsins onder verdenking plaas. Daar word aanstons op hierdie punt teruggekeer.

Die tweede vlak van strukturele anamorfisme tussen brontaal- en doeltaalkoteks word deur die brontaalkoteksinskrywing *iets vol selfvertroue doen* en die korresponderende doeltaalkoteksinskrywing *do something self-confidently* in (253) geïllustreer. Die anamorfisme word hier op die spits gedryf deur die afwesigheid van woordklasekwivalensie tussen die brontaalelement *selfvertroue* en die doeltaalelement *self-confidently* – eersgenoemde is naamlik 'n substantief terwyl laasgenoemde 'n adjektief is. Dit beteken dat terwyl die brontaalkoteksinskrywing aan die substantiewiese lemma **selfvertroue** geadresseer is, die doeltaalkoteksinskrywing nie aan die substantiewiese vertaalekwivalent *self-confidence* in die vertaalekwivalentparadigma geadresseer is nie. Hier kan dus nie sprake wees van die kontekstualisering van die betrokke vertaalekwivalent nie, hoewel die vormlike ooreenkoms groot is – en misleidend kan wees. Vergelyk in hierdie verband ook die volgende artikel uit die data:

(255) **siedend** = *dende seething*; ~ *kwaad*, ~ *van woede seething/fuming/boiling with rage*.




Die lemmaties verteenwoordigde adjektief *siedend* in (255) word van die adjektiewiese vertaalekwivalent *seething* voorsien. In die brontaalkoteksinskrywings *siedend kwaad* en *siedend van woede* tree die lemmaties verteenwoordigde adjektief op; dié inskrywings is aan die lemma geadresseer. Die doeltaalkoteksinskrywing *seething/fuming/boiling with rage* is egter nie aan die vertaalekwivalent *seething* in die vertaalekwivalentparadigma geadresseer nie, aangesien die leksikale item *seething* in die doeltaalkoteksinskrywing 'n werkwoord is en nie 'n adjektief soos die vertaalekwivalent nie. Die doeltaalkoteksinskrywing illustreer dus glad nie die optrede van die aangebode vertaalekwivalent nie. Aangesien ortografiese identiteit tussen die adjektiewiese vertaalekwivalent en die werkwoordelike leksikale item in die doeltaalkoteksinskrywing bestaan, kan 'n kotekstuele verband gesuggereer word wat in der waarheid nie bestaan nie. Hier is sprake van *skynadressering*, wat ten alle koste vermy behoort te word deur toepaslike vereenduidigende inskrywings in te voeg waar van toepassing. Hier sou 'n prosedure oorweeg kon word wat die volgende herbewerking van die artikel in (255) binne die tipografiese raamwerk van die AEW tot gevolg sou hê:

- (256) **siedend** = *dende seething*; ~ *e woede seething anger*; ~ *kwaad*, ~ *van woede*  
◦ *seething/fuming/boiling with rage*.

In die artikel in (256) word die koteksinskrywingspaar *siedende woede / seething anger* ingevoeg om die optrede van die vertaalekwivalent te illustreer. Die element *seething* in die nuwe doeltaalkoteksinskrywing is deur die tipografiese struktuurmerker van puntonderstreping gemerk om aan te dui dat dié inskrywing aan die identiese vertaalekwivalent *seething* geadresseer is. Die tweede doeltaalkoteksinskrywing word deur die nie-tipografiese struktuurmerker “◦” voorafgegaan om die gebruiker bedag te maak op die feit dat die aangebode vertaalekwivalent in die vertaalekwivalentparadigma as gevolg van die anamorfisme tussen die betrokke tale nié in die inskrywing optree nie; verder word die ortografies identiese element *seething* in die inskrywing nie deur die tipografiese struktuurmerker van puntonderstreping gemerk nie. Hiervolgens sou die artikel in (253) na herbewerking soos volg daar uitsien:

- (257) **selfvertroue** self-confidence, -reliance, -possession, -assurance, morale; *gebrek aan* ~  
◦ *diffidence, lack of self-confidence*; *iets vol ~ doen* ◦ *do s.t. self-confidently, do s.t. with self-assurance/self-confidence*.

Die voorgestelde struktuurmerkers sal beter tot hulle reg kom in ’n funksionele mikrostruktuur waarin die verskillende soeksones ter wille van gebruikersvriendelikheid tipografies duidelik van mekaar onderskei word (vgl. 5.3).



Die strukturele anamorfisme tussen brontaal- en doeltaalkoteks verklaar 53 (38,13%) van die 139 gevalle van afwesige adresseringsekwivalensie.

Die derde faktor wat adresseringsekwivalensie verhoed, is *semanties-pragmatiese ekwivalensie binne ’n bepaalde konteks tussen ’n brontaalitem en ’n doeltaalitem wat nie sistematies voorspelbaar is nie*. Volgens Szende (1999: 201) kan leksikale items binne konteks bepaalde denotatiewe betekenis aanneem wat nie voorspel kan word deur bloot hulle denotatiewe betekenis buite konteks te bestudeer nie. Vergelyk die volgende verteenwoordigende artikel uit die data, waarin oorsending tussen die koteksafdeling en die vertaalekwivalentparadigma bestaan:

- (258) **seeploos** = *lose soapless*; ~ *lose wasmiddel* synthetic detergent.

Buite konteks sou die brontaalitem *seeploos* nie van die vertaalekwivalent *synthetic* voorsien word nie, aangesien daar nie sistematies voorspelbare semanties-pragmatiese ekwivalensie tussen dié items bestaan nie. Die spesifieke linguistiese konteks (oftewel koteks) waarin *seeploos* en *wasmiddel* kombineer om die sintagma *seeplose wasmiddel* te produseer, aktiveer die semanties-pragmatiese ekwivalensie tussen *seeploos* en *synthetic* en vereis die doeltaalkoteksinskrywing *synthetic detergent* wat oënskynlik nie aan die vertaalekwivalent *soapless* in (258) geadresseer is nie. Weer eens is die doel van hierdie doeltaalkoteksinskrywing nie om die optrede van die vertaalekwivalent *soapless* te illustreer nie, maar juis om die nie-optrede daarvan in 'n spesifieke linguistiese konteks te spesifiseer. Ook hier is die afwesigheid van adresseringsekwivalensie tussen vertaalekwivalentparadigma en koteksafdeling geregverdig. 'n Alternatiewe (en beter) bewerking van dié artikel sou wel kon wees om *synthetic* as vertaalekwivalent in die vertaalekwivalentparadigma aan te bied en van ondubbelsinnige konteksleiding (soos die glos *soap*) te voorsien.

'n Spesifieke pragmatiese konteks kan ook semanties-pragmatiese ekwivalensie tussen bron- en doeltaalitems aktiveer wat buite dié konteks geensins sou geld nie, soos wat die volgende verteenwoordigende artikel uit die data aandui:

(259) **saaklik** =*like* businesslike, to the point, efficient, thorough; objective, impersonal; concise, succinct; essential, real; matter-of-fact; factual; pertinent, relevant; (~e) *onderpand*, (*jur.*) collateral security; ~e *reg*, (*jur.*) real right; ~e *serwituut*, (*jur.*) predial servitude.

 Pectora roburant cultus recti

Uit die artikel in (259) word dit duidelik dat die vertaalekwivalent *collateral* slegs binne juridiese konteks voorspelbaar met die brontaalitem *saaklik(e)* gekoördineer kan word, en dat semanties-pragmatiese ekwivalensie tussen hierdie items andersins sistematies onvoorspelbaar is en dus slegs in die gegewe koteks geld, en nie in isolasie nie. Dieselfde geld die verhouding tussen die brontaalitem *saaklik* en die vertaalekwivalent *predial* in die koteksinskrywingspaar *saaklike serwituut* / *predial servitude*. Ook hier geld ooradressering wat geregverdig is.

Die onderskeid tussen strukturele anamorfisme van die behandelde tale en semanties-pragmatiese ekwivalensie binne 'n bepaalde konteks tussen 'n brontaalitem en 'n doeltaalitem wat nie sistematies voorspelbaar is nie as faktore wat adresseringsekwivalensie tussen vertaalekwivalentparadigma en koteksafdeling verhinder, is nie altyd so diskreet soos wat die artikels in (258) en (259) kan suggereer nie. Vergelyk die volgende artikel uit die data:

(260) **seevaart** navigation; seafaring; voyage; *geskiedenis van die* ~ naval history.



In (260) kom 'n kombinasie van die twee faktore voor: die doeltaalkotekselement *naval* is nie sintakties ekwivalent aan die lemmaties verteenwoordigde brontaalitem nie én in kombinasie met die element *history* geld die vertaalekwivalente *navigation* (*\*navigation history*), *seafaring* (*\*seafaring history*) en *voyage* (*\*voyage history*) nie.

In die herbewerking van die artikels in (258), (259) en (260) sou die nie-tipografiese struktuurmerker “<sup>o</sup>” ook figureer. Trouens, volgens Svensén (1993: 106) geld die anamorfisme tussen die behandelde tale en konteks-geaktiveerde semanties-pragmatiese ekwivalensie as primêre motivering vir die gebruik van vrye konstruksies in vertalende woordeboeke:

Translated examples in bilingual dictionaries are usually given whenever a source-language phrase involving the headword cannot be translated word for word into the target language by means of equivalents of the headword in isolation.

Hierdie standpunt van Svensén word deur Kromann et al. (1991a: 2772) ondersteun:

[I]t is obvious that constructions whose translation follows unproblematically from elementary grammatical (and semantic) rules should not be included in the dictionary.

Hierdie benadering kan slegs aanvaar word indien daar 'n funksionele wisselwerking tussen die koteksafdeling, die metateks en grammatikale inligting in 'n buiteteks in die woordeboek bestaan (vgl. Gouws 1989: 229; Kromann et al. 1991a: 2773). Grondliggend hier is die vereiste dat 'n buiteteks met grammatikale inligting wel in die woordeboek figureer, 'n eienskap wat steeds volledig afwesig is in Afrikaanse vertalende woordeboeke. Hierdie aspek sal later weer aan die orde gestel word.

Isomorfisme tussen die behandelde tale en konteks-geaktiveerde semanties-pragmatiese ekwivalensie tussen brontaal- en doeltaalitems verklaar die oorblywende 58 (41,73%) van die 139 gevalle van afwesige adresseringsekwivalensie in die data.

Die verskynsel van die spesifisering van konteks-geaktiveerde semanties pragmatiese ekwivalensie tussen brontaal- en doeltaalitems wat buite konteks nie sistematies voorspelbaar is nie, dui opnuut op die konteksgebondenheid van die begrip *konteks* en vra om 'n hersiening van die definisie van konteksleiding in 4.8.

Indien aanvaar word dat die faktore wat adresseringsekwivalensie tussen vertaalekwivalentparadigmas en koteksafdelings in woordeboekartikels verhinder dit doen omdat die betrokke doeltaalkoteksinskrywings juis die gebruiker wys op gevalle van die nie-vervangbaarheid van die lemmaties verteenwoordigde brontaalitem in die brontaal deur die vertaalekwivalente in die vertaalekwivalentparadigma in die doeltaal, moet die vraag gevra word of adresseringsekwivalensie inderdaad afwesig is. In die artikel in (260) word die gebruiker daarop gewys dat die vertaalekwivalent *navigation* nié die lemmaties verteenwoordigde brontaalitem *seevaart* in die doeltaal kan vervang indien dit in die brontaalkonstruksie *geskiedenis van die seevaart* voorkom nie. Daar kan dus geargumenteer word dat die doeltaalkoteksinskrywing *naval history* in (260) indirek aan die vertaalekwivalent *navigation* geadresseer is. 'n Meer toepaslike mikrostruktuurtype sal die verband tussen die doeltaalkoteksinskrywing en die nie-buikbare vertaalekwivalent effektiewer lê as wat tans in die AEW die geval is, met ander woorde die *indirekte adres* van sodanige doeltaalkoteksinskrywing sal makliker deur die gebruiker bepaal kan word. Die aanvaarding van hierdie benadering veronderstel dat doeltaalkoteksinskrywings wat op die anamorfisme tussen die behandelde tale en konteks-geaktiveerde semanties-pragmatiese ekwivalensie tussen brontaal- en doeltaalitems wys inderdaad vertaalekwivalente in die onderskeie vertaalekwivalentparadigmas as (indirekte) adresse het. Indien hierdie doeltaalkoteksinskrywings dus tesame met doeltaalkoteksinskrywings optree wat al die onderskeie vertaalekwivalente as *direkte adresse* het (d.w.s. wat die vertaalekwivalente bevat), geld adresseringsekwivalensie in die betrokke woordeboekartikels. 'n Hersiening van die eis van adresseringsekwivalensie in (243) blyk dus gewens te wees. Hieraan word aan die einde van hierdie afdeling aandag geskenk.

Hiervolgens kan vry konstruksies in terme van nie-lemmatiese adressering in twee klasse verdeel word:

- (261) a. vry konstruksies wat die *vervangbaarheid* van die lemmaties verteenwoordigde brontaalitems deur die *direk* geadresseerde vertaalekwivalente in *algemene* linguistiese en pragmatiese kontekste *illustreer*;
- b. vry konstruksies wat die *nie-vervangbaarheid* van die lemmaties verteenwoordigde brontaalitems deur die *indirek* geadresseerde vertaalekwivalente in *bepaalde* linguistiese en pragmatiese kontekste *spesifiseer*.

Vry doeltaalkonstruksies wat tot klas (261)a behoort, sal voortaan *kotekstuele illustrators* heet, terwyl na vry doeltaalkonstruksies wat tot klas (261)b behoort as *kotekstuele spesifiseerders* verwys

sal word. Gegee 'n toepaslike mikrostruktuurtype, sou hierdie twee klasse vrye konstruksies ook in aparte en duidelik afgebakende soeksones geplaas kon word. Dit is by uitstek die klas kotekstuele illustrators wat die funksies in (241) moet vervul en die verbandhoudende eienskappe moet vertoon. Hieruit volg dat kotekstuele illustrators dié kategorie koteksinskrywings verteenwoordig wat normaalweg as *voorbeelde* in die literatuur beskou word. Dit is belangrik dat die aanduiding van strukturele nuklekwivalensie tussen bron- en doeltaal ten opsigte van die aanwending van die geadresseerde vertaalekwivalent hierby inbegryp moet word, soos wat vervolgens aangetoon sal word. Kotekstuele spesifiseerders illustreer nie die optrede van 'n vertaalekwivalent nie, maar spesifiseer eerder die nie-optrede daarvan in spesifieke kontekste. As sodanig geld kotekstuele spesifiseerders ook as kontekstualiserende inskrywings. Wat hier van belang is, is dat kotekstuele spesifiseerders se optrede, soos dié van leksikografiese etikette, altyd onafhanklik van die geldende ekwivalentverhouding tussen die lemma en vertaalekwivalentparadigma in die betrokke artikel fungeer, terwyl kotekstuele illustrators soms onafhanklik daarvan fungeer. Vergelyk die volgende artikels uit die AEW:

- (262) a. **hoorbaar** =bare audible; *bo iets* ~ *wées* be audible above s.o.; *jou* ~ *maak* make o.s. heard; *hoorbare fluistering* stage whisper.
- b. **konserant** =tante concertante; ~e *simfonie* sinfonia concertante.
- c. **fisika** physics; ~ *van die vaste toestand* solid state physics.

In (262)a en b staan die lemma telkens in 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie tot die aangebode vertaalekwivalent (soos bepaal deur toetsing aan die omkeerbaarheidsbeginsel). Die veronderstelling is dan dat konteks geen rol speel in die aanbod van die vertaalekwivalent nie. Tog tree koteksinskrywings in hierdie artikels op.

In (262)a verteenwoordig die eerste doeltaalkoteksinskrywing (*be audible above s.o.*) 'n kotekstuele illustrator, dit wil sê 'n doeltaalkoteksinskrywing wat die optrede in taalgebruik van die aangebode vertaalekwivalent illustreer. Die rede vir die insluiting van hierdie kotekstuele illustrator is die afwesigheid van strukturele ekwivalensie tussen die bron- en doeltaalkoteksinskrywing, dit wil sê die sintaktiese plasing van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item in die brontaal verskil van die sintaktiese plasing van die aangebode vertaalekwivalent in die doeltaal: In die brontaal kan die lemmaties verteenwoordigde leksikale item *hoorbaar* volgens die kotekstuele illustrator (ook na die setsel *bo* optree; in die doeltaal moet die vertaalekwivalent *audible* voor die setsel *above* optree. Hierdie soort data is belangrik vir die gebruiker in die teksproduksiesituasie. In (262)b en c geld dieselfde soort omstandighede: Die gebruiker word gewys op die strukturele anamorfisme

tussen die bron- en doeltaal wanneer dit kom by die sintaktiese optrede van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item teenoor die aangebode vertaalekwivalent. (In (262)c geld 'n ekwivalentverhouding van absolute ekwivalensie (maar nie monosemiese kongruensie nie) tussen die lemmaties verteenwoordigde leksikale item en die aangebode vertaalekwivalent, soos bepaal deur toetsing aan die omkeerbaarheidsbeginsel.)

Die tweede en derde doeltaalkoteksinskrywings in (262)a (*make oneself heard* en *stage whisper*) verteenwoordig kotekstuele spesifiseerders, en ooradressering geld ten opsigte van hulle. Die gebruiker word deur hierdie inskrywings daarop gewys dat, ten spyte van die (leksikale) ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie wat tussen die brontaalitem *hoorbaar* en die doeltaalitem *audible* geld, daar wel bepaalde kontekste bestaan waar die brontaalitem in vertaling nié deur die doeltaalitem vervang kan word nie. Kotekstuele spesifiseerders verteenwoordig die doeltaalkoteksinskrwingstipe wat die meeste in artikels optree waarin 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie tussen die lemmaties verteenwoordigde leksikale item en die aangebode vertaalekwivalent staan. Uiteraard tree hierdie tipe koteksinskrywing in artikels op ongeag die geldende ekwivalentverhouding.

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dat 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie in 'n artikel die leksikograaf nie vrystel van die aanbod van kontekstualiserende inskrywings nie, veral nie indien die anamorfisme tussen die twee behandelde tale dit dikteer nie. Die afwesigheid van kotekstuele spesifiseerders in die artikel in (262)a sou tot foutiewe vertalings deur die woordeboekgebruiker kon lei, wat die gebruikersvriendelikheid van die woordeboek sal kompromitteer. Korpusnavorsing stel die leksikograaf in staat om bepaalde strukturele verskille in die optrede van brontaalitems in die brontaal teenoor doeltaalitems in die doeltaal te identifiseer. Indien die voorkomfrenkwensie van 'n bepaalde geval 'n voorafbepaalde drempel oorskry, kan die geval as *nie-sistematies* oftewel *frenkwensiegebaseerd voorspelbaar* beskou word en behoort dit in 'n kotekstuele spesifiseerder in die betrokke artikel verteenwoordig te word.

Wat adresseringstruktuur betref, blyk dit uit die voorgaande bespreking dat twee tipes ooradressering tussen koteksafdeling en vertaalekwivalentparadigma geïdentifiseer kan word. Die eerste tipe ooradressering vind plaas wanneer leksikale items in doeltaalkoteksinskrywings voorkom wat as vertaalekwivalente in die vertaalekwivalentparadigma behoort te figureer, maar nie daar verskyn nie, dit wil sê hulle het geen adresse in die vertaalekwivalentparadigma nie. In die voorgaande bespreking verteenwoordig hierdie gevalle die eerste bespreekte faktor wat adresseringsekwivalensie verhinder (vgl. die bespreking van die artikel in (252)). Hierdie tipe

ooradressering heet *nie-funksionele ooraadressering*. Wanneer ooraadressering daarenteen die gevolg is van die aanwending van kotekstuele spesifiseerders (wat indirek aan die vertaalekwivalente in die vertaalekwivalentparadigma geadresseer is), is daar van *funksionele ooraadressering* sprake. Nie-funksionele ooraadressering behoort vermy te word.

'n Vierde faktor kan egter ook veroorsaak dat adresseringsekwivalensie tussen vertaalekwivalentparadigma en koteksafdeling afwesig is. Dit gebeur indien vir 'n lemmaties verteenwoordigde leksikale item geen vertaalekwivalent voorsien kan word nie as gevolg van die anamorfisme tussen die behandelde tale (Szende 1999: 202-203), en verteenwoordig 'n vorm van leksikale gaping. In sodanige gevalle is die leksikograaf op vrye konstruksies aangewese om die gebruiker van hulp te wees in die vertaling van koteks waarin die brontaalitems voorkom. Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel:

(263) **slaags**: ~ *raak* do/give/join (*or go into*) battle; come to blows; come/get to close quarters; *met ... ~ raak* fight ...; come to blows with ...; join battle with ...; come into conflict with ...; ~ *wees* be (engaged in) fighting.

In die artikel van die lemma **slaags** in (263) is daar nie sprake van 'n gevulde vertaalekwivalentparadigma nie; derhalwe is ooraadressering tussen vertaalekwivalentparadigma en koteksafdeling onvermydelik en outomaties. Hierdie doeltaalkoteksinskrywings is nóg kotekstuele illustrators, nóg kotekstuele spesifiseerders, aangesien hulle geen vertaalekwivalente as direkte óf indirekte adresse het nie. Hulle vertoon wel 'n sterk verband met kotekstuele spesifiseerders in dié opsig dat geen aangebode vertaalekwivalente in hulle optree nie (omdat die vertaalekwivalentparadigma nie gevul is nie). Hulle heet voortaan *sentrale koteksinskrywings*, aangesien hulle in die afwesigheid van vertaalekwivalente as sentrale bewerkings in die semantiese (sub)kommentaar verskyn. Aangesien sentrale doeltaalkoteksinskrywings nie aan enige vertaalekwivalent geadresseer is nie en in der waarheid self vertaalekwivalente verteenwoordig, geld hulle nie juis as kontekstualiserende inskrywings nie, maar eerder as *kotekstuele vertaalekwivalente* wat aan die brontaalkoteksinskrywings geadresseer is. Die geadresseerde brontaalkoteksinskrywings kan egter steeds as kontekstualiserende inskrywings beskou word, aangesien hulle 'n lemmatiese adres het. Die lemma **slaags** in (263) geld egter nie volledig as 'n normale lemma in die vertalende woordeboek ten opsigte waarvan vertaalekwivalente voorsien word nie, dit wil sê die lemma is nie die primêre bewerkingseenheid in die artikel nie, maar eerder 'n element wat toegang tot die aangebode koteksinskrywings as primêre bewerkings bied, dit wil sê 'n tipe toegangstrukturelement. Tog kan die lemma ook nie as 'n soort (verwyderde) nistoegangslemma beskou word nie, aangesien die groepering van koteksinskrywings nie 'n

groepering van geniste artikels, elkeen met 'n nislemma, verteenwoordig nie (vgl. 3.3.2). Dit volg dus dat hierdie lemma steeds die primêre element van 'n volwaardige artikelkop vorm en dat die daaropvolgende bewerkings in die semantiese kommentaar saam met die lemma steeds 'n volwaardige enkele artikel vorm en as sodanig in die woordeboek geld. Soos reeds aangetoon, wyk hierdie soort artikel wel in die belangrike opsig van die normale artikels in die woordeboek daarin af dat die normaal prinsipiële inskrywings, naamlik vertaalekwivalente, volledig afwesig is. Aangesien dié soort artikel nóg as nis, nóg as normale artikel geld, is dit lid van 'n eiesoortige kategorie artikels wat voortaan *koteksartikels* heet. Die soort lemma wat as toegangstruktuurelement tot koteksartikels geld, word gevolglik 'n *kotekstoegangslemma* genoem. 'n Koteksartikel bestaan dus uit 'n kotekstoegangslemma as primêre element van die artikelkop en sentrale koteksinskrywings as primêre elemente van die semantiese kommentaar. Die kotekstoegangslemma tree in 'n vertikale makrostrukturele ordening op.

Dit is belangrik dat koteksartikels onderskei word van normale artikels waarin vertaalekwivalente deur brontaalkoteksinskrywings voorafgegaan word en nie in 'n formeel onderskeibare vertaalekwivalentparadigma geplaas word nie, soos in die volgende artikel uit die AEW:

(264) **sing** *n.*: *aan die ~ gaan* start singing, break/burst into song.

Hoewel die artikel in (264) op die oog af slegs uit koteksinskrywings bestaan, verteenwoordig dit nie 'n koteksartikel nie. Die rede hiervoor is dat die doeltaalkoteksinskrywings wel identifiseerbare vertaalekwivalente vir die lemma **sing** bevat, naamlik *singing* en *song*, hoewel hulle nie aan dié vertaalekwivalente in 'n aparte vertaalekwivalentparadigma geadresseer is nie. Die betrokke koteksinskrywings sal voortaan, ter onderskeiding van kotekstuele vertaalekwivalente, as *gekotekstualiseerde vertaalekwivalente* bekend staan.

Volgens Gouws (1989: 229) voorsien die ideale vry konstruksie inligting oor die optrede van die lemma (en, in die geval van die vertalende woordeboek, vertaalekwivalente) op makrosintaktiese vlak, dit wil sê op die vlak van die volledige sin. Daarom maak Gouws gebruik van die term *voorbeeldsinne* in plaas van *vry konstruksies*. In aansluiting hierby vereis Kharmā (1984: 200) en Wiegand (1988: 582) dat alle voorbeelde in volsinvorm aangebied moet word. Dié vereiste word soos volg deur Kharmā (1984: 200) verwoord:

The use of 'full sentences' rather than phrases or sentence fragments is vital, because only in complete sentences can the grammatical information provided about the lexical item be of any use at all.

In 'n polifunksionele woordeboek is die nakoming van hierdie vereiste des te belangriker. Aangesien die eise vir die gebruik van volsinne egter primêr op kontekstuele illustrators afgestem blyk te wees, sou, hoofsaaklik ter wille van ruimtebesparing in die woordeboek, argumente aangebied kon word ten gunste daarvan dat kontekstuele spesifiseerders in frasevorm eerder as volsinvorm aangebied word, veral aangesien die grammatiese data oor 'n vertaalekwivalent nie deur sodanige vrye konstruksies aan die gebruiker oorgedra word nie.

Wat die oorneem van voorbeeldsinne uit verklarende woordeboeke vir gebruik in 'n vertalende woordeboek betref, meen Szende (1999: 216) dat

[t]he examples found in monolingual dictionaries sometimes need to be modified before they are included in a bilingual dictionary, considering the constant evolution of social norms.

Die veronderstelling is (i) dat vry konstruksies uit verklarende woordeboeke vir gebruik in vertalende woordeboeke oorgeneem kan word, en (ii) dat sodanige voorbeelde ook uit nie-kontemporêre verklarende woordeboeke kan kom. Beide veronderstellings is aanvegbaar. Volgens Wiegand (1988: 584) behoort die oorname van vry konstruksies uit verklarende woordeboeke vir gebruik in vertalende woordeboeke baie noukeurig gereguleer te word of heeltemal verbied te word. Hierdie eis spruit waarskynlik uit die feit dat koteksinskrywings in die verklarende woordeboek uitsluitlik vir die kontekstualisering van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item gekonstrueer en/of geselekteer is; die onkritiese oorname van sodanige inskrywings vir aanwending in vertalende woordeboeke sal 'n gevolglik lemmatiese partydigheid in die hand werk, wat die polifunksionaliteit van die woordeboek sal kompromitteer. Vry konstruksies behoort so gekonstrueer en/of geselekteer te word dat beide die lemmaties verteenwoordigde leksikale item en die vertaalekwivalente funksioneel daardeur gekontekstualiseer sal word. Dán sal die funksies van koteksinskrywings in (241) vervul word. Vry konstruksies behoort verder verteenwoordigend te wees van taalgebruik wat tydens die samestelling van die woordeboek geld (Al-Kasimi 1977: 95); daarom kan vry konstruksies uit verklarende woordeboeke wat as gevolg van ontwikkelende sosiale norme eers aangepas moet word voordat hulle in vertalende woordeboeke gebruik kan word in die lig van die sinchroniese aard van die standaard vertalende woordeboek as enigsins verdag beskou word.

Uit die bespreking van die diskriminatore het dit reeds duidelik geword dat betekenisverklarings, leksikografiese etikette en glosse onder bepaalde omstandighede met koteksinskrywings as adresse

in diens van tweedevlakkontekstualisering kan optree. Zgusta (1971: 264) meld ook dat dit nodig kan wees om kort betekenisverklarings by vry konstruksies aan te wend om die geldende betekenisnuanse in 'n bepaalde konteks te ekspliseer. Dit sal veral help om die geldende pragmatiese konteks waarin 'n leksikale item optree verder te illustreer (vgl. ook Prinsloo & Gouws 2000: 154). Hierop word nie verder in hierdie afdeling uitgebrei nie.


Lombard (1992: 153) waarsku dat die leksikograaf moet waak teen die insluiting van gelade vry konstruksies:

Een geval waar die leksikograaf hom nie altyd op die taalwerklikheid moet verlaat nie, is waar aanhalings nie neutraal is nie, of waar dit sterk emosionele reaksies by verskillende gebruikers kan ontlok.

Sulke aanhalings moet nie in 'n woordeboek tereg kom nie. Dieselfde geld natuurlik die gebruik van poëme.

Hier kan verwys word na die Buro van die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* se beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe leksikale items in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (Harteveld & Van Niekerk 1995).

Soos reeds aangedui is, is dit belangrik dat die aanwending van vrye konstruksies deur 'n funksionele mikrostruktuurtype ondersteun moet word. 'n Oneffektiewe en gebruikersonvriendelike mikrostruktuurtype kan die mees funksionele en gebruikersvriendelike vry konstruksie nutteloos maak.



#### 4.6.2.1.3 Sitate en poëme

Vry konstruksies kan óf sitate, óf poëme wees. Sitate is voorbeelde uit opgetekende taalgebruik, dit wil sê uit taalkorpora, terwyl poëme konstruksies is wat deur die leksikograaf geskep is (Gouws 1989: 228). Uit die literatuur blyk dit dat heelwat debat gevoer is en word oor die voor- en nadele van die gebruik van sitate al dan poëme (vgl. onder meer Zgusta 1971: 266-267; Al-Kasimi 1977: 92; Gouws 1989: 228-229; Lombard 1992: 159-160; Rademeyer 1992: 274-291; Szende 1999: 216-218; Prinsloo & Gouws 2000: 148-152; Landau 2001: 208-209). Veral in vroeëre debatte het die argumentasie gewentel om die bevordering van die een metode ten koste van die ander, wat in 'n ideologiese stryd ontaard het en kontraproduktief vir die leksikografie is (Prinsloo & Gouws 2000: 148). In hierdie studie sal nie gepoog word om 'n bydrae tot die debat te maak nie. Die leksikograaf sal goed doen deur kennis te neem van die voordele en nadele wat met elke metode gepaard gaan, sowel as die feit dat die gebruik van sitate al dan poëme nie 'n óf-óf situasie veronderstel nie, maar




dat sitate en poëme mekaar kan komplementeer om die werklike doel en funksies van die woordeboek te bereik. Prinsloo & Gouws (2000: 151) verwoord dié perspektief soos volg:

The first step towards a clearer perspective on the issue of authentic versus constructed examples will be to view them as a *continuum* with end points *authentic (taken from the corpus)* as the one extreme and *constructed examples* as the other extreme with certain discreet *categories* in between, such as *edited corpus examples, corpus-based examples, and constructed examples taking corpora into consideration.*

Met die weergee van hierdie benadering word volstaan. Belangrik is wel dat die leksikograaf vry konstruksies sal konstrueer en/of selekteer en aanwend binne die raamwerk wat die veranderlikes binne die parameters van die model vir gebruikersvriendelike woordeboeke daarstel. Dit veronderstel dat die grootste moontlike leksikografiese omsigtigheid by die verspreiding, keuse en toepaslikheid van vrye konstruksies moet geld (vgl. Wiegand 1988: 581). Dán sal die funksies van koteksinskrywings in (241) vervul word.

Vandag kan dit as algemene vereiste gestel word dat vry konstruksies, hetsy sitate, hetsy poëme, slegs effektief aangewend kan word indien hulle seleksie of konstruksie deur diepgaande navorsing in verteenwoordigende korpora voorafgegaan word (vgl. onder meer Landau 2001: 309-316; De Caluwe & Van Santen 2003: 78).



#### 4.6.2.2 Kollokasies

Waar vry konstruksies (in volsinvorm) die optrede van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item of 'n vertaalekwivalent op makrosintaktiese vlak illustreer, toon kollokasies die optrede van sodanige leksikale elemente op die mikrosintaktiese vlak aan, dit wil sê dat die plasing van 'n lemmaties verteenwoordigde leksikale item of 'n vertaalekwivalent in 'n sin nié deur kollokasies geïllustreer word nie (Gouws 1989: 227).

Gouws (1989: 227) verklaar die begrip *kollokasie* soos volg:

'n Kollokasie is 'n kombinasie van woorde wat dikwels saam gebruik word, maar wat nie 'n vaste uitdrukking is nie omdat die afsonderlike woorde se leksikale betekenis steeds gehandhaaf word en die verbinding nie as 'n geleksikaliseerde betekenseenheid optree nie.

Van Niekerk (1992: 256) wys op die feit dat kollokasies essensieel onlogies is en nie sistematies voorspelbaar is nie. Gouws se definisie van die begrip *kollokasie* hierbo word ook as enigszins rigories gekritiseer, aangesien die definisie impliseer dat *kollokasie* en *vaste uitdrukking* as

teenpole geld; die leksikograaf moet aanvaar dat kollokasies naamlik iewers op 'n kontinuum lê waarvan vry verbindings en vaste uitdrukkings die uiterste, teenoorstaande pole vorm (Van Niekerk 1992: 257). Om hierdie rede word Cop (1991: 2775) se definisie van die begrip *kollokasie* vir die doel van hierdie studie aanvaar:

Collocations are affinitive, bipartite lexical combinations which, in terms of the attractive force between their two component parts, can be situated between free combinations and idioms.

Kollokasies is dus nie leksikale items nie, maar hegte kombinasies van leksikale items; derhalwe word kollokasies nie as lemmata in die woordeboek opgeneem nie (Gouws 1989: 227). Vergelyk in hierdie verband die volgende twee artikels uit die AEW:

- (265) a. **knak** *knakke*, *n.* crack, snap; injury; blow, setback; nip (*in wire*); *iem. se gesondheid het 'n ~ gekry* s.o.'s health received a setback (or was impaired); *'n ~ aan ... gee* impair ..., deal ... a blow; *'n ~ in die stem* a catch in the voice. **knak** *ge=, vb.* [...]
- b. **knap** *knap knapper knapste*, *adj.* able, capable, clever, bright, proficient, brainy, smart, intelligent, (*infml.*) hotshot (*attr.*), (*infml.*) ace; workmanlike; narrow; tight; scanty; short; confined (*space*); (*obs.*) handsome, personable; (*obs.*) neat, spruce; ~ *in Latyn/ens.* wees be good at/in Latin/etc., be a good Latin/etc. scholar; *'n ~ leerling/ens.* a bright pupil/etc.; ~ *met ... wees* be deft with ... (*one's hands*); *'n ~ stuk werk* a clever/smart piece of work; ~ *van geld wees* be short of money. **knap** *adv.* [...]

Die artikel in (265)a bevat geen kollokasies nie, maar wel vry konstruksies as koteksinskrywings. Die doeltaalkoteksinskrywings *someone's health received a setback (or was impaired)* en *deal ... a blow* verteenwoordig naamlik kotekstuele illustrators, terwyl die inskrywing *impair* 'n kotekstuele spesifiseerder verteenwoordig. Die inskrywing *a catch in the voice* behoort ook as kotekstuele illustrator te geld, maar die vertaalekwivalent *catch* verskyn nie in die vertaalekwivalentparadigma nie, sodat die inskrywing *a catch in the voice* ten onregte 'n ongeadresseerde kotekstuele illustrator is<sup>68</sup>. Die artikel in (265)b bevat die volgende kollokasies: *knap in*; *knap leerling/ens.*; *knap met*; *knap stuk*; *knap van*.

Die leksikale items in die koteksafdeling van die artikel in (265)b wat in vetgedrukte letters verskyn, verteenwoordig daardie leksikale items ten opsigte waarvan die inskrywings alfabeties in

<sup>68</sup> Hierdie doeltaalkoteksinskrywing kan nie as 'n *gekotekstualiseerde vertaalekwivalent* beskou word nie, aangesien sodanige doeltaalkoteksinskrywings slegs figureer indien die vertaalekwivalentparadigma volledig leeg is, wat nie in (265)a die geval is nie.

die koteksafdeling georden is. Hierdie prosedure word egter nie konsekwent in die AEW toegepas nie, soos wat die afwesigheid daarvan in die verteenwoordigende artikel in (265)a aantoon.

#### 4.6.2.2.1 Samestelling en tipes

Soos uit Gouws (1989: 227) en Cop (1991: 2775) se definisies van die begrip blyk, vertoon kollokasies spesifieke strukture. 'n Kollokasie bestaan naamlik ten minste uit twee leksikale items wat 'n hoëfrekwensie medeoptrede vertoon, soos *dawerende applous* en *saamwerk met*. Die herhaalde medeoptrede van hierdie leksikale items het in dermate kondisionering bewerkstellig dat die sintagmatiese betrekking in 'n groot mate geyk geraak het (Van Niekerk 1992: 260).

Alle kollokasies bestaan uit twee komponente: 'n outonome semantiese basis en 'n afhanklike kollokator (Gouws 1996b: 60). In die kollokasies *dawerende applous* en *saamwerk met* verteenwoordig *applous* en *saamwerk* die onderskeie outonome semantiese basisse en *dawerende* en *met* die afhanklike kollokatore. Die leksikografiese implikasies van hierdie strukturele tweedeling sal in die bespreking van die mikrostrukturele optrede van kollokasies aan bod kom (vgl. 4.6.2.2.3).

Die klas kollokasies kan volgens Benson (1985: 61-66) en Svensén (1993: 98-106) in twee tipes onderverdeel word, te wete *leksikale kollokasies* en *grammatiese kollokasies*. Die onderskeid tussen die twee tipes kan op sintaktiese vlak getref word.

Leksikale kollokasies bestaan uit kombinasies van leksikale items uit die hoof leksikale kategorieë (d.w.s. hoofwerkwoorde, substantiewe en adjektiewe – vgl. Ponelis 1979: 526) onderling. Lombard (1992: 159-160) noem die volgende kombinasies:

- (266)
- a. substantief + werkwoord, bv. *apologie aanteken, die botoon voer, die doodstraf oplê, 'n leemte laat, uitsluitel gee en hoogty vier*
  - b. adjektief + substantief, bv. *'n verstokte sondaar, 'n lakonieke antwoord, 'n afsydige houding*
  - c. adjektiewiese deelwoorde saam + substantiewe, bv. *verblydende nuus, afdoende bewyse, 'n striemende toespraak, 'n deurtastende ondersoek, versagtinge omstandighede.*

Grammatiese kollokasies bestaan uit relatief vaste kombinasies van leksikale items uit die hoof leksikale kategorieë met hoofsaaklik setsels. Vergelyk die volgende voorbeelde:

(267) *afwesig van, bang vir, lojaal teenoor, omgaan met, saamwerk met, sorg vir, toegang tot*

'n Derde tipe kollokasie kan hiertoe gevoeg word. In bepaalde gevalle kollokeer 'n leksikale item uit 'n hoof leksikale kategorie met 'n ander leksikale item uit 'n hoof leksikale kategorie, maar die kollokasie is onvolledig sonder die medeoptrede van 'n spesifieke setsel. Vergelyk die volgende voorbeelde uit Lombard (1992: 160), waarin die semantiese basis telkens vetgedruk is:

(268) *uit 'n **betrekking** ontslaan, vir die **waarheid** instaan, aan die **verstand** bring, aan **flenters** skeur, in **kwarantyn** plaas*

Hierdie tipe kollokasies sal voortaan *leksikaal-grammatiese kollokasies* genoem word.

Die leksikografiese implikasies van hierdie tipologiese indeling sal ook in die bespreking van die mikrostrukturele optrede van kollokasies aan bod kom (vgl. 4.6.2.2.3).

#### 4.6.2.2.2 Funksies

Die insluiting van kollokasies in vertalende woordeboeke kan van groot waarde vir die gebruiker wees (Gouws 1989: 227; Benson 1990a: 29; Svensén 1993: 101; Landau 2001: 308). Die belangrikheid van die gebruik van korrekte kollokasies vir kommunikatiewe sukses word soos volg deur Cop (1991: 2775-2776) saamgevat:

Incorrect collocations have a comical effect on the NL (native language) receiver while correct ones are accepted as “passwords” to NL fluency in a foreign language.

Aangesien die ontvanger in die kommunikasiesituasie met 'n korrekte kollokasie kan identifiseer, aanvaar en verstaan hy/sy dit onmiddellik (Cop 1990: 35). Die feit dat tussen korrekte en foutiewe kollokasies onderskei kan word, hou direk verband met die geyktheid van dié tipe konstruksies (vgl. Van Niekerk 1992: 260). Aangesien 'n kollokasie se samestelling nie sistematies voorspelbaar is nie omdat nóg die semantiese nóg die sintaktiese eienskappe van die samestellende dele volgens Szende (1999: 212) 'n bepalende rol speel, meen Cop (1991: 2776) en Jarošová (2000: 22) dat dit belangrik is dat alle kollokasies in die woordeboek aangebied behoort te word. Hierdie eis geld veral ter wille van die woordeboekgebruiker wat 'n teks in die vreemde taal moet produseer en dus nie weet watter leksikale items gewoonlik saam optree nie (vgl. Svensén 1993: 101), hoewel Benson (1990a: 27) meld dat baie gebruikers ook met kollokasies in hulle moedertaal hulp nodig

het. Benson (1985: 61) heg soveel waarde aan die aanbod van kollokasies in die woordeboek dat hy van mening is dat kollokasies eerder as vry konstruksies ingesluit behoort te word. Hoewel die belangrikheid van die aanbod van kollokasies in die woordeboek duidelik is, kan hierdie eis van Benson in die lig van die bespreking van vrye konstruksies in die vorige afdeling, en veral die funksies daarvan, as enigins aanvegbaar beskou word.

Volgens Svensén (1993: 101) en Szende (1999: 211) is die aanbod van kollokasies veral belangrik in 'n vertalende woordeboek wat die gebruiker in die produksie van (vreemdetaal)tekste moet bystaan. Hierdie behoefte bestaan volgens Svensén (1993: 101-102) nie in dieselfde mate in 'n vertalende woordeboek wat op teksresepsie afgestem is nie,

since the collocators are already given in the text that is to be understood, but on the other hand collocation can have an important function here as regards guiding the user to the correct equivalent.

In die geval van 'n polifunksionele woordeboek geniet die teksproduksiefunksie egter voorrang (vgl. Zgusta 1971: 337; Hausmann 1988: 151; Kromann et al. 1991a: 2773), en is die volledigste moontlike verteenwoordiging van kollokasies derhalwe 'n vereiste.


Uit Svensen se motivering hierbo blyk die tweede belangrike funksie van die insluiting van kollokasies in die vertalende woordeboek, naamlik dié van ekwivalentdiskriminasie. Hierdie funksie word ook deur Cop (1990: 42) voorgehou. Die voorwaarde vir die vervulling van dié funksie is egter dat elke kollokasie in 'n aantoonbare verhouding tot die polisemiese waarde van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item ten opsigte waarvan dit geld, gestel moet word (vgl. Manley et al. 1988: 212). Dit veronderstel 'n mikrostrukturele optrede van kollokasies in die woordeboekartikels waarvolgens sodanige relasies wel aangetoon kan word. Hieraan word vervolgens aandag geskenk.

#### 4.6.2.2.3 Mikrostrukturele optrede

Uit 'n studie van die data word dit duidelik dat geen sistematiese verskil tussen vry konstruksies en kollokasies in die koteksafdelings van Afrikaanse vertalende woordeboeke getref word nie. Gouws (1996b: 59) wys verder daarop dat geen onderskeid tussen kollokasies en idiome, wat blykbaar ook in dieselfde soeksone aangebied word, getref word nie. Vergelyk in hierdie verband die volgende artikeldeel uit die AEW:

- (269) **kaart** *kaarte*, *n.* card; map; chart; ticket; →KAARTJIE;  
 ~e *afdek/afhaal/afneem* cut cards; *moenie jou beste*  
 ~e *eerste speel nie*, (fig.) do not shoot your bolt too soon;  
 ... in ~ *bring*, (lit.) map ...; put ... on the map; chart  
 ...; *dis 'n deurgestoke* ~ →DEURGESTOKE; *alles op een*  
 ~ *sit*, (fig.) put all one's eggs in one basket, stake every-  
 thing on one throw; *goeie* ~e *hê* hold a good hand;  
*goeie* ~ →GOEIE; *die* ~ *ken* know how the land lies; *in*  
*iem. se* ~e *kyk* take a peep at s.o.'s hand/cards; spy out  
 s.o.'s secrets; *in jou* ~e *laat kyk*, (fig.) show one's cards/  
 hand; *nie in jou* ~e *laat kyk nie*, (fig.) keep/play one's  
 cards close to one's chest; 'n ~ *lees* read a map; 'n ~  
*in die mou hê*, (fig.) have a card up one's sleeve; 'n ~  
*natrek* trace a map; *(met) oop* ~e *speel*, (fig.) put/lay (all)  
 one's cards on the table, be above board; *nie op die* ~  
*nie* not on the map; 'n *pak/stel* ~e a pack/deck of cards;  
*jou* ~e *laat sien* show one's hand; *moet my nou nie* 'n ~  
*skiet nie*, (inform.) pull the other one(, it's got bells on);  
*die* ~e *skommel/shud/was* make/shuffle the cards;  
*segte* ~te *hê* have a weak hand; *sonder* ~ uncharted;  
 'n ~ *speel* play a card; *in iem. se* ~e *speel*, (fig.) play  
 into s.o.'s hands; play s.o.'s game; *iem. het/kry* ~ *en*  
*transport* (van 'n eiendom) s.o. has/gets title (to a prop-  
 erty); *iets hang af van hoe die* ~e *val* s.t. depends on  
 the turn of a card. **kaart** *ge*, *wh* play (at) cards. ~af

Die artikeldeel in (269) toon dat oënskynlike kollokasies en idiome sonder onderskeid in die koteksafdeling gelys en van doeltaalkoteksinskrywings of -idiome voorsien word. In alle brontaalkoteksinskrywings én -idiome word een leksikale item of komponent van die tipografiese struktuurmerker van vetdruk voorsien ter aanduiding van die inskrywings se alfabetiese ordening in die koteksafdeling. Dit beteken dat geen onderskeid tussen brontaalkollokasies soos *goeie kaarte hê*, 'n *kaart lees* en *nie op die kaart nie* en brontaalidiome soos *moenie jou beste kaart eerste speel nie*, *nie in jou kaarte laat kyk nie* en 'n *kaart in die mou hê* getref word nie. Vergelyk hierteenoor die volgende artikel uit die AEW:



- (270) **klippie** = *pies*, *klippertjies* pebble; (also, in the pl.) grit; *iem./iets is soos 'n* ~ *in jou skoen* s.o./s.t. is a continual nuisance to one; *ronde* ~(s) shigle.

Die koteksafdeling van die artikel in (270) bevat geen kollokasies nie, maar wel 'n brontaalidoom, naamlik  *iemand/iets is soos 'n klippe in jou skoen*. Hierdie idoom word op geen wyse van die vry konstruksie *ronde klippie(s)* onderskei nie. Vry konstruksies, kollokasies en idiome word dus ongediskrimineerd in die koteksafdelings van artikels in Afrikaanse vertalende woordeboeke aangebied, wat die gebruiker met 'n reeks probleme konfronteer (vgl. Gouws 1996b: 58). Idiome behoort nie as inskrywings in die koteksafdelings van artikels te figureer nie, aangesien hulle as leksikale items in eie reg geld en derhalwe as aparte lemmata met hulle eie artikels in die sentrale teks opgeneem behoort te word. 'n Hanteringstrategie in hierdie verband word in hoofstuk 5 voorgestel. Verder behoort daar deur middel van die een of ander struktuurmerker onderskeid getref te word tussen vry konstruksies en kollokasies in die koteksafdeling, met ander woorde vry konstruksies en kollokasies behoort in aparte soeksones in die woordeboekartikel aangebied te word. Hierdie aspek word ook in hoofstuk 5 opgeneem.

In die hantering van kollokasies in die (vertalende) woordeboek word die leksikograaf met die vraag oor die plasing daarvan gekonfronteer. Moet 'n kollokasie naamlik in die koteksafdeling van die artikel waarvan die lemma met die semantiese basis korrespondeer, geplaas word, of in die koteksafdeling van die artikel waarvan die lemma met die afhanklike kollokator korrespondeer? Moet die kollokasie *'n salaris trek* dus in die koteksafdeling van die artikel van die lemma **salaris** of **trek** verskyn? Volgens Cop (1990: 42) dra 'n kollokasie nie juis tot betekenis- of ekwivalentdiskriminasie by indien dit in die artikel van die lemma wat met die semantiese basis korrespondeer, geplaas word nie. In die vertalende woordeboek gaan dit by die aanwending van koteksinskrywings egter nie slégs oor betekenis- of ekwivalentdiskriminasie nie, soos reeds aangetoon is; die gebruiker ontvang ook die nodige sintaktiese leiding in die gebruik van die lemmatiese verteenwoordigde leksikale item in die brontaal of die vertaalekwivalent in die doeltaal. Vanuit 'n gebruikersperspektief meld Szende (1999: 211) dat dit onmoontlik is om te weet onder watter lemma die gebruiker 'n bepaalde kollokasie sal opsoek; in hierdie opsig is die gebruiker se gedrag hoogstens gedeeltelik voorspelbaar. Daarom is dit wenslik dat 'n kollokasie onder meerdere lemmata opgeneem sal word. Vir die doel van 'n woordeboek wat beide die teksresepsie- en teksproduksiefunksies ondersteun (d.w.s. 'n polifunksionele woordeboek), is dit ook wenslik dat 'n kollokasie in die artikels van die onderskeie lemmata wat met elk van die komponente daarvan korrespondeer, opgeneem word (vgl. Benson 1990a: 30). So sal die kollokasie *'n salaris trek* in die koteksafdelings van die artikels van beide die lemmata **salaris** en **trek** opgeneem word. Aangesien die dubbele opname van kollokasies en hulle vertaalekwivalente heelwat ruimte in beslag sal neem, stel Cop (1990: 44) voor dat kollokasies slegs in die artikels van die lemmata wat die semantiese basisse verteenwoordig, opgeneem word, maar dat hulle deur middel van kruisverwysings by die lemmata wat die afhanklike kollokatore verteenwoordig politoeganklik gemaak kan word. Die implementering van hierdie voorstel word in die AEW verteenwoordig. Die brontaalkollokasie *salaris trek* word in die koteksafdeling van die artikel van die lemma **salaris** opgeneem en van die vertaalekwivalent *draw a salary* voorsien. In die koteksafdeling van die artikel van die lemma **trek** word die kollokasie ook opgeneem, maar in plaas van 'n vertaalekwivalent, word 'n kruisverwysing na die lemma **salaris** daarnaas aangebied. Ten opsigte van spesifiek vertalende woordeboeke huldig Cop (1991: 2777-2778) egter 'n aangepaste standpunt, naamlik dat 'n mediostruktuur wat ter wille van ruimtebesparing tussen identiese brontaalkollokasies wat in verskillende artikels optree, geld, vermy moet word, omdat

[t]his procedure would only interfere with clear presentation of the meaning structure of the collocator and inhibit coherence in the general bilingual dictionary articles of both bases and collocators. If redundancy is tolerated in natural language, then it should, at least to some

extent, be tolerated in a dictionary of natural language made for human users.

Cop se kritiek slaan op die algehele nie-opname van 'n brontaalkollokasie in die artikel van die lemma wat die afhanklike kollokator verteenwoordig: Die brontaalkollokasie word dus glad nie in dié artikel opgeneem nie en 'n kruisverwysing word as't ware buite konteks na die lemma wat die semantiese basis verteenwoordig, aangebied. Die prosedure wat die AEW volg, naamlik dat slegs die brontaalkollokasie in die artikel van die lemma wat die afhanklike kollokator verteenwoordig, opgeneem word en van 'n verwysing na die lemma wat die semantiese basis verteenwoordig, voorsien word, is nie aan hierdie kritiek onderworpe nie en verteenwoordig 'n aanvaarbare kompromie tussen die meerdere opnames van brontaalkollokator en vertaalekwivalent enersyds, en 'n "buitekontekstuele" mediostruktuur andersyds.

As gevolg van die anamorfisme tussen tale korrespondeer 'n kollokasie in een taal nie altyd met 'n kollokasie in 'n ander taal nie (Cop 1990: 43). Dit lei daartoe dat nie alle brontaalkollokasies in die koteksafdeling van 'n woordeboekartikel van doeltaalkollokasies as vertaalekwivalente voorsien kan word nie. Indien 'n brontaalkollokasie deur 'n doeltaalkollokasie vertaal kan word, geld 'n verhouding van volledige ekwivalensie tussen bron- en doeltaalkonstruksie; indien 'n brontaalkollokasie nie deur 'n doeltaalkollokasie vertaal kan word nie, geld 'n verhouding van gedeeltelike ekwivalensie tussen die brontaal- en doeltaalkonstruksies, in welke geval daar van 'n kollokasionele gaping in die doeltaal sprake is wat deur 'n tipe surrogaatekwivalent gevul moet word (Gouws 1996b: 61). Vergelyk in hierdie verband die volgende brontaalkollokasies en hulle vertaalekwivalente uit die AEW:

- (271) a. lemma **tjek**: *per tjek betaal* pay by cheque  
b. lemma **terugstaan**: *vir niemand terugstaan nie* be second to none  
c. lemma **traan**: *trane biggel oor iemand se wange* tears trickle down someone's cheeks  
d. lemma **eis**: *'n eis instel* sue

Die data in (271) verteenwoordig die drie kategorieë waarin vertaalekwivalente wat aan brontaalkollokasies geadresseer is, kan val, soos deur Gouws (1996b: 62) onderskei. Ten eerste is daar die kategorie vertaalekwivalente wat 'n een-tot-een ooreenkoms met die brontaalkollokasies vertoon en ook kollokasies in die doeltaal verteenwoordig, soos in (271)a. Tweedens is daar die kategorie vertaalekwivalente wat ook kollokasies in die doeltaal verteenwoordig, maar wat weens die anamorfisme wat tussen die bron- en doeltaal geld nie 'n een-tot-een ooreenkoms met die brontaalkollokasies vertoon nie, soos in (271)b. Derdens is daar die kategorie vertaalekwivalente



wat 'n een-tot-een ooreenkoms met die brontaalkollokasies vertoon, maar wat nie kollokasies in die doeltaal verteenwoordig nie, soos in (271)c en d. Hierdie vertaalekwivalente, waarvan geen komponent as vertaalekwivalent in die betrokke artikel se vertaalekwivalentparadigma voorkom nie, beskou Gouws (1996b: 62) as verklarende vertalings. In die woordeboek behoort deur middel van struktuurmerkers 'n onderskeid getref te word tussen vertaalekwivalente wat doeltaalkollokasies verteenwoordig en dié wat verklarende vertalings verteenwoordig (Gouws 1996b: 61).

Cop (1990: 43) wys daarop dat 'n kollokasie *a* in taal *A* in die *B-A*-deel van die woordeboek slegs toeganklik is indien dit as vertaalekwivalent van kollokasie *b* in taal *B* aangebied word. Doeltaalkollokasies wat nie kollokasie-ekwivalente in die brontaal het nie, sal dus nie in 'n woordeboekartikel figureer nie. Hierdie kollokasies kan egter politoeganklik gemaak word indien die omkeerbaarheidsbeginsel ook ten opsigte van kollokasies en hulle vertaalekwivalente (hetsy kollokasies, hetsy verklarende vertalings, hetsy leksikale vertaalekwivalente) geld, sodat vry sintaktiese konstruksies in die brontaal wat in die doeltaal kollokasionele vertaalekwivalente het, in die koteksafdeling van 'n artikel ingesluit word en van die doeltaalkollokasies as vertaalekwivalente voorsien word. Hierdie aspek word in hoofstuk 5 weer te berde gebring. Ook hier sal struktuurmerkers gebruik moet word om kollokasionele nulekwivalensie tussen bron- en doeltaalinskrywing aan te dui.

Kollokasies figureer egter nie slegs in die koteksafdelings van vertalende woordeboeke nie. Volgens Cop (1991: 2777) tree die semantiese basisse van kollokasies gereeld as glosse in die vertaalekwivalentparadigma ten opsigte van hulle afhanklike kollokators op, soos wat uit die bespreking van glosse in 4.6.1.3 geblyk het. Vergelyk die glosse in die volgende artikel uit die AEW:

(272) **helling** [...] decline, declivity, dip, slope; activity, grade; fall, incline; inclination; gradient (*of a road*); pitch (*of a floor*); (*marine*) slipway [...]

Ook grammatiese kollokasies kan deur die aanduiding van glosse onder die gebruiker se aandag gebring word. Die glos verteenwoordig in hierdie geval egter die afhanklike kollokator (d.w.s. die setsel), wat aan die semantiese basis (die leksikale item uit die hoof leksikale kategorieë) geadresseer is. Vergelyk die volgende artikel uit die AEW:

(273) **saamspan** *saamge*= unite, cooperate, join hands, club together; conspire, plot (*against*); collude [...]

Die glos *against* verteenwoordig die afhanklike kollokator in die grammatiese doeltaalkollokasie *plot against*. In 4.6.1.3.3 is gewys op die onsistematiese aanwending van glosse in Afrikaanse vertalende woordeboeke. Dit geld ook glosse wat grammatiese kollokasies aandui. Vergelyk die volgende twee semantiese subkommentare uit die artikel van die lemma **bestehen** in die CD:

- (274) ☐ (= *sich zusammensetzen*) to consist (*aus of*);  
**in etw** (*dat*) ~ to consist in sth; (*Aufgabe*) to involve sth; **seine einzige Chance besteht darin**, ... his only chance is to ...; **die Schwierigkeit/das Problem besteht darin, dass** ... the difficulty/problem consists or lies in the fact that ..., the difficulty/problem is that ...; **das Problem besteht darin, zu zeigen** ... the problem consists in showing ...  
 ☐ (= *standhalten, sich bewähren*) to hold one's own (*in +dat in*); **vor etw** (*dat*) ~ to stand up to or against sth

Aan die vertaalekwivalent in beide die semantiese subkommentare is glosse geadresseer wat eers die lemmaties verteenwoordigde leksikale item en daarna die vertaalekwivalent se afhanklike kollokator as deel van 'n grammatiese kollokasie aanbied. Die daaropvolgende koteksinskrywings beskryf dan die afwykings van die kollokasies. Hierdie aanbod behoort ook op intensiewe korpusnavorsing gegrond te wees, en grammatiese kollokasies kan slegs deur glosse aangedui word indien korpusnavorsing bevind dat dié kollokasies 'n beduidend groter gebruiksfrekwensie vertoon as ander kollokasies met dieselfde semantiese basis of ander vrye konstruksies waarin die vertaalekwivalent met 'n verskeidenheid setsels kombineer. Indien dit nie die geval is nie, moet grammatiese kollokasies in die koteksafdeling as koteksinskrywings aangebied word.

Uit die aard van hulle komplekse samestelling kan leksikaal-grammatiese kollokasies slegs as koteksinskrywings in die koteksafdeling van 'n woordeboekartikel geakkommodeer word.

Die punt wat wel geïllustreer word, is dat kotekstuele leiding nie tot koteksinskrywings in die koteksafdeling beperk is nie.

#### 4.6.2.2.4 Die effektiwiteit van koteksinskrywings

Kromann et al. (1991a: 2773) rapporteer soos volg oor empiriese navorsing wat oor die nut van koteksinskrywings gedoen is:

Empirical studies of dictionary use for translation into foreign languages (Wiegand 1985, 73) show that grammatical problems may account for up to 55% of consultations. Of these, questions about syntactic problems, the use of prepositions and word formation make up at

least half.

Na aanleiding van 'n empiriese studie oor die gebruik en effektiwiteit van koteksinskrywings in 'n verklarende aanleerderwoordeboek deur gevorderde taalaanleerders in die teksproduksiesituasie kom Nesi (1996: 205) tot die volgende gevolgtrekking:

In this study, dictionary examples were not found to significantly affect the success of productive dictionary use. Lexicographers and writers on lexicography see the potential of the example as a conveyor of linguistic information, but it would appear that the examples used in this study did not always achieve this potential, nor did the subjects always recognize it, where it existed.

Hoewel Nesi se navorsing op 'n verklarende woordeboek gerig is, kan die potensiële waarde daarvan vir die vertalende leksikografie nie geïgnoreer word nie. 'n Dringende behoefte aan gebruiksnavorsing in hierdie opsig (en ander) bestaan in die Afrikaanse leksikografie.

#### 4.6.2.3 Samevattend

Die literatuur wys tereg op die belangrike funksies van koteksinskrywings in vertalende woordeboeke, veral in die teksproduksiefunksie. Dit is by uitstek koteksinskrywings wat die teikengebruiker in dié opsig kontekstleiding bied dat hy/sy grammatikaal korrekte konstruksies in die doeltaal kan produseer. Juis daarom is dit belangrik dat aspekte van die anamorfisme wat tussen die behandelde tale geld ter sprake sal kom: Die gebruiker moet nie alleen op die invoegbaarheid van vertaalekwivalente (vgl. Zgusta 1971: 319) gewys word nie, maar ook op gevalle waar die invoegbaarheid van ekwivalente bepaalde taalstrukturele implikasies inhou, sowel as op gevalle waar vertaalekwivalente gewoon nie invoegbaar is nie. Daarbenewens moet brontaal- en doeltaalkollokasies tot die beskikking van die gebruiker gestel word.

Die terme van Gouws (2000: 43) se eis vir adresseringsekwivalensie tussen die vertaalekwivalentparadigma en die koteksafdeling in 'n artikel in die vertalende woordeboek (vgl. (243)) kan soos volg opgesom word:

- (275) a. Elke vertaalekwivalent moet die adres van minstens een koteksitem wees.  
b. Elke koteksitem moet 'n vertaalekwivalent wat in die vertaalekwivalentparadigma opgeneem is as adres hê.

Die bereëling in (275)a is leksikografies uitvoerbaar en die uitvoerbaarheid daarvan is wenslik. Hier kan direkte sowel as indirekte adressering geld. Die voorafgaande bespreking het egter aan die lig gebring dat die bereëling in (275)b nie leksikografies presies uitvoerbaar is nie. Uit die aard van hulle funksie kan kontekstuele spesifiseerders nie 'n vertaalekwivalent wat in die vertaalekwivalentparadigma opgeneem is as adres hê nie. Kontekstuele spesifiseerders het eerder die hele vertaalekwivalentparadigma of doeltaalsinoniemparadigma as adres. Hier is sprake van *kollektiewe adressering* eerder as adressering aan 'n individuele inskrywing in die vorm van 'n enkele vertaalekwivalent.

Koteksinskrywings kan slegs werklik funksioneel wees indien dit in samehang met buitetekste met grammatiese data oor beide die bron- en doeltaal aangewend word.

### 4.6.3 Ingevoegde tekste

#### 4.6.3.1 Ingevoegde binnetekste

##### 4.6.3.1.1 Algemene aard en funksies

Soos aangedui in die identifikasie van die tipes kontekstualiserende inskrywings in 4.4, kom ingevoegde binnetekste in die sentrale teks van die woordeboek voor, óf as deel van 'n bepaalde artikel, óf tussen artikels. Daar is dus nie sprake van 'n supplementêre teks of 'n sekondêre makrostruktuur nie. Indien 'n sekondêre makrostruktuur wel in die vorm van 'n supplementêre teks figureer, bevat sodanige teks ingevoegde binnetekste. Ingevoegde binnetekste sal steeds binne die grense van die sentrale teks as bewerkingsarea van die primêre makrostruktuur optree.

Ingevoegde binnetekste bedien én die kommunikasiegeoriënteerde én die kennisgeoriënteerde funksies van die woordeboek. In diens van die kommunikasiegeoriënteerde funksie voorsien dié tipe teks gewoonlik inligting van 'n taalkundige aard aan die gebruiker om in die interpretasie en taalkundig gepaste gebruik van óf die lemma óf die aangebode bewerking van die lemma (in die vertalende woordeboek primêr die vertaalekwivalente) behulpsaam te wees. In die vertalende woordeboek veronderstel dit die funksie van konteksleiding, waarvolgens die gebruiker leiding ontvang in die seleksie van die korrekte vertaalekwivalent uit die vertaalekwivalentparadigma en die korrekte en gepaste aanwending daarvan in die gegewe diskoerskonteks. In diens van die kennisgeoriënteerde funksie voorsien ingevoegde binnetekste inligting oor die adres wat nie nodig is vir 'n geslaagde betekenisoordrag nie, dit wil sê ensiklopediese inligting (vgl. Gouws 1994: 69),

hoewel sodanige inligting belangrik is om kommunikatiewe sukses te verseker. 'n Ingevoegde binneteks kan 'n lemmatiese of nie-lemmatiese adressering hê, soos wat uit die volgende bespreking sal blyk.

#### 4.6.3.1.2 Tipes ingevoegde binnetekste

Na aanleiding van die bestudeerde literatuur en data kan ingevoegde binnetekste na tipe inhoud in drie klasse verdeel word, naamlik (i) ingevoegde binnetekste met 'n verbale inhoud, (ii) ingevoegde binnetekste met 'n grafiese inhoud en (iii) ingevoegde binnetekste met beide 'n verbale en grafiese inhoud. Ingevoegde binnetekste met 'n verbale inhoud word verteenwoordig deur sogenaamde “tekassies” of “teksbokse” wat in of tussen artikels voorkom, waarin data oor die adres verbaal in óf die brontaal óf die doeltaal óf beide verstrek word. Ingevoegde tekste met 'n grafiese inhoud word verteenwoordig deur illustrasieprente, waaronder lyntekeninge, foto's, tabelle en grafieke resorteer. Hierdie klas tekste bevat ook gewoonlik 'n ondersteunende verbale element in die vorm van byskrifte, onderskrifte en opskrifte. Ingevoegde binnetekste wat tot klas (iii) behoort, verteenwoordig 'n samevoeging van klasse (i) en (ii) en bevat dus 'n kombinasie van verbale en grafiese inhoud in een teks. Vervolgens word klasse (i) en (ii) in meer besonderhede bespreek.

##### 4.6.3.1.2.1 Ingevoegde binnetekste met 'n verbale inhoud

Ingevoegde binnetekste kom nie geredelik in Afrikaanse vertalende woordeboeke voor nie. In 4.4 is na voorbeelde van die optrede van ingevoegde binnetekste met 'n verbale inhoud in Afrikaanse aanleerderswoordeboeke soos die *Basiswoordeboek van Afrikaans* (Gouws, Feinauer & Ponelis 1994) en *Tweetalige aanleerderswoordeboek* (Du Plessis 1993) verwys (vgl. (11)). Nóg die TW, nóg die RD, nóg die AEW bevat ingevoegde binnetekste van enige aard. Die GW is die enigste Afrikaanse vertalende woordeboek wat ingevoegde binnetekste met verbale inhoud bevat. Vergelyk die volgende uittreksel uit dié woordeboek as voorbeeld:

(276) **angs'tig, (-e)**, afraid, terrified, fearful; anxious (time); keen, desirous, want strongly; ~ *e oomblikke*, anxious moments; ~ **heid**, anxiety, fear.

*Angstig* with the meaning of “want, desirous, keen (to have)” bears English influence but has become generally accepted in Afrikaans colloquial usage.

**angs'toestand**, state of anxiety.  
**angsval'lig, (-e)**, anxious, timid, timorous; scrupulous, conscientious; meticulous; ~ **heid**, anxiety; timidity; scrupulousness, conscientiousness.

Die inskrywing *Angstig [...] usage* in (276) verteenwoordig 'n ingevoegde binneteks met verbale inhoud. Dié teks word in die GW duidelik onderskei deur die raampie ('n nie-tipografiese struktuurmerker) waarbinne dit geplaas is. In die GW beset 'n ingevoegde binneteks die slotgleuf van die artikel waarin 'n inskrywing die adres van die teks is, dit wil sê die ingevoegde binneteks is deel van die artikel – 'n artikelinterne ingevoegde binneteks.

Beide die OFD en die CD bevat 'n beduidende aantal ingevoegde binnetekste. Vergelyk die volgende uittreksel uit laasgenoemde woordeboek:

(277) **Weïse(r)** ['vaizə] *mf decl as adj wise man/woman; (= Denker auch) sage; die drei ~n aus dem Morgenland* the three Wise Men from the East; **die Fünf ~n** (Ger Pol) *panel of five experts advising government on economic policy*

**DIE FÜNF WEISEN**  
**Die Fünf Weisen** is the popular name of the *Sachverständigenrat zur Begutachtung der gesamtwirtschaftlichen Entwicklung*. This is an independent body, set up in 1964 and consisting of five recognized economists appointed by the *Bundespräsident* for a period of five years. Each year they present a report on the economy and the likely course of its development ► BUNDESPRÄSIDENT

**Weïser** ['vaizə] *m -s, - (= Biene) queen bee*



Die uittreksel in (277) kan as verteenwoordigend van die versameling ingevoegde binnetekste in die CD beskou word, aangesien al die ingevoegde binnetekste in dié woordeboek die kennisgeoriënteerde funksie ondersteun deur kulturele data te bevat. Soos in die GW, is almal artikelinterne ingevoegde binnetekste. Die uittreksel in (276) kan egter nie as verteenwoordigend van die versameling ingevoegde binnetekste in die GW aanvaar word nie, aangesien sodanige tekste in dié woordeboek beide die kennis- en die kommunikasiegeoriënteerde funksies ondersteun. Die teks in (276) verteenwoordig ondersteuning van die kommunikasiegeoriënteerde funksie deur linguistiese data oor die lemma wat nie in die artikel opgeneem is nie te verstrek. Hierop word aanstons terugkeer.

Van die bestudeerde woordeboeke bevat die OFD die grootste aantal en verskeidenheid ingevoegde binnetekste wat kollektief die kommunikasiegeoriënteerde en kennisgeoriënteerde funksies van die woordeboek ondersteun. Dié woordeboek vertoon ook die grootste digtheid van ingevoegde binnetekste, wat onder meer duidelik word uit 'n telling van die aantal ingevoegde binnetekste in elk van die genoemde woordeboeke, soos in tabel 9 weergegee:

Woordeboek	Deel	Aantal pp. in s.t.	Totale aantal pp. in s.t.	Aantal ingevoegde binnetekste	Totale aantal ingevoegde binnetekste	Ratio s.t.-p. : ingevoegde binneteks
GW	Afrikaans – Engels	695	1 433	71	105	1 : 0,007
	Engels – Afrikaans	738		34		
CD	Duits – Engels	979	1 952	133	258	1 : 0,132
	Engels – Duits	973		125		
OFD	Frans – Engels	912	1 915	263	628	1 : 0,328
	Engels – Frans	1 003		365		

**Tabel 9: Aantal ingevoegde binnetekste met verbale inhoud in die GW, CD en OFD**

Afkortings: *pp.* = bladsye; *p.* = bladsy; *s.t.* = sentrale teks

Vervolgens word die aard van die ingevoegde binnetekste in elk van die woordeboeke kortliks bespreek, met besondere fokus op die GW as verteenwoordiger van Afrikaanse vertalende woordeboeke. Vir hierdie doel word begin met die bespreking van die OFD, gevolg deur die bespreking van die CD. Hierna kan ingevoegde binnetekste in die GW in reliëf tot dié in die CD en OFD geplaas word.

#### 4.6.3.1.2.1.1 OFD

Na verbale inhoud, omvang en plasing in die sentrale teks kan die ingevoegde binnetekste in die OFD in vier klasse verdeel word:



- (278) a. Korter artikelinterne ingevoegde binnetekste met grammatiese data oor die lemmaties verteenwoordigde leksikale item
- b. Langer artikeleksterne ingevoegde binnetekste met grammatiese data oor 'n verwyderde lemmatiese adres, waarby kulturele frases ingesluit kan wees (vgl. Gouws (om te verskyn))
- c. Kort artikelinterne ingevoegde binnetekste met pragmatiese data oor die lemma
- d. Kort artikelinterne ingevoegde binnetekste met kulturele data oor die lemma

Die tekste in klasse (278)a, b en c ondersteun veral die kommunikasiegerigte funksie van die OFD, terwyl die tekste in klas (278)d by uitstek die kennisgeoriënteerde funksie ondersteun. Beide die teksresepsie- en teksproduksiefunksies word deur die inhoude van die tekste in al die klasse ondersteun.

Die volgende uittreksels bevat ingevoegde binnetekste van klas (278)a uit die Engels-Frans-deel:

(279) a.

**beneath** /br'ni:θ/

⚠ When used as a preposition (= under), *beneath* is translated by *au-dessous de*: *beneath his feet* = *au-dessous de ses pieds*. When used as an adverb, *beneath* is translated by *en dessous*: *the trees beneath* = *les arbres en dessous*. For particular and figurative usages see below.

Ⓐ *prep* ① (under) *sous*; ~ **the table** *sous la table*; **the valley/river** ~ **them/you etc** *la vallée/rivière en contrebas*; fig **he hid his disappointment** ~ **a polite smile** *il a masqué sa déception derrière un sourire poli*; ~ **the calm exterior he...** *sous ses apparences calmes, il...*; ② (unworthy of) *indigne de [person]*; **it is ~ her/you etc to do** *c'est indigne d'elle/de toi etc de faire*; ▶ **dignity**

Ⓑ *adv* *en dessous*; **the apartment/the people/the cars/the trees** ~ *l'appartement/les gens/les voitures/les arbres en dessous*; **the valley/river** ~ *la vallée/rivière en contrebas*

**Benedict** /'benɪdɪkt/ *pr n* Benoît

b.

**beautiful** /'bjʊ:tfʊl/ *adj* ① (aesthetically attractive) *beau/belle (before n)*; **a ~ place** *un bel endroit*; **a ~ example of** *un bel exemple de*; ② (wonderful) [*day, holiday, feeling, experience*] *merveilleux/-euse*; [*weather*] *superbe*; ③ (skilful) [*shot, goal*] *superbe*; **he's a ~ writer** *il écrit divinement bien*

⚠ The irregular form *bel* of the adjective *beau, belle* is used before masculine nouns beginning with a vowel or a mute 'h'

**beautifully** /'bjʊ:tfʊli/ *adv* ① (perfectly) [*play, write, behave, function*] *admirablement (bien)*; [*written, designed etc*] *admirablement*; **that will do** ~ *cela conviendra parfaitement*; ② (attractively) [*displayed, furnished, situated*] *magnifiquement*; ~ **dressed** *habillé avec beaucoup de goût*; ③ (emphatic) [*empty, quiet, soft, warm, accurate*] *merveilleusement*

Die uittreksels in (279) demonstreer die beginsel wat die artikelinterne plasing van hierdie klas tekste bepaal: Indien die teks 'n lemmatiese adres het, word dit direk na die artikelkop geplaas, dit wil sê tussen die artikelkop en die semantiese kommentaar; vergelyk die artikel van die lemma **beneath** in (279)a. Indien die teks 'n nielemmatiese adres het, word dit aan die einde van die artikel geplaas; vergelyk die artikel van die lemma **beautiful** in (279)b. In gevalle waar die semantiese kommentaar deur postkommentare op komposita, deeltjiewerkwoorde en/of idiome gevolg word (vgl. 4.7.1.2), word die ingevoegde binneteks ná hierdie kommentare geplaas, dit wil sê steeds aan die einde van die artikel. Geen geval is aangetref waar so 'n teks tussen twee semantiese subkommentare verskyn nie. Al die tekste in hierdie klas in albei dele van die OFD is telkens in die brontaal geskryf (uitgesonderd daardie dele wat as voorbeelde van doeltaalvertalings dien). Dit is dus duidelik dat dit die funksie van hierdie klas tekste is om die brontaalgebruiker in die produksie van doeltaaltekste te ondersteun. As kontekstualiserende inskrywing is hierdie klas tekste op die aanduiding van linguïstiese konteks ofte wel koteks gerig.

Die uittreksels op die volgende vier bladsye bevat ingevoegde binnetekste van klas (278)b uit die Engels-Frans-deel.



(280)

a.

**it**

When *it* is used as a subject pronoun to refer to a specific object (or animal) *il* or *elle* is used in French according to the gender of the object referred to:

**'where is the book/chair?' 'it's in the kitchen'**  
= 'où est le livre/la chaise?' 'il/elle est dans la cuisine'

**'do you like my skirt?' 'it's lovely'**  
= 'est-ce que tu aimes ma jupe?' 'elle est très jolie'

However, if the object referred to is named in the same sentence, *it* is translated by *ce* (*c'* before a vowel):

***it's a good film***  
= *c'est un bon film*

When *it* is used as an object pronoun it is translated by *le* or *la* (*l'* before a vowel) according to the gender of the object referred to:

***it's my book/my chair and I want it***  
= *c'est mon livre/ma chaise et je le/la veux*

Note that the object pronoun normally comes before the verb in French and that in compound tenses like the perfect and the past perfect, the past participle agrees with it:

***I liked his shirt – did you notice it?***  
= *j'ai aimé sa chemise – est-ce que tu l'as remarquée? or l'as-tu remarquée?*

In imperatives only, the pronoun comes after the verb:

***it's my book – give it to me***  
= *c'est mon livre – donne-le-moi*  
(note the hyphens)

When *it* is used vaguely or impersonally followed by an adjective the translation is *ce* (*c'* before a vowel):

***it's difficult***  
= *c'est difficile*

***it's sad***  
= *c'est triste*

But when *it* is used impersonally followed by an adjective + verb the translation is *il*:

***it's difficult to understand how ...***  
= *il est difficile de comprendre comment ...*

If in doubt consult the entry for the adjective in question.

For translations for impersonal verb uses (*it's raining, it's snowing*) consult the entry for the verb in question.

*it* is used in expressions of days of the week (*it's Friday*) and clock time (*it's 5 o'clock*). This dictionary contains usage notes on these and many other topics. For the index to these notes ► **p. 1919**. For other impersonal and idiomatic uses see the entry **it**.

When *it* is used after a preposition in English the two words (prep + *it*) are often translated by one word in French. If the preposition would normally be translated by *de* in French (e.g. *of, about, from* etc.) the prep + *it* = *en*:

***I've heard about it***  
= *j'en ai entendu parler*

If the preposition would normally be translated by *à* in French (e.g. *to, in, at* etc.) the prep + *it* = *y*:

***they went to it***  
= *ils y sont allés*

For translations of *it* following prepositions not normally translated by *de* or *à* (e.g. *above, under, over* etc.) consult the entry for the preposition.



b.

## do<sup>1</sup>

The direct French equivalent of the verb *to do* in *subject + to do + object* sentences is *faire*:

**she's doing her homework**  
= elle fait ses devoirs

**what are you doing?**  
= qu'est-ce que tu fais?

**what has he done with the newspaper?**  
= qu'est-ce qu'il a fait du journal?

*faire* functions in very much the same way as *to do* does in English and it is safe to assume it will work in the great majority of cases. For the conjugation of the verb *faire*, see the French verb tables.

## Grammatical functions

### In questions

In French there is no use of an auxiliary verb in questions equivalent to the use of *do* in English.

When the subject is a pronoun, the question is formed in French either by inverting the subject and verb and putting a hyphen between the two (*veux-tu?*) or by prefacing the *subject + verb* by *est-ce que* (literally *is it that?*):

**do you like Mozart?**  
= aimes-tu Mozart?  
or est-ce que tu aimes Mozart?

**did you put the glasses in the cupboard?**  
= as-tu mis les verres dans le placard?  
or est-ce que tu as mis les verres dans le placard?

When the subject is a noun there are again two possibilities:

**did your sister ring?**  
= est-ce que ta sœur a téléphoné?  
or ta sœur a-t-elle téléphoné?

**did Max find his keys?**  
= est-ce que Max a trouvé ses clés?  
or Max a-t-il trouvé ses clés?

### In negatives

Equally, auxiliaries are not used in negatives in French:

**I don't like Mozart**  
= je n'aime pas Mozart

**you didn't feed the cat**  
= tu n'as pas donné à manger au chat

**don't do that!**  
= ne fais pas ça!

### In emphatic uses

There is no verbal equivalent for the use of *do* in such expressions as *I DO like your dress*. A French speaker will find another way, according to the context, of expressing the force of the English *do*. Here are a few useful examples:

**I DO like your dress**  
= j'aime beaucoup ta robe

**I DO hope she remembers**  
= j'espère qu'elle n'oubliera pas

**I DO think you should see a doctor**  
= je crois vraiment que tu devrais voir un médecin

### When referring back to another verb

In this case the verb *to do* is not translated at all:

**I don't like him any more than you do**  
= je ne l'aime pas plus que toi

**I live in Oxford and so does Lily**  
= j'habite à Oxford et Lily aussi

**she gets paid more than I do**  
= elle est payée plus que moi

**I haven't written as much as I ought to have done**  
= je n'ai pas écrit autant que j'aurais dû

**'I love strawberries' 'so do I'**  
= 'j'adore les fraises' 'moi aussi'

### In polite requests

In polite requests the phrase *je vous en prie* can often be used to render the meaning of *do*:

**do sit down**  
= asseyez-vous, je vous en prie

**do have a piece of cake**  
= prenez un morceau de gâteau, je vous en prie

**'may I take a peach?' 'yes, do'**  
= 'puis-je prendre une pêche?' 'je vous en prie'

### In imperatives

In French there is no use of an auxiliary verb in imperatives:

**don't shut the door**  
= ne ferme pas la porte

**don't tell her anything**  
= ne lui dis rien

**do be quiet!**  
= tais-toi!

### In tag questions

French has no direct equivalent of tag questions like *doesn't he?* or *didn't it?* There is a general tag question *n'est-ce pas?* (literally *isn't it so?*) which will work in many cases:

**you like fish, don't you?**  
= tu aimes le poisson, n'est-ce pas?

**he lives in London, doesn't he?**  
= il habite à Londres, n'est-ce pas?

However, *n'est-ce pas* can very rarely be used for positive tag questions and some other way will be found to express the meaning contained in the tag: *par hasard* can often be useful as a translation:

**Lola didn't phone, did she?**  
= Lola n'a pas téléphoné par hasard?

**Paul doesn't work here, does he?**  
= Paul ne travaille pas ici par hasard?

In many cases the tag is not translated at all and the speaker's intonation will convey what is implied:

**you didn't tidy your room, did you?**  
(i.e. **you ought to have done**)  
= tu n'as pas rangé ta chambre?

### In short answers

Again, there is no direct French equivalent for short answers like *yes I do*, *no he doesn't* etc. Where the answer *yes* is given to contradict a negative question or statement, the most useful translation is *si*:

**'Marion didn't say that' 'yes she did'**  
= 'Marion n'a pas dit ça' 'si'

**'they don't sell vegetables at the baker's' 'yes they do'**  
= 'ils ne vendent pas les légumes à la boulangerie' 'si'

In response to a standard enquiry the tag will not be translated:

**'do you like strawberries?' 'yes I do'**  
= 'aimez-vous les fraises?' 'oui'

For more examples and particular usages, see the entry *do*<sup>1</sup>.

prendre pour [illegal parking etc]; **to ~ sb for speeding** prendre qn pour excès de vitesse

vi (3<sup>e</sup> pers sg prés **does**; prêt **did**; pp **done**)  
① (behave) faire; ~ **as you're told** (here and now) fais ce que je te dis; (when with others) fais ce qu'on te dit

② (serve purpose) faire l'affaire; **that box/those trousers will ~** cette boîte/ce pantalon fera l'affaire

③ (be acceptable) **this really won't ~!** (as reprend) ça ne peut pas continuer comme ça!

④ (be sufficient) suffire; **will five dollars ~?** cinq dollars, ça suffira?; **that'll ~!** (as reprend) ça suffit!

⑤ (finish) finir; **have you done?** tu as fini?

⑥ (get on) (in competitive situation) [person] s'en sortir; [business] marcher; (in health) [person] aller; **how will they ~ in the elections?** comment est-ce qu'ils s'en sortiront aux élections?; **he's ~ing as well as can be expected** (of patient) il va aussi bien que possible; **my lettucees are ~ing well** mes laitues poussent bien

⑦ GB (clean) faire le ménage; **the woman**

**who does for us** la dame qui fait le ménage pour nous

⑧ GB (be active) **you'll be up and ~ing again in no time** tu seras sur pied très vite

v aux (3<sup>e</sup> pers sg prés **does**; prêt **did**; pp **done**)

① (with questions, negatives) **did he like his present?** est-ce qu'il a aimé son cadeau?; **own up, did you or didn't you take my pen?** avoue, est-ce que c'est toi qui as pris mon stylo ou pas?; **didn't he look wonderful!** est-ce qu'il n'était pas merveilleux!

② (for emphasis) **he did ~ it really!** il l'a vraiment fait!; **so you ~ want to go after all!** alors tu veux vraiment y aller finalement!; **I ~ wish you'd let me help you** j'aimerais tant que tu me laisses t'aider

③ (referring back to another verb) **he said he'd tell her and he did** il a dit qu'il le lui dirait et il l'a fait; **he says he'll come along but he never does** il dit toujours qu'il viendra mais il ne le fait jamais; **you draw better than I ~** tu dessines mieux que moi; **you either did or you didn't** de deux choses l'une soit tu l'as fait, soit tu ne l'as pas fait

④ (in requests, imperatives) ~ **sit down** asseyez-vous, je vous en prie; **'may I take a leaflet?'**—'~' 'puis-je prendre un dépliant?'—'je vous en prie'; ~ **shut up!** tais-toi! veux-tu!; **don't you tell me what to do!** surtout ne me dis pas ce que j'ai à faire!

⑤ (in tag questions and responses) **he lives in France, doesn't he?** il habite en France, n'est-ce pas?; **'who wrote it?'**—'I did' 'qui l'a écrit?'—'moi'; **'shall I tell him?'**—'no don't' 'est-ce que je le lui dis?'—'non surtout pas'; **'he knows the President'**—'does he?' 'il connaît le Président'—'vraiment?'; **so ~ they/you** eux/vous aussi; **neither does he/she** etc lui/elle etc non plus

⑥ (with inversion) **only rarely does he write letters** il est très rare qu'il écrive des lettres; **little did he suspect/think** that il était loin de se douter/de penser que

⑦ On GB fête f; **his leaving ~** son pot<sup>o</sup> de départ

(idioms) ~ **as you would be done by** ne faites pas ce que vous ne voudriez pas qu'on vous fasse; **how ~ you ~ enchanted?** **it doesn't ~ to**

## Seasons

■ *French never uses capital letters for names of seasons as English sometimes does.*

**spring**  
= le printemps

**summer**  
= l'été *m*

**autumn or fall**  
= l'automne *m*

**winter**  
= l'hiver *m*

**in spring**  
= au printemps

**in summer**  
= en été

**in autumn or fall**  
= en automne

**in winter**  
= en hiver

■ *In the following examples, summer and été are used as models for all the season names. French normally uses the definite article, whether or not English does.*

**I like summer or I like the summer**  
= j'aime l'été

**during the summer**  
= pendant l'été ou au cours de l'été

**in early summer**  
= au début de l'été

**in late summer**  
= à la fin de l'été

**for the whole summer**  
= pendant tout l'été

**throughout the summer**  
= tout au long de l'été

**last summer**  
= l'été dernier

**next summer**  
= l'été prochain

**the summer before last**  
= il y a deux ans en été

**the summer after next**  
= dans deux ans en été

■ *However, words like ça, ce etc. may replace the definite article:*

**every summer**  
= tous les ans en été

**this summer**  
= cet été

■ *There is never any article when en is used:*

**in summer**  
= en été

**until summer**  
= jusqu'en été

## Seasons used as adjectives with other nouns

■ *De alone, without article, is the usual form, e.g.*

**summer clothes**  
= des vêtements d'été

**the summer collection**  
= la collection d'été

**the summer sales**  
= les soldes d'été

**a summer day**  
= une journée d'été

**a summer evening**  
= un soir d'été

**a summer landscape**  
= un paysage d'été

**summer weather**  
= un temps d'été

**seashore** /'si:ʃo:(r)/ *n* ① (part of coast) littoral *m*; the **Cornish** ~ le littoral de la Cornouailles; ② (beach) plage *f*; **to go for a walk along the ~** se promener sur la plage

**seasick** /'si:sɪk/ *adj* **to be or get** ou **feel** ~ avoir le mal de mer

**seasickness** /'si:sɪkni:s/ *n* mal *m* de mer; **to suffer from** ~ souffrir du mal de mer

**seaside** /'si:said/ *n* the ~ le bord de la mer; **to go to the ~** aller à la mer ou au bord de la mer

③ *modif* [holiday] à la mer; [hotel] en bord de mer; [town] maritime

**seaside resort** *n* station *f* balnéaire

**season** /'si:zn/ *n* ① (time of year) saison *f*; **in the dry/rainy** ~ pendant la saison sèche/des pluies; **the growing/planting** ~ la saison de croissance/des semis; **the mating** ou **breeding** ~ la saison des amours; **it's the ~ for tulips** c'est la saison des tulipes; **strawberries are in/out of** ~ c'est/ce n'est pas la saison des fraises; **when do melons come into** ~? quelle est la saison des melons?; ② Fashion, Tourism, Sport saison *f*; **the football/hunting** ~ la saison de football/de la chasse; **hotels are full during the ~** les hôtels sont complets pendant la saison; **the town is quiet out of** ~ la ville est calme hors saison ou pendant la basse saison; **early in the tourist** ~ au début de la saison touristique; **late in the ~** dans l'arrière-saison; **the holiday** ~ la période des vacances; **the new ~s fashions** les nouvelles tendances de la saison; ③ (feast, festive period) the ~ of Advent/of Lent le temps de l'Advent/du Carême; **the Christmas** ~ la période de Noël or des fêtes; **Season's greetings!** (on Christmas cards) Joyeuses fêtes!; ④ Cin, Theat, TV saison *f*; **I played two ~s at Stratford** j'ai joué deux saisons à Stratford; **a ~ of French films** un festival du film français; **a Fellini/Beethoven** ~ un festival Fellini/Beethoven;

⑤ Vet **to be in** ~ [animal] être en chaleur; ⑥ ¶(period of social activity) saison *f*; **her first** ~ ses débuts dans le monde; ⑦ (suitable moment) **there is a ~ for everything** littér il y a un temps pour tout; **a word in** ~† un mot opportun

⑧ *vtr* ① Culin (with spices) relever; (with condiments) assaisonner; ~ with salt and pepper salez et

poivrez; ② (prepare) sécher [timber]; abreuver [cask]

**seasonable** /'si:znəbl/ *adj* [weather] de saison

**seasonal** /'si:znəl/ *adj* ① [change, unemployment, work, rainfall] saisonnier/-ière; [fruit, produce] de saison; **the price/menu varies on a ~ basis** le prix/menu varie selon la saison; ② (befitting festive period) **he's full of ~ cheer** il débord de bonne volonté (à la période de Noël)

**seasonal affective disorder, SAD** *n* Med dépression *f* saisonnière

**seasonally** /'si:znəli/ *adv* ① (periodically) [change, vary] selon la saison; ② Fin ~ **adjusted figures** chiffres *mpl* corrigés en fonction des variations saisonnières

**seasoned** /'si:znd/ *adj* ① Constr [timber] bien séché; ② (experienced) [soldier, veteran] aguerri; [traveller] grand (before *n*); [politician, leader] chevronné; [campaigner, performer] expérimenté; ③ Culin [dish] assaisonné; **highly** ~ relevé, épicé; ④ Wine vieilli en fût

**seasoning** /'si:znɪŋ/ *n* ① Culin assaisonnement *m*; ② (preparation) (of timber) séchage *m*; ③ Wine (of barrel) avinage *m*; (of wine) vieillissement *m* en fût

**season**: ~ **ticket** *n* Transp carte *f* d'abonnement; Sport, Theat abonnement *m*; ~ **ticket holder** *n* Transp détenteur/-trice *m/f* de carte d'abonnement; Sport, Theat abonné/-e *m/f*

**seat** /si:t/

① *n* ① (allocated place) place *f*; **I sat down on** ou **in the first ~** ~ **I could find** je me suis assis à la première place que j'ai trouvée; **the nearest available** ~ la place la plus proche; **to book** ou **reserve a ~** (in theatre, on train) réserver une place; **to keep a ~ for sb** garder une place pour qn; **to take up one's ~** ~ **to sb** céder sa place à qn; **has everybody got a ~?** est-ce que tout le monde est assis?; **keep your ~s please** nous vous prions de rester assis; **take your ~s please** Theat (before performance) veuillez gagner vos places; (after interval) veuillez regagner vos places; **the best ~s in the house** les meilleures places; **would you prefer a ~ next to the window** or **next to the aisle?** (on plane) voulez-vous (une place côté) fenêtre ou (une

place côté) couloir?; ② (type, object) gen, Aut siège *m*; (bench-type) banquette *f*; **leather/fabric ~s** sièges en cuir/en tissu; **the back ~** la banquette arrière; **how many ~s do we need to put out in the hall?** combien de sièges est-ce qu'il faut installer dans la salle?; **'take a ~'** (indicating) 'prenez un siège'; **take** ou **have a ~** asseyez-vous; **sit in the front ~** assieds-toi à l'avant; ③ GB Pol (in parliament, on committee) siège *m*; **safe/marginal ~** siège sûr/menacé; **to win a ~** ~ **gagner** un siège; **they won the ~ from the Democrats** ils ont enlevé ce siège aux Démocrates; **the CDU lost seven ~s to the Greens** la CDU a perdu six sièges au profit des Verts; **to keep/lose one's ~** garder/perdre son siège; **to have a ~ on the council** siéger au conseil; **to take up one's ~** entrer en fonction; ④ (part of chair) siège *m*; ⑤ (location, centre) siège *m*; ~ **of government/learning** siège du gouvernement/savoir; ⑥ (residence) résidence *f* familiale; **country** ~ résidence de campagne; ⑦ Equit **to have a good ~** ~ avoir une bonne assiette; **to keep one's ~** ~ rester en selle; **to lose one's ~** ~ perdre son assiette; ⑧ euph (bottom) postérieur *m*; ⑨ (of pants, trousers) fond *m*

⑩ **-seat** (dans composés) **a 150-~ plane/cinema** un avion/cinéma de 150 places; **a single-~ constituency** GB une circonscription à siège unique

⑪ *vtr* ① (assign place to) placer [person]; **to ~ sb next to sb** placer qn à côté de qn; ② (have seats for) **the car ~s five** c'est une voiture à cinq places; **how many does it ~?** (of car) elle a combien de places?; **the table ~s six** c'est une table de six couverts; **the room ~s 30 people** la salle peut accueillir 30 personnes

⑫ *v refl* **to ~ oneself** prendre place; **to ~ oneself at the piano/next to sb** prendre place au piano/à côté de qn

⑬ **seated pp adj** assis; **to be ~ed at** être assis à [table, desk]; **is everybody ~ed?** est-ce que tout le monde est assis?; **please remain ~ed** veuillez rester assis

(Idiom) **to take/occupy a back ~** ~ fig se mettre/se tenir en retrait

**seatbelt** /'si:tbel/ *n* ceinture *f* (de sécurité); **please fasten your ~s** veuillez attacher vos ceintures; **to put on one's ~** ~ mettre sa ceinture; **he wasn't wearing a ~** ~ il n'avait pas

## Forms of address

■ Only those forms of address in frequent use are included here; titles of members of the nobility or of church dignitaries are not covered; for the use of military ranks as titles ▶ p. 1599.

## Speaking to someone

■ Where English puts the surname after the title, French normally uses the title alone (note that when speaking to someone, French does not use a capital letter for monsieur, madame and mademoiselle, unlike English Mr etc., nor for titles such as docteur).

**good morning, Mr Johnson**  
= bonjour, monsieur

**good evening, Mrs Jones**  
= bonsoir, madame

**goodbye, Miss Smith**  
= au revoir, mademoiselle

■ The French monsieur and madame tend to be used more often than the English Mr X or Mrs Y. Also, in English, people often say simply Good morning or Excuse me; in the equivalent situation in French, they might say Bonjour, monsieur or Pardon, madame. However, the French are slower than the British, and much slower than the Americans, to use someone's first name, so hi there, Peter! to a colleague may well be simply bonjour!, or bonjour, monsieur; bonjour, cher ami; bonjour, mon vieux etc., depending on the degree of familiarity that exists.

■ In both languages, other titles are also used, e.g.:

**hallo, Dr. Brown or hallo, Doctor**  
= bonjour, docteur

■ In some cases where titles are not used in English, they are used in French, e.g. bonjour, Monsieur le directeur or bonjour, Madame la directrice to a head teacher, or bonjour, maître to a lawyer of either sex. Other titles, such as professeur (in the sense of professor), are used much less than their English equivalents in direct address. Where in English one might say Good morning, Professor, in French one would probably say Bonjour, monsieur or Bonjour, madame.

■ Titles of important positions are used in direct forms of address, preceded by Monsieur le or Madame le or Madame la, as in:

**yes, Chair**

= oui, Monsieur le président  
or (to a woman) oui, Madame la présidente

**yes, Minister**

= oui, Monsieur le ministre  
or (to a woman) oui, Madame le ministre

■ Note the use of Madame le when the noun in question, like ministre here, or professeur and other titles, has no feminine form, or no acceptable feminine. A woman Member of Parliament is addressed as Madame le député, a woman Senator Madame le sénateur, a woman judge Madame le juge and a woman mayor Madame le maire. Women often prefer the masculine word even when a feminine form does exist, as in Madame l'ambassadeur to a woman ambassador, Madame l'ambassadrice being reserved for the wife of an ambassador.

## Speaking about someone

**Mr Smith is here**  
= monsieur Smith est là

**Mrs Jones phoned**  
= madame Jones a téléphoné

**Miss Black has arrived**

= mademoiselle Black est arrivée

**Ms Brown has left**

= madame Brown or (as appropriate)  
mademoiselle Brown est partie

(French has no equivalent of Ms.)

■ When the title accompanies someone's name, the definite article must be used in French:

**Dr Blake has arrived**

= le docteur Blake est arrivé

**Professor Jones spoke**

= le professeur Jones a parlé

This is true of all titles:

**Prince Charles**

= le prince Charles

**Princess Marie**

= la princesse Marie

■ Note that with royal etc. titles, only 1<sup>er</sup> is spoken as an ordinal number (premier) in French; unlike English, all the others are spoken as cardinal numbers (deux, trois, and so on).

**King Richard I**

= le roi Richard 1<sup>er</sup> (say Richard premier)

**Queen Elizabeth II**

= la reine Elizabeth II (say Elizabeth deux)

**Pope John XXIII**

= le pape Jean XXIII (say Jean vingt-trois)

⑤ (étiquette) It is bad ~ cela ne se fait pas (to do de faire); purely as a matter of ~ purement par politesse or pour la forme; I never know the ~ at these ceremonies je ne sais jamais comment me comporter à ces cérémonies; you know the ~ tu sais ce qu'il faut faire

⑦ GB Sch classe f; in the first/fourth ~ ≈ en sixième/troisième

⑧ (prescribed set of words) formule f; they object to the ~ of words used ils ne sont pas d'accord avec la formulation

⑨ ○GB (criminal record) to have ~ avoir fait de la taule<sup>○</sup> (for pour)

⑩ Ling forme f; in question ~ à la forme interrogative

⑪ (hare's nest) gîte m, forme f

⑫ (bench) banc m

⑬ modif GB Sch [captain, room] de classe

⑭ vtr ① (organize or create) former [queue, circle, barrier, club, cartel, alliance, government, union, band] (from avec); nouer [friendship, relationship]; former [sentence, tense]; to ~ one's letters former ses lettres; please ~ a circle s'il vous plaît, formez un cercle; how are stalactites ~ed? comment se forment les stalactites?; to ~ part of sth faire partie de qch; to ~ a large part/the basis of sth constituer une grande partie/la base de qch

⑮ (conceive) se faire [impression, image, picture, opinion, idea]; concevoir [admiration]; to ~ the habit of doing prendre l'habitude de faire

⑯ (mould) former [child, pupil, personality, taste, ideas, attitudes]; tastes ~ed by television des goûts formés par la télévision

⑰ (constitute) former [jury, cabinet, panel]; the 12 people who ~ the jury les 12 personnes qui forment le jury

⑱ vi (all contexts) se former

⑲ -formed (dans composés) half-/perfectly ~ed à moitié/parfaitement formé

(Phrasal verbs) ■ form into: ▶ ~ into [sth] [people] former [groups, classes, teams]; to ~ sth into mettre qch en [sentence, paragraphs, circle]; séparer [qch] en [groups, teams, classes]; to ~ objects into patterns grouper des objets pour former des motifs

■ form up [people] se mettre en rangs

**formal** /'fɔ:ml/ adj ① (official) [agreement, announcement, application, complaint, enquiry, interview, invitation, protest, reception] officiel/-ielle; ② (not casual) [language, register, style] soutenu; [occasion] solennel/-elle; [welcome, manner] cérémonieux/-ieuse; [clothing, outfit, jacket] habillé; (on invitation) 'dress: ~ 'tenue de soirée'; 'assistance' is a ~ word for 'help' 'assistance' est plus soutenu que 'aide'; he sounded very ~ il avait l'air très guindé pøj; ~ teaching methods méthodes traditionnelles d'enseignement; ③ (structured) [logic, proof, grammar, linguistics, reasoning] formel/-elle; ④ (in recognized institution) [training] professionnel/-elle; [qualification] reconnu; he had no ~ education il n'était jamais allé à l'école; ⑤ Literat. Art [brilliance, symmetry, weakness] formel/-elle

**formaldehyde** /fɔ:'mældihaid/ n formaldéhyde m

**formal: ~ dress** n gen tenue f de soirée; Mil tenue f de cérémonie; ~ garden n jardin m à la française

**formalin** /'fɔ:məlin/ n formol m

**formalism** /'fɔ:məlɪzəm/ n formalisme m

**formalist** /'fɔ:məlɪst/ n, adj formaliste (mf)

**formality** /'fɔ:məlɪti/ n ① (legal or social convention) formalité f; to dispense with or skip ○ the formalities se dispenser de formalités; a mere ~, just a ~ une simple formalité; customs formalities formalités fpl de douane; ② (formal nature) (of occasion, manner) solennité f;

(of dress) caractère m habillé; (of room, layout, table setting) caractère m cérémonieux; (of language, register, style) caractère m soutenu; with a minimum of ~ avec un minimum de cérémonie

**formalize** /'fɔ:məlaɪz/ vtr ① (make official) officialiser [arrangement, agreement, relations]; ② (in logic, computing) formaliser

**formally** /'fɔ:məli/ adv ① (officially) [accuse, admit, announce, declare, end, notify, offer, recognize, withdraw] officiellement; ② (not casually) [speak, write, address, greet, entertain, celebrate] cérémonieusement; to dress ~ s'habiller, mettre une tenue habillée; he was not dressed ~ enough sa tenue n'était pas suffisamment habillée

**format** /'fɔ:mæt/

① n ① (general formulation) (of product, publication, passport, game) format m, présentation f; (of band, musical group) formation f; the standard VHS ~ le format standard VHS; available in all ~s: cassette, CD... disponible sous toutes les présentations: cassette, compact...; ② Publi (size, style of book or magazine) format m; folio ~ format folio; ③ TV, Radio formule f; a new ~ for quiz shows une nouvelle formule pour les jeux télévisés; ④ Comput (of document, data) format m; in tabular ~ sous forme de tableau; standard display ~ mode f d'affichage standard

⑤ vtr (p prés etc -tt-) Comput formater

**formation** /'fɔ:meɪʃn/

① n ① (creation) (of government, committee, alliance, company, crater, new word, character, impression, idea) formation f; (of friendship, relationship) établissement m; ② (shape, arrangement) gen. Mil, Geol formation f; to fly in ~ voler en formation; in close/V ~ en formation serrée/triangulaire; a cloud ~ une masse nuageuse

③ modif [dancing, flying] en formation

Soos die uittreksels suggereer, verteenwoordig die tekste in hierdie klas 'n verskeidenheid adresseringstrukture, verbale inhoud, groottes en interne strukture (wat nie almal uit hierdie monster blyk nie). Die versamelings tekste in hierdie klas kan in twee subklasse verdeel word. Die

eerste subklas bestaan uit artikeleksterne ingevoegde binnetekste wat 'n spesifieke verwyderde lemma as adres het en al die data in hierdie tekste is op aspekte van die aanwending van daardie lemmatiese verteenwoordigde leksikale item of die aangebode vertaalekwivalente gerig. Hierdie subklas word verteenwoordig deur die artikeleksterne ingevoegde binnetekste in (280)a en b. Die teks in (280)a bevat grammatiese data oor die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word se optrede in vertalings sowel as verwysings na ander artikels waarin verbandhoudende konstruksies figureer wat nie in die artikel van die lemma **it** behandel word nie. Die teks in (280)b bevat insgelyks grammatiese data, maar daarby word belangrike kulturele data in die vorm van kulturele frases onder opskrifte soos “In emphatic uses” en “In polite requests” aangebied (vgl. Gouws (om te verskyn)). Die tweede subklas bestaan uit artikeleksterne ingevoegde tekste wat nie 'n spesifieke lemma as adres het nie, maar verskyn wel in die omgewing van 'n artikel waarvan die lemma 'n tematiese verbandhoudende leksikale item verteenwoordig. Hierdie leksikale item is gewoonlik 'n superordinaat wat as hiponieme die lede van 'n bepaalde semantiese veld het. Die data in hierdie tekste is gerig op die hiponieme in die semantiese veld, soos wat uit die studie van die tekste in (280)c en d, wat hierdie subklas verteenwoordig, blyk. Hierdie tekste kan ook belangrike kulturele data in die vorm van kulturele frases bevat, soos wat die teks in (280)d, waarin aanspreekvorme behandel word, toon. Dié teks is in die omgewing van die lemma **form** geplaas, wat op die voorafgaande teenoorstaande bladsy van die woordeboek verskyn. Hierdie plasing in die sentrale teks is enigszins verdag, aangesien die gebruiker nie noodwendig sal weet dat data oor aanspreekvorme in die omgewing van dié lemma te vinde is nie. Om hiervoor voorsiening te maak, verskyn 'n indeks as agterteks in die woordeboek onder die opskrif “English lexical usage notes”, waarin al die semantiese velde wat so behandel word (40 in die Frans-Engels-deel en 44 in die Engels-Frans-deel) alfabeties gelys word en van bladsyverwysings voorsien word. Hierdeur word die artikeleksterne ingevoegde binnetekste van hierdie aard deur die prosedure van transtekstuele kruisverwysing politoeganklik gemaak (vgl. Gouws (om te verskyn)). Op die meriete van hierdie strategie sal nie hier ingegaan word nie, aangesien 'n studie van die OFD se raamstruktuur na aanleiding van die toegepaste dataverspreidingstruktuur nie binne die bestek van hierdie studie val nie. Die doel is bloot om die potensiaal van ingevoegde binnetekste te illustreer.

Die tekste van hierdie klas kom in verskillende groottes in die OFD voor. Enkele van hierdie tekste strek oor meer as een volle woordeboekbladsy. Al die tekste in hierdie klas in albei dele van die OFD is telkens in die brontaal geskryf (uitgesonderd daardie dele wat as voorbeelde van doeltaalvertalings dien). Dit is dus duidelik dat dit die funksie van hierdie klas tekste is om die brontaalgebruiker in die produksie van doeltaaltekste te ondersteun. As kontekstualiserende inskrywing is die tekste van die eerste subklas op die aanduiding van linguistiese konteks oftewel

koteks gerig. Die ingevoegde binnetekste van die tweede subklas geld nie as kontekstualiserende inskrywings nie, aangesien hulle nie die gebruiker van hulp is in die seleksie en gebruik van 'n gepaste vertaalekwivalent ten opsigte van die lemma waaraan hulle geadresseer is nie. Hulle geld as inskrywings wat ten doel het om tematies (d.w.s. nie-lemmaties) georganiseerde kommunikasie-en/of kennisgeoriënteerde data aan te bied.

Die volgende uittreksels bevat ingevoegde binnetekste van klas (278)c uit die Engels-Frans-deel:

- (281) a. **pollster** /'pɔʊlsta(r)/ *n* sondeur *m*; **according to the ~s** d'après les instituts de sondage  
**poll tax** *n* GB ≈ impôts *mpl* locaux.
- ⚠ Le terme officiel était **community charge**. Il a été remplacé par **council tax** en avril 1993
- pollutant** /pə'lu:tənt/ *n* pôlluant *m*

### Afrikaanse vertaling

Die amptelike term was vroeër **community charge**. Dit is in April 1993 deur **council tax** vervang.

- b. **dumb** /dʌm/ *adj* ① (handicapped) muet/muette *voir note*; **a ~ person** un muet/une muette *m/f*; ~ **animals** les bêtes; ② (temporarily) muet/muette (**with de**); **to be struck** ~ rester muet/muette; ③ (stupid) [person] bête; [question, action, idea] idiot; **to act** ~ jouer les imbéciles
- Phrasal verb ■ **dumb down**: ► ~ [sth] **down**, ~ **down** [sth] baisser le niveau de [course, TV programmes, news coverage].

⚠ Ce mot peut être perçu comme injurieux dans cette acception. Lui préférer *speech impaired*

### Afrikaanse vertaling

Hierdie woord kan in dié betekenis as beledigend erbaar woord. **Speech-impaired** is verskieslik bo dit.

Hierdie klas is die kleinste van die klasse in (278), met slegs 13 tekste wat slegs in die Engels-Frans-deel van die OFD optree. Die feit dat hierdie tekste almal in die doeltaal aangebied word, wys daarop dat die pragmatiese data wat daarin voorkom daarop gerig is om doeltaalspreker in die produksie (en resepsie) van brontaaltekste te ondersteun. As kontekstualiserende inskrywing is hierdie klas tekste op die aanduiding van semanties-pragmatiese konteks gerig.

Die volgende uittreksel bevat 'n verteenwoordigende artikelinterne ingevoegde binneteks van klas (278)d uit die Frans-Engels-deel:

(282)

**cognition** /kɔgnisjɔ̃/ nf cognition

**cohabitation** /koabitasjɔ̃/ nf **1** living with somebody, living under the same roof as somebody; **la** ~ **avec la belle-famille** living with one's in-laws; **2** Pol period when the French president and the government are drawn from opposing parties

**1** **Cohabitation** A period in which the government and the *Président de la République* come from opposite political camps. The first instance of political cohabitation in the 5th Republic occurred in 1986 when François Mitterrand (PS) was president and Jacques Chirac (RPR) became prime minister. ▶ **parti**

**cohabiter** /koabite/ [1] vi [personnes] to live together, to live under the same roof; [choses] to coexist; ~ **avec qn** to live with sb; **le couple ne fait plus que** ~ the couple are living together in name only

Die artikelinterne ingevoegde binneteks in (282) is aan die lemma **cohabitation** geadresseer en voorsien kulturele data ter ondersteuning van die kennisgeoriënteerde funksie en die teksresepsiefunksie van die woordeboek. Die teks word in die doeltaal aangebied, wat daarop dui dat dit gerig is op die vreemdetaalspreker van Frans (die doeltaalgebruiker), dit wil sê dié gebruiker wat sodanige kulturele data nodig het vir suksesvolle interkulturele kommunikasie. As kontekstualiserende inskrywing is hierdie klas tekste op die aanduiding van semanties-pragmatiese konteks gerig. Die polisemiese waarde in die artikel van die lemma **cohabitation** waaraan die ingevoegde teks geadresseer is, is van 'n surrogaatekwivalent in die vorm van 'n betekenisverklaring voorsien, aangesien 'n verhouding van nulekwivalensie tussen die lemma en die doeltaalleksikon bestaan. Die kulturele data in die ingevoegde binneteks wat op die artikel volg, verteenwoordig 'n uitbreiding van ensiklopediese data oor die lemmaties verteenwoordigde leksikale item wat in die betekenisverklaring voorkom. Dit beteken dat die artikelinterne ingevoegde binneteks nie 'n mikrostrukturelement van die artikel vervang nie, maar slegs komplementêrend daartoe optree.

Die OFD se artikelinterne ingevoegde binnetekste met kulturele data is ook politoeganklik, aangesien twee agtertekste, een onder die opskrif “Notes culturelles anglo-saxonnes” en die volgende onder die opskrif “French cultural notes”, alfabetiese indekse verteenwoordig waarin die lemmata wat adresse van die ingevoegde binnetekste in die sentrale teks is, gelys word (143 in die Frans-Engels-deel en 162 in die Engels-Frans-deel).

Uit die verteenwoordigende data in (279) tot (282) blyk dat die verskillende tipes ingevoegde binnetekste tipografies duidelik van mekaar onderskei word. Ingevoegde binnetekste met grammatiese data word deur tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers van ingevoegde binnetekste met kulturele data onderskei, terwyl korter artikelinterne ingevoegde binnetekste wat

grammatiese of pragmatiese data bevat deur 'n nie-tipografiese struktuurmerker van die langer artikeleksterne tekste onderskei word. Die langer tekste bevat ook opskrifte, wat die korter tekste nie bevat nie. Daar bestaan ook 'n mediostruktuur wat die ingevoegde binnetekste deur middel van kruisverwysings aan mekaar en aan die relevante indekse in die agtertekste verbind. Hierdie bewerkings verteenwoordig 'n gebruikersvriendelike aanslag en is goeie leksikografie.

In die metateks van die OFD word 'n aantal voorbeeldsoektogte na gelang van bepaalde soekvrae stapsgewys aan die gebruiker voorgehou. Ses sulke soekprosedures, elk met 'n spesifieke doelwit, word aangebied om die teikengebruiker in die effektiewe gebruik van die woordeboek op te lei. In stap ses van die eerste voorbeeldsoekprosedure word melding van die gebruik van ingevoegde binnetekste gemaak, en wel soos volg (p. xxi):

(283) **Goal 1** Translate *he treated her kindly*

**1** Identify the problem word or phrase. [...]

**2** Look up *kindly*, and choose the appropriate grammatical category. [...]

...

**6** If necessary look up *treat* in the same way and *her* in the special grammatical note box, near the normal entry for *her*.

Naas die beskrywing van elke stap verskyn 'n skematiese voorstelling van daardie deel van die betrokke woordeboekartikel waarop die gebruiker fokus. Naas stap 6 verskyn 'n skematiese voorstelling van 'n gedeelte van die ingevoegde binneteks waarna verwys word. Geen melding word in die metateks gemaak van die korter artikelinterne ingevoegde binnetekste wat grammatiese of pragmatiese data bevat nie; ook word nêrens na die artikelinterne ingevoegde binnetekste wat kulturele data bevat, verwys nie. In terme van die verantwoording aan die gebruiker wat die gebruik van ingevoegde binnetekste betref, sou die OFD vanuit 'n metaleksikografiese oogpunt vir onvolledigheid gekritiseer kon word.

#### 4.6.3.1.2.1.2 CD

In die CD word ingevoegde binnetekste slegs ter wille van die oordra van kulturele data deur middel van inskrywings wat ensiklopediese data aan die gebruiker bied, benut. Vergelyk die volgende uittreksel uit die CD:



(284) **Kar|ne|val** [ˈkarnəval] *m -s, -e or -s* carnival

**KARNEVAL**

**Karneval** is the period of celebration between Epiphany and Ash Wednesday, also colloquially known as the *fünfte Jahreszeit* (fifth season). Celebrations take a variety of forms: there are meetings at which humorous speeches are made and carnival songs are sung; masked balls for young and old; and on the so-called *tolle Tage* (literally, "crazy days") normal life in many regions is turned completely upside down. During the *tolle Tage* power is symbolically assumed in many towns by a carnival prince and princess. This is especially so in Rheinland, where **Karneval** has been celebrated in its present form since 1823. **Rosenmontag** is generally a holiday in this region, allowing people to watch the processions and join in the celebrations. In Southern Germany and Austria the carnival period is called **Fasching** and the processions take place on the Tuesday before Ash Wednesday ▶ FASTNACHT, ROSENMTAG

**Kar|ne|vals|zug** *m* carnival procession

Die artikelinterne ingevoegde binneteks is aan die lemma geadresseer en word tipografies duidelik van die artikeltrajek waarin dit voorkom, onderskei. Die inhoud word in die doeltaal aangebied, wat daarop dui dat die teks op die doeltaalgebruiker afgestem is en die teksresepie- sowel as teksproduksiefunksie van die woordeboek ondersteun. Die ingevoegde binneteks in (284) wys ook op die bestaan van 'n mediostruktuur tussen artikeleksterne ingevoegde binnetekste, met indirekte kruisverwysings na die tekste oor *Fastnacht* en *Rosenmontag* via die betrokke lemmata.

In die CD se metateks word ongelukkig geen melding van die weergee van kulturele data deur middel van artikeleksterne ingevoegde binnetekste gemaak nie. Anders as in die OFD is hierdie tekste ook nie politoeganklik vanuit enige voor- of agtertekste nie.

#### 4.6.3.1.2.1.3 GW

Die sistematiek in die gebruik van ingevoegde binnetekste in die OFD en CD, wat uit 'n oorsigtelike studie van dié tekste afleibaar is, is nie so voor die hand liggend in die GW nie.

Die eerste opvallende verskil tussen die GW enersyds en die OFD en CD andersyds wat die gebruik van ingevoegde binnetekste betref, is dat nie alle ingevoegde binnetekste in die GW aan brontaalinskrywings gerig is nie. Vergelyk in hierdie verband die volgende uittreksel uit die GW:

- (285) **berg**<sup>2</sup>, (s) (-e), mountain, mount; ~op, ~AF, up hill and down dale; *goue* ~e **BELOWE**, promise mountains of gold; *oor* ~ en **DAL**, over hill and dale; ~e en **DALE** ontmoet mekaar nooit, maar mense wel, this is a small world; 'n ~ **DRANK**, a mountain (great quantity) of spirits (alcoholic beverages); ~ toe **GAAN**, be visited by the stork; *iem*.

The expression "a mountain of . . ." is journalistic for "a great quantity of" and is used to refer to a large overproduction, usually in the European Community, of food, e.g. "a mountain of beef, mutton, butter, wine."

*GOUE* ~e *beloof*, promise the moon; *dit lyk of hy uit die* ~e **KOM**, he looks like a tramp; 'n ~ van iets **MAAK**, make a mountain of something; 'n ~ van 'n **MOLSHOOP** maak, make mountains out of mole-hills; as die ~ nie na **MOHAMMED** wil kom nie, dan moet Mohammed na die ~ gaan, if the mountain won't come to Mohammed, Mohammed must go to the mountain; *die* ~ het 'n **MUIS** gebaar, the mountain brought forth a mouse; so **OU** soos die ~e, as old as the hills; 'n ~ van iem. se **SKOUERS** af, a weight from someone's shoulders; ~e **VERSIT**, move mountains; *die* **VERSTE** ~e is altyd die blouste, distance lends enchantment to the view; ~aalwyn, mountain aloe; ~aarde, ochre; ~adder, mountain-adder; ~af, down the mountain; ~affuit, mountain carriage; ~afskuiwing, mountain slide, lock slide; ~afwaarts, downhill; ~ag'tig, (-e), mountainous, hilly, montane, montanic; ~agtige terrein, mountainous country.

Die artikelinterne ingevoegde binneteks, wat tipografies deur middel van 'n raam van die res van die artikel waarbinne dit optree, onderskei word, is nie aan die lemma **berg** geadresseer nie, maar aan die brontaalkoteksinskrywing *a mountain of*. Hier is dus sprake van nielemmatiese adressering, wat in kontras tot die gebruik van ingevoegde binnetekste in die OFD en CD staan, waarin uitsluitlik lemmatiese adressering geld. Die waarskynlike uitgangspunt in die OFD en CD is dat indien die teikengebruiker spesifieke inligting oor 'n leksikale item of koteks soek, hy/sy dit in dié deel van die sentrale lys sal soek waarin die leksikale item of koteks 'n brontaalinskrywing is. So 'n uitgangspunt is leksikografies gesond én verteenwoordig 'n gebruikersvriendelike benadering. 'n Ingevoegde binneteks met data soos dié in (285) sou dus meer funksioneel in die artikel van die lemma **mountain** in die Engels-Afrikaans-deel van die GW pas. Trouens, in die artikel van die lemma **mountain** verskyn die betrokke koteksinskrywing nie as brontaalkoteksinskrywing nie. Die feit dat die teks boonop in die doeltaal aangebied word, veronderstel dat die inhoud daarvan aan die doeltaalgebruiker eerder as die brontaalgebruiker gerig is. Verder sou dit moontlik wees om die data wat deur die teks weergegee word bloot deur 'n leksikografiese etiket soos *joern*. 'joernalisties', wat aan die relevante doeltaalinskrywings geadreseer is, weer te gee (mits die denotasie van so 'n etiket in 'n bestaande metateks verklaar word). So 'n inskrywing sou ook die brontaalgebruiker in die teksproduksiefunksie ter wille wees.

Die GW maak op 'n beduidende skaal van artikelinterne ingevoegde binnetekste gebruik om data oor te dra wat ewe goed (indien nie effektiewer nie) deur leksikografiese etikette oorgedra sou kon word. Vergelyk die volgende uittreksels uit dié woordeboek:

- (286) a. **beeld**: ~ig, (-e), beautiful; picturesque; ~ing, portrayal; ~jie, (-s), image, statuette, figurine; ~meng, (image) mixing; ~mooi, pretty, beautiful; ~operateur, image operator; ~radio, television;

Die benaming **beeldradio** word tans as verouderd beskou; **televisie** het vrywel geheel die plek daarvan ingeneem.

~ryk, (-e), figurative, imaginative, ornate, flowery (style); ~rykheid, imagery, ornateness; ~send, (ge-), (ong.), radio (pictures); televise; ~sending, (ong.), telecast; ~skerpte, sharpness, clearness, definition (of picture); ~skoon, (.skone), beautiful as a picture; ~skrif, picture writing, pictograph(y); hieroglyphics; ~snyer, figure carver; ~snykuns, (art of) image carving; ~snywerk, figure carving; ~soeker, viewer, view-finder (camera); ~spraak, figure of speech; figurative (metaphorical) language; metaphor; tropology; imagery; ~storm, iconoclasm; iconoclastic riots; iconomachy; ~stormend, (-e), iconoclastic; ~stormer, iconoclast; ~versiering, polychromy; ~vorming, image forming (building); ~werk, imagery, statuary, sculpture, intaglio.

- b. **had**, (ong., vero., gew.), verl. tyd van hê, (have) had.

Die gebruik van **had** i.p.v. **het gehad** (bv. in sinne soos *Sy had sewe kinders* of *Die boer had groot sukses met sy mielies*), is vandag vrywel beperk tot die prosa van sekere skrywers in Afrikaans en maak 'n indruk van geaffekteerdheid; in die spreek- en skryftaal kom dit nie meer voor nie.

**haché**, hashed meat, hash.

In (286)a kon die leksikograaf die lemma **beeldradio** bloot van 'n leksikografiese etiket soos *vero.* 'verouderd' voorsien het om die data wat in die ingevoegde binneteks verskyn oor te dra. Die ingevoegde binneteks in (286)b dupliseer die data wat deur die leksikografiese etikette wat aan die lemma **had** geadresseer is, weergegee word; duidelik is die teks onnodig ingevoeg. Artikelinterne ingevoegde binnetekste word ook in die GW gebruik waar ander mikrostrukturele inskrywings in die relevante artikel dieselfde funksie sou kon verrig en boonop minder ruimte in beslag neem. In hierdie verband kan kortliks na die volgende uittreksels uit die GW verwys word:

- (287) a. **hi'grōmeter**, **hi'grōme'ter**, hygrometer.

Die klem op samestellings met ~meter wissel van voor in die woord tot die tweede laaste silabe. Hulle word dus telkens as uitspraakvariante gegee, soos hierbo.

**hi'grōmetrie'**, hygrometry.

- b. **panache'**, panache.

Uitspr. panaasj'.

**Pan'-Afrika**: ~-~konferensie, Pan-Africa conference.

- c. **tech'nikon**, (-s), technikon, technicon; ~opleiding, technikon training.

Die spelling **technikon** is 'n kompromis om gelykvormigheid met E. **technikon** te verkry. Die korrekte Afr. term is **tegnikon** en die korrekte E. is **technicon**.

**ted'diebeer**, teddy bear.

- d. **verkoops'**: ~afdeling, sales department (division); ~agent, selling (sales) agent; ~bestuurder, sales manager; ~dag, sales day, day of sales; ~datum, sale-date; *laaste* ~datum, last sale-date; ~ingenieur, sales engineer; ~klerk, sales clerk; shop assistant; ~konsultant, sales consultant; ~kontrak, sales contract, contract of sale; ~koste, selling costs; ~kuns, salesmanship, ~lokaal, sale-room; ~loopbaan, sales career; ~nota, sales note, note of sales; ~organisasie, selling (sales) organisation; ~ooreenkoms, sales contract, contract of sales; ~praatjies, (mv.), sales talk; ~prys, selling price; ~rekening, sales account, account of sales; ~plek, mart; market; location of sales; ~prys, sale (selling) price; ~punt, point of sale; ~veldtog, sales campaign; ~vlaag, spate of sales; ~voorspelling, selling forecast; ~voorwaarde, condition of sale; ~vrag, carriage on sales; ~waarde, selling (market) value.

Die bostaande woorde kan ook geskryf word sonder die verbindings-s.

- e. **sigeu'ner**, (-s), gypsy; tzigane; Hungarian gypsy; ~ **ag'tig**, (-e), gypsyish; ~ **dom**, gypsydom; ~ **in'**, (-ne), gypsy woman; ~ **kamp**, gypsy camp; ~ **lied**, gypsy song; ~ **musiek**, gypsy music; ~ **taal**, Romanian; ~ **volk**, gypsies.

A variant spelling of **gypsy** is **gipsy**.

**sigeuns'**, (-e), tzigane.

- f. **raar**, (rare; -der, -ste), funny, strange, odd, queer, quaint; 'n *rare vent*, a queer fellow.

Die woord *raar* in Afrikaans beteken "eienaardig, snaaks", maar nie "skaars" nie. Die gebruik om bv. te praat van "'n *rare motor/vakansie/lagbui/hervertoring van 'n rolprent*", ens. moet dus afgekeur word as daarmee "'n *skaars motor*", ens., bedoel word.

**raas**, (s) scolding; ~ *kry*, get a scolding; (**ge-**), make a noise, clank; scold, rave, bluster, kick up a row, rage; ~ **bek**, rowdy (noisy) fellow; ~ **bessie**, guarri; ~ **blaar**, Zeyher's bush willow (*Combretum zeyheri*); ~ **kal**, (**ge-**), talk nonsense; ~ **water**, brandy, booze; a rowdy.

In (287)a is die artikelinterne ingevoegde binneteks onnodig indien die prosedure in die metateks uitgeklaar is. Die uitspraakdata in die artikelinterne ingevoegde binneteks in (287)b sou in 'n artikelgleuf vir uitspraakdata in die artikelkop geakkommodeer kon word. Die artikel van die lemma **technikon** in (287)c kon bloot 'n kruisverwysing na die lemma **tegnikon** as voorkeurvorm bevat het. Die AEW maak naamlik van twee verwysingsimbole gebruik: "==" indien die verwysadres 'n hoër gebruiksfrekwensie as die bron van die kruisverwysing toon, en "→" indien dit nie die geval is nie. Die toepassing van hierdie beginsel in die GW sou die gebruik van die simbool "==" dikteer, mits die voorkeurvorm op die objektiewe basis van gebruiksfrekwensie bepaal word (wat nie noodwendig in die GW die geval blyk te wees nie, soos wat aanstons sal blyk). In (287)d sou die verwyderde nistoganglemma **verkoops**: bloot verander kon word om **verkoop(s)**, of, indien 'n bewese verskil in gebruiksfrekwensie bestaan, **verkoops**, **verkoop**: te lees. Die wisselvorm **gipsy** in (287)e sou eenvoudig naas die vertaalekwivalent **gypsy** gelys kon word, terwyl die lemma **raar** van 'n betekenisverklaring voorsien sou kon word om die semantiese data in die aangebode artikelinterne ingevoegde binneteks weer te gee.

Artikelinterne ingevoegde binnetekste verteenwoordig by uitstek dié inskrywingstipe waarin die GW in sommige gevalle 'n sterk preskriptiewe gedaante aanneem. Vergelyk in hierdie verband die volgende GW-uittreksels:

- (288) a. **besleg'**, (~), decide, settle (dispute); ~ **ting**, (-e, -s), settlement, decision.

Die vorm **beslegtiging** is 'n stapelvorm en word in goeie taalgebruik vermy.

- b. **drup'pel**, (s) (-s), drop, dribble, globule (welding); bead (of perspiration); blob; 'n ~ in die *EMMER*, a drop in the ocean; *die* ~ *wat die EMMER laat*

Die vorm "die laaste druppel *aan* die emmer" is skoolvosserig (en 'n puritanisme); die vorm "die laaste druppel *in* die emmer" is die reeds lang bestaande en korrekte uitdrukking.

*oorloop*, the straw that breaks the camel's back; *wie die laaste (onderste) ~ uit die KAN wil hê*, *kry die deksel op sy neus*, covet all, lose all; *tot die LAASTE ~ bloed*, to the last drop of blood; 'n *SOET ~ in iem. se beker*, comfort in the hour of sorrow; 'n ~ *WATER in die see*, a drop in the ocean; *soos twee ~ s WATER na mekaar lyk*, be as like as two peas in a pod; (w) (**ge-**), drop, trickle; ~ **aar**, (-s), drop-per; ~ **fles**, drop bottle; ~ **ing**, dripping; trickling; ~ **prop**, drop-stopper; ~ **sgewys(e)**, by drops, in drops; at a snail's pace; ~ **ring**, drip-loop; ~ **tjie**, (-s), drib(b)let, droplet.  
**drup per**, (-s), dropper.


In beide artikelinterne ingevoegde binnetekste in (288) word kommentaar gelewer op vorme wat nie eens as brontaalinskrywings in die betrokke artikels verskyn nie. Vergelyk ook die gebruik van die frase *moet dus afgekeur word* in die artikelinterne ingevoegde binneteks in uittreksel (287)f. Die nut en gewenstheid van hierdie tekste kan in twyfel getrek word, veral indien die woordeboek se primêre funksie as 'n deskriptiewe een beskou word en nie as 'n preskriptiewe een nie.

'n Laaste anomalie in die gebruik van artikelinterne ingevoegde binnetekste in die GW waarop gewys word, is die verskynsel dat hierdie tekste in 'n mate afwisselend in die bron- en doeltaal aangebied word, hoewel die rede vir dié afwisseling nie altyd duidelik is nie. Vergelyk ter illustrasie die ingevoegde binneteks in (289) hieronder, wat in die doeltaal (Engels) aangebied word, met die artikelinterne ingevoegde binneteks in (287)f, wat dieselfde soort leksikografiese funksie vervul, dog in die brontaal (Afrikaans) aangebied word:

(289) **biljoen'**, (-e), billion.

*Biljoen* refers to a million million but is also sometimes used for a thousand million (instead of *miljard*).

**bil'lik**, (w) (**ge-**), approve of; (b) (**-e**), reasonable; moderate (price); fair, just, equitable, fair-minded; *nie MEER* as ~ *nie*, no more than fair; ~ *e SLY-TASIE*, fair wear and tear; ~ **erwys(e)**, with(in) reason, reasonably, in all fairness; ~ **heid**, equity; reasonableness; reason, justness, fairness; justice; ~ **heidsgevoel**, sense of fairness; ~ **heidshalwe**, for the sake of equity; in justice; ~ **heidsreg**, equity; ~ **ing**, approval.



Gegee dat daar in die volledige sentrale teks van die GW slegs 105 artikelinterne ingevoegde binnetekste voorkom, wat die ratio *sentrale-tekst-bladsy* : *ingevoegde binneteks* van 1 : 0,007 lewer (vgl. tabel 9), volg dit dat die soort data wat veral in die artikelinterne ingevoegde binnetekste in (287) verteenwoordig word hoogs waarskynlik op geen konsekwente wyse hoegenaamd in die GW deur middel van dié inskrywingstipe verstrekkend kan word nie. Dit wil voorkom asof ingevoegde binnetekste in die GW op lukrake basis gebruik word, wat dui op 'n gebrekkige dataverspreidingsprogram wat in 'n onbevredigende dataverspreidingsstruktuur gemanifesteer word as bewys van 'n ontoereikende woordeboekkonseptualiseringsplan. Die gebruik van artikelinterne ingevoegde binnetekste word ook nêrens in die GW verklaar nie.

In hierdie afdeling is bewys dat die sistematiese en doelgerigte gebruik van ingevoegde binnetekste in Afrikaanse standaard vertalende woordeboeke nie bestaan nie. Soos aangedui is, bied die funksionele gebruik van hierdie tipe inskrywing aan die leksikograaf baie potensiaal wat konteksleiding betref. In geneen van die woordeboeke wat vir die studie van ingevoegde

binnetekste met 'n verbale inhoud betrek is, kom in enige artikel in die sentrale teks 'n verwysing na 'n artikeleksterne ingevoegde binneteks wat aan die lemma van die artikel geadresseer is, voor nie. Op hierdie aspek kan in al die woordeboeke dus verbeter word.

#### 4.6.3.1.2.2 Ingevoegde binnetekste met 'n grafiese inhoud

Die gebruik van illustrasieprente as aanvulling tot die artikels in 'n woordeboek verteenwoordig 'n adresseringsprosedure van ostensiewe adressering (Gouws 1994: 63). Die geskiedenis van die gebruik en studie van illustrasieprente is in die literatuur te vinde, maar is nie vir die doel van hierdie studie ter sprake nie (vgl. egter o.m. Al-Kasimi 1977: 96; Hancher 1988: 93; Stein 1991: 99-101; Gouws 1994: 64-66; Landau 2001: 143). Ten opsigte van die gebruik van illustrasieprente in Afrikaanse vertalende woordeboeke bestaan geen geskiedenis nie; derhalwe word in hierdie afdeling met 'n kort oorsig oor die geraadpleegde literatuur oor hierdie onderwerp volstaan.

Volgens Svensén (1993: 167) is dit veral ensiklopediese woordeboeke wat illustrasieprente bevat. In linguistiese woordeboeke word die belangrikheid daarvan blykbaar nie ernstig opgeneem nie (Al-Kasimi 1977: 97). Hoewel hulle nuttig kan wees, word illustrasieprente in die meeste woordeboeke eerder as bemarkingsmiddel aangewend (Landau 2001: 145). Volgens Gouws (1994: 65) is die persepsie dat illustrasieprente tot die ensiklopediese behoort

in baie gevalle deur woordeboeke self geskep omdat dit op 'n uiters arbitrêre manier opgeneem is en gereeld geen leksikografiese funksie vervul het nie maar eerder 'n subjektiewe oordeel vergestalt het.

Volgens Gouws (1994: 69) word illustrasieprente slegs as ensiklopediese inskrywings beskou indien hulle nié gerig is op 'n oordrag van inligting wat nodig is vir 'n geslaagde betekenisoordrag nie. Dit is dus duidelik dat illustrasieprente wel potensieel as kontekstualiserende inskrywings in die vertalende woordeboek kan funksioneer afgesien daarvan dat hulle volgens Svensén (1993: 168) tipies in eentalige woordeboeke voorkom.

Hupka (2003) stel 'n tipologie van illustrasieprente voor, wat op strukturele gronde deur Stein (1991: 104) gekritiseer word en daarna self 'n tipologie voorstel. Svensén (1993: 171-177) stel ook 'n tipologie in terme van sake wat deur illustrasieprente voorgestel word, voor. Kriteria vir die gebruik van illustrasieprente in woordeboeke word deur onder meer Zgusta (1971: 256-257), Al-Kasimi (1977: 100), Hancher (1988: 94, 105) en Landau (2001: 144-147) bespreek. Volgens Gouws (1994: 72) kan illustrasieprente op verskillende plekke met verskillende funksies in vertalende

woordeboeke optree. Hier gaan dit uiteraard oor hulle optrede as artikeleksterne ingevoegde binnetekste en spesifiek as kontekstualiserende inskrywings. Vergelyk onder meer Gouws (2004) vir 'n bespreking van die optrede van illustrasieprente in buitetekste.

Gouws (1994: 76-82) argumenteer oortuigend dat illustrasieprente in vertalende woordeboeke effektief en funksioneel in die volgende gevalle aangewend kan word:

- (290) a. by divergensie as ekwivalentverhouding  
b. by konvergensie as ekwivalentverhouding  
c. in 'n semantiese veld  
d. ter wille van gebruiksdifferensiasie

Illustrasieprente kan ook in gevalle van nulekwivalensie nuttig gebruik word (vgl. Svensen 1993: 179; Gouws 1994: 74-76). In al die gevalle in (294) kan die gebruik van illustrasieprente die gebruiker van hulp wees in ekwivalentdiskriminasie, en waar dit inderdaad die bedoeling is, is daar sprake van kontekstualiserende inskrywings. Vergelyk die bespreking in Gouws (1994: 72-82).

Daar bestaan 'n behoefte aan die sistematiese inkorporering van illustrasieprente as kontekstualiserende inskrywings in die sentrale tekste van Afrikaanse vertalende woordeboeke. Byna geen navorsing oor die potensiaal van dié tipe inskrywing met betrekking tot spesifiek Afrikaanse vertalende woordeboeke is nog onderneem nie. Indien sodanige navorsing uitgevoer kan word alvorens die praktiese leksikografie tot die gebruik van dié tipe inskrywings oorgaan, kan 'n goeie teoretiese basis vir toepassing deur die praktiese leksikograwe daargestel word, wat die effektiewe aanwending van illustrasieprente tot gevolg sal hê. Dit is immers die doel van die metaleksikografie.

#### 4.6.3.2 Ingevoegde buitetekste

Die optrede van ingevoegde buitetekste in die RD as die enigste Afrikaanse vertalende woordeboek wat sodanige tekste vertoon, is reeds onder 4.4 uitgelig. Gouws (1996: 22) wys daarop dat die fokus in hierdie tekste, wat ook as artikels funksioneer, op die terugvertaling van vertaalekwivalente in die sentrale teks is om die gebruiker in die seleksie van die gepaste vertaalekwivalent wat aldaar aangebied word te help. Hoe hierdie kontekstualiserende funksie vervul word, word soos volg verduidelik (Gouws 1996: 30):

Although RD's retranslation does not provide contextual entries, glosses or explanations [i.e. discriminators – HLB], the non-lemmatic addressing gives an indication of the different relations of equivalence between the lemma and the translation equivalents of the main text article. This procedure enhances communicative skills.

Die belangrikste nadeel van die RD-stelsel van ingevoegde buitetekste waarop Louw & Gouws (1996: 94) wys, is dat die bykomende bewerkings in die supplementêre tekste slegs vir 'n beperkte aantal makrostruktuurelemente geld. Die gevolgtrekking is dat die soort bewerking in die supplementêre tekste eerder as artikelinterne ingevoegde binnetekste aangebied behoort te word (Louw & Gouws 1996: 96).

Aangesien ingevoegde buitetekste gewoonlik nie aan 'n bepaalde lemma (en derhalwe artikel) geadresseer is nie, kan hulle nie as kontekstualiserende inskrywings beskou word nie.

#### **4.7 Artikelsamestelling<sup>69</sup>**

In hierdie afdeling word twee strukture wat binne die teksteorie figureer, bespreek, naamlik *mikrostruktuur* en *interne toegangstruktuur*. Daar sal op hierdie twee strukture se toepassingswaarde vir konteksleiding gefokus word, wat 'n relatief beperkte bestek veronderstel.

Daar is telkens in hierdie hoofstuk melding gemaak van die waarde wat die effektiewer gebruik van struktuurmerkers en 'n gepaste mikrostruktuurtype vir konteksleiding in Afrikaanse woordeboeke kan inhou. In hierdie afdeling word dié twee aspekte ten opsigte van vertalende woordeboeke binne die raamwerk van die teksteorie beskryf. Die beskrywing sal egter nie 'n formele vorm aanneem nie.

##### **4.7.1 Mikrostruktuurtypes**

Vir die volgende oorsig van die verskillende tipes mikrostrukture wat in die metaleksikografie onderskei word, word tensy anders vermeld op Gouws (2003) gesteun.

---

<sup>69</sup> Die term *artikelstruktuur* word vermy, aangesien dit binne die teksteorie op *funksionele tekssegmentering* dui (vgl. Wiegand 1988, 1990, 1996), wat nie in hierdie studie toegepas word nie.



#### 4.7.1.1 Eenvoudige mikrostrukture

Enkelvoudige mikrostrukture vertoon 'n nie-uitgebreide basisstruktuur, soos in 1.3 aangedui.

##### 4.7.1.1.1 Die rudimentêre mikrostruktuur

In die vertalende woordeboek geld 'n rudimentêre mikrostruktuur indien die artikel geen semantiese kommentaar bevat nie, maar slegs uit 'n verwysing bestaan. Vergelyk die volgende artikel uit die AEW:

(291) **oula** →AULA.

Die rudimentêre mikrostruktuur dien as die basis vir 'n meer komplekse mikrostruktuur.

##### 4.7.1.1.2 Die geïntegreerde mikrostruktuur

Gouws (2003: 96) omskryf die aard van die geïntegreerde mikrostruktuur soos volg:

Die integraat is die betrokke semantiese subkommentaar [...] waarin die betrokke polisemiese waarde verklaar of van vertaalekwivalente voorsien word [vgl. 1.3]. 'n Geïntegreerde mikrostruktuur word dus daardeur gekenmerk dat alle artikelinterne aangawes, met die uitsondering van die polisemie-aanduiders, wat t.o.v. 'n bepaalde polisemiese waarde van die lemmateken verskaf word, in die integraat verskyn en dus binne die bestek van daardie betrokke polisemiese waarde optree. [...] Tipieserwys gaan dit in 'n geïntegreerde mikrostruktuur om koteksinskrywings wat saam met die betekenisparafrase of vertaalekwivalent in die integraat van elke semantiese subkommentaar optree.

Waar diskriminators saam met die vertaalekwivalent in 'n enkele integraat optree, geld ook 'n geïntegreerde mikrostruktuur (vgl. weer (3) en figuur 4 onder 1.3). 'n Lemma wat 'n monosemiese leksikale item verteenwoordig se artikel vertoon ook by verstek 'n geïntegreerde mikrostruktuur, afgesien daarvan of die artikel koteksinskrywings bevat al dan nie. Vergelyk die volgende voorbeelde uit die AEW:

- (292) a. **geskors** =*skorste expelled (from a school etc.); suspended (from a job etc.);* →SKORS<sup>2</sup>  
vb..
- b. **krediteur** =*teure, =teurs creditor; bevoorregte/preferente ~ creditor by priority; hipoteekhoudende/verbandhoudende ~ creditor on mortgage.*


In (292)a geld 'n geïntegreerde mikrostruktuur met die glosse wat telkens saam met die vertaalekwivalente in dieselfde integraat optree. In (292)b geld 'n geïntegreerde mikrostruktuur by verstek, aangesien die lemmaties verteenwoordigde leksikale item monosemies is en die vertaalekwivalent onmiddellik deur koteksinskrywings opgevolg word.

Afrikaanse standaard vertalende woordeboeke se artikels vertoon nie die tipiese vorm van die geïntegreerde mikrostruktuur, soos die CD in (293)a en die OFD in (293)b se artikels hieronder nie:

- (293) a. **Be|steck** [bə'stɛk] *nt* **-(e)s, -e** [a] (= *Essbesteck*) knives and forks *pl*, cutlery *sing* (*esp Brit*), flatware *sing* (*US*); (= *Set, für ein Gedeck*) set of cutlery (*Brit*) or flatware (*US*); **ein silbemes** ~ a set of silver cutlery (*Brit*) or flatware (*US*); **Herr Ober, ich habe kein** ~ waiter, I haven't any cutlery (*Brit*) or flatware (*US*)  
 [b] (= *Instrumentensatz*) set of instruments; (= *Raucherbesteck*) pipe-cleaning implements *pl*, smoker's set; (*sl*: = *Drogenbesteck*) needles; **chirurgisches** ~ (set of) surgical instruments  
 [c] (*Naut*) reckoning, ship's position \_\_\_\_\_
- b. **aligner** /egijje/ [1] *vtr* [1] (vers un endroit) to direct [*personne*] (**vers** toward); to send [*courrier, dossier*] (**vers** to); (vers une profession, des études) to guide, to steer [*personne*] (**vers** toward, towards GB); (orienter) to steer [*conversation*] (**sur** toward, towards GB); **elle a été mal alignée dans ses études** she was badly advised about what to study; **c'est ce qui nous a alignés dans nos recherches** that's what put us on the right track in our research; [2] Rail ~ **un train** to switch a train to a new line; [3] Ordinal to route

Die CD vertoon verder 'n mikroargitektuur wat met die tipiese geïntegreerde mikrostruktuur gepaard gaan: Elke nuwe polisemiese waarde (d.w.s. elke integraat) begin naamlik as 'n nuwe paragraaf in die artikel, soos in (293)a te sien is.

Die voordeel van die geïntegreerde mikrostruktuur is dat dit vir 'n onmiddellike en regstreekse adressering tussen die vertaalekwivalent en die kontekstualiserende inskrywings wat daarop betrekking het, voorsiening maak.



#### 4.7.1.1.3 Die primitiewe mikrostruktuur

Vergelyk die volgende artikel uit die AEW:

(294) **dom**<sup>3</sup> *dom dommer domste, adj.* stupid, dense, dumb, dull, dim, dim/slow-witted, halfwitted, slow (on the uptake), obtuse, thick (headed), fat-, woodenheaded, pea-brained; mindless; silly, asinine; numb, dead (*fin-*gers); 'n ~ **blondine** a dumb blonde; ~ **ding**, (*infml.*) pea-brained idiot; 'n ~ **ding doen/aanvang** do a stupid thing, make a false move, take a false step; *jou ~ hou* play dumb/ignorant, pretend/feign ignorance, pretend not to know; *iem. ~ hou* keep s.o. ignorant (or in ignorance); ~ **Juan**, (*infml., joc.*: attractive but not very intelligent young man) himbo; ~ *wees van (die) koue*, (*one's fingers, hands*) be numb with cold; **so** ~ *soos 'n donkie/esel/klip wees* be (as) thick as a brick (or as two [short] planks), be (as) dumb as a dodo (or an ox); *iem. is nie so ~ soos* (of as *wat*) *hy/sy lyk nie* s.o. is not as green as he/she is cabbage-looking; *dat hy/sy so ~ kan wees om dit te doen* (the) more fool he/she for doing it; *lank nie so ~ nie* not half as stupid; *des te ~mer van hom/haar* the more fool he/she; *des te ~mer van hom/haar om dit te doen* (the) more fool he/she for doing it; 'n ~ **vent**, (*also*) a dud. **dom** *adv.* stupidly; dully; ~ *handel*, (*also*) make an ass of o.s.. ~ **astrant** impudent(ly), insolent(ly). ~ **astrantheid** impudence, insolence; effrontery, temerity. ~ **kiewiet** (*orn.*) dott(e)=rel. ~ **kop**, ~ **oor** clot, clod, blockhead, fathead, dun-derhead, thickhead, thicko, dolt, dunce, nitwit, dim-wit, halfwit, birdbrain, num(b)skull, ninny, twit, dum-bo, git, prat. ~ **onnosel** inane. ~ **oor** → DOMKOP. ~ **siekte** (*vet.*) (twin) pregnancy disease, domsiekte. ~ **slim** smart-alecky.

Afstandsadressering geld tussen die vertaalekwivalentparadigma en die koteksafdeling in die artikel in (294), aangesien die twee komponente nie in dieselfde integraat aangebied word nie. Indien gerigte én implisiete afstandsadressering egter afwesig is, dit wil sê elke koteksinskrywing word nie deur middel van 'n struktuurmerker aan die geadresseerde vertaalekwivalent gekoppel nie (gerigte afstandsadressering) of die ordening van koteksinskrywings korrespondeer nie met die ordening van die vertaalekwivalente in die vertaalekwivalentparadigma nie (implisiete afstandsadressering), geld 'n primitiewe mikrostruktuur. Dit is duidelik dat sodanige mikrostruktuur in die artikel in (294) geld. Verder word vaste uitdrukkings (idiome) en koteksinskrywings sonder onderskeid in die koteksafdeling aangebied; die enigste ordeningskriterium wat geld, is die alfabetiese waarde van die semantiese basis of afhanklike kollokator in die geval van kollokasies of dié van 'n ander leksikale item in dieselfde konstruksie in die geval van vrye sintaktiese konstruksies. Hier geld naamlik 'n gemengde primitiewe mikrostruktuur.

Dit is baie duidelik dat die primitiewe mikrostruktuur en by uitstek die gemengde primitiewe mikrostruktuur op geen wyse gebruikersvriendelike leksikografiepraktyk kan verteenwoordig nie en derhalwe geen bestaansreg in enige standaard polifunksionele vertalende woordeboek het wat voorgee om gebruikersvriendelik te wees nie.

Ongelukkig is die artikel in (294) verteenwoordigend van die mikrostruktuurtype wat in baie artikels van polisemiese lemmata in die AEW, GW en TW geld. Die Afrikaanse vertalende leksikografie behoort dringend aandag aan hierdie hoogs onbevredigende stand van sake te skenk.

#### 4.7.1.1.4 Die nie-geïntegreerde mikrostruktuur

Gouws (om te verskyn) beskryf die aard van die nie-geïntegreerde mikrostruktuur soos volg:

A non-integrated microstructure does not have the co-text or context entries in the same integrate as the respective translation equivalents [...] at which they are addressed. Such a dictionary typically includes all the different subcomments on semantics in a text block and follows this with a separate text block which contains co-text entries. Although co-text entry and translation equivalent [...] are not presented in the same integrate, resulting in a non-integrated microstructure, the presentation and ordering of the co-text entries in the relevant text block are done in such a way that the relation between a given co-text entry and the item at which it is addressed is clearly marked, and the skillful user should have little difficulty in pairing the co-text entries with their relevant addresses [...].

'n Nie-geïntegreerde mikrostruktuur moet as 'n spesifieke tipe mikrostruktuur beskou word en nie bloot as 'n mikrostruktuur wat nie geïntegreerd is nie (Gouws (om te verskyn)). 'n Nie-geïntegreerde mikrostruktuur verskil in dié belangrike opsig van 'n primitiewe mikrostruktuur dat gerigte of implisiete afstandsadressering wel geld, dit wil sê koteksinskrywings in die koteksafdeling word deur struktuurmerkers aan hulle adresse in die vertaalekwivalentparadigma gekoppel of word kongruent aan die vertaalekwivalente in die vertaalekwivalentparadigma georden.

Die tipe woordeboek met 'n nie-geïntegreerde mikrostruktuur is nog nie vir Afrikaans opgestel nie (Gouws 2003: 96), maar kennelik sal die toepassing van óf 'n geïntegreerde, óf 'n nie-geïntegreerde mikrostruktuur 'n verbetering op die gemengde primitiewe mikrostruktuur wat tans in Afrikaanse vertalende woordeboeke geld, verteenwoordig (vgl. Gouws 2003: 108).

#### 4.7.1.2 Uitgebreide mikrostrukture

Uitgebreide mikrostrukture verteenwoordig uitbreidings op die basisstruktuur van eenvoudige mikrostrukture. Volgens Smit (1996: 204) kan tussen *intern* en *ekstern* uitgebreide mikrostrukture onderskei word. Hier word slegs op laasgenoemde tipe gefokus. 'n Ekstern uitgebreide mikrostruktuur kan die vorm van 'n *links-uitgebreide mikrostruktuur*, 'n *regs-uitgebreide mikrostruktuur* of 'n *ekstern volledig uitgebreide mikrostruktuur* aanneem. In die geval van 'n links-uitgebreide mikrostruktuur word die basisstruktuur deur 'n *prekommentaar* in die *linker-randstruktuur* voorafgegaan. In die geval van 'n regs-uitgebreide mikrostruktuur word die basisstruktuur deur 'n *postkommentaar* in die *regter-randstruktuur* gevolg. Indien 'n mikrostruktuur

beide 'n linker- en regter-randstruktuur vertoon, verteenwoordig dit 'n volledig uitgebreide mikrostruktuur. (Smit 1996: 204-205)

In hierdie bespreking word slegs op die regs-uitgebreide mikrostruktuur gefokus. Vergelyk die volgende artikel uit die OFD:

- (295) **bébé** /bebe/ nm (tous contextes) baby; **des cheveux de** ~ baby hair; **shampooing/aliments pour** ~s baby shampoo/food; ~ **phoque/éléphant** baby seal/elephant; **attendre un** ~ to be expecting a baby; **ne fais pas le** ~ don't be a baby; **être resté très** ~ to be babyish  
**(Idiomes)** **refiler le** ~<sup>o</sup> to pass the buck<sup>o</sup>; **jeter le** ~ **avec l'eau du bain**<sup>o</sup> to throw the baby out with the bathwater

In die artikel in (295) word die basisstruktuur, wat die artikelkop en die semantiese kommentaar bevat, na regs uitgebrei deur 'n postkommentaar op idioome wat in die regter-randstruktuur optree. Die postkommentaar verskyn in 'n aparte teksblok en word deur die struktuuraanduider *Idiomes* 'idiome' ingelei. Die toepassingswaarde van hierdie mikrostruktuurtype blyk reeds uit die artikel in (295); daar sal in hoofstuk 5 hierop uitgebrei word.

#### 4.7.2 Die interne toegangstruktuur

Die interne toegangstruktuur van 'n woordeboek kan in twee afdelings verdeel word, naamlik die *standaard interne toegangstruktuur* en die *snel interne toegangstruktuur*. Die standaard interne toegangstruktuur verwys na die ordening van inskrywings in artikels en oorvleuel dus met die artikelstruktuur (vgl. Louw 1999: 117) en die mikrostruktuurtypes wat toegepas word. Omdat hierdie struktuur juis vir die doel van hierdie studie grootliks deur die bespreking van die mikrostruktuurtypes ondervang is, word daarop nie verder ingegaan nie.

##### 4.7.2.1 Die snel interne toegangstruktuur

Die snel interne toegangstruktuur lei die gebruiker in die interne soekroete na die data waarna hy/sy soek, dit wil sê binne die grense van die woordeboekartikel, op mikrostrukturele vlak; hier gaan dit primêr oor die effektiewe aanwending van struktuurmerkers om die soeksones binne 'n artikel duidelik af te baken ter wille van gebruikersvriendelikheid (Louw 1999: 114). Hierby word polisemie-aanduiders ingereken, ten opsigte waarvan vroeër in hierdie hoofstuk reeds opgemerk is dat 'n stelsel van syfers in plaas van die simbool “.” die gebruiker beter kan dien. Hierop word in hoofstuk 5 teruggekeer.

Soos reeds uit hierdie hoofstuk duidelik geword het, word mikrostrukturele struktuurmerkers in twee tipes verdeel, naamlik *tipografiese struktuurmerkers* en *nie-tipografiese struktuurmerkers*. *Tipografiese struktuurmerkers* is nie inskrywings oftewel funksionele tekssegmente nie, maar verteenwoordig eerder die tipografiese eienskappe daarvan (Wiegand 1990: 26-27). So byvoorbeeld word die tipografiese struktuurmerker van vetdruk op alle lemmata in die AEW toegepas. *Nie-tipografiese struktuurmerkers* (ook *mikrostruktuurmerkers* genoem) tree as funksionele tekssegmente op en het ten doel om die gebruiker in die interpretasie van 'n woordeboekartikel te ondersteun deur soeksones eenduidig af te baken (Wiegand 1990: 34).

Dit is belangrik dat elke soeksone in die woordeboekartikel deur toepaslike, en waar moontlik unieke tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers afgebaken behoort te word (vgl. Hausmann 1988: 142). Wiegand (1988: 588) en Combrink (1989) wys byvoorbeeld op die probleem dat hakies “( )” gewoonlik meer as een funksie in 'n woordeboekartikel kan vervul. In die bespreking van betekenisverklarings in 4.6.1.1.3 is ook op die gebruik van tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers gewys wat blykbaar meer as een funksie het. Hausmann & Werner (1991: 2734) wys ook daarop dat leksikografiese etikette, glosse en koteksinskrywings gewoonlik tipografies identies gemerk word. Hoewel aangevoer kan word dat dié drie inskrywingstipes dieselfde oorhoofse funksie, naamlik ekwivalentdiskriminasie, vervul (vgl. Hausmann & Werner 1991: 2734), is in 4.6.1.2.3.2 daarop gewys dat empiriese navorsing toon dat leksikografiese etikette deur gebruikers onderbenut word juis vanweë hulle waargenome relatiewe obskureit, afgesien daarvan dat Gouws (1988: 49) aanvoer dat etikette in 'n leksikografiese fokusposisie in die woordeboekartikel staan. Dit is duidelik dat 'n model vir effektiewer konteksleiding in Afrikaanse vertalende woordeboeke ongetwyfeld vernuwing in terme van die toepassing van struktuurmerkers, dit wil sê 'n verbeterde snel interne toegangstruktuur, sal moet voorstel. 'n Poging hiertoe word in hoofstuk 5 aangewend.

#### **4.8 Perspektief**

In hierdie hoofstuk is 'n analise van kontekstualiserende inskrywings in Afrikaanse vertalende woordeboeke aangebied.

Dit het duidelik geword dat *konteks* 'n konteksgebonde konsep is, en dat konteks net so ver bepaal kan word as wat die leksikograaf se korpusnavorsing hom/haar toelaat. Onvoorspelbare kontekste

sal uiteraard nie in 'n woordeboek neerslag vind nie, aangesien hulle nie in 'n korpus gemanifesteer word nie.

Binne die raamwerk van die bevindinge in hierdie hoofstuk kan die volgende definisie vir die term *kontekstualiserende inskrywing* aangebied word:

'n *Kontekstualiserende inskrywing* in 'n vertalende woordeboek is 'n inskrywing

- (i) wat 'n brontaal-, doeltaal- of meta-inskrywing, of 'n ingevoegde teks verteenwoordig;
- (ii) wat nie 'n lemma of vertaalekwivalent verteenwoordig nie;
- (iii) wat binne die primêre konteks van die woordeboek
- (iv) aan die teikengebruiker in die teikengebruiksituasie
- (v) as duidelik onderskeibare inskrywing met 'n duidelike adres
- (vi) sodanige leiding deur die aanbod van data bied dat die teikengebruiker
  - (a) die betekenis van die lemmaties verteenwoordigde leksikale item kan agterhaal;
  - (b) die betekenis van die aangebode vertaalekwivalente kan agterhaal, en sodoende
  - (c) die korrekte en gepaste vertaalekwivalent vir die geldende konteks in die teikengebruiksituasie kan identifiseer en selekteer, en
  - (d) dit korrek en gepas in teksproduksie kan aanwend, of
  - (e) daarop gewys word dat geeneen van die aangebode vertaalekwivalente die geldende een in die betrokke konteks is nie, en van 'n gepaste alternatiewe formulering voorsien word,
- (vii) waar met *primêre konteks* verwys word na die leksikale omvang van die leksikografiese deiktiese sentrum van die woordeboek en die tipiese gebruikssituasie wat in terme van die doel en funksies van die woordeboek bepaal en in die makrostruktuur gemanifesteer word, en
- (viii) waar met *konteks* verwys word na die som van al daardie pragmatiese en linguistiese kontekste wat binne die raamwerk van die doel en funksies van die woordeboek sistematies en nie-sistematies voorspelbaar is na aanleiding van uitgebreide korpusnavorsing.

## **HOOFSTUK 5**

### **SINTESE:**

## **'N MODEL VIR EFFEKTIEWER KONTEKSLEIDING IN STANDAARD AFRIKAANSE VERTALENDE WOORDEBOEKE**

### **5.1 Inleiding**

In hoofstuk 2 is tot die gevolgtrekking gekom dat die ideale standaard vertalende woordeboek vir die Suider-Afrikaanse konteks 'n polifunksionele woordeboek is. In hoofstuk 4 is tot die gevolgtrekking gekom dat die bestaande Afrikaanse standaard vertalende woordeboeke, hoewel hulle daarop aanspraak wil maak, nie as polifunksionele woordeboeke beskou kan word nie. Een van die sentrale redes vir hierdie gevolgtrekking is gebrekkige en inkonsekwente konteksleiding. Waar konteksleiding wel verskaf word, voldoen dit nie aan die vereistes van 'n polifunksionele vertalende woordeboek nie, byvoorbeeld die feit dat betekenisverklarings in die AEW in die doeltaal, in plaas van in die brontaal, aangebied word.

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n model vir effektiewer konteksleiding in Afrikaanse standaard vertalende woordeboeke voor te stel. Dit verteenwoordig 'n sintese van die analise waarvan in hoofstuk 4 verslag gedoen is, en die toepassing daarvan behoort Afrikaanse standaard vertalende woordeboeke 'n stap nader aan polifunksionaliteit te bring.

Die beskrywing van die model word voorafgegaan deur uitbreidings op enkele bepalende aspekte wat in hoofstuk 4 aangeraak is, maar wat nie ter plaatse uitgebreide bespreking regverdig nie, naamlik die samestelling van 'n doeltaalsinoniemparadigma as komponent van die vertaalekwivalentparadigma en 'n kritiese beskouing van die omkeerbaarheidsbeginsel.

Die model word dan in terme van die volgende kernkomponente beskryf:

- (i) die voorstel van norme vir die toepassing van kontekstualiserende inskrywings
- (ii) die voorstel van 'n nuwe snel interne toegangstruktuur
- (iii) die bereëling van die aanwending van die verskillende mikrostruktuurtypes wat tot die leksikograaf se beskikking is.



## 5.2 Enkele bepalende aspekte

### 5.2.1 Die samestelling van die doeltaalsinoniemparadigma

Soos uit die metaleksikografiese literatuur en die bespreking in hoofstuk 4 blyk, vorm een of meer doeltaalsinoniemparadigmas onderskeibare komponente van die vertaalekwivalentparadigma in die geval van 'n ekwivalentverhouding van semantiese divergensie of polidivergensie tussen die lemma en die vertaalekwivalentparadigma. In gevalle van monosemiese kongruensie en leksikale divergensie is die doeltaalsinoniemparadigma gelyk aan die vertaalekwivalentparadigma. Wat die ordening van die vertaalekwivalente in die doeltaalsinoniemparadigma betref, is tot die gevolgtrekking gekom dat die toepassing van 'n eenvoudige doeltaalsinoniemparadigmastruktuur, waarvolgens die doeltaalsinonieme in dalende orde van gebruiksfrekwensie in die doeltaal gerangskik word, die mees gebruikersvriendelike benadering sal verteenwoordig en ook die beste tot kommunikatiewe sukses sal bydra.

In hoofstuk 4 het ook twee faktore aan die lig gekom wat 'n bepalende invloed op die samestelling van die doeltaalsinoniemparadigma het, naamlik (i) dat vertalende woordeboeke byna altyd ook as sinoniemwoordeboeke benut word (vgl. 4.6.1.2.1.2.2; Hausmann 1991: 143), en (ii) dat sinonieme wat slegs met betrekking tot styl en register van mekaar verskil leksikografies soos absolute sinonieme hanteer word en dus binne die bestek van leksikale divergensie val (vgl. 4.6.1.1.4.1.1.B; Gouws 1989: 167). Die geldigheid van hierdie faktore hou in dat veral in gevalle waar lemmata gemerkte leksikale items (soos in 4.6.1.2.2.1 verklaar) verteenwoordig, die leksikograaf nie mag volstaan met die aanbod van semanties-pragmatiese vertaalekwivalente in die doeltaalsinoniemparadigma nie, maar ook ongemerkte doeltaalsinonieme moet insluit waar van toepassing. Vergelyk in hierdie verband die volgende artikel uit die AEW:


(296) **koel** [...] cool, cold, chilly, fresh; cool(-headed), calm, collected, composed [...]; (*sl.*) cool, funky; [...]

In die artikel in (296) geld 'n ekwivalentverhouding van polidivergensie tussen die lemma en die vertaalekwivalentparadigma, wat uit verskeie doeltaalsinoniemparadigmas bestaan. Een doeltaalsinoniemparadigma bevat die doeltaalsinonieme *cool* en *funky*, en die plasing van die etiket voor die eerste doeltaalsinoniem en direk na die polisemie-aanduider beteken dat die etiket beide die lemmateken en die doeltaalsinonieme wat daarop volg in bestek het. Binne hierdie doeltaalsinoniemparadigma ('n semantiese subkommentaar) word slegs semanties-pragmatiese vertaalekwivalente aangebied. Die twee faktore wat bo genoem is, vereis egter dat ongemerkte

doeltaalsinonieme soos *excellent* en *impressive* ook ingesluit behoort te word, hoewel hulle slegs semantiese ekwivalensie (en nie semanties-pragmatiese ekwivalensie nie) met die lemmaties verteenwoordigde brontaalitem vertoon. Die toepassing van 'n eenvoudige doeltaalsinoniemparadigma sal hier nie probleme oplewer nie, aangesien daardie brontaalkontekste waarin die leksikale item *koel* as slengtaalitem gebruik word in beduidend hoër frekwensies deur die vertaalekwivalente *cool* en *funky* as deur *excellent* en *impressive* in die doeltaal vertaal sal word. Wat wel sal moet verander, is die bereik en toepassing van die leksikografiese etiket *sl.* 'slengtaal', sodat die standaardtaalitems *excellent* en *impressive* nie ook as adresse van die etiket geld en gevolglik as verteenwoordigend van slengtaalgebruik in die doeltaal gemerk word nie. 'n Resulterende bewerking sou soos volg daar kon uitsien:

(297) **koel** [...] cool, cold, chilly, fresh; [...]; (*sl.*): cool (*sl.*), funky (*sl.*), excellent, impressive; [...]

Die leksikografiese etiket *sl.* direk na die polisemie-aanduider in die artikel in (297) is uitsluitlik aan die lemmateken geadresseer; dit word duidelik gemaak deur die nie-tipografiese struktuurmerker “:” wat daarop volg. Hierdie prosedure vereis dat die vertaalekwivalente *cool* en *funky* elk van 'n eie leksikografiese etiket voorsien moet word om semanties-pragmatiese ekwivalensie met die lemmaties verteenwoordigde brontaalitem aan te dui. Daarenteen word die standaardtaalekwivalente *excellent* en *impressive* uiteraard nie van sodanige etikette voorsien nie. In die CD word 'n soortgelyke strategie toegepas, soos wat die volgende artikel uit dié woordeboek laat blyk:



(298) **Lorbass** [...] *m -es, -e* (*dial inf*) sly devil (*inf*), sharp one (*inf*)

Die eerste reeks etikette (*dial* en *inf*) is uitsluitlik aan die lemma geadresseer, terwyl elke brontaalsinoniem die adres van 'n eie etiket *inf* is, selfs al word beide deur identiese etikette gemerk.

Dit is duidelik dat hierdie benadering implikasies vir die aanwending van etikette inhou en dat die uitfasering na links van etikette as 'n teksverdigtingstrategie nie so geredelik soos tans die geval is, toegepas sal kan word nie. Waar dié prosedure wel steeds toegepas kan word, is dit noodsaaklik dat sodanige etikette duidelik onderskei word van onverdigte etikette wat slegs een adres het. Op hierdie kwessie word in die bespreking van leksikografiese etikette in die beskrywing van die model vir effektiewer konteksleiding uitgebrei.

Die toepassing van hierdie beginsel is egter nie in alle gevalle moontlik nie. Veral leksikale items wat tegnies gemarkeer is, het gewoonlik nie standaardtaalsinonieme nie. Die beginsel van die aanbod van standaardtaalsinonieme naas gemarkeerde sinonieme as vertaalekwivalente vir 'n gemerkte lemmaties verteenwoordigde leksikale item behoort wel so ver moontlik toegepas te word.

Aangesien standaard vertalende woordeboeke op die weergee van die standaardtaalvariëteite van die behandelde tale afgestem is, volg dit dat lemmata wat ongemerkte leksikale items (d.w.s. standaardtaalitems in die brontaal) verteenwoordig van ongemerkte vertaalekwivalente (d.w.s. standaardtaalitems in die doeltaal) voorsien sal word, maar dat hierdie vertaalekwivalente nié deur gemerkte doeltaalsinonieme aangevul sal word nie.

### 5.2.2 Die omkeerbaarheidsbeginsel

Gouws (1989: 162) formuleer die omkeerbaarheidsbeginsel soos volg:

'n Leksikale item A wat aan die X-kant van 'n vertalende woordeboek as vertaalekwivalent verskyn in die artikel van 'n leksikale item B as lemma, moet aan die Y-kant van daardie woordeboek 'n lemma wees met minstens leksikale item B (die lemma aan die X-kant) as vertaalekwivalent. 'n Leksikale item B wat aan die X-kant van 'n vertalende woordeboek as lemma verskyn met 'n leksikale item A as vertaalekwivalent moet aan die Y-kant van daardie woordeboek as vertaalekwivalent verskyn in die artikel waarin leksikale item A (die vertaalekwivalent aan die X-kant) die lemma is.

In hoofstuk 4 het dit aan die lig gekom dat die omkeerbaarheidsbeginsel om herformulering vra, aangesien dit nie voorsiening maak vir verklarende vertaalekwivalente wat aan die teenoorstaande deel van die woordeboek nie as lemmata aangebied kan word nie, maar as brontaalkoteksinskrywings figureer (vgl. 4.6.1.1.4.1.4). Daarbenewens word ook nie voorsiening gemaak vir die vereiste dat 'n brontaalkoteksinskrywing en sy korresponderende doeltaalkoteksinskrywing in omgekeerde verhouding in die teenoorstaande deel van die woordeboek moet figureer nie, of dat 'n brontaalkollokasie wat van 'n verklarende vertaling of leksikale vertaalekwivalent in plaas van 'n doeltaalkollokasie voorsien word in die teenoorstaande deel van die woordeboek as doeltaalkollokasie toeganklik moet wees nie (vgl. 4.6.2.2.3). Gevolglik word die volgende aangepaste formulering voorgestel, gegee dat die onderskeid tussen brontaalinskrywings, doeltaalinskrywings en meta-inskrywings (vgl. 4.6.1.2.1.3) steeds geld:

'n Doeltaalinskrywing *a* wat aan die *B*-kant van 'n vertalende woordeboek as vertaalekwivalent van 'n brontaalinskrywing *b* verskyn, moet aan die *A*-kant van daardie woordeboek 'n brontaalinskrywing wees met minstens inskrywing *b* (die brontaalinskrywing aan die *B*-kant) as vertaalekwivalent. 'n Leksikale item óf konstruksie *b* wat aan die *B*-kant van 'n vertalende woordeboek as lemma of brontaalkoteksinskrywing verskyn met 'n leksikale item of konstruksie *a* as vertaalekwivalent moet aan die *A*-kant van daardie woordeboek as vertaalekwivalent verskyn in die artikel waarin die leksikale item óf konstruksie *a* (die vertaalekwivalent aan die *B*-kant) 'n lemma of brontaalkoteksinskrywing onderskeidelik is.

Volgens Gouws (1988: 24) moet etikettering ook die omkeerbaarheidsbeginsel gehoorsaam (vgl. ook Brand 2000). Hier gaan dit nie om omkeerbaarheid ten opsigte van die etiket nie, maar dat die etikettering as proses konsekwent ten opsigte van brontaalinskrywing versus doeltaalinskrywing toegepas sal word.

Leksikografiese etikette word gewoonlik in albei tale wat in 'n vertalende woordeboek behandel word, aangebied. In 'n polifunksionele woordeboek sal 'n etiket wat aan 'n brontaalinskrywing geadresseer is in die brontaal aangebied word terwyl 'n etiket wat aan 'n doeltaalinskrywing geadresseer is in die doeltaal aangebied sal word. In hierdie opsig kan daar dus tussen *brontaaletikette* en *doeltaaletikette* van dieselfde tipe onderskei word. In die Afrikaans-Engels-deel van 'n polifunksionele vertalende woordeboek is die leksikografiese etiket *mit*. 'mitologie' byvoorbeeld 'n brontaaletiket wat aan brontaalinskrywings geadresseer is; dié etiket se doeltaalteenhanger, die doeltaaletiket *myth*. 'mythology', is aan doeltaalinskrywings geadresseer. 'n Brontaaletiket en sy doeltaalteenhanger moet nie as twee verskillende etikette beskou word nie, maar eerder as twee weergawes oftewel refleksies van dieselfde etiket. Dit beteken dat 'n brontaalinskrywing soos *Zeus* in die Afrikaans-Engels-deel van 'n vertalende woordeboek vir 'n spesifieke teikengebruikersgroep die adres van 'n brontaaletiket soos *mit*. kan wees terwyl dit as doeltaalinskrywing in die Engels-Afrikaans-deel van die woordeboek die adres van die ter plaatse brontaaletiket *myth*. kan wees. Na aanleiding hiervan kan die *reflektiwiteitsbeginsel vir leksikografiese etikette in vertalende woordeboeke* voorgestel word:

'n Brontaalinskrywing *a* wat in die *A-B*-deel van die woordeboek van die ekwivalente doeltaalinskrywing *b* voorsien word en die adres van etiket *x* (hetsy in taal *A*, hetsy in taal *B*) is, moet in die *B-A*-deel van die woordeboek, waar dit as ekwivalente doeltaalinskrywing van die brontaalinskrywing *b* geld, ook die adres van leksikografiese etiket *x* (hetsy in taal *A*,

hetsy in taal *B*) wees.

Die sterk verband wat die reflektiwiteitsbeginsel vir leksikografiese etikette in vertalende woordeboeke met die omkeerbaarheidsbeginsel vertoon, is duidelik.


### **5.3 Modelbeskrywing**

In hierdie model kan alle voorstelle wat in hoofstuk 4 ten opsigte van die uiteenlopende datakategorieë gemaak is uiteindelik nié geakkommodeer word nie, aangesien die unieke hantering van elke datakategorie kan lei tot 'n té hoë graad van teksverdigting, wat gebruikersvriendelikheid sal teenwerk. Gevolglik reflekteer die model in bepaalde opsigte hanterings wat in reliëf tot die bespreking in hoofstuk 4 as vereenvoudig beskou kan word.

#### **5.3.1 Kernkomponent: Norme vir die toepassing van kontekstualiserende inskrywings**

##### 5.3.1.1 Diskriminators

##### 5.3.1.1.1 Betekenisverklarings



Betekenisverklarings behoort in beginsel in die volgende gevalle verplig aangewend te word:

#### **A. In diens van eerstevlakkontekstualisering – aan die lemma geadresseer**

- (i) Indien die lemma in 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie tot die vertaalekwivalent staan en lid van 'n brontaalhomoniemparadigma is;
- (ii) in elke semantiese subkommentaar van 'n artikel waarvan die lemma in 'n ekwivalentverhouding van polisemiese kongruensie tot die vertaalekwivalentparadigma staan en 'n semanties onverdigte vertaalekwivalentparadigma aangebied word;
- (iii) in elke semantiese subkommentaar van 'n artikel waarvan die lemma 'n polisemiese leksikale item verteenwoordig en wat in 'n ekwivalentverhouding van semantiese divergensie tot die vertaalekwivalentparadigma staan;

- (iv) in elke semantiese subkommentaar van 'n artikel waarvan die lemma in 'n ekwivalentverhouding van polidivergensie tot die vertaalekwivalentparadigma staan;
- (v) indien die lemmaties verteenwoordigde leksikale item dialekties gemarkeer is;
- (vi) indien die lemmaties verteenwoordigde leksikale item stilisties gemarkeer is;
- (vii) indien die lemmaties verteenwoordigde leksikale item as histories gemarkeer is;
- (viii) indien die lemma 'n afkorting verteenwoordig;
- (ix) indien die lemma 'n element van 'n spesifieke klas eiename verteenwoordig en die klas nie in 'n ingevoegde buiteteks of in 'n agterteks bewerk word nie;
- (x) indien die lemma 'n kultuuritem verteenwoordig en kulturele data oor dié item word nie in 'n ingevoegde binneteks aangebied nie;
- (xi) indien die lemma 'n idioom verteenwoordig.

**B. In diens van tweedevlakkontekstualisering – aan koteksinskrywings geadresseer**



- (xii) indien 'n brontaalkoteksinskrywing meerdere semantiese lesings het en ten opsigte van elke lesing van 'n aparte korresponderende doeltaalkoteksinskrywing voorsien word.

In gevalle waar 'n ekwivalentverhouding van leksikale of semantiese konvergensie tussen die lemma en die aangebode vertaalekwivalent bestaan, kan betekenisverklarings aangebied word, mits die nodige tipografiese struktuurmerkers op die vertaalekwivalent toegepas word om dit van gevalle van kongruensie, waar ook betekenisverklarings geld, te onderskei. Die gebruik van betekenisverklarings in hierdie gevalle behoort as opsioneel beskou te word, op voorwaarde dat die opsie volledig konsekwent deur die hele sentrale teks toegepas word.

Ter wille van ekonomie behoort betekenisverklarings so ver moontlik in die vorm van woordsinonieme aangebied te word.

Betekenisverklarings word altyd in die brontaal aangebied.

In sommige gevalle is die aanwending van betekenisverklarings nie geredelik moontlik nie, soos by lemmata wat sinsemantiese leksikale items verteenwoordig (vgl. Gouws 2000). In sodanige gevalle moet ander diskriminatore of konteksinskrywings aangewend word om die nodige betekenis- en ekwivalentdiskriminasie te bewerkstellig. Hierop word nie nou uitgebrei nie.

#### 5.3.1.1.2 Leksikografiese etikette

Leksikografiese etikette word aan alle bron- en doeltaalinskrywings geadresseer wat buite die leksikografiese dektiese sentrum van die woordeboek val. Leksikografiese etikette wat aan brontaalinskrywings geadresseer is, word in die brontaal aangebied, terwyl leksikografiese etikette wat aan doeltaalinskrywings geadresseer is in die doeltaal aangebied word.

#### 5.3.1.1.3 Glosse

Die aanwending van glosse in Afrikaanse vertalende woordeboeke vra om verdere navorsing. Tans kan die beginsel gestel word dat glosse in diens van ekwivalentdiskriminasie aangewend word, veral in daardie gevalle waar die ander diskriminatore nie voldoende konteksleiding kan bied nie.

Glosse is altyd aan doeltaalinskrywings gerig en word in die doeltaal aangebied.

#### 5.3.1.2 Koteksinskrywings

##### 5.3.1.2.1 Vry konstruksies

Die aanbieding van kotekstuele illustrators (teenoor die korresponderende brontaalkoteksinskrywings) is verpligtend in gevalle waar die anamorfisme wat tussen die behandelde tale geld tot voorspelbare gevalle van die afwesigheid van strukturele ekwivalensie tussen brontaalkoteks en doeltaalkoteks aanleiding gee.

Die aanbieding van kotekstuele spesifiseerders (teenoor die korresponderende brontaalkoteksinskrywings) is verpligtend in gevalle waar die anamorfisme wat tussen die behandelde tale geld tot voorspelbare gevalle van die nie-vervangbaarheid van die brontaalitem deur die aangebode vertaalekwivalent aanleiding gee.


Kotekstuele illustrators en hulle korresponderende brontaalkoteksinskrywings behoort in volsinvorm aangebied te word.

Vry konstruksies behoort sistematies in diens van betekenis- en ekwivalentdiskriminasie aangebied te word. (Vgl. bv. Gouws 2000 vir 'n bespreking oor die aanwending van vry konstruksies in diens van ekwivalentdiskriminasie in gevalle waar die lemma 'n sinsemantiese leksikale item verteenwoordig.)

#### 5.3.1.2.2 Kollokasies

Bron- en doeltaalkollokasies moet aangebied word. Leksikale en grammatiese kollokasies kan na gelang van die artikellêer hetsy as glosse in die vertaalekwivalentparadigma, hetsy in die vorm van koteksinskrywings in die koteksafdeling aangebied word. Leksikaal-grammatiese kollokasies mag slegs in die koteksafdeling aangebied word. Brontaalkollokasies word in die artikels van beide die semantiese basis en die afhanklike kollokator aangebied. In die artikel van die semantiese basis word die brontaalkollokasie van die gepaste doeltaalinskrywing voorsien (vgl. 4.6.2.2.3), en in die artikel van die afhanklike kollokator word die brontaalkollokasie van 'n kruisverwysing na die lemma van die artikel van die semantiese basis voorsien.

#### 5.3.1.3 Ingevoegde tekste



Die aanbied van ingevoegde tekste moet deeglik binne die raamwerk van die doel en funksies van die woordeboek, wat die dataverspreidingsprogram en gevolglik die raamstruktuur van die woordeboek bepaal, beplan word. Hier kan dus geen vaste riglyne voorsien word nie, behalwe om die eis van konsekwentheid en kohesie binne die makroteks deur die toepassing van 'n effektiewe mediostruktuur te stel. Verder behoort ingevoegde tekste tipografies voldoende van woordeboekartikels (in die geval van artikeleksterne ingevoegde tekste) of ander woordeboekartikeldele (in die geval van artikelinterne ingevoegde tekste) onderskei te word deur byvoorbeeld die plasing daarvan binne rame saam met nie-tipografiese struktuurmerkers soos “Ⓢ” en “△”.



### 5.3.2 Kernkomponent: 'n nuwe snel interne toegangstruktuur

Soos in 4.7.2.1 aangedui is, verwys die snel interne toegangstruktuur na die gebruik van tipografiese en nie-tipografiese struktuurmerkers om soeksones in die woordeboekartikels duidelik af te baken. In hierdie afdeling word 'n reeks struktuurmerkers voorgestel in 'n poging om dusdanige afbakening te verseker. Die struktuurmerkers sal aan die hand van die inskrywings waaraan hulle geadresseer is, voorgestel word.

#### 5.3.2.1 Grondbeginsels: brontaal- vs. doeltaalinskrywings

Die grondbeginsels wat die gebruik van tipografiese struktuurmerkers volgens hierdie model onderlê, kan soos volg weergegee word:

- (299) a. Alle lemmatekens word in vetgedrukte letters in 'n gepaste fonttipe en fontgrootte weergegee. Op die weergawe van ander inskrywings in die artikelkop word hier nie ingegaan nie, aangesien dié aspek buite die bestek van die model val. Die toepassing van die model veronderstel wel dat die ander inskrywings in die artikelkop so vermoontlik met die voorgestelde tipografiese grondbeginsel in b hieronder sal korrespondeer.
- b. Oorweging kan daaraan geskenk word om alle brontaalinskrywings in een fonttipe te druk, terwyl alle doeltaalinskrywings in 'n duidelik andersoortige fonttipe gedruk word. Daardeur sou die onderskeid tussen bron- en doeltaalinskrywings met die eerste oogopslag duidelik kon wees.

#### 5.3.2.2 Struktuurmerkers per inskrywingstipe

Die struktuurmerkers wat vervolgens voorgestel word, word kategoriaal uiteengesit, gevolg deur 'n grafiese voorbeeld (nie in werklike woordeboekteksgrootte nie). Hierby word fonttipe nie ingereken nie, aangesien die waardes van dié veranderlike van uitgewer tot uitgewer verskil.

### 5.3.2.2.1 Polisemie-aanduiders

Polisemie-aanduiders word in syfervorm weergegee; dit veronderstel dat die polisemie-aanduider “1” die eerste semantiese subkommentaar sal voorafgaan.

#### Tipografiese struktuurmerkers

- vetgedrukte syfers
- wit op ’n swart blokkie

#### Voorbeeld

- **3**

### 5.3.2.2.2 Betekenisverklarings

Betekenisverklarings word in die vorm van betekenisparafrases en/of woordsinonieme aangebied.

#### Tipografiese struktuurmerkers

- romeins (d.w.s. nie vetgedrukte en/of gekursiveerde letters)
- binne ’n raampie

#### Nie-tipografiese struktuurmerker

- Betekenisparafrases word sonder meer weergegee; woordsinonieme word deur die nie-tipografiese struktuurmerker “↔” voorafgegaan (vgl. Wiegand 1988: 576).

#### Voorbeelde

- tipiese voorbeeld
- ↔ontwerp




### 5.3.2.2.3 Leksikografiese etikette

Leksikografiese etikette word gewoonlik in die vorm van afkortings aangebied en staan normaalweg regs van hulle adresse. Hierdie adresseringsrigting (regs na links) is in konflik met die normale leesrigting in Afrikaans en Engels, veral indien die adres direk langs die betrokke leksikografiese etiket staan. In terme van die gebruikersverwysingsraamwerkparameter in die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke kan geargumenteer word dat hierdie “afwykende” adresseringsrigting in die onmiddellike omgewing van die adres die gebruiker kan verwar. Dit is daarom wenslik dat ’n nouer verband tussen leksikografiese etiket en adres aangetoon word. Dit kan deur ’n nie-tipografiese struktuurmerker bewerkstellig word. So ’n prosedure sal ook die leksikografiese etiket prominenter laat uitstaan (vgl. 4.6.1.2.3.2). Na aanleiding van die bespreking oor die samestelling van die doeltaalsinoniemparadigma in 5.2.1 is gerigte adressering ook gewens.

#### Tipografiese struktuurmerkers

- kleinblokkletters
- vetgedrukte letters



#### Nie-tipografiese struktuurmerkers

- “◀” onmiddellik links van die etiket indien die adres links daarvan staan; “▶” onmiddellik regs van die etiket indien die adres regs daarvan staan; “◀” en “▶” onmiddellik weerskante van die etiket indien dit ’n dubbele adres na links en regs het.

#### Voorbeelde

- Adres na links: ◀INFML
- Adres na regs: INFML▶
- Dubbele adres na weerskante: ◀INFML▶

### 5.3.2.2.4 Vertaalekwivalente

Alle leksikale en verklarende vertaalekwivalente word in dieselfde vorm aangebied, met die enkele uitsondering van die ekwivalentverhouding van kongruensie. Surrogaatekwivalente (gewoonlik in

die vorm van doeltaalbetekenisparafrases) word tipografies van leksikale en verklarende vertaalekwivalente onderskei.

### Tipografiese struktuurmerkers


- romeins
- Vertaalekwivalente word onderstreep in gevalle waar 'n ekwivalentverhouding van monosemiese of polisemiese kongruensie tussen lemma en vertaalekwivalent bestaan.
- Surrogaatekwivalente word in kursiewe letters weergegee.

### Nie-tipografiese struktuurmerker

- verdelingsmerker “;” tussen doeltaalsinonieme

### Voorbeelde:

- Monosemiese en polisemiese kongruensie: galvanografie
- Ander ekwivalentverhouding: holograaf; eiehandig geskrewe stuk



#### 5.3.2.2.5 Vaste uitdrukking

Die voorgestelde mikrostrukturele plasing van vaste uitdrukking sal in die bespreking van die mikrostruktuurtypes in 5.3.3 beskryf word. 'n Vaste uitdrukking as multileksikale lemma kan óf van 'n ekwivalente vaste uitdrukking in die doeltaal, óf van 'n verklarende vertaling, óf van albei voorsien word. Dié aanbod sal deur doeltaalgebruiksfrekwensie bepaal word. Wat belangrik is, is dat die gebruiker moet kan onderskei tussen doeltaalinskrywings wat vaste uitdrukking in die doeltaal verteenwoordig en doeltaalinskrywings wat nie vaste uitdrukking in die doeltaal verteenwoordig nie.

### Tipografiese struktuurmerkers

Multileksikale lemmata wat vaste uitdrukking verteenwoordig

- vetgedrukte letters

Vaste uitdrukking in die doeltaal

- romeins

Ekwivalente doeltaalinskrywings wat nie vaste uitdrukkings in die doeltaal verteenwoordig nie

- kursiewe letters

#### Nie-tipografiese struktuurmerkers

- Die soeksone waarin vaste uitdrukkings aangebied word, word deur die struktuuraanduider **►Idiome:** voorafgegaan.
- Waar meer as een vaste uitdrukking en ekwivalente doeltaalinskrywings binne ’n soeksone aangebied word, word hulle deur die verdelingsmerker “||” geskei.
- Sinonieme doeltaalinskrywings wat aan ’n multileksikale lemma geadresseer is, word deur die verdelingsmerker “;” van mekaar geskei.

#### Voorbeeld (in die artikel van die lemma **duim**)

- **►Idiome:** vir iem. - vashou hold thumbs (*or* keep one’s finger’s crossed) for s.o.; *wish s.o. luck*

#### 5.3.2.2.6 Glosse

Glosse kom in drie vorme voor, naamlik (i) daardie klas glosse wat die semantiese basis bevat van ’n leksikale kollokasie waarvan die geadresseerde vertaalekwivalent ’n afhanklike kollokator is, (ii) daardie klas glosse wat ’n grammatiese kollokator ten opsigte van die geadresseerde vertaalekwivalent of die grammatiese kollokatore van beide die geadresseerde vertaalekwivalent en die lemmaties verteenwoordigde leksikale item aanbied, en (iii) daardie klas glosse wat nie in ’n kollokasionele relasie tot die geadresseerde vertaalekwivalent staan nie en wat die vertaalekwivalent deur die aanduiding van ’n ander leksikale relasie kontekstualiseer.

#### Tipografiese struktuurmerkers

Glosse van klasse (i) en (iii)

- kursiewe letters

Glosse van klas (ii)

- Brontaalkollokator: kursiewe letters (in die brontaalfonttipe)
- Doeltaalkollokator: kursiewe letters (in die doeltaalfonttipe)

#### Nie-tipografiese struktuurmerkers

- saamgroeperingsmerker “[ ]” in romeins
- verdelingsmerker “;” tussen doel- en brontaalkollokator (klas (ii)-glosse)

### Voorbeelde

- [*van 'n motor*]
- [*with, met*]

#### 5.3.2.2.7 Afbakening van die vertaalekwivalentparadigma

In 'n geïntegreerde mikrostruktuur word die nie-tipografiese struktuurmerker “◇” voorgestel om die grens tussen die vertaalekwivalentparadigma en vry konstruksies aan te dui. Indien die koteksafdeling slegs uit kollokasies bestaan, word die nie-tipografiese struktuurmerker “¶” in plaas van “◇” aangewend (vgl. 5.3.2.2.8).

Die gebruik van hierdie struktuurmerkers sal in die bespreking van die mikrostruktuurtypes geïllustreer word.



#### 5.3.2.2.8 Koteksinskrywings

##### 5.3.2.2.8.1 Vry konstruksies

Soos in hoofstuk 4 aangedui, kan vry konstruksies in terme van doeltaalkoteksinskrywings tot een van twee klasse behoort, naamlik die klas kotekstuele illustrators, waardeur onder meer die sintaktiese optrede van die geadresseerde vertaalekwivalent geïllustreer word, en die klas kotekstuele spesifiseerders, waardeur aan die gebruiker 'n aanduiding gegee word in welke linguistiese kontekste die indirek geadresseerde vertaalekwivalent nie behoort op te tree nie. Om die risiko van 'n te hoë graad van teksverdigting in die koteksafdeling te vermy, sal die onderskeid tussen hierdie tipes nie tipografies aangedui word nie, maar wel in terme van ordening: Kotekstuele spesifiseerders volg naamlik op kotekstuele illustrators in elke semantiese subkommentaar.

## Tipografiese struktuurmerkers

### Brontaalkoteksinskrywings

- romeins in die brontaalfonttipe

### Doeltaalkoteksinskrywings

- romeins in die doeltaalfonttipe

## Nie-tipografiese struktuurmerkers

- verdelingsmerker “||” tussen koteksinskrywingsgroepe
- verdelingsmerker “;” tussen meer as een sinonieme doeltaalkoteksinskrywing
- polisemie-aanduider “[|” tussen doeltaalinskrywings wat vir aparte semantiese lesings van ’n brontaalinskrywing aangebied word

### Voorbeeld (lemma los)

- Die tou is ~. The rope is loose. || Maak die tou ~ser. Loosen the rope; Slacken the rope.



### 5.3.2.2.8.2 Kollokasies

Die teksblok wat kollokasies bevat, word deur die nie-tipografiese struktuurmerker “[|” voorafgegaan. Die gebruik van hierdie struktuurmerker sal in die bespreking van die mikrostruktuurtypes geïllustreer word.

Brontaalkollokasies kan van een of meer van die volgende klasse vertaalekwivalente voorsien word:

(i) ’n doeltaalkollokasie wat in ’n een-tot-een verhouding ten opsigte van sy komponente tot die brontaalkollokasie staan; (ii) ’n doeltaalkollokasie wat nie in ’n een-tot-een verhouding ten opsigte van sy komponente tot die brontaalkollokasie staan nie; (iii) ’n vertaling wat in ’n een-tot-een verhouding ten opsigte van sy komponente tot die brontaalkollokasie staan, maar nie ’n doeltaalkollokasie verteenwoordig nie; (iv) ’n verklarende vertaling; (iv) ’n leksikale vertaalekwivalent. Ten einde die risiko van ’n te hoë graad van teksverdigting in die koteksafdeling te vermy, sal daar nie tipografies tussen die verskillende tipes vertaalekwivalente onderskei word nie.

## Tipografiese struktuurmerkers

### Brontaalkollokasies

- romeins in die brontaalfonttipe
- Die komponent in die brontaalfrase waarvolgens die kollokasie alfabeties ten opsigte van ander kollokasies in dieselfde teksblok georden word, word in vetgedrukte letters weergegee.

### Doeltaalkollokasies


- romeins in die doeltaalfonttipe

## Nie-tipografiese struktuurmerkers

- verdelingsmerker “||” tussen koteksinskrywingsgroepe
- verdelingsmerker “;” tussen meer as een sinonieme doeltaalkoteksinskrywing
- polisemie-aanduider “|” tussen doeltaalinskrywings wat vir aparte semantiese lesings van die brontaalinskrywing aangebied word

### Voorbeeld (artikel van die lemma **toeval**: klasse (i) en (iii))

- dis geen ~ dat ... nie it's no accident that ... || louter deur ~ by the merest chance



### **5.3.3 Kernkomponent: die effektiewe aanwending van mikrostruktuurtipes**

Hierdie kernkomponent behels die aanbod van die mikrostruktuurtipes wat as die bevorderlikste vir effektiewe konteksleiding en gebruikersvriendelikheid oor die algemeen beskou kan word. Die geselekteerde tipes word om die beurt aan die orde gestel en hulle toepassingskriteria gestel. Vir elke mikrostruktuurtipe word 'n voorbeeldartikel of -artikels binne die raamwerk van die model aangebied, dit wil sê 'n artikel waarin die pas voorgestelde struktuurmerkers optree. Hoewel die voorbeeldartikels op artikels uit die AEW gebaseer is, is hulle in sommige gevalle ter wille van illustrasiedoeleindes verkort of vereenvoudig.

#### 5.3.3.1 Die rudimentêre mikrostruktuur

Vergelyk die volgende artikel wat 'n rudimentêre mikrostruktuur vertoon, aangesien die bewerking van die lemma bloot uit 'n verwysing bestaan en daar nie sprake van 'n semantiese kommentaar is nie.



(300) **oplae** →OPLAAG.

### 5.3.3.2 Eenvoudige mikrostrukture

#### 5.3.3.2.1 Die geïntegreerde mikrostruktuur

'n Geïntegreerde mikrostruktuur is in terme van gebruikersvriendelikheid dié aangewese tipe eenvoudige mikrostruktuur. Vergelyk die volgende voorbeeldartikels:

- (301) a. **fluoried** =riede◀CHEM▶fluoride.  
b. **fisika** s.nw. physics ◇ ~ van die vaste toestand  
solid state physics.  
c. **glieps** *gllepse*◀INFML◀SKERTS = GLIPS.  
d. **epidoot**◀MIN, epidote◀MIN; pistacite◀MIN.

Die voorbeeldartikels in (301)a en b verteenwoordig die voorgestelde bewerking in die geval van 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie; die artikel in (301)c vertoon die voorgestelde bewerking in die geval van 'n gekontekstualiseerde lemma in 'n verwysartikel; die artikel in (301)d vertoon die voorgestelde bewerking in die geval van 'n ekwivalentverhouding van leksikale divergensie tussen die lemma en die vertaalekwivalentparadigma.

Uit die voorbeeldartikels in (301)a en d word dit duidelik dat 'n leksikografiese etiket in gevalle van 'n ekwivalentverhouding van monosemiese kongruensie (en polisemiese kongruensie in 'n semanties verdigte vertaalekwivalentparadigma) 'n dubbele adres kan hê. Aangesien die strewer moet wees na die aanbod van 'n ongemerkte sinoniem naas 'n gemerkte vertaalekwivalent wat semanties-pragmaties aan die lemmaties verteenwoordigde leksikale item ekwivalent is (vgl. 5.2.1), vereis die beginsel van leksikografiese konsekwenheid dat selfs indien dit nie moontlik is nie (wat veral in gevalle van tegniese gemerkte lemmata en hulle vertaalekwivalente geld), elke vertaalekwivalent steeds apart die adres van 'n leksikografiese etiket moet wees.

Die volgende voorbeeldartikel verteenwoordig die voorgestelde bewerking in die geval van 'n ekwivalentverhouding van polidivergensie tussen die lemma en die vertaalekwivalentparadigma:

- (302) **breedte** =tes **1**↔wydte breadth; width ◇ in die ~ *broadwise, widthwise, widthways* || Die kas is sestig sentimeter in die ~ The cupboard is sixty centimetres across/wide/in breadth || uiterste ~ *extreme beam [of a ship]* **2** deepness [*of a border, edge*] **3**◀GEO▶latitude ◇ Windhoek lê op die ~ 23 grade 15 minute suid Windhoek lies at a latitude of 23 degrees 15 minutes south.

Die eerste polisemiese waarde van die artikel in (302) se betekenis word deur 'n woordsinoniem weergegee; in die semantiese subkommentaar van die tweede polisemiese waarde word van 'n glos gebruik gemaak om die aangebode vertaalekwivalent te kontekstualiseer; in die semantiese subkommentaar van die derde polisemiese waarde word 'n leksikografiese etiket ter wille van konteksleiding aangewend. In die semantiese subkommentare van die eerste en derde polisemiese waardes word die vertaalekwivalentparadigma telkens deur 'n konteksafdeling wat vry konstruksies bevat (deur die nie-tipografiese struktuurmerker “◇” voorafgegaan), gevolg. Geen kollokasies figureer in die artikel nie. Hierteenoor word die volgende bewerking voorgestel indien kollokasies wel figureer:

- (303) **onskuldig** **1**nie skuldig nie innocent; not guilty; guiltless; blameless ◇ Hy het nie die moord gepleeg nie en is dus ~ He didn't commit the murder and is therefore innocent || Sy is nie verantwoordelik vir die ongeluk nie; sy is ~! She isn't responsible for the accident; she is guiltless/blameless! ¶ aan iets ~ wees be innocent of s.o. || iem. ~ bevind **find** s.o. not guilty || ~ pleit **plead** not guilty [*in court*] || volhou dat jy ~ is **protest** your innocence **2**sonder besef van goed en kwaad innocent ¶ so ~ soos 'n pasgebore babatjie/kind as innocent as a lamb/babe. **3**↔ongevaarlik harmless.

In die semantiese subkommentaar van die eerste polisemiese waarde in die artikel in (303) volg die soeksone vir kollokasies onmiddellik na die soeksone vir vry konstruksies. In die semantiese subkommentaar van die tweede polisemiese waarde word geen vry konstruksies aangebied nie; dus volg die soeksone vir kollokasies onmiddellik op die vertaalekwivalentparadigma, maar word steeds deur die toepaslike nie-tipografiese struktuurmerker “¶” voorafgegaan.

### 5.3.3.3 Uitgebreide mikrostrukture

#### 5.3.3.3.1 Die regs-uitgebreide mikrostruktuur

Daar is telkens in hoofstuk 3 en 4 gewys op die feit dat vaste uitdrukkings as multileksikale leksikale items geld en as sodanig as multileksikale lemmata opgeneem behoort te word. Afrikaanse (en baie internasionale) vertalende woordeboeke tref egter nie 'n onderskeid tussen vaste uitdrukkings en koteksinskrywings enersyds en vaste uitdrukkings en kollokasies andersyds nie. As 'n oplossing vir hierdie probleem doen Gouws (1996: 58) aan die hand dat multileksikale leksikale items as multileksikale sublemmata binne 'n nes van 'n verbandhoudende leksikale lemma geakkommodeer word. Indien die beginsel geld dat neste op grond van die morfosemantiese verhouding tussen die betrokke sublemmata en die basislemma gevorm word, is hierdie voorstel nie leksikografies aanvaarbaar nie, aangesien multileksikale leksikale items nóg morfologiese nóg semantiese verband met die leksikale teenhangers van enige van hulle samestellende komponente vertoon. Die leksikografies bevredigendste oplossing sou wees om vaste uitdrukkings binne regs-uitgebreide mikrostrukture in postkommentare op vaste uitdrukkings te akkommodeer. Dit volg dus dat dié tipe makrostruktuur die aangewese tipe is indien vaste uitdrukkings in die artikel van 'n bepaalde lemma geakkommodeer moet word omdat 'n kernkomponent daarvan identies is aan die lemmatis verteenwoordigde leksikale leksikale item.

Vergelyk in hierdie verband die volgende voorbeeldartikel:

- (304) **hond** *honde* **1** dog [*common pet*]; hound [*hunting*]  
◇ Bloed-e word vir jag geteel Bloodhounds are bred for hunting || H-e en katte is gewoonlik vyande Dogs and cats are usually enemies ¶ iem. soos 'n ~ behandel treat s.o. like a dog ◀INFML; treat s.o. very badly. **2**veragtelike persoon pig ◀DEROG; cur ◀INFML; scoundrel, miscreant **3**polisie(man) ◀MV OOK ◀NEERH, Babylon ◀SL ◀DEROG; the fuzz/law ◀SL; police(man).  
▷Idiome: baie -e is 'n haas se dood **getalle tel numbers count** ◇ twee -e veg oor 'n been, en die derde loop daarmee heen **twee partye/personne twis om iets en 'n derde trek die voordeel daaruit** two dogs fight for a bone and the third runs away/off with it ◇ bekend soos die bont ~ **alom berug known all over the place** ◇ dooie -e byt nie **dié wat dood is, is onskadelik** dead men tell no tales.

### 5.3.4 Leksikografiese verantwoording

Dit is van die uiterste belang dat die toepassing van 'n model soos hierdie een volledig in die metateks van die woordeboek aan die gebruiker verduidelik word. In die afwesigheid van hierdie kritiese komponent sal gebruikersvriendelikheid in woordeboeke én die gebruiker én die leksikograaf bly ontduik.

### 5.4 Perspektief

Om effektiewe konteksleiding in 'n gebruikersvriendelike vertalende woordeboek aan te bied, is nie 'n eenvoudige taak nie. Dit verg deeglike beplanning en navorsing ten opsigte van alle parameters wat binne die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke geld.

In hierdie hoofstuk is 'n model vir effektiewer konteksleiding in Afrikaanse vertalende woordeboeke aan die hand gedoen. Die optimale benutting van beskikbare mikrostruktuurtypes is voorgestel. Verder is 'n poging aangewend om die aanbod van die verskillende kontekstualiserende inskrywings so ver moontlik te sistematiseer deur die ontwikkeling van norme vir hulle aanwending.

Hoewel die model nie voorgee om die antwoord op alle probleme in Afrikaanse vertalende woordeboeke op te los nie, blyk dit uit die studie van die literatuur en van internasionale polifunksionele woordeboeke soos die CD en die OFD dat die Afrikaanse vertalende leksikografie tog in baie opsigte steeds ontoereikende leksikografiese praktyke beoefen. Die voorstelle in hierdie hoofstuk is na aanleiding van sodanige navorsing ontwikkel en die doel daarvan is om 'n prominenter plek aan konteksleiding in die woordeboekartikel en hopelik in die woordeboekkonseptualiseringsplan van toekomstige (uitgawes van) Afrikaanse vertalende woordeboeke te vestig.

Die voorgestelde model is nie empiries getoets om teikengebruikers se vatbaarheid daarvoor of vir komponente daarvan in die gebruikssituasie vas te stel of om die werklike effektiwiteit van die voorgestelde kontekstualiserende inskrywings in die gebruikssituasie te bepaal nie. As sodanig moet die model as 'n hipotese eerder as 'n getoetste en onmiddellik implementeerbare leksikografiese sjabloon beskou word.

## **HOOFSTUK 6**

### **SLOT**

#### **6.1 Inleiding**

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n breedvoerige samevatting te bied van die navorsing waarvan in die voorafgaande hoofstukke verslag gedoen is, om op die toepasbaarheid daarvan vir die teoretiese sowel as die praktiese leksikografie te wys en om moontlikhede vir voortgesette navorsing uit te lig.

#### **6.2 Samevatting en toepasbaarheid van die studie**

Die probleem wat tot die behoefte aan 'n metaleksikografiese ondersoek na konteksleiding in Afrikaanse vertalende woordeboeke aanleiding gee, word vanuit 'n praktiese oogpunt in hoofstuk 1 gedemonstreer. In hierdie hoofstuk word ook die teoretiese plasing van die ondersoek, die aard en omvang van die data wat betrek word en die toegepaste metodiek verduidelik.

Hoofstuk 2 het ten doel om die werklike doel van 'n vertalende woordeboek te bepaal. Uit die literatuur blyk dat die werklike doel van 'n woordeboek in terme van die tipologiese plasing en die teikengebruikersgroep van daardie woordeboek gedefinieer moet word. In die bespreking van die tipologiese plasing van die woordeboek word van die tipologie van Zgusta (1971), soos aangepas deur Gouws (1989), uitgegaan. Die daaropvolgende bespreking van die teikengebruikersgroep gaan oor in 'n in diepte beskouing van die gebruikersaspek. In die bespreking word insigte uit die kommunikasiewetenskap gebruik om 'n beter begrip van die term *gebruikersvriendelikheid* te bekom. Die toepassing van 'n kommunikasiemodel op leksikografiese tekste lei tot die ontwikkeling en aanbied van *die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke*. Die model stel elf parameters voor in terme waarvan die gebruikersvriendelikheid van 'n woordeboek effektief beskryf en ontleed kan word. Ook in die beplanning van 'n nuwe woordeboek kan die model met vrug aangewend word deurdat die leksikograaf in staat gestel word om gebruikersvriendelikheid in sy/haar woordeboek sistematies te definieer en te ontwikkel. Die voorgestelde parameters is nie uitputtend bespreek nie, wat inhou dat hulle nog beskryf kan en behoort te word vir ander leksikografiese doeleindes (d.i. buiten konteksleiding). Na aanleiding van bestaande voorgestelde definisies van die werklike doel van 'n woordeboek en met die voordeel wat die insigte wat die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke bied, word 'n nuwe definisie vir die werklike doel van 'n vertalende woordeboek voorgestel. Die

hoofstuk word afgesluit met die definiëring van 'n polifunksionele standaard vertalende woordeboek vir Suider-Afrika in terme van sy wesenlike elemente.

In hoofstuk 3 word aandag geskenk aan makrostrukturele kwessies betreffende standaard vertalende woordeboeke. Die ontwikkeling van die leksikografie as dissipline in eie reg word onderstreep deur daarop te wys dat die denotasie van die term *leksikale item* vir leksikografiese doeleindes beduidend verskil van die denotasie wat in die taalwetenskap daaraan geheg word. Die term *lemma* word oorsigtelik beskou, waarna aandag aan die makrostrukturele ordening van lemmata in woordeboeke gegee word. Die bespreking raak vertikale en horisontale alfabetiese makrostrukture aan en fokus ook kortliks op nis- en neslemmatisering as manifestasies van horisontale makrostrukture. Met betrekking tot neslemmatisering word na aanleiding van *eerstevlak-* en *tweedevlaknesting* twee verdere vlakke van nesting beskryf: *derdevlak-* en *vierdevlaknesting*. Die invloed van die organisasieplan en die woordeboekkonseptualiseringsplan op die seleksie van leksikale items vir die makrostruktuur van 'n woordeboek word aangeraak. Ten opsigte van die woordeboekkonseptualiseringsplan word op bepaalde parameters gefokus wat die lemmatiseringsbeleid van 'n standaard vertalende woordeboek bepaal. Aandag word ook aan die leksikale status van leksikale items wat as lemmata kwalifiseer, geskenk.

Hoofstuk 4 vorm die kern van die studie. In hierdie analitiese hoofstuk word 'n evaluering van konteksleiding in Afrikaanse standaard vertalende woordeboeke gebied nadat die rasionaal daarvoor en die denotasies van die terme *konteks*, *kontekstualisering* en *konteksleiding* uiteengesit is. Enkele internasionale standaard vertalende woordeboeke word vergelykenderwys by die bespreking betrek. Die analise loop uit op die identifisering van die tipes kontekstualiserende inskrywings wat onderskei kan word, waaronder *betekenisverklarings*, *leksikografiese etikette* en *glosse* wat onder die hoofklas *diskriminators* ressorteer en wat saam met die hoofklasse *koteksinskrywings* en *ingevoegde tekste* figureer. Elke tipe en sub tipe word in diepte bestudeer en verspreidingsstrukture word aan die hand van woordeboekdata vasgestel en geëvalueer. In die bespreking van betekenisverklarings val die klem op die bepalende rol wat ekwivalentverhoudinge in die aanwending daarvan blyk te speel, hoewel ook ander bepalende faktore geïdentifiseer word. Onder meer word 'n verfyning in die klassifikasie van ekwivalentverhoudinge op 'n bepaalde vlak voorgestel en die leksikografiese implikasies daarvan word uitgespel. Die bestudering van die data lei ook tot die identifisering van verskillende vlakke van kontekstualisering sowel as die onderskeiding van bepaalde tipes ekwivalentparadigmas in terme van die prosedure en mate van kontekstualisering wat geld. Die bespreking van etikette neem die vorm van 'n kritiese oorsig van die bestaande literatuur oor etikettering aan, en loop uit op die voorstel van 'n nuwe en

wetenskaplik meer verantwoordbare model vir die beskrywing van etikettering in woordeboeke oor die algemeen. Hierdie model word na aanleiding van Gouws (1988) se bespreking van *leksikografiese deiksis* ontwikkel en heet die *deiksismodel*. Die deiksismodel het sowel teoretiese as praktiese toepassingswaarde, soos wat aangetoon word. 'n Onmiddellike teoretiese toepassing daarvan resulteer in die aanbod van 'n nuwe tipologie van leksikografiese etikette wat universeel en wetenskaplik verdedigbaar is. Die voorstel van dié nuwe tipologie word gevolg deur 'n kritiese beskouing van etiketgebruik in Afrikaanse vertalende woordeboeke. Die bespreking van leksikografiese etikette word afgesluit deur 'n oorsig van navorsing oor die effektiwiteit van etikette in woordeboeke. Uit die bespreking van glosse as kontekstualiserende inskrywings in vertalende woordeboeke blyk dit dat dié inskrywingstipe veral in Afrikaanse vertalende woordeboeke onsistematies en ongesistematiseer aangebied word, soos wat duidelik word wanneer internasionale woordeboeke vergelykenderwys betrek word. Die behoefte aan verdere navorsing oor die effektiewe aanwending van hierdie tipe kontekstualiserende inskrywing kan as akueel beskou word. In die bespreking van kontekstinskrywings word die onderskeid tussen vry konstruksies en kollokasies gehandhaaf. In eersgenoemde tipe se geval word die onderskeid tussen sitate en poëme erken en hulle toepassing in diens van kontekstualisering bespreek. Die belangrike element van adresseringsekwivalensie kom aan bod, en na aanleiding van die toepassing van hierdie verskynsel en as direkte gevolg van die anamorfisme wat tussen tale heers, word onder meer twee hooftypes doeltaalkontekstinskrywings voorgestel, naamlik *kotekstuele illustrators* en *kotekstuele spesifiseerders*. Slegs eersgenoemde word as kontekstualiserende inskrywing beskou. Die belangrikheid van die aanbod van kollokasies in die vertalende woordeboek word onderstreep. Naas die bestaande klasse, naamlik *leksikale kollokasies* en *grammatiese kollokasies*, word die skep van 'n derde klas, naamlik *leksikaal-grammatiese kollokasies* gemotiveer, waarna die funksies en mikrostrukturele optrede van kollokasies bespreek word. Die bespreking van kontekstinskrywings word afgesluit deur 'n oorsig van navorsing oor die effektiwiteit van kontekstinskrywings. Die bespreking van ingevoegde tekste fokus primêr op ingevoegde binnetekste as tekste wat artikelintern kan optree en dus aan elemente van woordeboekartikels geadresseer is. Daar word tussen twee hooftypes ingevoegde binnetekste onderskei, naamlik ingevoegde binnetekste met 'n verbale inhoud (waaronder sogenaamde “teksbokse”) en ingevoegde tekste met 'n grafiese inhoud (ostensiewe adressering). Die voorkoms en funksies van ingevoegde binnetekste in die een Afrikaanse standaard vertalende woordeboek wat sodanige tekste bevat, naamlik GW, word ondersoek en geëvalueer in vergelyking met twee internasionale standaard vertalende woordeboeke. Die gevolgtrekking is dat ingevoegde binnetekste in die Afrikaanse vertalende leksikografie onderbenut word, en dat daar groot potensiaal vir effektiewe konteksleiding en verhoogde gebruikersvriendelikheid in die aanwending van dié tipe inskrywing lê. Die studie van

kontekstualiserende inskrywings word gevolg deur 'n bespreking van elemente van die samestelling van woordeboekartikels wat suksesvolle konteksleiding kan ondersteun. Die twee elemente waarop gefokus word, is mikrostruktuurtypes en die snel interne toegangstruktuur. Die tipes mikrostrukture wat aan bod kom, is eenvoudige en uitgebreide mikrostrukture. Die tipes eenvoudige mikrostrukture wat aangeraak word, is die rudimentêre mikrostruktuur, die geïntegreerde mikrostruktuur, die primitiewe mikrostruktuur en die nie-geïntegreerde mikrostruktuur. Die in diepte studie van konteksleiding in hoofstuk 4 bemiddel die aanbod van 'n hersiene definisie van die term *kontekstualiserende inskrywing* aan die einde van die hoofstuk.

Hoofstuk 5 verteenwoordig 'n sintese van die analise wat in hoofstuk 4 aangebied word. Die belangrikste elemente wat in hoofstuk 4 bespreek is, word byeengebring om 'n praktiese implementeerbare model vir effektiewer konteksleiding in polifunksionele Afrikaanse vertalende woordeboeke daar te stel. Die praktiese implementeerbaarheid van die model lê daarin dat nie alle elemente wat in die teoretiese analise in hoofstuk 4 geïdentifiseer is as elemente wat tot konteksleiding bydra, daarin opgeneem is nie; daar is gefokus op daardie elemente wat ingesluit kan word sonder om 'n te hoë mate van teksverdigtig in woordeboekartikels teweeg te bring en die gebruikersvriendelikheid daarvan te kompromitteer. Die model word in terme van drie kernkomponente aangebied, naamlik (i) norme vir die toepassing van kontekstualiserende inskrywings per inskrywingstipe, (ii) die voorstel van 'n aangepaste snel interne toegangstruktuur (d.w.s. die effektiewer aanwending van nie-tipografiese struktuurmerkers) en (iii) die effektiewe aanwending van funksionele mikrostruktuurtypes. Die aanbod van die model, wat deur voorbeeldartikels toegelig word, word voorafgegaan deur die uitklaring van twee bepalende aspekte, naamlik die samestelling van die doeltaalsinoniemparadigma en die herformulering van die omkeerbaarheidsbeginsel. Die studie word afgesluit deur te wys op die belangrikheid van leksikografiese verantwoording deur die verklaring van die woordeboekstelsel in die metateks van daardie woordeboek.

### **6.3 Moontlikhede vir verdere navorsing**

Die navorsing waarvan in hierdie studie verslag gedoen word, bied 'n aantal moontlikhede vir voortgesette navorsing.

Die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke wat in hoofstuk 2 aangebied word, verteenwoordig 'n voorstel om die verskynsel van gebruikersvriendelikheid te definieer en te beskryf. Die voorgestelde parameters is nie uitputtend bespreek nie, en die model




self word nie as volledig ontwikkel voorgelou nie, aangesien die studie slegs op konteksleiding in vertalende woordeboeke fokus. Elkeen van die voorgestelde parameters behoort deur voortgesette navorsing volledig beskryf te word sodat dit uiteindelik moontlik kan wees om 'n raamwerk of selfs 'n matriks te ontwikkel waarvolgens optimum gebruikersvriendelikheid vir enige woordeboek in die beplanningsfase verseker kan word en waarvolgens gebruikersvriendelikheid in bestaande woordeboeke sistematies en objektief (d.w.s. wetenskaplik) geëvalueer kan word. Die identifisering en toevoeging van verdere funksionele parameters is nie uitgesluit nie.

Uit die bespreking in hoofstuk 4 word dit duidelik dat dringende navorsing oor die aard en aanwending van glosse as kontekstualiserende inskrywings vir die Afrikaanse leksikografie nodig is.

Die model vir effektiewer konteksleiding in vertalende woordeboeke wat in hoofstuk 5 aangebied word, verteenwoordig in die lig van die bespreking in hoofstuk 4 bloot 'n hipotese; derhalwe behoort die effektiwiteit daarvan of van variante daarvan (in hulle onderskeie komponente) empiries getoets te word.

Vir die Afrikaanse vertalende leksikografie is dit ook nodig dat indringende navorsing oor effektiewe dataverspreidingsstrukture in woordeboeke gedoen word om die praktiese leksikografie in staat te stel om met innoverende oplossings vir probleme wat gebruikersvriendelikheid in woordeboeke kortwiek, vorendag te kom.



#### **6.4 Perspektief**


Geen enkele woordeboek kan alles vir almal wees nie (Prinsloo & Gouws 2000: 140). Die leksikograaf kan nie al die soekvrae wat 'n woordeboekgebruiker kan stel, voorspel nie. Hy/sy kan slegs aan die hand van die elemente van die model van leksikografiese parameters vir gebruikersvriendelike woordeboeke, die werklike doel en funksies van die woordeboek en uitgebreide korpusstudie sodanige soekvrae formuleer wat funksioneel en effektief in die woordeboek beantwoord kan word. Dit vra om voortgesette navorsing.

## **BIBLIOGRAFIE**

### **A. Woordeboeke**

- Bosman, D.B., I.W. van der Merwe & L.W. Hiemstra. 1984<sup>8</sup>. *Tweetalige Woordeboek. Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Villiers, M., J. Smuts, L.C. Eksteen & R.H. Gouws. 1987<sup>7</sup>. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.
- Du Plessis, M. 1993. *Tweetalige aanleerderswoordeboek. Bilingual Learner's Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.
- Du Plessis, M. 1999. *Nuwe woorde, en oues wat in die slag gebly het. New Words, and previously overlooked ones*. Kaapstad: Pharos.
- Du Plessis, M. (Red.) 2005. *Pharos Afrikaans-Engels Engels-Afrikaans Woordeboek*. Kaapstad: Pharos.
- Eksteen, L.C. (Red.) 1986<sup>13</sup>. *Groot Woordeboek. Major Dictionary*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Eksteen, L.C. 1997<sup>14</sup>. *Groot Woordeboek. Major Dictionary*. Kaapstad: Pharos
- Elektroniese Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal 2.00*. 2000. Midrand: Perskor.
- Gouws, R, I. Feinauer & F. Ponelis. 1994. *Basiswoordeboek van Afrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Grobbelaar, P. (Red.) 1987. *Reader's Digest Afrikaans-Engelse Woordeboek. English-Afrikaans Dictionary*. Kaapstad: The Reader's Digest Association of South Africa.
- Hiemstra, V.G. & H.L. Gonin. 1986. *Drietalige Regswoordeboek / Trilingual Legal Dictionary*. Kaapstad en Johannesburg: Juta & Kie.
- Kromhout, J., et al. 1995<sup>32</sup>. *Skoolwoordeboek. School Dictionary*. Pretoria: J.L. van Schaik.

- Labuschagne, F.J. & L.C. Eksteen. 1993<sup>8</sup>. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Makins, M. (Hoofred.) 1992<sup>3</sup>. *Collins Concise English Dictionary*. Glasgow: HarperCollins.
- Martin, W. (Hoofred.) 1999<sup>3</sup>. *Van Dale Groot Woordenboek Nederlands – Engels*. Utrecht en Antwerpen: Van Dale.
- Odendal, F.F. 2000. *Kernwoordeboek*. Midrand: Perskor.
- Odendal, F.F. & R.H. Gouws. 2000<sup>4</sup>. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
- Ormal-Grenon, J. & N. Pomier. 2001<sup>3</sup>. *The Oxford-Hachette French Dictionary: French-English / English-French*. Oxford: Oxford University Press.
- Pansegrouw, L.L. 1995. *Superblokraaiselwoordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Pearsall, J. (Red.) 2001<sup>10</sup>. *The Concise Oxford English Dictionary*. Oxford: Oxford University Press.
- Pharos & Logos Information Systems. 2000. *Pharos Woordeboeke / Dictionaries: 5 in 1*. CD-ROM-uitgawe.
- Rooney, K. (Red.) 1999. *Encarta World English Dictionary*. Londen: Bloomsbury.
- Schoonees, P.C. (Hoofred.) 1950. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel I*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2002<sup>9</sup>. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- Terrell, P., V. Schnorr, W.V.A. Morris, R. Breitsprecher (Reds.) 1999<sup>4</sup>. *Collins German-English / English-German Dictionary*. Glasgow: HarperCollins.



Webster, N. 1828. *An American Dictionary of the English Language*. New York: S. Converse.

## **B. Vakliteratuur**

Alberts, M. 1992. Behoeftebepaling in die leksikografie. *Lexikos* 2: 1-27.

Algeo, J. 1994. Problems in New-Word Lexicography. *Dictionaries* 15: 39-46.

Al-Kasimi, A.M. 1977. *Linguistics and Bilingual Dictionaries*. Leiden: E.J. Brill.

Al-Kasimi, A.M. 1983. The interlingual/translation dictionary. Hartmann, R.R.K. (Red.) 1983: 153-162.

Atkins, B.T.S. & Beth Levin. 1995. Building on a corpus: A linguistic and lexicographical look at some near-synonyms. *International Journal of Lexicography* 8(2): 85-114.

Ayto, J.R. 1983. On Specifying Meaning. Hartmann, R.R.K. (Red.) 1983: 89-98.

Bassnett, S. 1991<sup>2</sup>. *Translation Studies*. Londen en New York: Routledge.

Becher, G. 1995. Culture and Institutions in Translator Training. Teaching Culture-specific Concepts to Prospective Translators – A Case Study. Thelen & Lewandowska-Tomaszczyk (Reds.) 1995: 293-304.

Benson, M. 1985. Collocations and Idioms. Ilson, R. (Red.) 1985: 61-68.

Benson, M. 1990. Culture-Specific Items in Bilingual Dictionaries of English. *Dictionaries* 12: 43-54.

Benson, M. 1990a. Collocations and General-purpose Dictionaries. *International Journal for Lexicography* 3(1): 23-34.

Bergenholtz, H. 1989. Probleme der Selektion im allgemeinen einsprachige Wörterbuch. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 772-779.

- Bergenholtz, H. & J. Mugdan (Reds.) 1985. *Lexikographie und Grammatik*. Akten des Essener Kolloquiums zur Grammatik im Wörterbuch, 28-30.6.1984.
- Bergenholtz, H. & S. Tarp. 1995. *Manual of Specialised Lexicography. The Preparation of Specialised Dictionaries*. Amsterdam: John Benjamins.
- Beuke, C.M. 1995. Aspekte van die leksikografiese hantering van variante met spesifieke verwysing na Namibiese Afrikaans. Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Beuke-Muir, C. 1999. *Afrikaanse Spreekwoorde en Uitdrukkings*: 'n makrostrukturele beskouing. *Lexikos* 9: 258-268.
- Beyer, H.L. 1997. Aard en leksikografiese hantering van sogenaamde geslagtelik neutrale lede van Afrikaanse geslagsopposisiepare. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 15(4): 107-115.
- Beyer, H.L. 1998. Die teenstellingsdefinisie in Afrikaanse verklarende woordeboeke. *Lexikos* 8: 1-16.
- Beyleveld, A.A. & G.J. van Jaarsveld. 1991. Taalseksisme as 'n vorm van eensydige leksikografie. *Lexikos* 1: 1-19.
- Beylerveld, A. & G. van Jaarsveld. 1994. Is die wêreld manlik, tensy anders vermeld? *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 12(2): 43-49.
- Biber, D., S. Conrad & R. Reppen. 1998. *Corpus Linguistics. Investigating Language Structure and Use*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Botha, T.J.R. (Red.) 1989. *Leksikografie en leksikologie*. Menlopark: Serva.
- Botha, T.J.R. (Hoofred.) 1989<sup>2</sup>a. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Botha, W.F. 1992. Los of vas geskryf: die leksikograaf, die spelreëls en die taalwerklikheid. *Lexikos* 2: 28-38.

- Botha, W.F. 1995. *Ek meneer en jy meneer: Hoe word master dan gesmeer?* *Lexikos* 5B: 97-104.
- Botha, W.F. & E. Botha. 1998. Lexicographic Training at the Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal. *Lexikos* 8: 276-281.
- Brand, J.E. 2000. Lexicographic Inconsistency in the Central List of *Major Dictionary / Groot Woordeboek*. Ongepubliseerde M.Phil.-tesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Burkhanov, I. 2003. Pragmatic specifications: Usage indications, labels, examples; dictionaries of style, dictionaries of collocations. Van Sterkenburg, P. (Red.) 2003: 102-113.
- Cann, R. 1993. *Formal Semantics. An Introduction*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Carstens, A. 1995. Language Teaching and Dictionary Use: An Overview. *Lexikos* 5B: 105-116.
- Carstens, W.A.M. 2003<sup>4</sup>. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Cassidy, F.G. 2003. The Rise and Development of Modern Labels in English Dictionaries. Hartmann, R.R.K. (Red.) 2003: 255-269.
- Combrink, J. 1989. Wesenlike elemente, ekstras en vulsels in die aangawe van idioome in tweetalige woordeboeke. Botha, T.J.R. (Red.) 1989: 55-77.
- Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse Morfologie: Capita Exemplaria*. Pretoria: Academica.
- Cop, M. 1990. The Function of Collocations in Dictionaries. Magay, T. & J. Zigány (Reds.) 1990: 35-46.
- Cop, M. 1991. Collocations in the Bilingual Dictionary. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 2775-2778.
- Creamer, T.B.I. 1995. Principles of Selection of Neologisms for a Bilingual Dictionary (English-Chinese). *Dictionaries* 16: 102-108.



- Cr. Farina, D.M.T. 1995. L.V. Shcherba: Towards a General Theory of Lexicography. *International Journal of Lexicography* 8(4): 314-350.
- Cruse, D.A. 1986. *Lexical Semantics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Crystal, D. 1991<sup>3</sup>. *A Dictionary of Linguistics and Phonetics*. Oxford: Blackwell.
- De Caluwe, J. & A. van Santen. 2003. Phonological, Morphological and Syntactic Specifications in Monolingual Dictionaries. Van Sterkenburg, P. (Red.) 2003: 71-82.
- Dekker, L. 1991. Vloek, skel en vulgariteit: Hantering van sosiolinguisties aanstootlike leksikale items. *Lexikos* 1: 52-60.
- De Schrijver, G. & D.J. Prinsloo. 2000. The Concept of “Simultaneous Feedback”: Towards a New Methodology for Compiling Dictionaries. *Lexikos* 10: 1-31.
- De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse Semantiek*. Johannesburg: Southern.
- De Wet, G. 1998. Die makrostrukturele vergestaltung van affikse en tegnostamme in Afrikaanse vertalende woordeboeke. *Lexikos* 8: 154-172.
- Dolezal, F.F.M., A. Rey, T. Roelcke, H.E. Wiegand, W. Wolski & L. Zgusta (Reds.) 1999. *Lexicographica. International Annual for Lexicography* 15. Tübingen: Max Niemeyer.
- Emejulu, J.D. (Red.) 2001. *Elements de Lexicographie Gabonaise. Tome I*. New York: Jimacs-Hillman.
- Ewert, D.H. 1996. Sintagmatiese leksikale betrekkinge in Afrikaans. Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Fillmore, C.J. 1997. *Lectures on Deixis*. Stanford: CSLI Publications.
- Fouché-Van der Merwe, M. 1999. Gebruikersperspektief in die Afrikaanse leksikografie. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

- Frost, R., H. Vos & M. Dreyer. 1993. *Kommunikasie Dinamiek*. Johannesburg: Lexicon.
- Gottlieb, H. 1994. Idioms in Corpora: Types, Tokens, Frequencies, and Lexicographical Implications. Hyldgaard-Jensen, K. & V.H. Pedersen (Reds.) 1994: 85-102.
- Gouws, R.H. 1988. Die gebruik van etikette as leksikografiese hulpmiddel. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde Geleentheidsuitgawe nr. 6*.
- Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Gouws, R.H. 1989a. Leksikale semantiek. Botha, T.J.R. (Hoofred.) 1989a: 382-411.
- Gouws, R.H. 1990. Information Categories in Dictionaries, with Special Reference to Southern Africa. Hartmann, R.R.K. (Red.) 1990: 52-65.
- Gouws, R.H. 1991. Die leksikografiese hantering van woordgroepstamme. *Lexikos* 1: 113-127.
- Gouws, R.H. 1994. Ostensiewe adressering in vertalende woordeboeke. *Lexikos* 4: 61-85.
- Gouws, R.H. 1996. Bilingual Dictionaries and Communicative Equivalence for a Multilingual Society. *Lexikos* 6: 14-31.
- Gouws, R.H. 1996a. Leksikografiese behoeftevervulling. *Lexikos* 6: 171-183.
- Gouws, R.H. 1996b. Idioms and Collocations in Bilingual Dictionaries and Their Afrikaans Translation Equivalents. *Lexicographica* 12: 54-88.
- Gouws, R.H. 1999. *Die maatskaplike gerigtheid van die metaleksikografie in 'n meertalige samelewing*. Intreerede, Universiteit van Stellenbosch.
- Gouws, R.H. 2000. Doeltaalgerigtheid teenoor lemmagerigtheid in vertalende woordeboeke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 40(1): 39-47.
- Gouws, R.H. 2001. Lexicographic Training: Approaches and Topics. Emejulu, J.D. (Red.) 2001: 58-94.



Gouws, R.H. 2002. Niching as Marcostructural Procedure. *Lexikos* 12: 133-158.

Gouws, R.H. 2003. Aspekte van mikrostrukturele verskeidenheid en inkonsekwentheid in woordeboeke. *Lexikos* 13: 92-110.

Gouws, R.H. 2004. Outer Texts in Bilingual Dictionaries. *Lexikos* 14: 1-23.

Gouws, R.H. (om te verskyn) The selection, presentation and treatment of cultural phrases in a multicultural dictionary.

Gouws, R.H. & D.J. Prinsloo. 2005. *Principles and Practice of South African Lexicography*. Stellenbosch: Sun E-Media.

Gouws, R.H., D.J. Prinsloo & Gilles-Maurice de Schryver. 2004. Friends will be Friends – True or False. Lexicographic Approaches to the Treatment of False Friends. Williams, G. et al. (Reds.) 2004. *Proceedings of the Eleventh EURALEX International Congress*. Lorient: Université de Bretagne-Sud. 797-806.

Gouws, R.H. & Mariza Steyn. (om te verskyn) Integrated Outer Texts: A Transtextual Approach to Lexicographic Functions.



Guffey, M.E. 2001. *Essentials of Business Communication*. Cincinnati: South-Western College Publishing.

Haas, M.R. 1967. What Belongs in the Bilingual Dictionary? Householder, F.W. & S. Saporta (Reds.) 1967: 45-50.

Hancher, M. 1988. Bagpipe and Distaff: Interpreting Dictionary Illustrations. *Dictionaries* 10: 93-109.

Harrell, R.S. 1967. Some Notes on Bilingual Lexicography. Householder, F.W. & S. Saporta (Reds.) 1967: 51-61.


- Harteveld, P. & A.E. van Niekerk. 1995. Beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe leksikale items in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Lexikos* 5B: 232-248.
- Hartmann, R.R.K. (Red.) 1983. *Lexicography: Principles and Practice*. Londen, ens.: Academic Press.
- Hartmann, R.R.K. 1983a. On Specifying Context: How to Label Contexts and Varieties of Usage. Hartmann, R.R.K. (Red.) 1983: 109-119.
- Hartmann, R.R.K. (Red.) 1984. *LEXeter '83 Proceedings. Papers from the International Conference on Lexicography in Exeter, 9–12 September 1983*. Tübingen: Max Niemeyer.
- Hartmann, R.R.K. 1989. Sociology of the Dictionary User: Hypotheses and Empirical Studies. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 102-111.
- Hartmann, R.R.K. (Red.) 1990. *Lexicography in Africa. Progress Reports from the Dictionary Research Centre Workshop at Exeter, 24–25 March 1989*. Exeter: University of Exeter Press.
- Hartmann, R.R.K. (Red.) 2003. *Lexicography. Critical Concepts*. Londen en New York: Routledge.
- Hatim, B. & I. Mason. 1990. *Discourse and the Translator*. Londen en New York: Longman.
- Hauptfleisch, D.C. 1993. Racist Language in Society and in Dictionaries: A Pragmatic Perspective. *Lexikos* 3: 83-139.
- Hausmann, F.J. 1977. *Einführung in die Benutzung der neufranzösischen Wörterbücher*. Tübingen: Max Niemeyer.
- Hausmann, F.J. 1988. Grundprobleme des zweisprachigen Wörterbuchs. Hyldgaard-Jensen, K. & A. Zettersten (Reds.) 1988: 137-154.
- Hausmann, F.J. 1989. Die Markierung im allgemeinen einsprachigen Wörterbuch. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 649-657.
- Hausmann, F.J. 1989a. Dictionary Criminality. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 97-101.

- Hausmann, F.J. 1991. Die Paradigmatik im zweisprachigen Wörterbuch. Hausmann, F.J. et al. (Eds.) 1989-1991: 2794-2796.
- Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand & L. Zgusta. (Eds.) 1989-1991. *Wörterbücher. Dictionaries. Dictionnaires. Ein Internationales Handbuch zur Lexikographie. An International Encyclopedia of Lexicography. Encyclopédie internationale de lexicographie.* Berlin and New York: Walter de Gruyter.
- Hausmann, F.J. & R.O. Werner. 1991. Spezifische Bauteile und Strukturen zweisprachiger Wörterbücher: eine Übersicht. Hausmann, F.J. et al. (Eds.) 1989-1991: 2729-2769.
- Householder, F.W. & S. Saporta (Eds.) 1967. *Problems in Lexicography.* The Hague: Mouton.
- Hupka, W. 2003. How Pictorial Illustrations Interact with Verbal Information in the Dictionary Entry: A Case Study. Hartmann, R.R.K. (Ed.) 2003: 363-390.
- Hurtado, C.J. 1994. The Integration of Pragmatic Information in Lexical Entries: A Programmatic Proposal. Hyldgaard-Jensen, K. & V.H. Pedersen (Eds.) 1994: 21-35.
- Hyldgaard-Jensen, K. & A. Zettersten (Eds.) 1988. *Symposium on Lexicography III. Proceedings of the Third International Symposium on Lexicography, May 14 – 16, 1986, at the University of Copenhagen.* Tübingen: Max Niemeyer.
- Hyldgaard-Jensen, K. & A. Zettersten (Eds.) 1992. *Symposium on Lexicography V. Proceedings of the Fifth International Symposium on Lexicography, May 3 – 5, 1990, at the University of Copenhagen.* Tübingen: Max Niemeyer.
- Hyldgaard-Jensen, K. & V.H. Pedersen (Eds.) 1994. *Symposium on Lexicography VI. Proceedings of the Sixth International Symposium on Lexicography, May 7 – 9, 1992, at the University of Copenhagen.* Tübingen: Max Niemeyer.
- Iannucci, J.E. 1967. Meaning Discrimination in Bilingual Dictionaries. Householder, F.W. & S. Saporta (Eds.) 1967: 201-216.

- Iannucci, J.E. 1985. Sense Discriminations and Translation Complements in Bilingual Dictionaries. *Dictionaries* 7: 57-65.
- Ilson, R. (Red.) 1985. *Dictionaries, Lexicography and Language Learning*. Oxford, ens.: Pergamon.
- Jackson, H. 1988. *Words and Their Meaning*. Londen en New York: Longman.
- Jacobsen, J.R., J. Manley & V.H. Pedersen. 1991. Examples in the Bilingual Dictionary. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 2782-2789.
- Janssen, D. (Red.) 1996<sup>3</sup>. *Zakelijke communicatie 1*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Jarošová, A. 2000. Problems of Semantic Subdivisions in Bilingual Dictionary Entries. *International Journal of Lexicography* 13(1): 11-28.
- Kavanagh, K. 2000. Words in a Cultural Context. *Lexikos* 10: 99-118.
- Kharma, N.N. 1984. Contextualization and the Bilingual Learner's Dictionary. Hartmann, R.R.K. (Red.) 1984: 199-206.
- Kirkpatrick, B. 1989. User's Guides in Dictionaries. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 754-761.
- Kromann, H., T. Riiber & P. Rosbach. 1984. 'Active' and 'Passive' Bilingual Dictionaries: The Scerba Concept Reconsidered. Hartmann, R.R.K. (Red.) 1984: 207-215.
- Kromann, H., T. Riiber & P. Rosbach. 1991. Principles of Bilingual Lexicography. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 2711-2728.
- Kromann, H., T. Riiber & P. Rosbach. 1991a. Grammatical Constructions in the Bilingual Dictionary. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 2770-2775.
- Kusmaul, P. 1995. *Training the Translator*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.

- Landau, S.I. 2001<sup>2</sup>. *Dictionaries. The Art and Craft of Lexicography*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Levinson, S.C. 1983. *Pragmatics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lombard, F.J. 1992. Voorbeeldmateriaal in woordeboeke. *Lexikos* 2: 148-164.
- Lombard, F.J. 1993. Etikette in sinchronies verklarende woordeboeke. *Lexikos* 3: 140-151.
- Lombard, F.J. 1994. Lexicographer, Linguist and Dictionary User: An Uneasy Triangle? *Lexikos* 4: 204-214.
- Louw, J.P. 1991. Semantiese norme in die leksikografie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 9(4): 115-118.
- Louw, P.A. 1997. Kriteria vir 'n standaard vertalende woordeboek. Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Louw, P.A. 1999. Access Structures in a Standard Translation Dictionary. *Lexikos* 9: 108-118.
- Louw, P. 2000. An Integrated Semasiological and Onomasiological Presentation of Semantic Information in General Monolingual Dictionaries as Proposed in H.E. Wiegand's *Semantics and Lexicography*. *Lexikos* 10: 119-137.
- Louw, P. 2000a. Guide Structures in CD-ROM Dictionaries, with Specific Reference to the EWED and the ELHAT. *Lexikos* 10: 291-305.
- Louw, P. 2001. Resensie van *Pharos Woordeboeke / Dictionaries 5 in 1: 5 ten volle geïntegreerde woordeboeke / Fully Integrated Dictionaries* op CD-ROM. *Lexikos* 11: 324-327.
- Louw, P.A. & R.H. Gouws. 1996. Lemmatiese en nielemmatiese adressering in Afrikaanse vertalende woordeboeke. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 14(3): 92-100.
- Lyons, J. 1977. *Semantics*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Magay, T. & J. Zigány (Eds.) 1990. *BudaLEX '88 Proceedings. Papers from the 3rd International EURALEX Congress, Budapest, 4 – 9 September 1988*. Budapest: Akadémiai.
- Malkiel, Y. 1980. The Lexicographer as a Mediator Between Linguistics and Society. Zgusta, L. (Ed.) 1980: 43-58.
- Mallo, A.M. 1996. Die hantering van leksikale gapings in Afrikaanse vertalende woordeboeke. Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Manley, J., J. Jacobsen & V.H. Pedersen. 1988. Telling Lies Efficiently: Terminology and the Microstructure in the Bilingual Dictionary. Hyldgaard-Jensen, K. & A. Zettersten (Eds.) 1988: 281-302.
- Martin, W. 1994. Lexicologie als universitaire vakopleiding. *Lexikos* 4: 215-229.
- Mikkelsen, H.K. 1992. What did Scerba Actually Mean by “Active” and “Passive” Dictionaries? Hyldgaard-Jensen, K. & A. Zettersten (Eds.) 1992: 25-40.
- Mugdan, J. 1992. On the Typology of Bilingual Dictionaries. Hyldgaard-Jensen, K. & A. Zettersten (Eds.) 1992: 17-24.
- Mugglestone, L. 2000. Labels Revisited: Objectivity and the *OED*. *Dictionaries* 21: 22-36.
- Murphy, M.L. 1991. Defining Racial Labels: Problems and Promise in American Dictionaries. *Dictionaries* 13: 43-64.
- Murphy, M.L. 1997. Afrikaans, American and British Models for South African English Lexicography: Racial Label Usage. *Lexikos* 7: 153-164.
- Murphy, M.L. 1998. Defining People: Race and Ethnicity in South African English Dictionaries. *International Journal of Lexicography* 11(1): 1-33.
- Nesi, H. 1996. The Role of Illustrative Examples in Productive Dictionary Use. *Dictionaries* 17: 198-206.



- Norri, J. 1996. Regional Labels in Some British and American Dictionaries. *International Journal of Lexicography* 9(1): 1-29.
- Norri, J. 2000. Labelling of Derogatory Words in Some British and American Dictionaries. *International Journal of Lexicography* 13(2): 71-106.
- Odendal, F.F., D.C. Hauptfleisch & J.E. Loubser (Reds.) 1974. *Taalkunde – 'n lewe. Studies opgedra aan prof. dr. W. Kempen by geleentheid van sy 65ste verjaardag*. Kaapstad: Tafelberg.
- O'Grady, W., M. Dobrovolsky & F. Katamba (Reds.). 1997<sup>4</sup>. *Contemporary Linguistics. An Introduction*. Londen en New York: Longman.
- Osselton, N.E. 1994. Dialect in General Dictionaries. Hyldgaard-Jensen, K. & V.H. Pedersen (Reds.) 1994: 103-114.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1989. Leksikale elemente. Botha, T.J.R. (Red.) 1989: 48-54.
- Ponelis, F.A. 1989a. Die aard en bestudering van die Afrikaanse taal. Botha, T.J.R. et al. (Reds.) 1989a: 9-37.
- Prinsloo, D.J. & R.H. Gouws. 2000. The Use of Examples in Polyfunctional Dictionaries. *Lexikos* 10: 138-156.
- Rademeyer, L. 1992. Die funksies van verbale voorbeeldmateriaal in eentalige woordeboeke. Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch.
- Roberts, R.P. 1990. Organization of information in a bilingual dictionary entry. *Euralex '90 Proceedings, IV International Congress*: 219-231.
- SA Instituut vir Psigologiese en Psigometriese Navorsing. 1981. *Getallebenoeming in Afrikaans*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

- Sakurai, T. & E.F. Kotzé. 1997. 'n Kontrastiewe beskouing van tweetalige woordeboeke in Suid-Afrika en Japan. *Lexikos* 7: 165-178.
- Schnorr, V. 1991. Problems of Lemmatization in the Bilingual Dictionary. Hausmann, F.J. et al. (Eds.) 1989-1991: 2813-2817.
- Smit, M. 1996. Wiegand's Metalexigraphy as a Framework for a Multilingual, Multicultural, Explanatory Music Education Dictionary for South Africa. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Southerland, R.H. & F. Katamba. 1997. Language in Social Contexts. O'Grady, W., M. Dobrovolsky & F. Katamba (Eds.). 1997: 540-590.
- Steehouder, M., C. Jansen, K. Maat, J. van der Staak, D. de Vet, M. Witteveen, E. Woudstra. 1999<sup>4</sup>. *Leren kommuniseren*. Groningen: Walters-Noordhoff.
- Stein, G. 1991. Illustrations in Dictionaries. *International Journal of Lexicography* 4(2): 99-127.
- Steinberg, S. 1994. *Introduction to Communication*. Cape Town: Juta.
- Svensén, B. 1993. *Practical Lexicography. Principles and Methods of Dictionary-Making*. Oxford: Oxford University Press.
- Swanepoel, P. 1992. Op soek na 'n adekwate linguistiese teorie vir die begronding van die leksikografieteorie en -praktyk – die kognitiewe grammatika as 'n moontlike alternatief. *Lexikos* 2: 206-229.
- Swanepoel, P. 2001. Dictionary Quality and Dictionary Design: A Methodology for Improving the Functional Quality of Dictionaries. *Lexikos* 11: 160-190.
- Swanson, D.C. 1967. The Selection of Entries for a Bilingual Dictionary. Householder, F.W. & S. Saporta (Eds.) 1967: 63-77.
- Swart, C. 2003. Uitdagings vir die Afrikaanse leksikograaf ten opsigte van Nederlandse lemmata in 'n vertalende Nederlands-Afrikaanse woordeboek. *Lexikos* 13: 240-249.



- Szende, T. 1999. Problems of Exemplification in Bilingual Dictionaries. Dolezal, F.F.M. et al. (Eds.) 1999: 198-228.
- Tarp, S. 2000. Theoretical Challenges to Practical Specialised Lexicography. *Lexikos* 10: 189-208.
- Tognini-Bonelli, E. 1996. Towards Translation Equivalence from a Corpus Linguistics Perspective. *International Journal of Lexicography* 9(3): 197-217.
- Tomaszczyk, J. 1984. The Culture-bound Element in Bilingual Dictionaries. Hartmann, R.R.K. (Ed.) 1984: 289-297.
- Trautmann, C. 1994. Multivergensie: 'n Netwerk van ekwivalensieverhoudinge. *Lexikos* 4: 178-187.
- Van Cuilenburg, J.J., O. Scholten & G.W. Noomen. 1992. *Communicatiewetenschap*. Bussum: Coutinho.
- Van der Molen, H.T., F. Kluytmans & M. Kramer. 1995. *Gespreksvoering: Vaardigheden en modellen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Van Huyssteen, G.B. 1998. Leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings in Afrikaans. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 16(2): 63-71.
- Van Niekerk, A.E. 1992. Kollokasies: 'n Leksikografiese perspektief. *Lexikos* 2: 254-264.
- Van Sterkenburg, P. (Ed.) 2003. *A Practical Guide to Lexicography*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.
- Veldi, E. 1994. Onomatopoeic Words in Bilingual Dictionaries (with Focus on English-Estonian and Estonian-English). *Dictionaries* 15: 74-85.
- Verkuyl, H., M. Janssen & F. Jansen. 2003. The codification of usage by labels. Van Sterkenburg, P. (Ed.) 2003: 297-311.

- Venuti, L. 1992. *Rethinking Translation. Discourse, Subjectivity, Ideology*. Londen en New York: Routledge.
- Wachal, R.S. 1994. The Dictionary as Grammarian: Part-of-Speech Definitions and Labels. *Dictionaries* 15: 159-170.
- Wardhaugh, R. 1992<sup>2</sup>. *An Introduction to Sociolinguistics*. Oxford (VK) en Cambridge (VSA): Blackwell.
- Webb, V.N. 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. Botha, T.J.R. et al. (Reds.) 1989: 412-435.
- Wells, R.A. 1973. *Dictionaries and the Authoritarian Tradition*. Den Haag: Mouton.
- Werner, R. 1991. Die Markierungen im zweisprachigen Wörterbuch. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 2796-2803.
- Wiegand, H.E. 1977. Thinking about Dictionaries: Current Problems. Wiegand, H.E. 1999: 55-94.
- Wiegand, H.E. 1983. Was ist eigentlich ein Lemma? Ein Beitrag zur Theorie der Lexikographischen Sprachbeschreibung. *Studien zur neuhochdeutschen Lexikographie III, Germanistische Linguistik* 1-4/1982, 401-474.
- Wiegand, H.E. 1983a. Synonyms Appearing in Major Alphabetical Dictionaries of Contemporary German. Wiegand, H.E. 1999: 139-152.
- Wiegand, H.E. 1984. On the structure and contents of a general theory of lexicography. Hartmann, R.R.K. (Red.) 1984: 13-30.
- Wiegand, H.E. 1985. Fragen zur Grammatik in Wörterbuchbenutzungsprotokollen. Ein Beitrag zur empirischen Erforschung der benutzung einsprachiger Wörterbücher. Bergenholtz, H. & J. Mugdan (Reds.) 1985: 20-98.
- Wiegand, H.E. 1987. Zur handlungstheoretischen Grundlegung der Wörterbuchbenutzungsforschung. *Lexikographie* (VI)2: 521-626.

- Wiegand, H.E. 1988. "Shanghai bei Nacht." Auszüge aus einem metalexikographischen Tagebuch zur Arbeit beim Großen Deutsch-Chinesischen Wörterbuch. *Germanistische Linguistik. Studien zur neuhochdeutschen Lexikographie* VI(2): 521-626.
- Wiegand, H.E. 1989. Aspekte der Makrostruktur im allgemeinen einsprachigen Wörterbuch: alphabetische Anordnungsformen und ihre Probleme. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 371-409.
- Wiegand, H.E. 1990. Printed Dictionaries and Their Parts as Texts. An Overview of More Recent Research as an Introduction. *Lexicographica* 6: 1-126.
- Wiegand, H.E. 1994. Elements of a Theory Toward a So-called Lexicographic Definition. Wiegand, H.E. 1999: 203-282.
- Wiegand, H.E. 1996. Das Konzept der semiintegrierten Mikrostrukturen. Ein Beitrag zur Theorie zweisprachiger Printwörterbücher. Wiegand, H.E. (Red.) 1996a: 1-81.
- Wiegand, H.E. (Red.) 1996a. *Wörterbücher in der Diskussion II. Vorträge aus dem Heidelberger Lexicographischen Kolloquium*. Tübingen: Max Niemeyer.
- Wiegand, H.E. 1996b. A theory of lexicographic texts: an overview. *South African Journal of Linguistics* 14(4): 134-149.
- Wiegand, H.E. 1999. *Semantics and Lexicography. Selected Studies (1976-1996)*. Edited by A. Immken & W. Wolski. Tübingen: Max Niemeyer.
- Wiegand, H.E. 2002. Equivalence in Bilingual Lexicography: Criticism and Suggestions. *Lexikos* 12: 239-255.
- Wolski, W. 1989. Das Lemma und die verschiedenen Lemmatypen. Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 360-371.
- Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. The Hague: Mouton.

Zgusta, L. (Red.) 1980. *Theory and Method in Lexicography. Western and Non-Western Perspectives*. Columbia: Hornbeam.

Zgusta, L. 1987. Translational Equivalence in a Bilingual Dictionary. *Dictionaries* 9:1-47.

Zgusta, L. 1989. The Role of Dictionaries in the Genesis and Development of the Standard.  
Hausmann, F.J. et al. (Reds.) 1989-1991: 70-79.

